# Prediking en spiritualiteit: 'n homiletiese studie oor die verband tussen prediking en geestelike groei

J.A. Erasmus
Hons. B.A.; Th.M.

Proefskrif voorgelê vir die graad *Philosophiae Doctor* in Homiletiek aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus

Promotor: Prof. Dr. B.J. de Klerk

April 2007

# Voorwoord

Paasfees is daardie besondere tyd van die jaar wanneer ons terugdink aan die groot offer van ons Here Jesus Christus wie vir ons aan die kruis gesterf het om ons met die hemelse Vader te versoen. Weens daardie bittere gebeure aan die kruis, is dit nou moontlik om op heerlike en intieme wyse 'n verhouding met die Vader, Seun en Heilige Gees te hê. Daardie bittere gebeure is die grond vir 'n verhouding met God waarin ons elke dag al hoe meer na die beeld van ons Here moet vernuwe.

Om tydens Paasfees 'n studie af te handel wat juis gaan oor hoe mense al hoe meer in hierdie verhouding met ons God en Vader kan groei, is 'n besonderse vreugde en vul 'n mens met groot dankbaarheid. Daarom die volgende opregte dankbetuigings:


- Aan my hemelse Vader, wat my die genade gegee het om in sy kerk diensbaar te wees, en nou ook so goed was om my hierdie studie te laat afhandel, my grootste dank. Mag hierdie studie en wat moontlik hieruit sal voortvloei, tot sy eer en verheerliking alleen wees. Waarlik: *Soli Deo gloria!*
- Hannelie, my vrou: Om met 'n klein babatjie in die huis jou man ook nog te ondersteun en aan te moedig met 'n studie van hierdie omvang, terwyl hy voltyds in die bediening staan, is baie gevra. Jy het dit met vreugde en toegewydheid gedoen. Baie dankie, dit het baie vir my beteken. Ek waardeer jou!
- Mari, ons dogtertjie van 11 maande: Jy is gebore in die tyd van hierdie studie en kan nog nie verstaan hoekom Pappa so baie tyd agter die rekenaar moes deurbring nie. Te midde van die studie en eise van die bediening, het jy egter groot blydskap in my lewe gebring.
- My ouers, Rassie en Joey Erasmus, en skoonma, Sophie Opperman: Pa en Ma, dankie vir julle belangstelling, ondersteuning, aanmoediging en bystand deur al die jare van voorgraadse en nagraadse studie. Ma Sophie, dankie vir jou aanmoediging en ook gasvryheid in die tye wat ek op Potchefstroom moes oorbly.
- Prof. Ben de Klerk: Baie dankie vir u bekwame leiding as my promotor. U raad en baie vinnige terugvoer, het die afhandeling van hierdie studie bespoedig. Dit was 'n voorreg om onder u as leermeester te kon studeer. Weer eens: baie dankie!
- My sussie, Corrie Erasmus: Dankie vir jou ure en ure se werk om die taal te verbeter. Dit is lekker dat jy dit kon doen en dat ek op jou kon reken.
- Die Gereformeerde Kerk Germiston: Baie dankie vir die belangstelling, aanmoediging, ondersteuning en ruim studieverlof om hierdie studie te kon afhandel.
- Die Finansiële Steundienste van die Noordwes-Universiteit: Dankie vir die beurs toegeken om hierdie studie te kon doen.


Jannie Erasmus
Paasfees 2007
Germiston

# Inhoudsopgawe

***Algemene Inleiding .................................................... 1***

1. Algemene Inleiding ........................................................ 3

1.1 Oriëntering en probleemstelling ............................................ 3

1.1.1 Oriëntering ............................................................ 3

1.1.2 Probleemstelling ....................................................... 4

1.2 Doelstelling en doelwitte ................................................... 4

1.2.1 Doelstelling ............................................................ 4

1.2.2 Doelwitte ............................................................... 4

1.3 Sentrale teoretiese argument ................................................ 5

1.4 Metodologie en areas vir navorsing .......................................... 5

1.4.1 Die metodologie van hierdie studie ...................................... 5

1.4.2 Basisteoretiese beginsels ............................................... 8

1.4.3 Metateoretiese beginsels ................................................ 9

1.4.4 Empiriese perspektiewe .................................................. 9

1.4.5 'n Verstelde praktykteorie ............................................. 10

1.5 Skematiese voorstelling van die studie ..................................... 11

1.6 Hoofstukindeling ........................................................... 12

1.7 Verantwoording van die studie .............................................. 12

1.8 Opmerkings ................................................................. 13

***Afdeling 1: Basisteoretiese perspektiewe op die verhouding tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente. ...................................... 15***

2 Inleiding tot Afdeling 2 ..................................................... 17

2.1 Die teorie van 'n basisteorie .............................................. 17

2.2 Doelstelling van Afdeling 1 ................................................ 17

2.3 Doelwitte vir Afdeling 1 ................................................... 18

2.4 Die werksplan en metode .................................................... 18

3 Doelwit A: Basisteoretiese perspektiewe op prediking ........................ 21

3.1 Inleiding tot Hoofstuk 3 ................................................... 21

3.1.1 'n Vooraf opmerking ................................................... 21

3.1.2 'n Voorlopige definisie van prediking vir die navorsing ..........21
3.1.3 Werkswyse om Doelwit A te bereik ..............................23
3.2 Eksegetiese perspektiewe op prediking ................................24
3.2.1 Eksegese van Deuteronomium 1:1-6a ............................24
3.2.2 Eksegese van Esra 10:10-11 ......................................29
3.2.3 Eksegese van Matteus 4:23-5:1-2; 7:28-29.......................35
3.2.4 Eksegese van Handelinge 4:1-14.................................42
3.2.5 Eksegese van Romeine 10:8-15 ..................................50
3.2.6 Eksegese van Hebreërs 5:11-14..................................58
3.2.7 Samevatting van eksegetiese perspektiewe op prediking ......64
3.3 Literatuurstudieperspektiewe op prediking..............................65
3.3.1 Werkswyse vir die literatuurnavorsing............................65
3.3.2 Wat is prediking?..................................................65
3.3.3 Wat is die doel van prediking?.....................................69
3.3.4 Wyses waarop prediking sy doel bereik...........................70
3.3.5 Samevatting van literatuurstudieperspektiewe op prediking.........................................................73
3.4 Sintese van eksegetiese- en literatuurstudie: basisteoretiese perspektiewe op prediking ...............................................73
3.4.1 Wat is prediking?..................................................74
3.4.2 Wat is die doel van prediking?.....................................74
3.4.3 Op watter wyse bereik prediking sy doel? .......................74
4 Doelwit B: Basisteoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei............................................................77
4.1 Inleiding tot Hoofstuk 4 ..................................................77
4.1.1 Vooraf opmerkings ................................................77
4.1.2 'n Voorlopige definisie van spiritualiteit en geestelike groei..................................................................77
4.1.3 Werkswyse om Doelwit B te bereik ..............................79
4.2 Eksegetiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei.......80
4.2.1 Eksegese van Deuteronomium 6:1-9.............................80
4.2.2 Eksegese van Hosea 4:1-13.......................................88
4.2.3 Eksegese van Matteus 5:13-16 ...................................94
4.2.4 Eksegese van Efesiërs 4:11-16 ...................................97
4.2.5 Eksegese van 1 Timoteus 4:6-16 ............................... 105
4.2.6 Eksegese van Hebreërs 12:1-3 ................................. 113

4.2.7 Samevatting van eksegetiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei ..... 120

4.3 Literatuurstudieperspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei ..... 121

4.3.1 Inleiding tot literatuurstudieperspektiewe ..... 121

4.3.2 Wat is spiritualiteit? ..... 121

4.3.3 Wat is die verband tussen spiritualiteit en geestelike groei? ..... 123

4.3.4 Hoe word geestelike groei bevorder? ..... 125

4.3.5 Samevatting van literatuurstudieperspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei ..... 128

4.4 Sintese van eksegetiese- en literatuurstudie: basisteoretiese perspektiewe op die verhouding tussen spiritualiteit en geestelike groei in 'n gemeente..... 129

4.4.1 Wat is spiritualiteit? ..... 129

4.4.2 Wat is geestelike groei? ..... 129

4.4.3 Op watter wyses word geestelike groei bevorder? ..... 130

5 Doelwit C: Basisteoretiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei ..... 131

5.1 Inleiding tot Hoofstuk 5 ..... 131

5.1.1 'n Vooraf opmerking..... 131

5.1.2 Werkswyse om Doelwit C te bereik ..... 131

5.2 Eksegetiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei ..... 132

5.2.1 Eksegese van Josua 24:19-25 ..... 132

5.2.2 Eksegese van Esra 10:10-17 ..... 139

5.2.3 Eksegese van Matteus 5:13-16 ..... 143

5.2.4 Eksegese van 1 Korintiërs 3:1-9 ..... 146

5.2.5 Eksegese van 2 Timoteus 3:16-4:3 ..... 154

5.2.6 Eksegese van Hebreërs 5:11-14 ..... 162

5.2.7 Samevatting van eksegetiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente ..... 166

5.3 Literatuurstudieperspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei ..... 167

5.3.1 Inleiding tot literatuurstudieperspektiewe ..... 167

5.3.2 Die implikasie van die spiritualiteit van 'n gemeente vir die manier waarop die prediking ingerig word. ..... 168

5.3.3 Watter invloed het prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente? ... 169

5.3.4 Samevatting van literatuurstudieperspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente ... 172

5.4 Sintese van eksegetiese- en literatuurstudie: die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente ... 172

5.4.1 Watter implikasie het die spiritualiteit van 'n gemeente op die manier waarop die prediking ingerig word? ... 172

5.4.2 Watter invloed het prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente? ... 173

6 Sintese van Doelwitte A, B en C: Basisteoretiese beginsels oor hoe prediking geestelike groei kan bevorder ... 175

6.1 Inleiding tot Hoofstuk 6 ... 175

6.2 Basisteoretiese beginsels oor hoe prediking geestelike groei kan bevorder ... 175

6.3 Die integrering van die basisteoretiese beginsels en die toepassing daarvan op die oorkoepelende navorsingsvraag van hierdie studie ... 177

Toepassing 1: Basisteoretiese beginsels oor die implikasie van gemeentelike spiritualiteit op die manier waarop die prediking ingerig word ... 177

Toepassing 2: Basisteoretiese beginsels oor die invloed van prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente ... 177

***Afdeling 2: Metateoretiese perspektiewe op die verhouding tussen prediking, geestelike groei en spiritualiteit in 'n gemeente*** ... 179

7 Inleiding tot Afdeling 2 ... 181

7.1 Die teorie van 'n metateorie ... 181

7.2 Doelstelling van Afdeling 2 ... 181

7.3 Doelwitte vir Afdeling 2 ... 182

7.4 Die werksplan en metode ... 182

8 Doelwit D: Meta-teoretiese perspektiewe op prediking vanuit die Kommunikasiekunde ... 185

8.1 Inleiding tot Hoofstuk 8 ... 185

8.2 Belangrike komponente van kommunikasie ... 185

8.2.1 Die doel van kommunikasie ... 185

8.2.2 'n Definisie van kommunikasie ... 186

8.2.3 Deelnemers in kommunikasie ..................................... 187
8.2.4 Die konteks van kommunikasie ................................. 188
8.2.5 Boodskappe in kommunikasie.................................... 190
8.2.6 Kanale tydens kommunikasie..................................... 191
8.2.7 Geruis tydens kommunikasie ..................................... 191
8.2.8 Die rol van terugvoer tydens kommunikasie .................... 193
8.2.9 Samevattende perspektiewe vanuit die ondersoek na die doel en definisie van kommunikasie, asook die komponente van die kommunikasieproses ..................... 194
8.3 Kommunikasiemodelle................................................... 195
8.3.1 Die klassieke-retoriese model ................................... 195
8.3.2 'n Lineêre benadering ............................................ 196
8.3.3 'n Sirkulêre kommunikasiemodel ................................ 197
8.3.4 'n Dialogiese kommunikasiemodel ............................... 198
8.3.5 Samevattende perspektiewe vanuit die ondersoek na kommunikasiemodelle ............................................ 200
8.4 Voordrag as vorm van kommunikasie ................................ 201
8.4.1 Die persoon van die spreker...................................... 201
8.4.2 Die inhoud van die boodskap..................................... 204
8.4.3 Taalgebruik.......................................................... 206
8.4.4 Styl van voordrag.................................................. 208
8.4.5 Hulpmiddels by voordrag.......................................... 210
8.4.6 Hulp aan die hoorder .............................................. 211
8.4.7 Samevattende perspektiewe vanuit 'n ondersoek na voordrag as vorm van kommunikasie............................ 213
8.5 Nie-verbale kommunikasie............................................. 215
8.5.1 'n Omskrywing van nie-verbale kommunikasie ................. 216
8.5.2 Kanale van nie-verbale kommunikasie .......................... 217
8.5.3 Samevattende perspektiewe vanuit die ondersoek na nie-verbale kommunikasie............................................ 221
8.6 Sintese van literatuurstudie: metateoretiese perspektiewe oor prediking vanuit die Kommunikasiekunde............................ 222
8.6.1 Die preek as vorm van kommunikasie........................... 222
8.6.2 Die persone betrokke in die kommunikasieproses tydens prediking................................................................ 223
8.6.3 Prediking as vorm van verbale kommunikasie ................. 224

9 Doelwit E: Metateoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit..... 227

9.1 Inleiding tot Hoofstuk 9 ..... 227

9.2 Inleidende aspekte vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit. ..... 228

9.2.1 Die studieterrein van die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ..... 228

9.2.2 Standpunte aangaande die term 'spiritualiteit' binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ..... 230

9.2.3 Samevattende perspektiewe vanuit die inleidende aspekte oor die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ..... 231

9.3 Enkele teorieë en modelle vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit oor spiritualiteit en geestelike groei ..... 231

9.3.1 Allport se teorie ..... 231

9.3.2 Batson se teorie ..... 233

9.3.3 Teorieë aangaande geloofsontwikkeling ..... 234

9.3.4 Van der Walt se perspektiewe oor geloofsgroei ..... 241

9.3.5 Paloutzian se model oor spirituele transformasie ..... 246

9.3.6 Samevattende perspektiewe oor teorieë en modelle in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ..... 249

9.4 'n Ondersoek van enkele temas in spirituele gedrag vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ..... 251

9.4.1 Selfbeheersing ..... 251

9.4.2 Krisishanteringsvaardighede ..... 255

9.4.3 Ander temas wat aangepreek kan word ..... 258

9.4.4 Samevattende perspektiewe vanuit die ondersoek na enkele temas van spiritualiteit in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ..... 260

9.5 Meetinstrumente wat ontwikkel is in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ..... 262

9.5.1 Meetinstrumente om Vlak 1 spiritualiteit te bepaal. ..... 263

9.5.2 Meetinstrumente om Vlak 2 spiritualiteit te bepaal. ..... 265

9.5.3 Samevattende perspektiewe oor meetinstrumente wat ontwikkel is in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ..... 266

9.6 Sintese van literatuurstudie: metateoretiese perspektiewe oor spiritualiteit en geestelike groei vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ..... 266

9.6.1 Teorieë en modelle oor spiritualiteit en geestelike groei ..... 267

9.6.2 Temas wat geestelike groei en verdieping in spiritualiteit bevorder ........ 268
9.6.3 Die meting van spiritualiteit en geestelike groei ........ 269
10 Sintese van doelwitte D en E: Meta-teoretiese beginsels wat die verhouding tussen prediking, geestelike groei en spiritualiteit sal verhelder ........ 271
10.1 Inleiding tot Hoofstuk 10 ........ 271
10.2 Metateoretiese beginsels op prediking wat die verhouding tussen prediking, geestelike groei en spiritualiteit sal verhelder ... 271
10.3 Die integrering van die metateoretiese riglyne en die toepassing daarvan op die oorkoepelende navorsingsvraag van hierdie studie ........ 276
Toepassing 1: Metateoretiese riglyne oor die implikasie van gemeentelike spiritualiteit op die manier waarop die prediking ingerig word ........ 276
Toepassing 2: Metateoretiese riglyne oor die invloed van prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente ...... 277

***Afdeling 3: Die verhouding tussen prediking, geestelike groei en spiritualiteit in 'n gemeente in die huidige praktyk*** ........ 281

11 Inleiding tot Afdeling 3 ........ 283
11.1 Die teorie van 'n empiriese studie ........ 283
11.2 Doelstelling van Afdeling 3 ........ 284
11.3 Doelwitte vir Afdeling 3 ........ 284
11.4 Die werksplan en metode ........ 285
12 Die deelnemers en 'n profiel van hul woongebiede ........ 287
12.1 Inleiding tot Hoofstuk 12 ........ 287
12.2 Die deelnemersprofiel ........ 287
12.3 'n Profiel van die woongebiede van die deelnemers ........ 289
12.3.1 Geslag ........ 289
12.3.2 Ras ........ 289
12.3.3 Taal ........ 290
12.3.4 Ouderdomsverdeling ........ 290
12.3.5 Opleiding ........ 291
12.3.6 Werkloosheid ........ 292
12.3.7 Maandelikse inkomste ........ 293
12.3.8 Grootte van huishouding ........ 293

12.3.9 Godsdiens ........................................................ 294
12.4 Samevatting en gevolgtrekking oor die profiel van die deelnemers en die profiel van die woonbuurtes ...................... 295
12.4.1 Die Tradisionele Blanke Woonbuurte (TBW) ................... 295
12.4.2 Katlehong: ........................................................ 295
12.4.3 Die deelnemers .................................................... 296
12.4.4 Gevolgtrekking: ................................................... 296
13 Die vraelyste en onderhoude .............................................. 297
13.1 Inleiding tot Hoofstuk 13 .............................................. 297
13.2 Die vrae vir die gestruktureerde onderhoude ......................... 297
13.3 Terugvoer vanaf deelnemers ......................................... 303
13.3.1 Vraag 1 ........................................................... 303
13.3.2 Vraag 2 ........................................................... 304
13.3.3 Vraag 3 ........................................................... 305
13.3.4 Vraag 4 ........................................................... 306
13.3.5 Vraag 5 ........................................................... 308
13.3.6 Vraag 6 ........................................................... 309
13.3.7 Vraag 7 ........................................................... 310
13.3.8 Vraag 8 ........................................................... 311
13.3.9 Vraag 9 ........................................................... 318
13.3.10 Vraag 10 ......................................................... 322
13.3.11 Vraag 11 ......................................................... 322
13.3.12 Vraag 12 ......................................................... 327
13.3.13 Vraag 13 ......................................................... 329
13.3.14 Vraag 14 ......................................................... 331
13.3.15 Vraag 15 ......................................................... 333
13.3.16 Vraag 16 ......................................................... 334
13.3.17 Vrae 17 en 18 .................................................... 338
13.3.18 Vraag 19 ......................................................... 340
13.4 Sintese oor die terugvoer van die deelnemers: empiriese bevinding oor prediking en geestelike groei ........................... 341
13.4.1 Beantwoording van Doelwit F: Die funksionering van prediking in die praktyk ............................................ 341
13.4.2 Beantwoording van Doelwit G: Die verband tussen prediking, spiritualiteit en geestelike groei in die praktyk ...... 342

13.4.3 Beantwoording van Doelwit H: Die voldoening van prediking in die praktyk aan die vereistes wat die Kommunikasiekunde en Psigologie van Religie en Spiritualiteit aan prediking stel. .... 343

13.4.4 Beantwoording van Doelwit I: Gevolgtrekking oor die hipotese dat prediking in die praktyk funksionele leemtes openbaar en nie altyd bevredigend daarin slaag om geestelike groei in 'n gemeente te bevorder nie. .... 344

***Afdeling 4: 'n Verstelde praktykteorie oor die verhouding tussen prediking en geestelike groei binne 'n gemeente*** .... 349

14 Inleiding tot Afdeling 4 .... 351

14.1 Die teorie van 'n praktykteorie .... 351

14.2 Doelstelling van Afdeling 4 .... 351

14.3 Doelwitte vir Afdeling 4 .... 351

14.4 Die werksplan en metode .... 352

15 Die opstel van 'n verstelde praktykteorie en 'n model oor hoe prediking geestelike groei in 'n gemeente kan bevorder .... 353

15.1 Inleiding tot Hoofstuk 15 .... 353

15.2 Fase 1: Hermeneutiese wisselwerking tussen insigte, leemtes en probleme wat in die praktyk geïdentifiseer is en die basis- en metateoretiese beginsels .... 354

15.2.1 Basisteoretiese Beginsels (BT) .... 354

15.2.2 Metateoretiese Beginsels (MT) .... 356

15.2.3 Insigte, leemtes en probleme wat in die praktyk geïdentifiseer is .... 360

15.2.4 Verstelde basis- en metateoretiese beginsels .... 366

15.3 Fase 2: Hermeneutiese wisselwerking tussen verstelde basis- en metateoretiese beginsels: die formulering van 'n verstelde praktykteorie .... 374

15.4 Fase 3: Die opstel van 'n model .... 383

15.4.1 Skematiese voorstelling van die model .... 383

15.4.2 Verduideliking van skematiese voorstelling .... 385

15.4.3 Kontrolelys vir predikers aan die hand van die skematiese voorstelling van die model .... 386

15.5 Gevolgtrekking oor Hoofstuk 15 .... 389

16 Finale samevatting en gevolgtrekking, opsomming van die studie , terreine vir verdere navorsing en sleutelwoorde .... 391

16.1 Inleiding tot Hoofstuk 16 ... 391

16.2 Finale samevatting ... 391

16.2.1 'n Opsomming van die verstelde basisteoretiese perspektiewe ... 392

16.2.2 'n Opsomming van die verstelde metateoretiese perspektiewe ... 393

16.2.3 'n Opsomming van die verstelde praktykteorie ... 395

16.2.4 Opsomming van die model om geestelike groei en verdieping in spiritualiteit deur prediking te bevorder ... 397

16.3 Finale gevolgtrekking ... 398

16.4 Opsomming van die studie ... 400

16.4.1 Opsomming in Afrikaans ... 400

16.4.2 Summary in English ... 402

16.5 Terreine vir verdere navorsing ... 403

16.6 Sleutelwoorde ... 404

Bronnelys ... 405

# Algemene Inleiding

# Hoofstuk 1

# Algemene Inleiding

## *1.1 Oriëntering en probleemstelling*

### 1.1.1 Oriëntering

Spiritualiteit is 'n belangrike onderwerp wat tans wêreldwyd baie belangstelling in die Teologie geniet (Kourie & Kretzschmar, 2000:1; vgl. ook Jordan, 2003; Pfatteicher, 1997). Die opkoms van spiritualiteit in die postmoderne samelewing stel die kerk voor die uitdaging om ware Christelike spiritualiteit te beklemtoon en in die lewe van lidmate uit te bou (Kingma, 2000:57). Hierdie uitdaging is egter nie iets nuut nie. Dingemans (1991:12) toon dat sedert die Reformasie

> "dank zij de boekdrukkunst... en vooral: de preek, is er een bijbelse spiritualiteit ontstaan, waaraan vele protestanten een gelovig leven en een bezonnen oordeel hebben te danken. De preek heeft daarin een heel beslissende rol gespeeld."

'n Oorsig van die RGN se NEXUS-databasis oor resente navorsing wat in Suid-Afrika in die studieveld van Homiletiek gedoen is en word, toon dat baie homiletiese navorsing tans fokus op effektiewe kommunikasietegnieke en -vermoëns (vgl. Bang, 2004; Lee, 2003; Nagel, 2002; Gerber, 1999; Kim, 1998; Vrey en Venter, 1994). Dit is ook reg - Homiletiek handel immers oor die effektiewe kommunikasie van die Evangelie deur middel van prediking (Pieterse, 1992:17-18).

Bitter min navorsing is al gedoen oor die verband tussen spiritualiteit en prediking. In 1999 het H.K. Kim wel aan die PU vir CHO gedoktoreer met 'n proefskrif wat handel oor die verhouding tussen die prediker se spiritualiteit en effektiewe prediking. Sover vasgestel kon word, is daar nog geen navorsing gedoen oor die direkte verband tussen prediking, spiritualiteit en geestelike groei by hoorders nie.

Ter aansluiting hierby, meld Kruger & Venter (2002:353) dat geloofsgroei in 'n gemeente een van die funksies van prediking is. Die prediker is 'n begeleier tot verandering. As gevolg van 'n nuwe wêreldgees (die postmodernisme) waarbinne die kerk funksioneer, is resente navorsing wat die verband tussen prediking, spiritualiteit en geestelike groei ondersoek, dringend nodig. Behalwe dat hierdie navorsing 'n leemte in die studieveld van Homiletiek kan vul, sal resultate ook met

groot vrug gebruik kan word om 'n gemeente met behulp van effektiewe prediking op te bou.

### 1.1.2 Probleemstelling

In hierdie studie word die verband tussen prediking, spiritualiteit en geestelike groei by hoorders nagevors. Hierdeur sal navorsingsresultate verkry word wat rigtingaanduidend kan wees oor **hoe om hoorders deur prediking op die pad na geestelike volwassenheid te begelei.** Hiermee sal daar ook, vanuit die studieterrein van die Homiletiek, perspektiewe op spiritualiteit en gemeenteopbou gelewer word.

Die oorkoepelende navorsingsvraag is: Hoe kan geestelike groei in 'n gemeente deur prediking bevorder word?

Vrae wat hieruit voortspruit, is:

- Wat is prediking, wat is die Skriftuurlike doel van prediking en op watter wyses bereik prediking sy doel?
- Wat is spiritualiteit, wat is die verband tussen spiritualiteit en geestelike groei en hoe word geestelike groei bevorder?
- Watter implikasie het die spiritualiteit van 'n gemeente vir die manier waarop die prediking ingerig word?
- Watter invloed het prediking op die spiritualiteit van 'n gemeente?
- Hoe kan prediking bydra om 'n spiritualiteit te vestig wat 'n gemeente dring tot geestelike groei?

## *1.2 Doelstelling en doelwitte*

### 1.2.1 Doelstelling

Die doelwit van hierdie studie is om te bepaal hoe prediking kan bydra tot die geestelike groei van hoorders in 'n gemeente.

### 1.2.2 Doelwitte

Om die doelwit van hierdie studie te bereik, word die volgende doelstellings gestel:

- Om ondersoek te doen na wat prediking is, die Skriftuurlike doel van prediking vas te stel en wyses te vind waarop prediking sy doel bereik.

- Om ondersoek te doen na wat spiritualiteit is, die verband tussen spiritualiteit en geestelike groei vas te stel en te bepaal hoe geestelike groei bevorder kan word.
- Om vas te stel watter invloed die spiritualiteit van 'n gemeente op die prediking wat in die gemeente gelewer word, het.
- Om vas te stel watter invloed prediking op die spiritualiteit van 'n gemeente het.
- Om ondersoek te doen na die wyse waarop prediking geestelike groei kan bevorder en sodoende verdieping in 'n gemeente se spiritualiteit kan bring.

## *1.3 Sentrale teoretiese argument*

Die sentraal-teoretiese argument van hierdie studie is dat daar 'n direkte verband bestaan tussen die stand van 'n gemeente se spiritualiteit (en die gepaardgaande geestelike groei) en die prediking wat in die gemeente gelewer word. Deur doelbewus in die prediking met die gemeente se spiritualiteit rekening te hou, sal die gemeente opgebou en tot geestelike groei begelei word.

## *1.4 Metodologie en areas vir navorsing*

### 1.4.1 Die metodologie van hierdie studie

Hierdie is 'n studie op die terrein van die Praktiese Teologie. In Praktiese Teologie is teorie en praktyk onlosmaaklik aan mekaar verbind. Teorie en praktyk kan van mekaar onderskei, maar nooit geskei word nie. Daar bestaan nie so iets soos 'n suiwer teologiese teorie van die kerklike praksis nie en ook nie 'n teorielose kerklike praksis nie. In hierdie teorie-praksis verhouding is daar enersyds 'n beweging van die teorie na die praktyk waarin die teorie in die praksis konkretiseer. Andersyds wil die praktyk weet watter teorie ten grondslag van die praksis lê en is daar 'n beweging van die praksis na die teorie (Heyns, 1990:61).

In Praktiese Teologie word die kommunikatiewe handelinge in die Skrifopenbaring van God (teorie - JAE), en ook die normatiewe konkrete bediening daarvan in die kerk (praktyk - JAE) ondersoek. Daar is dus twee onderskeibare refleksiedomeine aanwesig, naamlik kommunikatiewe handelinge in die opskrifgestelde openbaring (die Bybel), en kommunikatiewe handelinge in die konkrete bediening daarvan in die kerk (Venter, 1995:198).

Om rekening met beide hierdie refleksiedomeine te hou, word in hierdie studie aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het.


De Wet (2000:146), in aansluiting by Zerfass (1974:166), illustreer die waarde, maar ook die gebreke van die gebruik van 'n model vir Praktiese Teologie deur die beeld van 'n landkaart te gebruik. Die funksie van 'n landkaart is om 'n gebied wat te groot is om fisies met een oogopslag waar te neem, op 'n kleiner skaal voor te stel. Op hierdie wyse kan 'n beter begrip van die omvang van die gebied gevorm word. 'n Kaart kan egter nie elke detail insluit nie. Net so is 'n model onvolledig; dit vereenvoudig die inhoud waarna dit verwys ter wille van die geheel.

Wanneer 'n model in Praktiese Teologie gebruik word, moet daarmee rekening gehou word dat dit beperkte waarde het en geensins op volledigheid kan aanspraak maak nie. Daarom kan daar ook verskeie punte van kritiek op die model van Zerfass gelewer word (vgl. Kruger, 2000:20, De Wet, 2006: 59-85) en verskeie nuanseringe is al rondom hierdie model voorgestel (vgl. Kruger, 2002:6). Tog het 'n model die voordeel dat dit in een oogopslag 'n komplekse proses sigbaar voorstel sodat die plek van en verhouding tussen die verskillende elemente duidelik en eenvoudig sigbaar aangedui word.

Die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie voorgestel het, funksioneer soos volg (Venter, 1992:42-44; 1995:198-200):

- 'n Basisteorie word gevorm uit die teologiese "tradisie". Met 'n basisteorie word bedoel die ontginning van bepaalde teologiese vertrekpunte primêr vanuit die Skrif vir bepaalde areas in die vakgebied (Venter, 1993:247).
- 'n Metateorie word vanuit onder andere grens- en hulpwetenskappe medebepaal. Met 'n metateorie word 'n teorie aangedui waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, vakke wat aspekte van dieselfde aard bestudeer (Venter, 1993:247).
- Die resultate van die basis- en metateoretiese perspektiewe in wisselwerking met die situasie/werklikheid artikuleer uiteindelik 'n nuwe of verstelde praktykteorie.

Skematies kan hierdie model soos volg voorgestel word:




Kruger (2000:19-20) verduidelik hierdie skematiese model soos volg:

> In hierdie model van Zerfass is daar die voorveronderstelling dat daar 'n bestaande kerklike praksis (1) is wat nie meer bevredig nie en wat sterk aandrang tot aksie van die praktiese teoloog veroorsaak. Hierdie veronderstelde probleem word dan hanteer deurdat die bestaande basisteorie onderliggend aan die betrokke praktyk, ondersoek word (2).
>
> Die basisteorie (4) bevat geïnternaliseerde verhoudingspatrone, soos denkmodelle en norme wat sy neerslag verkry het vanuit o.a. die Dogmatiek en Kerkreg. Herhaalde klem op tradisie (4) is eerder konflikversterkend en

hierdie konflik kan lei tot krisisbestuur op intuïtiewe wyse wat geen blywende resultate lewer nie. Hierdie vorm van hantering maak uiteindelik plek vir 'n meer (sosiaal-) wetenskaplike metode (3) om die situasie te ontleed (6). Empiriese analise is belangrik aangesien dit bydra tot 'n gepaste beantwoording (10) wat tot die vorming van 'n nuwe praksis lei, in die lig van versteuringe in die bestaande praksis.

Hierdie empiriese data kan egter opsigself nie die beantwoording of handelingsaanwysings bied nie, maar dit moet eers met die teologiese tradisie gekonfronteer word (5). Tussen die tradisie en die empiriese situasie bestaan 'n wisselwerking of spanningsveld (5). Die produk van hierdie spanning mag egter nie in abstrakte teorie stol nie. Daarom moet daar 'n gemeenskaplike bodem ontwikkel word waaruit die nuut-ontwerpte handelingsimpulse (10) voortspruit op sowel teologies- as menswetenskap-verantwoorde wyse. Dit is die taak van die prakties-teologiese teorie of handelingsteorie (9).

Die nuwe praksis (11) moet homself ook empiries toets deur middel van situasie-analise (12) wat dien as kontrole van die prakties-teologiese teorie (9). 'n Diepere begrip van die teologiese oorlewering help ook om 'n beter tussenvlak te skep (7) wat lei tot 'n beter handelingsteorie (9) wat beter handelingsaanwysings bied (10) en dit lei uiteindelik tot 'n beter praksis (11).

Aan die hand van bogenoemde metodologie, word die volgende areas in hierdie studie nagevors:

### 1.4.2 Basisteoretiese beginsels

Omdat hierdie voorgestelde studie vanuit 'n Reformatoriese hoek en agtergrond gedoen word waar die Skrif as hoogste gesag geld, word die volgende basisteoretiese beginsels as fundering vir hierdie studie ondersoek:

1) Basisteoretiese perspektief A: Wat is prediking? Wat is die Skriftuurlike doel van prediking? En op watter wyses kan hierdie doel bereik word?

2) Basisteoretiese perspektief B: Wat is spiritualiteit? Wat is die verband tussen spiritualiteit en geestelike groei?

3) Basisteoretiese perspektief C: Wat is die Skriftuurlike verhouding tussen prediking en gemeentelike spiritualiteit?

Die metode waarvolgens hierdie basisteoretiese beginsels vasgestel word, is volgens die grammaties-historiese wyse van eksegese, soos uiteengesit deur De Klerk en Van Rensburg (2005), en deur 'n literatuurstudie.

### 1.4.3 Metateoretiese beginsels

Een van die kenmerke van die huidige tydsgees (die postmodernisme) is dat daar 'n veranderende rasionaliteit is. Waar die menslike rede die mees dominante faktor tydens die modernisme was, speel ander faktore, soos menslike ervaring, gevoel, geloof en spiritualiteit nou ook 'n rol in die proses van ken en verstaan (Kingma, 2000:56). Postmodernisme het die klem verskuif van die wetenskap en die wetenskaplike, en erken dat die rede ook beïnvloed word deur religieuse en ander voorveronderstellings (Vorster, 1996:9). Daarom kan die volgende metateoretiese beginsels ook verhelderend vir hierdie voorgestelde studie wees:

1) Metateoretiese perspektief A - insigte uit die Kommunikasiekunde.

   Praktiese Teologie se taak word omskryf as die bestudering van kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie (Venter, 1992:248). Homiletiek is 'n vak binne Praktiese Teologie en handel dus oor die kommunikering van die Evangelie deur middel van prediking. Watter beginsels kan daarom vanuit die Kommunikasiekunde verkry word vir hierdie voorgestelde studie?

2) Metateoretiese perspektief B - insigte vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit.

   Verskillende omstandighede, die kleur en konteks van die kerkdiens of die omstandighede tuis bepaal die ontvanklikheid en interpretasiemoontlikhede van die hoorders (Dingemans, 1991:16). 'n Mens sal byvoorbeeld anders luister na 'n teks (en ook 'n ander teks kies) by 'n begrafnis as by 'n feesdag, of by 'n sterfbed as by 'n katkisasieklas, ens. Watter perspektiewe bied die Psigologie van Religie en Spiritualiteit vir hierdie studie?

Die metode waarvolgens hierdie metateoretiese beginsels vasgestel word, is by wyse van 'n literatuurstudie.

### 1.4.4 Empiriese perspektiewe

Om die resultate van die basis- en metateoretiese beginsels in die praktyk te toets, word 'n beperkte empiriese studie gedoen binne 'n aantal kerke in Germiston, Alberton en Katlehong in Gauteng.

Die wyse waarop hierdie empiriese studie gedoen word, is op kwalitatiewe wyse deur halfgestruktureerde onderhoude te voer aan die hand van 'n voorafopgestelde

vraelys (vgl. Heitink, 1999:224-226). Hiermee word vanuit die refleksiedomein van die werklikheid/situasie perspektiewe verkry wat in 'n verstelde praktykteorie (vgl. Venter, 1992:42-44; 1995:198-200) gereflekteer word.

### 1.4.5 'n Verstelde praktykteorie

Om 'n verstelde praktykteorie oor prediking en gemeentelike spiritualiteit te kan formuleer, word in die laaste plek 'n sintese gedoen tussen die resultate verkry uit die basisteoretiese-, metateoretiese- en empiriese navorsing. In hierdie sintese word die invloed wat gemeentelike spiritualiteit op prediking het, en die invloed wat prediking op gemeentelike spiritualiteit het, duidelik in 'n verstelde praktykteorie geformuleer.

Vanuit die verstelde praktykteorie, word in die laaste plek 'n model geformuleer om 'n prediker te help om deur prediking geestelike groei en verdieping in spiritualiteit by sy hoorders te bevorder.

## 1.5 Skematiese voorstelling van die studie

### Oorkoepelende probleemstelling en doelwitte

↓

| Probleemstelling | Doelstellings en doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| *Die oorkoepelende probleemstelling van hierdie studie is: Hoe kan prediking geestelike groei en verdieping in spiritualiteit bevorder?* | *Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om 'n praktykteorie vir Reformatoriese prediking te ontwikkel om deur prediking geestelike groei in 'n gemeente te bevorder..* | *Hierdie Prakties-teologiese studie word vanuit die Reformatoriese tradisie gedoen in aansluiting by die model van Zerfass (1974:166 e.v.)* |

↓

### Beplande werkswyse

↓

### Navorsingsterreine

**Navorsingsterrein 1**

| Probleemstelling | Doelstellings en doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| *Basisteoretiese beginsels oor prediking, spiritualiteit en geestelike groei.* | *Om vas te stel wat prediking, sowel as spiritualiteit en geestelike groei is. Om die verband tussen spiritualiteit en geestelike groei te bepaal, asook om die verband tussen prediking en gemeentelike spiritualiteit te bepaal.* | *Op basisteoretiese vlak word Skrifgedeeltes eksegeties ondersoek om te bepaal wat prediking, spiritualiteit en geestelike groei is, sowel as die verband daartussen.*<br>*Verder word ook 'n literatuurstudie gedoen om te bepaal wat verskillende skrywers se standpunte oor die onderwerp is.* |

**Navorsingsterrein 2**

| Probleemstelling | Doelstellings en doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| *Metateoretiese beginsels oor prediking en spiritualiteit.* | *Om vas te stel watter perspektiewe uit die hulp-wetenskappe verkry kan word om deur prediking geestelike groei in 'n gemeente te bewerkstellig.* | *Op metateoretiese gebied word bronne ondersoek wat as onderwerp Kommunikasiekunde en Psigologie het om perspektiewe te verkry oor hoe om deur prediking geestelike groei in 'n gemeente te bevorder.* |

**Navorsingsterrein 3**

| Probleemstelling | Doelstellings en doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| *Empiriese navorsing oor die verband tussen prediking en spiritualiteit.* | *Om 'n beperkte steekproef in 'n bepaalde geografiese gebied te doen en sodoende vas te stel wat die huidige verband tussen prediking en gemeentelike spiritualiteit is en die invloed wat dit op geestelike groei in die gemeente het.* | *Deur middel van 'n halfgestruktureerde vraelys waarvolgens onderhoude met 'n geselekteerde kleiner groep predikante en lidmate gevoer word, sal empiriese resultate verkry word oor die verhouding tussen prediking, spiritualiteit en geestelike groei in Reformatoriese kerke binne 'n beperkte geografiese gebied.* |

↓

### Sintese van navorsingsresultate

*Sintese van navorsingsresultate toon die verband tussen prediking, spiritualiteit en geestelike groei. Uit die sintese van die navorsingsresultate, sal 'n model geformuleer word om predikers te help om deur prediking geestelike groei en verdieping in spiritualiteit te bevorder.*

## 1.6 Hoofstukindeling

- Hoofstuk 1: Inleiding en uiteensetting van studie
- Afdeling 1: Basisteoretiese beginsels oor die verhouding tussen prediking en spiritualiteit.
  - Hoofstuk 2: Inleiding tot Afdeling 1.
  - Hoofstuk 3: Wat is prediking en wat is die Skriftuurlike doel van prediking?
  - Hoofstuk 4: Wat is spiritualiteit en wat is die verband tussen spiritualiteit en geestelike groei?
  - Hoofstuk 5: Wat is die Skriftuurlike verhouding tussen prediking en gemeentelike spiritualiteit?
  - Hoofstuk 6: Sintese van basisteoretiese beginsels
- Afdeling 2: Metateoretiese beginsels oor die verhouding tussen prediking en spiritualiteit.
  - Hoofstuk 7: Inleiding tot Afdeling 2.
  - Hoofstuk 8: Beginsels vanuit die Kommunikasiekunde op die verhouding tussen prediking en gemeentelike spiritualiteit
  - Hoofstuk 9: Psigologiese perspektiewe op die verhouding tussen prediking en gemeentelike spiritualiteit.
  - Hoofstuk 10: Sintese van metateoretiese beginsels
- Afdeling 3: Empiriese navorsingsresultate
  - Hoofstuk 11: Inleiding tot Afdeling 3.
  - Hoofstuk 12: 'n Profiel van die deelnemers en die gebiede waar hulle woon.
  - Hoofstuk 13: Die vraelyste en die verwerking daarvan.
- Afdeling 4: Die formulering van 'n verstelde praktykteorie en model oor hoe prediking geestelike groei kan bevorder.
  - Hoofstuk 14: Inleiding tot Afdeling 4.
  - Hoofstuk 15: Die formulering van 'n verstelde praktykteorie en model oor hoe prediking geestelike groei kan bevorder.
  - Hoofstuk 16: Finale samevatting en gevolgtrekking, opsomming, temas vir verdere navorsing en sleutelwoorde.

## 1.7 Verantwoording van die studie

In hierdie studie, wat binne die Reformatoriese tradisie staan, is die uitgangspunt dat die Bybel God se openbaring aan die mens is. Vanweë die kennis van die Skrif, kry die mens kennis van God en kennis van homself.

Wanneer basisteoretiese beginsels op die tema geformuleer word, is die eerste stap telkens om die Woord van God te ondersoek en antwoorde daaruit te vind. Hierdie perspektiewe vanuit die Woord word dan verhelder en uitgebou deur studie van

ander literatuur. Alhoewel 'n praktykprobleem ondersoek word, is die primêre beweging van hierdie studie daarom vanuit die Skrif, en nie vanuit die praktyk nie.

Op hierdie wyse gaan dit in hierdie studie nie net oor 'n meer effektiewe inrigting van 'n bepaalde handelingspraksis nie, maar oor hoe God beter vereer en gedien kan word deur 'n handelingspraksis wat meer effektief ingerig is.

## *1.8 Opmerkings*

- Wanneer in hierdie studie na die derdepersoon enkelvoud verwys word, sal ter wille van die leesbaarheid en eenvormigheid slegs die manlike besitlike voornaamwoorde (hy, hom, sy) gebruik word. Behalwe as die konteks anders aandui, word daarmee ook na vroulike individue verwys.
- As Bybeltekste aangehaal word, word die teks van die 1953-Vertaling gebruik, tensy anders gemeld. Die keuse vir die 1953-Vertaling is vanweë die brontaal georiënteerde karakter van hierdie vertaling.
- Kort definisies van enkele begrippe wat in hierdie studie gebruik word en nie elders duidelik omlyn word nie:
    - "Reformatories" verwys in hierdie studie na die tradisie van die groot kerkhervorming van die sestiende eeu. Kenmerkend van hierdie tradisie is dat vasgehou word aan *Solus Christus, Sola gratia, Sola fide, Sola Scriptura* en *Soli Deo gloria.*
    - "Religie" word as sinoniem vir "godsdiens" gebruik, in navolging van die keuse van die Psigologie van Religie en Spiritualiteit om na godsdiens as "religie" te verwys.

# Afdeling 1

## *Basisteoretiese perspektiewe op die verhouding tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente.*

Afdeling 1 bestaan uit:

**Hoofstuk 2:** Inleiding tot Afdeling 1.

**Hoofstuk 3:** Doelwit A - Basisteoretiese perspektiewe op prediking.

**Hoofstuk 4:** Doelwit B - Basisteoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei.

**Hoofstuk 5:** Doelwit C - Basisteoretiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei.

**Hoofstuk 6:** Sintese van Doelwitte A, B en C - Basisteoretiese beginsels oor hoe prediking geestelike groei in 'n gemeente kan bevorder.

# Hoofstuk 2

# Inleiding tot Afdeling 2

Die fokus van hierdie studie is om vas te stel hoe geestelike groei in 'n gemeente deur prediking bevorder kan word. Die doel van hierdie navorsing is om resultate te verkry wat rigtingaanduidend kan wees oor hoe om die gemeente deur prediking op die pad na geestelike volwassenheid te begelei.

Hierdie studie volg die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:166 e.v.) soos uiteengesit in Hoofstuk 1. Volgens hierdie prakties-teologiese model, moet basisteoretiese riglyne eers ontwikkel word wat vertrekpunte vir die studie sal stel.

## *2.1 Die teorie van 'n basisteorie*

Venter (1993:247; 1995:198-200) het aangetoon dat 'n basisteorie uit die teologiese tradisie gevorm word. Met 'n basisteorie word bedoel die ontginning van bepaalde teologiese vertrekpunte primêr vanuit die Skrif vir bepaalde areas in die vakgebied.

Hendriks (1992:38) stel dat 'n basisteorie 'n vakgerigte teorie is wat binne 'n spesifieke dissipline (soos Praktiese Teologie) ontwikkel is vir spesifieke gebruik binne daardie dissipline. 'n Basisteorie stel bibliologies-dogmatiese en etiesnormatiewe funderinge.

Wanneer die eerste tree dus gegee word om die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente te ondersoek, is dit nodig om op basisteoretiese vlak vertrekpunte te formuleer wat as basis sal dien vir die navorsing in hierdie studie.

## *2.2 Doelstelling van Afdeling 1*

Die doelstelling van hierdie afdeling van die studie is om op basisteoretiese wyse te ondersoek hoe prediking tot die geestelike groei van 'n gemeente kan bydra. Volgens die model van Zerfass (1974:166 e.v.) wat in hierdie studie nagevolg word, is dit nodig om eerstens die basisteorie onderliggend tot hierdie saak te ondersoek.

> Daarom is die doelstelling van hierdie afdeling om **basisteoretiese riglyne** op te stel wat die **verhouding tussen prediking en geestelike groei** in 'n gemeente sal **fundeer**.

## 2.3 Doelwitte vir Afdeling 1

Om basisteoretiese riglyne op te stel wat die verhouding tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente sal fundeer, sal die volgende doelwitte nagevors word:

- <u>DOELWIT A:</u> Eerstens word **basisteoretiese perspektiewe op prediking** nagevors. Vrae wat beantwoord moet word, is:
  - Wat is prediking?
  - Wat is die doel van prediking?
  - Op watter wyses bereik prediking sy doel?
- <u>DOELWIT B:</u> Tweedens word **basisteoretiese perspektiewe aangaande spiritualiteit en geestelike groei** nagevors. Pfatteicher (1997:9) het aangetoon die doel van spiritualiteit is om te groei - groei wat die gelowige dwing om al hoe meer na die beeld van Christus vernuwe te word (vgl. Efesiërs 4:15-16). Vrae wat hier beantwoord moet word, is:
  - Wat is spiritualiteit?
  - Wat is die verband tussen spiritualiteit en geestelike groei?
  - Hoe word geestelike groei in 'n gemeente bevorder?
- <u>DOELWIT C:</u> In die derde plek word **basisteoretiese perspektiewe aangaande die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente** nagevors. Vrae wat hier beantwoord moet word, is:
  - Watter implikasie het die spiritualiteit van 'n gemeente op die manier waarop die prediking ingerig word?
  - Watter invloed het prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente?

## 2.4 Die werksplan en metode

Die werkswyse van hierdie afdeling is soos volg:

Elkeen van die drie basisteoretiese doelwitte gaan agtereenvolgens op die volgende wyse ondersoek word:

1) Omdat hierdie studie vanuit 'n Reformatoriese hoek en agtergrond gedoen word, geld die Skrif as hoogste gesag. Daarom gaan telkens eers vasgestel word watter lig die Bybel op die spesifieke basisteoretiese doelwit werp. Die wyse

waarop hierdie lig verkry gaan word, is volgens die grammaties-historiese wyse van eksegese, soos uiteengesit deur De Klerk en Van Rensburg (2005).

2) Verskillende skrywers en navorsers het ook al breedvoerig oor die onderskeie basisteoretiese doelwitte geskryf. Met behulp van 'n literatuurstudie, sal vasgestel word watter insigte verskillende skrywers op elk van die onderskeie doelwitte kan gee.

3) Hierna sal 'n sintese van die Bybelse en literatuurstudiebevindinge vir elk van die drie basisteoretiese doelwitte gedoen word waarna enkele basisteoretiese riglyne vir elk van die doelwitte getrek sal word.

Ter samevatting van die afdeling, sal 'n algehele sintese van die drie basisteoretiese doelwitte gedoen word, waar belangrike basisteoretiese riglyne vir die afdeling in geheel, en vir die verdere ontwikkeling van die studie, getrek sal word.

# Hoofstuk 3

# Doelwit A: Basisteoretiese perspektiewe op prediking

## *3.1 Inleiding tot Hoofstuk 3*

### 3.1.1 'n Vooraf opmerking

Prediking speel 'n groot rol dwarsdeur die hele Bybel. In die Ou Testament val die prediking van die profete op, maar in die Nuwe Testament is prediking só belangrik dat selfs gesê kan word dat die Nuwe Testament die resultaat van prediking is. Omdat prediking so 'n belangrike rol in veral die Nuwe Testament speel, is daar meer as dertig werkwoorde wat die aktiwiteit van prediking uitdruk (Runia, 1988:527).

Uit hierdie opmerking van Runia, is dit duidelik dat dit nie so 'n eenvoudige saak is om die handeling van prediking te definieer nie. Die handeling van prediking kan immers nie net met enkele begrippe vasgepen word nie (vgl. Firet, 1974:55-102). Ook Dingemans (1991:30) toon dat dit bitter moeilik is om prediking presies te definieer. Daarom dat meeste moderne navorsers oor Homiletiek eerder 'n homiletiese teorie formuleer as om prediking duidelik met 'n definisie te omlyn.

Om basisteoretiese perspektiewe op prediking vir hierdie studie te kan formuleer, is dit egter sinvol om 'n voorlopige definisie van prediking te bied wat die studieterrein kan afbaken. Die basisteoretiese perspektiewe wat aan die einde van hierdie hoofstuk geformuleer word, sal dan dien as homiletiese teorie vir hierdie studie.

### 3.1.2 'n Voorlopige definisie van prediking vir die navorsing

Verskeie skrywers beskryf prediking as volg:

- Adams (1982:7) noem dat prediking bestaan uit 1) inhoud in die vorm van 'n Bybelboodskap, 2) 'n prediker, 3) 'n geleentheid waar die boodskap oorgedra word, 4) hoorders en 5) die Heilige Gees wat die hoorders ontvanklik vir die boodskap maak.

- Pieterse (1985:10-11,14) wys daarop dat prediking die Woord van God laat hoor in soverre dit die Skrifwoord lewend deur die Heilige Gees verkondig. Die

Woord van God kan tot die mate waartoe die preekteks in die preek funksioneer en tot spreke kom, gehoor word.

- Runia (1988:528) sê: "True preaching is the faithful proclamation of the message of Scripture. Yet preaching is not a simple repetition of this message. It must also be actualized into the present."
- Dingemans (1991:50) toon aan dat 'n preek daardie element van die erediens is waarin die prediker as hoorder onder die hoorders (deur middel van uitleg en toepassing van 'n teks) aan lidmate hulp bied in hulle eie kommunikasie met die Bybel en daarom in hulle kommunikasie met God.
- Vos (1996:146-147) omskryf die preekhandeling soos volg: "Die preek is 'n manier waardeur God na die mens en die wêreld kom. In dié koms gebruik Hy ook mense om sy heil te bemiddel. Die heilsbemiddeling is daarop gerig om hoorders in hulle bestaan te raak, en om by hulle liefde vir God en hul naaste te wek, om hulle tot diens aan Hom en ander mense aan te moedig en om hulle te beweeg om in die geloofsgemeenskap en samelewing om te gee en te sorg. Wanneer God se heil hoorders tref, word hulle deelnemers aan en mededelers van die heilsproses. Die preek kan ook gesien word as 'n manier waardeur God se koningskap in die lewens van mense, die kerk en die samelewing gevestig word."
- Burger (1999:226) sê prediking "veronderstel 'n openbare uitleg en toepassing van die Woord binne die lewenskonteks van die gemeente. Dat dit openbaar en formeel van aard is, neem nie weg nie dat dit ook persoonlik en pastoraal moet wees en die vrug van 'n diep omgang met die Woord is."
- Kruger (2002:20) sê: "Prediking is die brugbou tussen die Bybel en die moderne wêreld waardeur God Drie-enig deur sy geroepe dienskneg tot die gemeente spreek."
- Cilliers (2004:22-24) sê dat prediking uit vier basiese elemente bestaan: 1) die sentrum van prediking is Christus as die Gekruisigde en ook Opgestane, 2) Christus word vanuit die geboekstaafde getuienis van die Bybel verkondig, 3) daar is 'n werklike gemeente (hoorders) wat die getuienis aanhoor, en 4) 'n prediker wat die hoorders die weg na Christus wys.

Wanneer al bogenoemde beskrywings van prediking bestudeer word, is dit duidelik dat daar sekere elemente teenwoordig moet wees om die handeling wat ons 'n "preek" noem, te laat geskied. Hierdie elemente is die volgende:

a) 'n Prediker

b) Hoorder(s)

c) 'n Boodskap wat die toepassing van die Bybel deur die prediker in die moderne leefwêreld van die hoorder is. Die prediker verkondig nie sy eie gedagtes nie, maar 'n boodskap wat God in sy Woord geopenbaar het.

'n Voorlopige definisie van prediking wat die studieterrein vir hierdie hoofstuk afbaken, kan dus wees:

Prediking is die **oordrag van 'n Goddelike boodskap** deur 'n prediker aan hoorders.

### 3.1.3 Werkswyse om Doelwit A te bereik

Om basisteoretiese perspektiewe op prediking te bied, word vervolgens ses Skrifgedeeltes gekies waar prediking duidelik aan die hand van bogenoemde definisie belig word. Hierdie Skrifgedeeltes sal volgens die grammaties-historiese wyse van eksegese (soos uiteengesit deur De Klerk en Van Rensburg, 2005) ondersoek instel na basisteoretiese beginsels aangaande prediking.

Die Skrifgedeeltes wat bestudeer gaan word, is as volg gekies:

- Twee gedeeltes uit die Ou Testament. Een uit die vroeë-Israelse geskiedenis (Deuteronomium 1:1-6a) en een uit die laat-Israelse geskiedenis (Esra 10:10-11).
- Omdat Runia (1988:527) aantoon dat prediking 'n geweldige groot rol in die Nuwe Testament speel, word vier teksgedeeltes uit die Nuwe Testament gekies. Een uit die prediking van Jesus in die Evangelies (Matteus 4:23-5:2; 7:28-29), een uit die prediking van Petrus in die vroeë kerk (Handelinge 4:1-14), een uit die brieweskat van Paulus (Romeine 10:8-15) en een uit die Hebreërspreek[1] (Hebreërs 5:11-14).

Hierna word 'n oorsigtelike literatuurstudie van enkele moderne skrywers gedoen om te bepaal watter lig hulle op die onderwerp kan werp.

[1] Kruger (2002:4) toon aan dat alhoewel daar soms van Hebreërbrief, Hebreërpreek, Hebreërskrywer en Hebreërprediker gepraat word, taalkundige advies eerder die terme *Hebreërs*brief, *Hebreërs*preek, *Hebreërs*skrywer en *Hebreërs*prediker aanbeveel.

Uit hierdie eksegetiese- en literatuurstudiebevindinge sal dan 'n sintese gemaak word wat die basisteoretiese beginsels op prediking sal bevat. Hierdie sintese moet die volgende vrae beantwoord:

- Wat is prediking?
- Wat is die doel van prediking?
- Op watter wyses bereik prediking sy doel?

## *3.2 Eksegetiese perspektiewe op prediking*

### 3.2.1 Eksegese van Deuteronomium 1:1-6a

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

Deuteronomium 1:1-6a is die eerste verse van die boek Deuteronomium. Op sy beurt is Deuteronomium die laaste boek in die Pentateug (die eerste vyf boeke van die Bybel). Sedert die agtiende eeu is allerlei teorieë ontwikkel wat aantoon dat die ontstaan van die Pentateug nie net aan een persoon (Moses) toegeskryf kan word nie. Die Pentateug is gesien as die eindproduk van 'n lang proses waaraan 'n aantal mense meegewerk het (Van Rooy, 1999:192). Tog toon Hill & Walton (1991:142) dat - al het redakteurs moontlik aan Deuteronomium gewerk - daar geen rede is om te ontken dat Deuteronomium wel 'n akkurate weergawe van die woorde van Moses is nie.

Deuteronomium 1:1-6a gee 'n inleiding tot die boek in sy geheel (Christensen, 1991:6). In hierdie verse ontmoet ons die partye wat by die inhoud van die boek betrokke is (Van Rooy, 1999:194). Hierdie partye is God, die volk (wat deur die verbond aan God verbind is) en Moses (God se instrument).

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

Van Rooy (1999:190) wys daarop dat Deuteronomium geskiedenis vertel en 'n groot aantal wette bevat. Volgens Christensen (1991:xl) was die doel van hierdie boek om geloof onder die volk van die Here te hervorm en oor te dra deur middel van 'n program van godsdienstige opvoeding waarin elke lid van die volk, vanaf die koning tot elke kind in elke huishouding, sou deel.

Na veertig jaar van swerf in die woestyn, gaan die volk binnekort die beloofde land intrek. Voordat hulle dit doen, moet Moses weer verduidelik (vers 5) hoe God wil

hê sy volk moet lewe (vgl. Van Rooy, 1999:194). Deuteronomium is die skriftelike weergawe van hierdie verduideliking van Moses.

Deur die volk weer die geskiedenis van die Here se bemoeienis met hulle te vertel en die wette wat die Here gegee het by die volk in te skerp, wou Moses in hierdie boek die volk dus leer om gelowig-gehoorsaam aan die Here te lewe.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Christensen (1991:6) toon die konsentriese struktuur van die perikoop as 'n geheel.

A Dit is die woorde (דברים) waarmee Moses ... gespreek (דבר) het

B (Plek:) oos van die Jordaan...

C (Tyd:) Elf dae is die pad van Horeb... tot by Kades-Barnea...

D Moses het ... gespreek (דבר) soos die Here ... aan hom bevel gegee het;

C[1] (Tyd:) nadat hy ... (die Amoritiese konings) verslaan het

B[1] (Plek:) Oos van die Jordaan...

A[1] het Moses ... hierdie wet verklaar ... (wat) die Here ...met ons gespreek (דבר) het.

Hierdie struktuur fokus die aandag op wat Moses tot Israel gespreek het voor sy dood, naamlik die woorde van die Torah soos die Here dit aan hom gegee het. Die werkwoordstam דבר verskyn drie keer na die openingsfrase "Hierdie is die woorde (דברים)". Die eerste keer verwys דבר na Moses wat praat (vs.1). Die tweede keer verwys דבר na Moses se spreke volgens die opdrag van die Here (vs. 3). En in die derde plek is dit die Here wat praat (vs. 6) - Moses is slegs besig om die Here se woorde weer te gee.

<u>Openbaringshistoriese plasing van die perikoop</u>

Die volk Israel is in Deuteronomium 1:1-6a op die punt om vanuit die woestyn die beloofde land binne te trek. Hierdie gebeure vind omstreeks 1 300 jaar v.C. plaas (Van Rooy, 1999:192). Voordat die volk in die beloofde land intrek, roep Moses die volk byeen om hulle eers weer die geskiedenis en wet van die Here te verduidelik.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

In die boek Deuteronomium gee Moses heelwat historiese verwysings. In Israel is geskiedenis egter nooit net as die blote weergawe van gebeure gesien nie. Geskiedenis was die bewys van God se werking in die volk se bestaan. Daarom is geskiedenis as deel van die Godsopenbaring gesien wat reaksie van die volk vereis (Hill & Walton, 1991:150).

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Omdat die woorde van die Here wat Moses in Deuteronomium verklaar met hoofsaaklik twee dinge te doen het nl. 1) die optrede van die Here in die geskiedenis van die volk deur die oprigting van 'n verbond, en 2) die groot aantal wette van die Here as opdrag aan die volk (vgl. Van Rooy, 1999:190), is dit geldig om te sê dat hierdie perikoop as inleiding tot die woorde van Moses wat in Deuteronomium opgeteken is, die eerste hoorders voor veral twee keuses moes gestel het:

- Die volk moet die Here se intrede as Verbondsgod in hul lewens erken deur op die geskiedenis ag te gee.
- Die volk moet as verbondsvolk in die beloofde land gehoorsaam aan die Here lewe deur sy wette te gehoorsaam.

Indien die boek Deuteronomium onder redakteurs in die tyd van koning Josia geredigeer is en eers na die ballingskap sy finale vorm gekry het (vgl. Van Rooy, 1999:193 en Hill & Walton, 1991:142), was hierdie geloofskeuses presies dieselfde vir die volk in die tyd van Hiskia en in die tyd van die Jode wat uit Babel na die beloofde land teruggekeer het.

Woordstudie van belangrike begrippe

Vanuit die gedagtestruktuur hierbo genoem, is daar drie belangrike begrippe wat in hierdie perikoop uitstaan en wat in meer besonderhede bestudeer behoort te word. Die eerste is die woord "woorde" (דברים) in vers 1. Die tweede is die woordjie "spreek" (דבר) in verse 1,3 en 6. Die derde begrip is die woord "verduidelik" (באר).

*Woorde (דברים – ontleding: s.nw., ml., mv.)*

Volgens Holladay (1989:67) beteken die selfstandige naamwoord דבר "woord." Dit kan die woorde wees wat iemand praat, of wat neergeskryf is. Ook Brown, Driver & Briggs (2000) toon aan dat דברים kan verwys na woorde, toesprake of die inhoud van dit wat gesê word.

Gevolgtrekking:

> Wanneer דברים dus in Deuteronomium 1:1 gebruik word, verwys dit na die woorde wat Moses met die volk gepraat het nadat hy die volk oos van die Jordaan byeengeroep het, kort voor die intog in die beloofde land.

*Spreek/praat (דבר – ontleding: Piël, perf., 3e pers., ml., mv)*

Brown, Driver & Briggs (2000) wys daarop dat die primêre betekenis van die werkwoordstam דבר in die Qal "praat" beteken. In die Piël kan die woord דבר behalwe vir die gewone aktiewe betekenis van "praat" ook die kousatiewe betekenis van "beveel" hê (vgl. Holladay, 1989:67).

Gevolgtrekking:

- Wanneer דבר in Deuteronomium 1:1 gebruik word, verwys die woord na die aksie wat Moses, gerig op die volk, oos van die Jordaan gedoen het. Moses het met die volk gepraat.
- Wanneer דבר in Deuteronomium 1:3 gebruik word, verwys die woord na die aksie wat Moses, gerig op die volk, oos van die Jordaan in opdrag van die Here gedoen het. Moses het in opdrag van die Here, op die wyse wat die Here beveel het, met die volk gepraat.
- Wanneer דבר in Deuteronomium 1:6 gebruik word, verwys die woord na die aksie wat die Here verrig het en nou in die woorde van Moses weergegee word. Die Here het self met sy volk gepraat. Dit wat die Here gepraat het, was nie net bloot praat nie, maar was ook 'n bevel (vgl. vs. 7).

*Verduidelik/verklaar* (*באר – ontleding: Piël, perf., 3e pers., ml., ekv.)*

Volgens Holladay (1989:32) beteken באר om iets eenvoudig te maak, om iets te verduidelik of iets te verklaar. Ook Brown, Driver & Briggs (2000) wys daarop dat באר verwys na die aksie om iets duidelik en eenvoudig te maak sodat dit maklik is om te verstaan.

Gevolgtrekking:

> Wanneer Moses in Deuteronomium 1:5 met die volk praat, is daar 'n spesifieke rede waarom hy met die volk praat. Hy praat in opdrag van die Here op die wyse wat die Here beveel het (vgl. דבר hierbo). Die inhoud van dit wat Moses gepraat het, was die verklaring en verduideliking van die wet van die Here wat die Here self tot sy volk gespreek het. Moses het onderneem om die wet van die Here só oor te dra dat die volk dit kon verstaan en begryp.

Skrif-met-Skrifvergelyking

Alhoewel Deuteronomium 1:1-6a die inleiding van die boek is, kom dit voor asof Deuteronomium 'n aantal toesprake van Moses bevat. In Deuteronomium 4:44 tot 5:5 word die inleiding tot 'n volgende toespraak gevind en so ook in Deuteronomium 29:1-29 (vgl. Hill & Walton, 1991:144).

Na al drie hierdie inleidings, volg die toesprake. Al drie hierdie toesprake het basies dieselfde soort inhoud: die wet van die Here word in die sosiohistoriese konteks van die volk uiteengesit en verduidelik. Met ander woorde, te midde van die spesifieke omstandighede en geskiedkundige opset waarbinne die volk gelewe het, verklaar Moses telkemale die wet van die Here sodat die volk God se woorde kan verstaan en gaan toepas.

Godsopenbaring in die perikoop

Die Godsopenbaring in hierdie spesifieke perikoop is dat God met sy volk praat. Vir hierdie taak gebruik Hy Moses as sy instrument om die wet wat Hy (die Here) aan sy volk gegee het, te verduidelik.

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Deuteronomium 1:1-6a

- Hierdie preekgebeure speel omstreeks 1 300 v.C. af.

- In hierdie preekgebeure is drie partye betrokke: 1) Die Here, 2) die volk van die Here en 3) Moses, die instrument van die Here.
- Hierdie oordrag van woorde vind op 'n spesifieke tyd en op 'n spesifieke plek plaas: oos van die Jordaan, voor die intog in die beloofde land.
- Alhoewel dit 'n mens (Moses) is wat praat, praat hy in opdrag van die Here. Moses se woorde is nie die uitdrukking van sy eie gedagtes nie, maar gee die woorde van die Here weer. Hierdie woorde van die Here word deur Moses verduidelik en in die lewenskonteks van die volk toegepas.

### 3.2.2 Eksegese van Esra 10:10-11

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

Die boek Esra maak deel uit van die historiese geskrifte in die Ou Testament (Hill & Walton, 1991:228). In die Hebreeuse Ou Testament was Esra en Nehemia oorspronklik een boek. Hulle vorm die tweede volume van die werk van die Kronis. Die eerste volume van die werk van die Kronis is 1 en 2 Kronieke. Eers in die derde eeu na Christus is die oorspronklike boek in twee boeke (Esra-Nehemia) verdeel. Hieronimus het hierdie verdeling erken en dit tydens die vertaling van die Vulgaat behou (Fensham,1982:1). In navolging van die Vulgaat is Esra-Nehemia in die Afrikaanse vertalings ook twee boeke.

Die boek Esra kan in twee groot hoofdele verdeel word: Die eerste deel van die boek (Esra 1:1-6:22) handel oor die terugkeer van die volk uit ballingskap en die herbou van die tempel. Die tweede deel handel oor Esra en kan op sy beurt in twee kleiner dele opgedeel word: die deel wat handel oor Esra se terugkeer (Esra 7:1-8:36), en die deel wat Esra se hervormings beskryf (Esra 9:1-10:44) (Smit, 1999:514; Satterthwaite, 1997:636).

Esra 10:10-11 val dus in die tweede deel van die gedeelte van die boek Esra wat oor Esra self handel. Esra 10:10-11 is deel van die gedeelte wat die hervormings van Esra beskryf.

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

Esra is een van die historiese geskrifte van die Ou Testament en bevat daarom heelwat geskiedenis. Die doel van Esra-Nehmia was om 'n rekord te hou van die

voormalige Hebreeuse ballinge se terugkeer na Jerusalem (Hill & Walton, 1991:232-233). Die bedoeling was egter nie om 'n volledige rekord te hou van alles wat gebeur het nie, bloot van dít wat belangrik was om die ontwikkeling van die Joodse godsdiens in hierdie tyd te kan verstaan (Fensham, 1982:5-6).

Esra 10:10-11 bevat dus geskiedenis wat die optrede van Esra tydens 'n spesifieke hervormingspoging beskryf.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Om Esra 10:10-11 te verstaan moet die gedagteopbou van die groter gedagte-eenheid van Esra se hervormingspogings (Esra 9:1-10:44) bestudeer word. Die motivering vir hierdie hervormingspogings vind ons egter al in Esra 7:10 waar staan: "Esra het hom gewy aan die wet van die Here. Hy wou dit in die praktyk toepas en Israel elke voorskrif en bepaling leer."

In die lig van hierdie motivering, kan die gedagteopbou van Esra 9:1-10:44 soos volg uiteengesit word (vgl. Fensham, 1982:28; Smit, 1999:526-528):

*Esra 9:1-5: Daar word aan Esra gerapporteer dat van die Jode met vroue uit die heidennasies getrou het en in reaksie hierop is Esra baie ontsteld*

- ↳ *Esra 9:6-15: Esra se gebed van skuldbelydenis en verootmoediging voor die Here.*
  - ↳ *Esra 10:1-6: Die reaksie van die leiers: 'n verbond om die vreemde vrouens weg te stuur.*
    - ↳ *Esra 10:7-9: 'n Gemeentebyeenkoms word belê om oor die saak te besluit.*
      - ↳ *Esra 10:10-11: Esra gee 'n samevatting van die situasie en stel die opdrag wat die wet van die Here vereis.*
        - ↳ *Esra 10:12-17: Die volk reageer op Esra se woorde en besluit dat plaaslike leiers elke individuele saak sal ondersoek en afhandel.*
          - ↳ *Esra 10:18-44: Die name van al die mans wat met vreemde vrouens getrou het.*

Die gedagtestruktuur van Esra se optrede in Esra 10:10-11 kan soos volg in meer besonderhede uiteengesit word[2]:

[2] Die teks wat in hierdie gedagtestruktuur gebruik word, is 'n eie vertaling uit die oorspronklike om so naby as moontlik aan die oorspronklike teks te bly.

*Die priester Esra het opgestaan en aan hulle gesê:*

- *Júlle was ontrou en het met vreemde vroue getrou.*
  - *Sodoende het julle die sonde van Israel meer gemaak*
- *Daarom, doen belydenis voor die HERE, die God van julle vaders.*
  *Doen wat reg is:*
  - *skei julleself af*
    - *van die volke van die aarde*
    - *en van die vreemde vroue*

Uit hierdie gedagtestruktuur kan gesien word dat Esra drie dinge in hierdie teks gedoen het. Eers het hy die probleem/sonde en die gevolg daarvan gestel. Tweedens het hy aangetoon dat die volk hieroor belydenis teenoor die Here moes doen. In die derde plek moes die volk hierdie saak regstel deur hulself opnuut van die vreemde volke en vrouens af te skei.

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Die gebeure wat die boeke Esra-Nehemia verhaal, speel af in ongeveer die eerste honderd jaar na die terugkeer uit ballingskap en beskryf die wedervaringe van die volk wat teruggekeer het na die beloofde land (vgl. Smit, 1999:515). Esra bevat dus van die laaste geskiedenis wat in die Ou Testament opgeteken is voor die Nuwe Testamentiese tyd aanbreek.

Voor die ballingskap was Israel 'n outonome monargie, maar na die ballingskap was hulle bloot 'n klein provinsie in die groot Persiese Ryk. Omdat die monargie nie meer bestaan het nie, moes die teruggekeerde Jode 'n nuwe uitkyk op hulle geloof en tradisie verkry. Hiertoe moes Esra en Nehemia die volk nou lei (Dickens: 1997:634).

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Juda was een van die provinsies van die Persiese Ryk en daarom aan die eise en wette van Persië onderworpe. Die ballinge wat uit ballingskap teruggekeer het, het nie na 'n onbewoonde land teruggekeer nie. In hulle afwesigheid het bewoners van die gebiede rondom Juda in Juda ingetrek. Dan was daar ook nog Jode wat nooit in ballingskap gegaan het nie. Beide hierdie groepe het die teruggekeerde Jode as 'n bedreiging gesien (Smit, 1999:515-516).

Die teruggekeerde Jode kon nie in isolasie van hierdie ander groepe leef nie. Die kontak met hierdie vreemde mense het aan die een kant soms tot konfrontasie en konflik gelei (Esra 4:1-24). Aan die ander kant, het sommige teruggekeerde Jode met hierdie vreemde groepe begin meng en het daar 'n groot aantal gemengde huwelike tussen Jode en heidense vrouens ontstaan (Esra 9:1-2).

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

God het uitdruklik verbied dat sy volk met heidense volke sal ondertrou. Die rede hiervoor was om te verhoed dat die heidense eggenotes die Israeliete tot afgodsdiens, weg van die Here sou verlei (Eksodus 34:16; Deuteronomium 7:1-4).

Die Jode wat uit ballingskap teruggekeer het, het voor moeilike uitdagings te staan gekom. Een van die moeilikste uitdagings was die uitdaging van identiteit: wie was hulle noudat hulle nie meer 'n outonome monargie was nie? Om hulself weer as verbondsvolk van die Here te identifiseer, het beteken dat hulle weer baie erns met die wet van die Here en gehoorsaamheid aan die Here moes maak. Hierdie identiteit as volk van die Here sou in die daaglikse lewe uitgeleef moes word en omdat die Here uitdruklik ondertrouery met heidense volke verbied het, sou hulle nie huwelike met heidense vrouens kon duld nie (vgl. Satterthwaite, 1997:636-637; Fensham, 1982:124, 139; Smit, 1999:526-528).

Die groot geloofskeuse waarvoor die volk dus deur Esra 10:10-11 gestel word, is om te kies om gehoorsaam aan die Here te wees deur die volk suiwer te hou, of om ongehoorsaam te wees en toe te laat dat heidense elemente die volk binnekom wat hulle tot verdere ongehoorsaamheid sal verlei. Sou die volk kies om gehoorsaam aan die Here te wil wees, sal hulle hul sonde moet regstel deur van die vreemde vrouens te skei (vgl. Smit, 1999:527).

Woordstudie van belangrike begrippe

Uit die gedagteontleding hierbo is dit duidelik dat vir die fokus van hierdie studie, een woord in meer besonderhede bestudeer behoort te word. Dit is die woord ויאמר wat die aksie van Esra uitdruk.

*Gesê (ויאמר – ontleding: Qal, impf., 3 ml., ekv.)*

Volgens Holladay (1989:20) beteken אמר om doodeenvoudig te praat. In Hebreeus word hierdie woord gewoonlik gebruik om aan te dui dat 'n diskoers gaan begin. Brown, Driver & Briggs (2000) toon aan dat hierdie woord gebruik kan word om aan te dui dat iemand praat, iets vertel of 'n bevel gee. Lund

(1997:444) sê dat אמר 'n werkwoord is wat "kommunikasie" of "aankondiging" aandui. In narratiewe tekste is אמר volgens Lund (1997:444), dikwels 'n aanduier van direkte rede.

Gevolgtrekking:

Wanneer אמר in Esra 10:10 gebruik word om die aksie van Esra aan te dui, dui dit daarop dat daar nou direkte rede van Esra gaan volg. In hierdie direkte rede is Esra aan die praat en kan hy ook bevele gee. Inderdaad praat Esra: hy toon die sonde en gevolg daarvan aan die volk. Esra gee ook bevel: die volk moet skuldbelydenis doen en die verkeerde saak regstel.

Dit is opmerklik dat alles wat Esra hier praat en beveel in absolute ooreenstemming met die wet van die Here is (waarvan hy, volgens Esra 7:10, 'n kenner is):

- die sonde word herken omdat die wet daaroor praat.
- skuldbelydenis word verwag omdat die wet skuldbelydenis vir sonde voorskryf.
- regstelling van die sonde word beveel, omdat die wet gehoorsaamheid aan die Here eis.

Daarom kan gesê word dat, alhoewel Esra in Esra 10:10-11 אמר dit eintlik die Here is wat deur Esra met sy volk אמר.

Skrif-met-Skrifvergelyking

Eksodus 34:16 en Deuteronomium 7:1-5 lê die fondament vir die geloofskeuse wat in Esra 10 gedoen moet word. Die Here wil nie dat sy volk met mense van 'n vreemde geloof trou nie, want die heidense eggenote sou die Israeliete tot afgodsdiens, weg van die Here verlei.

Godsopenbaring in die perikoop

In die eerste hoofdeel van Esra (Esra 1-6) is die hooftema restourasie en herstel. Dit is God wat herstel bring - dit is God wat die volk uit ballingskap terugbring na die land, Hy het nog nie sy volk vergeet nie. Hierdie restourasie en herstel het ook beteken dat die volk weer die stukkies moes optel wat deur die ballingskap gebreek

is - ook die stukkies van hulle godsdiens en die aanbidding van die Here soos dit deur die wet van Moses (Satterthwaite, 1997:636) gereël is.

In die tweede hoofdeel is God steeds aan die werk met sy volk. Die Here maak dit vir Esra moontlik om na Jerusalem terug te keer. Op hierdie bemoeienis van die Here moet die volk reageer. Die volk moet nou weer leer wat gehoorsaamheid aan die Here beteken. Daarom moet Esra die volk leer om hulle van hul sonde te bekeer en weer in gehoorsaamheid aan die Here te lewe (vgl. Smit, 1999:526-527). God is immers in sy volk se bestaan aan die werk en hulle behoort in dankbaarheid gehoorsaam te reageer.

<u>Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Esra 10:10-11</u>

- Hierdie preekgebeure speel af in die eerste honderd jaar na die terugkeer uit ballingskap, met ander woorde in die jare 520-420 v.C.
- In hierdie preekgebeure is drie partye betrokke: 1) Die Here as Verbondsgod wat sy volk uit ballingskap na Juda teruggelei het, 2) Die volk wat ongehoorsaam aan die Here was deur met vreemde (heidense) vrouens te getrou het, 3) Esra wat 'n priester en kenner van die wet van Moses was. Hy wou die wet in die praktyk toepas en Israel elke voorskrif en bepaling leer.
- Esra praat met die volk oor gehoorsaamheid aan die Here volgens die wet wat die Here gegee het. Esra is dus 'n spreekbuis waardeur die Here deur sy wet met sy volk kommunikeer en hulle onderrig.
- Esra konfronteer die volk met haar sonde. Hierdie kennis van die sonde kom uit kennis van die wet van die Here (waarin Esra 'n kenner was).
- Esra toon dat skuldbelydenis aan die Here gedoen moet word (soos die wet van die Here bepaal wanneer sonde gepleeg is).
- Esra eis dat die volk in gehoorsaamheid aan die Here doen wat die Here in sy wet vereis. Met ander woorde, Esra stel nie sy eie eise nie, maar dra die eise van die Here aan die volk oor in verwagting dat die volk dit sal uitvoer.

### 3.2.3 Eksegese van Matteus 4:23-5:1-2; 7:28-29

Tekstuele konteks van die perikope

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

Matteus is een van die sinoptiese Evangelies in die Bybel (Combrink, 1988a:29). Daar word algemeen aanvaar dat Matteus die Evangelie volgens Markus as 'n bron gebruik het vir die opskrifstelling van sy eie weergawe. Matteus het egter eie klem en aksente gelê en is daarom 'n Evangeliebeskrywing in eie reg (Van Zyl, 1999:1112).

Om die plek van Matteus 4:23-5:1-2; 7:28-29 in die struktuur van die boek te plaas, moet rekening gehou word met die besonderse opbou van Matteus. Matteus is die enigste Evangeliebeskrywing wat die preke van Jesus in vyf blokke saamvoeg. Malan (1995:12) toon die opbou van die boek rondom hierdie vyf preke soos volg aan (vgl. ook Combrink, 1988b:79):

| Preek | Tema daarvan | Hoofstuk |
|---|---|---|
| A1 | Die bergrede oor die lewe in die *wêreld* | 5-7 |
| B1 | Die sending van die <u>kerk</u> | 10 |
| C | Sewe gelykenisse oor die **koninkryk** | 13 |
| B2 | Die lewe in die <u>gemeente</u> | 18 |
| A2 | Die profetiese rede oor die voleinding van die *wêreld* | 23-25 |

Matteus 4:23-5:2 gee die agtergrond en inleiding tot die eerste preek. Matteus 7:28-29 gee die woorde wat die afloop van die preek beskryf, weer. Die woorde wat dus in hierdie onderafdeling bestudeer word, is dus die woorde wat die bergrede (bergpreek) omring.

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

Die genre van Matteus is Evangeliebeskrywing. 'n Evangeliebeskrywing is 'n vertelteks rondom die optrede van die aardse Jesus. Hierdie vertelteks is in wese verkondiging van Jesus Christus en die doel is om geloof te wek, te versterk en te verdiep (Du Toit, 1988:1-5,22).

Matteus 4:23-5:1-2 is 'n historiese inleiding en Matteus 7:28-29 is 'n aanloop tot die eerste groot preek van Jesus (die sogenaamde bergrede) wat in Matteus opgeteken is (vgl. Van Zyl, 1999:1111,1123; Hagner, 1993:84-86).

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikope*

Matteus 4:23-5:1-2 toon hoe die menigtes uit alle oorde by Jesus versamel. Toe Hy hulle sien, begin Hy om sy dissipels te leer. Die bergrede wat hierna volg, gee vanuit Matteus se perspektief 'n voorbeeld van Jesus se lering (Breytenbach & Müller, 1990:292; Van Zyl, 1999:1122). Matteus 7:28-8:1 toon weer hoedat die skare verstom was oor Jesus se leer omdat Hy met gesag geleer het. Die gevolg hiervan was die groot menigte mense wat Hom gevolg het.

Skematies kan hierdie gedagte-eenhede wat die bergrede omraam, soos volg uiteengesit word:

*4:23 En Jesus het deur die hele Galilea rondgegaan*
→ *en in hulle sinagoges **geleer***
→ *en die Evangelie van die koninkryk **verkondig***
→ *en elke siekte ... .... (4:24) genees.*
→ *4:25 En groot menigtes het Hom gevolg... ...*
→ *5:1 En toe Hy die skare sien, het Hy op die berg geklim ...*
→ *en Hy het sy mond geopen en hulle **geleer** en gesê:*
→ *Die bergrede*
→ *7:28 En toe Jesus se woorde geëindig het,*
→ *was die skare verslae oor sy leer;*
→ *7:29 want Hy het geleer soos een wat **gesag** het, en nie soos die skrifgeleerdes nie.*

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Alhoewel die ander Evangelies ook daarop wys, is dit veral Matteus wat aantoon dat Jesus die Messias is wat in die Ou Testament voorgestel word. Uit al die aanhalings vanuit die Ou Testament in Matteus blyk dit duidelik dat Jesus voorgehou word as dié Een in wie die profesieë in vervulling gaan (Combrink, 1988b:60).

Hagner (1993:81,86,193-194) stel dat die doel van Matteus 4:23-7:29 was dat Matteus 'n belangrike onderwys-diskoers van Jesus wou weergee. Die kern van hierdie diskoers is dat Jesus, as Seun van God, God se wet en boodskap op 'n unieke wyse bekendmaak. Jesus se verkondiging staan teenoor die verkondiging van die skrifgeleerdes en Fariseërs omdat Jesus (as God self!) se verkondiging en onderrig

die volle betekenis van God se gebooie penetreer. Jesus se verkondiging en onderrig steun ook nie op tradisies nie, maar het hul gesag vanuit die ware identiteit van Jesus. Daarom is Jesus se verkondiging gesagvol.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Onder die Joodse volk van die Nuwe Testament was daar verskillende groepe met spesifieke godsdienstige oortuigings. Aanvanklik het veral die priesters in die eerste eeue na die ballingskap die gemeenskap georganiseer met behulp van die wet (vergelyk die studie oor Esra hierbo). Algaande het die uitleg van die wet egter al meer in die hande van die skrifgeleerdes beland sodat hulle groter aansien by die volk begin geniet het (Du Rand, 1997:269).

Gedurende die Hellenistiese en Hasmoniese periodes in die Joodse geskiedenis, het die status van skrifgeleerde verskuif na die sfeer van gewone mense, met geen koppeling aan die tempel of professionele priesterskap nie. Dit was veral die Fariseërs wat gedurende dié tyd opgetree het as skrifgeleerdes. Die taak van die skrifgeleerdes was die bewaring en teoretiese uitbouing van die wet, onderrig van die wet en administrasie van die wet. Sosiologies beoordeel het die skrifgeleerdes soos profete opgetree deur die "wil van God" aan die volk bekend te maak langs die weg van wetsinterpretasie, wetlike beoordeling en onderrig (Du Rand, 1997:280-284).

In hierdie perikope wat die bergrede omring, word die reaksie van die volk op die prediking van Jesus beskryf. Die skare was verras, want Jesus het met 'n gesag gepreek wat in Homself gesetel was - anders as die skrifgeleerdes wat hulle gesag op die oorgelewerde tradisie gebou het.

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Geloofskeuses waarvoor die volk dus gestel was, was om die verkondiging en onderrig van Jesus (wat anders was as dié van die skrifgeleerdes) te hoor en die radikale eise van die volle implikasie van die wet uit te voer (vgl. Hagner, 1993:193-194). Malan (1995:66) sê die geloofskeuse waarvoor die eerste hoorders gestel was, was om hulle te verbind om ten volle gehoorsaam aan God te lewe, omdat hulle nou deur die verkondiging van Jesus weet wat God van hulle eis.

Woordstudie van belangrike begrippe

Die frase "en Hy het sy mond geopen... en gesê" is 'n Semitiese idioom wat die begin van 'n openbare rede aantoon (Hagner, 1993:86). Uit die gedagtestruktuur hierbo kan gesien word dat daar in die oorspronklike taal twee begrippe, naamlik "geleer/onderrig" (εδιδασκεν) en "verkondig" (κηρυσσων), gebruik word om aan te dui wat Jesus gedoen het toe Hy "sy mond geopen" het. Hierdie twee begrippe, asook die begrip "gesag" (εξουσιαν) wat die wyse beskryf waarop Hy gepreek het, gaan nou in meer besonderhede bestudeer word.

*Geleer/onderrig (εδιδασκεν – ontleding: Imperf., ind., akt., 3, ekv. van διδασκω)*

Διδασκω kom drie keer ( in 4:23, 5:2 en 7:29) in hierdie perikope voor. Twee keer (in 4:23 en 7:29) kom hierdie begrip in die praesens partisipium en een keer (5:2) in die imperfektum voor. Die imperfektum (5:2) kan dui op 'n duratiewe handeling (vgl. Chapman, 1994). In die konteks van 5:2 is dit duidelik dat hierdie begrip verwys na 'n handeling wat Jesus verrig het en wat 'n tyd lank geduur het. Die praesens partisipium (4:23 en 7:29) kan dui op 'n bywoordelike bepaling van wyse (vgl. Chapman, 1994). In die konteks van 4:23 en 7:29 dui die praesens partisipium op die wyse waarop Jesus rondgegaan en met die mense gepraat het - Hy het onderrigtend rondgegaan en gepraat.

Volgens Wegenast (1986:759-765) beteken διδασκω in klassieke Grieks om te onderrig, in te lig, toerusting te gee of te demonstreer. In die Nuwe Testament word διδασκω hoofsaaklik in een van twee kontekste gebruik: 1) om te verkondig, om te roep tot 'n besluit, en om aan mense al die dinge te verkondig wat God van 'n mens eis; of 2) om onderrig te gee in die vasgestelde leerstellings wat bemeester en bewaar moet word.

Louw en Nida (1996) plaas διδασκω in die hoofdomein van kommunikasie (domein 33). Binne hierdie hoofdomein word 'n hele subdomein (subdomein Q - 33.224 tot 33.250) afgestaan aan onderrig. Saam met διδασκω (33.224) word ook geplaas διδαχη (33.236) en διδασκαλος (33.243), διδακτικος (33.227) en διδακτος (33.227). 'n Διδασκαλος of διδακτικος is 'n persoon wat in staat is om onderrig te gee (διδασκω). Die inhoud van dít wat onderrig word, is διδαχη (33.236).

Gevolgtrekking:

> Jesus tree in Matteus 4:23-7:29 as 'n leermeester op wat sy dissipels en die skare onderrig. In hierdie verse gee Hy hierdie onderrig eers in sinagoges en daarna in sy bergpreek. Die bergpreek is 'n breedvoerige weergawe van die inhoud van sy onderrig. Hagner (1993:80) toon aan dat hierdie onderwysing van Jesus onderrig in die wet (die Tora) was.

*Verkondig (κηρυσσων - ontleding: Praes., part., akt., nom., ml., ekv. van κηρυσσω)*

Die begrip κηρυσσω kom in Matteus 4:23 in die praesens partisipium as 'n parallelle begrip met διδασκω voor (vgl. die gedagtestruktuur hierbo). Die gebruik van hierdie partisipium is dus ook as 'n bywoordelike bepaling van wyse: Jesus het nie net onderrigtend (διδασκων) rondgegaan nie, maar ook verkondigend (κηρυσσων).

Louw en Nida (1996) plaas die begrip κηρυσσω in verskillende semantiese subdomeine. Die eerste semantiese subdomein (33.206 en 33.207) sê dat die woord daarop dui dat 'n saak of boodskap formeel bekend gestel word. Meestal is hierdie boodskap deur 'n aangestelde herout aangekondig. In die tweede subdomein waarin κηρυσσω geplaas word (33.256) word κηρυγμα (33.258) en κηρυξ (33.259) ook ingedeel. Hier gaan dit spesifiek oor religieuse beginsels en waarhede (κηρυγμα) wat verkondig of bekend gemaak word (κηρυσσω) deur 'n bepaalde verkondiger (κηρυξ).

Hieruit is dit duidelik dat daar 'n noue verband tussen κηρυσσω en διδασκω in Matteus 4:23-5:2 is. Hagner (1993:80) stel selfs dat hierdie verkondiging (κηρυσσων) in Matteus 4:23 onlosmaaklik aan die onderrig (διδασκων) van Jesus verbind is. Onderrig (κηρυσσων) en verkondiging (διδασκων) hoort volgens hom in hierdie verse bymekaar en daar is geen noemenswaardige verskil tussen die twee woorde nie.

Pop (1964:369-370) toon egter wat die onderskeid tussen κηρυσσω en διδαχη/διδασκω is: Verkondiging (κηρυσσω) wil die hoorders die groot dade van God in Jesus Christus laat hoor en sien. Dit rig 'n appèl op die oor en die oog. Lering (διδασκω) daarteenoor wil die hoorders leer wat hulle moet doen volgens die wil van God. Dit rig 'n appèl op die wil. Verkondiging (κηρυσσω)

vra geloof. Onderrig (διδασκω) vra gehoorsaamheid. Lering is die dissiplinêre internalisering van dít wat by verkondiging gehoor is tot 'n geldende lewensbeskouing en lewenswyse (Burger, 1999:225).

Gevolgtrekking:

> In Matteus 4:24 is Jesus nie net 'n leermeester wat onderrig gee nie. Hy is ook 'n verkondiger wat 'n boodskap oordra. Die boodskap wat Hy oorgedra het, was die boodskap van die koninkryk van God. Hierdie boodskap aangaande die koninkryk van God wat Hy verkondig het (κηρυσσω) en die onderrig (διδασκω) wat Hy gegee het, is egter onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die boodskap van die koninkryk van God kan nie verkondig word sonder die onderrig in die wet, soos Jesus dit gelewer het nie.

*<u>Gesag</u> (εξουσιαν- ontleding: Akk.., vr., ekv. van εξουσια)*

Εξουσια is in die akkusatiewe naamval. Dit beteken dat hierdie begrip die voorwerp van die partisipium εχων is. In die konteks van Matteus 7:28-29 het Jesus dus gepreek soos een wat εξουσια besit (εχων).

Louw en Nida (1996) deel die begrip εξουσια in verskillende semantiese domeine in. In subdomeine 37.35-37.38 verwys εξουσια na die mag of gesag wat iemand het om iets te doen of te sê, of die gesag wat iemand oor iets of iemand anders het. In subdomein 76.12 verwys εξουσια na die krag of vermoë wat iemand het om iets te doen of te sê.

Betz (1986:608) sê dat εξουσια na die vermoë verwys om opdragte te gee. Hierdie vermoë is gegrond op die feit dat gesag aan die opdraggewer toegeken is.

Dit is belangrik om op te let dat die wyse waarop Jesus onderrig gegee het in Matteus 7:29 teenoor die wyse gestel word waarop die skrifgeleerdes onderrig gegee het. Teenoor die skrifgeleerdes, het Jesus met gesag (εξουσια) onderrig.

Betz (1986:610) wys daarop dat daar 'n goeie rede was waarom Jesus anders as die skrifgeleerdes onderrig gegee het. Die skrifgeleerdes is gelei deur hulle onderrigtradisie, maar Jesus is nie gelei deur 'n tradisie nie. Hy het sy woorde direk van sy Vader ontvang en gee daarom onderrig met die gesag van die Seun wat alleen die Vader ken en Hom kan bekend maak.

Gevolgtrekking:

> Jesus het met 'n ander gesag (εξουσια) as die skrifgeleerdes verkondig (κηρυσσω) en onderrig (διδασκω). Sy gesag het nie gelê in menslike interpretasie (tradisie) van die wet van God soos die skrifgeleerdes nie. Jesus se gesag was in Homself gesetel. Hy was die Seun van God wat die Vader bekend kom maak het. Hy het sy woorde direk van sy Vader ontvang, dieselfde woorde wat Moses van Hom ontvang het en daarom kon Jesus hierdie woorde (die Tora) met gesag verkondig en onderrig.

Skrif-met-Skrifvergelyking

Elk van die ander vier groot preke van Jesus in die Evangelie volgens Matteus (sien die struktuur van Matteus hierbo) toon dat Jesus met gesag die koninkryk van God verkondig en onderrig gegee het. Net so toon die ander Evangelies hierdie selfde saak.

Godsopenbaring in die perikoop

Jesus was die besondere Gestuurde van God. Daarom kon Hy met gesag die boodskap van die koninkryk van God verkondig en onderrig (vgl. Hagner, 1993:193-194).

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Matteus 4:23-5:2; 7:28-29

- Hierdie preekgebeure speel af gedurende die bedieningstyd van Jesus hier op aarde.
- In hierdie preekgebeure is drie partye betrokke: 1) God wat besig is om sy koninkryk op te rig en sy Seun na die aarde gestuur het, 2) Jesus, die Seun wat as verkondiger en leermeester die boodskap van die koninkryk van God verkondig en onderrig, en 3) die dissipels en skare wat na die boodskap en onderrig van Jesus luister.
- Jesus verkondig die boodskap van die koninkryk van God. Jesus tree dus as boodskapper op wat 'n boodskap aan die volk oordra.
- Jesus onderrig die mense wat Hom volg. Jesus tree dus as leermeester op wat die beginsels van die koninkryk van God onderrig. Die boodskap van die koninkryk van God kan nie aangeneem word as gehoorsaamheid aan die koninkryk nie uitgevoer word nie.

- Dit is duidelik dat daar 'n baie noue verband is tussen die begrippe "verkondig" en "onderrig." Die koninkryk van God kan nie verkondig word sonder dat die beginsels van die koninkryk onderrig word nie.
- Omdat Jesus die openbaring van sy Vader is, is sy verkondiging en onderrig gesagvol. Hy steun nie op tradisie (soos die skrifgeleerdes nie) maar op die openbaring van God.

### 3.2.4 Eksegese van Handelinge 4:1-14

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

Die boek Handelinge is 'n brug tussen die Evangelies en die briewe van die Nuwe Testament (Du Plessis, 1988:202). De Villiers (1988:219) sê die doel van Handelinge is om te verkondig hoe God te werk gegaan het om sy heilsplan of wil teenoor die mens uit te voer: in Handelinge word vertel hoe Christus se getuies, onder leiding van die Heilige Gees, die boodskap van Christus se lyding, sterwe, opstanding en hemelvaart van Jerusalem tot in Rome uitgedra het.

Die inhoud van Handelinge kan op verskeie sinvolle maniere ingedeel word (vgl. Du Plessis, 1988:217; Joubert, S., 1999:1371; Bruce, 1981:13-14). Bruce (1981:13-14) deel Handelinge byvoorbeeld soos volg in:

- Die geboorte van die kerk (Handelinge 1:1-5:42)
- Vervolging lei tot uitbreiding van die kerk (Handelinge 6:1-9:31)
- Handelinge van Petrus en uitbreiding van die kerk na die heidendom (Handelinge 9:32-12:25)
- Paulus se eerste sendingreis en die apostoliese dekreet (Handelinge 13:1-16:5)
- Evangelisasie op die Egeïese kus (Handelinge 16:6-19:20)
- Paulus se planne om Rome te besoek en hoe hy op onvoorsiene wyse daar kom. (Handelinge 19:21-28:31)

Volgens hierdie indeling, is dit duidelik dat Handelinge 4:1-14 in die eerste hoofdeel van die boek opgeneem is. Die eerste deel van Handelinge beskryf die ontstaan en vestiging van die Nuwe Testamentiese kerk in Jerusalem.

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

Handelinge bevat die geskiedenis van die vroeë kerk se uitbreiding vanaf Jerusalem tot in Rome en is daarom 'n historiese boek (Du Plessis, 1988:213).

Handelinge 4:1-22 beskryf die geskiedenis van Petrus en Johannes se verskyning voor die Joodse Raad.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Die breër gedagteopbou van Handelinge 4:1-14 begin reeds in Handelinge 3:1 waar van die gebeure tydens die vestigingstyd van die vroeë kerk in Jerusalem opgeteken is:

*3:1-10 Petrus en Johannes genees 'n man wat van geboorte al lam was*

↳ *3:11-26 Petrus spreek die skare in die Pilaargang van Salomo toe en verduidelik hoe dit gebeur het dat die man genees is.*

↳ *4:1-4 Die priesters, tempelwag en Sadduseërs neem Petrus en Johannes gevange en laat hulle in die tronk sit omdat hulle die skare* ***leer*** *en die opstanding van die dooies* ***verkondig****. Tog het baie mense hulle* ***prediking*** *gehoor en gelowig geword.*

↳ *4:5-7 Petrus en Johannes verskyn voor die Joodse Raad.*

↳ *4:8-12 Petrus verduidelik sy en Johannes se optrede.*

↳ *4:13-22 Die Joodse Raad se reaksie op Petrus en Johannes: hulle is verbaas oor die apostels se* ***vrymoedigheid***

↳ *4:23-31 Die gelowiges reageer op Petrus en Johannes se vrylating.*

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Jesus was self verkondiger van die koninkryk van God (sien eksegese van Matteus 4:23-5:2; 7:28-29 hierbo). Kort voor sy hemelvaart het Hy aan sy dissipels opdrag gegee om sy getuies tot aan die uithoeke van die aarde te wees. Hierdie verkondiging van die koninkryk van God deur die volgelinge van Jesus in Handelinge, is die logiese voortsetting van Jesus se verkondiging van die Evangelie (De Villiers, 1988:229).

Handelinge 4:1-14 is nog deel van hierdie verkondiging van Jesus se getuies in Jerusalem voordat die Evangelie buite Jerusalem geneem is.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

In Handelinge 4:1-14 is daar twee groepe mense ter sprake. Aan die een kant is daar die Joodse Raad en aan die ander kant twee apostels - Petrus en Johannes.

Die Joodse Raad was die hoogste regsprekende en godsdienstige liggaam van die Jode. Die raad het bestaan uit 71 lede afkomstig uit invloedryke families, en uit die geledere van die priesters en Sadduseërs, met die hoëpriester aan die hoof. Hulle het oor alle sake wat op die godsdienstige en algemene lewe van die Jode betrekking gehad het, die beslissende sê gehad (Joubert, S., 1999:1383).

Die Sadduseërs (wat 'n invloedryke deel van die Joodse Raad uitgemaak het) was 'n Joodse groep wat die opstanding uit die dood ontken het (Du Rand, 1997:276). Daarom was hulle baie onthuts deur die verkondiging van Petrus en Johannes dat daar 'n opstanding uit die dood is (Bruce, 1981:95).

Die apostels was oog- en oorgetuies van Jesus Christus (vgl. Handelinge 4:20). Omdat hulle voortgegaan het om die boodskap van Jesus Christus se opstanding uit die dood te verkondig, was hulle in die oë van die Joodse Raad 'n bedreiging vir die Joodse godsdiens. Vroeër het die Joodse Raad immers in Jesus 'n bedreiging vir die Joodse godsdiens gesien en saamgesweer om Hom dood te maak (vgl. Matteus 26:1-5). Daarom het die Joodse Raad nou vir Petrus en Johannes in hegtenis laat neem.

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Die geloofskeuse wat aan die Joodse Raad gestel is, was om die boodskap van die opstanding uit die dood (waarvan Jesus die eerste was - vgl. 1 Korintiërs 15:1-34) te glo of te verwerp.

Die geloofskeuse waarvoor die apostels gestel is, was om stil te bly oor die opstanding uit die dood, of om die boodskap met al hulle mag te verkondig.

Woordstudie van belangrike begrippe

Uit die gedagtestruktuur hierbo is dit duidelik dat daar 'n aantal begrippe is wat die handelinge van Petrus en Johannes beskryf. In verse 1-4 word die volgende begrippe gebruik: Petrus en Johannes het die skare "geleer" (διδασκειν), en "verkondig" (καταγγελλειν). Baie mense het vanweë hulle "prediking" (1983-Vertaling) / "die woord" (1953-Vertaling) (τον λογον) gelowiges geword. In vers

8 staan dat Petrus gevul (πλησθεις) met die Heilige Gees "gepraat/gesê" (ειπεν) het. In vers 13 word die wyse waarop Petrus en Johannes opgetree het, met die woordjie "vrymoedig" (παρρησιαν) beskryf.

<u>Geleer</u> *(διδασκειν - ontleding: Praes., inf., akt.van διδασκω)*

Die begrip διδασκω kom in Handelinge 4:2 in die praesens infinitief voor. Die gebruik van die praesens infinitief in Handelinge 4:2 is as 'n redegewende voorsetselfrase na die voorsetsel δια το (vgl. Jordaan (1995:37,44).

In die eksegese van Matteus 4:23-5:1; 7:28-29 is die begrip reeds bestudeer. Daar is vasgestel dat διδασκω na die aksie van onderrig verwys.

Gevolgtrekking:

> In die konteks van hierdie perikoop, tree die apostels op as leermeesters wat die skare onderrig. Hierdie onderrig van die apostels handel oor Jesus as die Christus wat deur die Vader as 'n seën na die aarde gestuur is (vgl. Handelinge 3:12-26). In breë trekke word die lyding en verheerliking van Jesus geskets. Die skare word ook opgeroep om hulle tot Christus te bekeer sodat hulle in sy seën kan deel. Juis vanweë hierdie onderrig, is die priesters en Sadduseërs só ontsteld dat hulle Petrus en Johannes gevange geneem het.

<u>Verkondig</u> *(καταγγελλειν - ontleding: Praes., inf., akt. van καταγγελλω)*

Die begrip καταγγελλω kom ook in Handelinge 4:2 in die praesens infinitief voor. Net soos διδασκειν word καταγγελλειν hier as redegewende voorsetselfrase na die voorsetsel δια το gebruik (vgl. Jordaan, 1995:37,44).

Louw en Nida (1996) plaas die begrip καταγγελλω in hoofdomein 33 wat handel oor kommunikasie. Binne hierdie domein val καταγγελλω in subdomein O wat handel oor kommunikasie wat inligting deurgee of aankondig. Binne hierdie subdomein word καταγγελλω geplaas as 33.204 met die betekenis van "aankondig/verkondig". Die fokus van hierdie aankondiging word gerig op die inhoud van dít wat verkondig word - in hierdie geval dat die opstanding van die dood 'n werklikheid is vanweë Jesus se opstanding uit die dood.

Schniewind (2000) wys daarop dat die aankondiging of verkondiging wat deur καταγγελλω aangedui word, verwys na iets wat reeds gebeur het en afgehandel is, maar wat 'n missionêre implikasie vir die hede en toekoms inhou. In die konteks van Handelinge 4:2 kan dit soos volg verstaan word: Die dood en opstanding van Christus het reeds gebeur, maar word nou oorvertel/verkondig. Daar is 'n rede hoekom dit aangekondig word: in Christus is opstanding uit die dood nou moontlik. Mense moet hierdie boodskap hoor en daarop reageer.

Gevolgtrekking:

> Die apostels verkondig dat Jesus gesterf en opgestaan het. Mense moet hierdie boodskap hoor, want dit het 'n implikasie vir hulle lewens: hulle kan ook uit die dood opstaan wanneer hulle die boodskap van Christus aanneem.

*<u>Prediking/ die Woord</u> (τον λογον - ontleding: Akk., ekv. van λογος)*

Λογος staan in Handelinge 4:4 in die akkusatief. Die akkusatief kan dui op die direkte voorwerp van 'n werkwoord (vgl. Jordaan, 1995:124). Die werkwoord wat λογος in Handelinge 4:4 bepaal, is die werkwoord "gehoor." Die mense wat na die apostels geluister het, het die λογος gehoor en gelowig geword. Hieruit is dit duidelik dat λογος 'n beskrywing is van die inhoud van dít wat Petrus en Johannes geleer en verkondig het.

Louw en Nida (1996) deel λογος onder verskeie semantiese domeine en subdomeine in. Van belang vir die eksegese van Handelinge 4:4, is die indeling van λογος onder domein 33 wat handel oor kommunikasie. In domein 33 word λογος in subdomeine E (geskrewe taal), F (praat), en S (preek/verkondig) ingedeel. Die aksie van die apostels in Handelinge 4 was 'n mondelinge aksie. Subdomeine F en S van domein 33 is dus van belang vir die bestudering van λογος in Handelinge 4:4.

In subdomein F word λογος ingedeel by 33.98 (die inhoud van wat gesê word), 33.99 (die daad van praat), en 33.100 (die titel van Jesus as die Woord wat mens geword het). In subdomein S word λογος ingedeel by subdomein 33.260 wat die inhoud aandui van wat oor Christus en die Evangelie verkondig word.

By 33.260 word dus 'n spesiale inhoud aan λογος gegee, nl. die Evangelie van Christus.

Kittel (2000) wys ook daarop dat λογος in die Nuwe Testament 'n term geword het wat verwys na die een Woord van God, Jesus Christus, en die boodskap aangaande Hom. Λογος verwys dus na die gebeure wat as inhoud Jesus Christus het.

Gevolgtrekking:

> Petrus en Johannes het 'n spesifieke boodskap aan die mense in die Pilaargang van Salomo geleer en verkondig. Dit is die boodskap van Jesus Christus se lewe, sterwe, opstanding en die implikasie daarvan vir elke mens se lewe.

<u>Gevul</u> *(πλησθεις - ontleding: Aor., part., pass., nom., ml., ekv. van πιμπλημι)*

Πιμπλημι staan in Handelinge 4:8 in die aoristus partisipium passief. Die funksie van die partisipium kan 'n bywoordelike bepaling van tyd of gepaardgaande omstandighede wees (vgl. Jordaan, 1995:48,49). Die aoristus deelwoord dui weer op 'n voorafgaande handeling by die hoofwerkwoord (Jordaan, 1995:47). Voordat die hoofwerkwoord (gesê) verrig is, het daar iets in Handelinge 4:8 gebeur: Petrus is met die Heilige Gees πιμπλημι.

Volgens Louw en Nida (1996) kan πιμπλημι in twee semantiese domeine ingedeel word. In domein 59 (wat handel oor hoeveelhede) verwys πιμπλημι by 59.38 na die vol maak van iets. In domein 13 (wat handel oor dinge wat gebeur) verwys πιμπλημι by 13.106 na iets wat gebeur sodat 'n vorige saak vervul kan word.

Delling (2000) wys daarop dat πιμπλημι in Handelinge verwys na die werking van die Heilige Gees in Christene. 'n Baie belangrike faset van vervulling met die Heilige Gees is dat die Heilige Gees die krag en vermoë tot prediking gee.

Gevolgtrekking:

> Πιμπλημι verwys na die werking van die Heilige Gees in 'n gelowige. Die werking van die Heilige Gees stel die gelowige in staat om te preek. Voordat Petrus die Joodse Raad toegespreek het, is hy met die Heilige Gees gevul sodat hy kon praat.

Hier kan 'n mens 'n vervulling van Jesus se belofte in Matteus 10:20 sien waar Hy belowe het dat die Heilige Gees 'n gelowige in staat sal stel om te praat wanneer hy voor 'n geregshof gedaag word. Hieruit kan ook afgelei word dat die lering en verkondiging van Petrus en Johannes 'n daad van gehoorsaamheid aan Christus was, want Christus staan hulle nou deur sy Gees by.

<u>Praat</u> *(ειπεν - ontleding: Aor., ind., akt. van λεγω)*

Die begrip λεγω beskryf die aksie wat Petrus voor die Joodse Raad verrig het. Ειπεν is die aoristos vorm van λεγω. Die aoristos indikatief dui op 'n handeling wat in die verlede plaasgevind het. Die aoristos kan 'n ingressiewe handelsaard hê - met ander woorde dit kan die oorgang van een toestand na 'n volgende aandui (Jordaan, 1995:21). Wanneer λεγω in Handelinge 4:8 gebruik word, dui dit op Petrus wat 'n volgende handeling begin het.

Louw en Nida (1996) deel λεγω by hoofdomein 33 (wat kommunikasie beskryf) in. Binne domein 33 word λεγω in verskeie subdomeine ingedeel: F (praat/gesels), I (noem) en J (bedoel/impliseer). Uit die konteks waarbinne λεγω in Handelinge 4:8 gebruik word, is dit duidelik dat λεγω in hierdie konteks na die betekenis van domein 33.69 verwys: λεγω verwys na die aksie van "praat" met die fokus op die inhoud van dít wat gesê word.

Ook Kittel (2000) wys daarop dat λεγω na die handeling van "praat" of "vertel" verwys.

Gevolgtrekking:

Nadat Petrus en Johannes voor die Joodse Raad gebring is, het die Heilige Gees Petrus gevul en Petrus het begin praat. Die inhoud van wat Petrus gepraat het, word in Handelinge 4:8-12 gevind.

<u>Vrymoedigheid</u> *(παρρησιαν -ontleding: Akk., vr., ekv. van παρρησια)*

Die begrip παρρησια verwys in Handelinge 4:13 na die wyse waarop Petrus en Johannes hulle voor die Joodse Raad gedra het. Παρρησια verwys daarom ook na die wyse waarop Petrus voor die Joodse Raad gepraat het.

Louw en Nida (1996) deel παρρησια onder semantiese domein 25 in wat verwys na houding en emosie. In hierdie hoofdomein word παρρησια ingedeel

onder subdomein N wat verwys na dapperheid, vrymoedigheid en onbeskaamdheid. Hieruit is dit duidelik dat παρρησια vrymoedigheid, dapperheid en selfvertroue te midde van moontlike intimiderende omstandighede beteken.

Gevolgtrekking:

> Petrus en Jakobus was nie skaam of onseker oor die lering en verkondiging wat hulle gedoen het nie. Hulle was vol selfvertroue en vrymoedigheid. Hierdie selfvertroue en vrymoedigheid is merkwaardig as mens in aanmerking neem dat hulle in die oë van die Joodse Raad ongeleerde en eenvoudige mense was.

<u>Skrif-met-Skrifvergelyking</u>

In Handelinge 4:1-14 voer Petrus en Johannes Jesus se opdrag van Handelinge 1:8 en Matteus 28:19-20 uit. In Handelinge 1-3 en 5 word soortgelyke optrede van die apostels beskryf.

Die feit dat Petrus met die Heilige Gees gevul is, was 'n vervulling van die belofte van Jesus in Matteus 10:20.

<u>Godsopenbaring in die perikoop</u>

Uit hierdie perikoop is dit duidelik dat God verwag dat gelowiges sy Woord λογος aan ander moet leer en verkondig. Tog laat God nie die gelowige aan homself oor nie. Deur sy Gees staan God daardie persoon by en gee wat nodig is om die verkondiging te kan doen.

<u>Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Handelinge 4:1-14</u>

- Hierdie preekgebeure speel af gedurende die eerste dae van die Nuwe Testamentiese kerk in Jerusalem.
- In hierdie gebeure is drie partye betrokke: 1) God wat deur sy Heilige Gees Petrus vervul om voor die Joodse Raad te kan praat, 2) Petrus en Johannes wat as apostels die λογος, van God leer en verkondig, en 3) die skare in die Pilaargang van Salomo en die Joodse Raad in die Raadsaal wat na die boodskap van Petrus en Johannes luister.
- God maak dit vir Petrus deur vervulling met sy Gees moontlik om te kan praat.
- Petrus en Johannes verkondig die λογος van God.

- Die λογος het as inhoud die lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus en die implikasie daarvan vir die lewe van elke mens.
- Hierdie λογος word verkondig. Die apostels maak hierdie boodskap bekend.
- Hierdie λογος word aan die mense geleer. Die apostels tree dus as leermeesters op wat die skare onderrig.
- Die wyse waarop die apostels hierdie taak verrig het, was met vrymoedigheid en selfvertroue. Hul eie ongeleerdheid en eenvoud het hulle nie afgeskrik om hierdie boodskap onbeskaamd aan belangrike mense te verkondig nie.

### 3.2.5 Eksegese van Romeine 10:8-15

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

Romeine is 'n brief in die Nuwe Testament wat deur die apostel Paulus aan die gemeente in Rome geskryf is. Die tema van hierdie brief kan soos volg omskryf word: hoe God die sondige mens in die regte verhouding met Hom stel, naamlik deur die versoeningsdood van Jesus Christus; en hoe die sondige mens aan hierdie regte verhouding deel kan kry, naamlik deur die geloof alleen en nie deur wetsonderhouding of eie prestasie nie (Pelser, 1988:41).

Verskillende navorsers toon verskillende indelings van die brief (vgl. Pelser, 1988:54-55; Vergeer, 1999:1448; Jonker, 1976:19-21; Dunn, 1988a:ix). Vergeer (1999:1448) gaan byvoorbeeld van die standpunt uit dat Romeine soos 'n hofsaak opgebou is:

- Die klagstaat: die hele wêreld is strafwaardig voor God (Romeine 1:18-3:20).
- Die uitspraak: gelowiges word vrygespreek in Christus (Romeine 3:21-4:25).
- Die vonnis: wat God se vryspraak inhou (Romeine 5:1-15:13).

Alhoewel daar verskillende indelings van die brief is, is daar tog eenstemmigheid dat Romeine 9-11 'n eenheid is wat handel oor die misterie van God se plan met

Israel en hoe dit gebeur het dat die Evangelie na die heidene gekom het. Romeine 10:8-15 vorm dus deel van hierdie eenheid.

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

Romeine is 'n brief en is daarom deel van die brief-genre (Pelser, 1988:41). Romeine 10:8-15 is deel van die liggaam van die brief.

Vergeer (1999:1449) wys daarop dat die brief aan die Romeine in die diatribe-styl geskryf is. 'n Diatribe is 'n leergesprek met die doel om die leerling of teenstander deur middel van vrae, teenvrae en logiese afleiding te oortuig.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Romeine 10:8-15 is 'n onderdeel van die gedagtegang van Romeine 9-11 (vgl. Jonker, 1976:21; Dunn, 1988b:ix). Om Romeine 10:8-15 te kan verstaan, moet die plek van Romeine 10:8-15 in hierdie groter gedagtegang verstaan word. Jonker (1976:21) toon die gedagtegang van Romeine 9:1-10:21 soos volg aan (vgl. Dunn, 1988b:ix):

9:1-5 Die smartlike posisie van Israel
9:6-29 God se genade bly genade
- 9:6-13 God se genade word geopenbaar in sy vrye verkiesing
- 9:14-18 In God se genade is geen onreg nie
- 9:19-24 God het die mag om te handel na sy welbehae
- 9:25-29 Bevestiging deur die Skrif

9:30-10:21 Israel is te trots vir God se genade
- 9:30-10:3 Israel het die geregtigheid nie verkry nie
- **10:4-13 Die ware weg tot geregtigheid**
- 10:14-21 **Wat Israel met die genadewoord gedoen het.**

Romeine 10:8-15 lê baie duidelik binne die gedeeltes wat handel oor die weg waarop mens God se genade kan vind en wat Israel met daardie weg gedoen het.

Romeine 10:8-15 se gedagtestruktuur kan nou soos volg uiteengesit word[3]:

[3] Die teks van die 1983-Vertaling word gebruik omdat die dinamies-ekwivalente vertaling die Griekse gedagtegang goed in Afrikaans weergee

*[8]Nee, die Skrif sê: "Naby jou is die **woord**, in jou mond en in jou hart." En hierdie **woord***

→ *is die boodskap van die geloof,*

→ *en dit is wat ons **verkondig**:*

→ *[9]As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.*

→ *[10]Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.*

→ *[11]Die Skrif sê tog: "Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie." [12]"Niemand nie!"*

→ *Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, [13]want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.*

→ *[14]Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie?*

→ *En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom **gehoor** het nie?*

→ *En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat **preek**?*

→ *[15]En hoe kan iemand preek as hy nie **gestuur** is nie?*

→ *Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van **dié wat die goeie boodskap bring**."*

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Paulus is 'n apostel wat besonderlik deur die Here afgesonder is om die Evangelie aan die heidene bekend te maak (Dunn, 1988a:xli; Galasiërs 2:9). Hierdie uitbreiding van die Evangelie van Christus na die heidennasies het gevolg op die verwerping van Christus deur die Jodedom (Romeine 11:11).

Die brief aan die Romeine is waarskynlik tussen die jare 55-58 n.C. geskryf terwyl Paulus in Korinte oorwinter het (Pelser, 1988:46; Vergeer, 1999:1451; Dunn, 1988a:xliii). Teen hierdie tyd was Paulus al ryp in ervaring en vanweë die relatiewe lang tyd van oorwintering, kon hy nou 'n sorgvuldige uiteensetting van die Evangelie en geloof in sy brief aan die Romeine opstel (Dunn, 1988a:lvi).

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Volgens Romeine 1:5,15 was die eerste lesers gelowiges wat hulle in Rome bevind het. Rome was die hoofstad en sentrum van die Romeinse Ryk. Vanweë die groot verkeer tussen die hoofstad en ander stede en gebiede in die Romeinse Ryk, het dit gebeur dat Christene in 'n betreklike kort tydjie na Rome verhuis of teruggekeer het (Pelser, 1988:43-44).

Die gemeente in Rome het hoofsaaklik uit bekeerlinge vanuit die nie-Joodse volke bestaan, maar waarskynlik was daar heelwat Joodse Christene in die gemeente (Vergeer, 1999:1452; Jonker, 1976:13-14).

Tussen die Jode (wat Christus verwerp het) en die Christene het daar gedurig konflik ontstaan omdat die Jode die Christendom as 'n afgedwaalde sekte beskou het. Daarom was dit noodsaaklik dat Paulus die gemeente goed inlig oor die onhoudbaarheid van die Joodse standpunte teenoor die Christelike leer (Jonker, 1976:14-15).

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Die brief aan die Romeine moes die eerste lesers/hoorders oortuig dat die Joodse leringe sonder Christus onhoudbaar is. Daarteenoor moes die lesers/hoorders insien dat Christus die vervulling van die Ou Testamentiese wet is (Jonker, 1976:14-15).

Romeine 10:8-15 toon aan die eerste hoorders hoe dit gebeur het dat ook heidene die genade van die Here kan ontvang wat aanvanklik net op Israel van toepassing was.

Woordstudie van belangrike begrippe

Uit die gedagtestruktuur hierbo is daar woorde wat die aksie en metode van die oordra van God se goeie boodskap aan die mens beskryf. Hierdie is die woorde: "woord" (ρημα) en "verkondig" (κηρυσσομεν) in vers 8, "hoor" (ηκουσαν) in vers 14, "stuur" (αποσταλωσιν) en "wat die goeie boodskap bring" (ευαγγελιζομενων) in vers 15. Hierdie begrippe word nou in meer besonderhede bestudeer.

*Woord (ρημα - ontleding: nom., neut., ekv. van ρημα.)*

Die begrip ρημα word twee keer in vers 8 in die nominatief gebruik om die inhoud aan te dui van dít wat deur Paulus verkondig is.

Louw en Nida (1996) deel ρημα onder domeine 13 (wat handel oor die gebeurlikheid van sake) en 33 (wat handel oor kommunikasie) in. Onder domein 33 word ρημα in verskillende subdomeine ingedeel. Onder 33.9 verwys ρημα na "a minimal unit of discourse, often as a single word". Onder 33.98 verwys ρημα na die inhoud van 'n diskoers - dit wat gesê is. Hiervolgens is ρημα en λογος (wat hierbo onder die eksegese van Handelinge 4:1-4 behandel is) sinonieme. Arndt *et al.* (2000) stel ook dat ρημα kan verwys na die inhoud van prediking. Die betekenis van ρημα in Romeine 10:8 is duidelik dié van 33.98, naamlik die inhoud van dít wat Paulus en die ander apostels verkondig het.

Dunn (1988b:603-607) toon egter aan dat Paulus Deuteronomium 30:11-14 as basis gebruik het vir die skryf van Romeine 10:6-9. Die woord wat Paulus uit Deuteronomium 30:14 aanhaal as ρημα is die Hebreeuse woord דבר wat in Deuteronomium 30:14 na die openbaring en gebooie van die Here verwys.

Gevolgtrekking:

> Paulus gebruik dus ρημα om na die woorde van sy en die ander apostels se prediking te verwys, maar met die aanhaling uit Deuteronomium 30:14 stel hy dat die ρημα van sy prediking ook die דבר (openbaring/woorde/gebooie) van die Here is. Daarom word hierdie ρημα deur Paulus as die ρημα van geloof getipeer.

*Verkondig (κηρυσσομεν - ontleding: Praes., ind., akt., 1ste pers., mv. van κηρυσσω.)*

Κηρυσσω is reeds hierbo onder die eksegese van Matteus 4:23-5:2; 7:28-29 bestudeer. Daar is vasgestel dat κηρυσσω verwys na die aksie wat 'n boodskapper verrig wanneer hy sy boodskap oordra. Hierdie begrip is ook baie nou verwant aan die begrip διδασκω wat verwys na "onderrig gee".

Κηρυσσω word in vers 8 en 14 gebruik. In vers 8 in die praesens indikatief gebruik Paulus die begrip om na die aksie te verwys wat hy en die ander

apostels verrig het en wat as verkondiging of prediking bekend staan. In vers 14 verwys κηρυσσω na 'n derde persoon wat die aksie verrig wat as prediking bekend staan.

Gevolgtrekking:

> Paulus en die ander apostels het 'n aksie verrig waar hulle die ρημα (woord) van geloof oordra. Hierdie ρημα (woord) het hulle oorgedra deur dit aan te kondig maar ook aan hulle hoorders te onderrig.

*<u>Hoor</u> (ηκουσαν ontleding: Aor., ind. akt., 3e pers., ekv. van ακουω)*

Met ακουω word verwys na die aksie wat verrig word deur hulle tot wie die prediking/verkondiging gerig is.

Louw en Nida (1996) deel ακουω onder verskeie domeine in: Onder domein 24 (wat verwys na sensoriese vermoëns) beteken ακουω by 24.52 die sensoriese aktiwiteit van klank hoor en by 24.58 die sensoriese vermoë om klank te hoor. Onder domein 31 (wat verwys na die aanvaarding van opinie) beteken ακουω by 31.56 om te luister en gevolglik te reageer op iets wat gehoor is. Onder domein 32 (wat verwys na begrip vir 'n saak) beteken ακουω by 32.1 om 'n boodskap te hoor en te verstaan. Onder domein 33 (wat verwys na kommunikasie) beteken ακουω by 33.212 die aktiwiteit tydens 'n kommunikasieproses wat deur die persoon verrig word wat nie praat nie - om te hoor wat die ander een sê. Onder domein 36 (wat verwys na gehoorsaamheid) beteken ακουω by 36.14 om te luister na wat iemand sê en dan te doen wat gesê word. Onder domein 56.13 (wat na geregtelike aksie verwys) beteken ακουω by 56.13 die aanhoor van 'n saak in 'n hof.

Arndt *et al.* (2000) toon ook aan dat ακουω verwys na die vermoë om te hoor, maar dat hierdie hoor dikwels met verstaan gepaardgaan.

Gevolgtrekking:

> Die doel van die κηρυσσω (prediking) van Paulus was om die ρημα (woord) van geloof só oor te dra dat die mense op wie sy κηρυσσω gerig was die boodskap kon ακουω (hoor). Om te hoor, verwys nie net na die sensoriese vermoë om klank te hoor nie. Om te hoor beteken om die

woorde te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer.

*<u>Gestuur</u> (αποσταλωσιν - ontleding: Aor., subj., pass. 3e pers., mv. van αποστελλω)*

In vers 15 word αποστελλω gebruik as 'n voorwaarde (daarom die subjunktief) vir iemand om te kan preek.

Louw en Nida (1996) deel αποστελλω onder semantiese domein 15 in wat verwys na linière beweging. By 15.66 beteken αποστελλω om iemand met 'n spesifieke doel na iets/iemand te stuur. Arndt *et al.* (2000) bevestig hierdie betekenis.

Gevolgtrekking:

Niemand kan die ρημα (woord) van geloof κηρυσσω (verkondig) indien die persoon nie deur God αποστελλω (gestuur) is nie.

*<u>Dié wat die goeie boodskap bring</u> (ευαγγελιζομενων - ontleding: Praes., part., mid., gen., ml., mv. van ευαγγελιζω)*

Die boodskapper wat die ρημα (woord) van die geloof κηρυσσω (verkondig) word in vers 15 getipeer as 'n ευαγγελιζομενων. Die partisipium word immers hier in die attributiewe posisie gebruik (vgl. Jordaan, 1995:45-46).

Louw en Nida (1996) deel ευαγγελιζω onder semantiese domein 33 (wat na kommunikasie verwys) en subdomein O (wat na "in kennis stel" en "aankondig" verwys) in. Ευαγγελιζω is hiervolgens 'n woord wat spesifiek in die Nuwe Testament gebruik word om die goeie nuus aangaande Jesus Christus (die Evangelie) oor te dra. Arndt *et al.* (2000) wys ook daarop dat ευαγγελιζω verwys na die bring van 'n goeie of blye boodskap. In die attributiewe partisipium sal hierdie woord dus verwys na die persoon wat die goeie boodskap bring.

Gevolgtrekking:

Iemand wat die ρημα (woord) van geloof oordra, bring in wese goeie nuus vir die persoon wat waarlik hoor. Daarom kan hierdie persoon omskryf word as iemand wat die goeie boodskap bring.

Skrif-met-Skrifvergelyking

Romeine 10:6-9 is 'n gewysigde aanhaling uit Deuteronomium 30:12-14 (Dunn, 1988b:604-609). In hierdie gedeelte in Deuteronomium word verwys na die woord van God wat Moses aan die volk geleer het.

Romeine 10:15 is 'n aanhaling van Jesaja 52:7. Jesaja 52:7 is 'n Messiaanse profesie uit die Ou Testament wat die blye boodskap van die koms van Christus uitbeeld. Paulus gebruik hierdie aanhaling nou eskatologies as die oordra (in die hede en die toekoms) van die blye boodskap wat reeds in Christus werklikheid geword het (Dunn, 1988b:621-622).

Godsopenbaring in die perikoop

Uit al bogenoemde eksegese kan afgelei word dat God Homself in hierdie gedeelte openbaar as die God wat boodskappers stuur om sy blye boodskap aan mense te openbaar. Op hierdie woord van geloof moet die hoorders reageer omdat hulle uit hulself nie op genade en redding aanspraak kan maak nie. Alleen deur te reageer op God se genadewoord deur dit te glo, kan hulle aan God se genade deel kry. Hierdie waarheid geld nie net vir die heidene nie, maar ook vir die Jode (Dunn, 1988b:611-617, 628-629).

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Romeine 10:8-15

- Hierdie opmerkings oor prediking in die brief aan die Romeine is waarskynlik rondom die jare 55-58 n.C. neergepen.
- Uit hierdie opmerkings oor prediking is dit baie duidelik dat daar drie partye in prediking betrokke is: 1) God wat sy dienaars stuur om die woord van geloof te verkondig, 2) die gestuurde dienaar wat die blye boodskap oordra, 3) die hoorders wat op die boodskap moet reageer.
- 'n Dienaar kan die woord van God nie verkondig as hy nie gestuur is nie.
- Dít wat verkondig word, is die woord (ρημα) wat van God kom.
- Verkondiging is aankondiging en onderrig van die woord (ρημα) van God.
- Hierdie woord (ρημα) is 'n woord van blydskap vir die hoorder wat dit waarlik hoor.
- Vir die hoorder om waarlik die woord te hoor, beteken: om te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer.

- Hierdie woord moet aan alle mense en nie net die Joodse volk nie, verkondig en onderrig word.

### 3.2.6 Eksegese van Hebreërs 5:11-14

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

Hebreërs is een van die boeke van die Nuwe Testament. Die boek gee geen aanduiding van wie dit geskryf het nie (Lane, 1991a:xlix). Vroeër is gewonder of die skrywer nie dalk Paulus was nie, maar volgens Du Toit (2002:15) het selfs Origines gesê: "Wie inderdaad die brief geskryf het, weet net God." Vandag is navorsers eens dat dit nie Paulus kon gewees het nie. Wat wel duidelik uit die boek self afgelei kan word, is dat die skrywer 'n Hellenistiese Christen-Jood moes gewees het wat goed onderrig was in die Joodse geskrifte (Lane, 1991a:xlix).

Lane (1991a:lxxxviii-lxxxix) toon aan dat daar tans geen konsensus aangaande die struktuur van die Hebreërsboek is nie. Du Toit (2002:25) gee 'n sinvolle struktuurindeling wat vir hierdie eksegese gebruik sal word. Hiervolgens word die Hebreërsboek in drie groot hoofdele en 'n afrondingsdeel ingedeel:

| | | |
|---|---|---|
| Hoofdeel 1 | Hebreërs 1:1-4:13 | God is die sprekende God |
| Hoofdeel 2 | Hebreërs 4:14-10:31 | 'n Erediensmotief |
| Hoofdeel 3 | Hebreërs 10:32-12:13 | Volharding word van gelowiges gevra |
| Afrondingsdeel | Hebreërs 12:14-13:25 | Vermanings |

Hebreërs 5:11-14 val volgens hierdie indeling in die tweede hoofdeel van die Hebreërsboek. Lane (1991a:133) wys daarop dat Hebreërs 5:11-6:12 'n literêre eenheid van aanmoediging/bemoediging is.

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

Een van die belangrikste inleidingsprobleme met betrekking tot Hebreërs is die bepaling van die genre waartoe die geskrif behoort. Tog bestaan daar vandag redelike eenstemmigheid onder Nuwe Testamentici dat hierdie geskrif 'n preek met 'n briefslot is (Vorster, 1988:73; Kruger, 2002:13-14). In Hebreërs 13:22

karakteriseer die skrywer self die boek soos volg: "... woorde ... waarmee ek julle bemoedig het." Hieruit kan afgelei word dat Hebreërs in die eerste plek nie 'n dogmatiese redevoering is nie, maar aansporingswoorde met leerstellige insettinge ter ondersteuning van die aansporing (Du Toit, 2002:22).

Lane (1991a:xcvii) sê dat Hebreërs 5:11-6:20 'n vermanende uitbreiding te midde van 'n leerstellige uiteensetting is. Kruger (2002:18) noem hierdie teksgedeelte 'n paraklese aangaande die noodsaak tot geloofsgroei.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Die Grieks waarin Hebreërs geskryf is, is van hoogstaande gehalte en redelik ingewikkeld. Dit veroorsaak dat die logika in hierdie boek soms baie moeilik is om te volg (Du Toit, 2002:14). Tog kan die volgende gedagtestruktuur van Hebreërs 5:11-14 gedoen word:

In Hebreërs 4:14-5:10 word na Jesus as die groot Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek verwys. Na aanleiding van hierdie leerrede word die volgende vermaning/aansporing nou gerig:

↓

[11]*waaroor ons veel te sê het*

→ ***wat swaar is om te verklaar,***

→ *omdat julle **traag geword het om te hoor.***

→ [12]*Want hoewel julle vanweë die tyd **leraars** behoort te wees,*

→ *het julle weer nodig dat 'n mens julle die **eerste beginsels** van die woorde van God moet leer,*

→ *en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie.*

→ [13]*Want elkeen wat melk gebruik,*

→ *is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n **kind** is.*

→ [14]*Maar vaste spys is vir volwassenes,*

→ *vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.*

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Die Hebreërsboek is gerig aan Nuwe Testamentiese gelowiges tydens die laaste dekades van die eerste eeu. Hulle ouers en grootouers was reeds Christene (Kruger, 2002:11). Die meeste van hierdie gelowiges het daarom nie persoonlik vir

Christus hier op aarde geken nie. Vanuit hulle geloof en Christus se werk in die verlede en hulle hoop vir die toekoms, moes hulle die dag-tot-dag uitdagings aanpak. Hebreërs is 'n aanmoediging tot volharding (vgl. Kruger, 2002:15).

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Du Toit (2002:17) sê dat Hebreërs teen 96 n.C. reeds geskryf moes gewees het, want die eerste Klemensbrief haal in daardie jaar uit Hebreërs aan. Die verwysings in die brief na vervolgings laat die gedagte ontstaan dat die boek tussen die jare 70-90 n.C. geskryf is. Bruce (1990:21) is egter van mening dat die boek nie lank voor die uitbreek van die vervolging in Rome in 65 n.C. geskryf is nie.

Die eerste lesers/hoorders van die boek was waarskynlik 'n gemengde groep Christene uit die heidendom en die Jodedom wat 'n huisgemeente in Rome was (Du Toit, 2002:18). Kruger (2002:11) toon aan dat die gelowiges tot wie die boek Hebreërs gerig was, die gevaar geloop het om afvallig te word van hulle geloof. Hierdie verflouing kon die gevolg gewees het van moontlike vervolging. Die eerste lesers/hoorders se ouers en voorouers was Christene en die skrywer was bekommerd dat iets van die vitaliteit en entoesiasme van die geloof by die Christene verlore kon gaan. Die kans was goed dat van die eerste lesers/hoorders van die Hebreërsboek dit oorweeg het om weer die relatiewe veilige hawe van die Jodedom te gaan opsoek teenoor die gevaar wat dit ingehou het om 'n Christen te wees (Du Toit, 2002:19).

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Die boek Hebreërs het sy eerste lesers/hoorders voor die keuse gestel om met nuwe entoesiasme Christus te dien en nie vanweë moeilike omstandighede tou op te gooi nie (Kruger, 2002:11). Die gemeente moes weer moed en krag kry om hul kop op te tel en voluit as Christene te lewe. Hulle moes opnuut oortuig word dat die Christelike geloof oor-en-oor die moeite werd was en dat dit selfs die Joodse godsdiens ver oortref het (Du Toit, 2002:22).

Hebreërs 5:11-14 het die eerste lesers/hoorders voor die keuse gestel om die status quo in hulle geloof te behou en babatjies in die geloof te bly, of om te groei in hul geloof en onderskeidingsvermoë te ontwikkel. Sou hulle nie groei in hul geloof nie, het hulle die gevaar geloop om uit die geloof weg te sak.

Woordstudie van belangrike begrippe

Uit die gedagtestruktuur hierbo is dit duidelik dat daar 'n aantal begrippe in Hebreërs 5:11-14 gebruik word wat met prediking of die gevolg van prediking verband hou. Hierdie is die begrippe: "veel te sê het wat swaar is om te verklaar" (λογος και δυσερμηνευτος λεγειν), "traag geword het om te hoor"(νωθροι ταις ακοαις), "leraars" (διδασκαλοι) en "kind" (νηπιος).

*"Veel te sê het wat swaar is om te verklaar" (λογος και δυσερμηνευτος λεγειν)*

Die begrip λογος is hierbo onder die eksegese van Handelinge 4:1-14 bestudeer. Hier in Hebreërs 5:11 het λογος die betekenis van Louw en Nida (1996) se semantiese domein 33.98 wat verwys na die aksie van praat.

Die byvoeglike naamwoord δυσερμηνευτος kom net op hierdie plek in die Griekse Bybel voor. In die werke van Hellenistiese skrywers word hierdie woord gebruik om 'n inherente probleem in die materiaal wat verduidelik word, aan te toon (vgl. Arndt *et al.*, 2000). Louw en Nida (1996) deel hierdie begrip in onder semantiese domein 33.149 (wat na kommunikasie verwys) en subdomein J (wat na interpretasie, uiteensetting en verduideliking verwys).

Lane (1991a:130) wys daarop dat in die konstruksie "λογος και δυσερμηνευτος λεγειν" die infinitief λεγειν komplimentêr is tot die byvoeglike naamwoord δυσερμηνευτος. Die funksie van hierdie infinitief is om die byvoeglike naamwoord te verduidelik: "en swaar (δυσερμηνευτος) om te verklaar/te sê (λεγειν)".

Gevolgtrekking:

> Om die Evangelie van Christus oor te dra (te praat) is nie altyd maklik nie. Daar is sekere sake wat moeilik is om te verklaar. Tog is dit nodig om hierdie moeilike sake te verklaar sodat die hoorders volwasse in die geloof kan word.

*"Traag geword het om te hoor" (νωθροι ταις ακοαις)*

Die begrip ακοαις (enkelvoud - ακουω) is reeds hierbo onder die eksegese van Romeine 10:8-15 bestudeer. Daar is vasgestel dat ακουω die volgende betekenisse kan hê: om die woorde te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer.

Νωθροι word deur Louw en Nida (1996) ingedeel onder semantiese domein 88 (wat verwys na morele en etiese kwaliteite, asook verwante gedrag) en subdomein F[1] (wat verwys na luiheid of ledigheid). Hiervolgens verwys νωθροι dus na luiheid of traagheid (vgl. Arndt *et al.*, 2000).

Lane (1991a:131) toon dat die sinsnede νωθροι ταις ακοαις vertaal kan word met "traag om te hoor" met die klem nie op die aksie van hoor nie, maar op die aksie daarvan om te reageer op dít wat gehoor is.

Gevolgtrekking:

> Νωθροι ταις ακοαις dui op traagheid om te reageer op dít wat verkondig is.

*Leraars (διδασκαλοι – ontleding: Nom., ml., mv. van διδασκαλος)*

Διδασκαλος is hierbo onder die eksegese van Matteus in besonderhede bestudeer. Daar is vasgestel dat 'n διδασκαλος (leermeester) διδασκω (onderrig gee).

Lane (1991a:136-137) sê dat die skrywer van Hebreërs in 5:12-14 die literêre tegniek van ironie gebruik om sy lesers/hoorders tereg te wys. In teenstelling daarmee dat hulle (die lesers/hoorders) teen hierdie tyd self reeds leermeesters behoort te gewees het, het hulle nodig dat iemand hulle weer in die grondwaarhede van die Evangelie onderig.

Gevolgtrekking:

> Die doel van onderrig in die kerk is sodat hoorders in kennis en insig kan groei en só self leermeesters word wat ander kan onderrig.

*Kind (νηπιος - ontleding: Nom., ml., ekv. van νηπιος)*

Louw en Nida (1996) deel νηπιος in onder semantiese domein 9 (wat handel oor mense) en subdomein D (wat handel oor kinders). Volgens 9.43 is 'n νηπιος 'n klein kindjie, net ouer as 'n hulpelose baba, maar nie ouer as 3 of 4 jaar nie.

Arndt *et al.* (2000) wys daarop dat die skrywer van Hebreërs met νηπιος kindertjies bedoel wat nog so klein is dat hulle nie vaste kos kan eet nie.

Dit ironie wat Lane (1991a:136-137) in Hebreërs 5:12-14 gebruik, stel dus dat iemand wat nog nie reageer op die woordverkondiging nie (of bitter min), nog 'n babatjie is wat nie in staat is om vaste voedsel te eet nie.

Gevolgtrekking:

> Hieruit is dit duidelik dat die leermeester rekening moet hou met die volwassenheid van sy hoorders. Hoorders wat nog nie gegroei het in die geloof nie, sal nie die moeilike dinge verstaan en daarop reageer nie.

Skrif-met-Skrifvergelyking

Efesiërs 4:14 handel ook oor die saak van geloofsgroei. Daar word aangetoon dat dit noodsaaklik vir elke gelowige is om in die geloof te groei. Groter geloofsvolwassenheid lei tot sterker standvastigheid wanneer aanvegtinge en teenstand kom.

Godsopenbaring in die perikoop

Vervolging, teenstand en geloofsverflouing was wesenlike probleme in die kerk tydens die laaste dekades van die eerste eeu. Die gevaar het bestaan dat gelowiges vanweë hierdie probleme afvallig van die geloof kon raak (vgl. Bruce, 1990:5, Du Toit, 2002:19). Hebreërs 5:11-14 is 'n vermaning om te groei in die geloof sodat die gelowiges vanuit 'n volwasse geloof kan onderskei wat waarlik reg en verkeerd is. Geloofsgroei bestaan uit 'n groei vanuit geloofsgrondbeginsels na dít wat moeilik is om te verduidelik.

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Hebreërs 5:11-14

- Hierdie opmerkings oor prediking in die Hebreërsboek is waarskynlik gedurende die laaste dekades van die eerste eeu neergepen.
- Uit hierdie opmerkings oor prediking is dit baie duidelik dat daar drie partye in prediking betrokke is: 1) God wat sy woord geopenbaar het, 2) die leermeester wat die godsopenbaring oordra, 3) die hoorders wat op die boodskap moet reageer.
- Sommige sake is vir 'n leermeester baie moeilik om te verduidelik.
- Tog is dit noodsaaklik om moeilike sake te verduidelik, want moeilike sake is vaste kos vir die geloof.
- 'n Hoorder wat nie reageer op moeilike sake nie, bly 'n klein kindjie in die geloof.

- Vir die hoorder om waarlik die woord te hoor, beteken: om te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer.
- Deur geloofsgroei word hoorders self ook leermeesters.

### 3.2.7 Samevatting van eksegetiese perspektiewe op prediking

- Prediking is 'n tegniek wat die Here deur eeue in die Bybel gebruik het om met sy kerk te kommunikeer.
- In prediking is daar drie partye betrokke: 1) die Here, 2) die boodskapper/leermeester/prediker wat deur God gestuur word om sy boodskap oor te dra, 3) die hoorders van God se boodskap.
- Die prediker dra met woorde 'n boodskap van die Here aan die hoorders oor. Hierdie boodskap is nie die prediker se eie idees nie, maar gee die boodskap van die Here weer. Daarom is die prediking se gesag in die Here self gefundeer en nie in die prediker wat bloot die boodskap oordra nie.
- Die Heilige Gees maak dit vir die prediker moontlik om met vrymoedigheid en selfvertroue te kan preek.
- Hierdie boodskap van God word deur die prediker toegepas in die lewenskonteks van die hoorders. Met ander woorde, daar vind nie net aankondiging nie, maar ook onderrig plaas. Daar is 'n noue verband tussen "verkondig" en "onderrig."
- Prediking het as inhoud die lewe, sterwe en opstanding van Christus en die implikasie daarvan vir die lewe van elke mens.
- Die prediker moet die geestelike volwassenheid van die hoorders in ag neem en dit in die sake waaroor gepreek word, verreken.
- Hoorders word opgeroep om op die boodskap van die Here te reageer. Vir die hoorder om waarlik te hoor, beteken: om te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer.
- Hoorders wat waarlik hoor en groei in hul geloof word self ook meesters wat ander kan onderrig.

## *3.3 Literatuurstudieperspektiewe op prediking*

### 3.3.1 Werkswyse vir die literatuurnavorsing

Verskillende skrywers en navorsers het breedvoerig oor prediking geskryf. Deur middel van 'n oorsigtelike literatuurstudie, sal vasgestel word watter insigte by verskillende skrywers verkry kan word om basisteoretiese perspektiewe op prediking te help formuleer. Hierdie navorsing gaan onder drie hoofde gegroepeer word:

- Wat sê verskillende skrywers is prediking?
- Wat sê verskillende skrywers is die doel van prediking?
- Wat sê verskillende skrywers is die wyse waarop prediking sy doel bereik?

### 3.3.2 Wat is prediking?

Hierbo (onder 3.1.2) is beskrywings oor prediking van Adams (1982:7), Pieterse (1985:10-11,14), Runia (1988:528), Dingemans (1991:50), Vos (1996:146-147), Burger (1999:226), Kruger (2002:20), en Cilliers (2004:22-24) verreken om 'n voorlopige definisie van prediking op te stel. Die samevatting van al bogenoemde beskrywings was:

> Dit is duidelik dat daar sekere elemente teenwoordig moet wees om die handeling wat ons 'n "preek" noem, te laat geskied. Hierdie elemente is die volgende: 1) 'n **prediker**, 2) **hoorder(s)**, 3) **'n boodskap** wat die toepassing van die Bybel deur die prediker <u>in die moderne leefwêreld</u> van die hoorder is. Die prediker verkondig <u>nie sy eie gedagtes nie</u>, maar <u>'n boodskap wat God</u> in sy Woord geopenbaar het.

Die voorlopige definisie wat uit hierdie beskrywings opgestel is, was: Prediking is die **oordra van 'n Goddelike boodskap** deur 'n prediker aan hoorders.

In uitbreiding op hierdie samevatting en voorlopige definisie, word die volgende sake gemeld:

Karl Barth (2004) sê oor prediking:

> "a) Preaching is the Word of God which he himself has spoken; but God makes use, according to his good pleasure, of the ministry of a man who speaks to his fellow men, in God's name, by means of a passage of Scripture. Such a man fulfils the vocation to which the Church has called him and, through his ministry, the Church is obedient to the mission entrusted to her.

> "b) Preaching follows from the command given to the Church to serve the Word of God by means of a man called to this task. It is this man's duty to proclaim to his fellow men what God himself has to say to them, by explaining, in his own words, a passage from Scripture which concerns them personally."

Uit hierdie beskrywing van prediking deur Karl Barth, is dit duidelik dat prediking volgens hom ook handel oor die oordra van 'n Goddelike boodskap (in die Skrif gevind) deur 'n geroepe prediker aan hoorders.

Kourie en Kretzschmar (2000:14) sê dat God deur sy Woord met sy mense praat. Willhite (1998:150) noem dit duidelik dat die Woord van God met gesag tot alle mense in alle kulture van alle tye praat. Prediking is die verkondiging van die Woord van God (Vos en Pieterse, 1997:249), want prediking is immers ten diepste "mensen in contact proberen te brengen met God" (Dingemans, 1991:1). Deur die prediking moet die gemeente dus begelei word om al hoe meer *coram Deo* te lewe.

Van ouds is preke beskou as normatiewe betoë, gelewer deur geleerde ampsdraers van die Christelike kerk en gegrond op 'n normatiewe Bybelteks. Hieruit is dit duidelik dat prediking beskou word as 'n ingrypende, normatiewe en rigtinggewende beïnvloeding van die gemeente (Dingemans, 1991:25). Cilliers (2004:14-15) stel dit baie sterk dat die Bybelboodskap in die konteks van die hoorders toegepas moet word. Hy sê: "prediking wat die konteks van menswees nie in die oë kyk nie, is in werklikheid geen prediking nie." Stark (2005:78) sê hieroor: "De prediking is van meet af aan gericht op te participatie van de hoorders en hun engagement aan de inhoud van de prediking."

Prediking word gelewer deur 'n persoon wat innerlik vurig daarvan oortuig is dat hy deur God geroep en aangestel is om God se boodskap aan die gemeente oor te dra (Bodey, 1977:845). Die noodsaak vir hierdie roepingsbesef lê daarin dat God self deur die prediker aan die woord moet kom. Daarom moet die prediker as mens tydens prediking op die agtergrond verdwyn en God deur sy Gees moet deur die prediker spreek (Koch, 1978:691).

Vos (1996:146) belig ook die belang en werk van die Heilige Gees in die prediking deur daarop te wys dat die Heilige Gees die menslike faktor nie uitskakel nie, maar eerder volledig in diens neem. Dit beteken dat die prediker in sy werk op die verligting van die Heilige Gees mag bly reken. Verder mag hy daaraan vashou dat die Heilige Gees God se Skrifboodskap deur die prediking kommunikeer en die mens op dié wyse tot aanvaarding van die heil oorreed (vgl. Van Harn, 2005:109-119).

Omdat prediking verkondiging van die Woord van God is, is prediking gesagvol. Die gesag van prediking lê nie in die prediker nie, maar in die boodskap self wat aan die prediker toevertrou is. Ware prediking is immers nie die weergee van menslike idees oor God nie, maar die weergee van God se boodskap aan die mens (Bodey, 1977:845).

Burger (1999:217) bevestig die belang van die Bybel vir die prediking deur te sê dat prediking deel van die kerugmatiese diens van die kerk is, wat op sy beurt weer baie nou gekoppel is aan die spesifieke heilsmiddel van die Bybel. Prediking is 'n aktiwiteit waardeur die gemeente hierdie spesifieke gawe van die Gees gehoorsaam opneem en alles moontlik daaruit probeer ontvang. Stark (2005:7) sê dat die Bybel die Woord van God is en dat gelowiges in die Bybel alles vind wat hulle nodig het om te glo. Sy sê hieroor:

> "De Heilige Schrift is echter niet tijdloos, maar behoeft uitleg en toepassing met betrekking tot de vragen van iedere nieuwe tijd en context. Met andere woorden: de Bijbel vraagt erom gepredikt te wordend. Daaronder ligt het besef dat God nog altijd door de Heilige Geest, door middel van de Schriften van het Oude en Nieuwe Testament, tot de gemeente spreekt. De taak van de prediking is deze Schriftvertolking."

Omdat die prediker tydens prediking die Woord van God verkondig, moet hy allereers self na die Woord luister (Van Harn, 2005:18-20). Om self goed na die Woord te luister, hou in dat die prediker weet watter vrae om te vra, watter leidrade om te soek en antwoorde op die volgende twee vrae te vind: "Watter betekenis het die teks vir die eerste hoorders gehad?" en "Wat beteken die teks vir ons vandag?"

Hieruit is dit duidelik dat die prediker tydens sy preekvoorbereiding ewe veel aandag aan die prosesse van eksegese en hermeneuse moet gee. As eerste hoorder van die teks, moet die prediker doelbewus in die plek van, en tot voordeel van sy hoorders luister. Hy moet die oë en ore van sy gemeenskap met hom saamneem tydens die aksie van luister na die teks. Die kwaliteit van aanvanklike luister na die teks is direk eweredig aan die kwaliteit van die uiteindelike prediking van die teks (Van Harn, 2005:20,25).

Die sentrum van Christelike prediking is Christus self. Prediking moet Christus verkondig: Christus as die gekruisigde, maar ook Christus as die opgestane Here wat oor sy koninkryk regeer. Die implikasies van Christus se sterwe, sy opstanding, sy

hemelvaart en ook sy terugkoms moet in die prediking vir elke hoorder uitgespel word (Koch, 1978: 686-696; vgl. Stark, 2005:78). Van Harn (2005:39-40) sê:

> "... when we listen to a sermon we should be able to see the Story of what God has done for us[4] in the history of Israel and in the person of Jesus Christ... The Story that gives meaning and purpose to the text gives meaning and purpose to the sermon and to the listeners who are drawn into it."

Prediking bestaan uit verskeie fasette. Dit is die verkondiging, getuienis, onderrig en kommunikasie van die goeie nuus van Jesus Christus. Deur hierdie verskillende fasette word aan die lidmate van die gemeente die toerusting gegee wat hulle nodig het vir hulle dienswerk, maar word die gemeente ook gelei om te groei in eenheid en geloofsvolwassenheid (Oh, 1998:160-162). Stark (2005:7) sê dat prediking as vorm van onderrig vanaf die standpunt uitgaan dat die kennisoordrag wat tydens prediking plaasvind, die hoorders kan inlei in die geheimenis, wil en openbaring van God.

<u>Opsomming van literatuurstudie oor wat prediking is</u>

- In prediking is daar drie partye betrokke: 1) God, 2) 'n prediker, en 3) hoorders.
- Die prediker dra nie sy eie gedagtes nie, maar 'n boodskap van God aan die gemeente oor. Om waarlik God se boodskap te kan oordra, moet die prediker self eers goed na die Woord luister. Hy luister ook doelbewustelik namens sy hoorders. Ewe veel aandag moet aan beide die prosesse van eksegese en hermeneuse geskenk word.
- Die bron van hierdie boodskap is die openbaring van God in die Bybel. Omdat God die bron van die boodskap is, is die boodskap gesagvol.
- Die sentrum van hierdie boodskap is Christus. Die implikasies van Christus se sterwe, sy opstanding, sy hemelvaart en ook sy terugkoms moet in die prediking uitgespel word.
- Hierdie boodskap moet aktueel in die lewe van die gemeente verkondig word, sodat die gemeente ingelei kan word in die geheimenis, wil en openbaring van God.

[4] Onderstreping vir klem deur JAE

- Die Heilige Gees moet die prediker se oë verlig om God se boodskap te kan sien, maar die Heilige Gees moet ook die hoorders se ore oopmaak om die boodskap waarlik te kan hoor.

### 3.3.3 Wat is die doel van prediking?

Die doel van prediking is immers ten diepste om "mensen in contact proberen te brengen met God" (Dingemans, 1991:1). Van Harn (2005:2,65) verklaar dat prediking die doel het om die hoorders Christus te laat hoor wat met hulle praat. Hoorders moet nie net in staat wees om die verband tussen die preek en die oorspronklike teks te sien nie; hulle moet ook die verband tussen die preek en hul eie lewens sien. In Van Harn (2005:65) se eie woorde:

> "A sermon reinterprets a text for now, it recreates in our world what it was in its world, and it restates here and now the message proclaimed then and there[5]."

Cilliers (1998:17) sê dat dit in die prediking daarom handel dat die prediker sy of haar alledaagse leefwêreld, en dié van die gemeente, in die lig van God se wêreld (koninkryk) sal sien, en dat die gemeente ook in hierdie visie, hierdie uitsig op God se wêreld, sal deel.

Koch (1978:692) stel dat die doel van prediking die vernuwing van die lewe in die Christelike gemeenskap is. Vernuwing van die lewe in die Christelike gemeenskap deur prediking dui op geestelike groei wat deur prediking bevorder word. Cilliers (2004:19) wys daarop dat navorsing toon dat prediking basies en sentraal in die opbou van die gemeente is, dat opbou nie sonder prediking kan gebeur nie. Prediking is daarom die hart van die kerk.

Choi (1996:60, 88) toon dat prediking ten doel het om 'n gedeelte van die Bybel te verklaar en toe te pas deur middel van metodes van eksegese en hermeneuse om lewensverandering by die hoorders te bewerk.

Pieterse (1985:14-15) stel dat die doel van prediking is om geloof in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees op te wek en te versterk. Die handelingsdoeleindes van die prediking het te doen met die opwekking van die geloof, maar ook die opbou, die versterking en die onderrigtende implikasies daarvan vir die hele lewe (vgl. Goldsworthy, 2000:1; Adam, 1996:70).

[5] Klem deur Van Harn self.

Dijk (1955:76) het dekades gelede geskryf dat prediking daardie diens is wat God in en deur sy kerk in die wêreld verrig om sy kerk te vergader, te heilig, te voed, op te bou, om gelowiges te versterk in hulle geloof en voor te berei vir sy heerlikheid, asook om sy koninkryk in hierdie wêreld te laat deurbreek. Firet (1974:60) noem dat die verkondiging in die kerk altyd die verkondiging van Jesus Christus en die koninkryk van God inhou.

Adam (1996:70) gaan van die standpunt uit dat daarteen gewaak moet word om die fokus van die prediking te rig op individue en hulle behoeftes, eerder as om te fokus op die gemeente in geheel. Die primêre doel van prediking sou dan wees om die welvaart, gehoorsaamheid, heiligheid, en ordelike funksionering van die gemeente in geheel te bevorder. Hierdie standpunt is egter aanvegbaar, want die gemeente in geheel bestaan uit individuele hoorders wat elk unieke behoeftes het wat onder andere deur die verkondiging van die Woord aangespreek moet word. Hieroor sê Stark (2005:8) immers dat prediking op die gemeente as geheel gerig is, maar elke hoorder persoonlik tref.

<u>Opsomming van literatuurstudie oor die doel van prediking</u>

- Prediking het ten doel die vernuwing van die Christelike gemeenskap. Hierdie doel word bereik deur die sondaarmens met God te versoen en die versoende mens te leer om in 'n nuwe verhouding met God te lewe.
- Om hoorders te leer om in 'n nuwe verhouding met God te lewe, moet hulle onderrig word in die implikasies van hulle geloof vir hulle lewe. Hierdie onderrig vind tydens prediking plaas deurdat die prediker 'n brug bou tussen die Bybelteks en die lewe van die hoorders.
- Vernuwing van die lewe van die Christelike gemeenskap dui op die aksie van geestelike groei wat deur prediking bevorder moet word.

### 3.3.4 Wyses waarop prediking sy doel bereik

Cilliers (1998:18-19) argumenteer dat prediking daaruit bestaan dat die prediker in die midde van die gemeente staan en die gemeente op die openbaring van God wys. Die prediker is self deel van die gemeente en staan saam met die gemeente voor God. Die prediker wys die gemeente nie op homself nie, maar wys weg van homself na die Here. Daarom begin die prediking nie (in die eerste plek) by 'n teks of preek of enigiets anders nie, maar begin (en eindig) dit by God. Mayhue

(1997:8-9) wys ook duidelik daarop dat God en sy Woord sentraal in die boodskap van die prediker moet staan (vgl. ook Pieterse, 1985:7-10).

Van Harn (2005:2) sê na aanleiding van Romeine 10:13-17 dat geloof deur gehoor kom. Deel van die missionêre opdrag van die kerk is om hoorders die Evangelie te laat hoor. Tussen prediking aan die een kant, en geloof en geloofsgroei aan die ander kant, staan die daad van "om te hoor". Prediking bereik dus sy doel van geloofsgroei, wanneer hoorders waarlik hoor.

Ware prediking is nie die weergee van menslike idees oor God nie, maar die weergee van God se boodskap aan die mens (Bodey, 1977:845). Pieterse (2005b:111) sê dat deur die werking van die Heilige Gees, die prediking van die Skrif as lewende Woord van God verstaan kan word. Deur die uitleg (eksegese) en toepassing (deur die proses van hermeneuse en homilese) van God se vroeëre openbaring, kan Hy vandag deur die prediker aan die woord kom (Greidanus, 1988:1,7; Pieterse, 2005a:417). Wiersbe (1995) maak hierdie treffende stelling:

> "God prepares the person who prepares the message. Martin Luther said that prayer, meditation, and temptation made a preacher. Prayer and meditation will give you a sermon, but only temptation—the daily experience of life—can transform that sermon into a message. It's the difference between the recipe and the meal."

Met Wiersbe se stelling word die proses van hermeneuse baie mooi geïllustreer. 'n Preek is die oordra van 'n Bybelse boodskap, toegepas in die daaglikse lewe van die prediker en die hoorders. In hierdie sin is die preek die verkondiging van die Woord van die Here in die situasie van die prediker en die hoorders. Daarom stel die tweede Helvetiese Konfessie tereg dat: *Praedicatio verbi Dei est verbum Dei.*

Ook Choi (1996:60, 88) toon dat prediking sy doel bereik deur 'n gedeelte van die Bybel te verklaar en toe te pas. Hierdie verklaring en toepassing word gedoen deur middel van metodes van eksegese en hermeneuse. Die inligting wat deur die metodes van eksegese en hermeneuse verkry is, moet in 'n preek verwerk word. 'n Preek bestaan dan uit 'n sentrale tema, met 'n inleiding, liggaam en slot waarbinne die Skrifgedeelte in die konkrete situasie van die gemeente toegepas word.

Dijk (1955:79) sê dat prediking as diens van die Woord van God uit verskillende fasette kan bestaan. Prediking kan wees: verkondiging, lering, vertroosting, vermaning, profesie en homilie (toeligting van 'n Skrifgedeelte). Ook Greidanus (1988:6-7) toon dat prediking verskeie fasette het - fasette wat uitgelig word deur verskeie Griekse begrippe. Daar moet daarteen gewaak word om prediking nie net tot een van hierdie begrippe te reduseer nie.

Mayhue (1997:8) wys dat die vier mees prominente begrippe in die Griekse Nuwe Testament wat die rykdom van prediking uitdruk, die begrippe: κηρυσσω, ευαγγελιζω, μαρτυρεω en διδασκω is. Volgens Mayhue (1997:8) verwys κηρυσσω en ευαγγελιζω na die algemene aktiwiteit van verkondiging, terwyl μαρτυρεω verwys na die eerstehandse getuienis van oog- en oorgetuies van die Evangeliegebeure. Διδασκω verwys weer na doelbewuste onderrig in die Woord en Weg van die Here.

Pieterse (2005a:418-419), in navolging van Calvyn, sê dat die aksie van κηρυσσω vergelyk kan word met die aksie van 'n ambassadeur wat 'n boodskap oordra. Daarteenoor is διδασκω die aksie wat 'n onderwyser verrig tydens die opvoeding van kinders. By didaktiese prediking gaan dit egter nie net oor inwyding in die geheimenis van die geloof nie, maar ook om die alledaagse geloofsbestaan (Stark, 2005:239).

Die effek van die preek hou verband met die bedoeling of oogmerk van die prediker. Van 'n bevel, 'n appèl of vermaning kan nie verwag word dat dit troos moet bied nie. Van 'n troospreek kan nie verwag word dat dit teologiese vrae moet oplos nie. Dit kan egter ook gebeur dat preke buite die bedoeling van die prediker 'n ander effek op bepaalde hoorders kan hê (Vos, 1996:147-148).

<u>Opsomming van literatuurstudie oor die wyse waarop prediking sy doel bereik</u>

- Die prediker is ook 'n hoorder van die Woord van God. Hy staan in die midde van die gemeente en moet die gemeente op die Woord van God wys. Om in hul geloof te kan groei, moet hoorders waarlik die Woord van God hoor.
- Deur middel van eksegetiese en hermeneutiese metodes moet die prediker sy boodskap vanuit die Skrif vind en in die lewens van sy hoorders toepas. Deur die proses van homilese moet die boodskap aan die hoorders oorgedra word.
- 'n Preek bestaan uit 'n sentrale tema, met 'n inleiding, liggaam en slot waarbinne die Skrifgedeelte in die konkrete situasie van die gemeente toegepas word.
- Prediking kan uit verskillende fasette bestaan, onder andere verkondiging, onderrig, vertroosting en vermaning.
- Die effek van die preek hou verband met die bedoeling of oogmerk van die prediker.

### 3.3.5 Samevatting van literatuurstudieperspektiewe op prediking

- In prediking is daar drie partye betrokke: 1) God, 2) 'n prediker, en 3) hoorders.
- Die prediker dra nie sy eie gedagtes nie, maar 'n boodskap van God oor. Die bron van hierdie boodskap is die openbaring van God in die Bybel. Omdat God die bron van die boodskap is, is die boodskap gesagvol. Om waarlik God se boodskap te kan oordra, moet die prediker self eers goed na die Woord luister. Hy luister ook doelbewus namens sy hoorders. Ewe veel aandag moet aan beide die prosesse van eksegese en hermeneuse geskenk word.
- Die sentrum van hierdie boodskap is Christus. Die implikasies van sy sterwe, opstanding, sy hemelvaart en terugkoms moet in aktuele prediking uitgespel word.
- Die Heilige Gees moet die prediker se oë verlig om God se boodskap te kan sien. Die Heilige Gees moet ook die hoorders se ore oopmaak om God se boodskap te kan hoor.
- Die doel van prediking is om die sondaarmens met God te versoen en die versoende mens te leer om in 'n nuwe verhouding met God te lewe. Prediking het ook ten doel die opbou van gelowiges in hul geloof.
- Hierdie groei in die nuwe verhouding met God dui op geestelike groei wat deur prediking bevorder word.
- Deur middel van eksegetiese en hermeneutiese metodes moet die prediker sy boodskap vind en in die lewens van sy hoorders toepas. Deur die proses van homilese moet die boodskap aan die hoorders oorgedra word.
- Prediking bestaan uit verskeie fasette, onder andere verkondiging, onderrig, vertroosting en vermaning. Die effek van die preek hou verband met die bedoeling of oogmerk van die prediker.

## *3.4 Sintese van eksegetiese- en literatuurstudie: basisteoretiese perspektiewe op prediking*

Hierdie sintese van die resultate van die eksegetiese- en literatuurstudies word gedoen aan die hand van die drie vrae wat vroeër geformuleer is: wat is prediking,

wat is die doel van prediking, en wyses waarop prediking sy doel bereik. Hierdie sintese stel die basisteoretiese bevindings vir hierdie studie oor prediking:

### 3.4.1 Wat is prediking?

- Prediking is 'n gebeurtenis waarby drie partye betrokke is: 1) die Here, 2) die boodskapper/leermeester/prediker wat deur God gestuur word om sy boodskap oor te dra, 3) die hoorders van God se boodskap.
- Die prediker dra met woorde 'n boodskap van die Here aan die hoorders oor. Hierdie boodskap is nie die prediker se eie idees nie, maar gee die boodskap van die Here weer. Hierdie boodskap word in die Skrif gevind. Daarom is die prediking se gesag in die Here self gefundeer en nie in die prediker wat bloot die boodskap oordra nie. Die sentrum van hierdie boodskap is Christus en moet aktueel aan die hoorders oorgedra word.
- Om waarlik God se boodskap te kan oordra, moet die prediker self eers goed na die Woord luister. Hy luister ook doelbewus namens sy hoorders. Ewe veel aandag moet aan beide die prosesse van eksegese en hermeneuse geskenk word. Die Heilige Gees moet die prediker se oë verlig om God se boodskap te kan sien. Die Heilige Gees moet ook die hoorders se ore oopmaak om God se boodskap te kan hoor.

### 3.4.2 Wat is die doel van prediking?

- Die doel van prediking is om die sondaarmens met God te versoen en die versoende mens te leer om in 'n nuwe verhouding met God te lewe.
- Prediking het as inhoud die lewe, sterwe en opstanding van Christus en die implikasie daarvan vir die lewe van elke mens. Met die preek moet daar dus 'n brug gebou word tussen die boodskap van die Bybelteks en die lewe van die hoorders.
- Prediking het ook ten doel die opbou van gelowiges in hul geloof. Hoorders wat waarlik hoor en groei in hul geloof, word self ook meesters wat ander kan onderrig. Hierdeur word geestelike groei in die hoorders bewerkstellig.

### 3.4.3 Op watter wyse bereik prediking sy doel?

- Die prediker moet die geestelike volwassenheid van die hoorders in ag neem en dit in die sake waaroor gepreek word, verreken.
- Prediking bestaan uit verskeie fasette, onder andere verkondiging, onderrig, vertroosting en vermaning. Deur middel van eksegetiese en hermeneutiese

metodes moet die prediker sy boodskap vanuit die Skrif vind en in die lewens van sy hoorders toepas. Deur die proses van homilese moet die boodskap aan die hoorders oorgedra word.

- Vir die hoorder om waarlik die Woord te hoor, beteken: om te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer.

# Hoofstuk 4

# Doelwit B: Basisteoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei

## *4.1 Inleiding tot Hoofstuk 4*

### 4.1.1 Vooraf opmerkings

Spiritualiteit is 'n onderwerp wat vandag wêreldwyd belangstelling geniet - nie net in die Christelike teologie nie (vgl. Adam, 2004:15; Sheldrake, 1999:34). Dit is egter moeilik om die presiese betekenis van die term "spiritualiteit" te definieer omdat die term op verskillende wyses gebruik word en ook omdat daar nie eenstemmigheid is oor die wyse waarop die term gebruik behoort te word nie (McGrath, 2001:2; Kourie, 2000:11).

Vanweë die verskillende wyses waarop die term "spiritualiteit" gebruik word, is dit noodsaaklik om die studieterrein oor hierdie onderwerp vir hierdie studie af te baken. Om basisteoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei vir hierdie studie te kan formuleer, is dit nodig om 'n voorlopige definisie van spiritualiteit en geestelike groei te bied wat die studieterrein kan begrens.

Omdat die term "spiritualiteit" nie net in die Christelike godsdiens gebruik word nie (vgl. Adam, 2004:15; McGrath, 2001:25), moet dit duidelik gestel word dat die term "spiritualiteit" in hierdie studie uitsluitlik na Christelike spiritualiteit verwys. Soms word dit uitdruklik Christelike spiritualiteit genoem wanneer skrywers aangehaal word. Dit is dan in navolging van die spesifieke skrywer wat aangehaal word.

### 4.1.2 'n Voorlopige definisie van spiritualiteit en geestelike groei

Verskeie skrywers beskryf spiritualiteit soos volg:

- Jonker (1991:14-17) sê: "Christelike spiritualiteit verwys na die persoonlike verhouding met God, die gemeenskaplike omgang van gelowiges met God en met mekaar, en die praktiese uitlewing van die geloof in die wêreld."
- Op hierdie definisie van Jonker reageer Vos (1996:11) deur te sê: "Spiritualiteit beteken om in die kultiese bestaan en in die sosiale lewe God se Woord te verstaan, te ervaar en te aanvaar."

- Van der Merwe (1995:1) sê dat spiritualiteit verwys na die wyse waarop mense hulle verhouding met die Here verstaan en uitleef.
- Anon (1995:12) wys daarop dat spiritualiteit uitdrukking gee aan 'n gelowige se verhouding met God - soos gebed, geestelike dissipline en 'n geheiligde lewenswandel.
- Pfatteicher (1997:3-5) toon aan dat spiritualiteit wys op die reaksie van die mens op God. Die begrip verwys na die mees intieme, innerlike verhouding wat 'n mens met God kan hê, maar terselfdertyd is daar ook die bewustheid van ander gelowiges, omdat spiritualiteit gekweek word binne 'n gemeenskap van gelowiges ('n kerk).
- Sheldrake (1999:34) beskryf spiritualiteit as volg: "'Spirituality' concerns how people subjectively appropriate traditional beliefs about God, the human person, creation, and their interrelationship, and then express these in worship, basic values and lifestyle. Thus, spirituality is the whole of human life viewed in terms of a conscious relationship with God, in Jesus Christ, through the indwelling of the Spirit and within the community of believers."
- McGrath (2001:2) sê oor Christelike spiritualiteit: "Christian spirituality concerns the quest for a fulfilled and authentic Christian existence, involving the bringing together of the fundamental ideas of Christianity and the whole experience of living on the basis of and within the scope of the Christian faith."
- De Klerk (2003:3-4) noem dat die begrip "spiritualiteit" dui op die geestelike lewe van 'n gelowige in sy verhouding tot God. Verder sê hy dat spiritualiteit uit eerbied vir God bestaan en dat hierdie eerbied in die praktiese lewe van 'n gelowige op 'n bepaalde wyse na vore kom - in 'n *coram Deo* lewe ('n lewe gerig op die verheerliking van God).
- Venter (2006:12) verstaan onder gereformeerde spiritualiteit die lewe van 'n gelowige in die teenwoordigheid van, en onder die oë van God. Die kernsake waaroor spiritualiteit handel, is die persoonlike verhouding en omgang met die God van 'n gelowige.

Uit al bogenoemde beskrywings kan die volgende voorlopige definisie van spiritualiteit opgestel word wat kan geld vir 'n individu of 'n groep (soos 'n gemeente):

**Spiritualiteit** verwys na die totale lewenshouding en lewenswyse van 'n individu of groep wat gegrond is op, en 'n praktiese toepassing is van 'n spesifieke geloofsoortuiging binne 'n lewende verhouding met God.

Uit bogenoemde definisie is dit duidelik dat spiritualiteit gaan oor die praktiese uitlewing van 'n persoon/groep se verhouding met God gegrond op spesifieke geloofsoortuigings. Hierdie verhouding het 'n invloed op 'n persoon/groep se lewe en bestaan (vgl. Albin, 1988:657, Anon,1995:12). Hoe meer hierdie verhouding verdiep, hoe groter invloed word op die persoon/gemeente se lewe of funksionering uitgeoefen. Hierdie proses van verdieping in verhouding met God en die gepaardgaande invloed op 'n mens/gemeente se lewe, word geestelike groei genoem.

Pfatteicher (1997:9) noem dat spiritualiteit se doel is om te groei - groei wat die gelowige dring om al hoe meer na die beeld van Christus vernuwe te word. Ook McGrath (2001:3) wys daarop dat Christelike spiritualiteit verstaan kan word as die wyse waarop Christenindividue/groepe poog om in hul belewenis van God te verdiep.

Uit hierdie opmerkings kan 'n voorlopige definisie van geestelike groei soos volg gedefinieer word:

**Geestelike groei** verwys na die proses van verdieping in geloof en belewenis van God se teenwoordigheid in 'n individu/groep se lewe en die invloed wat dit op die persoon/groep se lewe het. Geestelike groei bring verdieping in spiritualiteit.

### 4.1.3 Werkswyse om Doelwit B te bereik

Om basisteoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei te bied, word vervolgens ses Skrifgedeeltes gekies waar spiritualiteit en geestelike groei aan die hand van bogenoemde definisie, duidelik belig word. Hierdie Skrifgedeeltes sal volgens die grammaties-historiese wyse van eksegese (soos uiteengesit deur De Klerk en Van Rensburg, 2005) ondersoek vir basisteoretiese beginsels aangaande spiritualiteit en geestelike groei.

Die Skrifgedeeltes wat bestudeer gaan word, is as volg gekies:

- Twee gedeeltes uit die Ou Testament. Een uit die vroeë-Israelse geskiedenis (Deuteronomium 6:1-9) en een uit die middel-Israelse geskiedenis (Hosea 4:1-13).
- Vier Skrifgedeeltes uit die Nuwe Testament. Een uit die optrede van Jesus in die Evangelies (Matteus 5:13-16), twee uit die brieweskat van Paulus (Efesiërs 4:11-16 en 1 Timoteus 4:6-16), en een uit die Hebreërspreek (Hebreërs 12:1-3).

Hierna word 'n oorsigtelike literatuurstudie van enkele moderne skrywers gedoen om te bepaal watter lig hulle op die onderwerp kan werp.

Uit hierdie eksegetiese- en literatuurstudiebevindinge sal dan 'n sintese gemaak word wat die basisteoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei sal bevat. Hierdie sintese moet die volgende vrae beantwoord:

- Wat is spiritualiteit ?
- Wat is die verband tussen spiritualiteit en geestelike groei?
- Op watter wyses word geestelike groei in 'n gemeente bevorder?

## *4.2 Eksegetiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei*

### 4.2.1 Eksegese van Deuteronomium 6:1-9

Inleiding

Hierbo (onder 3.2.1) is reeds heelwat eksegetiese inligting oor die boek Deuteronomium gegee. Hierdie inligting word nie hier herhaal nie, maar word wel verreken in die bevindings.

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek*

Verskillende Bybelverklaarders deel die boek Deuteronomium in verskillende dele in:

Van Rooy (1999:191) sê dat die boek uit twee hoofdele met verskeie onderafdelings bestaan. Volgens Van Rooy se indeling, val Deuteronomium 6:1-9 in die eerste hoofdeel wat by Deuteronomium 29:1 eindig.

Volgens Adam (2004:52-56), bestaan die boek Deuteronomium uit vier preke wat Moses aan Israel gelewer het kort voor hulle uit die woestyn in die beloofde land sou intrek. Die tweede van hierdie preke is opgeteken in Deuteronomium 5-26.

Deuteronomium 6:1-9 vorm dus deel van die tweede groot preek in Deuteronomium.

Ook Hill & Walton (1991:144) gaan van die standpunt uit dat Deuteronomium uit vier toesprake/preke van Moses bestaan. Volgens hulle indeling is Deuteronomium 6:1-9 ook deel van die inhoud van Moses se tweede toespraak/preek.

*Die genre van die perikoop en die perikoop se boek*

Die genre van die boek Deuteronomium is reeds onder 3.2.1 bespreek.

Watter van die indelings van die boek Deuteronomium hierbo ookal gevolg word, dit is duidelik dat Deuteronomium 6:1-9 deel van die inhoud van 'n toespraak/preek van Moses was.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Om Deuteronomium 6:1-9 te kan verstaan, is dit nodig om rekening te hou met die gebeure wat in Deuteronomium 5 opgeteken is. In hierdie toespaak/preek van Moses het hy eers weer die Tien Gebooie aan die volk voorgehou en daarna kortliks iets van die geskiedkundige agtergrond geskets. In Deuteronomium 6:1 begin hy nou die praktiese implikasies van die Tien Gebooie verduidelik. Hill en Walton (1991:144) sê dat Moses in hierdie verse 'n uitbreiding op die eerste gebod gee. Skematies kan die breër gedagtestruktuur soos volg voorgestel word:

**Deuteronomium 5:5-21** Moses hou weer die Tien Gebooie aan die volk voor

- → **Deuteronomium 5:22-33** Moses skets die historiese omstandighede rondom die gee van die wet
- → **Deuteronomium 6:1 en verder**: Moses brei uit op wette van die Here

Die gedagtestruktuur van Deuteronomium 6:1-9 is soos volg (sien volgende bladsy):

1 Dit is dan die gebod, die insettinge en die verordeninge wat die HERE julle God beveel het om julle **te leer**,

- *sodat julle dit kan* ***doen*** *in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem;*
- *2 dat jy die HERE jou God kan* ***vrees*** *om al sy insettinge*
- *en sy gebooie wat ek jou beveel, te* ***hou****—jy en jou kind en jou kindskind* ***al die dae*** *van jou lewe; en dat jou dae verleng kan word.*
- *3 Hoor dan, Israel, en* ***onderhou*** *dit sorgvuldig, dat dit met jou goed kan gaan en dat julle baie kan vermenigvuldig soos die HERE die God van jou vaders jou beloof het, 'n land wat oorloop van melk en heuning.*
- *4 Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE.*
  - *5 Daarom moet jy die HERE jou God* ***liefhê*** *met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.*
    - *6 En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet* ***in jou hart wees****;*
    - *7 en jy moet dit jou kinders* ***inskerp*** *en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.*
    - *8 Ook moet jy dit as* ***'n teken bind*** *op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees.*
    - *9 En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte* ***skrywe****.*

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Hier word volstaan met die opmerking by 3.2.1

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Die boek Deuteronomium word aangebied as 'n aantal toesprake/preke van Moses aan die volk voor hulle die beloofde land ingetrek het. In hierdie toesprake/preke kry die wette en verordeninge van die Here hulle plek binne die raamwerk van die verbond tussen God en sy volk. Nou, kort voor die volk die beloofde land intrek, word die verbond vernuwe en die volk tot hernude gehoorsaamheid van die verbond opgeskerp sodat hulle gehoorsaam aan die Here kan gaan leef (Van Rooy, 1999:190).

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Moses stel dit duidelik in Deuteronomium 6:1-9 dat die Here die wet, voorskrifte en bepalings aan die volk gegee het sodat hulle daarvolgens kan lewe (Christensen, 1991:135-136).

Deuteronomium 6:4 staan bekend as die Shema - die kern van Israel se geloof. Omdat die Here hulle God is, moes die volk leer om Hom alleen te gehoorsaam (Christensen, 1991:145). In vers 7 word die opdrag aan ouers gegee om hulle kinders in hierdie kern van die geloof op te voed (Wilson, 1997:1217).

Woordstudie van belangrike begrippe

In hierdie afdeling van die studie word basisteoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei geformuleer. Daarom gaan hierdie woordstudie fokus op woorde in Deuteronomium 6:1-9 wat op spiritualiteit en geestelike groei dui. Woorde wat op spiritualiteit en geestelike groei dui, is: "leer" (למד) in vers 1, "doen" (עשׂה) in vers 1, "vrees" (ירא) in vers 3, "hou" (שׁמר) in verse 2 en 3, "liefhê" (אהב) in vers 5, "hart" (לבב) in vers 6, "inskerp" (שׁנן) in vers 7 en "teken" (אות) in vers 8.

*Leer* (*למד - ontleding: Piël, inf., constr.*)

In Deuteronomium 6:1 word למד gebruik om die handeling uit te druk wat die Here vereis het sy volk met sy gebooie, insettinge en verordeninge moes doen. Holladay (1989:177) sê dat למד in die Piël gebruik word om die aksie van onderrig uit te druk. Ook Brown, Driver & Briggs (2000) noem dat למד gebruik word om die aksie van onderrig uit te druk.

Gevolgtrekking:

Die Here het van die Israeliete verwag om in hulle verhouding met Hom moeite te doen om sy gebooie, insettinge en verordeninge te leer en aan mekaar te onderrig.

*Doen* (*עשׂה - ontleding: Qal, inf., constr.*)

In Deuteronomium 6:1 word עשׂה gebruik om te verwys na die aksie wat die Israeliete moes verrig met die gebooie, insettinge en verordeninge van die

Here nadat hulle dit geleer het. Holladay (1989:284-286) sê dat עשה gebruik word om te verwys na die aksie van doen, vervaardig, produseer, uitvoer. Brown, Driver & Briggs (2000) toon aan dat hierdie woord verwys na die aksie van doen of produseer.

Gevolgtrekking:

> Nadat die Israeliete die gebooie, insettinge en verordeninge van die Here geleer het, moes hulle dit uitvoer. Die Here het van hulle verwag om te doen wat Hy aan hulle beveel het.

<u>Vrees</u> *(ירא - ontleding: Qal, impf., 2de pers., ml. ekv.)*

In Deuteronomium 6:2 word ירא gebruik om 'n aksie of resultaat aan te dui wanneer die Israeliete die gebooie, insettinge en verordeninge van die Here sou leer en uitvoer. Die woord לְמַעַן wat ירא voorafgaan, stel dit duidelik dat die resultaat van die uitvoering van die Here se gebooie, insettinge en verordeninge hier getoon word.

Holladay (1989:142) wys dat ירא in die Qal kan verwys na vrees as eerbied, of vrees as bangwees. Ook Brown, Driver & Briggs (2000) sê dat ירא kan verwys na die emosionele reaksie van bangwees, of om eerbied of respek vir die Here te hê.

Gevolgtrekking:

> Wanneer die Israeliete die gebooie, insettinge en verordeninge van die Here sou uitvoer, sou hulle dade hulle respek en eerbied vir die Here toon.

<u>Hou</u> *(שׁמר - ontleding: Qal, inf., constr en Qal, perf., 2de pers., ml., ekv.)*

In Deuteronomium 6:2 word שׁמר in die infinitief gebruik om 'n uitvloeisel te toon van die werkwoord ירא (om die Here te vrees) (vgl. Van der Merwe *et al.*, 1997:118). In Deuteronomium 6:3 word in שׁמר Qal perfektum gebruik om die aksie uit te druk wat die Israeliete met die gebooie, insettinge en verordeninge van die Here moes maak.

Holladay (1989:377-378) toon aan dat שמר verwys na die aksie van kyk, sien of toesien. שמר kan egter ook verwys na die aksie van waaksaam wees, wagstaan of 'n ogie hou oor iets. Brown, Driver & Briggs (2000) wys ook daarop dat שמר kan verwys na wagstaan of waaksaam wees.

Gevolgtrekking:

> Indien die Israeliete die Here respekteer, sou hulle waaksaam wees om toe te sien dat hulle doen wat Hy hulle in sy gebooie, insettinge en verordeninge beveel. Om nie waaksaam te wees om gehoorsaam aan die Here te wees nie, sou 'n teken van disrespek teenoor God wees. Hierdie waaksame gehoorsaamheid aan die Here moes hulle en hulle kinders al die dae van hulle lewens uitvoer.

*<u>Liefhê</u> (אהב - ontleding: Qal, perf., 2de pers., ml., ekv.)*

In Deuteronomium 6:5 kry die volk die opdrag om die Here te אהב. Holladay (1989:5) sê dat אהב "liefhê" beteken. Ook Brown, Driver & Briggs (2000) wys daarop dat אהב na liefde verwys.

Gevolgtrekking:

> Die Israeliete moes nie net die Here gehoorsaam en doen wat Hy beveel nie. Veel meer, die Israeliete moes die Here liefhê. Die rede vir hierdie liefde was omdat die Here hulle met magtige dade uit Egipte bevry het (Deuteronomium 6:20-25).

*<u>In jou hart</u> (לבב ontleding: S.nw., ml., ekv. + constr. )*

In Deuteronomium 6:6 word לבב gebruik om te beskryf waar die Israeliete uit eerbied en liefde vir die Here sy gebooie, verordeninge en insettinge moes bewaar. Holladay (1989:172) en Brown, Driver & Briggs (2000) sê dat לבב "hart" beteken, maar dat "hart" ook as uitdrukking vir die innerlike van die mens gebruik word. Die hart verwys daarom ook na die wil en gesindheid van die mens.

Christensen (1991:144) toon aan dat met hierdie uitdrukking bedoel is dat die Israeliete só oor die wet moes nadink dat die wet in hulle lewens

geïnternaliseer word: hulle moes só ernstig oor die wet nadink dat die wet waarlik hul gesindheid verander.

Gevolgtrekking:

> Gehoorsaamheid aan die Here is nie 'n saak van formele legalisme nie, maar eerder 'n reaksie vanweë begrip. Omdat die Israeliete besef wat die Here vir hulle gedoen het en omdat hulle Hom daarvoor dankbaar is en liefhet, het hulle nou die gesindheid om uit eerbied en liefde hul lewens volgens sy voorskrifte te wil lewe.

*<u>Inskerp</u> (שׁנן - ontleding: Piël, perf., 2de pers., ml. ekv.)*

In Deuteronomium 6:7 word שׁנן gebruik om te verwys na wat ouers met hulle kinders ten opsigte van die gebooie, verordeninge en insettinge van die Here moes doen. Holladay (1989:379) toon dat die betekenis van שׁנן in die Piël is om "herhalend te sê". In die Qal verwys שׁנן na "skerpmaak van 'n swaard". Brown, Driver & Briggs (2000) wys ook daarop dat שׁנן na die "skerpmaak" of "gereedmaak" van 'n instrument verwys. In hierdie sin kan שׁנן dan in Deuteronomium 6:7 verwys na die voorbereiding en gereedmaking van kinders om ook gehoorsaam aan die Here te wees.

Gevolgtrekking:

> Ouers het die opdrag en verantwoordelikheid om hulle kinders by herhaling te leer om die Here lief te hê en te respekteer deur sy wet na te volg.

*<u>'n Teken</u> (אות - ontleding: S.nw., ml./vr., ekv. )*

Holladay (1989:7) toon aan dat אות verwys na 'n teken of 'n merk. Kruger (1997a:331-333) wys dat אות die funksie van herinnering het - om te keer dat iets vergeet word. In die religieuse konteks was die doel van אות om kennis oor te dra en mense tot die besef te bring dat daar geen ander God as die Here is nie.

Christensen (1991:144-145) sê dat die Jode die opdrag tot tekens in Deuteronomium 6:8-9 letterlik opgeneem het. 'n Voorhoofsband met 'n houertjie waarin 'n stukkie perkament met sekere wetverse op was, het in

gebruik gekom. 'n Mezuzah is weer 'n klein houertjie waarin ook 'n stukkie perkament met wetverse is wat op deurkosyne vasgesit word. Hierdie voorhoofsbande en mezuzoth was pedagogiese middels om die wet van God sentraal in die verbondsgemeenskap te hou.

Gevolgtrekking:

> Die Israeliete moes aktiewe pogings aanwend om die wet van die Here die sentrale plek in hulle lewens te laat inneem. Letterlike tekens is in gebruik geneem as simbool en as onderrigmiddel om die sentraliteit van die wet in hulle lewens te toon. Hiermee sou hulle liefde vir die Here ook getoon word.

Skrif-met-Skrifvergelyking

In Markus 12:29-30 en Matteus 22:37 herhaal Jesus die opdrag dat gelowiges die Here moet liefhê met hulle hele hart en siel en kragte.

Godsopenbaring in die perikoop

In Deuteronomium 6:1-9 leer die Here die Israeliete hoe hulle in hulle verhouding teenoor Hom moet optree. As sy volk moet hulle Hom gehoorsaam en sy bevele uitvoer. Die rede hoekom hulle dit moet uitvoer, is omdat hulle Hom liefhet en respekteer. Hierdie opdrag geld vir die hele volk - ouers en kinders. Ouers moet aktiewe pogings aanwend om hulle kinders in hierdie sake te onderrig.

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Deuteronomium 6:1-9

- Hierdie riglyne oor spiritualiteit en geestelike groei word omstreeks 1 300 v.C. gegee.
- Die grond vir die Israeliete se besondere spiritualiteit was die feit dat God hulle uit Egipte bevry het. Nou gee Hy vir hulle wette waarvolgens hulle moet lewe.
- Die Here verwag dat sy volk volgens sy voorskrifte moet lewe. Hulle moet mekaar daarin onderrig.
- Die Here verwag dat sy volk volgens sy voorskrifte moet lewe en doen wat Hy van hulle eis.
- Dade van gehoorsaamheid is 'n teken van eerbied en respek vir die Here en daarom moet gehoorsaamheid aan God in alles en op alle terreine van die lewe nagestreef word.
- Eerbied en respek is 'n teken van totale liefde vir die Here.

- Ouers moet hierdie spiritualiteit aan hulle kinders oordra.
- In die praktiese uitvoering van die Here se opdragte, is sommige opdragte so letterlik uitgevoer dat voorhoofsbande en mezuzoth spirituele simbole geword het.

### 4.2.2 Eksegese van Hosea 4:1-13

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek*

Volgens die lys van konings wat in Hosea 1:1 gegee word, was Hosea 'n profeet wat in die jare 750-722 v.C. in die Noordryk (Tien-stammeryk) opgetree het (vgl. Vosloo, 1999:995; Hill & Walton, 1991:357). Hosea is die eerste van die sogenaamde klein profete in die Bybel.

Meeste Bybelnavorsers deel Hosea in twee hoofdele op. Hoofstukke 1-3 handel oor die simboliese betekenis van Hosea se huwelik met 'n prostituut. Hoofstukke 4-14 bevat profetiese uitsprake teen Israel (Kruger, 1997b:709-711; Hill & Walton, 1991:360).

*Die genre van die perikoop en die perikoop se boek*

Hosea bevat profetiese stof. Hosea 4:1-13 is 'n profetiese uitspraak wat teen Israel gelewer is (vgl. Hill & Walton, 1991:360-361).

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Beide Vosloo (1999:1002-1003) en Wolff (1974:65-74) toon dat Hosea 4 in twee hoofdele verdeel kan word. Verse 1-3 is 'n aanklag/dagvaardiging gerig aan die volk, en verse 4-19 is 'n aanklag/dagvaardiging gerig aan die geestelike leiers van die volk. Uit hierdie gedagtestruktuur kan hierdie indeling gesien word.

Skematies is die gedagtestruktuur van Hosea 4:1-13 soos volg[6]:

[6] 'n Opmerking oor die teks wat in hierdie gedagtestruktuur gebruik word: Vosloo (1999:995) wys daarop dat Hosea, naas Job, waarskynlik die meeste vertaalprobleme in die Ou Testament oplewer. Talle sinne kan op meer as een manier vertaal word. Daarom word in hierdie gedagteopbou 'n eie, baie letterlike vertaling van Hosea 4:1-13 gebruik.

[1]Hoor die woorde van Jahwe, kinders van Israel, want Jahwe het 'n dispuut teen die inwoners van die land

vanweë **geen getrouheid** en **geen liefde** en **geen kennis** van God in die land.

→ [2]Vloekery, en leuens, en moord, en diefstal, en owerspel, vloei voort en erge bloedvergieting breek uit.

→ [3]Daarom sal die aarde huil en al die inwoners treur saam met die diere van die veld en die voëls van die hemel en selfs die visse van die see sal vergader.

→ [4]Maar laat geen man twis en argumenteer nie, want jou mense is soos die wat met die priester twis. [5]Julle sal struikel in die dag, en ook die priester sal struikel saam met julle in die nag, en Ek sal vernietig jou ma.

→ [6]My volk word vernietig vanweë **'n gebrek aan kennis.**

→ Daarom, omdat julle die **kennis verwerp** het sal Ek julle wegwerp voor my, en omdat julle **vergeet het die wet** van julle God sal Ek ook julle kinders vergeet.

→ [7]Soos wat hulle meer word, so sondig hulle teen my. Ek sal hulle eer in skande omkeer. [8]Hulle eet die sonde van my volk op en hulle neem op perversiteit vir hulle siele.

→ [9]En daar sal wees mense soos priesters en Ek sal hulle besoek daaroor vanweë hulle paaie en hulle dade en Ek sal hulle omdraai/bekeer. [10]En hulle sal eet en nie versadig word nie. Hulle sal hoereer en nie vermeerder nie, want hulle het agtergelaat om Jahwe te gehoorsaam. [11]Hoerery, wyn en nuwe wyn neem die hart weg.

→ [12]My volk raadpleeg hout en sy staf gee openbarings vir hom want die gees van hoerery laat hulle ronddwaal en hoereer en hulle het weggegaan van hulle God. [13]Op hoogtes van berge het hulle geoffer en op heuwels wierook gebrand onder groot bome en populiere en terpentyn want die skadu is goed. Julle dogters het gehoereer en julle skoondogters owerspel.

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Hosea 4 is 'n uitspraak waarin die Here sy oordeel vanweë die ongehoorsaamheid van die volk aankondig. In 722 v.C., enkele jare na hierdie uitsprake, het Assirië die Noordryk (Israel) oorwin en in ballingskap weggevoer (Kruger, 1997b:708-709). 'n Bietjie meer as 100 jaar later, is Juda deur die Babiloniërs oorwin en self ook in ballingskap weggevoer (vgl. Vosloo, 1999:994). So het die waarskuwings van die Here oor straf indien sy volk aan Hom ongehoorsaam is, in werking getree (vgl. Deuteronomium 29).

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

In die beginjare van koning Jerobeam II se bewind was die Noordryk baie voorspoedig. Militêr en ekonomies was die Noordryk (Israel) 'n krag om mee rekening te hou. Hierdie voorspoed het die Noordryk (Israel) egter net verder van die Here laat wegdryf as wat sy reeds onder die vorige konings sedert Jerobeam I gedoen het. Op godsdienstige gebied het Israel daarom haar rug op die Here gedraai. Verskeie afgodsdienste het vastrapplek in die land gekry (Hill & Walton, 1991:359).

Veral die Kanaänitiese natuurgodsdienste (Baäldiens) was baie gewild. Op die hoogtes en onder groen bome is Baäl vereer as die gewer van vrugbaarheid en lewe. Deel van hierdie afgodsdiens het dus ook gruwelike seksuele praktyke ingesluit (Vosloo, 1999:996).

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Te midde van die welvaart en toenemende afgodsdiens, het Hosea die volk opgeroep om van haar fatale weë na die Here terug te keer. Hosea se huweliksmetafoor toon die verhouding tussen die volk en die Here. Die volk (ontroue vrou) moet terugkeer na haar God (troue man) (Kruger, 1997b:710-713).

Woordstudie van belangrike begrippe

In hierdie onderafdeling word 'n woordstudie gedoen op begrippe vanuit Hosea 4:1-13 wat na spiritualiteit en/of geestelike groei verwys. Woorde wat op spiritualiteit en geestelike groei (of eerder die gebrek daaraan vanweë die byvoeglike naamwoord אין) wys, is: "getrouheid" (אמת), "liefde" (חסד), en "kennis" (דעת) in verse 1 en 6. In vers 6 word "verwerp" (מאס) en "vergeet" (שׁכח) bestudeer. Die lys sondes in vers 2 is simptome van die oorsake wat in vers 1 gemeld word (vgl. Wolff, 1974:67; Vosloo, 1999:1002) en word daarom nie apart ondersoek nie.

*Getrouheid (אמת - ontleding: S.nw., vr., ekv.)*

Holladay (1989:22) en Brown, Driver & Briggs (2000) wys daarop dat אמת "waarheid", "eerlikheid" of "getrouheid" beteken. Wolff (1974:67) toon aan dat אמת verwys na onvoorwaardelike betroubaarheid van die een van wie die

getrouheid verwag word. Hiermee word na die langdurigheid van die verhouding met God verwys. Ridderbos (1952:56) toon dat teenoor אמת in vers 2, leuens, diefstal en owerspel genoem word.

Gevolgtrekking:

> Die Here het van Israel verwag om in haar spiritualiteit langdurig getrou te wees aan Hom. Sy moes betroubaar wees, eerlik en opreg sodat 'n langdurige verhouding met Hom kon bestaan.

<u>Liefde</u> *(חסד – ontleding: S.nw., ml., ekv.)*

Holladay (1989:111) sê dat חסד na absolute lojaliteit verwys. Daarby het חסד die betekenis van getrouheid en vriendelikheid. Brown, Driver & Briggs (2000) wys dat חסד ook na toegewydheid en liefde aan God verwys. Vosloo (1999:1002) sê dat hiermee na getrouheid in gesindheid, woord en daad aan God verwys word. Wolff (1974:67) sê dat met חסד na die intensiteit van die verhouding met God verwys word. Ridderbos (1952:56) toon dat teenoor חסד in vers 2 gestel word: moord en bloedvergieting.

Gevolgtrekking:

> Die Here het van Israel verwag om 'n intense verhouding met Hom te hê. Daarom moes haar spiritualiteit een wees van toegewydheid in woord en daad. Intense toewyding in woord en daad herinner aan die betekenis van die Grieke woord αγαπη wat in die Nuwe Testament met "liefde" vertaal word.

<u>Kennis</u> *(דעת – ontleding: S.nw., vr., ekv.)*

Holladay (1989:73) toon aan dat דעת na kennis van 'n saak of insig verwys. Brown, Driver & Briggs (2000) sê dat דעת na kennis van God as gehoorsaamheid aan God verwys. Hierdie gehoorsaamheid vloei dan voort uit kennis van wat God vereis en konformering daarmee. Ook Wolff (1974:67) wys daarop dat hierdie kennis verwys na bekendheid met God se leringe en 'n harmonieuse lewe daarmee. 'n Gebrek aan ware Godskennis is die oorsaak van die sedelike verwildering wat in die land heers (Ridderbos, 1952:57).

Een oorsaak van gebrek aan kennis is omdat die leermeesters van die volk, die priesters, nie die volk in die regte kennis onderrig nie (Wolff, 1974:78-79).

Gevolgtrekking:

> God het aan Israel sekere verordeninge gegee. Hierdie verordeninge moet geken word. Gebrek aan hierdie kennis (דעת) gee aanleiding tot ongehoorsaamheid aan God. Hierdie ongehoorsaamheid het geweldige negatiewe implikasies vir die spiritualiteit en geestelike groei van die volk. Daar rus dus 'n groot verantwoordelikheid op die geestelike leiers en toerusters van die volk wat hierdie regte kennis moet oordra.

*Verwerp* (*מאס – ontleding: Qal, perf., 2de pers., ml. ekv.)*

Die priesters van die volk het die דעת (kennis) van die Here מאס. Volgens beide Holladay (1989:180) en Brown, Driver & Briggs (2000) verwys die begrip מאס daarna om iets te verwerp of te weier. Wolff (1974:79) sê dat hierdie verwerping waarskynlik verstaan moet word as 'n doelbewuste versuiming om die volk in die leringe van die Here te onderrig. Die gevolg hiervan was dat die volk en die priesters wat haar moes onderrig, onder die oordeel van die Here gekom het.

Gevolgtrekking:

> Versuim om die wil van die Here uit te voer en nalating om onderrig aangaande die leringe van God te verskaf, is 'n doelbewuste verwerping van die Here. Hierdie verwerping bring die oordeel van die Here.

*Vergeet* (*שׁכח – ontleding: Qal, imperf., 2de pers., ml. ekv.)*

Die priesters het kennis van die wet van die Here שׁכח en hierdie was een van die redes waarom hulle die leringe van die Here מאס (verwerp) het. Volgens Holladay (1989:369) en Brown, Driver & Briggs (2000) beteken שׁכח "om te vergeet".

Gevolgtrekking:

> Omdat die priesters die leringe van die Here verwerp het, het hulle ook die leringe vergeet. In die plek van ware diens aan die Here volgens sy

wil, het hulle God eiewillig gedien. Eiewillige spiritualiteit is uit hierdie teks duidelik rampspoedig.

Skrif-met-Skrifvergelyking

In Deuteronomium 29 het die Here duidelike verbondsbepalings gegee van oordeel en straf wat die volk sou tref indien hulle ongehoorsaam aan Hom was.

In Joël 1 word soortgelyke oordele van die Here uitgespreek oor die ontrou en ongehoorsaamheid van die volk.

Godsopenbaring in die perikoop

God haat eiewillige godsdiens. Hy verwag dat sy volk Hom volgens sy bepalings sal dien. Mense wat God se leringe verwerp en ontrou is aan die Here kan op sy oordeel en straf reken (vgl. Ridderbos, 1952:57; Wolff, 1974:68).

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Hosea 4:1-6

- Hierdie riglyne oor spiritualiteit en geestelike groei word om-en-by die jare 750-722 v.C. gegee.
- God eis van sy volk om in die beoefening van hulle geloof absoluut gehoorsaam aan Hom te wees.
- Hierdie trou aan die Here moes 'n langdurige trou gewees het.
- Hierdie toewyding aan die Here moes intens wees in woord en daad.
- Trou en toewyding aan die Here kan alleen plaasvind vanuit die regte kennis van God.
- Hierdie kennis mag nie verwerp of vergeet word nie, maar eerder gesoek en nagejaag word.
- Leermeesters deur God aangestel het 'n groot verantwoordelikheid om hierdie lering oor te dra sodat die volk God reg kan dien.
- Mense wat God se leringe verwerp en ontrou is aan die Here, kan op God se oordeel en straf reken.

### 4.2.3 Eksegese van Matteus 5:13-16

Inleiding

Hierbo (onder 3.2.3) is reeds heelwat eksegetiese inligting oor die boek Matteus en die bergrede gegee. Hierdie inligting word nie hier herhaal nie, maar word wel verreken in die bevindings.

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek*

Matteus 5:13-16 is 'n bekende onderafdeling van die eerste groot preek (die bergrede) van Jesus wat in Matteus opgeteken is. Hierdie perikoop is een van drie onafhanklike inleidende perikope tot die bergrede in sy geheel (Cloete, 1990:29). Vanweë 'n moontlike chiastiese opbou in die bergrede, moet die verband met die moontlike parallel in Matteus 7:13-20 in berekening gehou word (vgl. Cloete, 1990:29).

*Die genre van die perikoop en die perikoop se boek*

Die bergrede is 'n opgetekende rede/preek van Jesus in die Matteusevangelie. Matteus 5:13-16 is dus 'n voorbeeld van Jesus se lering (Breytenbach & Müller, 1990:292).

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Müller (1990:110) wys op die belangrike verband tussen die voorafgaande saligsprekings en die kort rede oor sout en lig. Die verrassing in hierdie perikoop is dat juis hulle wat niks het om op eie houtjie van te leef nie, die sout van die aarde en die lig van die wêreld is.

Hagner (1993:97) toon die band met die res van die bergrede. Alleen deur sout en lig te wees, kan die gelowige waarlik die wil van God (soos in die res van die bergrede geopenbaar) uitleef. Om volgens die wil van God te lewe, is om sout en lig te wees.

In die lig van hierdie opmerking, kan die gedagtestruktuur van Matteus 5:13-16 soos volg uiteengesit word:

*[13]JULLE is die **sout** van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.*

*[14]Julle is die **lig** van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; [15]en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.*

→ *[16]Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.*

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

By herhaling beklemtoon Jesus: "Julle is die sout..." en "Julle is die lig" en nie "Julle moet dit wees nie." Om sout en lig te wees, is geen selfingenome, ekklesiologiese selfbeeld vol selfvertroue nie, maar 'n aanvaarding van 'n Goddelike kwalifikasie van die wese van dissipelskap (Müller, 1990:110). Die koninkryk van God gaan koninkrykswerk vooraf (Hagner, 1993:98). Hierdie kwalifikasie as sout en lig word dus alleen die deel van 'n gelowige vanweë Christus se versoenings- en die Heilige Gees se vernuwingswerk en nie vanweë eie prestasie nie.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Die Evangelie volgens Matteus is waarskynlik in die sewentiger- of tagtigerjare van die eerste eeu geskryf (Van Zyl, 1999:1113; Combrink, 1988b:73-74). Hierdie was jare van ernstige vervolging en swaarkry vir Christene. Die eerste lesers van die Evangelie van Matteus het die gevaar geloop om weens vervolging en swaarkry nie meer vol te hou om die lig van Christus in die duister wêreld te laat skyn nie (Müller, 1990:111).

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Alhoewel die navolgers van Jesus reeds sout en lig is, word hulle opgeroep om dit des te meer te wees. Hulle mag nie hulle sout- en ligwerking verloor nie. Hulle moet inwerk in die magsdomein van die duisternis en hulle nie deur allerlei invloede laat afskrik nie (Müller, 1990:111). Hierdie taak as sout en lig moet nie net met woorde nie, maar ook met dade verrig word (Hagner, 1993:102).

Woordstudie van belangrike begrippe

In hierdie onderafdeling word 'n woordstudie gedoen op begrippe vanuit Matteus 5:13-16 wat na spiritualiteit en/of geestelike groei verwys. Vanuit die

gedagtestruktuur hierbo is dit duidelik dat die begrippe "sout" (αλας) en "lig" (φως) iets aandui van die tipe spiritualiteit wat Jesus van sy dissipels verwag.

*<u>Sout</u> (αλας - ontleding: Nom., net., ekv. van αλας) en <u>Lig</u> (φως - ontledinge: Nom., net., ekv. van φως)*

Louw en Nida (1996) deel αλας onder semantiese domein 5 in wat handel oor kos en geurmiddels. Onder 5.25 word na sout as algemene geurmiddel verwys. Daar word aangetoon dat sout in die antieke tyd dikwels nie baie suiwer was nie en dan as gevolg van onsuiwerhede smaak kon verloor. Arndt *et al.* (2000) wys daarop dat αλας letterlik na sout as geurmiddel kan verwys, of in 'n figuurlike sin na 'n geesteskwaliteit by navolgers van Jesus.

Louw en Nida (1996) deel φως onder verskeie semantiese domeine in: 14 (wat handel oor fisiese gebeure en state), 2 (wat handel oor natuurlike verskynsels) en 6 (wat handel oor instrumente). Uit die konteks van Matteus 5:13-16 is dit duidelik dat domein 14.36 hier betrekking het omdat lig in 14.36 met duisternis gekontrasteer word. Lig verwyder duisternis.

Hagner (1993:99-100) toon die belang van die gebruik van φως in Matteus 5:13-16. God word dikwels in die Bybel "lig" genoem (vgl. 1 Johannes 1:5). In Christus het God lig in die wêreld gebring (Johannes 1). Christene is mense van die lig in die sin dat hulle God se lig in die wêreld laat skyn.

Müller (1990:110) sê dat dit in Matteus 5:13-16 met die gebruik van αλας en φως nie gaan om 'n ryke verskeidenheid van eienskappe wat aan sout en lig toegedig kan word nie, maar dat dit om die een saak, naamlik die funksie van sout en lig, gaan.

Gevolgtrekking:

> In Matteus 5:13-16 dui αλας en φως dus op die in- en uitwerking wat die dissipels van Jesus op hulle omgewing moet hê. Deel van die spiritualiteit van 'n gelowige is dus om 'n in- en uitwerking op sy omgewing te hê. Die uitwerking van die gelowige is dat dit die genadige teenwoordigheid van God in die wêreld moet indra.

Skrif-met-Skrifvergelyking

In Efesiërs 5:8 word Christene mense van die lig genoem wat hulle lig moet laat skyn. So ook in 1 Tessalonisense 5:5.

Godsopenbaring in die perikoop

Gelowiges is mense wat 'n in- en uitwerking in die wêreld rondom hulle moet hê. Die lig wat hulle van God ontvang het, moet uitstraal uit hulle lewe en die wêreld rondom hulle beïnvloed (vgl. Müller, 1990:110; Hagner, 1993:100; Van Zyl, 1999:1124).

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Matteus 5:13-16

- Hierdie riglyne oor spiritualiteit en geestelike groei word deur Jesus Christus self gegee tydens sy omwandelinge hier op aarde.
- Gelowiges is vanweë Christus se versoeningswerk burgers van God se koninkryk.
- As burgers van die koninkryk van God moet hulle gedurig daarna strewe om al hoe meer soos burgers van God se koninkryk te lewe en op te tree.
- Hierdie koninkrykslewe het 'n implikasie vir die lewe in hierdie wêreld. Gelowiges moet sout en lig wees. Hulle moet 'n in- en uitwerking in hierdie wêreld hê. Hulle moet die koninkryk van God in hierdie wêreld laat deurbreek.
- Vir 'n Christen het spiritualiteit dus ook 'n implikasie vir die totale lewe deurdat hy sy spiritualiteit in die wêreld só moet uitleef dat dit 'n in- en uitwerking in die wêreld het.

## 4.2.4 Eksegese van Efesiërs 4:11-16

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek*

Die brief aan die Efesiërs is een van die sogenaamde gevangenskapbriewe in die Nuwe Testament. Hierdie is briewe wat hulle oorsprong by die apostel Paulus gehad het wat dit geskryf het terwyl hy in die gevangenis was (Janse van Rensburg, 1999:1564-1565).

Roberts (1988:138-139) toon aan dat die struktuur van die Efesiërsbrief tipies Paulinies is en uit twee hoofdele bestaan (vgl. Lincoln, 1990:xxxvi). Die eerste hoofdeel (Efesiërs 1-3) is meer leerstellig van aard en die tweede hoofdeel

(Efesiërs 4-6) is meer vermanend. Die vermanende gedeelte stel lewenspraktyk wat in ooreenstemming is met die geloofsoortuiging.

Efesiërs 4:11-16 is 'n onderdeel van hierdie tweede hoofdeel van die brief wat dus meer vermanend is en lewenspraktyk stel wat in ooreenstemming met geloofsoortuiging moet wees.

*Die genre van die perikoop en die perikoop se boek*

Efesiërs is 'n brief en is daarom deel van die brief-genre (vgl. Pelser, 1988:41; Lincoln, 1990:xl). Janse van Rensburg (1999:1565) sê dat hierdie brief geskryf is ter bemoediging en geloofsversterking van die gemeente.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Met in agneming van die opmerking hierbo dat die Efesiërsbrief in twee hoofdele uiteenval en Efesiërs 4:11-16 'n onderdeel van die vermanende, tweede hoofdeel is, stel Roberts (1988:140) die gedagtestruktuur van Efesiërs 4:1-16 as volg (vgl. Janse van Rensburg, 1999:1564):

Efesiërs 4:1-16 Vermanings wat op die kerk gerig is

- → Efesiërs 4:1-6 Die geloofsoortuiging lei tot die eis dat die eenheid van die kerk gehandhaaf moet word.
- → Efesiërs 4:7-16 Die genadegawe wat daar vir elkeen is, moet die eenheid dien.

Binne hierdie breër gedagtestruktuur kan Efesiërs 4:11-16 soos volg uiteengesit word:

*11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,*

- → *12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk,*
  - → *tot **opbouing** van die liggaam van Christus,*
  - → *13 totdat ons almal kom tot*
    - → *die eenheid van die **geloof** en van die **kennis** van die Seun van God,*
      - → *tot 'n **volwasse** man,*
      - → *tot die mate van die volle grootte van Christus;*
        - → *14 sodat ons nie meer **kinders** sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;*
        - → *15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou **opgroei** in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,*

| | |
|---|---|
| | ↳ [16] *uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die* ***ondersteuning*** *wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie* ***opbouing*** *in liefde.* |

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Waarskynlik is die Efesiërsbrief tussen die jare 61-63 n.C. geskryf terwyl Paulus in Rome in die tronk was (Janse van Rensburg, 1999:1564-1565). Roberts (1988:134-137) gaan weer van die standpunt uit dat die Efesiërsbrief waarskynlik in Sesarea ontstaan het tydens 'n vroeër gevangeneskap van Paulus.

Lincoln (1990:xxxvi) sê dat die appèl van die Efesiërsbrief is dat Christene in die kerk en in die wêreld moet leef vanuit die realiteit van die voorreg en vreugde van hulle plek in God se raadsplan. Hulle mag nie een word met die sekulêre wêreld waarbinne hulle leef nie.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Bybelnavorsers wys daarop dat die vroegste manuskripte van die Efesiërsbrief nie die spesifieke adres van die gemeente in Efese bevat nie (vgl. Janse van Rensburg, 1999:1565, Roberts, 1988:138; Bruce, 1984:230). Hieruit wil dit voorkom asof Efesiërs nie aan 'n spesifieke gemeente gerig was nie, maar eerder dalk 'n omsendskrywe wat aan verskeie gemeentes in Klein-Asië gerig was.

Bruce (1984:245) sê dat daar interne getuienis in Efesiërs is dat hierdie brief geskryf is om heiden-Christene aan te moedig om hulle roeping deur God te waardeer. Hulle moes besef dat hulle roeping nie net 'n hemelse bestemming het nie, maar dat dit ook implikasies het vir hulle lewe hier op aarde.

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Deur kennis van hulle roeping deur God is die eerste lesers/hoorders van die Efesiërsbrief aangemoedig om hulle lewens in ooreenstemming met hulle roeping hier op aarde uit te leef. So groei hulle tot volwassenheid in geloof (vgl. Bruce, 1984:245-246).

Hierdie roeping word nie net individueel uitgeleef nie, maar ook gemeenskaplik. Deurdat elke gelowige in die kerk meewerk, word alle gelowiges opgebou en groei die hele kerk na geloofsvolwassenheid. Geloofsvolwassenes word nie maklik

beïnvloed nie en beskik oor kennis en insig om tussen goed en kwaad te onderskei en Christus se voorbeeld na te volg (Janse van Rensburg, 1999:1575).

Woordstudie van belangrike begrippe

In hierdie onderafdeling word 'n woordstudie gedoen op begrippe vanuit Efesiërs 4:11-16 wat na spiritualiteit en/of geestelike groei verwys. Woorde wat op spiritualiteit en geestelike groei dui, is: "opbouing" (οικοδομην) in verse 12 en 16, "geloof" (πιστεως), "kennis" (επιγνωσεως) en "volwasse" (τελειον) in vers 13, "kinders" (νηπιοι) in vers 14 en "opgroei" (αυξησωμεν) in vers 15.

*Opbouing (οικοδομην - ontleding: Akk., vr., ekv. van οικοδομη)*

In Efesiërs 4:12 verwys οικοδομη na die verskynsel wat in die kerk moet plaasvind op grond van toerusting deur die gawes wat God aan die kerk geskenk het.

Louw en Nida (1996) deel οικοδομη onder verskeie semantiese domeine in: 7 (wat verwys na boukonstruksies), 42 (wat verwys na die uitvoer van 'n aksie) en 74 (wat verwys na die vermoë om iets te doen). Louw en Nida (1996) lys die gebruik van οικοδομη in Efesiërs 4:12 onder 42.36. Hiervolgens verwys οικοδομη na die resultaat van 'n konstruksiegebeurtenis. In Efesiërs 4:12 en 16 verwys dit spesifiek na die resultaat van die opgeboude liggaam van Christus.

Arndt *et al.* (2000) noem dat οικοδομη letterlik en figuurlik gebruik kan word. Letterlik verwys die woord na die proses van fisiese konstruksie van 'n gebou. Figuurlik verwys οικοδομη na geestelike versterking en opbou van 'n persoon of groep mense.

Lincoln (1990:254-255) sê dat οικοδομη as beeldspraak in Efesiërs 4:12,16 gebruik word om die geestelike groei in die kerk uit te beeld. Hierdie groei word gestimuleer deur die prediking en onderrig van die Evangelie deur die gawes wat die Here vir sy kerk gegee het.

Gevolgtrekking:

Geestelike groei en opbou is 'n eis wat aan gelowiges gestel word. Hulle moet meewerk om die kerk geestelik groter en sterker te maak.

*<u>Geloof</u>* (*πιστεως - ontleding: Gen., vr., ekv. van πιστις*)

In Efesiërs 4:13 verwys πιστις na die eerste van twee sake waarin gelowiges tot 'n eenheid moet kom vanweë die toerustingswerk wat in die kerk verrig word.

Louw en Nida (1996) deel πιστις in onder semantiese domeine 31 (wat handel oor opinies, geloof en vertroue) en 33 (wat handel oor kommunikasie). Onder domein 31 word πιστις in verskillende subdomeine ingedeel: 31.43 by subdomein F (om te glo), 31.85 en 31.88 by subdomein I (om te vertrou), 31.102 en 31.104 by subdomein J (om 'n gelowige te wees). Onder domein 33 verwys πιστις by 33.289 na 'n belofte. Uit die konteks van Efesiërs 4:13 is dit duidelik dat πιστις hier gebruik word volgens semantiese veld 31.104 wat verwys na die leerstellings van die Christelike geloof.

Arndt *et al.* (2000) toon ook dat πιστις kan verwys na geloof, vertroue en aanvaarding van die Christelike boodskap. Bruce (1984:350) sê dat die eenheid van πιστις wat in Efesiërs 4:13 aangemoedig word, verwys na daardie eenheid wat bestaan tussen almal wat dieselfde goeie nuus aangaande die Seun van God aanvaar en vertrou.

Gevolgtrekking:

> In Efesiërs 4:13 word Christene aangemoedig om te groei tot geloofseenheid. Deel van Christelike spiritualiteit is dus om gesamentlik met ander Christene te werk om te groei tot dieselfde begrip en geloof in die goeie nuus van die Seun van God. Hierdie gesamentlike geloofsgroei dra by tot die opbou van die kerk.

*<u>Kennis</u>* (*επιγνωσεως - ontleding: Gen., vr., ekv. van επιγνωσιως*)

In Efesiërs 4:13 verwys επιγνωσιως na die tweede van twee sake waarin gelowiges tot 'n eenheid moet kom vanweë die toerustingswerk wat in die kerk verrig word.

Louw en Nida (1996) deel επιγνωσιως in onder semantiese domein 28 (wat na kennis verwys). As 28.2 verwys επιγνωσιως na die aktiwiteit om kennis van 'n saak te dra, terwyl 28.18 na die inhoud van die kennis verwys. Volgens die konteks van Efesiërs 4:13 verwys επιγνωσιως dus na die inhoudelike van die

kennis aangaande die Seun van God. Ook Arndt *et al.* (2000) sê dat επιγνωσιως na inligting verwys wat besit word.

Volgens Lincoln (1990:255-256) word met επιγνωσιως in Efesiërs 4:13 bedoel alle feite wat verband hou met die verlossing wat in Christus gesentreer is. Bruce (1984:350) sê dat hierdie επιγνωσιως verwys na die persoonlike kennis van God wat deur ervaring kom.

Gevolgtrekking:

> Gelowiges wat geestelik opgebou word, groei in hulle kennis van God. Sonder kennis kan geloofsgroei en kerklike opbouwerk nie plaasvind nie.

*Volwasse (τελειον - ontleding: Akk., ml., ekv. van τελειος)*

In Efesiërs 4:13 word τελειος gebruik om 'n gelowige en die kerk wat tot eenheid van geloof en kennis van die Seun van God gekom het, uit te druk.

Louw en Nida (1996) sê dat die semantiese betekenis van τελειος in Efesiërs 4:13 met semantiese velde 88.36 of 88.100 uitgedruk kan word. Veld 88.36 verwys na volmaaktheid sonder enige tekortkoming. Veld 88.100 verwys na 'n mens wat volwasse in optrede is. Ook Arndt *et al.* (2000) wys daarop dat τελειος kan verwys na iets wat volmaak of volwasse is.

Bruce (1984:350) sê dat groei na volwassenheid vir gelowiges nodig is om alle aanslae te kan weerstaan wat die geloof in Christus bedreig. Lincoln (1990:256) sê dat alhoewel Kolossense 1:28 geestelike volwassenheid as 'n doelwit vir individue stel, die doelwit van geestelike volwassenheid hier in Efesiërs 4:13 vir die kerk in sy geheel gestel word.

Gevolgtrekking:

> Gelowiges wat geestelik opgebou word, groei in geestelike volwassenheid. Hierdie geestelike volwassenheid is nie net 'n doelwit van individuele gelowiges nie, maar ook van die kerk in haar geheel. Deur geestelike volwassenheid kan aanslae weerstaan word wat geloof in Christus bedreig. Spiritualiteit word dus bedreig as daar nie geestelike groei is nie.

*Kinders (νηπιοι - ontleding: Nom., ml., mv. van νηπιος)*

Νηπιος word in Efesiërs 4:14 teenoor die τελειος van vers 13 gestel (Lincoln, 1990:256).

Louw en Nida (1996) deel νηπιος in onder semantiese domein 9 (wat handel oor mense) en subdomein D (wat handel oor kinders). Volgens 9.43 is 'n νηπιος 'n klein kindjie, net ouer as 'n hulpelose baba, maar nie ouer as 3 of 4 jaar nie.

Arndt *et al.* (2000) wys daarop dat die skrywer van Hebreërs met νηπιος kindertjies bedoel wat nog so klein is dat hulle nie vaste kos kan eet nie.

Lincoln (1990:257) toon dat daar 'n dubbele kontras tussen die νηπιος en τελειος van Efesiërs 4:13 en 14 is. Nie net word klein kindertjies met volwassenes gekontrasteer nie, maar word die meervoud vir νηπιοι gebruik teenoor die enkelvoud vir τελειος. Teenoor een geestelike volwassenheid wat in die kerk behoort te bestaan, word 'n veelvoud geestelik onvolwasse klein kindertjies gestel.

Gevolgtrekking:

> Gelowiges wat nie geestelik groei nie bly geestelik onvolwasse. Geestelik onvolwasse gelowiges is 'n bedreiging vir die eenheid in die kerk.

*<u>Opgroei</u> (αυξησωμεν - ontleding: Aor., subj., akt., 1ste pers., mv. van αυξανω)*

In Efesiërs 4:15 word αυξανω gebruik om die aksie te beskryf van om te kom tot geloofsvolwassenheid.

Louw en Nida (1996) deel αυξανω in twee semantiese domeine in. In domein 23 verwys αυξανω na die proses van groei en grootword wat plaasvind in plante en diere. In domein 59 verwys αυξανω na die toename of groei in 'n aktiwiteit of staat, byvoorbeeld 'n toename in kennis. Hiervolgens verwys αυξανω in Efesiërs 4:15 na 'n toename of groei in geloof en kennis.

Lincoln (1990:261) sê dat een van die redes waarom Christus volgens vers 11 gawes aan die kerk gegee het, is sodat die kerk nader aan sy doelwitte kan beweeg. Hierdie beweging na die doelwit van geestelike volwassenheid word in vers 15 "groei" genoem. Hierdie groei is in vers 15 nie 'n numeriese groei in getalle nie, maar 'n kwalitatiewe groei na die volmaaktheid en volwassenheid van Christus.

Gevolgtrekking:

> Die naderbeweeg aan die volmaaktheid en volwassenheid van Christus kan met die woord "groei" beskryf word. Geestelike groei bring dus 'n verdieping in die verhouding met Christus. Geestelike groei bring dus verdieping in spiritualiteit.

Skrif-met-Skrifvergelyking

In Kolossense 1:27-29 word ook verwys na kennis van God wat (individuele) gelowiges nader aan God laat groei. In Romeine 5:2 en 1 Korintiërs 14 word verwys na die verantwoordelikheid van gelowiges om binne gemeentes mee te werk tot die opbou van almal se geloof.

Godsopenbaring in die perikoop

Christus het deur sy Gees gawes aan die gemeente gegee om die gemeente toe te rus vir dienswerk. Deur die uitvoering van dienswerk, werk gelowiges mee om te kom tot eenheid in kennis en geloof in die Seun van God. Hierdie proses is 'n groeiproses wat in die kerk moet plaasvind. Deurdat die kerk opgebou word, word individuele lidmate opgebou en deurdat individuele lidmate opgebou word, word die kerk opgebou na die volmaaktheid en volwassenheid van Christus (vgl. Bruce, 1984:349-353).

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Efesiërs 4:11-16

- Hierdie riglyne oor spiritualiteit en geestelike groei word deur Paulus rondom die jare 55-62 n.C. gegee.
- Die uitleef van geloof (spiritualiteit) moet plaasvind in die kerk én in die wêreld. Dit oorspan alle terreine van die lewe.
- Spiritualiteit en geloofsgroei is nie net 'n individuele saak nie. Alle gelowiges moet daarin deel en mekaar daarin bystaan. So word die kerk opgebou.
- Om te kan groei in geloof moet daar groei in kennis wees. Sonder kennis van God kan daar nie geestelike groei en kerklike opbouwerk plaasvind nie.
- Die doelwit van geestelike groei is geestelike volwassenheid. Geestelike onvolwassenheid is 'n groot gevaar vir gelowiges - individueel én gesamentlik as kerk.
- Geestelike volwassenheid kom deur 'n nadergroei na die volmaaktheid en volwassenheid van Christus. Geestelike groei bring verdieping in spiritualiteit.

### 4.2.5 Eksegese van 1 Timoteus 4:6-16

<u>Tekstuele konteks van die perikoop</u>

*Plek van die perikoop binne die boek*

1 Timoteus is een van die sogenaamde pastorale briewe in die Nuwe Testament (vgl. Pelser, 1988:174). Alhoewel die brief aan 'n individu gerig is, bevat dit nie private korrespondensie nie, maar handel dit oor amptelike verantwoordelikhede (Pelser, 1988:174; Kemp, 1978:7).

*Die genre van die perikoop en die perikoop se boek*

1 Timoteus is 'n brief en behoort daarom tot die brief-genre (vgl. Pelser, 1988:175). Hierdie brief bevat baie voorligting, raad, opdragte en voorskrifte aan Timoteus as herder van 'n gemeente. Vergeer (1999:1628) sê dat die persoonlike aanslag van hierdie brief (pa-seun) baie sterk aan die Ou Testamentiese wysheidsliteratuur herinner.

Pelser (1988:175) toon aan dat daar navorsers is wat 'n vraagteken agter die Pauliniese outeurskap van die pastorale briewe plaas. Sou hierdie briewe, soos daardie navorsers van mening is, pseudonieme geskrifte wees, sou die pastorale briewe eerstens onder pseudepigrafiese literatuur tuisgebring moet word. In hierdie studie word egter van die veronderstelling uitgegaan dat Paulus die outeur van hierdie briewe is en dat dit dus tot die geskrifte van Paulus behoort.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

1 Timoteus 4:6-16 is binne die eerste Timoteusbrief 'n persoonlike aansporing aan Timoteus om getrou in sy dienswerk te volhard. Hierdie aansporing volg op 'n waarskuwing in 1 Timoteus 4:1-5 teen afvalligheid in die laaste dae. Vanaf 1 Timoteus 5:1 word verdere voorskrifte aangaande pastorale sake in die gemeente gegee (Pelser, 1988:194).

Vanuit hierdie agtergrond kan die gedagtestruktuur van 1 Timoteus 4:6-16 soos volg uiteengesit word (sien volgende bladsy):

*[6]As jy hierdie dinge aan die broeders voorhou, sal jy 'n goeie dienaar van Jesus Christus wees*

→ *terwyl jy jouself* ***voed*** *met*

→ *die woorde van* ***die geloof***

→ *en van die goeie* ***leer*** *waarvan jy 'n navolger geword het.*

→ *[7]Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels,*

→ *en* ***oefen jou*** *in die* ***godsaligheid****.*

→ *[8]Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut,*

→ *maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomende lewe het.*

→ *[9]Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word; [10]want hiervoor arbei ons ook en word ons gesmaad, omdat ons gehoop het op die lewende God wat 'n behouder is van alle mense, insonderheid van die gelowiges.*

→ *[11]Beveel en leer hierdie dinge.*

→ *[12]Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees* ***'n voorbeeld vir die gelowiges***

→ *in* ***woord****, in* ***wandel****, in* ***liefde****, in gees[7], in* ***geloof****, in* ***reinheid****.*

→ *[13]Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering.*

→ *[14]Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge.*

→ *[15]Wees vlytig in hierdie dinge, leef daarin, sodat jou* ***vooruitgang*** *vir almal duidelik kan wees.*

→ *[16]Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor.*

Uit hierdie gedagtestruktuur is dit duidelik dat 1 Timoteus 4:6-10 sterk fokus op Timoteus se eie geestelike lewe. 1 Timoteus 4:11-16 fokus weer sterker op die spiritualiteit wat hy aan die gemeente moet verkondig.

<u>Openbaringshistoriese plasing van die perikoop</u>

In die vroeë Christelike kerk was praktiese raad vir die bediening nie maklik bekombaar nie. Christenleiers het indiensopleiding ondergaan. Paulus skryf die brief 1 Timoteus om juis een so 'n jong leier, Timoteus, van raad te bedien en te bemoedig (Vergeer, 1999:1627-1629).

[7] Volgens die 25ste en 27ste uitgawes van die Nestle-Aland teks wat geraadpleeg is, kom hierdie woord nie in die oorspronklike taal voor nie. Daar is ook nie tekskritiese apparaat wat aantoon waarom die 1953-Vertaling hierdie woord in die teks sou geplaas het nie. Omdat die woord nie in die oorspronklik taal voorkom nie, word dit nie bestudeer in die woordstudie nie.

Hierdie raad en bemoediging het ten doel gehad om Timoteus aan te spoor om vas te staan in die geloof en die goeie wedloop te hardloop tot op die dag wat Jesus Christus weer terugkom (vgl. 1 Timoteus 6:11-17).

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Timoteus was een van Paulus se getrouste metgeselle. Tussen Paulus en Timoteus was daar so 'n besondere band dat Paulus hom sy kind genoem het (Kemp, 1978:8). Nadat Paulus en Timoteus 'n tyd lank in Efese saamgewerk het, het Paulus hom as voltydse bedienaar van die Woord agtergelaat en na Masedonië vertrek (Vergeer, 1999:1628-1629).

Paulus skryf hierdie eerste brief aan Timoteus om hom leiding oor praktiese en organisatoriese sake in die gemeente te gee. Paulus was ook bekommerd oor dwaalleer in Efese en bemoedig Timoteus in hierdie brief in sy stryd teen dwaalleer (Pelser, 1988:176).

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Die geloofskeuse waarvoor hierdie perikoop Timoteus gestel het, was om sorg te dra dat hy voortdurend in toewyding aan God lewe en sy Godgegewe roeping uitvoer (vgl. Kemp, 1978:37-38).

Woordstudie van belangrike begrippe

In hierdie onderafdeling word 'n woordstudie gedoen op begrippe vanuit 1 Timoteus 4:6-16 wat na spiritualiteit en/of geestelike groei verwys. Begrippe wat na spiritualiteit of geestelike groei verwys, is: "voed" (εντρεφομενος), "geloof" (πιστεως), en "leer" (διδασκαλιας) in vers 6; "oefen" (γυμναζε) en "godsaligheid" (ευσεβειαν) in vers 7; "voorbeeld" (τυπος), "woord" (λογῳ), "wandel" (αναστροφη), "liefde" (αγαπη), "geloof" (πιστει) en "reinheid" (αγνειᾳ) in vers 12; asook "vooruitgang" (προκοπη) in vers 15.

*Voed (εντρεφομενος - ontleding: Praes., part., pass., nom., ml., ekv. van εντρεφω)*

In 1 Timoteus 4:6 word εντρεφω gebruik om 'n aksie uit te druk wat Timoteus ten opsigte van homself moes uitvoer terwyl hy gemeentelede onderrig oor die valsheid van dwaalleer.

Louw en Nida (1996) deel εντρεφω in onder semantiese domein 33 (wat handel oor kommunikasie) en subdomein Q (wat handel oor die aksie van onderrig). Onder 33.242 beteken εντρεφω: "to provide instruction and training, with the implication of skill in some area of practical knowledge—'to train, to teach.'" Hiervolgens moes Timoteus homself onderrig/afrig met die woorde van die geloof en die goeie leer. Arndt *et al.* (2000) bevestig hierdie verklaring, maar voeg by dat hierdie woord ook na die proses van opvoeding kan verwys.

Gevolgtrekking:

> Terwyl Timoteus die gemeente onderrig oor die valsheid van dwaalleer, moes hy sorg dat hy homself opvoed/ afrig/ onderrig.

*<u>Geloof</u> (πιστεως - ontleding: Gen., vr., ekv. van πιστις) en <u>Leer</u> (διδασκαλιας - ontleding: Gen., vr., ekv. van διδασκαλια)*

Timoteus moes homself opvoed/afrig/onderrig met die woorde van die πιστις en die goeie διδασκαλια.

Hierbo onder 4.2.4 is vasgestel dat Louw en Nida (1996) πιστις indeel onder semantiese domeine 31 (wat handel oor opinies, geloof en vertroue) en 33 (wat handel oor kommunikasie). Onder domein 31 word πιστις in verskillende subdomeine ingedeel: 31.43 by subdomein F (om te glo), 31.85 en 31.88 by subdomein I (om te vertrou), 31.102 en 31.104 by subdomein J (om 'n gelowige te wees). Onder domein 33 verwys πιστις by 33.289 na 'n belofte. Uit die konteks van 1 Timoteus 4:6 is dit duidelik dat πιστις hier gebruik word volgens semantiese veld 31.104 waar πιστις na die inhoud van die Christelike geloof verwys.

Louw en Nida (1996) plaas διδασκαλια onder semantiese domein 33 (wat na kommunikasie verwys). Onder 33.224 verwys διδασκαλια na die gee van onderrig en onder 33.236 verwys διδασκαλια na die inhoud/leerstellings wat onderrig word. Vanuit die konteks van 1 Timoteus 4:6 is dit duidelik dat διδασκαλια hier na die inhoud/leerstellings van die Christelike geloof verwys.

Wegenast (1986:768-769) sê dat διδασκαλια na die verduideliking van die Christelike geloof, maar ook 'n Christelike uitleg van die Ou Testament verwys.

Gevolgtrekking:

Timoteus moes homself onderrig/opvoed/afrig met die woorde wat die Christelike geloof en die Christelike leringe uitdruk. Om geestelik te kan groei, moet daar dus erns met die waarhede van die geloof gemaak word. Opvoeding/onderrig in hierdie waarhede is baie belangrik.

*Oefen (γυμναζε - ontleding: Praes., imp., ekv. van γυμναζω)*

In 1 Timoteus 4:7 kry Timoteus die opdrag om te γυμναζω.

Volgens Louw en Nida (1996) kan γυμναζω op een van twee semantiese wyses gebruik word. Volgens semantiese domein 36.11 verwys γυμναζω na fisiese oefening wat verrig word met die bedoeling om moreel en/of liggaamlik sterker te word. Volgens domein 88.88 verwys γυμναζω na beheer wat 'n persoon oor homself uitoefen deur dissipline. Volgens Louw en Nida (1996) word γυμναζω in 1 Timoteus 4:7 volgens die betekenis van 88.88 gebruik.

Arndt *et al.* (2000) bevestig dat γυμναζω na oefening verwys.

Gevolgtrekking:

Timoteus word deur Paulus beveel om te oefen en dissipline aan die dag te lê.

*Godsaligheid (ευσεβειαν - ontleding: Akk., vr., ekv. van ευσεβεια)*

Dit waarin Timoteus homself moes oefen, word uitgedruk met ευσεβεια.

Louw en Nida (1996) sê dat ευσεβεια op twee maniere binne semantiese domein 53 (wat verwys na religieuse aktiwiteite) gebruik word. As 53.1 verwys ευσεβεια na optrede wat verbind word aan geloof. As 53.5 verwys ευσεβεια na korrekte optrede volgens geloof. Volgens die konteks van 1 Timoteus 4:7 word ευσεβεια hier ooreenkomstig 53.5 se semantiese betekenis gebruik.

Arndt *et al.* (2000) toon dat ευσεβεια na godvresende of godvererende gedrag verwys.

Gevolgtrekking:

Timoteus moes dus oefen om korrek op te tree volgens die voorskrifte van die geloof.

*Voorbeeld (τυπος - ontleding: Nom., ml., ekv. van τυπος) en van gelowiges (πιστων - ontleding: Gen., ml., mv. van πιστος)*

In 1 Timoteus 4:12 moes Timoteus 'n τυπος vir die πιστος wees.

Volgens Louw en Nida (1996) word τυπος op verskeie semantiese wyses gebruik. In semantiese domein 6 verwys τυπος by 6.96 na 'n beeld wat van iets gemaak is. In domein 8 verwys τυπος by 8.56 na 'n wond. Domein 58 (wat verwys na soortgelykhede) bevat vier gebruike van τυπος: 58.25 verwys na 'n soortgelyke klas , 58.58 verwys na 'n model van 'n voorwerp, 58.59 verwys na 'n voorbeeld van 'n voorwerp en 58.63 verwys na 'n argetipe van iets of iemand. Uit die konteks van 1 Timoteus 4:12 moes Timoteus 'n voorbeeld wees.

Πιστος verwys volgens Louw en Nida (1996) se semantiese domein 31.86 na daardie mense wat glo. Arndt *et al.* (2000) bevestig hierdie betekenis.

Dit is opmerklik dat πιστος in 1 Timoteus 4:12 in die genitief meervoud gebruik word. Beide Hendriksen (1983:157-158) en Bouma (1953:83) toon aan dat hiermee uitgedruk word dat Timoteus nie net 'n voorbeeld vir gelowiges moes wees nie, maar 'n voorbeeld van gelowiges. Met ander woorde, Timoteus moes 'n voorbeeld van 'n gelowige wees vir gelowiges en ongelowiges.

Gevolgtrekking:

> Timoteus moes so optree dat hy 'n voorbeeld vir gelowiges en ongelowiges kon wees van hoe 'n persoon wat waarlik glo, leef. Timoteus se spiritualiteit moes dus duidelik vir almal om te sien in sy lewe na vore kom.

*Woord (λογω - ontleding: Dat., ml., ekv. van λογος)*

Een van die wyses waarop Timoteus as voorbeeld moes optree, was volgens 1 Timoteus 4:12 in λογος.

Die wyse waarop λογος in 1 Timoteus 4:12 gebruik word, word deur Louw en Nida (1996) in domein 33.99 as die daad van praat uitgedruk.

Gevolgtrekking:

> Timoteus se spiritualiteit sou na vore kom in dit wat hy sê en die manier waarop hy praat.

*Wandel (αναστροφη - ontleding: Dat., vr., ekv. van αναστροφη)*

'n Volgende terrein waarop Timoteus as voorbeeld moes optree, was volgens 1 Tim 4:12 in αναστροφη.

Die wyse waarop αναστροφη in 1 Timoteus 4:12 gebruik word, word deur Louw en Nida (1996) in domein 41.3 as die wyse waarop 'n mens optree, uitgedruk.

Gevolgtrekking:

Timoteus se spiritualiteit sou na vore kom in die wyse waarop hy optree.

*Liefde (αγαπη ontleding: Dat., vr., ekv. van αγαπη)*

'n Derde wyse waarop Timoteus as voorbeeld moes optree, was volgens 1 Tim 4:12 in αγαπη.

Die wyse waarop αγαπη in 1 Timoteus 4:12 gebruik word, word deur Louw en Nida (1996) in domein 25.43 uitgedruk as die respek en agting wat 'n persoon se emosies, woorde en dade bepaal. Hendriksen (1983:158) sê dat αγαπη in hierdie teks verwys na die diepe verbondenheid aan medegelowiges en die opregte omgee vir almal met wie te doen gekry word.

Gevolgtrekking:

Timoteus se spiritualiteit sou na vore kom in die wyse waarop hy opreg met respek en agting teenoor almal rondom hom optree en omgaan.

*Geloof (πιστει ontleding: Dat., vr., ekv. van πιστις)*

'n Vierde wyse waarop Timoteus as voorbeeld moes optree, was volgens 1 Tim 4:12 in πιστις.

Die wyse waarop πιστις in 1 Timoteus 4:12 gebruik word, word deur Louw en Nida (1996) in domein 31.102 uitgedruk as die volkome vertroue op God wat die lewenswyse bepaal. Hendriksen (1983:158) sê dat πιστις in hierdie teks verwys na die vertikale verhouding met God wat die wortel van die liefde (en die lewe - JAE) is.

Gevolgtrekking:

Timoteus se spiritualiteit sou na vore kom in die wyse waarop hy doelbewus sy geloof in God in sy lewe uitleef. Sy geloof sou die wyse waarop hy lewe, bepaal.

*Reinheid* (αγνεια *ontleding: Dat., vr., ekv. van* αγνεια)

'n Vyfde wyse waarop Timoteus as voorbeeld moes optree, was volgens 1 Tim 4:12 in αγνεια.

Die wyse waarop αγνεια in 1 Timoteus 4:12 gebruik word, word deur Louw en Nida (1996) in domein 88.29 as morele opregtheid uitgedruk. Hendriksen (1983:158) sê dat αγνεια in hierdie teks verwys na die totale eenvormigheid wat daar tussen die wyse is waarop gelewe word en wat die Here in sy Woord voorskryf.

Gevolgtrekking:

> Timoteus se spiritualiteit sou na vore kom in die wyse waarop hy doelbewus sy lewe in gehoorsaamheid aan God leef.

*Vooruitgang* (προκοπη *ontleding: Nom., vr., ekv. van* προκοπη)

In 1 Timoteus 4:15 word προκοπη gebruik om die resultaat van Timoteus se praktiese uitlewing van sy geloof te beskryf.

Die wyse waarop προκοπη in 1 Timoteus 4:12 gebruik word, word deur Louw en Nida (1996) in domein 13.57 uitgedruk as "om vordering te maak" of "om vooruit te gaan" (vgl. Arndt *et al.*, 2000).

Gevolgtrekking:

> Timoteus sou vooruitgang en vordering moes maak in sy spiritualiteit. Timoteus se spiritualiteit sou nie staties wees nie, maar hy sou geestelik groei.

Skrif-met-Skrifvergelyking

In 1 Tessalonisense 1:7 word gestel dat die Tessalonisensers voorbeelde van geloof vir al die mense in Masedonië was.

In 2 Timoteus 3:14-17 word gestel dat die woorde van die geloof wat die hele lewe moet beïnvloed, in die heilige Skrif gevind word.

Filippense 2:15 moedig 'n lewe aan wat God verheerlik deurdat die gelowige in alles absoluut bo verdenking staan.

Godsopenbaring in die perikoop

In 1 Timoteus 4:6-16 openbaar God dat gelowiges hulself moet inspan om in gehoorsaamheid aan Hom te lewe. Deur inspanning kan daar vooruitgang in die geloof kom.

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor 1 Timoteus 4:6-16

- Hierdie riglyne oor spiritualiteit en geestelike groei word deur Paulus aan 'n jong leraar in die vroeë Christelike kerk gegee.
- Gelowiges moet voortdurend met geloofswaarhede gevoed en onderrig word sodat hulle geestelik kan groei.
- Om geestelik te kan groei, moet 'n persoon beheer oor homself uitoefen deur homself te dissiplineer om 'n toegewyde lewe aan God te leef.
- 'n Toegewyde lewe aan God word volgens God se voorskrifte geleef en is sigbaar vir gelowiges en ongelowiges.
- Christelike woord en daad word gekenmerk deur liefde, geloof en doelbewuste gehoorsaamheid aan God.
- Deur doelbewus voortdurend in woord en daad met liefde, geloof en gehoorsaamheid aan God op te tree, sal daar sigbare vordering in geestelike groei wees.

## 4.2.6 Eksegese van Hebreërs 12:1-3

Inleiding

Hierbo (onder 3.2.6) is reeds heelwat eksegetiese inligting oor Hebreërs gegee. Hierdie inligting word nie hier herhaal nie, maar word wel verreken in die bevindings.

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek*

Onder 3.2.6 is die struktuur wat Du Toit (2002:25) vir Hebreërs voorhou, gekies as die struktuur wat in hierdie studie gevolg word. Hierdie struktuur is (sien volgende bladsy):

| | | |
|---|---|---|
| Hoofdeel 1 | Hebreërs 1:1-4:13 | God is die sprekende God |
| Hoofdeel 2 | Hebreërs 4:14-10:31 | 'n Erediensmotief |
| Hoofdeel 3 | Hebreërs 10:32-12:13 | Volharding word van gelowiges gevra |
| Afrondingsdeel | Hebreërs 12:14-13:25 | Vermanings |

Volgens hierdie indeling, is Hebreërs 12:1-3 deel van die derde hoofdeel van die boek.

*Die genre van die perikoop en die perikoop se boek*

Lane (1991b:403) sê dat Hebreërs 12:1-3 'n pastorale vermaning en aanmoediging aan die eerste lesers/hoorders van die Hebreërspreek is. Die rede hiervoor is die gebruik van die imperatief en hortatiewe gebruik van die subjunktief. Hiermee fokus die skrywer op die stryd wat elke dag in die lewe van gelowiges gestry word.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Lane (1991b:403) toon die sterk verband tussen Hebreërs 11 en die eerste verse van Hebreërs 12. In Hoofstuk 11 word die sogenaamde galery van geloofshelde gegee. Hebreërs 11:39-40 skep dan die basis vir die roerende appèl wat op die eerste lesers/hoorders in Hoofstuk 12 gedoen word. Die lesers/hoorders van die Hebreërspreek word dus op grond van die geloofsdade van die mense wat in Hoofstuk 11 genoem is, in Hebreërs 12:1-3 aangemoedig om self voortdurend uit die geloof te lewe (vgl. Bruce, 1990:333).

Die gedagtestruktuur van Hebreërs 12:1-3 is dan soos volg:

*[1]Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van **getuies** rondom ons het,*
  *laat ons ook elke **las aflê***
    *en/ook die **sonde** wat ons so maklik omring,*
  *en met volharding **die wedloop loop** wat voor ons lê,*
    *[2]die **oog gevestig** op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof,*
      *wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het*
      *en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.*
    *[3]Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het,*
      *sodat julle in jul siele nie **vermoeid** word en **verslap** nie.*

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Hier word volstaan by wat onder 3.2.6 oor die openbaringshistoriese plasing van Hebreërs gesê is.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Hier word volstaan by wat onder 3.2.6 oor die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers gesê is.

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Hebreërs 12:1-3 het die eerste lesers/hoorders aangemoedig om met volharding die wedloop van die geloof te hardloop en hulle nie deur sonde en teenstanders te laat afskrik nie. Die wyse waarop hulle moes hardloop, was om die geloof op Jesus Christus gerig te hou wat die wedloop reeds gehardloop het en in heerlikheid aan die regterhand van sy Vader sit.

Woordstudie van belangrike begrippe

Uit die gesagstruktuur hierbo is dit duidelik dat daar 'n aantal begrippe in Hebreërs 12:1-3 gebruik word wat met spiritualiteit en geestelike groei verband hou. Hierdie is die begrippe: "getuies" (μαρτυρων), "las" (ογκον) en "sonde" (αμαρτιαν), "aflê" (αποθεμενοι), "wedloop" (αγωνα) en "loop" (τρεχωμεν) in vers 1, "oog gevestig" (αφορωντες) in vers 2, asook "vermoeid" (καμητε) en "verslap" (εκλυομενοι) in vers 3.

*Getuies (μαρτυρων – ontleding: Gen., ml., mv. van μαρτυς)*

In Hebreërs 12:1 word μαρτυς gebruik om te verwys na die mense wat in Hoofstuk 11 as geloofshelde gelys is.

Louw en Nida (1996) toon dat μαρτυς op twee semantiese wyses in die Nuwe Testament gebruik word. Volgens semantiese domein 33 (wat verwys na kommunikasie) word μαρτυς onder 33.270 gebruik om te verwys na 'n getuie wat getuienis lewer oor 'n saak. Volgens semantiese domein 20 (wat verwys na doodmaak) word μαρτυς onder 20.67 gebruik om te verwys na iemand wat ter wille van sy geloof doodgemaak is.

Bruce (1990:333) sê dat μαρτυς in Hebreërs 12:1 een van die vroeë voorbeelde is van waar die gewone Griekse betekenis van "getuie" in die rigting begin beweeg het van wat later algemeen in die vroeë kerk as "martelaar" bekend sou wees[8]. In Hebreërs 12:1 word μαρτυς dus, volgens Bruce, gebruik om te verwys na mense wat ter wille van hulle geloof in God hier op aarde 'n stryd gestry het.

Gevolgtrekking:

> Gelowiges stry nie alleen 'n stryd nie. Alle gelowiges (wat reeds dood is, maar ook dié wat steeds lewe) stry hierdie stryd. Die wat reeds dood is, het die stryd suksesvol gestry en is 'n aanmoediging en aansporing vir hulle wat die stryd nog stry. In die beoefening van spiritualiteit moet daar dus gesteun word op die aanmoediging en bemoediging deur medegelowiges.

*<u>Las</u> (ογκον – ontleding: Akk., ml., ekv. van ογκον) en <u>Sonde</u> (αμαρτιαν – ontleding: Akk., vr., ekv. van αμαρτια)*

In Hebreërs 12:1 word ογκον en αμαρτια gebruik om te verwys na dit wat 'n hindernis vir die geloofswedloop is. Ογκον en αμαρτια moet volgens Du Toit (2002:208-209) nie as twee aparte begrippe verstaan word nie. Die και wat hulle verbind, is 'n naderverklarende/epeksegetiese και. Gevolglik is αμαρτια 'n verduideliking van ογκον (vgl. Jordaan, 1995:95) oor die naderverklarende/epeksegetiese και.

Louw en Nida (1996) sê onder semantiese domein 13.149 dat ογκον na 'n hindernis of 'n verhindering verwys. Hierdie ογκον kan soos volg verstaan word in terme van die wedloopbeeld wat in Hebreërs 12:1-3 gebruik word: Lane (1991b:408-409) wys daarop dat atlete in die ou Griekse Spele alles moes afgooi wat vir hulle 'n verhindering kon wees om te hardloop. Hierdie verhinderings was enigiets van klere tot oortollige gewig (hulle moes fiks wees).

Louw en Nida (1996) sê onder semantiese domein 88 dat αμαρτια verwys na optrede wat teen die wil en die wet van die Here is, met ander woorde sonde.

---

[8] In die vroeë kerk was 'n martelaar iemand wat ter wille van sy/haar getuienis van en vir Christus doodgemaak is.

Gevolgtrekking:

> Gelowiges se geloofslewe kan tot struikeling gebring word deur die beoefening van sonde. Spiritualiteit word dus negatief geraak deur die beoefening van sonde.

*Aflê (αποθεμενοι – ontleding: Aor., part., mid., nom., ml., mv. van αποτιθημι)*

In Hebreërs 12:1 word αποτιθημι gebruik om aan te dui wat met laste en sondes gedoen moet word.

Louw en Nida (1996) deel αποτιθημι in onder semantiese domeine 68 (wat verwys na die staking/stop van aksies) en 85 (wat verwys na plekke waar iets geplaas word). Volgens die konteks van Hebreërs 12:1 verwys αποτιθημι hier na die betekenis van semantiese domein 85.44. Sonde moes van die liggaam af weggevat en eenkant geplaas word soos wat 'n atleet sy klere sou uittrek en eenkant sit. Hiermee word geïmpliseer dat die gelowige sal ophou sonde doen.

Gevolgtrekking:

> 'n Gelowige wat aan die geloofswedloop deelneem, hou op om te volhard in sonde en doen sy bes om 'n lewe sonder sonde te leef. Om geestelik te kan groei, moet aktief gewaak word om nie te volhard met sonde nie.

*Wedloop (αγωνα – ontleding: Akk., ml., ekv. van αγωνα) en Loop (τρεχωμεν – ontleding: Praes., subj., akt., 1ste pers., mv. van τρεχω)*

In Hebreërs 12:1 word αγωνα gebruik as metafoor om die Christelike lewe uit te druk (vgl. Lane, 1991b:408). Τρεχω druk die aksie uit wat in hierdie αγωνα verrig moet word.

Louw en Nida (1996) deel αγωνα in onder semantiese domeine 39 (wat na vyandigheid verwys) en 50 (wat na kompetisies verwys). As 39.29 verwys αγωνα na 'n geveg en as 50.4 verwys αγωνα na 'n kompetisie of resies.

Louw en Nida (1996) deel τρεχω in onder semantiese domeine 15 (wat verwys na die aksie van hardloop), 68 (wat verwys na die aanwend van 'n poging) en 41 (wat verwys na vordering in gedrag). In terme van die wedloopbeeld is dit duidelik dat τρεχω in Hebreërs 12:1 na die aksie van hardloop verwys.

Gevolgtrekking:

> In Hebreërs 12:1-3 word na die Christelike lewe as 'n wedloop verwys wat gehardloop moet word. Die beoefening van spiritualiteit kan dus vergelyk word met die hardloop van 'n wedloop. Inspanning, toewyding en volharding word vereis om die wedloop suksesvol te kan aflê. Spiritualiteit en geestelike groei vereis dus inspanning, toewyding en volharding.

*Oog gevestig (αφορωντες – ontleding: Praes., part., akt., nom., ml., mv. van αφοραω)*

In Hebreërs 12:2 word αφοραω gebruik om die wyse te beskryf waarop die geloofslewe gehardloop moet word.

Louw en Nida (1996) deel αφοραω in onder semantiese domeine 27 (wat verwys na die aktiwiteit van leer) en 30 (wat verwys na die proses van denke). Arndt *et al.* (2000) toon aan dat αφοραω na gefokusde aandag op 'n spesifieke saak verwys.

Gevolgtrekking:

> Om die geloofswedloop suksesvol te kan hardloop, moet die aandag van die hardloper ten volle op Jesus Christus gefokus wees. Alles wat die aandag van God kan aftrek, moet afgegooi word. Om spiritualiteit te beoefen en geestelik te groei, moet volle aandag voortdurend op God alleen gefokus word.

*Vermoeid (καμητε – ontleding: Aor., subj., akt., 2de pers., mv. van καμνω) en Verslap (εκλυομενοι – ontleding: Praes., part., pass., nom., ml., mv. van εκλυομαι)*

In Hebreërs 12:3 word καμνω en εκλυομαι gebruik om die gevolge uit te druk van wanneer 'n gelowige in die geloofswedloop nie die volle aandag en fokus op Christus hou nie.

Louw en Nida (1996) deel καμνω in onder semantiese domein 23.142. Hiervolgens verwys καμνω na siekte wat moontlik veroorsaak word deur uitputting of ooreising. Arndt *et al.* (2000) sê dat καμνω kan verwys na siekte of moegheid.

Louw en Nida (1996) deel εκλυομαι in onder semantiese domeine 23 en 25. As 23.79 verwys εκλυομαι na moegheid wat so ernstig is dat die persoon kan flou word. As 25.288 verwys εκλυομαι na die verskynsel van demotivering.

Hiervolgens kan die persoon sy motivering verloor en nie meer sy doelwit bereik nie.

Gevolgtrekking:

> Deur in die geloofswedloop nie voortdurend volle aandag aan Jesus Christus te skenk nie, kan veroorsaak dat die gelowige baie moeg raak en selfs tou opgooi. Deur nie in spiritualiteit en geestelike groei voortdurend op Jesus Christus te fokus nie, kan veroorsaak dat geestelike groei faal en spiritualiteit sterf.

<u>Skrif-met-Skrifvergelyking</u>

Op talle plekke in die Skrif word die uitleef van geloof (spiritualiteit) met die metafoor van 'n wedloop aangedui, byvoorbeeld 1 Korintiërs 9:24-27; Galasiërs 5:7 en 2 Timoteus 4:7.

<u>Godsopenbaring in die perikoop</u>

In Hebreërs 12:1-3 word geopenbaar dat gelowiges 'n wedloop hardloop. Dit is egter moontlik om hierdie wedloop te hardloop want Christus het eerste hierdie wedloop enduit gehardloop. Deur op Hom te fokus, kan gelowiges hierdie wedloop enduit hardloop (vgl. Du Toit, 2002:209-210; Lane 1991b:428-429). McGrath (2001:91) het oor die beeld van 'n wedloop die volgende gesê: "Both soldiers and athletes require training in order to undertake their tasks properly... ... Training leads to better Christian living; self discipline is thus not to be seen as a goal in itself, but as a process which enables a greater goal to be achieved."

<u>Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Hebreërs 12:1-3</u>

- Hierdie opmerkings oor spiritualiteit en geestelike groei is waarskynlik gedurende die laaste dekades van die eerste eeu neergepen.
- Gelowiges beoefen hulle geloof nie in isolasie nie. Daar is gelowiges wat hulle voorafgegaan het en huidiglik saam met hulle die wedloop hardloop. Hierdie getuies moet 'n inspirasie wees vir die geloofswedloop. Spiritualiteit en geestelike groei word dus bevorder deur aanmoediging en bemoediging by medegelowiges te verkry.
- Spiritualiteit word negatief geraak deur die beoefening van, en volharding in sonde.

- Die beoefening van geloof (spiritualiteit) kan met 'n wedloop vergelyk word. Inspanning, toewyding en volharding word vereis om die wedloop suksesvol af te lê.
- Deur gedurig ten volle op Jesus Christus te fokus, sal die gelowige die wedloop kan voltooi en nie langs die pad uitsak en moeg word nie.
- Gelowiges moet oefen om hierdie wedloop te kan hardloop. Om geestelik te kan groei, word oefening in spiritualiteit dus vereis.

### 4.2.7 Samevatting van eksegetiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei

- Die grond vir Christelike spiritualiteit is die verlossing van sonde in Jesus Christus. Hiermee is die gelowige nou in 'n nuwe verhouding met God gestel. In hierdie verhouding verwag God dat sy mense volgens sy voorskrifte sal lewe.
- Gehoorsaamheid en trou aan God is teken van eerbied en respek en kan alleen plaasvind vanuit die regte kennis van God. Hierdie regte kennis word deur onderrig oorgedra. Gelowiges moet voortdurend gevoed en onderrig word in geloofswaarhede om geestelik te kan groei.
- Christelike spiritualiteit word gekenmerk deur 'n lewe van liefde, geloof en doelbewuste gehoorsaamheid aan God in woord en daad.
- Uitleef van geloof (spiritualiteit) oorspan alle terreine van die lewe. 'n Toegewyde lewe aan God is sigbaar vir gelowiges en ongelowiges en moet 'n in- en uitwerking in die hele wêreld hê.
- Die uitleef van geloof (spiritualiteit) kan met die hardloop van 'n wedloop vergelyk word. Gelowiges moet waak om nie deur allerlei invloede afgeskrik te word om gehoorsaam te leef soos God van hulle verwag nie. Dissipline, selfbeheersing, inspanning en volharding word benodig om die wedloop suksesvol af te lê.
- Geestelike groei is die oefening om die geloofswedloop beter te kan hardloop. Vordering in geestelike groei is uiterlik sigbaar.
- Die doelwit van geestelike groei is geestelike volwassenheid. Geestelike volwassenheid kom deur die nadergroei na die volmaaktheid en volwassenheid van Christus. Geestelike onvolwassenheid hou 'n groot gevaar vir die kerk in.

- Spiritualiteit en geestelike groei is nie 'n individuele saak nie. Gelowiges moet mekaar daarin bystaan, aanmoedig, bemoedig en ondersteun.

## *4.3 Literatuurstudieperspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei*

### 4.3.1 Inleiding tot literatuurstudieperspektiewe

Verskillende skrywers en navorsers het breedvoerig oor spiritualiteit en geestelike groei geskryf. Deur middel van 'n oorsigtelike literatuurstudie sal vasgestel word watter lig by verskillende skrywers verkry kan word aangaande basisteoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei. Hierdie navorsing gaan onder drie hoofde gegroepeer word:

- Wat sê verskillende skrywers is spiritualiteit?
- Wat sê verskillende skrywers is die verband tussen spiritualiteit en geestelike groei?
- Wat sê verskillende skrywers is wyses waarop geestelike groei bevorder word?

### 4.3.2 Wat is spiritualiteit?

Hierbo (onder 4.1.2) is beskrywings van Jonker (1991:14-17), Vos (1996:11), Van der Merwe (1995:1), Anon (1995:12), Pfatteicher (1997:3-5), Sheldrake (1999:34), McGrath (2001:2) en De Klerk (2003:3-4) aangehaal. Die samevatting van hierdie beskrywings was:

> Spiritualiteit verwys na die totale lewenshouding en lewenswyse van 'n individu of groep wat gegrond is op, en 'n praktiese toepassing is van 'n spesifieke geloofsoortuiging binne 'n lewende verhouding met God. Spiritualiteit gee daarom uitdrukking aan 'n individu/groep se verhouding met God en kom op 'n praktiese wyse (in 'n *coram Deo* lewe - 'n lewe gerig op die verheerliking van God) na vore.

In uitbreiding op hierdie samevatting, moet na die volgende sake ook opgelet word:

Spiritualiteit is 'n nuwe woord wat gebruik word om 'n ou waarheid uit te druk. Wat vandag met spiritualiteit bedoel word, is in vroeër tye met onder andere die woorde "piëteit", "mistisisme", "asketisme", "toewyding", "vroomheid" en "Christelike lewe" uitgedruk (vgl. Adam, 2004:21; McGrath, 2001:25-6; Sheldrake, 1999:36-47). Al hierdie terme het egter nie vir alle mense dieselfde betekenis nie

vanweë verskillende assosiasies en botone wat misleidend en problematies kan wees. Daarom wen die term "spiritualiteit" vandag veld as uitdrukking vir die praktiese uitleef van geloof (vgl. McGrath, 2001:6).

De Klerk (2003:3) beaam dat spiritualiteit net 'n nuwe woord vir 'n ou en bekende eienskap van die Protestantse voorgeslag is, naamlik vroomheid, godvresendheid of godsvrug. Spiritualiteit is eerbied vir God en hierdie eerbied beïnvloed die lewe van die gelowige. Ook Van't Spijker (1993:15) wys daarop dat dit wat ons vandag met die term "spiritualiteit" uitdruk, vroeër deur die term "vroomheid" uitgedruk is.

Kourie (2000:12-13) toon aan dat spiritualiteit nie soseer op geloof konsentreer nie, maar eerder op die reaksie wat geloof in die lewe veroorsaak. Kim (1999:132) wys daarop dat die inhoud van die evangelie en lewensoptrede volgens die evangelie in harmonie met mekaar moet staan. Spiritualiteit omskryf dan hierdie hele lewenswyse wat gebaseer is op die geloof in Christus. Hieruit is dit duidelik dat spiritualiteit 'n impak op die totaliteit van die lewe het.

Daar bestaan 'n noue verband tussen teologie en spiritualiteit. Sheldrake (1999:3) sê dat teologie handel oor die mens se begrip van God, terwyl spiritualiteit handel oor die mens se pogings om in die lig van daardie begrip te lewe. McGrath (2001:3-6) toon ook die nou band tussen teologie en spiritualiteit deur spiritualiteit en mistisisme te vergelyk: Teenoor mistisisme, wat gegrond word op innerlike ervarings van God en enige kognitiewe geloofsbenadering (teologie - JAE) marginaliseer of verwerp, dui spiritualiteit op:

- 'n verdieping in 'n verhouding met God wat vloei vanuit 'n geloofsbelydenis (deur teologie geformuleer),
- 'n stel etiese waardes wat op die geloofsbelydenis gegrond is,
- en die praktiese toepassing en uitlewing daarvan op alle lewensterreine elke oomblik van die dag.

Die hoofbron van Christelike spiritualiteit (waarop die Christelike geloof gefundeer is) is die Bybel as openbaring van God (vgl. Kourie, 2000:14-15; Adam, 2004:19; De Klerk, 2003:4). Christus - as Verlosser deur die Vader gestuur, wat gesterf en uit die dood opgestaan, na die hemel opgevaar en sy Gees oor die kerk uitgestort het - is die kern van hierdie openbaring en daarom ook die kern van Christelike spiritualiteit.

McGrath (2001:2) sê dat dit in Christelike spiritualiteit daaroor gaan om vanuit 'n ontmoeting met Christus te lewe. Christelike spiritualiteit verwys hiervolgens na 1) die wyse waarop die Christelike lewe verstaan word en ook 2) die uitdruklike aanbiddingspraktyke wat ontwikkel is en die verhouding met Christus onderhou. Christelike spiritualiteit kan daarom verstaan word as die wyse waarop Christenindividue of -groepe poog om hulle belewenis van God te verdiep. Hierdie ontmoeting met Christus word egter deur God self geïnisieer. Adam (2004:39-40) wys daarop dat Christus deur sy Gees die Inisieerder van spiritualiteit is.

Albin (1988:657) omskryf hierdie waarheid soos volg: "The test of Christian spirituality is conformity of heart and life to the confession and character of Jesus as Lord. The guarantee of Christian spirituality is the presence and power of the Holy Spirit in the life of the believer (resulting in conformity to God's revealed will."

<u>Opsomming van literatuurstudie oor wat spiritualiteit is</u>

- Spiritualiteit is 'n nuwe woord vir 'n ou en bekende eienskap in die Christelike kerk. Vroeër is hierdie eienskap onder andere vroomheid genoem.
- Daar bestaan nie 'n skeiding tussen die alledaagse lewe en 'n sogenaamde geestelike lewe nie. Daarom omsluit die term spiritualiteit die totale lewenshouding en lewenswyse van 'n persoon/groep.
- Spiritualiteit verwys na die manier waarop die lewe verstaan en geleef word, asook die aanbiddingspraktyke wat ontwikkel is om die verhouding met God te onderhou. Anders gestel: spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitleef van geloof.
- Spiritualiteit word bepaal deur geloofsoortuiging soos dit in teologie uitgedruk word.
- Christelike spiritualiteit word gefundeer op die geloof in Christus en gedring deur die Heilige Gees.
- Die hoofbron vir Christelike spiritualiteit is die Bybel as Woord van God.

### 4.3.3 Wat is die verband tussen spiritualiteit en geestelike groei?

Hierbo (onder 4.1.2) is opmerkings van Albin (1988:657), Anon (1995:12), Pfatteicher (1997:9) en McGrath (2001:3) aangehaal. Die samevatting van hierdie beskrywings was:

Geestelike groei verwys na die proses van verdieping in geloof en belewenis van God se teenwoordigheid in 'n individu/groep se lewe en die invloed wat dit op die persoon/groep se lewe het. Geestelike groei bring verdieping in spiritualiteit.

In uitbreiding op hierdie samevatting, moet na die volgende sake ook opgelet word:

Sheldrake (1999:31-32) toon aan dat die Christendom nie van sy fundamentele geloofswaarhede kan afstap nie. Die metanarratief van God se bemoeienis met die mens deur Jesus Christus vorm die basis van Christelike spiritualiteit. Elke gelowige moet deur die werking van die Heilige Gees na die beeld van Christus verander word (Adam, 2004:40). Anon (1995:12) stel juis: "Die gereformeerde spiritualiteit is 'n geloofsvroomheid wat voortkom uit die vernuwende werk van die Heilige Gees in 'n mens se lewe."

Kourie (2000:19-20) stel dat groei en vordering op die geestelike pad noodsaaklik is. Die spiritualiteit van 'n mens word bepaal deur die vlak van geestelike groei en volwassenheid wat hy bereik het. Die geestelik volwasse mens moet word wat hy reeds in Christus is (na Wie se beeld hy herskep is). Dié doel word bereik deur te groei in, en te leef vanuit die Bybelse beginsels van geloof, hoop en liefde (Anon, 1995:12).

Geloof moet gedurig gevoed word. Wanneer geloof (en die praktiese neerslag van geloof in die lewe - spiritualiteit) nie groei en verdiep nie, kan daardie geloof vinnig verander na nominalisme of agnostisisme (Kretzschmar, 2000:38). Ook Hattingh (1988:7) wys daarop dat ware gemeenskap met God noodsaaklik is, want 'n gebrek aan ware gemeenskap met God gee aanleiding tot formalisme. Formalisme beteken dat uiterlike vorme van godsdiens gehandhaaf word sonder om 'n band met God te hê.

Van der Walt (1999:5) sê dat gelowiges gereeld tot God moet terugkeer om 'n moeë hart en verstand met kragkos te versterk. Geestelike batterye moet herlaai word, sodat die Here met nuwe krag in hierdie wêreld (binne en buite die gemeente) gedien kan word. Hieruit is dit duidelik dat indien hierdie terugkeer nie gereeld plaasvind nie, verdieping in spiritualiteit nie kan gebeur nie.

Een van die belangrikste wyses waarop geloof gevoed word en gelowiges na God terugkeer, is deur die erediens. Strauss, 2001:126) stel dat dit wat in 'n erediens gebeur, bepalend is vir die lewe en getuienis van die kerk in die buitewêreld. Die erediens raak die hart van die verhouding tussen God en gemeente. Binne die

erediens vorm die preek (as Woordverkondiging) weer deel van die liturgiese proses. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat dit wat in die prediking gebeur, bepalend is vir die spiritualiteit van die gemeente.

<u>Opsomming en gevolgtrekking van literatuurstudie oor wat geestelike groei is</u>

- Christelike spiritualiteit is gefundeer op die metanarratief van God se bemoeienis met die mens deur Jesus Christus. God het die mens in 'n nuwe verhouding met Homself geplaas.
- Elke gelowige moet deur die werking van die Heilige Gees na die beeld van Christus verander word. Die mens reageer dus op God se bemoeienis. Die mens se spiritualiteit kan dus nie staties bly nie, maar moet aanpas by hierdie reaksie op God.
- Hierdie aanpassing van spiritualiteit skep die verwagting van groei.
- Groei na die beeld van Christus is noodsaaklik. Vind dit nie plaas nie, kan nominalisme, agnostisisme of formalisme intree wat die verhouding met God ernstig skaad.
- Geestelike groei verwys na die proses van verdieping in geloof en belewenis van God se teenwoordigheid in 'n individu/groep se lewe en die invloed wat dit op die persoon/groep se lewe het.
- Geestelike groei bring dus verdieping in spiritualiteit.

### 4.3.4 Hoe word geestelike groei bevorder?

Anon (1995:12) sê dat die mens se vroomheid (spiritualiteit - JAE) gevoed word deur die geloofs- en ervaringstradisie van die geloofsgemeenskap waaruit hy kom. Hieruit blyk die noodsaak daarvan om kennis te neem dat daar binne die Christendom en Christelike spiritualiteit verskeie spirituele tradisies onderskei word.

Albin (1988:657) toon aan dat hierdie tradisies breedweg verdeel kan word tussen Oosters (Ortodoks) en Westers. In die Weste kan spiritualiteit weer breedweg verdeel word tussen Protestants en Katoliek. Selfs binne die Protestantisme kan weer verskillende tradisies onderskei word, waaronder: Reformatories (Gereformeerd), Luthers, Piëtisme, Puriteins, Anglikaans, Metodisme, Baptisme en Evangelies (vgl. Adam, 2004:19-29; McGrath, 2001:17; Kourie, 2000:24).

Hierdie studie word vanuit 'n Reformatoriese hoek en agtergrond gedoen. Daarom word daar in hierdie afdeling oor basisteoretiese perspektiewe verder gekyk na hoe geestelike groei binne Reformatoriese spiritualiteit bevorder kan word.

Sheldrake (1999:31-32) toon aan dat die Christendom nie van sy fundamentele geloofswaarhede kan afstap nie. Die vertrekpunt van Christelike spiritualiteit is dat God by die mens teenwoordig is deur sy Seun Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees (vgl. Van der Merwe, 1995:5-6). Hierdie fundamentele geloofswaarhede word in die Bybel gevind.

'n Kenmerk van die Reformatoriese geloofstradisie is dat dit sterk op die Bybel fokus. Baie aandag word aan die konteks van 'n teks gegee. Daar word geglo in die fundamentele eenheid van die Bybel. Daar word besef dat 'n regte begrip van die Bybel harde werk en bystand van die Heilige Gees vereis. Daarmee saam word wetenskaplike metodes gebruik om die Bybel te bestudeer (Adam, 2004:29).

Adam (2004:34-35) wys ook daarop dat die Reformatoriese tradisie verskillende middele erken wat gebruik kan word vir groei in spiritualiteit. Hierdie is middele soos: lees, bestudering en prediking van die Bybel, erediensbywoning, sakramentsgebruik, koinonia met medegelowiges, 'n aktiewe gebedslewe en die aankweek van 'n doelbewuste bewustheid en erkenning dat alles in die lewe 'n gawe van God is ('n *coram Deo* lewe - JAE).

Venter (2006:12) sê dat spiritualiteit bevorder word deur persoonlike omgang met die Skrif, opregte gebedsomgang met God en die oefen van 'n persoonlike verhouding met God deur verborgenhede van die geloof vanuit die Skrif te bepeins. Opregte gebed sluit in selfondersoek oor eie gebreke en sonde, eie voorbidding, sowel as voorbidding vir die eie gesin, gemeente en gelowiges oor die hele wêreld.

Om geestelik te kan groei, is die volgende nodig (Anon, 1995:12):

- Dissipline en tyd.
- Inspanning en toewyding.
- Die belewing van die regverdiging deur die geloof.
- Die persoonlike inoefening en die gemeenskaplike beoefening van die deugde van 'n geheiligde lewe.

Kim (1999:187-187) toon ook die noodsaak van dissipline om geestelik te kan groei. Dissipline om geestelik te kan groei, verwys dan na positiewe spirituele aktiwiteite wat gegrond is op die reaksie van die gelowige op die genade van die Here. Hierdie

is aktiwiteite soos verdieping in die Woord van God (deur onder andere prediking), gebed, aanbidding en sakramentsgebruik. Kim (1999:182) stel dit baie duidelik dat die kwaliteit en diepte van 'n gemeente se toewyding aan die Here swaar op die prediking rus wat in die gemeente gelewer word.

Verdere faktore wat 'n bepalende invloed op die huidige spiritualiteit van 'n persoon/groep het, asook die rigting waarin die spiritualiteit kan ontwikkel, is persoonlike geskiedenis en agtergrond, persoonlikheid, geografiese ligging, asook die ingesteldheid teenoor die wêreld, kultuur en geskiedenis (MacGrath, 2001:8-24).

Kretzschmar (2000:40-41) wys daarop dat dit noodsaaklik is om te onderskei tussen individuele en holistiese spiritualiteit. Individuele spiritualiteit het te doen met die individu. Holistiese spiritualiteit het te doen met beide individuele en groepsbestaan. De Klerk (2003:4) toon aan dat innige gemeenskap van gelowiges met mekaar 'n kenmerk van Reformatoriese spiritualiteit is. Hierdie eenheid spruit voort uit gelowiges se verbintenis met Christus. Groepspiritualiteit kan die individu help om in sy/haar verhouding met God te groei.

<u>Opsomming en gevolgtrekking van literatuurstudie oor hoe geestelike groei bevorder word</u>

- Spiritualiteit word gevoed deur die spirituele tradisie waarbinne die individu/groep bestaan. Verskeie spirituele tradisies word onderskei. Hierdie studie word vanuit die Reformatoriese tradisie gedoen.
- Binne die Reformatoriese tradisie is die vertrekpunt die Godsopenbaring in die Bybel wat as kern die feit het dat God by die mens teenwoordig is deur sy Seun Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees.
- Uitbreiding van Godskennis en -vertroue deur Bybelstudie is noodsaaklik vir geestelike groei.
- Bestudering van die Bybel is harde werk. Bystand van die Heilige Gees word vereis en wetenskaplike metodes moet gebruik word om die Bybel te bestudeer.
- Prediking het 'n groot invloed op die bevordering van geestelike groei.
- Ander middele wat binne die Reformatoriese tradisie gebruik kan word vir geestelike groei, is onder andere erediensbywoning, sakramentsgebruik,

koinonia met medegelowiges, 'n aktiewe gebedslewe en die leef van 'n *coram Deo* lewe.

- Dissipline, tyd, inspanning en toewyding word benodig om geestelik te kan groei.
- Die milieu waarbinne geleef word (geskiedenis, agtergrond, ligging, tydsgees, ensovoorts), het 'n bepalende invloed op spiritualiteit en geestelike groei en moet verreken word.

### 4.3.5 Samevatting van literatuurstudieperspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei

- Spiritualiteit verwys na die manier waarop die totale lewe verstaan en geleef word, asook die aanbiddingspraktyke wat ontwikkel is om die verhouding met God te onderhou. Anders gestel: spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitleef van geloof.
- Spiritualiteit word bepaal deur die milieu waarbinne geleef word en die geloofsoortuiging soos dit in teologie uitgedruk word. In die Christendom word verskeie teologiese tradisies onderskei. Hierdie teologiese tradisies gee op hulle beurt weer aanleiding tot verskillende soorte spiritualiteit. Hierdie studie word vanuit die Reformatoriese tradisie gedoen.
- Reformatoriese spiritualiteit is gefundeer op die metanarratief (soos in die Bybel geopenbaar) van God se bemoeienis met die mens deur die werk van Jesus Christus en die Heilige Gees. God het die mens in 'n nuwe verhouding met Homself geplaas.
- Elke gelowige moet deur die werking van die Heilige Gees na die beeld van Christus verander word. Die mens reageer dus op God se bemoeienis. Die mens se spiritualiteit kan dus nie staties bly nie, maar moet aanpas by hierdie reaksie op God. Hierdie aanpassing is geestelike groei.
- Geestelike groei bring verdieping in spiritualiteit. Indien verdieping nie plaasvind nie, kan nominalisme, agnostisisme of formalisme intree wat die verhouding met God ernstig skaad.
- Binne die Reformatoriese tradisie is verskillende middele wat gebruik word vir geestelike groei. Die bron en basis van al hierdie middele is die Bybel as Woord van God. Uitbreiding van Godskennis en -vertroue deur deeglike

Bybelbestudering is noodsaaklik vir geestelike groei. Prediking speel 'n groot rol om geestelike groei in 'n gemeente te bevorder.

## *4.4 Sintese van eksegetiese- en literatuurstudie: basisteoretiese perspektiewe op die verhouding tussen spiritualiteit en geestelike groei in 'n gemeente.*

Hierdie sintese van die resultate van die eksegetiese- en literatuurstudies word gedoen aan die hand van die drie vrae wat vroeër geformuleer is:

- Wat is spiritualiteit?
- Wat is geestelike groei?
- Op watter wyses word geestelike groei bevorder?

Hierdie sintese stel die basisteoretiese bevindings vir hierdie studie oor spiritualiteit en geestelike groei:

### 4.4.1 Wat is spiritualiteit?

- Spiritualiteit verwys na die manier waarop die totale lewe verstaan en geleef word, asook die aanbiddingspraktyke wat ontwikkel is om die verhouding met God te onderhou. Anders gestel: spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitleef van geloof.
- Die grond vir Christelike spiritualiteit is die verlossing van sonde in Jesus Christus. Hiermee is die gelowige nou in 'n nuwe verhouding met God gestel. In hierdie verhouding verwag God dat sy mense op alle lewensterreine volgens sy voorskrifte sal lewe.
- In die Christendom word verskeie teologiese tradisies onderskei. Hierdie teologiese tradisies gee op hulle beurt weer aanleiding tot verskillende soorte spiritualiteit. Hierdie studie word vanuit die Reformatoriese tradisie gedoen. Reformatoriese spiritualiteit is gefundeer op die metanarratief (soos in die Bybel geopenbaar) van God se bemoeienis met die mens deur die werk van Jesus Christus en die Heilige Gees.

### 4.4.2 Wat is geestelike groei?

- Die uitleef van geloof (spiritualiteit) kan met die aflê van 'n wedloop vergelyk word. Geestelike groei is die oefening om die geloofswedloop beter te kan hardloop en nie deur allerlei negatiewe invloede (soos sonde) gehinder of afgeskrik te word nie. Vordering in geestelike groei is uiterlik sigbaar.

- Geestelike groei bring verdieping in spiritualiteit. Indien verdieping nie plaasvind nie, word die verhouding met God ernstig geskaad. Nominalisme, agnostisisme of formalisme kan onder andere intree.
- Die doelwit van geestelike groei is geestelike volwassenheid. Geestelike volwassenheid word bereik deur die nadergroei na die volmaaktheid en volwassenheid van Christus.

### 4.4.3 Op watter wyses word geestelike groei bevorder?

- Geestelike groei kan alleen binne die raamwerk van toerusting, bystand en verligting deur die Heilige Gees nagestreef word.
- Spiritualiteit kan alleen beoefen word, en geestelike groei kan alleen plaasvind vanuit 'n regte kennis van God. Binne die Reformatoriese tradisie is die bron en basis van Godskennis die Bybel as Woord van God.
- Hierdie kennis word oorgedra deur doelbewuste opvoeding, onderrig, bemoediging en aanmoediging. Spiritualiteit en geestelike groei is nie 'n individuele saak nie. Gelowiges moet mekaar daarin bystaan en help. Dissipline, selfbeheersing, inspanning en volharding word benodig om kennis te bemeester en prakties in die lewe toe te pas. Prediking speel 'n groot rol om geestelike groei in 'n gemeente te bevorder.

# Hoofstuk 5

# Doelwit C: Basisteoretiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei

## *5.1 Inleiding tot Hoofstuk 5*

### 5.1.1 'n Vooraf opmerking

Onder Doelwit B is vasgestel dat spiritualiteit die begrip is wat verwys na die praktiese uitleef van geloof op alle lewensterreine (vgl. 4.4.1). Daarby is vasgestel dat geestelike groei verdieping in spiritualiteit bewerkstellig (vgl. 4.4.2). Onder Doelwit A is weer vasgestel dat die doel van prediking is om die sondaarmens met God te versoen en die versoende mens te leer om in 'n nuwe verhouding met God te lewe (vgl. 3.4.2).

Hieruit is dit duidelik dat daar 'n noue band tussen prediking en geestelike groei bestaan. Prediking behoort geestelike groei te stimuleer en sodoende verdieping in spiritualiteit te bevorder. Om geestelike groei te kan stimuleer en verdieping in spiritualiteit te bevorder, moet prediking egter ook met die huidige spiritualiteit van die hoorder rekening te hou.

Vos (1996: 144-145) beskryf hierdie wyse van nadink oor prediking as 'n sirkulêre of kommunikatiewe model. Hiervolgens ontstaan die preek nie deur die monologiese afleiding uit 'n teks-oorsprong nie, maar vanuit die interaksie en wisselwerking tussen prediker, hoorder en tema/teks.

Hierdie sirkulêre verband tussen prediking en geestelike groei word nou onder Doelwit C basisteoreties verder ondersoek.

### 5.1.2 Werkswyse om Doelwit C te bereik

Om basisteoretiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente te bied, word vervolgens ses Skrifgedeeltes gekies waar die verband tussen prediking en geestelike groei duidelik aangedui word. Hierdie Skrifgedeeltes sal volgens die grammaties-historiese wyse van eksegese (soos uiteengesit deur De Klerk en Van Rensburg, 2005) ondersoek word vir basisteoretiese beginsels aangaande die verhouding tussen prediking en geestelike groei.

Die Skrifgedeeltes wat bestudeer gaan word, is as volg gekies:

- Twee gedeeltes uit die Ou Testament: Een uit die vroeë-Israelse geskiedenis (Josua 24:19-25) en een uit die laat-Israelse geskiedenis (Esra 10:10-11).
- Vier gedeeltes uit die Nuwe Testament: Een uit die prediking van Jesus in die Evangelies (Matteus 5:13-16), twee uit die brieweskat van Paulus (1 Korintiërs 3:1-9 en 2 Timoteus 3:16—4:2) en een uit die Hebreërspreek (Hebreërs 5:11-14).

Hierna word 'n oorsigtelike literatuurstudie van enkele moderne skrywers gedoen om te bepaal watter lig hulle op die onderwerp kan bied.

Uit hierdie eksegetiese- en literatuurstudiebevindinge sal dan 'n sintese gemaak word wat die basisteoretiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente sal bevat. Hierdie sintese moet die volgende vrae beantwoord:

  - Watter implikasie het die spiritualiteit van 'n gemeente op die manier waarop die prediking ingerig word?
  - Watter invloed het prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente?

## *5.2 Eksegetiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei*

### 5.2.1 Eksegese van Josua 24:19-25

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

In die Afrikaanse indeling van die Ou Testament is Josua deel van die groep boeke wat Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke, Esra, Nehemia en Ester insluit. In die Hebreeuse indeling is Josua, Rigters, 1 en 2 Samuel en 1 en 2 Konings egter deel van die groep boeke wat die "vroeë profete" genoem word. Daarteenoor word Rut, 1 en 2 Kronieke, Esra, Nehemia en Ester in die Hebreeuse indeling onder die "geskrifte" ingedeel (Hill & Walton, 1991:155).

Hill & Walton (1991:166-167)[9] deel die boek Josua in vier groot hoofdele in:

---

[9] Human (1999:232) volg dieselfde indeling as Hill & Walton met die uitsondering dat hy dele A en B as een deel beskou.

- A (1:1-5:12) - die intog in die land
- B (5:13-12) - oorwinningsverhale
- C (13-21) - die verdeling van die land
- D (22-24) - Verbondshandelinge

Hiervolgens val Josua 24:19-25 in die vierde deel wat handel oor verbondshandelinge.

Butler (1983:vii-ix) deel weer die boek Josua in drie hoofdele op:

- A (1-12) - die besetting van die land
- B (13-19) - die verdeling van die land
- C (20-24) - die lewe in die land

Hiervolgens val Josua 24:19-25 in deel drie wat handel oor die lewe in die beloofde land. Josua 24:19-25 beskryf dan die volk se reaksie op die verbondsbeloftes van die Here. Butler (1983:209) wys egter ook daarop dat elkeen van Hoofstukke 20-24 'n eie inhoud en geskiedenistradisie het. Enige navorsing moet dus elke hoofstuk op sy eie bestudeer, eerder as om Hoofstukke 20-24 as 'n geheel te bestudeer.

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

Die feit dat Josua in die Hebreeuse indeling van die Ou Testament as 'n profetiese boek getipeer word, suggereer dat die inhoud van hierdie boek eerder teologies as geskiedkundig gelees moet word. In Josua word 'n profetiese visie op die geskiedenis van die volk gegee wat gebind is aan die verbondsbeloftes van God. Hierdie visie is gebou op die teologie wat in die boek Deuteronomium gevind word. Daarom beskou meeste navorsers vandag die boek Josua as deel van die Deuteronomistiese geskiedwerk (Hill & Walton, 1991:155, Human, 1999:232-235).

Hill & Walton (1991:167) toon oortuigend aan dat die doel van die boek Josua is om te bewys dat God sy verbondsbeloftes uitvoer en in getrouheid sy volk die land gegee het wat Hy eeue tevore al aan die aartsvaders belowe het.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Skematies kan die gedagteopbou van Josua 24 soos volg weergegee word (sien volgende bladsy):

**Josua 24:1-13** Josua roep die volk bymekaar en skets die geskiedenis van die volk vanaf Abraham in hooftrekke. Hy toon veral hoe die Here die volk vanuit die wildernis tot in die beloofde land bewaar en gelei het.

→ **Josua 24:14-15** Josua roep die volk op tot gehoorsaamheid aan die Here. Indien die volk nie gehoorsaam wil wees nie, moet hulle wegdraai van die Here.

→ **Josua 24:16-18** Die volk antwoord dat hulle die Here wil dien.

→ **Josua 24:19-25** Dialoog tussen Josua en die volk om te bevestig dat die volk regtig die Here wil dien.

→ **Josua 24:26-28** Die verbond word hernu.

Die gedagtestruktuur van Josua 24:19-15 - die dialoog tussen Josua en die volk - is soos volg[10]:

*19 Maar Josua het vir die volk gesê: "Julle kan nie die Here dien nie.*

→ *Hy is 'n heilige God,*

→ *Hy is 'n God wat onverdeelde trou eis*

→ *en julle opstandigheid en sonde nie sal vergewe nie.*

→ *20 As julle die Here verlaat en julle dien vreemde gode, sal Hy wat aan julle goed gedoen het, teen julle draai en rampe oor julle bring en 'n end aan julle maak."*

→ *21 Die volk het vir Josua gesê: "Nee, ons sal die Here dien!"*

→ *22 Toe sê Josua vir die volk: "Julle is self getuies daarvan dat julle gekies het om die Here te dien,"*

→ *en hulle antwoord: "Ons is."*

→ *23 Toe sê Josua:*

→ *"Verwyder dan die vreemde gode tussen julle uit*

→ *en wy julle heeltemal aan die Here die God van Israel."*

→ *24 En die volk sê vir Josua: "Ons sal die Here ons God dien, ons sal na Hom luister."*

→ *25 Josua het daardie dag vir die volk 'n verbond gesluit en vir hulle daar in Sigem voorskrifte en bepalings vasgelê*

Uit hierdie gedagtestruktuur is dit duidelik dat daar dialoog tussen Josua en die volk was. In hierdie dialoog het Josua die volk uitgedaag om te doen wat die Here van hulle verwag. Die volk het op hierdie uitdaging gereageer en 'n hernude toewyding aan die Here gemaak.

---

10 Die teks van die 1983-Vertaling word gebruik omdat die dinamies-ekwivalente vertaling die Hebreeuse gedagtegang goed in Afrikaans weergee

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Die boek Josua beskryf die besetting van die beloofde land onder leiding van Josua, die opvolger van Moses. Die besetting van die land was die direkte gevolg van die Here se uitvoering van sy verbondsbeloftes aan Abraham, Isak en Jakob. In Josua 22-24 word die volk se reaksie op die uitvoering van God se verbondsbeloftes getoon. Die volk hernu die verbond en kom opnuut ooreen om die Here te gehoorsaam (Hill & Walton, 1991:170).

Butler (1983:xxv) en Human (1999:232) toon ook die belang daarvan aan om te onderskei tussen die gebeure wat in Josua beskryf word en die omstandighede waarin die boek finaal tot stand gekom het. Die boek het waarskynlik eers sy finale beslag tydens die Judese ballingskap gekry, alhoewel gebruik gemaak is van bronne wat reeds heelwat vroeër bestaan het.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Wat die omstandighede aanbetref wat in die boek Josua beskryf word: Die volk het pas die beloofde land beset. Hierdie besetting van die land was die vervulling van die verbondsbeloftes van die Here (Butler, 1983:x). Dit was immers die Here wat die stryd vir hulle gestry het. Die volk moes nou as volk van God in die beloofde land woon.

In die tyd toe die boek sy finale beslag gekry het, was die Israeliete wat vroeër inwoners van Juda was, nou in ballingskap in Babilonië (Human, 1999:233-234). Hierdie eerste lesers is uit die beloofde land weggevoer en moes in Babilonië as ballinge onder moeilike omstandighede 'n bestaan maak.

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Die geloofskeuses wat die Israeliete moes doen in die tyd van die omstandighede wat in Josua beskryf word, is: Die Israeliete sou God se verbond opnuut moes erken en in gehoorsaamheid daaraan leef. Hy het immers sy kant van die verbond nagekom.

Geloofskeuses wat die ballinge in ballingskap moes doen in die tyd toe die boek sy finale beslag gekry het, was: Die Jode in ballingskap sou deur die boek Josua bemoediging word en nuwe krag en geloof ontvang omdat hierdeur aan hulle bevestig sou word dat God sy verbondsbeloftes nakom (vgl. Butler, 1983:x,xxv).

Tog was die boek Josua ook 'n waarskuwing dat die land 'n gawe van die Here is. Afvalligheid en ongehoorsaamheid aan die verbond sou maak dat Israel weer die land kon verloor (Human, 1999:234).

Woordstudie van belangrike begrippe

In hierdie afdeling van die studie word basisteoretiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei geformuleer. Daarom gaan hierdie woordstudie fokus op woorde in Josua 24:19-25 wat op die verband tussen prediking, spiritualiteit en geestelike groei kan dui. Woorde wat op spiritualiteit en geestelike groei kan dui, is: "dien" (עבד) in verse 19, 21, 22 en 24, "verwyder... vreemde gode" (הָסִירוּ אֶת־אֱלֹהֵי הַנֵּכָר) in vers 23, "wy aan die Here" (הַטּוּ אֶת־לְבַבְכֶם אל־יְהוָה) in vers 23, en "gehoorsaam" (שׁמע) in vers 24.

*Dien (לעבד – ontleding: Qal, inf. constr, met voorsetsel ל)*

Holladay (1989:261-262) sê dat עבד as werkwoord die aksie van "om te werk" uitdruk. Hierdie werk kan ook vir iemand gedoen word. Dan verwys עבד na die aksie van "dien". Wanneer God gedien word, kan dit ook verwys na die aanbidding van en gehoorsaamheid aan God.

Brown, Driver en Briggs (2000) bevestig hierdie gebruik van die woord עבד.

Gevolgtrekking:

> Wanneer die Israeliete in Josua 24:19,21,22 en 24 sê dat hulle die Here sal עבד, beteken dit dat hulle vir die Here alleen sal werk, Hom alleen sal dien, aanbid en gehoorsaam.

*"Verwyder vreemde gode" (הָסִירוּ אֶת־אֱלֹהֵי הַנֵּכָר)*

Die opdrag om alle vreemde gode uit die volk te verwyder, was teken van hernude toewyding aan die Here. Die volk moes opnuut haar toewyding toon om alleen die Here en geen ander gode nie te dien (Butler, 1983:276). Verdeelde trou aan die Here en aan ander gode is ontrou, opstandigheid en sonde (Human, 1999:257).

Gevolgtrekking:

> Israel moes haar voorneme om die Here alleen te dien met die daad bewys en dadelik haar toewyding aan die Here toon deur alle afgode uit haar midde te verwyder. Toewyding aan die Here eis geen neerbuiging voor 'n ander god nie.

*<u>"Wy aan die Here"</u> (הַטּוּ אֶת־לְבַבְכֶם אֶל־יְהוָה)*

Die Hebreeuse sinsnede hierbo wat in die 1983-Vertaling vertaal is met "totaal toewy aan die Here" gebruik 'n beeld om die wyse van toewyding aan te toon. Sentraal in hierdie sinsnede is die woordjie לבב wat volgens Brown, Driver en Briggs (2000) met "hart" of "innerlike" vertaal kan word. Hierbo onder 1.3.2.1 is reeds aangetoon dat לבב na die ingesteldheid of gesindheid van 'n mens kan verwys.

Teenoor die afgode wat uit die midde van die volk verwyder moes word, moes die volk haar totaal aan die Here toewy. Die 1953-Vertaling stel dat sy haar "hart tot die Here moes neig." Toewyding aan die Here (spiritualiteit - JAE) word gedryf deur die ingesteldheid van die hart (Kroeze, 1968:258).

Die seremonie om die afgode uit die volk se midde (hierbo) te verwyder was nie op sy eie goed genoeg nie, die volk moes haarself ook opnuut aan die Here toewy. Sy moes nie net haar hande in rituele aanbidding uitsteek nie. Sy moes haar totale innerlike, haar hart, voor die Here in diens, gehoorsaamheid en aanbidding uitstrek (Butler, 1983:276).

Gevolgtrekking:

> Israel moes haar voorneme om die Here alleen te dien, bewys deur haar innerlik so in te stel dat sy waarlik in alles totaal toegewyd aan die Here geleef het.

*<u>Gehoorsaam</u> (נשמע– ontleding: Qal, impf, 1ste pers., mv. van שמע)*

Holladay (1989:376-377) toon dat שמע verwys na die aksie van hoor. Om waarlik te hoor, beteken egter nie om bloot die klank van iets waar te neem nie, maar ook om die klank te verstaan en korrek daarop te reageer. Om die Here waarlik te hoor, is om die Here waarlik te gehoorsaam (vgl. Brown, Dover & Briggs, 2000).

Butler (1983:276) sê dat Israel se basiese identiteit in voortdurende gesprek met God lê - om gedurig na sy Woord te luister en dit te gehoorsaam. Slegs hierdie gehoorsaamheid is die basis van ware diens aan God.

Gevolgtrekking:

Die Israeliete onderneem in Josua 24:24 om te luister en te doen wat die Here aan hulle oplê. Die rede vir hierdie gehoorsaamheid is gegrond in die verbond wat die Here met hulle gesluit het en wat hulle op die punt was om te hernu.

Skrif-met-Skrifvergelyking

In die Ou Testament is die parallel met Deuteronomium 6:1-9 baie duidelik: die volk moes haar met hart en siel daaraan toewy om die Here alleen te dien.

In die Nuwe Testament gee Christus in Matteus 22:37 ook die opdrag dat gelowiges die Here met hulle hele hart en siel en verstand moet dien. Hiermee word die gesindheid en ingesteldheid bevestig wat 'n gelowige teenoor die Here behoort te hê.

Godsopenbaring in die perikoop

God eis van sy verbondsvolk dat hulle Hom alleen met volle toewyding moet dien. Hierdie toewyding moet sigbaar word in die optrede van die volk en mag nie net woorde bly nie.

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Josua 24:19-25

- Hierdie gebeure speel af kort na die besetting van die beloofde land.
- Josua is die prediker wat die volk opnuut aan die verbondsgeskiedenis herinner. God is getrou aan sy beloftes. Hierdie boodskap was ook baie vertroostend vir die gelowiges in ballingskap eeue later.
- Op grond van die verbondsgeskiedenis word reaksie van die volk geëis. Die volk moet haar totaal aan die Here toewy. Indien die volk haar nie totaal aan die Here toewy nie, sou sy verbondswraak oor die volk losbreek.
- Toewyding aan die Here hou in dat die volk die regte hartsgesindheid teenoor die Here moes ontwikkel en bevorder.

## 5.2.2 Eksegese van Esra 10:10-17

Inleiding

Hierbo (onder 3.2.2) is reeds heelwat eksegetiese inligting oor Esra 10:10-11 gegee. Ter wille van die vloei van die argument word slegs die bevindings hier herhaal.

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

Die plek van die boek Esra in die Bybel en die plek van Esra 10:10-11 is reeds onder 3.2.2 bespreek. Die gevolgtrekking was: Esra 10:10-11 val in die tweede deel van die boek Esra wat oor Esra self handel. Esra 10:10-11 is deel van die gedeelte wat die hervormings van Esra beskryf.

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

Die genre van Esra 10:10-11 is reeds onder 3.2.2 bespreek. Die gevolgtrekking was: Esra 10:10-11 bevat geskiedenis wat die optrede van Esra tydens 'n spesifieke hervormingspoging beskryf.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Die ontleding van die breër gedagteopbou van Esra 10 is onder 3.2.2 soos volg uiteengesit:

***Esra 9:1-5:*** *Daar word aan Esra gerapporteer dat van die Jode met vroue uit die heidennasies getrou het en in reaksie hierop is Esra baie ontsteld*

↳ ***Esra 9:6-15:*** *Esra se gebed van skuldbelydenis en verootmoediging voor die Here.*

↳ ***Esra 10:1-6:*** *Die reaksie van die leiers: 'n verbond om die vreemde vrouens weg te stuur.*

↳ ***Esra 10:7-9:*** *'n Gemeentebyeenkoms word belê om oor die saak te besluit.*

↳ ***Esra 10:10-11:*** *Esra gee 'n samevatting van die situasie en stel die opdrag wat die wet van die Here vereis.*

↳ ***Esra 10:12-17:*** *Die volk reageer op Esra se woorde en besluit dat plaaslike leiers elke individuele saak sal ondersoek en afhandel.*

↳ ***Esra 10:18-44:*** *Die name van al die manne wat met vreemde vrouens getroud was.*

Die gedagtestruktuur van Esra 10:10-17 kan soos volg uiteengesit word[11]:

*Die priester Esra het opgestaan en aan hulle gesê:*

→ *Julle was ontrou en het getrou met vreemde vroue getrou.*

→ *Sodoende het julle die sonde van Israel meer gemaak.*

→ *Daarom, doen belydenis aan die HERE, die God van julle vaders.*

→ *Doen wat reg is:*

→ *skei julleself af*

→ *van die volke van die aarde*

→ *en van die vreemde vroue*

→ *12 En die hele vergadering het hulle* ***verootmoedig*** *en met 'n groot stem gesê:*

→ *Dit is so, soos jy gesê het vir ons, so moet ons doen.*

→ *13 Tog, dit is 'n groot volk en dit is 'n tyd van reën en daar is nie krag om buite te staan nie, en die werk is nie vir een dag nie, en ook nie twee nie, want ons het groot oortree in hierdie saak. 14 Laat tog ons leiers en saam met hulle die oudstes van die stede en die regters instaan vir die hele vergadering, en almal wat in die dorpe vreemde vroue geneem het ondersoek op vasgestelde tye, totdat die toorn van ons God vanweë hierdie saak van ons weggekeer het..*

→ *15 Slegs Jonathan, seun van Asael, en Jehasia, seun van Tikwa het hierteen gestaan en Messulam en Sabbetai die Leviet het hulle ondersteun.*

→ *16 Maar die kinders van ballingskap het so gedoen.*

→ *En Esra, die priester, het manne uit die oudstes volgens die huise van die oudstes, almal volgens naam uitgesoek.*

→ *En hulle het op die eerste dag van die tiende maand gaan sit om die saak te ondersoek.*

→ *17 En hulle het alles voltooi op die eerste dag van die eerste maand. Die manne wat gebly het met vreemde vroue was:*

→ *18-43 (lys van name)*

→ *44 En dié manne het geneem vreemde vroue en hulle het van die vroue geskei en die kinders saam met hulle* ***weggestuur.*** [12]

[11] Om die gedagtestruktuur goed weer te gee, is die teks 'n eie vertaling vanuit die brontaal.

[12] Fensham (1982:144) en Noordtzij (1951:148) toon tereg aan dat die Hebreeuse teks van vers 44 korrup en onvertaalbaar is. 'n Parallele teks word in die apokriewe boek 1 Esra 9:36 gevind. Daar staan:"En hulle het die vrouens en kinders weggestuur". Saam met meeste nuwer Bybelvertalings, kies hierdie studie hierdie vertaling van vers 44.

Uit hierdie gedagtestruktuur is dit duidelik dat die volk positief op die prediking van Esra gereageer het. In die eerste plek reageer die volk met verootmoediging. In die tweede plek maak hulle 'n plan om dit wat verkeerd was reg te stel, en in die derde plek stel hulle dan reg wat in die oë van die Here verkeerd was.

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Onder 3.2.2 is aangetoon dat die Jode in Esra 10 teruggekeer het uit ballingskap. Die monargie het nie meer bestaan nie en die teruggekeerde Jode moes 'n nuwe uitkyk op hulle geloof en tradisie verkry.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Onder 3.2.2 is aangetoon dat die Jode nie na 'n leë land teruggekeer het nie. Vreemde mense het in die land gebly. Aan die een kant was daar konfrontasie tussen teruggekeerde Jode en hierdie vreemde mense, maar aan die ander kant het daar ook vermenging ontstaan deurdat heelwat Jode vir hulle vrouens uit die heidennasies gevat het.

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Vermenging met vreemde volke is uitdruklik deur die Here verbied. Onder 3.2.2 is aangetoon dat die volk moes kies om óf ongehoorsaam, óf gehoorsaam aan die Here te wees. Sou hulle gehoorsaam wou wees, moes hulle hulle van hul vreemde, heidense vrouens afskei.

Woordstudie van belangrike begrippe

Uit bogenoemde gedagtestruktuur is daar veral twee woorde wat dui op die reaksie van die volk op die boodskap van Esra. In vers 12 verootmoedig (ענה) die volk haar, en in vers 44 word die vreemde vrouens en kinders weggestuur (korrupte teks).

*Verootmoedig (ויענו– ontleding: Qal, impf., ind., 3e pers., ml., mv., plus waw kons.)*

Holladay (1991:277) sê ענה beteken om neer te buig, om jammer te wees, om jouself te verneder of te verootmoedig. Ook Brown, Driver en Briggs (2000)

bevestig dat ענה kan verwys na die aksie van verootmoediging. Die volk doen dus belydenis en regstelling van die verkeerde situasie (Smit, 1999:527).

Gevolgtrekking:

> Die volk reageer op die Woord van die Here (wat Esra verkondig het) deur haarself te verootmoedig. Haar sonde word erken en aksies word uitgevoer om die sonde uit te roei. So herstel die volk weer haar verhouding met die Here.

*Wegstuur (korrupte teks)*

Saam met Noordtzij (1951:148) en Fensham (1982:144) moet genoem word dat dit glad nie seker is dat die oorspronklike teks van Esra 10:44 die begrip "wegstuur" bevat nie. Die huidige lesing van vers 44 is korrup en onleesbaar. Daarom word die parallelle lesing vanuit die apokriewe boek 1 Esra 9:36 gevolg. In hierdie teks reageer die volk deur die vreemde vrouens en kinders, na deeglike ondersoek, weg te stuur.

Dit is belangrik om op te let dat die vreemde vrouens en kinders eers na deeglike ondersoek weggestuur is (Fensham, 1982:142). Hieruit kom dit voor asof vrouens en kinders uit die heidendom wat die Joodse geloof aangeneem het (soos Ragab en Rut eeue vroeër), nie weggestuur is nie.

Gevolgtrekking:

> Die aanhoor van die Woord van God roep om reaksie. Die volk reageer deur in gehoorsaamheid aan God alle vreemde vrouens en kinders uit hul midde weg te stuur omdat die vreemde vrouens en kinders hulle agter afgode aan kan verlei (vgl. Smit, 1999:528).

Skrif-met-Skrifvergelyking

Talle Ou Testamentiese Skrifgedeeltes toon dat God vermenging van sy volk met heidense nasies verbied het, onder andere Eksodus 34:16 en Deuteronomium 7:1-5.

Godsopenbaring in die perikoop

God het sy volk uit ballingskap verlos en teruggebring na die beloofde land. Sy volk moet nou op hierdie bemoeienis van Hom reageer. Die volk moet nou weer leer wat gehoorsaamheid aan die Here beteken. Daarom moet Esra die volk leer om haar van sonde te bekeer en weer in gehoorsaamheid aan die Here te lewe (vgl.

Smit, 1999:526-527). Die volk moes nie net hoor wat die Here verwag nie, maar ook doen - dus met die daad op die Here reageer.

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Esra 10:10-17

- Hierdie gebeure speel af in die eerste honderd jaar na die terugkeer uit ballingskap.
- Die prediker (Esra) het kennis geneem van die spiritualiteit van die volk. Die volk was besig om te vermeng met vreemde vrouens wat hulle van die Here kon weglei.
- Esra laat die lig van die Woord van die Here op die sondige situasie val.
- Die volk reageer op die Woord van die Here en bely haar sonde.
- Die volk wis die sonde uit en groei daarmee in haar verhouding met God.

### 5.2.3 Eksegese van Matteus 5:13-16

Inleiding

Hierbo (onder 3.2.3 en 4.2.3) is reeds heelwat eksegetiese inligting oor die boek Matteus en die bergrede gegee. Spesifiek onder 4.2.3 is eksegeties reeds op Matteus 5:13-16 gefokus. Ter wille van die vloei van die argument, word slegs die bevindings wat tersaaklik is om basisteoretiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei te formuleer, hier herhaal.

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

Matteus 5:27-30 vorm deel van die bergrede in die Evangelie volgens Matteus. Onder 3.2.3 is aangetoon dat die bergrede die eerste van vyf groot redes/preke van Jesus is wat in die Evangelie volgens Matteus opgeteken is. Onder 4.2.3 is vasgestel dat Matteus5:13-16 'n bekende eerste onderafdeling van die bergrede is.

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

In 3.2.3 is vasgestel dat die genre van Matteus 'n Evangeliebeskrywing is. 'n Evangeliebeskrywing is 'n vertelteks rondom die optrede van die aardse Jesus. Hierdie vertelteks is in wese verkondiging van Jesus Christus en het die doel om geloof te wek, te versterk en te verdiep.

Matteus 5:13-16 is deel van 'n opgetekende rede/preek van Jesus in die Matteusevangelie en is dus 'n voorbeeld van Jesus se lering (Breytenbach & Müller, 1990:292).

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Onder 4.2.3 is die gedagtestruktuur van Matteus 5:13-16 soos volg uiteengesit:

> *[13]JULLE is die **sout** van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.*
>
> *[14]Julle is die **lig** van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; [15]en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.*
>
> → *[16]Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.*

Hagner (1993:97) het die band tussen Matteus 5:13-16 en die res van die bergrede soos volg getoon: Alleen deur sout en lig te wees, kan die gelowige waarlik die wil van God (soos in die res van die bergrede geopenbaar) uitleef. Om volgens die wil van God te lewe, is om sout en lig te wees.

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Onder 4.2.3 is getoon dat om sout en lig te wees, alleen deel van die gelowige is vanweë Christus se versoenings- en die Heilige Gees se vernuwingswerk en nie vanweë eie prestasie nie. Om sout en lig te wees, is 'n aanvaarding van 'n Goddelike kwalifikasie van die wese van dissipelskap.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Onder 4.2.3 is getoon dat die eerste lesers van die Evangelie volgens Matteus die gevaar geloop het om vanweë vervolging en swaarkry nie meer vol te hou om die lig van Christus in die duister wêreld te laat skyn nie.

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Onder 4.2.3 is getoon dat alhoewel die navolgers van Jesus reeds sout en lig is, Jesus hulle in Matteus 5:13-16 oproep om des te meer sout en lig in die wêreld te wees. Hulle mag hulle nie deur allerlei invloede laat afskrik het nie. Hierdie taak moes nie net met woorde nie, maar ook met dade verrig word.

Woordstudie van belangrike begrippe

Twee begrippe wat op die verband tussen prediking en geestelike groei dui, is die begrippe "sout" (αλας) en "lig" (φως). Deur sout (αλας) en lig (φως) te wees, sou iets aandui van die tipe spiritualiteit wat Christus van sy dissipels verwag en waarheen hulle geestelik moes groei.

> *<u>Sout</u> (αλας - ontleding: Nom., net., ekv. van αλας) en <u>Lig</u> (φως - ontledinge: Nom., net., ekv. van φως)*
>
> Onder 4.2.3 is getoon dat αλας en φως dui op die in- en uitwerking wat die dissipels van Jesus op hulle omgewing moet hê. Die spiritualiteit van 'n dissipel behoort die dissipel te dring om die boodskap van die genadige teenwoordigheid van God in die wêreld in te dra.
>
> Gevolgtrekking:
>
> > Gelowiges moet vanweë hulle geloof in Christus 'n in- en uitwerking op hulle omgewing hê. Hierdie in- en uitwerking wat die gelowige in die wêreld behoort te hê, is dat die gelowige die boodskap van die genadige teenwoordigheid van God in die wêreld moet indra.

Skrif-met-Skrifvergelyking

Efesiërs 5:6-20 verwys ook na die invloed wat gelowiges op hulle omgewing behoort te hê. Dit is interessant dat Efesiërs 5 juis op hierdie invloed wys wat gelowiges op die wêreld rondom hulle behoort te hê nadat Efesiërs 4:12-16 die noodsaak van geestelike groei onder leiding van onder andere die herders en leraars, getoon het. Prediking rus gelowiges dus toe om lig en sout in die wêreld te wees.

Godsopenbaring in die perikoop

Gelowiges is mense wat 'n in- en uitwerking in die wêreld rondom hulle moet hê. Die lig wat hulle van God ontvang het, moet uitstraal uit hulle lewe en die wêreld rondom hulle beïnvloed (vgl. Müller, 1990:110; Hagner, 1993:100; Van Zyl, 1999:1124). Gelowiges word juis tot hierdie uitlewing van hulle geloof opgeroep deur prediking.

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Matteus 5:13-16

- Hierdie oproep tot die uitlewing van geloof word deur Jesus Christus self gedoen tydens sy omwandelinge hier op aarde.

- Gelowiges is vanweë Christus se versoeningswerk burgers van die koninkryk van God.
- As burgers van die koninkryk van God leef hulle egter nog in hierdie wêreld wat God nie ken nie. Hulle moet egter hulle geloof uitleef. Die uitlewing van geloof moet dus deel van hul spiritualiteit wees.
- Prediking stimuleer geestelike groei sodat gelowiges wel daartoe kan kom om hulle geloof uit te leef.

### 5.2.4 Eksegese van 1 Korintiërs 3:1-9

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

Die brief 1 Korintiërs is een van Paulus se briewe in die Nuwe Testament. Hierdie brief is geskryf in antwoord op 'n brief wat Paulus van die gemeente ontvang, en waarin hulle sy advies oor sekere sake gevra het. Behalwe om die gevraagde advies te gee, het Paulus ook die geleentheid gebruik om aan die gemeente oor sake te skryf waarvan hy te hore gekom het - onder andere die saak van verdeeldheid en partyskappe in die gemeente (Morris, 1969:24; Wolmarans, 1999:1493).

Vanweë die verskeidenheid van onderwerpe wat bespreek word, vorm die eerste Korintiërsbrief nie 'n baie hegte geheel nie. Maar alhoewel die brief streng gesproke nie 'n formeel geslote gedagteopbou het nie, is daar tog 'n bepaalde logika in die gedagtegang en die temas wat bespreek word (Lategan, 1988:76,78).

Morris (1969:31-33) toon die volgende struktuur van die eerste Korintiërsbrief:

| | |
|---|---|
| 1:1-9 Aanhef en danksegging | |
| 1:10-4:21 | Oor verdeelheid in die gemeente |
| 5:1-6:20 | Oor losbandigheid |
| 7:1-7:40 | Oor die huwelik |
| 8:1-11:1 | Oor vleis wat aan 'n afgod geoffer is |
| 11:2-14:40 | Oor ongerymdhede in die erediens |
| 15:1-15:58 | Oor die opstanding uit die dood |
| 16:1-16:24 | Afsluiting |

Uit hierdie struktuur is dit duidelik dat 1 Korintiërs 3:1-9 in die eerste tematiese deel voorkom wat handel oor verdeeldheid in die gemeente. Lategan (1988:78) en Wolmarans (1999:1492) bevestig hierdie indeling.

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

1 Korintiërs is 'n brief en is daarom deel van die brief-genre (vgl. Pelser, 1988:41). 1 Korintiërs 3:1-9 is deel van die liggaam van die brief.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

1 Korintiërs 3:1-9 is 'n onderafdeling van die groter geheel wat vanaf 1 Korintiërs 1:10 tot 1 Korintiërs 4:21 strek. Daarom is dit sinvol om eers te kyk hoe 1 Korintiërs 3:1-9 in hierdie groter geheel inpas. Morris (1969:31) toon hierdie indeling as volg:

1:10-17 Die feit van die verdeelheid: Daar is verskeie partye in die gemeente, maar die verdeeldheid is nie deur hom (Paulus) veroorsaak nie.

→ 1:18-2:5 Die "dwaasheid" van die Evangelie: Vir die wêreld is die boodskap van die Evangelie dwaasheid. Hierdie dwaasheid is egter groter wysheid as die grootste wysheid van mense. Uit genade alleen het God sy mense gered. Geen mens het dus iets om op te roem voor God nie. Paulus het hierdie boodskap verkondig sodat die Korintiërs hierdie boodskap kon verstaan.

→ 2:6-16 Die openbaring deur God: Die Gees van God maak God bekend sodat mense die Evangelieboodskap kan verstaan en glo.

→ 3:1-9 Misverstaan van die Goddelike boodskap: Mense wat nog soos kindertjies in die geloof is, begryp nie die wysheid van God nie omdat hulle hulle nie deur die Gees van God laat lei nie. Daarom is daar verdeeldheid onder die gemeente. Tussen Paulus en Apollos is daar in werklikheid geen spanning nie

→ 3:10-17 Die fondasie en gebou: Gelowiges wat na die Gees luister, bou op die fondament van die Evangelie en nie op verskillende mense nie.

→ 3:18-4:13 Die plek van die prediker: Die prediker is in diens van die Evangelie en nie bo die Evangelie verhewe nie. Die gemeente moet uit Paulus en Apollos se ware verhouding leer om nie onderling verdeeld te wees nie.

→ 4:14-21 Persoonlike aanmoediging om nie verdeeld te wees nie.

Uit hierdie groter gedagtegang is dit duidelik dat 1 Korintiërs 3:1-9 handel oor die kern van die verdeeldheid in die gemeente: omdat die gemeente nog soos kindertjies in die geloof is, bou hulle nie op die fondament van die Evangelie nie en is hulle onderling verdeeld.

Die spesifieke gedagtestruktuur van 1 Korintiërs 3:1-9 word soos volg uiteengesit[13]:

*Broers, ek kon met julle nie* ***praat***

→ *soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie;*

→ *ek moes praat soos met* ***wêreldse*** *mense,*

→ *soos met* ***kindertjies*** *in die geloof in Christus.*

→ *[2]Ek het julle met* ***melk gevoed****, nie met* ***vaste kos*** *nie,*

→ *want julle kon dit nog nie verteer nie.*

→ *En julle kan dit ook nou nog nie verteer nie,*

→ *[3]want julle is nog wêreldse mense.*

→ *Daar kom jaloesie en twis onder julle voor.*

→ *Is dit nie omdat julle nog wêrelds is en julle wêrelds gedra nie? [4]As een van julle sê: "Ek is vir Paulus," en 'n ander: "Ek is vir Apollos," is julle dan nie nog wêrelds nie?*

→ *[5]Wat is Apollos dan? Wat is Paulus?*

→ *Hulle is maar net dienaars deur wie julle tot geloof gekom het, en elkeen doen die werk soos die Here dit vir hom gegee het.*

→ *[6]Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het.*

→ *[7]Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei.*

→ *[8]Die een wat plant en die een wat natgooi, staan op gelyke voet: God sal elkeen beloon volgens sy werk.*

→ *[9]Ons is medewerkers in diens van God, en julle is die saailand van God.*

Uit hierdie gedagtestruktuur is dit duidelik dat die rede vir die verdeeldheid in die gemeente die feit is dat die gemeente nie reg op die voeding (prediking - JAE) van die Evangelie gereageer het nie. Hulle het nie doelbewus daarna gestrewe om te leer om vaste kos te verteer nie. Hierdie gebrek was die oorsaak van die verdeeldheid.

[13] Die teks van die 1983-Vertaling word gebruik omdat die dinamies-ekwivalente vertaling die Griekse gedagtegang goed in Afrikaans weergee

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Paulus is 'n apostel wat besonderlik deur die Here afgesonder is om die Evangelie aan die heidene bekend te maak (Dunn, 1988a:xli; Galasiërs 2:9). Die gemeente in Korinte is waarskynlik rondom die jaar 50 n.C. deur Paulus self gestig. Na sy vertrek uit die gemeente, is daar heelwat korrespondensie tussen Paulus en die gemeente gevoer. Waarskynlik het Paulus vier briewe aan die gemeente geskryf. Twee van hierdie briewe het verlore gegaan. Die twee briewe aan die Korintiërs wat in die Bybel opgeneem is, was waarskynlik chronologies die tweede en vierde van hierdie vier briewe. Die brief wat in die Bybel die eerste brief aan die Korintiërs genoem word, is omstreeks 54 n.C. vanuit Efese geskryf (Lategan, 1988:58-64).

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Die inwoners van die stad Korinte was baie kosmopolities. Hierdie kosmopolitaanse karakter was te wyte aan die geografies-strategiese ligging van die stad. Korinte was geleë op die dun landlengte wat die Peloponnesiese skiereiland met die res van Griekeland verbind (Lategan, 1988:58-59). Behalwe dat die stad twee belangrike hawens weerskante van die dun landlengte gehuisves het, het Julius Caesar die stad in 44 v.C. tot Romeinse kolonie verklaar. Nuwe intrekkers van oral oor die Romeinse Ryk het hulle in Korinte kom vestig. Sinkretisme was aan die orde van die dag en die stad was berug vir sy losse sedes.

Paulus was die stigter van die gemeente in Korinte en hy het vir ongeveer 'n jaar en 'n half in die gemeente gewerk. Die gemeente het hoofsaaklik uit laer sosiale klasse en 'n Joodse element bestaan. Nadat Paulus na Efese toe vertrek het, het Apollos - 'n welsprekende teoloog van Joodse afkoms - ook in Korinte gewerk. Moontlik het selfs Petrus vir 'n tyd in die gemeente gewerk. Ongelukkig het daar toe groepvorming in die gemeente ontstaan. Hierdie groepvorming agter verskeie leiers het heelwat verdeeldheid in die gemeente veroorsaak (vgl. Wolmarans, 1999:1493-1495; Lategan, 1988:61-67).

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

'n Belangrike geloofskeuse wat die gemeentelede van Korinte op grond van 1 Korintiërs 3 moes doen, was om die saak van partyskappe en verdeeldheid aan te spreek. Die gemeente moes besef dat een leier nie belangriker of beter as 'n ander

is nie. Almal is maar net dienaars in die gemeentelike taak en dat dit eintlik op God aankom wat die nuwe lewe laat ontkiem en groei (Lategan, 1988:66).

'n Verdere geloofskeuse wat op die gemeente gerus het, was om moeite te doen om te leer om die vaste kos van die Evangelie te verteer en só waarlik geestelik te groei (Morris, 1969:63; Wolmarans, 1999:1499).

<u>Woordstudie van belangrike begrippe</u>

Uit die gedagtestruktuur hierbo is daar woorde wat die aksie van verkondiging, die ware reaksie van die gemeente op die verkondiging, asook die reaksie wat God op die verkondiging verwag, beskryf. Hierdie is die woorde: "praat" (λαλεω), "wêreldse" (σαρκινος) en "kindertjies" (νηπιος) in vers 1. In vers 2 is dit: "voed" (ποτιζω), "melk" (γαλα) en "vaste kos" (βρωμα). Hierdie begrippe word nou in meer besonderhede bestudeer.

*<u>Praat</u> (λαλησαι - ontleding: Aor., inf., akt., van λαλεω)*

In 1 Korintiërs 3:1 word λαλεω gebruik om te verwys na die aksie wat Paulus met die gemeente in Korinte verrig het. Arndt *et al.* (2000) verklaar λαλεω as die aksie van "praat".

Louw & Nida (1996) deel λαλεω in onder semantiese domein 33 (wat verwys na kommunikasie) en subdomein F (wat verwys na die aksie van praat). Onder 33.70 verwys λαλεω dan na die aksie van gewoonweg praat of vertel.

Gevolgtrekking:

Paulus het die Evangelie van Jesus Christus aan die gemeente in Korinte gekommunikeer deur die Evangeliewaarhede aan die gemeente te vertel.

*<u>Wêreldse</u> (σαρκινοις - ontleding: Dat., ml., mv., van σαρκινος.)*

Die begrip σαρκινος word in verse 1 en 2 van 1 Korintiërs 3 gebruik. In vers 1 verwys die begrip na die wyse waarop die Korintiërs gedink het in die tyd toe Paulus in die gemeente gewerk het. In vers 2 verwys die begrip na die wyse waarop die Korintiërs gedink het in die tyd toe hy die eerste Korintiërsbrief geskryf het. Paulus moes rekening hou met die wyse waarop die Korintiërs gedink het, sodat hulle hom kon verstaan.

Louw & Nida (1996) deel die gebruik van σαρκινος in 1 Korintiërs 3:1 onder domein 41.42 in. Domein 41.42 verwys na spesifieke menslike gedrag wat deur fisiese begeertes beïnvloed word eerder as spirituele begeertes en ideale.

Arndt *et al.* (2000) stel ook dat σαρκινος verwys na dit wat tot die vlak van die liggaamlike behoort en wat teenoor die geestelike gestel word. Die vleeslike (of wêreldse) word dan as swak en sondig getipeer.

Gevolgtrekking:

> Paulus stel in 1 Korintiërs 3:1 dat hy in die manier waarop hy met die Korintiërs gepraat het, rekening moes hou met die wyse waarop hulle dink. Hulle het nog nie geestelike wysheid (vgl. 1 Korintiërs 2) gehad nie en het wêrelds volgens hulle begeertes gedink. Die gedagte was dat die Korintiërs hierdie tipe denke moes ontgroei. Volgens die gebruik van σαρκινος in vers 2 is dit duidelik dat die Korintiërs nog steeds volgens hulle begeertes op wêreldse wyse gedink het toe Paulus die eerste brief aan die Korintiërs geskryf het.

*Kindertjies (νηπιοις - ontleding: Dat., ml., mv., van νηπιος)*

Paulus sê in 1 Korintiërs 3:1 die wyse waarop hy met die Korintiërs moes praat, was soos om met νηπιος te praat. Arndt *et al.* (2000) sê dat νηπιος na baie klein kindertjies, moontlik selfs nog babatjies, verwys. Hiermee sou Paulus dan na die onvolwassenheid van die Korintiërs verwys het. Hy sou met hierdie onvolwassenheid in sy prediking rekening moes hou.

Louw & Nida (1996) deel νηπιος in onder domein 9 (wat na mense verwys) en subdomein D (wat na kinders verwys). 'n Νηπιος is dan volgens hierdie indeling 'n klein kindjie wat net ouer as 'n hulpelose babatjie is, maar wat waarskynlik nie ouer as drie of vier jaar is nie. As Paulus dan hiervolgens na die Korintiërs as νηπιος verwys, word ook hiermee na hul onvolwassenheid en kinderagtigheid verwys.

Gevolgtrekking:

> Paulus moes in sy aanvanklike prediking in Korinte rekening met die vlak van hulle spiritualiteit hou. Geestelik was hulle nog soos klein kindertjies - onvolwasse en kinderagtig.

*Voed* (*επότισα - ontleding: Aor., ind., akt., 1ste pers., ekv., van ποτιζω.*)

In 1 Korintiërs 3:2 gebruik Paulus die begrip ποτιζω om te verwys na die manier waarop hy gepoog het om die Korintiërs geestelik te laat groei. Arndt *et al.* (2000) toon dat die begrip ποτιζω verwys na die aksie om iemand of iets te laat drink. Arndt *et al.* (2000) wys daarop dat ποτιζω ook in 1 Korintiërs 3:6-8 gebruik word om die aksie van natmaak te beskryf. Deur iemand te laat ποτιζω word dors geles en nuwe krag gegee.

Louw & Nida (1996) deel die begrip ποτιζω in onder domeine 23 (wat verwys na die aksie van drink) en domein 43 (wat verwys na die aksie van landbou). Onder 23.35 verwys ποτιζω na die aksie om iemand iets te gee om te drink. Onder 43.9 verwys ποτιζω na die natlei van plante.

Gevolgtrekking:

> Die rede waarom Paulus met die Korintiërs gepraat het, was om hulle geestelik iets te drinke te gee. Soos wat 'n boer plante natlei om hulle te laat groei, wou Paulus die Korintiërs geestelik voed om hulle te laat groei.

*Melk* (*γαλα - ontleding: Akk., neut., ekv., van γαλα*)

In 1 Korintiërs 3:2 gebruik Paulus die begrip γαλα om die kwaliteit van voeding waarmee hy die Korintiërs weens hul geestelike onvolwassenheid gevoed het, te beskryf. Volgens Arndt *et al.* (2000) verwys γαλα na melk. Hiermee word in 1 Korintiërs 3:2 figuurlik bedoel dat Paulus die Korintiërs weens hul geestelike onvolwassenheid met baie elementêre, eenvoudige lering gevoed het.

Louw & Nida (1996) deel γαλα in onder domein 5 (wat verwys na voedsel). Onder 5.19 verwys γαλα na melk, maar daar word ook aangetoon dat γαλα figuurlik gebruik kan word om te verwys na voedsel vir babatjies.

Gevolgtrekking:

> Paulus moes in sy leerstellige voeding van die Korintiërs rekening hou met hulle vlak van geestelike ontwikkeling. Hy moes op eenvoudige wyse met hulle praat sodat hulle hom kon verstaan.

*Vaste kos (βρωμα - ontleding: Akk., neut., ekv., van βρωμα)*

In 1 Korintiërs 3:2 gebruik Paulus die begrip βρωμα om te verwys na die voedsel waarmee geestelik volwasse mense gevoed moet word. Arndt *et al.* (2000) toon aan dat βρωμα verwys na vaste kos. Hierdie vaste kos word dikwels gestel teenoor die melkkos waarmee babatjies gevoed word.

Louw & Nida (1996) deel βρωμα in onder domein 5 (wat verwys na voedsel) en subdomein A (wat verwys na kos). Onder 5.1 verwys βρωμα na enige soort kos waarmee 'n mens gevoed word, maar onder 5.7 verwys βρωμα spesifiek na vaste kos wat teenoor melkkos gestel word. Melkkos is vir babatjies, maar vaste kos is vir grootmense.

Gevolgtrekking:

> Soos wat die Korintiërs geestelik gegroei het, moes hulle geestelike dieet aangepas word. Hulle moes groei van melkkos na vaste kos. Vaste kos sou hulle volwasse in die geloof maak en leer om die wysheid van God (vgl. 1 Korintiërs 2) te onderskei. Ongelukkig blyk dit uit Paulus se brief dat hierdie groei nie plaasgevind het nie en dat die gemeente steeds met melkkos gevoed moes word.

Skrif-met-Skrifvergelyking

Hebreërs 5:12-14 handel ook oor die saak van geestelike voeding wat verband hou met die geloofsgroei van gelowiges. So ook 1 Petrus 2:2. Dit bly 'n opdrag aan gelowiges om in die geloof te groei en die prediking moet veral hiertoe bydra.

Godsopenbaring in die perikoop

Die persoon wat met gelowiges oor geestelike sake wil praat, moet rekening hou met die spiritualiteit van die gelowiges. Op hierdie wyse kan hy só kommunikeer dat die gelowiges hom verstaan. Tog moet gelowiges ook gemotiveer en onderrig word om geestelik te groei sodat hulle van melkkos na vaste kos in die geloof kan groei.

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor 1 Korintiërs 3:1-9

- Paulus skryf oor hierdie faset van prediking rondom die jare 54-55 n.C.
- Die wortel (fondament) van geestelike groei is die Evangelie van Jesus Christus.

- 'n Prediker moet rekening hou met die spiritualiteit (vlak van geestelike ontwikkeling) van sy hoorders.
- Hoorders moet geestelik groei. Hiertoe moet die prediker die hoorders begelei deur hulle geestelike dieet vanuit die Evangelie aan te pas.
- Geestelike groei bring volwassenheid in die geloof.

## 5.2.5 Eksegese van 2 Timoteus 3:16-4:3

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

2 Timoteus is een van die sogenaamde pastorale briewe in die Nuwe Testament (vgl. Pelser, 1988:174). Alhoewel die brief aan 'n individu gerig is, bevat dit nie baie private korrespondensie nie, maar handel dit meestal oor amptelike verantwoordelikhede (Pelser, 1988:174; Kemp, 1978:7).

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

2 Timoteus is 'n brief en behoort daarom tot die brief-genre (vgl. Pelser, 1988:175). Hierdie brief bevat baie voorligting, raad, opdragte en voorskrifte aan Timoteus as herder van 'n gemeente.

Pelser (1988:175) wys dat daar navorsers is wat 'n vraagteken agter die Pauliniese outeurskap van die pastorale briewe plaas. Sou hierdie briewe (soos daardie navorsers van mening is) pseudonieme geskrifte wees, sou die pastorale briewe eerstens onder pseudepigrafiese literatuur tuisgebring moet word. In hierdie studie word egter van die veronderstelling uitgegaan dat Paulus die outeur van hierdie briewe is en 2 Timoteus dus tot die geskrifte van Paulus behoort.

Paulus het die tweede brief aan Timoteus waarskynlik kort voor sy dood geskryf (Hendriksen, 1983:43-44). Vergeer (1999:1644,1655) toon aan dat hierdie brief baie tipiese kenmerke van testamentêre stof bevat.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Hendriksen (1983:219) argumenteer dat die gedagtegang van 2 Timoteus gestruktureer is rondom die hoofgedagte van *die suiwer leer*. Hiervolgens is die gedagtegang van die brief dan soos volg:

| |
|---|
| Hoofstuk 1: Hou vas aan die suiwer leer |
| Hoofstuk 2: Onderrig die suiwer leer |
| Hoofstuk 3: Bly in die suiwer leer |
| Hoofstuk 4: Preek die suiwer leer. |

Vergeer (1999:1643) sê dat die 2de brief aan Timoteus uit drie groot dele bestaan:

| |
|---|
| 1:3-2:18 Paulus se gedagtes oor die verlede |
| 2:19-26 Paulus se gedagtes oor sy geloofsfondament |
| 3:1-4:18 Paulus se gedagtes oor die toekoms. |

Hiervolgens sit Vergeer (1999:1643) weer Paulus se gedagtes oor die toekoms soos volg uiteen:

3:1-9 Die swaar tye wat voorlê.
→ 3:10-15 Die vervolging van die gelowiges
→ 3:16-4:3 Die toerusting van die gelowiges vir die toekoms
→ 4:4-5 Komende afvalligheid onder gelowiges

Pelser toon die breër gedagteopbou van 2 Timoteus 3-4 soos volg:

3:1-9 Beskrywing van die verdorwenheid wat daar in die laaste dae sal intree.
→ 3:10-4:5 Oproep aan Timoteus om te midde van die goddeloosheid en teenkanting van mense, voort te gaan met Evangelieverkondiging, tydig en ontydig.

Twee sake wat duidelik uit al hierdie moontlike strukturele indelings na vore kom, is dat 2 Timoteus 3:16-4:3 handel oor weerstand wat in die toekoms teen dwaalleer en goddeloosheid gebied kan word deur toerusting, en vasstaan in die suiwer leer soos in die Woord van God geopenbaar word.

Die gedagteopbou van 2 Tim 3:16-4:3 is soos volg:

*[16]Die hele **Skrif** is deur God ingegee*

→ *en is nuttig tot **lering**,*

→ *tot **weerlegging**,*

→ *tot **teregwysing**,*

→ *tot **onderwysing** in die geregtigheid,*

→ *[17]sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome **toegerus**.*

*[1]EK besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk:*

→ *[2]**verkondig** die **woord**; hou aan tydig en ontydig;*

→ ***weerlê**,*

→ ***bestraf**,*

→ ***vermaan** in alle lankmoedigheid en lering;*

→ *[3]want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede...*

Uit hierdie gedagtestruktuur is dit duidelik dat Timoteus die Skrif op verskillende wyses moes gebruik om gelowiges toe te rus sodat hulle nie deur dwaalleer en goddeloosheid weg van God gelei word nie.

<u>Openbaringshistoriese plasing van die perikoop</u>

Paulus toon in 2 Timoteus 3 en 4 dat die tyd waarheen die kerk op pad is, 'n tyd is waarin die Christelike geloof tot sy uiterste toe beproef gaan word. Teen die agtergrond van die goddeloosheid van hierdie tyd, word Timoteus opgeroep om op die pad wat die Skrif vir hom aandui, te bly wandel. Die Heilige Skrifte neem dus 'n sleutelplek in die Christelike geloofslewe in en daarom moet Timoteus daarin volhard om vanuit die Skrif te preek (vgl. Robinson, 1991:108).

<u>Die sosiohistoriese konteks van die perikoop</u>

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Die brief 2 Timoteus is nie lank voor die apostel Paulus se dood geskryf nie. Pelser (1988:191) toon aan dat die bestaan en beoefening van dwaalleer een van die grootste redes vir die skryf van die pastorale briewe was. Timoteus moes teen die

dwaalleer weerstand bied deur die suiwer leer teenoor die dwaalleer te verkondig (Hendriksen, 1983:44).

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Timoteus moes die keuse maak om ten spyte van teenstand die Woord van God suiwer te verkondig. Hy moes hom nie deur allerlei menslike verdigsels laat lei nie (vgl. Vergeer, 1999:1645).

Woordstudie van belangrike begrippe

Uit die gedagtestruktuur hierbo is dit duidelik dat daar 'n hele aantal begrippe is wat betrekking het op prediking en geestelike groei. Timoteus moet die Skrif/Woord (γραφη en λογον) gebruik vir lering (διδασκαλιαν), weerlegging (ελεγμον), teregwysing (επανορθωσιν) en onderwysing (παιδειαν) om gelowiges toe te rus (εξηρτισμενος) vir diens aan God (2 Timoteus 3:16-17). Deur middel van die Skrif/Woord (γραφη en λογον) moet hy verkondig (κηρυξον), weerlê (ελεγξον), bestraf (επιτιμησον) en vermaan (παρακαλεσον) (2 Timoteus 4:2).

*Skrif/Woord (γραφη / λογον van γραφη / λογος)*

In 2 Timoteus 3:16 word γραφη en in 2 Timoteus 4:2 word λογος gebruik om die bron te tipeer waaruit Timoteus sy lering moes begrond.

Louw & Nida (1996) deel γραφη in onder domein 33 (wat na kommunikasie verwys). As 33.10 verwys γραφη na 'n spesifieke passasie van 'n dokument. As 33.53 verwys γραφη na die Skrif in sy geheel. Arndt *et al.* (2000) toon ook aan dat γραφη in die Nuwe Testament gebruik word om óf na 'n individuele passasie van die Ou Testament, óf na die Ou Testament in sy geheel te verwys.

Robinson (1991:109) toon dat baie uitleggers van mening is dat γραφη in 2 Timoteus 3:16 net op die Ou Testamentiese geskrifte wys. Tog wys Robinson (1991:109-111) self daarop dat baie uitleggers van mening is dat γραφη in die Christelike tradisie 'n verruiming ondergaan het sodat dit uiteindelik ook die Nuwe Testamentiese geskrifte ingesluit het. Hendriksen (1983:301) argumenteer dat γραφη in 2 Timoteus 3:16 na al die geskrifte verwys wat in die Nuwe Testamentiese kerk as gesagvol en kanoniek aanvaar is.

Onder 3.2.4 is aangetoon dat λογος in die Nuwe Testament gebruik word om te verwys na die inhoud van die Evangelie van Jesus Christus wat verkondig word. Hierdie boodskap is die boodskap van Jesus Christus se lewe, sterwe, opstanding en die implikasie daarvan vir elke mens se lewe.

Gevolgtrekking:

> In 2 Timoteus 4:2 word λογος duidelik as 'n sinoniem gebruik vir γραφη in 2 Timoteus 3:16. Vanuit die gebruik van λογος in die res van die Nuwe Testament, is dit duidelik dat beide γραφη en λογος in 2 Timoteus 3:16-4:2 verwys na die gesagvolle geskrifte van die Ou en Nuwe Testamente.

*<u>Lering</u> (διδασκαλιαν – ontleding: Akk., vr., ekv. van διδασκαλια)*

Onder 4.2.5 is vasgestel dat διδασκαλια verwys na beide die gee van onderrig en die inhoud/leerstellings wat onderrig word.

Gevolgtrekking:

> Timoteus moes die Skrif gebruik vir die inhoud van dit wat hy aan die gelowiges moes onderrig.

*<u>Weerlegging</u> (ελεγμον – ontleding: Akk., vr., ekv. van ελεγμος)*

In 2 Timoteus 3:16-4:2 word ελεγμος twee keer gebruik. In 2 Timoteus 3:16 word ελεγμος as naamwoord in die akkusatief gebruik na die voorsetsel προς om doel aan te dui (vgl. Jordaan, 1995:141). In 2 Timoteus 4:2 word ελεγμος imperatief as werkwoord in die Aoristus gebruik om 'n spesifieke opdrag aan Timoteus te stel.

Louw & Nida (1996) deel ελεγμος in onder domein 33 (wat na kommunikasie verwys). As 33.417 is ελεγμος deel van 'n groep woorde wat die aksie van vermaning aantoon. Hiervolgens verwys ελεγμος na die handeling wat moet bewys dat iemand iets verkeerds gesê of gedoen het. Arndt *et al.* (2000) toon ook dat ελεγμος verwys na die bewys en weerlegging van iets wat verkeerd is.

Hendriksen (1983:303) sê dat ελεγμος daaroor handel om waarskuwings vanuit die Skrif te rig. Foute in leerstellings en in optrede moet uitgewys en weerlê word. Valse leermeesters moet ontbloot word.

Gevolgtrekking:

> Timoteus moet die Skrif gebruik om foute in leerstellings en optrede uit te wys en te weerlê. Teenoor hierdie foute moet die korrekte leerstelling en optrede aangetoon word.

<u>Teregwysing</u> *(επανορθωσιν – ontleding: Akk., vr., ekv. van επανορθωσις)*

Επανορθωσις word in 2 Timoteus 3:16 na die voorsetsel προς in die akkusatiewe naamval gebruik om doel aan te dui (vgl. Jordaan, 1995:141).

Louw & Nida (1996) deel επανορθωσις onder domein 72 (wat na waar- of valsheid verwys) in. As 72.16 verwys επανορθωσις na die aksie om iets wat verkeerd is, reg te stel. Arndt *et al.* (2000) sê dat επανορθωσις daarna verwys om iets te korrigeer of te verbeter.

Gevolgtrekking:

> Timoteus moet die Skrif as bron gebruik om verkeerde optrede of leerstellings reg te stel.

<u>Onderwysing</u> *(παιδειαν – ontleding: Akk., vr., ekv. van παιδεια)*

Παιδεια word ook in 2 Timoteus 3:16 na die voorsetsel προς in die akkusatiewe naamval gebruik om doel aan te dui (vgl. Jordaan, 1995:141).

Louw & Nida (1996) deel παιδεια (soos die woord in 2 Timoteus 3:16 gebruik word) onder semantiese domein 33 (kommunikasie) en subdomein Q (onderrig) in. Hiervolgens verwys παιδεια onder 33.226 na onderrig wat ten doel het om gepasde gedrag of optrede aan te kweek of aan te leer. Παιδεια kan ook vertaal word met die begrip "oplei."

Arndt *et al.* (2000) wys daarop dat παιδεια na opvoeding verwys en dan ook die begrippe "onderrig" en "opvoeding" insluit.

Gevolgtrekking:

> Die Skrif moes die bron wees wat Timoteus gebruik om homself en gelowiges op te voed om gehoorsaam aan die Here te leef.

*<u>Toe te rus</u> (εξηρτισμενος – ontleding: Perf., part., pass., nom., ml., ekv., van εξηρτιξω)*

Jordaan (1995:67) wys daarop dat die perfektum partisipium op 'n situasie in die hede/verlede dui wat ontstaan het as gevolg van 'n vroeëre handeling.

Louw & Nida (1996) deel die gebruik van εξηρτιξω in 2 Timoteus 3:17 onder domein 75 (wat verwys na voldoende/gekwalifiseerd) in. As 75.5 verwys εξηρτιξω na die toerusting/opleiding van 'n persoon om ten volle in staat te wees om iets te doen. Arndt *et al.* (2000) toon ook aan dat εξηρτιξω verwys na die toerusting van 'n persoon om iets te kan doen.

Gevolgtrekking:

> Paulus verduidelik aan Timoteus in 2 Timoteus 3:17 dat wanneer hy die Skrif vroeër gebruik het om te onderrig (διδασκαλια), te weerlê (ελεγμος), tereg te wys (επανορθωσις) en op te voed (παιδεια), hoorders as gevolg hiervan later ten volle toegerus en in staat sal wees om in diens van God te staan.

*<u>Verkondig</u> (κηρυξον – ontleding: Aor., imp., akt. van κηρυσσω)*

Onder 3.2.3 is vasgestel dat κηρυσσω verwys na die verkondiging/aankondiging van 'n boodskap. Hierdie boodskap is dikwels een aangaande religieuse beginsels en waarhede.

Gevolgtrekking:

> Timoteus moes die Goddelike boodskap wat in die Skrif opgeteken is, verkondig en bekend maak onder sy hoorders.

*<u>Bestraf</u> (επιτιμησον – ontleding: Aor., imp., akt. van επιτιμαω)*

Louw & Nida (1996) deel επιτιμαω in onder semantiese domein 33 (kommunikasie). As 33.331 verwys επιτιμαω na 'n dreigende bevel wat gegee word. As 33.419 verwys επιτιμαω na 'n sterk teregwysing. Arndt *et al.* (2000) wys daarop dat επιτιμαω gebruik word om 'n ernstige waarskuwing of teregwysing aan te dui.

Gevolgtrekking:

Timoteus moes nie skaam wees om ook ernstig tereg te wys en verkeerde leerstellings en optrede te bestraf nie.

<u>Vermaan</u> *(παρακαλεσον – ontleding: Aor., imp., akt. van παρακαλεω)*

Παρακαλεω is die begrip wat Paulus in 1 Timoteus 5:1 gebruik om die wyse aan te toon waarop 'n jongman 'n ouer man moet teregwys. Hendriksen (1983:166) toon dat παρακαλεω daarna verwys dat teregwysing nie liefdeloos mag wees nie, maar met respek, nederigheid, liefde en teerheid uitgevoer moet word. Hendriksen (1983:311) toon dat Paulus παρακαλεω op presies dieselfde wyse hier in 2 Timoteus 4:2 gebruik.

In die Nuwe Testament word daar verskeie betekenisse aan παρακαλεω geheg: om uit te nooi, om te vertroos en te bemoedig, asook om aan te spoor (Braumann, 1986:568). Louw & Nida (1996) deel παρακαλεω in onder semantiese hoofdomeine 25 (wat na houdings en emosies verwys) en 33 (wat na kommunikasie verwys). As 25.150 verwys παρακαλεω na die aanmoediging, vertroosting en bemoediging van 'n persoon. As 33.310 verwys παρακαλεω na die saamroep van mense, as 33.315 verwys παρακαλεω na die uitnodiging van 'n persoon na 'n geleentheid, en as 33.168 verwys παρακαλεω na die opregte, respekvolle versoek wat tot 'n ander persoon gerig word. Duidelik word παρακαλεω in 2 Timoteus 4:2 volgens die betekenis van semantiese domein 33.168 gebruik.

Gevolgtrekking:

Timoteus moes sy verkondiging van die Woord met respek, liefde, nederigheid, maar wel ook met beslistheid doen.

<u>Skrif-met-Skrifvergelyking</u>

Die oproep om vol te hou met verkondiging van die Woord van die Here is 'n oproep wat by herhaling in die pastorale briewe gedoen word. Onder andere handel ook 1 Timoteus 4:13 en 1 Timoteus 5:20 daaroor. 2 Petrus 1:20-21 lê klem op die Goddelike karakter van die Bybel.

In die Ou Testament wys onder andere Psalm 119 op die noodsaak van die Woord van God vir die lewe van die gelowige.

Godsopenbaring in die perikoop

In 2 Timoteus 3:16-4:2 openbaar die Here dat sy Woord groot waarde het om gelowiges toe te rus vir alles wat die Here van hulle verwag. Die Skrif het dus groot waarde om gelowiges te leer hoe om geestelik te groei.

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor 2 Timoteus 3:16-17

- Paulus skryf hierdie aansporing oor die noodsaak van die Skrif vir die prediking kort voor sy dood, waarskynlik in die jare 66-67 n.C.
- Die ganse Skrif (Ou Testament en Nuwe Testament) is voldoende om 'n gelowige toe te rus tot diens aan God. Geestelike groei word dus bevorder deur die Skrif te gebruik om gelowiges toe te rus.
- Toerusting van gelowiges tot geestelike groei vind plaas deur die Skrif te gebruik om dwaalleer te weerlê.
- Toerusting van gelowiges tot geestelike groei vind plaas deur die Skrif te gebruik om verkeerde optrede af te wys.
- Toerusting van gelowiges tot geestelike groei vind plaas deur die Skrif te gebruik om korrekte optrede en gedrag te onderrig.
- Toerusting van gelowiges vanuit die Skrif vind plaas deur verkondiging, bestrawwing en vermaning.

## 5.2.6 Eksegese van Hebreërs 5:11-14

Hierbo (onder 3.2.6) is reeds heelwat eksegetiese inligting oor Hebreërs 5:11-14 gegee. Ter wille van die vloei van die argument, word slegs die bevindings hier herhaal wat tersaaklik is om basisteoretiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei te formuleer.

Tekstuele konteks van die perikoop

*Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel*

Onder 3.2.6 is vasgestel dat daar nie sekerheid bestaan oor wie die skrywer van Hebreërs was nie. Die skrywer moes wel 'n Hellenistiese Christen-Jood gewees het wat goed onderrig was in die Joodse geskrifte.

*Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek*

Onder 3.2.6 is vasgestel dat Hebreërs waarskynlik 'n preek met 'n briefslot is. Hebreërs is in die eerste plek nie 'n dogmatiese redevoering nie, maar aansporingswoorde met leerstellige insettinge ter ondersteuning van die aansporing (Du Toit, 2002:22). Hebreërs 5:11-6:20 is 'n vermanende uitbreiding te midde van 'n leerstellige uiteensetting.

*Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop*

Onder 3.2.6 is vasgestel dat daar geen eenstemmigheid oor die gedagteopbou van die Hebreërspreek is nie. In hierdie studie word die gedagteopbou van Du Toit (2002:25) gevolg:

| | | |
|---|---|---|
| Hoofdeel 1 | Hebreërs 1:1-4:13 | God is die sprekende God |
| Hoofdeel 2 | Hebreërs 4:14-10:31 | 'n Erediensmotief |
| Hoofdeel 3 | Hebreërs 10:32-12:13 | Volharding word van gelowiges gevra |
| Afrondingsdeel | Hebreërs 12:14-13:25 | Vermanings |

Hebreërs 5:11-14 val volgens hierdie indeling in die tweede hoofdeel van die Hebreërsboek. Lane (1991a:133) wys daarop dat Hebreërs 5:11-6:12 'n literêre eenheid van aanmoediging/bemoediging is.

Die gedagtestruktuur van Hebreërs 5:11-14 is soos volg:

In Hebreërs 4:14-5:10 word na Jesus as die groot Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek verwys. Na aanleiding van hierdie leerrede word die volgende vermaning/aansporing nou gerig:

↓

*[11]waaroor ons veel te sê het*

↳ ***wat swaar is om te verklaar,***

↳ *omdat julle **traag geword het om te hoor.***

↳ *[12]Want hoewel julle vanweë die tyd **leraars** behoort te wees,*

↳ *het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer,*

↳ *en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie.*

[13]*Want elkeen wat melk gebruik,*

*is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n* ***kind*** *is.*

[14]*Maar vaste spys is vir volwassenes,*

*vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.*

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Onder 3.2.6 is vasgestel dat die Hebreërspreek gerig was aan Nuwe Testamentiese gelowiges wat aangemoedig moes word om te volhard en te groei in hulle verhouding met God.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

*Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop*

Onder 3.2.6 is vasgestel dat die eerste lesers van die Hebreërspreek waarskynlik 'n huisgemeente in Rome was wat bestaan het uit bekeerlinge vanuit beide die heidendom en die Jodedom. Hierdie lesers het die gevaar geloop om afvallig te word van hulle geloof. Die skrywer van die Hebreërspreek was duidelik bekommerd dat iets verlore kon gaan van hierdie gelowiges se entoesiasme en vitaliteit in hulle geloof.

*Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.*

Onder 3.2.6 is die volgende oor geloofskeuses vasgestel:

Die boek Hebreërs het sy eerste lesers/hoorders voor die keuse gestel om met nuwe entoesiasme Christus te dien en nie vanweë moeilike omstandighede tou op te gooi nie (Kruger, 2002:11). Die gemeente moes weer moed en krag kry om hul kop op te tel en voluit as Christene te lewe. Hulle moes opnuut oortuig word dat die Christelike geloof sonder twyfel die moeite werd was en dat dit selfs die Joodse godsdiens ver oortref (Du Toit, 2002:22).

Hebreërs 5:11-14 het die eerste lesers/hoorders voor die keuse gestel om die status quo in hulle geloof te behou en babatjies in die geloof te bly, of om te groei in hul geloof en onderskeidingsvermoë te ontwikkel. Sou hulle nie groei in hul geloof nie, het hulle die gevaar geloop om uit die geloof weg te sak.

Woordstudie van belangrike begrippe

Begrippe wat in Hebreërs 5:11-14 na die verband tussen prediking en geloofsgroei kan verwys, is die begrippe: "veel te sê het wat swaar is om te verklaar" (λογος και δυσερμηνευτος λεγειν), "traag geword het om te hoor" (νωθροι ταις ακοαις), "leraars" (διδασκαλοι) en "kind" (νηπιος). Hierdie begrippe is reeds onder 3.2.6 meer intensief bestudeer.

*"Veel te sê het wat swaar is om te verklaar" (λογος και δυσερμηνευτος λεγειν)*

Onder 3.2.6 was die bevinding:

> Om die evangelie van Christus oor te dra (te praat) is nie altyd maklik nie. Daar is sekere sake wat moeilik is om te verklaar. Tog is dit nodig om hierdie moeilike sake te verklaar sodat die hoorders volwasse in die geloof kan word.

*"Traag geword het om te hoor" (νωθροι ταις ακοαις)*

Onder 3.2.6 was die bevinding:

> Νωθροι ταις ακοαις dui op traagheid om te reageer op dit wat verkondig is.

*Leraars (διδασκαλοι – ontleding: Nom., ml., mv. van διδασκαλος)*

Onder 3.2.6 was die bevinding:

> Die doel van onderrig in die kerk is sodat hoorders in kennis en insig kan groei en so self leermeesters word wat ander kan onderrig.

*Kind (νηπιος - ontleding: Nom., ml., ekv. van νηπιος)*

Onder 3.2.6 was die bevinding:

> Die leermeester moet rekening hou met die volwassenheid van sy hoorders. Hoorders wat nog nie gegroei het in die geloof nie, sal nie die moeilike dinge verstaan en daarop reageer nie.

Skrif-met-Skrifvergelyking

1 Korintiërs 3:2 toon ook die noodsaak van geloofsgroei deur die beeld van melk en vaste kos te gebruik. Dit is noodsaaklik om in die geloof te groei. Geloofsgroei word deur vaste geestelike spyse bewerkstellig. 1 Korintiërs 14:20 stel die eis dat gelowiges nie soos kindertjies in hulle geloof mag wees nie.

Efesiërs 4:13-14 handel ook oor die saak van geloofsgroei. Daar word aangetoon dat dit noodsaaklik vir elke gelowige is om in die geloof te groei. Groter geloofsvolwassenheid lei tot sterker standvastigheid wanneer aanvegtinge en teenstand kom.

Godsopenbaring in die perikoop

Hebreërs 5:11-14 is 'n vermaning om te groei in die geloof sodat die gelowiges vanuit 'n volwasse geloof kan onderskei wat werklik reg en verkeerd is. Geloofsgroei bestaan uit 'n groei vanuit geloofgrondbeginsels na dit wat moeilik is om te verduidelik.

Opsomming en gevolgtrekking van eksegese oor Hebreërs 5:11-14

- Hierdie opmerkings oor prediking en geloofsgroei is waarskynlik gedurende die laaste dekades van die eerste eeu neergepen.
- Prediking mag nie net handel oor maklike sake nie. Sake wat moeilik is om te verklaar, moet ook behandel word. Hierdie moeilike sake is vaste kos wat geestelike groei bewerkstellig.
- Hoorders is inherent lui en traag om te reageer op die verkondiging van veral moeilike sake (vaste spyse).
- Vir die hoorder om waarlik die Woord te hoor, beteken: om te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer.
- Die doel van geestelike groei is dat hoorders self ook so bekwaam soos leermeesters rakende moeilike geestelike sake sal word.
- Predikers moet rekening hou met die vlak van die geestelike ontwikkeling van sy hoorders. Hoorders wat nog nie gegroei het in die geloof nie, sal nie die moeilike dinge verstaan en daarop reageer nie.

### 5.2.7 Samevatting van eksegetiese perspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente

- Gelowiges staan deur Jesus Christus in 'n verbondsverhouding met God. Gelowiges moet hulle daarom totaal aan die Here toewy. Toewyding hou in dat gelowiges die regte hartsgesindheid teenoor die Here moet ontwikkel en bevorder. Daardeur groei hulle geestelik.

- Predikers roep hoorders op om hulle aan die Here toe te wy en tot geestelike volwassenheid te groei.
- Die wortel van geestelike groei is die Evangelie van Jesus Christus. Hierdie Evangelie is die ganse Woordopenbaring van God. Die Skrif is voldoende om gelowiges vir diens aan God toe te rus.
- 'n Prediker moet rekening hou met die spiritualiteit (vlak van geestelike ontwikkeling) van sy hoorders sodat hy die lig van God se Woord op die situasie van die hoorders kan laat val. Hoorders wat nog nie gegroei het in die geloof nie, sal nie moeilike dinge verstaan en daarop reageer nie.
- Hoorders moet geestelik groei. Hiertoe moet die prediker die hoorders begelei deur hul geestelike dieet vanuit die Evangelie aan te pas.
- Die Woord moet gebruik word vir weerlegging van dwaalleer, afwysing van verkeerde optrede en onderrig in korrekte optrede en gedrag.
- Die wyse waarop toerusting vanuit die Woord geskied, is deur verkondiging, bestrawwing en vermaning.
- Hoorders is inherent lui en traag om te reageer op die verkondiging van veral moeilike sake (vaste spyse). Tog is dit juis die bemeestering van moeilike sake (vaste spyse) wat geloofsgroei bewerkstellig.
- Vir die hoorder om waarlik op die Woord te reageer, beteken: om te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer.
- Hoorders wat op God se Woord reageer deur skuldbelydenis en hernieude toewyding aan die Here, groei in hul geloof.
- Die uitlewing van geloof moet deel van gelowiges se spiritualiteit wees. Prediking stimuleer geestelike groei sodat gelowiges wel daartoe kan kom om hulle geloof uit te leef.

## *5.3 Literatuurstudieperspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei*

### 5.3.1 Inleiding tot literatuurstudieperspektiewe

Verskillende skrywers en navorsers het al oor prediking, spiritualiteit en geestelike groei geskryf. Met 'n oorsigtelike literatuurstudie sal vasgestel word watter lig by verskillende skrywers verkry kan word aangaande basisteoretiese perspektiewe op

die verband tussen prediking en geestelike groei. Hierdie navorsing gaan onder twee hoofde gegroepeer word:

- Watter implikasie het die spiritualiteit van 'n gemeente op die manier waarop die prediking ingerig word?
- Watter invloed het prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente?

### 5.3.2 Die implikasie van die spiritualiteit van 'n gemeente vir die manier waarop die prediking ingerig word.

'n Prediker moet sy hoorders benader soos 'n sendeling 'n sendingveld sal benader: geen sendeling behoort 'n sendingveld binne te gaan sonder om eers 'n breedvoerige studie oor die kultuur te doen van die mense wat hy wil bereik nie. Sonder sodanige kennis kan 'n sendeling nie die Evangelie effektief in die leefwêreld van sy sendingveld kommunikeer nie. Net so moet 'n prediker kennis dra van sy hoorders om effektief met hulle te kan kommunikeer (Johnson, 2001:10). Johnson (2001:21) gebruik ook die beeld van kaartlees om dieselfde waarheid oor te dra: om 'n kaart te ontsyfer, moet jy kan bepaal waar jy is. Die analoog in hierdie beeld is dat prediking ongelukkig dikwels slegs fokus op waar die hoorders moet eindig sonder om in ag te neem waar hulle tans is.

Die hoorder van 'n preek leef in 'n godsdienstige, sosiale en geesteskonteks (Vos, 1996:4). Al drie hierdie kontekste het 'n invloed op die wyse waarop 'n boodskap ontvang en verwerk word. Godsdienstige ervaring van kindsbeen af vorm die hoorder se godsdienstige konteks. Verskuiwings in sy leefwêreld het 'n invloed op sy belewenis van God en ook die geestesklimaat of tydsgees waarbinne die hoorder leef, bepaal op watter wyse 'n boodskap gehoor sal word. Daarom stel Vos (1996:6) dit duidelik dat die prediker deeglike kennis van die hoorder en sy konteks moet dra. Die preek is immers van die begin af gerig op die deelname van die hoorders en hul betrokkenheid by die inhoud van die prediking (Stark, 2005:78).

Bang (2004:147) sê dat 'n prediker sy gehoor moet verstaan en sy boodskap by sy gehoor moet aanpas om doeltreffend te kan kommunikeer. Daarom stel Bang (2004:192) voor dat 'n prediker ewe veel tyd aan gemeente-analise as aan tekstuele analise (eksegese - JAE) moet bestee.

Ook Pieterse (1985:13,16-17,22) wys daarop dat prediking alleen kan plaasvind langs die weg van 'n interpretatiewe omgang met die Skrif vanuit die konteks van die eie situasie. Aktuele prediking vereis grondige kennis van die Skrif en van die

spesifieke gemeente. Om die prediker met kennis van die spesifieke gemeente toe te rus, kan empiriese analises van die gemeente en gemeente-situasie gedoen word. Die prediker moet vasstel wat die kennis- en verstaansvlak van die gemeente is, asook hul denkpatrone ten opsigte van die preekteks. Hierdie insigte moet dan in die preek verreken word deurdat die prediker tydens die preek oor spesifieke temas in dialoog met die gemeente tree.

Kennis van die hoorder het nie net 'n invloed op die temas wat aangespreek word nie, maar ook op die wyse en die tegniek waarmee die hoorders aangespreek word (vgl. Johnson, 2001:14). 'n Preek vir postmoderne mense sal die klem meer op relasionele verhoudings laat val terwyl 'n preek vir modernistiese mense meer rasioneel van aard sou wees.

Vos (1996:13) wys egter ook daarop dat daar nie so iets soos "die huidige situasie" bestaan nie, maar eerder 'n veelvoud van situasies wat deur demografiese, ekonomiese, politieke, kulturele en psigiese faktore gevorm word. Vir die prediker bring dit die verantwoordelikheid mee om sy tyd en tydsgees te ken en te interpreteer.

<u>Opsomming van literatuurstudie oor die implikasie van die spiritualiteit van 'n gemeente vir die prediking wat in die gemeente gelewer word:</u>

- 'n Veelvoud van situasies (soos deur die tyd en tydsgees gevorm) bepaal die konteks van die hoorders van 'n preek. Hierdie spesifieke konteks bepaal ook die spiritualiteit van die hoorders van 'n preek.
- Prediking moet doelbewus rekening hou met hierdie konteks en gepaardgaande spiritualiteit om effektief tot die hoorders te kan spreek.
- Die konteks en spiritualiteit van 'n gemeente sal 'n invloed hê op die temas wat in die gemeente aangespreek word, sowel as die tegnieke wat gebruik word om die temas aan te spreek.

### 5.3.3 Watter invloed het prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente?

Dingemans (1991:23-24) wys daarop dat die erediens, en veral prediking, die opbou van die gemeente ten doel het. Prediking moet lidmate voorsien van voeding en nuwe perspektiewe op die lewe en op God.

Goldsworthy (2000:1) sê reguit dat evangelistiese predikers ten doel het om geestelike groei by hulle hoorders te bewerkstellig. Hiervoor het God predikers geroep en hiervoor word prediking en onderrig van die Bybel as primêre middel gebruik. Die aktiwiteit van prediking is die belangrikste wyse waarop die kerk haar onderwerping aan die Woord van God toon.

Johnson (2001:19) sluit hierby aan en sê dat dit absurd is om die Blye Boodskap aan mense te verkondig en dan ongeërg te wees of die hoorders op hierdie Blye Boodskap gaan reageer. Vos (1996:150) stel: "Dit is die preek se oogmerk om hoorders tot geloofshandelinge te motiveer, te inspireer en te aktiveer". Anon (1995:12) sê dat prediking binne die gereformeerde (Reformatoriese - JAE) spiritualiteit die middel is wat die Gees gebruik om 'n saligmakende geloof in die hart van 'n mens te bewerk en te versterk.

In Reformatoriese spiritualiteit is daar volgens Jonker (1991:21-22) geen sprake meer van 'n Woordlose omgang met God nie. Hier staan die Skrif as Woord van God tussen God en die mens. God praat deur sy Woord met die mens en daarom moet die mens luister na die Skrif. Prediking is verkondiging van die Woord. Jonker (1991:26) stel dat die Evangelie 'n sekere reaksie van die mens op die genade van God vra - om te lewe uit die goedheid van God, en om in 'n bepaalde styl te wandel met God. Hierdie sake moet in die prediking aangespreek word.

Pieterse (1985:15-16) wys daarop dat die doel van prediking is dat die Woord van God deur die gemeente gehoor en geglo word. Wanneer die Woord van God gehoor en geglo word, gaan dit 'n verandering in die lewe en lewensuitkyk van die hoorders veroorsaak. Suksesvolle prediking vind egter eers plaas wanneer die prediker en die hoorders mekaar verstaan, met mekaar se standpunt identifiseer en wanneer daar oordrag van betekenis plaasgevind het wat die gesindheid en gedrag verander (Pieterse, 1985:166).

Daarom is dit ook moontlik dat prediking geen invloed op die spiritualiteit van 'n gemeente kan hê nie. Wanneer die boodskap wat die prediker wil oordra nie suksesvol gekommunikeer word nie, kan geestelike groei nie plaasvind nie. Die aksie van om die preek aan te hoor, is daarom net so belangrik as die aksie van om die preek te lewer. Van Harn (2005:10-11) wys op die verskil wat ontstaan wanneer die klem, aan die een kant, bloot op die prediking, en aan die ander kant, ook op die aanhoor van die prediking val:

| Preaching is Central | Hearing is Central |
|---|---|
| 1 The preacher is the focus of action. | 1 The congregation is the focus of action. |
| 2 The congregation comes for the sermon. | 2 The sermon comes for the congregation. |
| 3 The minister speaks the sermon and listens for response. | 3 The minister listens and speaks a response in the sermon. |
| 4 The minister finishes the sermon. | 4 The congregation finishes the sermon. |
| 5 The test of value lies in what is said. | 5 The test of value lies in what is heard. |

Die "amen" na die preek is nie die "amen" van die prediker nie, maar die "amen" van die gemeente waarmee die preekboodskap só toegeëien word dat dit nou die preek van die gemeente word (GKSA, 1997:759). Hierdie sin is 'n aanhaling uit 'n sinodebesluit van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat Van Harn se standpunt bevestig. Daar mag nie net klem op die aksie van preek gelê word nie. Net soveel klem moet gelê word op die hoor en toeëiening van die preekboodskap.

<u>Opsomming van literatuurstudie oor die invloed van prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente</u>

- Die Skrif staan as Woord van God tussen God en mens, want God praat deur sy Woord met die mens. Prediking is verkondiging van die Woord sodat die Woord gehoor en geglo word.
- Die oogmerk van prediking is om geestelike groei in die gemeente te bewerk. Prediking voorsien voeding vir die geestelike lewe van hoorders.
- Dit is nie vanselfsprekend dat prediking geestelike groei en verandering in spiritualiteit in 'n gemeente sal bewerk nie. Prediking moet eers suksesvol kommunikeer voordat geestelike groei en verandering in spiritualiteit kan plaasvind. Prediking kommunikeer eers suksesvol wanneer hoorders waarlik die boodskap hoor en vir hulself toeëien.
- Suksesvolle preekkommunikasie hou in dat prediker en hoorders mekaar verstaan en met mekaar se standpunt identifiseer sodat gesindheid en gedrag verander.

### 5.3.4 Samevatting van literatuurstudieperspektiewe op die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente

- Die oogmerk van prediking is om geestelike groei in die gemeente te bewerk. Deur prediking word voeding vir geestelike groei voorsien.
- Prediking is verkondiging van God se Woord. Die doel van prediking is om die Woord so te verkondig dat dit gehoor, geglo en uitgeleef word.
- Prediking moet eers suksesvol kommunikeer voordat daar deur prediking geestelike groei en verandering in spiritualiteit kan plaasvind.
- Die prediker moet doelbewus rekening hou met die konteks van sy hoorders om effektief tot hulle te kan spreek. 'n Veelvoud van situasies (soos deur die tyd en tydsgees gevorm) bepaal die konteks van die hoorders.
- Die konteks van die hoorders beïnvloed ook die spiritualiteit van die hoorders.
- Die konteks en spiritualiteit van 'n gemeente sal 'n invloed hê op die temas wat in die gemeente aangespreek word, sowel as die tegnieke wat gebruik word om die temas aan te spreek.

## *5.4 Sintese van eksegetiese- en literatuurstudie: die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente*

Hierdie sintese van die resultate van die eksegetiese- en literatuurstudies word gedoen aan die hand van die twee vrae wat vroeër geformuleer is:

- Watter implikasie het die spiritualiteit van 'n gemeente op die manier waarop die prediking ingerig word?
- Watter invloed het prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente?

Hierdie sintese stel die basisteoretiese bevindings vir hierdie studie oor die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente:

### 5.4.1 Watter implikasie het die spiritualiteit van 'n gemeente op die manier waarop die prediking ingerig word?

- 'n Prediker moet doelbewus rekening hou met die spiritualiteit (vlak van geestelike ontwikkeling) van sy hoorders sodat hy die lig van God se Woord op die situasie van die hoorders kan laat val.

- Die konteks van die hoorders beïnvloed die spiritualiteit van die hoorders. 'n Veelvoud van situasies (soos deur die tyd en tydsgees gevorm) bepaal die konteks van die hoorders.
- Die konteks en spiritualiteit van 'n gemeente sal 'n invloed hê op die temas wat in die gemeente aangespreek word, sowel as die tegnieke wat gebruik word om die temas aan te spreek.
- Hoorders is inherent traag om op veral moeilike sake (vaste spyse) te reageer. Predikers moet die hoorders op die pad van geestelike groei begelei deur hul geestelike dieet aan te pas sodat hulle kan groei van melkkos na vaste kos.

### 5.4.2 Watter invloed het prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente?

- Die oogmerk van prediking is om geestelike groei in die gemeente te bewerkstellig.
- Deur prediking word voeding vir geestelike groei voorsien. Prediking is die verkondiging van God se Woord met die doel om die Woord so te verkondig dat dit gehoor, geglo en uitgeleef word.
- Prediking moet eers suksesvol kommunikeer voordat daar deur prediking geestelike groei en verandering in spiritualiteit kan plaasvind. Suksesvolle kommunikasie sal beteken dat die hoorders die preekboodskap hoor, verstaan, aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop reageer.
- Deur verkondiging, bestrawwing en vermaning vanuit die Woord kan dwaalleer deur prediking weerlê, verkeerde optrede afgewys en korrekte optrede en gedrag onderrig word. Hierdeur word die hoorders gestimuleer tot geestelike groei en word die spiritualiteit van die hoorders aangepas na 'n groter vlak van geestelike volwassenheid.

# Hoofstuk 6

# Sintese van Doelwitte A, B en C: Basisteoretiese beginsels oor hoe prediking geestelike groei kan bevorder.

## *6.1 Inleiding tot Hoofstuk 6*

Die doelstelling vir Afdeling 1 van hierdie studie is as volg geformuleer: Om basisteoretiese riglyne op te stel wat die verhouding tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente sal fundeer. Drie doelwitte is nagevors om hierdie doelstelling te bereik:

- Doelwit A: Basisteoretiese riglyne op prediking.
- Doelwit B: Basisteoretiese perspektiewe aangaande spiritualiteit en geestelike groei.
- Doelwit C: Basisteoretiese perspektiewe aangaande die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente.

'n Sintese van die basisteoretiese riglyne wat onder elk van hierdie doelwitte bepaal is, stel die basisteorie vir hierdie studie:

## *6.2 Basisteoretiese beginsels oor hoe prediking geestelike groei kan bevorder*

Die basisteoretiese beginsels is soos volg opgestel:

- Basisteoretiese beginsels 1-5 fokus op prediking.
- Basisteoretiese beginsels 6-10 fokus op spiritualiteit en geestelike groei.

Die basisteoretiese beginsels vir hierdie studie is as volg:

1) Prediking is 'n gebeurtenis waarby drie partye betrokke is: a) die Here, b) die boodskapper/leermeester/prediker wat deur God gestuur word om sy boodskap oor te dra, c) die hoorders van God se boodskap. Prediking het as inhoud die lewe, sterwe en opstanding van Christus en die implikasie daarvan vir die lewe van elke mens. Met die preek moet daar dus 'n brug gebou word tussen die boodskap van die Bybelteks en die lewe van die hoorders.

2) Die doel van prediking is om die sondaarmens met God te versoen en die versoende mens te leer om in 'n nuwe verhouding met God te lewe. In hierdie nuwe verhouding met God moet gelowiges na geloofsvolwassenheid groei. Die prediker moet daarom die geestelike volwassenheid van sy hoorders in ag neem en dit in die sake waaroor gepreek word, verreken.

3) Die prediker dra met woorde 'n boodskap van die Here aan die hoorders oor. Hierdie boodskap word in die Skrif gevind. God moet deur sy Heilige Gees die geestesoog van die prediker verlig om die Woordboodskap te kan sien. Daarom is die prediking se gesag in die Here self gefundeer en nie in die prediker wat bloot die boodskap oordra nie.

4) Deur middel van eksegetiese en hermeneutiese metodes moet die prediker sy boodskap vanuit die Skrif vind en in die lewens van sy hoorders toepas. Deur prediking (homilese) moet die boodskap aan die hoorders oorgedra word. Prediking bestaan uit verskillende fasette, onder andere verkondiging, onderrig, vertroosting en vermaning.

5) Vir die hoorder om waarlik die Woord van God te hoor, beteken: om te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer.

6) Spiritualiteit verwys na die manier waarop die totale lewe verstaan en geleef word, asook die aanbiddingspraktyke wat ontwikkel is om die verhouding met God te onderhou. Anders gestel: spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitlewing van geloof.

7) Die fondament van Christelike spiritualiteit is die verlossing van sonde in Jesus Christus. Hiermee is die gelowige nou in 'n nuwe verhouding met God gestel. In hierdie verhouding verwag God dat sy mense op alle lewensterreine volgens sy voorskrifte sal lewe en sal groei na geloofsvolwassenheid. Geestelike volwassenheid word bereik deur die nadergroei na die volmaaktheid en volwassenheid van Christus.

8) Geestelike groei bring verdieping in spiritualiteit. Indien verdieping nie plaasvind nie, word die verhouding met God ernstig geskaad. Nominalisme, agnostisisme of formalisme kan onder andere intree.

9) Spiritualiteit kan alleen beoefen word, en geestelike groei kan alleen plaasvind vanuit 'n regte kennis van God. Hierdie kennis word oorgedra deur doelbewuste opvoeding, onderrig, bemoediging en aanmoediging binne die raamwerk van toerusting, bystand en verligting deur die Heilige Gees.

10) In die Christendom bestaan daar verskeie teologiese tradisies wat op hulle beurt weer aanleiding gee tot verskillende soorte spiritualiteit. Binne die Reformatoriese tradisie is die bron en basis van Godskennis die Bybel as Woord van God.

## *6.3 Die integrering van die basisteoretiese beginsels en die toepassing daarvan op die oorkoepelende navorsingsvraag van hierdie studie*

### Toepassing 1: Basisteoretiese beginsels oor die implikasie van gemeentelike spiritualiteit op die manier waarop die prediking ingerig word

a) Die konteks van die gemeente (hoorders) beïnvloed die spiritualiteit van die gemeente (hoorders). 'n Veelvoud van situasies (soos deur die tyd en tydsgees gevorm) bepaal die konteks van die hoorders.

b) 'n Prediker moet doelbewus rekening hou met die spiritualiteit van sy gemeente (hoorders) en dit in die prediking verreken om geloofsgroei effektief te kan bevorder.

c) Die spiritualiteit van 'n gemeente sal 'n invloed hê op die temas wat in die prediking aangespreek word, sowel as die tegnieke wat gebruik word om die temas aan te spreek.

d) Predikers moet die gemeente (hoorders) op die pad van geestelike groei begelei deur hul geestelike dieet aan te pas van melkkos na vaste kos.

### Toepassing 2: Basisteoretiese beginsels oor die invloed van prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente

a) Die oogmerk van prediking is om groei na geestelike volwassenheid in 'n gemeente te bewerkstellig.

b) Deur prediking word voeding vir geestelike groei voorsien. Prediking is die verkondiging van God se Woord met die doel om die Woord só te verkondig dat dit gehoor, geglo en uitgeleef word.

c) Prediking moet eers suksesvol kommunikeer voordat daar deur prediking geestelike groei en verandering in spiritualiteit kan plaasvind. Suksesvolle kommunikasie sal beteken dat die hoorders die preekboodskap hoor, verstaan, aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop reageer.

d) Deur verkondiging, bestrawwing en vermaning vanuit die Woord kan dwaalleer deur prediking weerlê, verkeerde optrede afgewys en korrekte optrede en gedrag onderrig word. Hierdeur word die hoorders gestimuleer tot geestelike groei en word die spiritualiteit van die gemeente (hoorders) aangepas na 'n hoër vlak van geestelike volwassenheid.

# Afdeling 2

## *Metateoretiese perspektiewe op die verhouding tussen prediking, geestelike groei en spiritualiteit in 'n gemeente.*

Afdeling 2 bestaan uit:

**Hoofstuk 7:** Inleiding tot Afdeling 2

**Hoofstuk 8:** Doelwit D - Metateoretiese perspektiewe op prediking

**Hoofstuk 9:** Doelwit E - Metateoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei

**Hoofstuk 10:** Sintese van doelwitte D en E - Metateoretiese beginsels oor hoe prediking geestelike groei in 'n gemeente kan bevorder

# Hoofstuk 7

# Inleiding tot Afdeling 2

Die fokus van hierdie studie is om vas te stel hoe geestelike groei in 'n gemeente deur prediking bevorder kan word. Die doel van hierdie navorsing is om resultate te verkry wat rigtingaanduidend kan wees oor hoe om die gemeente deur prediking op die pad na geestelike volwassenheid te begelei.

Hierdie studie volg die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:166 e.v.) soos uiteengesit in Hoofstuk 1. Volgens hierdie model moet vervolgens metateoretiese beginsels op die studieterrein ontwikkel word wat hierdie studie met insigte vanuit grens- en hulpwetenskappe sal verlig.

## *7.1 Die teorie van 'n metateorie*

Venter (1993:247; 1995:198-200) het aangetoon dat 'n metateorie deur grens- en hulpwetenskappe medebepaal word. 'n Metateorie word gevorm deur wetenskaplike vertrekpunte uit te spel wat raakvlakke met ander vakke deel, vakke wat aspekte van dieselfde aard bestudeer (Venter, 1993:247). Met 'n metateorie word dus bedoel die ontginning van bepaalde insigte vanuit grens- en hulpwetenskappe.

Wanneer die tweede tree dus gegee word om die verband tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente te ondersoek, is dit nodig om op metateoretiese vlak vertrekpunte te formuleer wat verhelderend vir die studie kan wees.

## *7.2 Doelstelling van Afdeling 2*

Nadat in die vorige afdeling basisteoreties vasgestel is hoe prediking kan bydra tot die geestelike groei in 'n gemeente, is die doelstelling van hierdie afdeling van die studie om metateoreties te ondersoek hoe prediking kan bydrae tot die geestelike groei van 'n gemeente. Hierdie is in lyn met die model van Zerfass (1974:166 e.v.) wat in hierdie studie nagevolg word.

Daarom is die doelstelling van hierdie afdeling om **metateoretiese riglyne** op te stel wat die **verhouding tussen prediking, geestelike groei en spiritualiteit** in 'n gemeente sal **verhelder.**

## 7.3 Doelwitte vir Afdeling 2

Om metateoretiese riglyne op te stel wat die verhouding tussen prediking en geestelike groei in 'n gemeente te kan verhelder, sal die volgende doelwitte nagevors word:

DOELWIT D[14]: Eerstens word **metateoretiese perspektiewe op prediking** nagevors. 'n Grens- en hulpwetenskappe wat lig op hierdie terrein kan bied, is die Kommunikasiekunde.

Die oorkoepelende vraag wat beantwoord moet word, is: hoe kan 'n prediker meer doeltreffend kommunikeer? Vrae wat hieruit voortspruit, is:

- Uit watter komponente bestaan doeltreffende kommunikasie?
- Watter insigte kan vanuit kommunikasiemodelle verkry word?
- Waaraan moet voordrag as kommunikasievorm voldoen?
- Watter invloed het nie-verbale kommunikasie op die preekgebeure?

DOELWIT E: Tweedens word **metateoretiese perspektiewe aangaande spiritualiteit en geestelike groei** nagevors. Die grens- en hulpwetenskap wat lig op hierdie terrein kan bied, is die Psigologie van Religie en Spiritualiteit.

Vanuit hierdie wetenskap moet die volgende vrae beantwoord word:

- Hoe vind geestelike groei volgens die Psigologie van Religie en Spiritualiteit plaas?
- Watter temas van geestelike groei en spiritualiteit kan vanuit hierdie wetenskap lig werp op die bevordering van geestelike groei en spiritualiteit deur prediking?
- Watter meetinstrumente is in hierdie wetenskap ontwikkel wat predikers kan gebruik om preekbeplanning mee te doen?

## 7.4 Die werksplan en metode

Die werkswyse van hierdie afdeling is soos volg:

Die twee metateoretiese doelwitte gaan agtereenvolgens op die volgende wyse ondersoek word:

[14] Die doelwitte van hierdie afdeling word as D en E genommer om hulle te onderskei van Doelwitte A, B en C wat in Afdeling 1 nagevors is.

- Met behulp van 'n literatuurstudie sal vasgestel word watter lig verskillende skrywers kan werp op elk van die onderskeie doelwitte.
- Hierna sal 'n sintese van die twee metateoretiese doelwitte gedoen word, waar belangrike metateoretiese riglyne vir die hoofstuk in geheel, en vir die verdere ontwikkeling van die studie, getrek sal word.

# Hoofstuk 8

# Doelwit D: Metateoretiese perspektiewe op prediking vanuit die Kommunikasiekunde

## *8.1 Inleiding tot Hoofstuk 8*

Prediking is 'n kommunikatiewe handeling. Kommunikatiewe handelinge bevat egter altyd gebreke omdat kommunikasie nooit volmaak kan wees nie (McLean, 2003:2,15-17). Gebrekkige kommunikasie veroorsaak dat boodskappe nie korrek oorgedra word nie. Gebreke in die kommunikasieproses tydens prediking kan dus veroorsaak dat die boodskap van die prediker nie korrek deur die hoorders begryp word nie. Hierdie probleem kan veroorsaak dat hoorders nie in reaksie op die prediking geestelik groei nie.

Insigte vanuit die Kommunikasiekunde kan daartoe bydra dat 'n prediker in sy prediking beter kommunikeer. Beter kommunikasie deur 'n prediker sal daartoe meewerk dat prediking beter daarin slaag om geestelike groei in 'n gemeente te bewerkstellig.

In hierdie hoofstuk sal perspektiewe vanuit die Kommunikasiekunde ondersoek word, wat kan help dat 'n prediker tydens prediking beter kommunikeer. Hierdie perspektiewe sal soos volg ondersoek word:

1) Eers sal vasgestel word wat die doel en definisie van kommunikasie is, en uit watter komponente die kommunikasieproses bestaan.
2) Daarna word enkele kommunikasiemodelle ondersoek.
3) Prediking is 'n vorm van voordrag. Watter insigte kan verkry word oor voordrag aan 'n groot groep mense?
4) Kommunikasie vind nie net verbaal plaas nie. Watter nie-verbale kommunikasie vind tydens prediking plaas en watter invloed het dit op die boodskap wat oorgedra word?

## *8.2 Belangrike komponente van kommunikasie*

### 8.2.1 Die doel van kommunikasie

Daar bestaan verskeie redes waarom mense kommunikeer. Verderber & Verderber (2002:11-12) toon ses redes aan:

- Om behoeftes te bevredig.
- Om selfbegrip te bevorder.
- Om sosiale verpligtinge te vervul.
- Om verhoudings te bou.
- Om inligting uit te ruil en oor te dra (vgl. Vos, 1996:153).
- Om ander te beïnvloed.

Bang (2004:139-140) sê dat kommunikasie mense bemagtig om sekere dinge te doen. Kommunikasie maak dit vir mense moontlik om te groei, te leer, bewus te word van hulself en aan te pas by hul omgewing. Deur kommunikasie kan mense selfs hulle omgewing verander en aanpas by 'n nuwe omgewing. 'n Belangrike funksie van kommunikasie is om ander mense tot spesifieke sienings te oortuig of tot spesifieke keuses en besluite te stimuleer.

Gevolgtrekking

Prediking as 'n vorm van kommunikasie kan verskillende doelwitte hê. Prediking kan dus gaan oor die oordrag en uitruil van inligting en om ander tot spesifieke oortuigings, keuses en besluite te beïnvloed, maar prediking kan ook meewerk om verhoudings te bou, selfbegrip te bevorder en behoeftes te vervul.

### 8.2.2 'n Definisie van kommunikasie

Al staan die kommunikasiegebeure so sentraal in die menslike bestaan, toon Vos (1996:153) aan dat dit nie so maklik is om die omvang en betekenis van die begrip te omskryf nie. Enkele definisies van kommunikasie is:

- Verderber & Verderber (2002:6): "Communication is the process of creating or sharing meaning in informal conversation, group interaction, or public speaking. The process includes participants, context, messages, channels, presence or absence of noise, and feedback."
- McLean (2003:4): "Communication is defined as the process of understanding and sharing meaning."

Uit bogenoemde twee definisies is dit duidelik dat kommunikasie 'n proses is. 'n Proses is 'n dinamiese aktiwiteit wat voortdurend verder ontwikkel (vgl. McLean, 2003:15). Deur hierdie proses moet daar 'n gemeenskaplike en ooreenstemmende begrip of betekenis ontstaan. Hierdie gemeenskaplike begrip en betekenis word

gevorm deurdat die partye wat aan die (kommunikasie) proses deelneem met mekaar die begrip of betekenis deel.

Gevolgtrekking

Die preek vorm 'n onderdeel van die kommunikatiewe proses tussen prediker en hoorder(s). Om effektief te preek, moet die preek nie as 'n volkome selfstandige handeling gesien word nie, maar as komponent van 'n proses om gemeenskaplike begrip en betekenis tussen prediker en hoorder(s) te skep.

### 8.2.3 Deelnemers in kommunikasie

Verderber & Verderber (2002:6) sê dat deelnemers aan die kommunikasieproses daardie mense is wat kommunikeer deur die rolle van senders en ontvangers gedurende die kommunikasieproses in te neem.

- Senders is daardie deelnemers wat boodskappe vorm en aan die ontvangers probeer kommunikeer deur verbale en nie-verbale gedrag.
- Ontvangers verwerk die verbale en nie-verbale boodskappe en reageer daarop.

Die sender besluit wat die boodskap sal wees, enkodeer die boodskap en hou die boodskap voor. Deur waar te neem hoe die ontvanger op die boodskap reageer, kan die sender die enkodering en wyse van boodskap oordra, wysig om die boodskap duideliker oor te dra (McLean, 2003:7).

Die ontvanger ontvang die boodskap van die sender. Om betekenis uit die boodskap te genereer, moet die boodskap geanaliseer en geïnterpreteer word. Analise en interpretasie van die boodskap kan 'n ander betekenis voortbring as wat die sender bedoel het (McLean, 2003:8).

Gevolgtrekking

Die prediker is die sender van die boodskap. Die preek is sy geënkodeerde boodskap aan die hoorders. Die hoorders is die ontvangers van die boodskap. Deur waar te neem hoe die hoorders op die preek reageer, kan die prediker sy preekinhoud en wyse van prediking verander om sy boodskap duideliker oor te dra.

Om die preekboodskap te kan verstaan, moet die hoorders die boodskap analiseer en interpreteer. Hierdie analise en interpretasie kan 'n ander betekenis voortbring as wat die prediker bedoel het. Die prediker moet ook hiervoor sensitief wees en moet, indien nodig, sy preekboodskap en wyse van prediking kan aanpas om duideliker tot die hoorders te kan spreek.

### 8.2.4 Die konteks van kommunikasie

Konteks is die fisiese, sosiologiese, historiese, psigologiese en kulturele opset waarbinne kommunikasie plaasvind (Verderber & Verderber (2002:6-7):

- Fisiese konteks verwys na die fisiese plek waar kommunikasie plaasvind. Hieronder word ook verstaan omgewingsinvloede soos temperatuur, beligting en geraasvlakke. Die fisiese afstand tussen spreker en hoorders, die wyse waarop sitplekke gerangskik is, die tyd van die dag en vele ander fisiese veranderlikes kan 'n invloed hê op die effektiwiteit van kommunikasie.
- Die sosiologiese konteks beïnvloed die styl van kommunikasie. 'n Familie-ete gaan ander soort kommunikasie oplewer as die formele jaarvergadering van 'n maatskappy. 'n Preek tydens 'n erediens gaan 'n ander soort kommunikasie oplewer as 'n gesprek tydens huisbesoek.
- Historiese konteks verwys na dit wat vroeër reeds gekommunikeer is. Wat in die verlede gekommunikeer is, hoef nie noodwendig weer herhaal te word om op 'n later stadium steeds 'n invloed te hê op wat gekommunikeer word nie. Indien 'n persoon egter later by 'n kommunikasieproses aansluit en nie weet wat vroeër gekommunikeer is nie, kan hy dalk sukkel om die huidige kommunikasieproses te verstaan.
- Psigologiese konteks verwys na die gemoedstemming en gevoelens van elke deelnemer aan die kommunikasieproses. Hierdie konteks het 'n invloed op kommunikasie want iemand onder geweldige spanning, kan 'n boodskap maklik verkeerd interpreteer.
- Kulturele konteks sluit in die waardes, houdings, geloof, sosiale hiërargie, godsdiens, tydsbegrip ens. van 'n groep mense. Verskille in kulturele konteks kan tot kommunikasieprobleme lei.

Bang (2004:144) toon dat dit noodsaaklik is om die konteks van 'n gehoor te analiseer sodat 'n sinvolle boodskap gelewer kan word. Data oor die hoorders kan ingesamel word:

- op 'n formele wyse deur doelgerigte gesprekke waarin navraag oor sekere sake gedoen word,
- op 'n informele wyse deur daaglike observasie van aksies en interaksies onder die hoorders,

- deur intelligente raaiskote.

Om duidelik te kan kommunikeer, moet daar gemeenskaplike grond tussen die deelnemers aan die kommunikasieproses wees (vgl. McLean, 2003:4). Gemeenskaplike grond beteken dat die deelnemers aan die kommunikasieproses dinge met mekaar deel en mekaar verstaan sodat die kans vir misverstand minimaal is.

'n Voordrag of gesprek is nie 'n geïsoleerde gebeurtenis nie. Dit vind plaas in 'n spesifieke konteks en is bepalend vir die verwagtings van die deelnemers (McLean, 2003:9). McLean (2003:24) toon aan dat persone die beste aandag gee aan sake wat relevant vir hulle is. Sprekers kan dus hoorders help om beter op 'n boodskap te konsentreer deur aktueel en relevant te wees.

Die invloed van die konteks van die hoorder op die luisterproses in prediking is empiries deur Du Preez (2006:75) aangetoon. Du Preez (2006:93) het veral klem gelê om die gemoedstoestand van die hoorder en wys dat dit, net soos die sosio-ekonomiese situasie van die hoorder (byvoorbeeld dreigende bankrotskap, afdanking, ensovoorts) die wyse waarop die hoorder na die preek luister, beïnvloed. Kennis van die konteks van hul hoorders, kan predikers help om duideliker tot hul hoorders te spreek.

Kennis van die konteks van die hoorder, het die verdere voordeel dat predikers die behoeftes wat uit die konteks voortspruit in die prediking kan aanspreek. Aanspreek van behoeftes kan besonderlik bydra tot aktiewe luister vanaf die kant van die hoorder (Du Preez, 2006:48-49) en sodoende kan geestelike groei bewerkstellig word.

Pieterse & Michie (2006:121) wys daarop dat tydens die rekening hou met die konteks van die hoorder, ook op 'n dieper vlak met die meer universele en eksistensiële werklikheid van die mens se bestaan rekening gehou moet word. Vrae oor betekenis, oor verbondenheid aan mekaar, hoe om 'n verskil in die wêreld te maak, waarop gehoop word en wat die bron van welwese is, moet ook aangespreek word.

Van Harn (2005:72-81) toon dat konteks veral op twee vlakke in prediking verreken moet word:

- Aan die een kant is daar die skielike, dramatiese, ontwrigtende en traumatiese dinge wat in die wêreld gebeur en wat in die lig van Christus toegepas en verduidelik moet word.

- Aan die ander kant is daar die persoonlike ervaring van die lewe wat tydens die verskillende seisoene van die lewe beleef word. Wat kinders, adolessente, jong volwassenes, middeljariges en bejaardes beleef, is alles verskillend. Hierdie verskillende belewenisse moet in die prediking verreken word.

Gevolgtrekking

Konteks word deur verskeie faktore bepaal. Deur doelbewus aandag aan die konteks te gee waarbinne hy preek, kan 'n prediker waak teen die gevaar dat hoorders nie sy boodskap verstaan nie of verkeerd verstaan. 'n Prediker moet dus sy hoorders en hul situasie so goed moontlik ken. Dit sluit in dat hy begrip moet hê vir die stand van hul spiritualiteit en sy prediking daarby aanpas. Deur te sorg dat hy sake aanspreek wat vir sy hoorders aktueel en relevant is, sal hy meer effektief die aandag van sy hoorders behou. Rekening hou met die konteks sluit ook in om rekening te hou met konteks op eksistensiële vlak en om bestaansvrae van die hoorders aan te spreek.

### 8.2.5 Boodskappe in kommunikasie

Kommunikasie vind plaas deur die stuur en ontvang van boodskappe. 'n Boodskap is 'n stimulus of betekenis wat deur die sender vir die ontvanger geskep word (McLean, 2003:7). Hierdie stuur en ontvang van boodskappe sluit in die elemente van betekenis, simbole, enkodering en dekodering, vorm en organisasie (Verderber & Verderber (2002:8-9):

- Betekenis is die idees en gevoelens wat iemand besit. Hierdie betekenis is dit wat aan iemand anders oorgedra moet word.
- Simbole is woorde, klanke en aksies wat spesifieke betekenisse verteenwoordig. Hierdie simbole is verbaal en nie-verbaal.
- Die kognitiewe proses om idees en gevoelens in woorde, klanke en aksies om te skakel, word enkodering genoem.
- Die kognitiewe proses om woorde, klanke en aksies in idees om te skakel, word dekodering genoem.
- Wanneer betekenis kompleks is, is dit nodig om die boodskap te organiseer of in 'n spesifieke orde te plaas. Dit is byvoorbeeld nodig wanneer iemand vir 'n lang tyd sonder onderbreking praat.

Van Harn (2005:21) wys daarop dat 'n prediker rekening moet hou met 'n verstaanbare boodskap. Hy moet daarteen waak om nie 'n boodskap te wil oordra wat bo die begripsvermoë van die hoorders is nie.

Gevolgtrekking

'n Prediker enkodeer die idees en gevoelens wat hy aan sy hoorders wil oordra in simbole. Hierdie simbole is sy woorde, klanke en aksies en word sy preek genoem. Die hoorders dekodeer hierdie woorde, klanke en aksies om die betekenis van die preek te begryp. Die prediker moet daarom sorg dat sy simbole vir sy hoorders verstaanbaar is, en dat hy nie bo die begripsvermoë van sy hoorders beweeg nie. Insig in die konteks van die hoorders kan hom hierin help.

Vanweë die komplekse aard van 'n preek en die feit dat die prediker lank aaneenlopend praat, is dit nodig dat 'n prediker sy preek organiseer of in 'n spesifieke orde plaas, sodat sy hoorders hom makliker kan volg.

### 8.2.6 Kanale tydens kommunikasie

'n Kanaal is die roete en wyse waarop die boodskap oorgedra word (McLean, 2003:7). Boodskappe word deur die sensoriese kanale oorgedra. Aangesig-tot-aangesig kommunikasie word basies deur twee sensoriese kanale gedra: klank (verbale kommunikasie) en sig (nie-verbale kommunikasie). Hoe meer sensoriese kanale gebruik word, hoe groter is die kans dat kommunikasie gaan slaag (Verderber & Verderber (2002:8-9).

Gevolgtrekking

Daar moet gewaak word teen die gedagte dat prediking hoofsaaklik die gehoorsintuig as kanaal gebruik waardeur boodskappe oorgedra word. Sig speel ook 'n belangrike rol en word dikwels onderbeklemtoon. Deur daarop te fokus om selfs ook ander sensoriese kanale vir kommunikasie te gebruik, kan 'n prediker meer effektief preek.

### 8.2.7 Geruis tydens kommunikasie

Geruis is enige eksterne, interne of semantiese stimuli wat met die kommunikasieproses inmeng. Geruis kan die betekenis van die boodskap versteur en selfs verdraai (McLean, 2003:9). Verderber & Verderber (2002:9) sê:

- Eksterne geruis is enige sensoriese inmenging wat die oordrag van 'n boodskap belemmer. Harde verkeersgeluide kan dit byvoorbeeld moeilik maak om na 'n spreker (of prediker) te luister.
- Interne geruis is enige gedagtes of gevoelens wat dit moeilik maak om 'n boodskap te kommunikeer. Dagdromery kan dit moeilik maak om 'n boodskap oor te dra.
- Semantiese geruis is die opwek van onbedoelde betekenisse deur die gebruik van sekere simbole. Vos (1996:158) toon aan dat semantiese geruis ook maklik voorkom waar die prediker en hoorder in verskillende taalregisters praat. Argaïese, teologiese, akademiese of swak taalgebruik kan verhinder dat die preek sy bestemming bereik.

Om interne of semantiese geruis te beperk, is dit noodsaaklik dat die spreker 'n sekere begrip van die hoorder se perspektief op sy boodskap het. Die hoorder moet egter ook gevoel hê vir die spreker se perspektief op die boodskap wat hy wil oordra (vgl. Holtgraves, 2002:22, 27). Wanneer 'n spreker byvoorbeeld 'n indirekte uitdrukking wil gebruik om na 'n saak te verwys, moet hy begrip daarvoor hê oor hoe die hoorders die indirekte uitdrukking sal verstaan. Wanneer 'n spreker byvoorbeeld in 'n toespraak 'n idioom gebruik, moet hy weet dat die hoorders die idioom reg sal verstaan. Hoorders moet weer die spreker se perspektief in ag neem om die indirekte uitdrukking korrek te interpreteer.

Du Preez (2006:16) sê in sy navorsing oor die invloed van geruis op prediking dat geruis ook kan ontstaan as gevolg van die gesindheid waarmee die hoorder na die prediking luister. Verharding van die hart, gebrek aan diepte in geloofsontwikkeling (spiritualiteit -JAE), en hindernisse wat geloofsgroei belemmer (soos gebreke in die sosio-ekonomiese situasie van die hoorder, waaronder huwelikskonflik) kan geruis wees wat maak dat die prediker se boodskap nie doeltreffend ingang by die hoorder vind nie.

<u>Gevolgtrekking</u>

Geruis is stimuli wat met die kommunikasieproses tydens prediking kan inmeng. 'n Prediker moet sover moontlik bewus wees van eksterne geruis en daarvoor kompenseer deur byvoorbeeld 'n sin te herhaal wanneer nodig. Interne en semantiese geruis kan beveg word deur doelbewus te poog om voortdurend die volle aandag van hoorders te behou. Eenvoudige, helder en aktuele prediking kan hiermee help.

Die prediker moet ook bewus wees van geruis wat kan ontstaan as gevolg van die ingestelheid van die hoorder. Vae en onduidelike prediking kan ook daartoe bydra dat die hoorder nie die boodskap korrek hoor nie.

### 8.2.8 Die rol van terugvoer tydens kommunikasie

Terugvoer is die reaksie op 'n boodskap. Hierdie terugvoer kan verbaal en nie-verbaal wees. Terugvoer maak dit duidelik of die boodskap korrek oorgedra is of nie. Indien die boodskap verkeerd oorgedra is, kan gepoog word om regstellings of verheldering te doen (Verderber & Verderber (2002:9-11).

Bekwame kommunikeerders gee ag op terugvoer en pas hul woorde en nie-verbale gedrag aan totdat hulle seker is dat hul hoorders die betekenis ontvang het wat hulle wil oordra. McLean (2003:8,63) wys daarop dat hoe meer en beter terugvoer gegee word, hoe beter vind kommunikasie plaas. Terugvoer kan keer dat misverstande plaasvind. De Wet (1995:88, 90) toon aan dat gebrek aan terugvoeringskanale, predikers in die duister laat oor die effektiwiteit en geslaagdheid van hul prediking (vgl. Jackson, 1991:40).

Stark (2005) toon in haar proefskrif juis die belang van terugvoer aan die prediker. Deur van deeglike empiriese ondersoek as terugvoerkanaal gebruik te maak, kan predikers vasstel waar hoorders 'n preek begryp of nie (Stark, 2005:257). Daarby is daar 'n onverwagte bonus as 'n prediker doelbewus terugvoer vanaf sy hoorders soek: Jackson (1991:40-49) het empiries vasgestel dat die houding van hoorders wat doelbewus op 'n gestruktureerde wyse aan 'n prediker terugvoer gee, positief teenoor die prediker, sowel as die preekboodskap verander.

Gevolgtrekking

Predikers moet doelbewus terugvoer van hul hoorders soek. Terugvoer kan misverstande regstel of onduidelike sake opklaar. Daarby kan gestruktureerde terugvoer daartoe bydra dat die houding van hoorders positief teenoor die prediker en preekboodskap verander.

Terugvoer kan deur nie-verbale kommunikasie verkry word. Terugvoer kan ook verkry word deur direkte navraag. 'n Preekbespreking na prediking, kan hierdie doel byvoorbeeld goed dien. Deeglike empiriese navorsing kan ook uitstekende resultate lewer.

### 8.2.9 Samevattende perspektiewe vanuit die ondersoek na die doel en definisie van kommunikasie, asook die komponente van die kommunikasieproses

1) Prediking, as 'n vorm van kommunikasie, kan verskillende doelwitte hê. In prediking kan dit gaan om die oordrag en uitruil van inligting, om die beïnvloeding tot spesifieke oortuigings, keuses en besluite, om die meewerk tot die bou van verhoudings, om selfbegrip te bevorder en om ander behoeftes te vervul.

2) 'n Preek is 'n kommunikatiewe instrument om gemeenskaplike begrip en betekenis tussen die prediker en hoorder(s) te skep. Kommunikasie is egter 'n proses en 'n preek is 'n (belangrike) onderdeel van hierdie proses. Om waarlik effektief te kommunikeer, moet daarteen gewaak word om 'n preek as 'n volkome selfstandige handeling te sien.

3) Omdat prediking deel is van 'n proses, kan die prediker tydens prediking waarneem hoe die hoorders op die prediking reageer. Indien nodig kan verstellings aan die preekinhoud en wyse van prediking gemaak word om duideliker tot die hoorders te spreek.

4) Om die preekboodskap te kan verstaan, moet die hoorders die boodskap analiseer en interpreteer. Hierdie analise en interpretasie kan 'n ander betekenis voortbring as wat die prediker bedoel het. Die prediker moet daarom sensitief wees vir die reaksie van die hoorders op sy boodskap. Indien nodig moet hy sy preekboodskap en wyse van prediking aanpas om sy boodskap duideliker te kan oordra.

5) Prediking vind in 'n spesifieke konteks plaas. Konteks word deur verskeie faktore bepaal, soos die fisiese, sosiologiese, historiese, psigologiese en kulturele opset waarbinne kommunikasie plaasvind. Die prediker moet doelbewus hierdie konteks analiseer en in ag neem om die aandag van sy hoorders te behou en ook om te sorg dat sy boodskap korrek verstaan word. Rekening hou met die konteks sluit ook in om rekening te hou met konteks op eksistensiële vlak en om bestaansvrae van die hoorders aan te spreek.

6) 'n Preek is die geënkodeerde idees en gevoelens wat 'n prediker aan sy hoorders wil oordra. Hierdie idees word deur simbole verteenwoordig. Simbole is die woorde, klanke en aksies van die prediker. Die hoorders dekodeer hierdie simbole om betekenis te vind. Deur rekening te hou met die konteks van sy hoorders, kan die prediker effektiewe simbole gebruik wat maklik deur die

hoorders gedekodeer kan word. Deur sy boodskap te organiseer, kan die prediker sy hoorders help om hom makliker te volg. Die prediker mag nie bo die begripsvermoë van sy hoorders beweeg nie.

7) Daar moet teen gewaak word om slegs die gehoor as sensoriese kanaal vir kommunikasie te gebruik. Sig speel ook 'n baie belangrike rol en word dikwels onderbeklemtoon. Deur daarop te fokus om selfs ook ander sensoriese kanale vir kommunikasie te gebruik, kan 'n prediker baie meer effektief preek.

8) Geruis is stimuli wat met die kommunikasieproses inmeng en die boodskap versteur en selfs verdraai. 'n Prediker moet oplet na eksterne geruis en daarvoor kompenseer. Interne en semantiese geruis kan beveg word deur eenvoudige, helder en aktuele prediking wat die aandag van die hoorders makliker behou.


9) Deur doelbewus terugvoer te soek en daarop te reageer, kan predikers misverstande regstel, onduidelikhede opklaar en hul boodskap versterk. Terugvoer kan indirek deur nie-verbale kommunikasie gevind word, maar terugvoer kan ook deur direkte navraag verkry word. Preekbesprekings na prediking kan byvoorbeeld hierdie doel goed dien.

## *8.3 Kommunikasiemodelle*

Menslike kommunikasie is 'n komplekse saak - soos gesien kan word uit die magdom modelle wat al deur die eeue ontwikkel is om menslike kommunikasie te beskryf. Weens die kompleksiteit van die saak, word uitgebreide kommunikasiemodelle steeds ontwikkel (Bang, 2004:138). Vervolgens word 'n oorsig oor die ontwikkeling van enkele kommunikasiemodelle gegee om daaruit perspektiewe te verkry wat van toepassing kan wees om meer effektiewe kommunikasie tydens prediking te bewerkstellig.

### 8.3.1 Die klassieke-retoriese model

Drakeford (1986:16-24) wys daarop dat die oudste verhandeling oor kommunikasie deur Aristoteles geskryf is. In sy *Retoriek* lig Aristoteles drie elemente in die kommunikasieproses uit: die spreker, die toespraak en die gehoor. Bang (2004:132) toon dat Aristoteles kommunikasie beskryf het as 'n spreker wat 'n argument deur 'n toespraak aan hoorders voorhou. Skematies kan dit soos volg gestel word:




Aristoteles het uitgewys dat 'n goeie openbare toespraak drie sleutelelemente kombineer (McLean, 2003:231-233): etos, patos en logos.

- Etos verwys na die spreker se steun op sy eie geloofwaardigheid en vermoëns ten opsigte van sy tema.
- Patos verwys na die spreker se appèl op die emosies van die hoorders ten opsigte van sy tema.
- Logos verwys na die spreker se logiese beredenering van sy tema.

Al drie hierdie elemente speel vandag nog 'n groot rol om oortuigend 'n verbale boodskap oor te dra.


<u>Gevolgtrekking</u>

Kommunikasie word hiervolgens gesien as iets wat in een rigting vanaf 'n sender na 'n hoorder geskied. Die sender bevorder die positiewe ontvangs van die boodskap deur die sleutelelemente van etos, patos en logos te kombineer. 'n Prediker sou dus effektief kommunikeer wanneer hy in sy preek die elemente van etos, patos en logos suksesvol kombineer.

Hierdie model bevat egter die groot leemte dat dit die hoorder as ontvanger van die boodskap ignoreer (vgl. Vos, 1996:154).

### 8.3.2 'n Lineêre benadering

Vos (1996:168-170) toon aan dat verskeie persone, waaronder Lasswell, Shannon & Weaver en Berlo die model van Aristoteles verder uitgebrei het deur 'n lineêre benadering tot kommunikasie te volg. Daarom sê Nagel (2002:56) dat die lineêre kommunikasiemodel ook 'n historiese model is. In hierdie model is daar begrip daarvoor dat 'n sender 'n boodskap aan 'n hoorder wil oordra. Wat in hierdie model raakgesien is, is dat geruis 'n invloed kan hê op die oordrag van die boodskap. Skematies kan die lineêre kommunikasiemodel soos volg voorgestel word:




Die swak punt van hierdie model is dat prediking steeds eenrigtingverkeer veronderstel en dat kommunikasie dus nie as 'n dinamiese proses beskou word nie (Nagel, 2002:56). Die aard van die rol wat die hoorder kan speel, ontbreek (Vos, 1996:170). Geen terugvoer word vanaf die hoorder verkry nie.

<u>Gevolgtrekking</u>

De Wet (1995:91) wys daarop dat prediking nie 'n eendimensionele, eenrigtingproses is wat van sender na hoorder beweeg en waarin die hoorder op 'n meganiese wyse alles wat gepreek is, opneem nie. 'n Lineêre kommunikasiemodel sal dus nie vir prediking werk nie. Tog is dit van belang om op te let dat geruis 'n invloed kan hê op die effektiewe oordrag van die boodskap.

### 8.3.3 'n Sirkulêre kommunikasiemodel

Dingemans (1991:144-146) toon dat 'n verdere ontwikkeling in die Kommunikasiekunde die ontwerp van die sirkulêre kommunikasiemodel was. Daar is besef dat hoorders ook in staat is om te reageer, sinvolle vrae te vra en selfs ook 'n wesenlike bydrae tot 'n gesprek te lewer. Só word hoorders ook sprekers en sprekers word hoorders. Deur hierdie sirkelgang word 'n gesprek ontwikkel en kan konsensus oor 'n saak groei.

<u>Gevolgtrekking:</u>

Omdat 'n preek monologies van aard is, pas prediking nie in hierdie kommunikasiemodel nie. Ander vorme van Woordbediening, soos huisbesoek en pastorale gesprekke, kan egter uitstekend in hierdie model geakkommodeer word.


### 8.3.4 'n Dialogiese kommunikasiemodel

Power *et al.* (2002:116) haal Schramm (1971:8) aan wat sê:

> "The most dramatic change in general communication theory during the last forty years has been the gradual abandonment of the idea of a passive audience, and its replacement by the concept of a highly active, highly selective audience, manipulating, rather than being manipulated by the message."

Om die probleem van 'n gebrek aan terugvoer vanaf die hoorder aan te spreek, is die dialogiese kommunikasiemodel vir die Homiletiek uitgewerk (vgl. Pieterse, 1991:7-20). Hierdie is 'n meer dinamiese model waarin daar meer plek is vir interaksie en terugvoer. Hierdie model kan vergelyk word met 'n balspel waar die bal heen-en-weer tussen die prediker en hoorder beweeg (Pieterse 1985:39). As gevolg hiervan, sê Pieterse (2002:78), moet die prediker wat die lewende Woord doelmatig en sinvol aan die hedendaagse mens wil verkondig, ernstig besin oor die verstaanswêreld van die hoorder. Die prediker moet die hoorder se vrae antisipeer en homself in die plek van die hoorder stel. Daarom moet eksegese van die teks aangevul word deur "eksegese" van die hoorder. Deur tekens en simbole te gebruik wat die hoorder verstaan, kan die prediker dan daarin slaag om effektief met die hoorder te kommunikeer (vgl. Dingemans, 1991:147-149).

Nagel (2002:57) toon dat hierdie model van Pieterse in die Kommunikasiekunde saamgevat word onder die term interaktiewe kommunikasie. Skematies kan dit soos volg voorgestel word (sien volgende bladsy):



In hierdie model word aanvaar dat die hoorder aktief by die luisterproses betrokke is en dat sekere sake, soos die hoorder se voorveronderstellings, 'n invloed uitoefen op die hoorder se verstaan van 'n preek (Nagel, 2002:58). Vos (1996:188) wys daarop dat die hoorder nie net hoor tydens die kommunikasieproses nie, maar ook dink. Op grond van eie gevoelens en persepsies, voeg hy by die boodskap dít wat hy dink hy gehoor het. Op grond van dít wat hy gedink en gehoor het, reageer hy.

Dialoog tussen die prediker en hoorder mag nie ophou nie, anders word die preek 'n blote monoloog. Die hoorder moet nie net 'n aangesprokene wees nie, maar ook 'n deelnemer aan die preek (vgl. Stark, 2005:216). Om dialoog in die prediking te skep, beteken nie noodwendig dat die hoorders verbaal moet reageer nie (Bang, 2004:143-146). Predikers moet daarna strewe om hoorders te laat dink, te laat antwoord en te laat argumenteer, al is dit net in hulle gedagtes. So word aandag behou en hoorders aktief by die dialoog betrek (Pieterse & Michie, 2006:130; Van Harn, 2005:66).

Daarby is hoorders ook op ander wyses in die kommunikasieproses aktief. Power *et al.* (2002:145-146) toon dat hoorders die agenda van die boodskap medebepaal. Deur sy hoorders te ken, kan die prediker antisipeer wat hulle op die agenda wil plaas en dan daardie sake aanspreek. Sake wat relevant is en waarmee die hoorders kan identifiseer, sal hulle aandag beter trek en gevange hou.

De Wet (1995:90) wys daarop dat hierdie model aantoon dat voortdurende terugvoering tydens die kommunikasiegebeure nodig is om die kommunikasiegebeure te laat slaag. Terugvoering geskied deurdat die prediker onder andere sy gehoor fyn dophou en oplet hoedat hulle reageer.

Jackson (1991:45-46) se navorsing het getoon dat die doelbewuste soeke na terugvoer vanaf hoorders op gestruktureerde wyse tydens prediking, 'n positiewe gesindheidsverandering teenoor prediker en preek teweegbring. Een verklaring hiervoor is dat terugvoer 'n metode is waarmee die hoorder in dialoog met die prediker en preekboodskap kan tree.

<u>Gevolgtrekking</u>

Alhoewel 'n preek monologies van aard is, is dit in sy wese dialogies. Die preek moet 'n dialogiese aard vertoon, anders is dit nie kommunikasie nie (vgl. Bang, 2004:143). Die hoorder moet deur die preek betrek word deurdat die preek hulle laat dink, antwoord en argumenteer - al is dit net in hulle gedagtes (Bang, 2004:143; vgl. Vos, 1996:160; Pieterse & Michie, 2006:130). Die prediker moet

kennis dra dat die hoorder aktief by die luisterproses betrokke is en dat sekere sake, soos byvoorbeeld die hoorder se voorveronderstellings, 'n invloed uitoefen op die verstaan van die preek. Hoe beter die prediker sy hoorders ken, hoe beter sal hy hierdie sake in die preek kan aanspreek. Terugvoer oor die prediking, kan die dialoog tussen 'n prediker en sy hoorders verbeter en die prediker help om sy boodskap beter aan sy hoorders oor te dra.

### 8.3.5 Samevattende perspektiewe vanuit die ondersoek na kommunikasiemodelle

1) Deur doelbewus van die elemente van etos, patos en logos gebruik te maak, sal 'n prediker meer doeltreffend tydens sy prediking kan kommunikeer. Etos verwys na die geloofwaardigheid van die prediker. Patos verwys na die wyse waarop die prediker daarin slaag om 'n appèl te maak op die emosies van sy hoorders. Logos verwys na die logiese wyse waarop die prediker sy boodskap beredeneer.
2) Geruis kan 'n invloed hê op die effektiwiteit waarmee 'n preek gelewer word. Terugvoer vanaf die hoorder na die prediker is noodsaaklik om te bepaal of die boodskap korrek oorgedra is.
3) 'n Sirkulêre model vir kommunikasie pas nie by prediking nie vanweë die monologiese aard van 'n preek. 'n Preek is nie 'n ontwikkelende gesprek waar prediker en hoorders rolle ruil en mekaar vorm nie.
4) Die hoorder is aktief betrokke by die luisterproses tydens prediking. Die prediker moet daarvan kennis neem dat sake, soos byvoorbeeld die hoorder se voorveronderstellings, 'n invloed uitoefen op die hoorder se verstaan van die preek. Daar moet daarna gestrewe word om die hoorder aktief by die luisterproses te betrek deur die hoorders te laat dink, antwoord en argumenteer - al is dit net in hulle gedagtes. Hoe beter die prediker sy hoorders ken, hoe beter kan hy in hierdie doel slaag.
5) Terugvoer kan 'n prediker help om te voorkom dat sy preek in wese 'n blote monoloog is wat die hoorders glad nie aanspreek nie. Deur

terugvoer kan die dialogiese aard van prediking tot sy reg kom en die prediker seker maak dat sy boodskap die hoorders aanspreek.

## *8.4 Voordrag as vorm van kommunikasie*

Navorsers toon aan dat kommunikasie in verskillende situasies kan plaasvind (vgl. Bang, 2004:138; Tubbs & Moss, 2003:17-20; McLean, 2003:11-13):

- Intrapersoonlike kommunikasie verwys na gesprekke wat mense met hulself voer.
- Interpersoonlike kommunikasie verwys na gesprekke tussen twee persone.
- Kleingroep kommunikasie verwys na kommunikasie tussen 'n klein groepie mense - meestal nie meer as 12 mense nie.
- Openbare kommunikasie staan ook bekend as voordrag of redenaarskuns. Hierdie vorm van kommunikasie word meestal beoefen met 'n groot groep mense op 'n spesifieke plek en is meer formeel van aard. Tydens hierdie soort kommunikasie, dra 'n spreker 'n boodskap deur voordrag aan hoorders oor.
- Massakommunikasie verwys na kommunikasie aan 'n groot massa mense wat nie van mekaar weet nie en meestal ook nie op dieselfde plek is nie. Vorme van massakommunikasie, is die radio, televisie en koerante.

Prediking val duidelik onder die kategorie van voordrag of redenaarskuns. Vervolgens gaan perspektiewe op prediking verkry word vanuit 'n ondersoek na voordrag as vorm van kommunikasie.

### 8.4.1 Die persoon van die spreker

Die persoon van die prediker speel 'n belangrike rol in die aanvaarding of verwerping van die boodskap wat hy wil oordra. Dingemans (1991:152-153) toon aan dat die persoon van die prediker op vier vlakke 'n invloed het op die oordrag van sy boodskap:

- Op die saaklike vlak probeer die prediker 'n saak aan die hoorders bekendmaak. Hierdie oordrag van die boodskap kan veroorsaak dat die boodskap duidelik verstaan of as vaag en onduidelik beleef word. Daarby kan die predikant as bekwaam of onbekwaam ervaar word.

- Op die verhoudingsvlak kan die hoorders die prediker as onverskillig of begaan oor hulle ervaar. Nel (2000:126-127) wys daarop dat hoorders ervaar of die prediker werklik vir hulle omgee of nie. 'n Prediker wat by sy hoorders betrokke is, se boodskap word oor die algemeen baie meer positief aanvaar.
- Op die ekspressiewe vlak kan die hoorders iets van die prediker se eie emosies en gevoelens beleef. Hierdie emosies van die prediker kan hulle óf positief óf negatief raak. Nel (2000:127) sê dat as hoorders beleef dat die prediker self van die waarheid van sy boodskap oortuig is, hulle baie meer positief teenoor die boodskap sal staan.
- Op die appèllerende vlak kan die hoorders op die appèl wat die prediker op hulle maak, ag gee of dit verwerp.

Hierdie vier vlakke word dikwels deur die hoorders op gemengde wyse beleef. As die prediker byvoorbeeld sy boodskap helder kan oordra en die hoorders hom as bekwaam ervaar, dit duidelik is dat hy opreg begaan oor die hoorders is, en die hoorders die opregtheid van die prediker kan beleef, sal hulle baie positief oor die appèl van die prediker wees. Sou hulle egter die prediker as onverskillig en negatief ervaar ten spyte van 'n duidelike boodskap, kan hulle dalk negatief staan oor die appèl wat hy op hulle maak. Net so kan hoorders negatief oor die boodskap staan as hulle die prediker as onbekwaam ervaar (vgl. Nel, 2000:126-127).

Tubbs en Moss (2003:395-401) vestig die aandag op die belang van die geloofwaardigheid van die spreker[15]. Bekwaamheid en eerlikheid is die twee belangrikste komponente van geloofwaardigheid. 'n Persepsie van bekwaamheid en eerlikheid is iets wat oor 'n tydperk gebou en gevestig word. 'n Spreker behoort dus voortdurend daaraan te werk. Gedurende 'n toespraak, kan 'n spreker egter geloofwaardigheid bou deur 'n gemeenskaplike band met die hoorders te skep.

'n Spreker moet geloofwaardig wees, sodat die hoorders hom of haar kan vertrou. Indien die spreker nie geloofwaardig is nie, sal die gehoor nie na die boodskap luister nie (McLean, 2003:42). Verderber & Verderber (2002:291,291) sê dat 'n gehoor na 'n spreker luister omdat hulle reken die spreker besit sekere vaardighede of kennis oor sy tema. Geloof in die spreker ontstaan deurdat die hoorders die spreker as bekwaam, vertrouenswaardig en warm beleef (vgl. Nel, 2000:116-121).

[15] Die geloofwaardigheid van die spreker is die etos van die spreker waarvan Aristoteles reeds in die vierde eeu voor Christus gepraat het (vergelyk 8.3.1 hierbo).

Om geloofwaardigheid by die gehoor te ontwikkel, kan die spreker (Verderber & Verderber, 2002:370-372):

- kennis en vaardigheid toon deur baie goed voorbereid te wees en deur verskeie voorbeelde, illustrasies en persoonlike ervarings met die hoorders te deel;
- brûe met die hoorders bou, sodat hulle met die sprekers kan identifiseer;
- goeie eerste indrukke skep met kleredrag en voorkoms.

Die lewe en optrede van die prediker, asook sy persoonlikheidseienskappe kan bydra om geruis of kommunikasiebelemmeringe met die hoorders te voorkom of te verander. Die prediker se lewe en optrede is op sigself 'n preek wat 'n invloed het op die wyse waarop die hoorders na sy prediking sal luister (Du Preez, 2006:60-61; vgl. Stark, 2005:99). Die hoorders wil beleef dat die boodskap wat die prediker kansel toe bring, oorspronklik is. Die prediker moet self met sy boodskap identifiseer en dit uitleef. Die prediker moet nie, by wyse van spreke, 'n masker dra nie (Nel, 2000:120).

Pieterse (2005b:127-128) stel dat 'n prediker 'n lewende, persoonlike verhouding met God en met die hoorders moet hê. Hierdie is volgens hom 'n *sine qua non*. 'n Preek wat sy doel bereik, begin by 'n prediker wat 'n onwrikbare vertroue het in God se betroubaarheid om sy beloftes na te kom en in die mens se gees werk.

Nel (2000:115-116;122) bevestig dat prediking wat 'n persoonlike dimensie van vertroue en sekerheid uitstraal, hoorders aanspreek. Om hierdie kwaliteit in prediking te bereik, moet die prediker homself ken, homself aanvaar, die roeping hê om homself te ontwikkel en te groei. Die prediker moet egter ook aanvaar wie hy nie is nie. Daarby moet die prediker verantwoordelikheid vir die gemeente aanvaar. Dit beteken dat die hoorders wil ervaar dat die prediker vir hulle omgee en hulle in die prediking in ag neem. Hierdie faset kan duidelik net in prediking na vore kom as die prediker werklik prediking as 'n dialoog tussen hom en die hoorders sien.

<u>Gevolgtrekking</u>

Die persoon van die prediker speel 'n belangrike rol in die aanvaarding van die boodskap wat hy wil oordra. Bekwaamheid en eerlikheid is die twee belangrikste eienskappe wat die prediker moet hê. Ander eienskappe wat ook 'n groot rol speel, is opregtheid, betrokkenheid en erns oor die saak. Deur 'n band met sy hoorders te skep, kan 'n prediker tydens prediking geloofwaardigheid bou.

'n Prediker kan dus slegs geloofwaardig oorkom oor spiritualiteit en geestelike groei as hy self vaardig is ten opsigte van spiritualiteit en geestelik groei. Om sy hoorders positief hieroor te beïnvloed, moet hy eerlik en opreg met hulle wees en 'n band met hulle bou. Hy moet homself ken, homself voortdurend ontwikkel, maar ook aanvaar wie hy nie is nie.

## 8.4.2 Die inhoud van die boodskap

Holtgraves (2002:4) sê dat die volgende grondreëls vir verbale kommunikasie geld:

- Kwantiteit - die boodskap moet net soveel inligting deurgee as wat nodig is. Te min informasie maak 'n boodskap kripties en duister. Te veel informasie maak dat die hoorder nie meer die informasie kan beheer of verwerk nie (Vos, 1996:194).
- Kwaliteit - die boodskap se inhoud moet eg wees; bewyse moet gelewer kan word. Verderber & Verderber (2002:137) noem dat gewaak moet word teen gevolgtrekkings wat nie noodwendig waar is nie. Kritiese luisteraars kan dalk verskil en die boodskap as gevolg hiervan totaal verwerp.
- Styl - die boodskap moet duidelik wees. Dubbelsinnigheid, vaagheid, ensovoorts moet vermy word.
- Relevansie - daar moet seker gemaak word dat die boodskap relevant is. Verderber & Verderber (2002:137) beweer dat nie-relevante materiaal veroorsaak dat hoorders nie luister nie.

Wanneer daar afgewyk word van enige van hierdie grondreëls, sê Holtgraves (2002:12,25) dat die hoorder indirekte betekenis vir die spreker se woorde sal begin soek. 'n Soeke na indirekte betekenis, kan kommunikasie belemmer. 'n Spreker kan vroegtydig hierdie gevaar teëwerk deur terugvoer vanaf die hoorders te verkry om vas te stel of hulle die boodskap verstaan het (McLean, 2003:65).

Tydens prediking wil hoorders persoonlik aangespreek voel (Nel, 2000:115). Die belangstelling van die hoorders kan maklik gestimuleer word deur aandag te gee aan, of 'n verband te trek met aktuele sake wat in die nuus is (Power *et al.*, 2002:145). Van Harn (2005:29) sê dat die hoorders tydens prediking nie losgemaak word van die gewone sorge en roetines van hul lewens nie. Hulle lewens word onder meer deur spesifieke mense, skuld, motors, kinders, bure en werk vasgevang. Hulle kom na die preek luister, terwyl hulle alles wat met hulle gebeur binne hulle saamdra. Goeie kennis van sy hoorders en 'n goeie kennis van die

wêreld waarbinne sy hoorders leef, is daarom vir 'n spreker baie belangrik omdat hy moet weet wat belangrik of aktueel vir sy hoorders is.

Om die aandag van die hoorders vas te vang en te behou, stel Verderber & Verderber (2002:364-368) die volgende voor:

- Hoorders moet onmiddellik weet wat om met die verworwe inligting te doen.
- Hoorders moet bewus wees van die relevansie van die boodskap.
- Hoorders moet bewus wees van die erns van die boodskap.
- Sprekers kan daarteen waak om onverstaanbaar te wees deur rekening te hou met hul hoorders se begripsvlak.

McLean (2003:25) wys daarop dat ontvangers van 'n boodskap eers die boodskap moet analiseer en interpreteer voordat betekenis daaraan geheg kan word. Die analiserings- en interpreteringsproses word baie aangehelp wanneer die boodskap goed georden is. Tubbs & Moss (2003:411-412 ) sê dat 'n goeie toespraak een sentrale gedagte het wat dikwels in verskillende punte uitgewerk word. Meeste toesprake bevat die retoriese struktuur van inleiding, liggaam en slot:

- Die inleiding skep die geleentheid om gemeenskaplike grond te vestig, die aandag van die hoorders te skep en 'n aptytwekker te gee van wat kom. Die inleiding kan ook die hoorders oor die struktuur van die boodskap inlig sodat hulle dit makliker kan volg.
- Die liggaam moet die inligting en argumente van die toespraak bevat. In die liggaam van die toespraak word die sentrale gedagte dikwels in verskillende punte uitgewerk. Hoe eenvoudiger die struktuur van die liggaam is, hoe beter behoort die hoorders die boodskap te onthou.
- Die slot bevat die samevatting en afsluiting van die toespraak. Tydens 'n toespraak kry die slot dikwels die meeste aandag van die hoorders omdat hulle weet die toespraak kom tot 'n einde. 'n Goeie slot kan daarom daartoe bydra dat die boodskap goed onthou word.

Wanneer al hierdie formele sake in plek is, is daar egter nog een kardinale saak wat die inhoud van die preek aanbetref. Nel (2000:128-132) noem dit die self-openbaring van die prediker. Die boodskap mag nie net 'n kliniese lesing vanuit die hoogte wees nie. Die prediker moes die boodskap van die preek reeds in sy eie lewe geleef het. Die hoorders word aangespreek deur die inhoud van die boodskap as die boodskap reeds lewendig geword het in die prediker se lewe.

Gevolgtrekking

In sy boodskap moet die prediker aandag gee aan die kwantiteit en kwaliteit van die inligting wat hy wil oordra. Die boodskap moet relevant vir die hoorders wees. Relevansie kan verkry word deur aandag te gee aan, of 'n verband te trek met aktuele sake wat in die nuus is. Hoorders moet dadelik weet wat om met die boodskap te maak.

'n Preek moet net een sentrale gedagte bevat. Hierdie gedagte kan deur middel van 'n eenvoudige, maar sterk struktuur in die liggaam van die preek uitgewerk word. Voor die liggaam van die preek, kan 'n inleiding afwagting skep en ook geleentheid gee om die struktuur te verduidelik. 'n Sterk slot wat die boodskap saamvat en afsluit, kan daartoe bydra dat die boodskap goed onthou word.

Ten spyte van al die formele aspekte ten opsigte van die inhoud van die preek, moet die inhoud van die preek ook 'n persoonlike karakter hê. Hoorders word positief aangespreek wanneer hulle ervaar dat die prediker self sy boodskap glo en die boodskap in sy lewe uitleef.

### 8.4.3 Taalgebruik

Die taalgebruik van 'n spreker is baie belangrik vir goeie kommunikasie. Dingemans (1991:168) sê: "Taal heeft niet alleen een symbolisch of verwijzend karakter (woorden hebben een be-teken-is), maar taal heeft ook een expressieve, een evocatiewe en een appellerende kràcht."

Taal mag nie die boodskap verduister nie, maar moet dit verhelder (Vos, 1996:194). Taal mag nooit slordig en goedkoop word nie, maar moet deur die hoorder verstaan en ervaar word. In 'n preek sal die prediker daarmee rekening moet hou dat sy hoorders daagliks sekulêre taal gebruik en dit goed verstaan, terwyl kultiese taal dikwels vir hulle vreemd is. Die prediker sal daarop moet fokus om taal te gebruik wat sy hoorders verstaan (vgl. Dingemans, 1991:169; Pieterse & Michie, 2006:121).

Die taalgebruik van 'n spreker kan 'n hindernis vir hoorders word as die spreker byvoorbeeld nie rekening hou met die feit dat daar verskillende dialekte in 'n taal is nie. 'n Spreker kan een ding sê en bedoel, maar hoorders kan iets anders daarmee verstaan. Ander soorte taalhindernisse kan veroorsaak word deur slengtaal, vaktaal, seksistiese en rassistiese taalgebruik, clichés en dubbelsinnigheid (McLean, 2003:55-62).

Daarby moet gewaak word teen dubbelsinnigheid (Dingemans, 1991:169; McLean, 2003:65). Begrippe moet so noukeurig moontlik gedefinieer word, sodat daar duidelikheid is waaroor gepraat word. Konkrete begrippe kan help om 'n duidelike begrip te bewerkstellig.

Lewendige taalgebruik kommunikeer in toesprake beter as tegniese of abstrakte taal (Tubbs & Moss, 2003:421-425). Lewendige taalgebruik word geskep deur konkrete en kleurvolle beskrywings. Daarby het beperkte herhaling 'n belangrike funksie omdat dit kan keer dat iets verkeerd gehoor word en misverstande voorkom. Fowler (1995:26-29) toon ook die waarde van die doeltreffende gebruik van beelde. Deur die gebruik van beelde kan dikwels meer uitgedruk word as wat met woorde gesê word. Die effektiewe gebruik van beelde kan dus bydra tot die lewendige kommunikasie van 'n boodskap (vgl. Van Harn, 2005:68). By die gebruik van beelde word beeldspraak soos metafore, vergelykings, simbole, ensovoorts ingesluit.

Daar is reeds by 8.4.1 hierbo vasgestel dat wanneer daar 'n band tussen spreker en hoorders is, hoorders meer positief op 'n boodskap reageer. Deur middel van taalgebruik in die oordrag van die boodskap, kan hierdie band ook bevorder word. Verderber (2002:362-364) wys die volgende tegnieke uit om deur middel van taalgebruik 'n band met die hoorders te bou:

- Gebruik persoonlike voornaamwoorde om direk met die hoorders te praat.
- Vra retoriese vrae om gedagtes te prikkel.
- Deel gemeenskaplike ervarings.
- Verwerk abstrakte inligting na feite waarmee die hoorders kan identifiseer.

Hierbo (onder 8.3.4) is vasgestel dat die dialogiese model vir kommunikasie goed werk om prediking as kommunikasievorm te beskryf. Die prediker moet doelbewus daarna streef om dialoog met die hoorders te skep, alhoewel dit nie beteken dat die hoorders verbaal moet reageer nie (Bang, 2004:143-146). Calvyn het in sy prediking daarna gestrewe om retoriese vrae te vra en voorbeelde uit die daaglikse lewe van die hoorders te gebruik (Stark, 2005:99). Die afwisselende gebruik van die eerste-, tweede- en derdepersoon kan hoorderbetrokkenheid by die preek bevorder (vgl. Stark, 2005:216 e.v.). Nel (2000:118) lê klem op die oordeelkundige gebruik van die eerstepersoon enkelvoud 'ek'. Oordeelkundige gebruik hiervan kan bydra dat prediking as persoonlik ervaar word.

Die taalgebruik van 'n prediker kan dus bydra om dialoog te skep en só die aandag van die hoorder help behou. Hoorders moet deur die taalgebruik gestimuleer word om te dink, die prediker te antwoord en ook (in hulle gedagtes) met die prediker te argumenteer. Die direkte aanspreek van hoorders en die vra van vrae, kan hierdie dialoog skep.

Gevolgtrekking

Die wyse waarop 'n prediker taal gebruik, speel 'n belangrike rol vir doeltreffende kommunikasie. Taal moet die boodskap verhelder en nie verduister nie. Konkrete begrippe en duidelike definiëring van wat gesê word, kan saam met lewendige taal en beperkte herhaling 'n boodskap versterk. Die prediker moet waak teen swak taalgebruik.

Taalgebruik kan help om dialoog by hoorders te skep, al reageer hoorders nie verbaal nie. Die direkte aanspreek van hoorders en die vra van vrae, kan hoorders aanmoedig tot nadenke, argumentering en houdingsverandering.

### 8.4.4 Styl van voordrag

Tubbs en Moss (2003:401), asook McLean (2003:229) sê dat voordrag natuurlik en gebalanseerd moet wees. Die wyse waarop voordrag plaasvind, mag nie die aandag van die inhoud van die boodskap wegtrek nie, maar moet die gehoor help om na die boodskap te luister, dit te verstaan, te onthou en daarop te reageer.

McLean (2003:238-239) onderskei vier style by die lewering van voordrag:

- Impromptu toesprake. Hierdie soort toespraak kom informeel oor en gee ruimte vir kreatiwiteit. Tog laat dit min ruimte vir deeglike voorbereiding.
- Manuskripgebonde toesprake. Hier word die woorde vooraf gekies. Goeie voorbereiding kan gedoen word. Die risiko word egter groter om die toespraak bloot af te lees en sodoende die boodskap swak oor te dra.
- Improviserende toesprake. Hierdie soort toespraak se inhoud word goed voorberei, maar die aanbieding daarvan geskied uit die vuis. Met hierdie soort toespraak kan 'n goeie band met die gehoor gebou word.
- Gememoriseerde toesprake. Hierdie toesprake word gememoriseer en voorgedra. Indien die spreker konsentrasie verloor, kan dit moeilik wees om weer te fokus.

'n Groot fout wat predikers dikwels maak, sluit aan by wat McLean hierbo manuskripgebonde toesprake noem. Die fout is om die preek vanaf papier voor te lees. Ook Vos (1996:165) wys daarop dat daar 'n verskil is tussen die voorlees van 'n geskrewe dokument en die vrye lewering van 'n teks. 'n Geskrewe stuk is 'n individueel-psigologiese, terwyl vrye kommunikasie 'n sosiaal-psigologiese gebeurtenis is. Die voorlees van 'n preek teenoor die vrye lewering van 'n preek kan dus die oordrag van die boodskap belemmer.

Voorlesing bemoeilik oogkontak tussen spreker en hoorders. Oogkontak moet so ver moontlik met die hoorders behou word. Oogkontak skep vertroue in die spreker en kan ook help om dagdromery onder die hoorders te voorkom. Daarby speel die gesigsuitdrukking en liggaamshouding van die spreker ook 'n rol. 'n Effens meer geanimeerde gesigsuitdrukking en 'n ontspanne liggaamshouding dra 'n boodskap beter oor as 'n uitdrukkinglose gesig of 'n gespanne liggaamshouding. (Tubbs en Moss, 2003:402). Nel (2000:119) wys daarop dat spontane gesigsuitdrukkings en liggaamsbewegings die ervaring van egtheid van die prediker verhoog. Om dié rede is die prediker se emosies en wat hy daarmee doen van primêre belang in die prediking.

Die tempo waarteen gepraat word, speel ook 'n groot rol in doeltreffende kommunikasie. 'n Te vinnige praatspoed veroorsaak, volgens Vos (1996:194), gehoorongelukke, en 'n te stadige spoed veroorsaak dat hoorders se aandag begin dwaal. Ongeveer honderd en tien woorde per minuut is 'n goeie preekspoed. Daarby kan die spreker hoorders met sy aanspreekvorm vervreem. 'n Spreker wat in die derdepersoon praat, skep afstand tussen hom en sy hoorders, terwyl 'n eerste- en tweedepersoonsgerigtheid weer 'n band tussen spreker en hoorder bou (McLean, 2003:59; vgl. Nel, 2000:118).

<u>Gevolgtrekking</u>

Die styl waarmee 'n prediker preek, het 'n invloed op die kommunikasie van die boodskap. Predikers moet waak teen 'n voorleesstyl. Voorlesing kommunikeer moeilik en verhinder ook goeie oogkontak. 'n Gemaklike liggaamshouding en lewendige gesig, asook 'n gemaklike praatspoed bevorder kommunikasie. Die hoorders moet verkieslik in die eerste- en tweedepersoon aangespreek word. Aanspreking in die derdepersoon skep afstand.

### 8.4.5 Hulpmiddels by voordrag

Pieterse (2005a:413) wys daarop dat navorsing toon dat hoorders van preke in Afrikaanse kerke in die Reformatoriese tradisie sukkel om te konsentreer as preke volgens hulle langdradig is. Sy bevinding is dat die mens se konsentrasiespan korter is en meer passief geluister word, omdat die mens daaraan gewoond geraak het om deur die visuele medium te kommunikeer. Beeld en grafika het die hart van moderne kommunikasie geword en nie woorde wat gespreek word nie.

Hulpmiddels kan daarom daartoe bydra dat hoorders 'n boodskap makliker en beter verstaan. Hulpmiddels kan ook 'n aanbieding meer lewendig en interessant maak (Tubbs & Moss, 2003:419). Dit gee meer geloofwaardigheid aan die spreker, help die gehoor om gefokus te bly, versterk die verbale boodskap en kan help om komplekse sake makliker te verduidelik (McLean, 2003:240). Meer sensoriese kanale word immers gebruik en visuele stimuli word oor langer tydperke onthou. Vos (1996:195) sê dat visuele middele, musiek en poësie kan meewerk om die mens se sintuie te aktiveer met die oog op die boodskap.

Visuele stimuli kan verdeel word in (Verderber & Verderber, 2002:375):

- Hulpmiddels wat gedra kan word, soos voorwerpe, modelle, foto's, skyfies, ensovoorts.
- Hulpmiddels wat geskep kan word, soos tekeninge, kaarte en grafieke.

Media om visuele hulpmiddels te wys, kan wees uitdeelstukke, 'n skryfbord, transparante en dataprojektors. Ander hulpmiddels wat nuttig kan wees vir die versterking van 'n boodskap, is bandspelers en dramatisering van Bybelse stof (Verderber & Verderber, 2002:375; Vos, 1996:195).

Visuele hulpmiddels moet groot, duidelik en eenvoudig wees (McLean, 2003:242). Daar moet egter teen gewaak word dat die hulpmiddel die toespraak oorneem. Visuele hulpmiddels moet hulpmiddels bly en net help om die aandag op die kernmomente van die preek te vestig (vgl. Vos, 1996:195).

Gevolgtrekking

Hulpmiddels kan gebruik word om die verbale boodskap tydens prediking te versterk. Hulpmiddels kan prediking meer lewendig en interessant maak, maar ook hulp verleen in die verduideliking van komplekse sake. Hierdie hulpmiddels moet slegs aandag op kernmomente van die preek vestig en nie die preek oorneem nie.

Hulpmiddels wat gebruik kan word, is uitdeelstukke, 'n skryfbord, transparante, dataprojektors, bandspelers en dramatisering van Bybelse stof.

### 8.4.6 Hulp aan die hoorder

Die doel van prediking is om hoorders die Woord van die Here te laat hoor. Alleen deur die aanhoor van die Woord vind geloofsgroei en verdieping in spiritualiteit plaas. Daarom is dit ook uiters belangrik dat hoorders goed moet luister. Die hoorder moet hoor wat die prediker sê (Van Harn, 2005:10-11).

Vos (1996:210) sê dat die Evangelie bedoel is om op só 'n manier gepreek te word dat mense dit kan hoor. Daarom moet die hoorder nie as 'n vyand nie, maar as 'n broer en suster beskou word. Die prediker moet dus soveel hulp moontlik aan die hoorder verleen om waarlik die boodskap te hoor.

Power *et al.* (2002:118) toon dat daar tradisioneel vanuit die Kommunikasiekunde op een van twee wyses na 'n gehoor gekyk is: 'n gehoor is óf as aktief, óf as passief gesien.

- 'n Passiewe gehoor sit bloot terug en word deur die spreker se boodskap oorspoel.
- 'n Aktiewe gehoor is doelgerig en gebruik die spreker se boodskap tot hul eie voordeel.

Passiwiteit van 'n gehoor hou groot gevaar in. Passiwiteit kan aanleiding gee tot sosiale letargie, 'n manipulasie deur die spreker en 'n weerloosheid teen die inhoud van die boodskap (Power *et al.*, 2002:118).

Dit is dus duidelik dat die hoorders self ook 'n aktiewe verantwoordelikheid het in die verbale kommunikasieproses. Hulle mag nie net passief agteroor sit nie, maar moet aktief reageer. Vervolgens gaan vasgestel word hoe 'n prediker hoorders kan help om aktief te luister en sodoende beter op sy boodskap te reageer.

*Die luisterproses.*

McLean (2003:37) onderskei tussen hoor en luister. Hoor verwys na die blote passiewe ontvangs van klanke. Daarteenoor verwys luister na die aktiewe ontvangs, analise en interpretasie van hoorbare stimuli. Tubbs & Moss (2003:146-150) toon aan dat luister 'n komplekse proses is wat uit vier elemente bestaan: hoor, konsentrasie, verstaan en onthou.

- 'n Hoorder moet 'n boodskap kan hoor. Daar moet dus in die eerste plek vasgestel word of die hoorders in staat is om die spreker te hoor. Die spreker moet dus sorg dat hy duidelik en hoorbaar praat.
- Indien hoorders nie konsentreer nie, sal hulle nie die boodskap volledig ontvang nie. Indien moontlik moet hoorders gehelp word om makliker te konsentreer.
- Indien hoorders nie die boodskap verstaan nie, sal hulle niks met die boodskap kan maak nie. Hoorders moet dus so ver moontlik gehelp word om die boodskap te kan verstaan.
- Hoorders vergeet 'n boodskap gou. Hulpmiddels kan gebruik word om hoorders te help om 'n boodskap langer te onthou.

Verderber & Verderber (2002:126, 151-152) sê ook dat luister 'n aktiewe proses is wat bestaan uit die elemente van aandag gee, verstaan, onthou, evalueer en reageer:

- Aandag gee is om doelbewus daardie stimuli te kies wat geëvalueer gaan word en nie deur eksterne of interne stimuli verlei word om aandag van die spreker af te trek nie (vgl. McLean, 2003:25).
- Verstaan is om die boodskap wat ontvang is, te dekodeer deur spesifieke betekenis daaraan te heg.
- Onthou is die proses om die betekenisse wat gedekodeer is, te stoor om later weer te kan gebruik.
- Evaluering is om feite en gevolgtrekkings krities te toets en die relevansie daarvan te bepaal.
- Reaksie is die uitwerking van die boodskap op die hoorder.

*Tegnieke om beter te luister*

Deur die aanwending van sekere tegnieke kan hoorders oefen om beter te luister. McLean (2003:42-44) gee die volgende raad:

- Neem notas. Geskrewe notas gee 'n skriftelike rekord waarna teruggekeer kan word en wat kan help om 'n meer aktiewe rol in die kommunikasieproses te speel (vgl. Verderber & Verderber, 2002:135). Goeie notas sal die raamwerk van die boodskap bevat, asook die algemene tema en hoofpunte van die boodskap.
- Fokus op die onmiddellike van wat gesê word. Konsentrasie kan behou word deur nie vooruit of terug te dink aan wat gesê is nie.

- Gee aandag aan die spreker. Fokus op die woorde, die boodskap, die idees, die liggaamstaal, die konteks en die spreker se emosies tydens die kommunikasieproses.
- Wees rustig en moenie gejaag wees nie. Neem tyd om doelbewus en gewillig te luister.
- Gee terugvoer en vra vrae. Op hierdie wyse kan onduidelikhede opgeklaar word.

Tubbs & Moss (2003:156-159) lig ook nog die volgende sake uit:

- Gehoorprobleme moet oorbrug word. Maak seker dat die spreker duidelik gehoor kan word.
- Moenie te vinnig oordeel. Luister eers na alles wat gesê word.
- Moenie voorgee om te luister nie. Wend 'n aktiewe poging aan om te luister.
- Poog om hoofpunte of gedagtes te identifiseer. Probeer 'n volgende hoofpunt antisipeer.
- Probeer die hoofpunte wat reeds genoem is, in die gedagtes te herhaal.

<u>Gevolgtrekking</u>

Hoorders is aktief by die gehoorproses betrokke. Die prediker kan heelwat hulp aan die hoorders verleen om die boodskap makliker en beter te hoor. Die prediker moet seker maak dat die hoorders hom waarlik ouditief duidelik kan hoor en dat daar nie geruis is wat luister bemoeilik nie. 'n Duidelik struktuur in die preek en uitgedeelde volgstukke of ander hulpmiddels kan help om die aandag van die hoorders te behou. Deur doelbewus terugvoer te soek en daarop te konsentreer om die preek praktykgerig te maak, kan predikers help dat hoorders makliker met die boodskap identifiseer.

### 8.4.7 Samevattende perspektiewe vanuit 'n ondersoek na voordrag as vorm van kommunikasie

1) Die persoon van die prediker speel 'n belangrike rol in die positiewe oordrag van die boodskap. Bekwaamheid en eerlikheid is die twee belangrikste eienskappe wat die prediker moet hê. Ander eienskappe wat ook 'n groot rol speel, is opregtheid, betrokkenheid en erns oor die saak.

'n Prediker kan dus slegs geloofwaardig oorkom oor spiritualiteit en geestelike groei as hy self vaardig is ten opsigte van spiritualiteit en geestelike groei. Om sy hoorders positief hieroor te beïnvloed, moet hy eerlik en opreg met hulle wees en 'n band met hulle bou. Hy moet homself ken, homself voortdurend ontwikkel, maar ook aanvaar wie hy nie is nie.

2) Geloofwaardigheid word gebou deur bekwaamheid en eerlikheid. Bekwaamheid moet getoon word op 'n wyse wat hoorders nie oorweldig nie, maar brûe met hulle bou. Die voorkoms van die prediker dra hiertoe by.

3) By die inhoud van sy boodskap, moet die spreker oplet na die kwaliteit, kwantiteit, styl en relevansie daarvan. Terugvoer kan help dat 'n spreker daarvan bewus is of die hoorders die boodskap verstaan het. Belangstelling kan onder hoorders geprikkel word deur aandag te gee aan aktuele sake. Hoorders moet ook dadelik weet wat om met die boodskap te doen.

4) 'n Preek behoort net een sentrale gedagte te hê en te bestaan uit 'n inleiding, liggaam en slot. Die inleiding moet die aandag trek, aptyt wek vir die boodskap wat kom en kan ook die struktuur van die boodskap verduidelik. Die liggaam moet 'n eenvoudige, maar sterk struktuur besit. Die slot bevat die samevatting en afsluiting. 'n Sterk slot kan help dat die boodskap langer onthou word.

5) Die taal wat 'n prediker gebruik, mag die boodskap nie verduister nie, maar moet dit verhelder. Daarom moet die prediker daarop let om taal te gebruik wat sy hoorders verstaan, maar nie aanstoot gee nie. Die gebruik van konkrete begrippe, aktuele beelde en die duidelike definiëring van wat gesê word, kan help om 'n duidelike verstaan te bewerkstellig.

6) Die prediker moet poog om deur middel van sy taalgebruik dialoog by die hoorders te skep, al beteken dit nie dat die hoorders verbaal moet reageer nie. Taalgebruik moet die hoorder stimuleer tot nadenke, argumentering en houdingsveranderinge. Die direkte aanspreek van hoorders en die vra van vrae, kan hierin hulp verleen.

7) 'n Prediker moet aandag aan sy voordragstyl gee. Daar moet veral gewaak word teen 'n voorlesing van die preek. Voorlesing spreek dikwels nie die hoorder aan nie en 'n gebrek aan oogkontak verhinder die bou van 'n band met die hoorders. Die prediker moet teen 'n gemaklike tempo praat en 'n gemaklike liggaamshouding en lewendige gesigsuitdukking besit. Deur die hoorders in die

eerste- en tweedepersoon aan te spreek, word ook 'n band gebou, terwyl 'n derdepersoon aanspreekvorm dikwels afstand skep.

8) Hulpmiddels kan gebruik word om die aanbieding van 'n boodskap deur prediking te versterk. Hulpmiddels kan prediking meer lewendig maak en hulp verleen in die verduideliking van komplekse sake. Hulpmiddels moet egter hulpmiddels bly en daar moet teen gewaak word dat dit die aanbieding oorneem.

   Hulpmiddels wat gebruik kan word, is uitdeelstukke, 'n skryfbord, transparante, dataprojektors, bandspelers en dramatisering van Bybelse stof.

9) Die prediker kan heelwat hulp aan die hoorders verleen om die boodskap makliker en beter te hoor en waarlik te luister. Die gehoor is immers nie passief nie, maar aktief by die luisterproses betrokke. Die prediker moet poog om die hoorders duidelik ouditief te laat hoor, te laat konsentreer, te laat verstaan en te help onthou. 'n Duidelike struktuur in die preek, 'n doelbewuste soeke na terugvoer, 'n doelbewuste praktykgerigtheid en hulpmiddels om die aandag van die gehoor te behou, kan hiermee help.

## *8.5 Nie-verbale kommunikasie*

McLean (2003:3,228) toon die belang van nie-verbale kommunikasie aan. Hy wys daarop dat wanneer kommunikasie nie van aangesig-tot-aangesig plaasvind nie, daar maklik misverstande kan plaasvind. Hierdie misverstande is dan die gevolg van 'n gebrek aan nie-verbale kommunikatiewe aanduiders. Daarteenoor kan nie-verbale gedrag geloofwaardigheid skep, entoesiasme illustreer, 'n gehoor se belangstelling hou en 'n boodskap versterk.

Vos (1996:163) beweer dat die mondelinge kommunikasiekarakter van prediking die eis van persoonlike kommunikasie skep. Dit beteken dat die hele persoon van die prediker met die hoorders moet kommunikeer. Hy moet deur sy aanwesigheid warmte, vertroue, egtheid en deernis uitstraal. Die liggaamshouding het hierin 'n groot kommunikatiewe uitwerking. Liggaamstaal het immers 'n groter impak as woorde.

Hieruit is dit duidelik dat daar in prediking ook aandag aan nie-verbale kommunikasie gegee moet word. Nie-verbale kommunikasie kan veroorsaak dat 'n preek goed of swak gekommunikeer word en sodoende geestelike groei deur prediking bevorder of belemmer.

### 8.5.1 'n Omskrywing van nie-verbale kommunikasie

Wat 'n persoon sê, word gekwalifiseer en verander deur die wyse waarop dit gesê word (Tubbs & Moss, 2003:107). Die wyse waarop dit gesê word, word bepaal deur stemtoon, gesigsuitdrukking, oogkontak, ensovoorts.

McLean (2003:70)definieer nie-verbale kommunikasie as alle vorms van kommunikasie wat nie met woorde plaasvind nie. Verderber & Verderber (2002:75) sê dat nie-verbale kommunikasie daardie liggaamlike en vokale kwaliteite is wat 'n tipiese verbale boodskap vergesel, wat gewoonlik doelbewus geïnterpreteer word, en wat erkende betekenis in 'n spesifieke gemeenskap het.

Nie-verbale kommunikasie kan op vokale wyse plaasvind. Hiermee word verwys na geluide wat gemaak word wat nie woorde is nie, en ook na die manier waarop gepraat word, byvoorbeeld sarkasties of opgewonde. Nie-verbale kommunikasie vind ook nie-vokaal plaas. Dan word verwys na ander soorte gedrag as woorde wat 'n boodskap oordra, byvoorbeeld kleredrag, liggaamshouding, gesigsuitdrukking, ensovoorts (Malandro *et al.*, 1989:5-6).

Nie-verbale kommunikasie kan die plek van woorde of frases inneem. Dit kan gebruik word om te illustreer wat 'n spreker sê, om gevoelens uit te druk, om die vloei van kommunikasie te reguleer of om spanning te verlig. Effektiewe kommunikeerders leer om hulle boodskap by nie-verbale aanduidings aan te pas (Verderber & Verderber, 2002:78).

Tubbs & Moss (2003:105) toon die belangrikheid van nie-verbale kommunikasie deur te wys dat ongeveer 65% van alle kommunikasie deur nie-verbale oordrag plaasvind. Die vermoë om nie-verbale inligting te kan interpreteer, is egter 'n vermoë wat ontwikkel moet word.

Kenmerke van nie-verbale kommunikasie is, volgens McLean (2003:70-75):

- Nie-verbale kommunikasie is vloeibaar - dit vind gedurig plaas en word nie net met een handeling of aksie uitgedruk nie.
- Nie-verbale kommunikasie is vinnig - dit gee gevoelens en emosies vinniger as die gesproke woord weer.
- Nie-verbale kommunikasie kan die gesproke woord komplimenteer, versterk of vervang (vgl. Tubbs & Moss, 2003:105). Nie-verbale kommunikasie kan egter ook die gesproke woord weerspreek. Daarom word daar soms gepoog om nie-verbale kommunikasie te versluier.

- Nie-verbale kommunikasie is universeel. Alle mense gebruik nie-verbale kommunikasie.
- Nie-verbale kommunikasie is verwarrend en kontekstueel. Die boodskap wat 'n persoon dink om nie-verbaal te kommunikeer, is dikwels nie die boodskap wat die ontvanger ontvang nie.
- Nie-verbale kommunikasie kan doelbewus of onbewustelik plaasvind.

Oman en Thoreson (2003:149-155 ) wys daarop dat een van die beste maniere om spirituele groei te bewerkstelling, deur modellering plaasvind. Die prediker se nie-verbale gedrag is die modellering van sy spiritualiteit aan sy hoorders. Hulle word daardeur beïnvloed. Daarom moet predikers op hul nie-verbale gedrag let. Hulle gedrag moet hul boodskap bevestig en nie weerspreek nie.

<u>Gevolgtrekking</u>

'n Prediker kommunikeer nie net met woorde tydens prediking nie. Sy woorde word vergesel deur bewustelike of onbewustelike nie-verbale kommunikasie. Nie-verbale kommunikasie het dikwels 'n groter invloed op die aanvaarding al dan nie van die boodskap as die verbale kommunikasie. Hierdie nie-verbale kommunikasie kan dus die boodskap wat die hoorders ontvang, versterk of verswak. Daarom moet die prediker daarop fokus om sy nie-verbale aanduidings by sy boodskap aan te pas. Hy moet daarvan bewus wees dat sy nie-verbale gedrag sy spiritualiteit modelleer en sy preekboodskap kan bevestig of weerspreek.

### 8.5.2 Kanale van nie-verbale kommunikasie

Tubbs & Moss (2003:105) wys daarop dat nie-verbale inligting tegelykertyd deur verskeie kanale oorgedra kan word. Hulle haal Andersen (1999:22) aan wat sê:

> "Consistent multichanneled messages communicate sincerity, honesty, and believability because each channel provides additional weight to the overall message. Also, it is hard to lie in ten channels, whereas verbal lies are relatively, easy to achieve... However, this multichanneled system has the capacity to send simultaneously contradictory messages such as approach and avoidance, ecstasy and guilt, joy and sorrow, or love and hate."

Malandro *et al.* (1989:16-17) wys daarop dat navorsers letterlik honderde verskillende voorwerpe, gedrag, karakteristieke en gebeure geïdentifiseer en gekategoriseer het as vorme en kanale van nie-verbale kommunikasie. Om alle kanale van nie-verbale kommunikasie te ondersoek, val buite die bestek van

hierdie studie. Vervolgens sal slegs die volgende kanale van nie-verbale kommunikasie ondersoek word wat 'n invloed op prediking kan hê: stemkarakteristieke van die prediker, sy kop- en gesigsbewegings, gesigsuitdrukkings, gebare en liggaamshouding, asook sy voorkoms en kleredrag.

#### *8.5.2.1 Stemkarakteristieke van die prediker*

Deur die toon, volume, spoed en kwaliteit van die stem te beheer, kan die boodskap wat oorgedra word, gekomplimenteer, aangevul of weerspreek word. Verderber en Verderber (2002:80-81) sê:

- Toon is die hoogte waarop gepraat word. Stemtoon word meestal verhoog wanneer die spreker gespanne is. Stemtoon word meestal verlaag wanneer die spreker kragtig wil oorkom.
- Volume is die hardheid of sagtheid van die stem. Volume word aangepas in elke situasie.
- Spoed dui op die tempo waarteen gepraat word. 'n Vinnige praatspoed is dikwels die gevolg van vreugde, vrees, spanning of opgewondenheid. Stadige praatspoed word dikwels gebruik om 'n saak te beklemtoon of om 'n probleem op te los.
- Kwaliteit dui op die klank van die stem. Elke stem het sy eie kwaliteit, maar tog word klein verskille in stemkwaliteit gebruik om sekere stemmings uit te druk. 'n Sagte, dringende stem kan byvoorbeeld dui op 'n noodsituasie, terwyl 'n harde, neulerige stem dui op klagtes wat oorgedra word.

McLean (2003:236) toon aan dat gewaak moet word teen die herhaaldelike gebruik van sekere woorde of klanke - dit kan irriterend wees. Natuurlike en vloeiende spraak met goeie artikulasie en uitspraak, bevorder die oordrag van 'n boodskap.

Gevolgtrekking oor stemkarakteristieke

Die prediker moet let op sy stemtoon, die volume van sy stem en die spoed waarteen hy praat om meer doeltreffend te kommunikeer. Sy stem moet aanpas by die stemming wat hy wil bewerkstellig, tog moet hy vloeiend en duidelik praat.

#### *8.5.2.2 Oogkontak*

Oogkontak dien verskeie funksies in kommunikasie. Die teenwoordigheid daarvan toon belangstelling. Die wyse waarop gekyk word, openbaar 'n reeks emosies: vanaf toegeneentheid tot woede en vrees (Verderber & Verderber, 2002:75-76). Malandro (1989:134) sê die vestiging en bou van verhoudings is deel van oogkontak

se primêre funksie omdat oogkontak op belangstelling in mekaar dui. Deur oogkontak word visuele interaksie bewerkstellig en kan mense vriende word. Gebrek aan oogkontak kan die indruk skep van afsydigheid.

Oogkontak is ook 'n uitstekende kanaal om terugvoer vanaf ontvangers oor 'n boodskap te kry. Deur oogkontak kan vasgestel word of ontvangers aandag skenk, betrokke is by wat gesê word en watter gevoelens by hulle gewek word (Verderber & Verderber, 2002:75-76). Oogkontak met die hoorders kan ook help voorkom dat hoorders se aandag deur allerlei steurings afgelei word (Malandro, 1989:138).

Gevolgtrekking

Oogkontak is van kardinale belang vir die vestiging van goeie verhoudings tussen 'n prediker en sy hoorders. Oogkontak met die hoorders kan vanaf die kant van die prediker dui op belangstelling in sy hoorders en ook die emosies van die prediker openbaar. Oogkontak kan die boodskap wat hy wil oordra, versterk of verswak. Deur oogkontak met die hoorders te behou, kan die prediker terugvoer ontvang oor hoe die hoorders die boodskap beleef.

#### *8.5.2.3 Gesigsuitdrukkings en gesigsbewegings*

Kop- en gesigsbewegings voeg addisionele inligting by nie-verbale inligting wat reeds deur ander kanale gekommunikeer is. Sekere bewegings, asook die oriëntasie van die kop, gesigsuitdrukking en oogkontak dra daartoe by dat 'n spreker as warm en toegeneë of koud en afsydig beleef word (Tubbs & Moss, 2003:117). Malandro (1989:127) wys daarop dat gesigsuitdrukkings emosie kan versterk, verswak, neutraliseer of selfs verberg.

Die menslike gesig kan so maklik verveeldheid, verrassing, toegeneentheid, en afkeur wys dat dit as die mees belangrike bron van nie-verbale kommunikasie beskou kan word (Tubbs & Moss, 2003:117). 'n Glimlag is dié menslike uitdrukking wat universeel herken word. Verderber en Verderber (2002:76) wys daarop dat gesigsuitdrukking veral belangrik is om die ses basiese emosies van vreugde, hartseer, verrassing, vrees, woede en afkeer aan te toon. Gesigsuitdrukkings kan 'n spreker se boodskap versterk of afbreek. Goeie oogkontak is ook bevorderlik vir goeie kommunikasie (McLean, 2003:238).

Gevolgtrekking

Gesigsuitdrukkings en gesigsbewegings kan as die belangrikste bron van nie-verbale kommunikasie beskou word. 'n Prediker moet daarvan bewus wees dat sy gesigsuitdrukking baie bydra tot die wyse waarop die hoorders hom beleef.

Gesigsuitdrukkings en -bewegings kan die boodskap versterk, verswak of selfs neutraliseer.

### 8.5.2.4 *Liggaamshouding en gebare*

Liggaamshouding dui op die posisie en beweging van die liggaam. 'n Wye reeks emosies kan deur liggaamshouding oorgedra word en dus 'n boodskap kommunikeer. Deur skielik regop te sit, kan byvoorbeeld dui op verskerpte aandag (Verderber & Verderber, 2002:76). Die spreker kan dus die liggaamshouding van sy hoorders as 'n kanaal vir terugvoer gebruik om vas te stel of sy boodskap die hoorders raak of nie (vgl. De Wet, 1995:90).

Die liggaamshouding van 'n spreker dra egter ook 'n boodskap oor. McLean (2003:236) toon aan dat 'n gehoor beter reageer op oop, dinamiese sprekers wat hul liggame gebruik om te kommunikeer. Gebare kan ook help om senuagtigheid positief te kanaliseer. Gebare is daardie bewegings van die hande, arms en vingers wat gebruik word om te beskryf of te benadruk. Sommige mense maak meer van gebare gebruik as ander (Verderber & Verderber, 2002:76).

Gevolgtrekking

Liggaamshouding speel 'n belangrike rol in preekvoordrag. Hoorders reageer goed op oop, dinamiese sprekers wat hul liggame gebruik om te kommunikeer. Behalwe dat gebare gebruik kan word om dít wat verbaal gesê word te benadruk, kan dit ook help om die prediker se senuwees te kanaliseer. Die prediker kan ook die liggaamshouding van sy hoorders gebruik as terugvoer om vas te stel hoe hulle op die boodskap reageer.

### 8.5.2.5 *Voorkoms en kleredrag*

Malandro *et al.* (1989:86-88) sê dat kleredrag 'n oorredende invloed het op ander mense. Kleredrag help immers om 'n opinie van 'n persoon te vorm en as 'n opinie eers gevorm is, sal dit altyd die houding van die opiniedraer beïnvloed. Goeie eerste indrukke skep 'n goeie gesindheid teenoor die spreker (McLean, 2003:236). Ook Verderber & Verderber (2002:81) wys daarop dat die voorkoms en kleredrag van 'n spreker bepaal op watter wyse die hoorders na die spreker luister. Kleredrag en voorkoms het die vermoë om die spreker met sy hoorder te bind, maar kan ook die spreker van sy hoorders vervreem.

Kleredrag moet die boodskap wat oorgedra word, komplimenteer. Verderber en Verderber (2002:82) sê immers: "Casual dress fostered a casual attitude."

Dit is interessant dat kleredrag ook 'n invloed op die spreker het. Malandro *et al.* (1989:87-88) sê dat kleredrag 'n invloed op selfbeeld het. Kleredrag wat gepas is vir 'n spesifieke geleentheid, het die geneigdheid om 'n positiewe invloed op 'n persoon se selfbeeld uit te oefen, terwyl ongepasde kleredrag 'n negatiewe invloed uitoefen.

Gevolgtrekking

Hoorders se eerste indrukke van 'n prediker word dikwels gevorm deur die voorkoms van die prediker. Kleredrag het 'n bepalende invloed op die voorkoms van 'n persoon. Kleredrag het die vermoë om die prediker met die hoorders te bind of te vervreem. Die boodskap kan ook deur die prediker se kleredrag gekomplimenteer of afgebreek word. Kleredrag het die verdere funksie dat dit ook 'n prediker se selfbeeld kan versterk en hom 'n meer selfversekerde voordrag laat lewer wat beter kommunikeer.

### 8.5.3 Samevattende perspektiewe vanuit die ondersoek na nie-verbale kommunikasie

1) Tydens prediking kommunikeer 'n prediker nie net verbaal nie, maar ook nie-verbaal. Nie-verbale kommunikasie het dikwels 'n groter invloed op die aanvaarding al dan nie van die boodskap as die woorde self. 'n Prediker moet dus bewus wees van, en aandag gee aan sy nie-verbale kommunikasie omdat hy daardeur sy boodskap kan versterk of verswak.
2) 'n Prediker moet let op sy stemtoon, stemvolume en die spoed waarteen hy praat. Daarby moet hy sy stem aanpas by die stemming wat die boodskap bewerk, maar tog steeds duidelik en vloeiend praat om doeltreffend te kan kommunikeer.
3) Oogkontak dra baie by tot die vestiging van goeie verhoudings tussen prediker en hoorders omdat oogkontak op belangstelling in mekaar dui. Oogkontak kan die prediker se emosies bekend maak en die boodskap versterk of verswak. Deur oogkontak met die hoorders te behou, kan die prediker terugvoer van hulle kry oor hoe die boodskap beleef word.
4) Gesigsuitdrukkings en gesigsbewegings kan as die belangrikste vorm van nie-verbale kommunikasie beskou word. Gesigsuitdrukkings kan baie bydra tot die wyse waarop hoorders die prediker beleef en kan die boodskap versterk, verswak of selfs neutraliseer.

5) Liggaamshouding speel 'n groot rol in nie-verbale kommunikasie. Hoorders reageer beter op predikers wat oop en dinamies voorkom. Gebare kan help om dít wat verbaal gesê is te benadruk en kan ook help om senuagtigheid by die prediker te kanaliseer. Predikers kan die liggaamshouding van hul hoorders as terugvoer gebruik om vas te stel hoe die hoorders op die boodskap reageer.

6) Kleredrag het 'n bepalende invloed op die voorkoms van 'n persoon. Hoorders se eerste indrukke van 'n prediker word deur sy kleredrag bepaal en kan die prediker met die hoorders bind of vervreem. Daarom kan kleredrag die boodskap komplimenteer of afbreek. Kleredrag het ook die verdere funksie dat dit die prediker se selfbeeld kan versterk en hom 'n meer selfversekerde voordrag laat lewer wat beter kommunikeer.

## *8.6 Sintese van literatuurstudie: metateoretiese perspektiewe oor prediking vanuit die Kommunikasiekunde.*

Die doel van hierdie hoofstuk was om perspektiewe vanuit die Kommunikasiekunde te vind wat 'n prediker kan help om in sy prediking beter te kommunikeer. Die volgende sintese stel die metateoretiese bevindings vir hierdie studie oor prediking as vorm van kommunikasie:

### 8.6.1 Die preek as vorm van kommunikasie

a) 'n Preek is **vanuit 'n kommunikasieoogpunt** 'n kommunikatiewe instrument wat gemeenskaplike begrip en betekenis tussen prediker en hoorders skep.

'n Preek is die geënkodeerde idees en gevoelens wat 'n prediker aan sy hoorders wil oordra. Hierdie idees word deur simbole verteenwoordig. Hierdie simbole is die woorde, klanke en aksies van die prediker.

Die hoorders dekodeer die simbole van die prediker en moet dit daarna analiseer en interpreteer om betekenis te vind. Hierdie analise en interpretasie kan 'n ander betekenis voortbring as wat die prediker bedoel het. Die prediker moet daarom sensitief wees vir die reaksie van die hoorders op sy boodskap. Indien nodig moet hy sy preekboodskap en wyse van prediking aanpas om sy boodskap duideliker te kan oordra.

b) Prediking as 'n vorm van kommunikasie kan **verskillende doelwitte** hê. In prediking kan dit gaan om die oordrag en uitruil van inligting, om die beïnvloeding tot spesifieke oortuigings, keuses en besluite, om die meewerk

tot die bou van verhoudings, om selfbegrip te bevorder en om ander behoeftes te vervul.

c) Prediking vind in 'n **spesifieke konteks** plaas. Konteks word deur verskeie faktore bepaal, soos die fisiese, sosiologiese, historiese, psigologiese en kulturele opset waarbinne kommunikasie plaasvind. Die prediker moet doelbewus hierdie konteks analiseer en in ag neem om die aandag van sy hoorders te behou en ook om te sorg dat sy boodskap korrek verstaan word. Rekening hou met die konteks sluit ook in om rekening te hou met konteks op eksistensiële vlak en om bestaansvrae van die hoorders aan te spreek.

   Deur rekening te hou met die konteks van sy hoorders, kan die prediker effektiewe simbole gebruik wat maklik deur die hoorders gedekodeer kan word.

d) Buiten die kanaal van die gehoorsintuig, kan kommunikasie via **verskillende sensoriese kanale** plaasvind. Hoe meer sensoriese kanale gebruik word om 'n boodskap oor te dra, hoe meer doeltreffend word die boodskap oorgedra.

e) **Geruis** kan 'n invloed hê op die effektiwiteit waarmee 'n preek gelewer word. Geruis kan ekstern, intern of semanties van aard wees. Die prediker moet geruis doelbewus teenwerk.

### 8.6.2 Die persone betrokke in die kommunikasieproses tydens prediking

a) Die **persoon van die prediker** speel 'n belangrike rol in die positiewe oordrag van die boodskap. Bekwaamheid en eerlikheid is die twee belangrikste eienskappe wat die prediker moet hê. Ander eienskappe wat ook 'n groot rol speel, is opregtheid, betrokkenheid en erns oor die saak. Deur 'n band met sy hoorders te skep, kan 'n prediker geloofwaardigheid skep en behou.

   'n Prediker kan dus slegs geloofwaardig oorkom oor spiritualiteit en geestelike groei as hy self vaardig is ten opsigte van spiritualiteit en geestelike groei en oortuig is van die boodskap wat hy lewer. Om sy hoorders positief hieroor te beïnvloed, moet hy eerlik en opreg met hulle wees en 'n band met hulle bou. Hy moet homself ken, homself voortdurend ontwikkel, maar ook aanvaar wie hy nie is nie.

b) Vanweë sy monologiese aard is 'n preek nie 'n ontwikkelende gesprek waartydens prediker en hoorders rolle omruil nie. Tog is **die hoorder** nie passief nie, maar **aktief by die luisterproses betrokke**. Daarom moet daar

doelbewus daarna gestrewe word om die hoorder aktief by die luisterproses te betrek. Dit kan gedoen word deur die hoorders te laat dink, antwoord en argumenteer - al is dit net in hulle gedagtes.

Die prediker moet daarvan bewus wees dat sake, soos byvoorbeeld die hoorder se voorveronderstellings, 'n invloed uitoefen op die hoorder se verstaan van die preek. Hoe beter 'n prediker sy hoorders ken, hoe beter sal hy daarin kan slaag om duidelik met sy hoorders te kommunikeer.

c) Deur in prediking doelbewus **terugvoer te soek** en daarop te reageer, kan predikers misverstande regstel, onduidelikhede opklaar en hul boodskap versterk. Terugvoer kan indirek (byvoorbeeld deur nie-verbale kommunikasie) en direk (deur doelbewuste navraag) verkry word. Dit kan bydra tot die skep van beter dialoog tussen prediker en hoorders.

d) 'n Prediker moet aandag aan sy **voordragstyl** gee. Daar moet veral gewaak word teen 'n voorlesing van die preek. Deur die hoorders in die eerste- en tweedepersoon aan te spreek, word ook 'n band gebou, terwyl 'n derdepersoon aanspreekvorm dikwels afstand skep.

e) **Nie-verbale** kommunikasie speel 'n belangrike rol tydens prediking. Die nie-verbale gedrag van hoorders is 'n goeie vorm van indirekte terugvoer aan die prediker, terwyl die nie-verbale gedrag van die prediker dikwels 'n groter invloed op die aanvaarding al dan nie van die boodskap as die woorde self het.

Nie-verbale kommunikasie word gedra deur stemtoon, stemvolume en die spoed waarteen gepraat word. Oogkontak, gesigsuitdrukkings en gesigsbewegings kan as die belangrikste vorme van nie-verbale kommunikasie gesien word. Liggaamshouding en gebare kan help om 'n dinamiese voorkoms te skep en te benadruk wat verbaal gesê is. Kleredrag en voorkoms kan 'n prediker met hoorders bind of vervreem en terselfdertyd die prediker se selfvertroue beïnvloed.

### 8.6.3 Prediking as vorm van verbale kommunikasie

a) By die **inhoud van sy boodskap**, moet die prediker oplet na die kwaliteit, kwantiteit, styl en relevansie daarvan. Belangstelling kan onder hoorders geprikkel word deur aandag te gee aan aktuele sake. Hoorders moet ook dadelik weet wat om met die boodskap te doen.

Ten spyte van al die formele aspekte ten opsigte van die inhoud van die preek, moet die inhoud van die preek ook 'n persoonlike karakter hê. Hoorders word positief aangespreek wanneer hulle ervaar dat die prediker self sy boodskap glo en die boodskap in sy lewe uitleef.

b) 'n Preek behoort net **een sentrale gedagte** te hê en te bestaan uit 'n inleiding, liggaam en slot. Die inleiding moet die aandag trek, aptyt wek vir die boodskap wat kom en kan ook die struktuur van die boodskap verduidelik. Die liggaam moet 'n eenvoudige, maar sterk struktuur besit. Die slot bevat die samevatting en afsluiting. 'n Sterk slot kan help dat die boodskap langer onthou word.

c) Die **taalgebruik** van 'n prediker mag die boodskap nie verduister nie, maar moet dit verhelder. Daarom moet die prediker daarop let om taal te gebruik wat sy hoorders verstaan, maar nie aanstoot gee nie. Die gebruik van konkrete begrippe, aktuele beelde en die duidelike definiëring van wat gesê word, kan help om 'n duidelike verstaan te bewerkstellig. Die prediker moet poog om deur middel van sy taalgebruik, dialoog by die hoorders te skep, al beteken dit nie dat die hoorders verbaal moet reageer nie. Taalgebruik moet die hoorder stimuleer tot nadenke, argumentering en houdingsveranderinge. Die direkte aanspreek van hoorders en die vra van vrae, kan hierin hulp verleen.

d) Die prediker kan **heelwat hulp aan die hoorders verleen** om die boodskap makliker en beter te hoor en waarlik te luister. Die prediker moet poog om die hoorders duidelik ouditief te laat hoor, te laat konsentreer, te laat verstaan en te help onthou. 'n Duidelike struktuur in die preek, 'n doelbewuste soeke na terugvoer, 'n doelbewuste praktykgerigtheid en hulpmiddels om die aandag van die gehoor te behou, kan hiermee help.

e) **Hulpmiddels** kan gebruik word om die aanbieding van 'n boodskap deur prediking te versterk. Hulpmiddels wat gebruik kan word, is uitdeelstukke, 'n skryfbord, transparante, dataprojektors, bandspelers en dramatisering van Bybelse stof. Hulpmiddels moet egter hulpmiddels bly en daar moet teen gewaak word dat dit die aanbieding oorneem.

# Hoofstuk 9

# Doelwit E: Metateoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit

## *9.1 Inleiding tot Hoofstuk 9*

Geestelike groei en 'n verdieping in spiritualiteit bring 'n verandering (groei) binne mense teweeg. Prediking kan tot hierdie verandering bydra deur hoorders daartoe te oorreed of te beïnvloed (vgl. 8.6.1 hierbo). Die verkondiging van die Evangelie wil mense immers anders laat dink, voel en doen (Vos, 1996:195).

Die volgende vrae ontstaan nou:

- Hoe funksioneer die psigologiese meganismes wat geestelike groei en verdieping in spiritualiteit bewerkstellig?
- Bestaan daar meetinstrumente waarmee spiritualiteit en geestelike groei gemeet kan word?

Al hierdie vrae handel oor die studieterrein van die Psigologie. Die oorhoofse doel van hierdie hoofstuk is gevolglik om vanuit die Psigologie, metateoretiese perspektiewe te ondersoek oor hoe mense deur prediking begelei kan word tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit.

Binne die terrein van die Psigologie is daar verskeie velde waarbinne navorsing gedoen word. Een so 'n veld is die terrein van religie en spiritualiteit. In hierdie veld word menslike gedrag en ervarings, asook emosies en hul verwantskap met religie en spiritualiteit ondersoek. Hierdie terrein word die Psigologie van Religie en Spiritualiteit[16] genoem (vgl. Loewenthal, 2004:1-13; Paloutzian & Park, 2005:3).

Die spesifieke doel van hierdie hoofstuk is dus om vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit insigte en bydraes te vind wat 'n prediker kan help om deur sy prediking, hoorders tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit te begelei.

---

[16] In Engels genoem: The Psychology of Religion and Spirituality.

Die wyse waarop hierdie doel nagestreef sal word, is soos volg:

- Eerstens sal enkele teoretiese aspekte vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit uitgelig word.
- Tweedens sal vasgestel word watter teorieë en modelle in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ontwikkel is wat lig kan werp op geestelike groei en verdieping in spiritualiteit.
- Derdens sal 'n ondersoek gedoen word na enkele temas in spirituele gedrag wat in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit aandag geniet en wat kan bydra tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit.
- In die vierde plek sal vasgestel word watter meetinstrumente in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ontwikkel is en wat moontlik deur predikers vir preekbeplanning gebruik kan word.

'n Baie belangrike bron van inligting vir hierdie hoofstuk is die 2005-uitgawe van die "Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality" waarvan R.F. Paloutzian en C.L. Clark die redakteurs was. Volgens die boekresensie van Moser (2006), is hierdie bron saamgestel deur bydraes van die belangrikste spesialiste op die terrein van die Psigologie van Religie en Spiritualiteit onder vyf hooftemas saam te vat. Die bron is 'n spesialisteks waaraan vyf en veertig navorsers saamgewerk het.

## *9.2 Inleidende aspekte vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit.*

### 9.2.1 Die studieterrein van die Psigologie van Religie en Spiritualiteit

Die geskiedenis bewys dat religie, in al sy vorme, keer-op-keer op beide 'n positiewe en negatiewe wyse 'n groot invloed op menslike gedrag, ervarings en emosies het. Ten spyte van hierdie waarheid, het die Psigologie as wetenskap slegs sporadiese aandag gegee aan die psigologiese prosesse wat onderliggend aan die beoefening van religie is. Die religieuse sisteem van persone is tradisioneel meermale óf deur psigoloë vermy, óf slegs beskryf as bydraend tot Psigopatologie (Joubert, N.L., 1999:1-2).

Dit is eers gedurende die afgelope 40 jaar wat navorsing in die Psigologie aangaande religie en geloof in tempo toegeneem het. Psigoloë het al meer tot die insig gekom dat die mens se religieuse sisteem 'n invloed het op sy psigologiese ontwikkeling en funksionering (Joubert, N.L., 1999:1). Hiermee het daar 'n nuwe

veld in die Psigologie ontstaan, naamlik die Psigologie van Religie en Spiritualiteit (vgl. Loewenthal, 2004:1-13, Paloutzian & Park, 2005:3).

Wat is die onderskeid tussen Psigologie en die Psigologie van Religie en Spiritualiteit? Loewenthal (2004:1-2) sê dat Psigologie die studie is van gedrag, gedagtes en emosies, terwyl die Psigologie van Religie en Spiritualiteit handel oor die studie van religieuse gedrag, gedagtes en emosies.

Loewenthal (2004:14) toon dat, alhoewel die Psigologie van Religie en Spiritualiteit sy oorsprong in die Westerse Christelike godsdiens het, daar wel genoegsame gemeenskaplike grond is om hierdie studieveld na alle vorme van geloof en spiritualiteit uit te brei. Hierdie gemeenskaplike grond is die volgende:

- 'n Spirituele werklikheid bestaan en daar moet 'n bewustheid van hierdie werklikheid gekweek word deur gebed, studie, nadenke en ander praktyke.
- Die bron van die geestelike en materiële werklikheid (God) is ook die bron van aanwysing oor die regte lewenswyse, wat insluit: geregtigheid, goedhartigheid en moraliteit. Deur aan hierdie sake aandag te gee, kan psigologiese gebalanseerdheid verbeter word.

Omdat daar hierdie gemeenskaplike grond tussen verskillende gelowe bestaan, bestudeer die Psigologie van Religie en Spiritualiteit nie net die Christelike religie nie, maar alle religieë. Daar moet wel die volgende in ag geneem word (Loewenthal, 2004:26):

- Daar is gemeenskaplike psigologiese temas in meeste religieë.
- Daar mag spesifieke psigologiese klemtone en gepaardgaande gevolge in 'n spesifieke religie wees.
- Hierdie spesifieke klemtone en gevolge moet dan in elke spesifieke religie psigologies nader ondersoek word.

<u>Gevolgtrekking</u>

Prediking moet geestelike groei en verdieping in spiritualiteit bewerk. Insigte vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit kan perspektiewe lewer op menslike gedrag, gedagtes en emosies en hoe geestelike groei gefasiliteer kan word.

Die religie/geloof wat onderliggend is aan hierdie studie is die (Protestantse) Christelike religie. Die spesifieke klemtone en gepaardgaande gevolge rondom

spiritualiteit en geestelike groei binne hierdie religie, word verder in hierdie studie ondersoek.

### 9.2.2 Standpunte aangaande die term 'spiritualiteit' binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit

Zinnbauer & Pargament (2005:22-33) wys daarop dat die Psigologie van Religie en Spiritualiteit nog nie die term 'spiritualiteit' 'n vaste definisie gegee het nie. Daarom dat daar 'n wye reeks betekenisse van die term spiritualiteit gevind kan word. Dikwels word die term 'spiritualiteit' dan ook gebruik as teenpool vir die begrip 'godsdienstigheid' of 'religieusheid.' So kan spiritualiteit binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit byvoorbeeld ook verwys na 'n alternatiewe geestelike uitlewing, eerder as om by 'n tradisionele godsdienstige tradisie betrokke te wees (vgl. Loewenthal, 2004:11-12). So kan 'n persoon as spiritueel beskryf word sonder om 'n spesifieke godsdiens aan te hang (Hood & Belzen, 2005:71).

In 'n poging om spiritualiteit te verduidelik, definieer Zinnbauer (Zinnbauer & Pargament, 2005:35) spiritualiteit as "a personal or group search for the sacred." Hierdie definisie staan apart en wyer van dié van godsdienstigheid of religieusheid wat hy definieer as (Zinnbauer & Pargament, 2005:35): "a personal or group search for the sacred that unfolds within a sacred context."

Binne dieselfde artikel bied Pargament (Zinnbauer & Pargament, 2005:36) egter 'n ander definisie van spiritualiteit: "spirituality is a search for the sacred." Godsdienstigheid of religieusheid verwys hierteenoor na: "a search for significance in ways related to the sacred." Hiervolgens is spiritualiteit die hart en siel van godsdienstigheid en die kernfunksie van 'n religieuse lewe (Zinnbauer & Pargament, 2005:36).

<u>Gevolgtrekking</u>

Omdat hierdie studie handel oor die spesifieke belewenis, uitlewing en groei van geloof binne die Christelike religie, word van hierdie wyer beskrywings van spiritualiteit binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit net kennis geneem.

Pargament se definisie van spiritualiteit hierbo sluit aan by Hood & Belzen (2005:71) wat sê dat "spirituality is constructed and clarified within the 'religious and spiritual' types by their faith tradition." Hierdie standpunte bevestig die

beskrywing van spiritualiteit wat in hierdie studie gevolg word as (vgl. 6.2.6): "spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitleef van geloof."

### 9.2.3 Samevattende perspektiewe vanuit die inleidende aspekte oor die Psigologie van Religie en Spiritualiteit

1) Insigte vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit kan perspektiewe lewer op menslike gedrag, gedagtes en emosies en hoe geestelike groei gefasiliteer kan word.

2) Die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ondersoek alle religieë en vorme van spiritualiteit. Daar moet dus besef word dat alle insigte in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit nie van waarde vir hierdie studie sal wees wat vanuit die Reformatories-Christelike religie gedoen word nie.

3) Daar is nie eenstemmigheid in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit aangaande die term 'spiritualiteit' nie. Daarom word volstaan met die beskrywing van spiritualiteit wat in hierdie studie gevolg word (vgl. 6.2.6): "spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitleef van geloof."

## *9.3 Enkele teorieë en modelle vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit oor spiritualiteit en geestelike groei*

Verskeie teorieë en modelle oor religieuse en spirituele groei is al in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ontwikkel. Vervolgens word kortliks van die belangrikste en mees toepaslike teorieë en modelle oor spiritualiteit en geestelike groei weergegee.

### 9.3.1 Allport se teorie

Gordon Allport se teorie het die grondslag gelê vir baie werk wat later in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit gedoen is (Donahue & Nielsen, 2005:276). Daarom is kennis van sy teorie steeds toepaslik, alhoewel Allport sy werk in die 1950's en 1960's gedoen het.

Allport het in sy studies te doen gekry met baie persone wat aan groot trauma tydens die Tweede Wêreldoorlog blootgestel was. 'n Groot persentasie van hierdie persone (ongeveer 90%) het 'n groot behoefte aan een of ander vorm van religie gehad. Meeste was nie geaffilieer by georganiseerde religieuse groepe (soos kerke) nie. Allport het baie belang gestel in hoe hierdie persone die groot stres van die gevegsfront en ander oorlogservarings hanteer het.

Allport het voorgestel dat 'n onderskeid gemaak word tussen die religie van die jeugjare en die religie van volwassenheid. Die religie van die jeugjare het God ervaar as die Een wat sorg dat alles goed gaan in die lewe. Hierdie kinderlike vertroue is toepaslik in die jeugjare, maar indien 'n volwassene steeds hierdie vorm van religieusheid koester, het daardie volwassene 'n blinde oog vir die seer en die swaar van die lewe gekeer. Allport het dus tussen onvolwasse en volwasse religie onderskei (Loewenthal, 2004:132).

Onvolwasse gelowiges kan hiervolgens selftevrede, veroordelend en onsimpatiek teenoor ander wees. Kinderlike vertroue in God kan beproef word deur ervarings van swaarkry en lyding. Beproewing kan maak dat sekere geloofstandpunte hersien moet word. Hierdie hersiening van geloofstandpunte kan lei tot volwassenheid in die geloof. Volwasse gelowiges is meer verdraagsaam teenoor ander, meer simpatiek, nie selfgerig nie en kan hoë standaarde vir hulself stel (Loewenthal, 2004:132).

Hieruit is dit duidelik dat die skuif van onvolwasse na volwasse geloof nie onafhanklik van ander veranderings in die lewe plaasvind nie. Hierdie skuif is deel van die herstrukturering van karakter, kognitiewe denke, patroon van sosiale verhoudings en die uitkyk op die lewe (Loewenthal, 2004:132).

In latere publikasies het Allport sy konsep van onvolwasse geloof hersien en vervang met die konsep van ekstrinsieke geloof-oriëntasie. Sy konsep van volwasse geloof is hersien en vervang met die konsep van intrinsieke geloof-oriëntasie (Loewenthal, 2004:133; vgl. Donahue & Nielsen, 2005:276):

- Ekstrinsieke geloof is 'n oriëntasie waarbinne persone geneig is om religie tot hul eie voordeel te sien. Religie verskaf aan hierdie persone sekuriteit en vrede, status en selfregverdiging. Hierdie persone sien religie as iets wat hulle in hul lewe kan gebruik. Geloofsoortuigings word nie sterk aangehang nie of slegs selektief gebruik.
- Intrinsieke geloof is 'n oriëntasie waarbinne persone religie as die vernaamste rigtinggewing en motivering in hul lewens sien. Ander behoeftes word beskou as minder belangrik. Spesifieke geloofsoortuigings word geïnternaliseer en voluit nagevolg. In hierdie sin 'lewe' die persoon sy religie.

Donahue & Nielsen (2005:276) som Allport se ekstrinsieke en intrinsieke geloofsoortuigings soos volg op: 'n Persoon van ekstrinsieke geloofsoortuiging

gebruik sy geloof tot sy voordeel. 'n Persoon van intrinsieke geloofsoortuiging leef sy geloof in sy lewe uit.

Om ekstrinsieke (E) en intrinsieke (I) geloof te meet, het Allport spesifieke meetinstrumente ontwerp. Alhoewel daar in die laaste jare heelwat kritiek op die E- en I-meetinstrumente gelewer is, toon Donahue & Nielsen (2005:276) dat heelwat gerespekteerde resente navorsers steeds resultate met die E- en I-instrumente rapporteer.

<u>Gevolgtrekking</u>

Predikers sal in prediking daaraan moet aandag gee om 'n intrinsieke geloofsbegrip en geloofsuitlewing by hul hoorders te vestig. Hierdie faset hou in dat geloofswaardes as rigtinggewend en motiverend vir lewenswyses getoon moet word. Predikers kan hiertoe bydra deur prakties te toon wat en hoe dit is om die spesifieke geloofsfaset wat in die prediking behandel word, te lewe. Deur twyfelvrae in die prediking aan te spreek, kan predikers ook bydra om intrinsieke geloofsgroei te bewerkstellig.

Predikers kan moontlik van tyd tot tyd hul hoorders met Allport se E- en I-meetinstrumente toets om die mate van E- en I-geloof onder die hoorders te bepaal. Hiermee sal hul nuttige insig in hul hoorders verkry, hul hoorders beter kan aanspreek en ook weet in watter rigting om die hoorders te lei.

### 9.3.2 Batson se teorie

Batson het voortgebou op die teorie van Allport deur op die meting van ekstrinsieke en intrinsieke geloof te konsentreer. Hy het agtergekom dat meetinstrumente wat intrinsieke geloof meet ook fanatici, naïewe entoesiaste, rigiede aanvaarders van dogma en mense wat 'n geloofsfront voorhou, as mense met 'n intrinsieke geloof kan meet (Loewenthal, 2004:137). Op grond hiervan het hy gereken dat Allport se oorspronklike konsep van religieuse volwassenheid geherinkorporeer moet word in die meting van religieusiteit. Die komponente wat ingebou moes word om intrinsieke geloof te meet, is (vgl. Hill, 2005:54):

- gereedheid om komplekse probleme te trotseer,
- gereedheid om te twyfel en selfkrities te wees,
- klem moet gelê word op onvolkomenheid, omdat volwasse geloof inhou dat daar 'n voordurende soeke of groei na verbetering is.

Donahue & Nielsen (2005:276) wys daarop dat Batson toe 'n meetinstrument met die naam "Quest" (Q) ontwerp het om juis die soeke of groei-element in volwasse geloof te meet. Alhoewel daar ook kritiek teen die Q-instrument uitgespreek is, maak heelwat navorsers steeds van die E-, I- en Q-instrumente gebruik om die verhouding tussen religieusiteit of spiritualiteit en gedrag te bepaal.

<u>Gevolgtrekking</u>

Predikers moet hul hoorders doelbewus lei om voortdurende groei in hul geloof na te streef. 'n Doelbewuste voortdurende soeke en honger na 'n nader verhouding met God moet gestimuleer word. Om die mate waarin die hoorders soekend is te kan meet, kan van Batson se Q-instrument gebruik gemaak word. Resultate van hierdie toetsing kan nuttig vir 'n prediker wees om insig in sy hoorders te verkry, hul beter aan te spreek en ook te weet in watter rigting om die hoorders te lei.

### 9.3.3 Teorieë aangaande geloofsontwikkeling

James Fowler het 'n teorie oor geloofsontwikkeling ontwikkel (vgl. Fowler, 1995). In sy teorie het hy voortgebou op die belangrike werk in die Psigologie van Erikson (1963) aangaande psigososiale ontwikkeling, die werk van Piaget (1967) aangaande kognitiewe ontwikkeling, en die werk van Kohlberg (1968,1969) aangaande morele ontwikkeling (Fowler, 1995:110; Loewenthal, 2004:59,67).

Alhoewel daar al negatiewe kritiek op die werk van Fowler gelewer is (vgl. Levenson *et al.*, 2005:157), het sy teorie 'n baie groot invloed en vorm dit steeds die basis van vele navorsing binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit. Om Fowler se skema van geloofsontwikkeling te kan verstaan, is dit nodig om eers kortliks 'n oorsig oor die belangrikste aspekte van die werk van Erikson, Piaget en Kohlberg te gee.

#### *9.3.3.1 Erikson se teorie van psigososiale ontwikkeling*

Erikson het belang gestel in die wyse waarop menslike ontwikkeling plaasvind. Hy verdeel die menslike lewensverloop in agt stadia, waarvan elkeen gekenmerk word deur 'n krisis, dit wil sê 'n situasie waarin die individu hom ten opsigte van twee teenoorgestelde pole moet oriënteer. Elke krisis word uitgelok maar ook ontlont deur 'n spesifieke wyse van interaksie tussen die individu en die sosiale omgewing. Aan die een kant bring die ryping van die individu mee dat hy oor nuwe behoeftes en nuwe moontlikhede beskik, en aan die ander kant stel die samelewing sekere ooreenstemmende vereistes en bied sekere moontlikhede. Wanneer die een krisis

suksesvol opgelos is, vergemaklik dit die hantering van die daaropvolgende krisis. Nogtans moet al die krisisse in elke stadium vanuit 'n ander perspektief weer opgelos word (Louw, 1992:61-62; vgl. Fowler, 1995:46-48; Loewenthal, 2004:68).

Skematies kan Erikson se stadia van menslike ontwikkeling soos volg voorgestel word:

**Skema 1**

'n Kort opsomming van Erikson se psigososiale ontwikkelingstadia (vgl. Loewenthal, 2004:68; Louw, 1990:62-66).

| Stadium | Ouderdom (ongeveer) | Suksesvolle uitkoms | Onsuksesvolle uitkoms |
|---|---|---|---|
| Vertroue vs. wantroue | <1 | Hoop | Vrees |
| Outonomie vs. skaamte | 1-3 | Wilskrag | Min selfvertroue |
| Inisiatief vs. Skuld | 4-5 | Doelgerigtheid | Onwaardigheid |
| Arbeidsaamheid vs. minderwaardigheid | 6-11 | Bekwaamheid | Onbekwaamheid |
| Identiteit vs. Identiteitsverwarring | 12-20 | Betroubaarheid | Onsekerheid |
| Intimiteit vs. Isolasie | 21-24 | Liefde | Isolasie |
| Generatiwiteit vs. Stagnasie | 25-65 | Sorgsaamheid | Selfsugtigheid |
| Integriteit vs. Wanhoop | 66+ | Wysheid | Betekenisloosheid |

### *9.3.3.2 Piaget se teorie aangaande kognitiewe ontwikkeling*

Die mees bekende en fundamentele kognitiewe ontwikkelingsteorie is deur Jean Piaget ontwikkel. Piaget beskou die mens se verstandelike of kognitiewe funksionering as 'n resultaat van interaksie met die omgewing. Kognitiewe funksionering toon in hierdie opsig 'n sekere ooreenstemming met biologiese funksies en kan gevolglik ook op soortgelyke wyse beskryf word (Louw, 1992:75).

Piaget het vir die eerste keer aangetoon dat kinders se denke radikaal en kwalitatief anders is as dié van volwassenes. Sy siening van kognitiewe ontwikkeling is dat kognitiewe ontwikkeling 'n reeks stadia is wat van een stadium na 'n volgende ontvou (Loewenthal, 2004:64; vgl. Fowler, 1995:48-49).

Ontwikkeling vind plaas deur die assimilasie van die bekende in die kognitiewe strukture van die persoon. Indien iets nuut ontdek word wat nie in die kognitiewe strukture geassimileer kan word nie, word dit geakkommodeer. Wanneer genoeg akkommodasie plaasgevind het, word 'n verandering in die operasionele patroon

van die persoon benodig maar terselfdertyd ook moontlik gemaak. Hierdie lei tot die oorgang na 'n volgende operasionele stadium (Fowler, 1995:49).

Piaget verdeel die mens se kognitiewe ontwikkeling in vier stadia (Louw, 1992:80-81):

- Die sensories-motoriese periode (geboorte tot ongeveer twee jaar).

  In die sensories-motoriese fase verander die kind se funksionering van 'n refleksvlak tot 'n vlak waar hy samehangende praktiese handelinge ten opsigte van sy onmiddellike omgewing kan uitvoer. Die stadium word gekenmerk deur sensoriese en motoriese aanpassingswyses (Louw, 1992:81).

- Die pre-operasionele periode (ongeveer twee tot sewe jaar).

  Die pre-operasionele periode is 'n oorgangstadium. In hierdie stadium is die kind se kognitiewe ontwikkeling gekonsentreer op die ontwikkeling van die vermoë om sake verstandelik of simbolies te kan voorstel (Louw, 1992:81). Simboliese denke begin sy verskyning maak in die vorm van woorde en speel (Loewenthal, 2004:64).

- Die periode van konkrete operasies (ongeveer sewe tot elf jaar).

  Die konkreet-operasionele periode word daardeur gekenmerk dat die kind 'n samehangende kognitiewe sisteem ontwikkel en gebruik. Eenvoudige, logiese denke ontwikkel. Die kind is nou in staat tot denkhandelinge wat omkeerbaar is, maar slegs betrekking het op konkrete, werklike sake en nie abstrakte sake nie (Louw, 1992:81; Loewenthal, 2004:64).

- Die formeel-operasionele periode (vanaf ongeveer elf jaar).

  Tydens die formeel-operasionele periode ontwikkel die kind die vermoë om formele operasies uit te voer, dit wil sê om abstrak en logies te dink en afleidings te maak. Formeel-operasionele denke is nie meer gebonde aan konkrete voorwerpe nie, maar kan ook abstrakte sake, moontlikhede en hipoteses hanteer (Louw, 1992:81; Loewenthal, 2004:65).

Die groot waarde van Piaget se teorie is dat dit aantoon dat denke ontwikkel vanaf die konkrete, sensories-gestimuleerde denkwyse van die jong kind, tot abstrakte wyses van denke in die volwassene (Loewenthal, 2004:65).

#### *9.3.3.3 Kohlberg se teorie aangaande morele ontwikkeling*

Kohlberg se benadering tot morele ontwikkeling is gegrond op die ontwikkelingstadia van Piaget. Lawrence Kohlberg koppel die vlakke wat hy in die morele ontwikkeling van die mens onderskei aan die stadia wat deur Piaget in kognitiewe ontwikkeling onderskei word. Kohlberg het geargumenteer dat morele ontwikkeling nie net tydens die kinderjare plaasvind nie, maar voortdurend verander en ontwikkel deur adolessensie en volwassenheid. Morele standpunte word bepaal deur die ontwikkeling van kognitiewe strukture (Loewenthal, 2004:69; Richards, 1983:100; Folwer, 1995:49-50).

Kohlberg het voorgestel dat morele ontwikkeling op drie breë vlakke plaasvind wat elk in twee sub-vlakke verdeel kan word. Hierdie drie vlakke is (Loewenthal, 2004:69):

- Die pre-konvensionele vlak

  Op die pre-konvensionele vlak word aksies beoordeel in terme van die konsekwensies vir die self. Daar word dus slegs gekyk na die voordele en nadele vir die self.

  Louw (1992:360-361) toon die twee sub-vlakke wat op die pre-konvensionele stadium bereik kan word, soos volg aan:

  - Op Vlak 1 beoordeel die kind gedrag slegs op die basis van die gevolge van die daad. Die motiewe van die dader word nie in ag geneem nie. Hy is gehoorsaam en sal die regte gedrag uitvoer ten einde straf te vermy.
  - Op Vlak 2 het gehoorsaamheid aan reëls primêr die funksie om beloning te verkry en persoonlike behoeftes te bevredig

- Die konvensionele vlak

  Op die konvensionele vlak word aksies beoordeel in terme van die beoordeling deur ander, of in terme van die wet en orde van die samelewing.

  Louw (1992:429) toon die twee sub-vlakke wat op die konvensionele stadium bereik kan word, soos volg aan:

  - Op Vlak 3 word morele oordeel bepaal deur dít waarvan ander mense hou en wat hulp aan ander kan verleen. Daar word gepoog om negatiewe kritiek te vermy en goedkeuring te ontvang.

- Op Vlak 4 word korrekte gedrag geassosieer met pligsvervulling, respek vir outoriteit, en handhawing van bestaande sosiale wet en orde.

- Die post-konvensionele vlak

  Op die post-konvensionele vlak word aksies beoordeel in terme van eie persoonlike morele oortuigings, al druis die persoonlike morele oortuigings ook in teenoor die siening van die samelewing en reaksie van ander.

  Louw (1992:430) toon die twee sub-vlakke wat op die post-konvensionele stadium bereik kan word, soos volg aan:

  - Op Vlak 5 word korrekte of verkeerde gedrag gedefinieer op grond van vasgestelde wette of reëls wat betrekking het op algemene standaarde. Die reëls het 'n rasionele basis en bevorder die welsyn van die samelewing. Benewens die konformering met algemene standaarde, dien die individu se persoonlike waardes en menings ook as maatstaf vir wat korrek of verkeerd is.

  - Op Vlak 6 word die individu se gedrag nie net volgens bestaande norme beoordeel nie, maar ook volgens sy gewete en selfgekose geïnternaliseerde abstrakte etiese beginsels. Die persoon wat hierdie vlak van morele oordeel bereik, tree volgens sy beginsels op - ongeag ander se reaksie.

Ten einde die konvensionele stadium van morele oordeel te bereik, moet die persoon die stadium van Piaget se konkrete operasies bereik het. Piaget se formele operasie stadium moet bereik word voor die post-konvensionele stadium van morele ontwikkeling bereik kan word (Louw, 1992:429).

#### *9.3.3.4 Fowler se teorie*

James Fowler het daarin belanggestel om religieuse geloof met kognitiewe ontwikkelingsteorieë te verbind. Om hierdie doelwit te bereik, het hy van uitgebreide onderhoude gebruik gemaak om na te vors wat mense glo, hoe hulle hul geloof regverdig, en hoe hulle geloof deur hulle volwasse lewe ontwikkel het (Loewenthal, 2004:59, 67).

Geloof (Engels - faith) word deur Fowler (1995:4,14,25) beskryf as 'n persoon of groep se "way of moving in the force of life." Geloof gee betekenis en kohesie aan al die kragte en verhoudings waaruit die lewe bestaan. Geloof is hiervolgens

ook 'n persoon se manier om hom of haarself in verhouding tot ander te sien teen 'n agtergrond van gedeelde betekenis en doel.

Uit die onderskeie teorieë van Erikson, Piaget en Kohlberg het Fowler 'n sintese gemaak van die parallelle tussen die stadia en vlakke van ontwikkeling (Loewenthal, 2004:70, vgl. Fowler, 1995:39). Fowler onderskei dus stadia of vlakke van geloofsontwikkeling wat verband hou met vlakke van psigososiale, kognitiewe en morele ontwikkeling (vgl. Levenson *et al.*, 2005:153). Dit is belangrik om op te let dat nie alle mense deur al die vlakke of stadia ontwikkel nie. Sommige ontwikkel byvoorbeeld net tot Vlak 3 (vgl. Fowler, 1995:164-169).

Fowler (1995:117-210) onderskei ses vlakke in geloofsontwikkeling wat deur 'n vooraf stadium vooraf gegaan word:

| | | |
|---|---|---|
| Vooraf stadium | Ongedifferensieerde geloof | Babastadium (Geboorte tot ongeveer 'n jaar):<br><br>In dié stadium word geloof gesterk deur die fondament van vertroue tussen die baba en die versorger, asook die wederkerige ervaring van liefde en sorg (Fowler, 1995:121). |
| Vlak 1 | Intuïtiewe-geprojekteerde geloof | Vroeë kinderstadium (tot ongeveer 7 jaar):<br><br>In hierdie stadium van fantasie en nabootsing kan die kind kragtig en permanent beïnvloed word deur voorbeelde, gemoedstemmings, aksies, stories en die sigbare geloof van nabye volwassenes, soos ouers (Fowler, 1995:133). |
| Vlak 2 | Mities-literêre geloof | Skooljare (ongeveer 7 tot 12 jaar):<br><br>Hier begin die kind stories en oortuigings vir hom/haarself aanneem wat behorende tot die spesifieke gemeenskap aandui. Geloof, morele oortuigings en houdings word letterlik verstaan. Stories is die mees belangrike wyse om eenheid en waarde aan ervarings te koppel (Fowler, 1995:149). |
| Vlak 3 | Sinteties-konvensionele geloof | Begin in adolessensie (alhoewel heelwat volwassenes nie verder ontwikkel nie en in hierdie fase 'n ekwilibrium vind):<br><br>Op hierdie vlak strek die ervaring van die wêreld verder as die grense van die familie. Geloof moet 'n |

| | | |
|---|---|---|
| | | sinvolle oriëntasie gee in die midde van komplekse en diverse betrokkenhede. Geloof sintetiseer waardes en informasie en gee 'n basis vir identiteit en lewensperspektief. Die persoon is bewus van die oordele en verwagtings van ander en wil graag daarmee konformeer. Die persoon se begrip van eie identiteit is nie voldoende om 'n outonome en onafhanklike perspektief te handhaaf nie (Fowler, 1995:172-173). |
| Vlak 4 | Individueel-reflektiewe geloof | Meestal jong volwassenes (alhoewel heelwat mense eers hierdie vlak in hul dertiger of veertiger jare bereik en ander nooit nie):<br><br>Op hierdie vlak word 'n kritiese houding ingeneem teenoor waardes wat voorheen bloot aangeneem is. Daar is kritiese self-refleksie en self-aktualisasie teenoor diens aan 'n portuurgroep. Waar die groep voorheen die individue se waardes bepaal het, bepaal die nuwe waardes waaroor die persoon self besluit, die nuwe groep waarby die persoon hom voeg (Fowler, 1995:179,182). |
| Vlak 5 | Konjunktiewe geloof | Meestal middeljare en daarna (alhoewel baie mense nooit hierdie vlak bereik nie):<br><br>Op hierdie vlak begin die persoon die sekerhede wat op Vlak 4 ontwikkel het, weer betwyfel. Daar is 'n kritiese herkenning van die onbewustelike waardes, vooroordele, ideale wat in die selfbeeld ingebou word deur 'n spesifieke sosiale klas, religieuse tradisie, etniese groep ens. Daar is 'n herkenning van paradokse in die lewe en 'n bewustelike poging om hierdie paradokse met mekaar te versoen. Daar is ook 'n bewustheid dat eiewaardes relatief en bevooroordeeld kan wees. (Fowler, 1995:197-198). |
| Vlak 6 | Universele geloof | Volg op Vlak 6 (maar meeste mense bereik nooit hierdie vlak nie):<br><br>Persone op hierdie vlak het hulle innerlike geloofsbelewing in volkome balans met hul belewenis van realiteit. Oor hierdie persone sê Fowler |

| | | |
|---|---|---|
| | | (1995:200): *"They have become incarnators and actualizers of the spirit of an inclusive and fulfilled human community."* Persone op hierdie vlak is, volgens Fowler, Moeder Theresa , Martin Luther King, Dietrich Bonhoeffer ens. |

Gevolgtrekking

Fowler se teorie aangaande geloofsontwikkeling bevestig vanuit die Psigologie dat verskillende mense op verskillende vlakke van geloofsontwikkeling of spiritualiteit verkeer. Die prediker se taak is om sy hoorder tot geloofsontwikkeling, geloofsgroei en gepaardgaande verdieping in spiritualiteit te stimuleer.

Om hierdie taak te kan verrig moet die prediker daarmee rekening hou dat sy hoorders op verskillende vlakke van geloofsontwikkeling verkeer. Sekere sake wat hy in die prediking aanspreek, kan dus aktueel en relevant vir sekere hoorders wees, maar vir ander hoorders glad nie aanspreek nie. Die prediker sal dus doelbewus daarop moet konsentreer om sy hoorders goed te ken en ook kreatief te werk moet gaan om al die hoorders op hul verskillende vlakke van psigososiale-, kognitiewe-, morele- en geloofsontwikkeling in die prediking aan te spreek.

Predikers sal hoorders kan begelei om psigososiaal en moreel te ontwikkel deur uit die Skrif begeleiding te gee oor hoe om in die verskillende stadia krisisse eie aan elke stadium of vlak van ontwikkeling te kan hanteer. Hierdie begeleiding kan plaasvind in die toepassingsgedeelte van elke preek. Die prediker sal egter kennis van die stadia of vlakke van psigososiale en morele ontwikkeling moet hê.

Predikers sal ook kennis moet dra van die verskillende vlakke van kognitiewe ontwikkeling. Die inhoud van preke sal só geklee moet word dat dit doelbewus rekening hou met die kognitiewe vlak van die teikengehoor. 'n Aktuele vraagstuk wat hiermee aangeraak word, is die volgende: omdat geloofsontwikkeling duidelik verband hou met kognitiewe ontwikkeling, is dit dan nie geregverdig om klein kindertjies tydens die prediking uit die erediens te laat vertrek na 'n lokaal waar daar op hul kognitiewe vlak tot hul gespreek word nie?

## 9.3.4 Van der Walt se perspektiewe oor geloofsgroei

Alhoewel Bennie van der Walt (1997) 'n filosoof en nie 'n psigoloog is nie, lewer hy tog vanuit 'n Reformatoriese perspektief insigte in geloofsgroei. Omdat hierdie

studie sy vertrekpunt in die Reformatoriese geloof het, word Van der Walt se perspektiewe op geloofsgroei volgens die Psigologie van Religie en Spiritualiteit hier weergegee. In sy perspektiewe lig hy leemtes uit in die skema van Fowler (vgl. 9.3.3 hierbo), maar lewer hy ook insiggewende perspektiewe op geloofsgroei.

Van der Walt (1997:3-4) sê dat dit vanuit die Skrif duidelik is dat daar iets soos geloofsgroei, of verskillende stadia in geloof bestaan, al word nie gesê wat en hoeveel nie. Vanuit hierdie werklikheid moet daar rekening gehou word met die fase van geloofsontwikkeling waarbinne iemand, byvoorbeeld 'n kind, verkeer. Geloofsgroei vind nie plaas in isolasie van die ander menslike vermoëns nie. Dit kan nie losgemaak word van byvoorbeeld die logiese en emosionele kante van menswees nie. Op hierdie punt gee Van der Walt tereg vir Fowler gelyk.

Van der Walt (1997:5) vra egter die volgende vrae oor die skema van Fowler:

- Mag geloofsontwikkeling as 'n liniêre progressie tot steeds groterwordende volmaaktheid voorgestel word?

  Is dit waar dat 'n mens se geloofsgroei 'n reguit, kontinue, opwaartse lyn is of kan daar ook van regressie en diskontinuïteit sprake wees?

- Kan die verskillende fases wat onderskei word dalk parallel in plaas van opeenvolgend wees?

  Van der Walt toon dan dat daar 'n gevaar bestaan dat vroeëre fases negatief en latere fases positief beoordeel kan word. Kinders sal hiervolgens as minder gelowig as volwassenes beoordeel kan word en dit is nie waar nie. 'n Kind se "onderontwikkelde" geloof is net so werklik as die "ontwikkelde" geloof van 'n volwassene. Kinders kan selfs "groter" geloof as volwassenes openbaar.

'n Akkurater voorstelling van geloofsgroei word gevind in die beeld van 'n boom (Van der Walt, 1997:6-7):

- 'n Boom wat een jaar oud is (met een jaarring) is net so 'n volledige boom as 'n boom wat tagtig jaar oud is (met tagtig jaarringe). Die jonger boom is nie minder boom of 'n slegter boom nie. Net so is geloof by die kind nie minder geloof of slegter geloof nie. Die volwassene se geloof is dalk net meer kompleks.

- Elke boom het sy eie unieke manier van groei. Geen boom kan sonder 'n geskikte omgewing groei nie. So kan geloof ook deur 'n geskikte omgewing aangehelp word.
- Elke boom groei stadig en kry geleidelik meer jaarringe by. Dit kan nie "aangejaag" word, sodat dit byvoorbeeld jaarringe oorslaan en van jaarring 2 na jaarring 5 ontwikkel nie. So beweeg die mens ook geleidelik van een na 'n volgende fase in sy geloofsontwikkeling terwyl nie een oorgeslaan word nie.
- Soos wat 'n boom groei, verloor dit nie vorige jaarringe nie, maar nuwe ringe word bygevoeg, terwyl die vorige ringe behoue bly. Ook in die geval van geloofsgroei, word die vorige fases nie finaal agtergelaat nie. Probleme in vroeëre fases het byvoorbeeld gevolge vir latere fases.

Dit is met in agneming van bogenoemde dat Van der Walt dan wel bereid is om van geloofsgroei te praat wat in verskillende fases onderskei kan word. Hy stel dat daar 'n waarheidsmoment in is dat geloof gedurende verskillende leeftydsfases verskillende gestaltes kan hê (Van der Walt, 1997:7).

Van der Walt (1997:9-15) onderskei, met in agneming van bogenoemde beeld van 'n boom, ses fases waardeur 'n mens se geloof vanaf geboorte tot by ouderdom ontwikkel. Hy koppel ouderdomme aan die fases, maar noem dat dit in gedagte gehou moet word dat dit nie werklik moontlik is om na aanleiding van 'n persoon se ouderdom te bepaal in watter geloofsfase hy/sy hom/haar bevind nie. Sommiges kan groei en ryper word, terwyl dit nie by ander gebeur nie. Selfs diegene wat normale groei beleef het, mag dit nodig vind om na die behoeftes van vroeëre stadia terug te keer en dit te herbeleef en herbevestig om 'n gesonde geloofslewe te kan hê. Die ses fases is:

- Fase 1: 'n ervaarde geloof (geboorte tot ongeveer 5 jaar).

  Op hierdie ouderdom is woorde oor geloof nie so belangrik as ervaring van die geloof nie. Kinders moet ervaar wat dit beteken om kind van die Here te wees. Dit is veral belangrik dat hulle liefde, vertroue en aanvaarding ervaar.

- Fase 2: 'n Geborge geloof (ongeveer 6 tot 12 jaar).

  Dit is ook gedurende hierdie fase belangrik dat die kind welkom moet voel, aanvaarding geniet, belangrik en nodig moet voel. Die kind moet die geloofsgemeenskap se tradisie of "verhaal" leer ken, sodat hy/sy kan weet

wat belangrik is en waarvolgens sy/haar lewe ingerig moet word. Geloof mag nie abstrak-intellektueel wees nie, maar moet in sang, toneelspel, teken, skilder, vertel van verhale en soortgelyke aktiwiteite beleef word.

Gedurende hierdie fase sal die kind 'n selfstandige geloofstandpunt moet ontwikkel. Die geborgenheid moet dus nie dwangmatig wees nie, omdat dit probleme met die volgende geloofsfase kan skep.

- Fase 3: 'n Soekende geloof (ongeveer13 tot 20 jaar).

  Die kind begin nou fisiek volwasse raak en staan in 'n oorgangsperiode. Die soeke na 'n eie identiteit staan sterk op die voorgrond. Godsdiens van "die hart" verander nou na godsdiens van "die hoof." Behalwe die emosionele, speel die verstand nou 'n belangrike rol. Adolessente wil argumenteer, analiseer, evalueer, redeneer en eksperimenteer. Kinders moet in hierdie stadium aangemoedig word om geloof hul eie te maak. Daarvoor moet duidelike norme en riglyne aan hulle verskaf word. Hulle het die teenwoordigheid van ouer mense nodig wat bereid is om hulle twyfel en intellektuele worsteling te deel om uiteindelik die waarheid te vind waaruit hulle vir die res van hulle lewe kan leef.

- Fase 4: 'n Toegeëiende geloof (ongeveer 20 tot 35 jaar).

  In hierdie fase kom daar 'n balans tussen die vorige twee fases (geborgenheid en soeke). Nie die gesag van die gemeenskap nie en ook nie die eie gesag en insig, is die belangrikste nie. Waar die persoon vroeër krities was teenoor die breë samelewing, eie geloofsgemeenskap, ouers en tradisie, val die klem nou meer op konformering met die gemeenskap. Die persoon is baie meer sensitief vir die verwagtinge en eise van die gemeenskap, want die gemeenskap is medebepalend tot eie identiteit. Geloofsleer (belydenis en dogma) speel dus in hierdie fase ook 'n belangrike rol in die bepaling van eie identiteit.

- Fase 5: 'n Kreatiewe geloof (ongeveer 35 tot 65 jaar).

  Teenoor die na buite gerigtheid van die vorige fase, raak die gelowige tydens hierdie fase meer na binne gerig. Hy/sy raak bewus van veranderinge in die self, onopgeloste probleme, mislukkings, hartseer en nog meer. Die introspeksie is op eie innerlike geloofsbehoeftes gerig. Dit lei tot verdiepte geloof. Geloofsoptrede word nou gemotiveer deur innerlike oortuiging en 'n gevoel van persoonlike verantwoordelikheid.

- Fase 6: 'n Geïntegreerde geloof (ongeveer 66 jaar en verder.)

  Gedurende hierdie fase word al die vorige fases geïntegreer. Daar kan aan die een kant 'n sterk gevoel van gemeenskap met God en 'n losmaak van die dinge rondom die self wees. Aan die ander kant kan daar verdiepte sinisme, wanhoop, vertwyfeling en bitterheid teenoor God en medemens wees.

Van der Walt (1997:8) bevestig dat dit binne die Christelike geloofslewe veral oor die volgende vier vrae gaan (vgl. Pieterse & Michie, 2006:121):

- Sekerheid: Het ek die reg om te bestaan en wat is die diepste grond van my bestaan?
- Vertroue: Aan wie kan ek myself volledig toevertrou?
- Mag: Hoe moet ek my mag/vryheid in verhouding tot God en ander gebruik?
- Liefde: Wat is die finale doel en betekenis van my lewe en hoe kan ek dit ervaar, hoe kan ek in liefde uitreik na God en my medemens?

Binne elk van die ses fases moet die gelowige antwoorde op hierdie vier vrae vind om sodoende geloofsgroei te kan beleef.

<u>Gevolgtrekking</u>

Van der Walt bevestig dat daar verskillende stadia en vlakke in geloofsgroei onderskei moet word wat verband hou met kognitiewe en morele ontwikkelings wat 'n persoon deurgaan. Daar moet egter teen gewaak word om een vlak as beter as 'n ander te beskou. Elke vlak hou bloot verband met die vermoëns van die persoon binne 'n spesifieke lewensstadium.

Predikers moet kennis dra van die eienskappe van verskillende lewensstadia en die invloed daarvan op die spiritualiteit van 'n persoon. Hierdie kennis moet dan verreken word in preekinhoud, sowel as die wyse waarop die preek aangebied word. Die vraag moet gevra word: word daar in prediking voldoende rekening gehou met die geloofsontwikkelingsvlakke van kinders en adolessente?

Van der Walt toon vier vrae wat, indien dit bevredigend beantwoord word, tot spirituele verdieping kan lei. Predikers moet kennis van hierdie vier vrae dra en hoorders deur middel van prediking help om hierdie vier vrae bevredigend in hul lewens te antwoord.

### 9.3.5 Paloutzian se model oor spirituele transformasie

Raymond Paloutzian het navorsing gedoen oor die prosesse wat religieuse bekering en spirituele transformasie bemiddel. Hy toon aan dat religieuse bekering maar net 'n vorm van spirituele transformasie is (Paloutzian, 2005:333-334).

Verander spirituele transformasie die persoonlikheid van die persoon wat transformeer? Paloutzian het die vraag nagevors en sy bevinding was dat sekere aspekte van persoonlikheid verander en ander nie. Die persoon in sy geheel verander nie. Inteendeel, kerneienskappe van 'n persoonlikheid bly redelik stabiel gedurende volwassenheid. Die wyse waarop daardie kerneienskappe tot uitdrukking in die persoon se daaglikse lewe kom, kan wel deur die nuwe of verdiepte geloof beïnvloed word. Om Paloutzian aan te haal (Paloutzian, 2005:331):

> "The finding that it is a person's purposes, goals, values, attitudes and believes, identity and focus of ultimate concern that change, and not his core traits, means that what becomes different about a person who converts are those expressions of the new religion that reflect what the new religion means to him or her, not 'what the person is like' in some basic sense. Those aspects of the whole person through which conversion shows its effects are those that relate to whatever is transcendent to the person - that is, what is spiritual relative to him or her."

Uit hierdie navorsing het Paloutzian (2005:333-334) die afleiding gemaak dat die verandering wat tydens spirituele transformasie plaasvind, 'n verandering in die betekenissisteem van 'n persoon is. Die betekenissisteem van 'n persoon is daardie sisteem waarbinne 'n persoon homself of haarself definieer, die lewe interpreteer en die allesoorheersende doelwitte vir die lewe stel. Op grond hiervan stel Paloutzian:

> "The overall process can be summarized thus: spiritual transformations, religious and otherwise, occur because people are confronted with discrepancies in life that require them to construct a new meaning system because the old one no longer works. Some changes in a meaning system may be partial and may not result in objectively identifiable outcomes, since some changes in people are not expressed in overt behavior. However, when spiritual transformations occur in their fullest form there will be measurable changes in self-perception and identity, life purpose, attitudes and values, goals, sensitivities, ultimate concerns, and behavior."

'n Persoon se betekenissisteem bestaan volgens Paloutzian uit verskillende komponente wat op verskillende wyses geïllustreer kan word. Paloutzian (2005:335) illustreer dit vanuit vier hoeke:

- Ten eerste mag 'n persoon se spiritualiteit konsepte bevat aangaande allerbelangrikste sake soos die heiligheid en barmhartigheid van God.
- Ten tweede mag sulke konsepte aan sterk bewustelike en onbewustelike emosies gebind wees. Konsepte soos God se liefde en sorg mag gevoelens van geborgenheid loslaat.
- Ten derde skryf sulke konsepte sekere aksies of rituele voor.
- In die vierde plek gee hierdie konsepte rigting aan 'n persoon se lewe.

Al hierdie konsepte word gevoed deur 'n persoon se identiteit en selfdefinisie.

Hoe vind spirituele verandering dan plaas? Paloutzian (2005:335-336) sê dat spirituele verandering in drie stappe gekonseptualiseer kan word:

> "... (1) input pressures prompt (2) internal change in one or more components of the meaning system that (3) shows expression as altered outcomes that are connected to those internal components of the meaning system that have been affected."

Paloutzian (2005:336) wys daarop dat alle mense in hul lewe by 'n punt van balans tussen die komponente van hul betekenissisteem kom. Hierdie balans sal bly bestaan tensy daar een of ander vorm van druk kom wat die balans versteur. Druk kan verandering in die betekenissisteem forseer.

'n Kernelement vir enige spirituele verandering is dus een of ander vorm van druk wat motiveer tot verandering. Indien daar nie 'n rede is om 'n betekenissisteem te verander nie, sal 'n persoon nie verander nie. Die oomblik wanneer 'n persoon beleef dat daar 'n verskil is tussen 'n konsep in sy betekenissisteem en wat hy in die werklikheid beleef, ontstaan druk. Druk laat op sy beurt weer 'n reeks vrae ontstaan wat verandering in die betekenissisteem kan fasiliteer. Byvoorbeeld, 'n ouer kan vas glo dat God sy siek kind sal genees omdat God liefde is. As die kind sterf, ontstaan daar konflik tussen wat die ouer glo en wat die ouer beleef. Hierdie konflik kan nou verandering in die ouer se betekenissisteem fasiliteer.

Uit hierdie navorsing maak Paloutzian dan die volgende gevolgtrekkings oor die model wat hy vir spirituele verandering opstel:

- "... the model concerns how spiritual transformations occur. The basic orientation of the model assumes a social cognition approach that postulates that spiritual transformations are a matter of a new construction of meaning due to the requirements that negative life events or the perception of inadequately met needs make on a person's cognitively constructed meaning system. The more that the elements of a person's meaning system are under pressure due to such events or

unmet needs, the greater the disequilibrium and the greater the possibility of change (Paloutzian, 2005:337).

- "We should be able to predict that the stronger the confrontations and the more channels through which they are bearing on the system, the greater will be the transformative effects in strength and number.... Stereotypes of dramatic transformations aside, most changes in the meaning system are partial and graded, not total and abrupt (Paloutzian, 2005:339)."

Gevolgtrekking

Spirituele verandering of groei verander nie die persoonlikheid van 'n mens nie. Die wyse waarop 'n persoon die eienskappe van sy persoonlikheid uitleef, kan wel deur spirituele groei beïnvloed word. 'n Introvert sal byvoorbeeld 'n introvert bly, maar hy sal sy introversie in sy verdiepte spiritualiteit uitleef. 'n Prediker moet vir hierdie faset van persoonlikheid sensitief wees en waar moontlik in die prediking alternatiewe vorme van korrekte geloofsreaksie en geloofsoptrede uitlig.

Predikers moet daarna streef om hul hoorders se betekenissisteme met Skriftuurlike betekenis te vul. Paloutzian toon aan dat spirituele transformasie of geestelike groei plaasvind wanneer daar 'n verandering in 'n persoon se betekenissisteem ontstaan. Verandering in 'n betekenissisteem is die gevolg van een of ander vorm van druk wat op die konsepte binne die betekenissisteem geplaas word. Normaalweg ontstaan hierdie druk deur een of ander vorm van konflik wat 'n persoon tussen sy betekeniskonsepte en die werklikheid ervaar. Druk ontstaan wanneer konflik ontstaan tussen wat hoorders in die werklikheid ervaar, en wat hulle in hul betekenissisteem glo. Predikers kan ook op 'n sensitiewe wyse hierdie druk deur prediking en die preekboodskap veroorsaak deur dit wat hoorders volgens hul betekenissisteem glo, uit te daag.

Om die prediker hiermee te help, kan hy hom die gedagtes van die hoorder oor sekere aktuele sake probeer indink. Aktuele wêreldgebeure of insidente in die lewens van die hoorders kan as vertrekpunt dien om sekere betekeniskonsepte van hoorders onder druk te plaas en dit te vervang met 'n suiwerder Skriftuurlike konsep. Deur byvoorbeeld die tsoenami van Desember 2004 as vertrekpunt te neem, kan sekere konsepte van hoorders oor God se liefde en God se sorg aangespreek word.

Predikers moet ook daarvoor sensitief wees dat verandering in betekenissisteem meermale geleidelik plaasvind en nie skielik en dramaties nie. Deur noukeurige preekbeplanning, kan verskillende betekeniskonsepte van hoorders oor 'n tydperk

aangespreek word. Oor 'n tydperk kan geleidelike verandering in betekeniskonsepte spirituele verandering en groei by hoorders bewerkstellig.

### 9.3.6 Samevattende perspektiewe oor teorieë en modelle in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit

1) Predikers sal in prediking aandag moet gee daaraan om hoorders vanaf 'n ekstrinsieke na 'n intrinsieke geloofsbegrip en geloofsuitlewing te begelei. 'n Intrinsieke geloofsbegrip behels dat geloofswaardes as rigtinggewend en motiverend vir lewenswyses getoon moet word. Om predikers te help om die ekstrinsiekheid of intrinsiekheid van hul hoorders se geloofsbegrip te help bepaal, kan van Allport se E- en I-meetinstrumente gebruik gemaak word.

2) Predikers moet hul hoorders doelbewus lei om voortdurende groei in hul geloof na te streef. 'n Doelbewuste voortdurende soeke en honger na 'n nader verhouding met God moet gestimuleer word. Om die mate waarin die hoorders soekend is te kan meet, kan van Batson se Q-instrument gebruik gemaak word.

3) Fowler het duidelik aangetoon dat daar verskillende vlakke of stadia in mense se geloofsontwikkeling of spiritualiteit onderskei kan word. Hierdie stadia hou verband met psigososiale, kognitiewe en morele ontwikkeling. Predikers moet rekening hou met die vlak van geloofsontwikkeling van hul hoorders en elke vlak toepaslik aanspreek deur vanuit die Skrif leiding te gee oor die hantering van krisisse eie aan elke vlak. Die hoorders se kognitiewe en morele vlakke van ontwikkeling moet ook deur die prediker verreken word. Leiding moet op só 'n wyse gegee word dat hoorders begelei kan word tot verdiepte geloofsontwikkeling.

4) Van der Walt bevestig verskillende stadia of vlakke van geloofsgroei, maar toon dat hierdie vlakke slegs verband hou met die vlakke van kognitiewe en morele ontwikkeling wat 'n persoon deurgaan. Daar moet daarom teen gewaak word om een vlak as beter as 'n ander te beskou. Elke vlak hou bloot verband met die vermoëns van die persoon binne 'n spesifieke lewensstadium. Predikers moet rekening hou met hierdie vlakke van geloofsontwikkeling.

5) Van der Walt toon vier vrae wat, indien dit bevredigend beantwoord word, lei tot spirituele verdieping. Predikers moet kennis van hierdie vier vrae dra en hoorders deur middel van prediking help om hierdie vier vrae bevredigend in elke fase van geloofsontwikkeling te beantwoord.

Hierdie vrae is:

- Sekerheid: Het ek die reg om te bestaan en wat is die diepste grond van my bestaan?
- Vertroue: Aan wie kan ek myself volledig toevertrou?
- Mag: Hoe moet ek my mag/vryheid in verhouding tot God en ander gebruik?
- Liefde: Wat is die finale doel en betekenis van my lewe en hoe kan ek dit ervaar, hoe kan ek in liefde uitreik na God en my medemens?

6) Paloutzian wys daarop dat geestelike groei en verdieping in spiritualiteit nie die persoonlikheid van 'n mens verander nie. Die wyse waarop 'n persoon die eienskappe van sy persoonlikheid uitleef, kan wel deur geestelike groei beïnvloed word. Predikers moet hiervoor sensitief wees en waar moontlik in die prediking alternatiewe vorme van korrekte geloofsreaksie en geloofsoptrede uitlig.

7) Predikers moet daarna streef om hul hoorders se betekenissisteme met Skriftuurlike betekenis te vul. Verandering in 'n betekenissisteem is die gevolg van een of ander vorm van druk wat op die konsepte binne die betekenissisteem geplaas word. Normaalweg ontstaan hierdie druk deur een of ander vorm van konflik wat 'n persoon tussen sy betekeniskonsepte en die werklikheid ervaar. Predikers kan ook op 'n sensitiewe wyse hierdie druk deur prediking en die preekboodskap veroorsaak deur dit wat hoorders volgens hul betekenissisteem glo, uit te daag.

   Om die prediker hiermee te help, kan hy hom die gedagtes van die hoorder oor sekere aktuele sake probeer indink. Aktuele wêreldgebeure of insidente in die lewens van die hoorders kan as vertrekpunt dien om sekere betekeniskonsepte van hoorders onder druk te plaas en dit te vervang met 'n suiwerder Skriftuurlike konsep.

8) Predikers moet ook daarvoor sensitief wees dat verandering in betekenissisteem meermale geleidelik plaasvind en nie skielik en dramaties nie. Deur noukeurige preekbeplanning, kan verskillende betekeniskonsepte van hoorders oor 'n tydperk aangespreek word.

## *9.4 'n Ondersoek van enkele temas in spirituele gedrag vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit*

Loewenthal (2004:58) sê dat religieuse en spirituele gedrag en oortuiging hand aan hand loop: "Those who are more religiously active are more likely to believe." Hieruit is dit duidelik dat wanneer predikers hoorders tot religieuse en spirituele gedrag en wyses van optrede begelei, geestelike groei en verdieping in spiritualiteit indirek kan plaasvind. Pieterse (2005a, 418-419) wys immers daarop dat onderrigtende prediking in die huidige tydsgees baie noodsaaklik is. Daar bestaan 'n groeiende gebrek aan kennis van die Skrif. Onderrigtende prediking is nie dorre leerredes en slegs kognitief nie, maar uitleg van die Skrif op só 'n wyse dat die Bybelse boodskap verstaan word in sy bevrydende krag en sy implikasies vir die lewe van die gelowige. Prediking as onderrig is dus ook aktuele prediking.

Vervolgens word enkele temas van spirituele gedrag vanuit die hoek van die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ondersoek, om te bepaal watter leiding predikers aangaande hierdie temas aan hoorders kan verskaf. Twee temas, selfbeheersing en krisishanteringsvaardighede, word in meer besonderhede beskryf om aan te toon hoe inligting vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit lig op elke faset kan werp. Daarna word 'n lys temas gegee wat predikers in prediking kan aanspreek.

### 9.4.1 Selfbeheersing

In Galasiërs 5:22-23 word 'n reeks eienskappe gelys wat 'n Christen in sy/haar lewe behoort te toon. Hierdie eienskappe word die vrug van die Gees genoem. Hierdie is eienskappe wat binne gelowiges groei deur die werking van die Heilige Gees in hul lewens. Een van hierdie eienskappe is selfbeheersing. Tog, die werk van die Heilige Gees kan nie totaal losgemaak word van die gelowige se eie verantwoordelikheid om hierdie eienskappe in sy/haar lewe te laat groei nie (vgl. Longenecker, 1990:259-260). 'n Gelowige het self ook 'n verantwoordelikheid om te groei in selfbeheersing.

Geyer & Baumeister (2005:412-415) sê dat selfbeheersing die hoofdeug van alle deugde is. Selfbeheersing verwys na die individu se vermoë om eie optrede te kan beheer en reguleer. Selfbeheersing maak dit moontlik om versoekings te weerstaan, aandag te fokus, gemoedstemmings en emosies te verander, ensovoorts. In kort, selfbeheersing maak dit vir 'n persoon moontlik om moreel korrek te kan optree.

Volgens Geyer & Baumeister (2005:414-415) is daar drie elemente wat die funksionering van selfbeheersing moontlik maak: standaarde, monitering en doelbewuste aksies wat die self verander:

- Standaarde is nodig sodat 'n persoon kan weet wat om te doen. Standaarde gee rigting en doelwitte waarna 'n persoon deur selfbeheersing kan streef. Binne die Christelike religie stel die Woord van God die standaarde.
- 'n Persoon moet sy/haar nakoming van die standaarde wat geld, moniteer. Monitering is baie dieselfde as die konsep van selfkennis en selfbewustheid. Selfbeheersing faal die maklikste wanneer 'n persoon nie aandag aan sy/haar gedrag gee nie, of nie bewus van sy/haar gedrag is nie. Daarteenoor, wanneer 'n persoon bewus is van sy/haar optrede of gedrag, kan selfbeheersing bevorder word.
- Doelbewuste aksies moet uitgevoer word wanneer 'n persoon agterkom dat sy/haar gedrag nie voldoen aan die standaard wat geld nie. Deur doelbewuste aksies moet die persoon selfbeheersing aan die dag lê om sy/haar gedrag te verander.

Hoe funksioneer selfbeheersing? Geyer en Baumeister (2005:415) wys dat breedvoerige navorsing daarop dui dat die funksionering van selfbeheersing met die funksionering van 'n spier vergelyk kan word. Na inspanning word 'n spier moeg en funksioneer nie meer so goed nie. Navorsing het bewys dat wanneer 'n persoon selfbeheersing moes toepas, selfbeheersing in direk daaropvolgende gebeure nie so doeltreffend is nie. 'n Moeë spier wat gerus het, kan egter weer met volle krag funksioneer. Dit blyk dat die uitoefening van selfbeheersing 'n individue se energie tap en die persoon moeg maak. Hierdie energie kan egter weer na rus aangevul word en herstel.

Omdat selfbeheersing soos 'n spier funksioneer, geld die volgende implikasies daarom vir selfbeheersing (Geyer & Baumeister, 2005:417-418):

- Hoe meer pogings tot selfbeheersing van 'n persoon vereis word, hoe meer energie word benodig om nie te faal nie. Hoe groter en meer die vereistes is wat gestel word, hoe groter is die kans dat selfbeheersing gaan faal.
- Wanneer selfbeheersing op een gebied faal, sal selfbeheersing op ander terreine van die lewe ook nadelig beïnvloed word.
- Aan die anderkant egter, outomatiese reaksie gebruik nie so baie energie nie. Die vorming van goeie gewoontes wat aanleiding kan gee tot

outomatiese reaksie, kan selfbeheersing makliker maak. Goeie gewoontes wat outomatiese gewoontes word, kan help om energie te bespaar wat weer op sy beurt 'n persoon in staat sal stel om meer selfbeheersd te wees wanneer selfbeheersing waarlik vereis word.

- 'n Spier kan geoefen word om sterker te word. Net so het navorsing getoon dat gereelde inoefening van selfbeheersing 'n persoon in staat stel om sterker te word in selfbeheersing (Geyer & Baumeister, 2005:417).

Geyer en Baumeister (2005:418-430) toon die volgende wyses aan waarop religieuse instansies persone kan help om selfbeheersd te leef:

- Standaarde moet duidelik uitgespel word. Daar kan toeligting gegee word oor hoe om hierdie standaarde toe te pas in die gemeenskap. Wanneer standaarde gekompromitteer of gewysig word, veroorsaak dit verwarring en slaag die instansie nie daarin om noodsaaklike leiding te gee nie.
- Deur nuwe doelwitte vir gedrag daar te stel, kan persone begelei word om ou gedrag en begeertes te laat vaar.
- Religie kan ook bydra tot selfbeheersing deur motivering aan persone te bied. Verskeie morele redes kan voorgehou word. Deur te fokus op die groter en meer abstrakter doel van alle dinge, kan motivering verleen word wanneer druk vanuit die omgewing groot is om selfbeheersing te laat skiet gee.
- Religie kan monitering van gedrag fasiliteer. Deur byvoorbeeld klem te lê op self-monitering deur gebed, oordenking, dagboek hou, ensovoorts, kan persone geleer word om hul gedrag te moniteer sodat hulle selfbeheersing op die regte plekke kan toepas.
- Religie kan klem plaas op selfverantwoordelikheid. Deur persone selfverantwoordelikheid te leer, kan hulle begelei word om selfbeheersd te lewe.
- Deur klem te lê op skuld, kan goeie motivering vir selfbeheersde gedrag gegee word. Geyer en Baumeister (2005:430) sê:

> "Guilt is the all-purpose moral emotion. Guilt teaches a lesson to the person experiencing it, and is one of the most important motivators for moral behavior. Some motivations for morality are specific to religion, but guilt is available to all—religious or secular. The great mobility of people in contemporary society may slightly undermine the process by which guilt

enforces morality. But religion continues to make good use of guilt. The religious groups to which people belong are often excellent at prompting guilt feelings in people who do not meet the group's moral standards. Christians also have an ever present guilt source, in that any time a Christian sins, he or she can interpret that sin as having hurt or offended God. In other words, according to some Christians' theology, there is no such thing as a victimless sin."

Gevolgtrekking

Selfbeheersing is 'n baie belangrike deug en vereiste om geestelik te kan groei. Predikers wat kennis dra van die Psigologie van selfbeheersing, kan bydra om selfbeheersing by hul hoorders te verbeter. Deur selfbeheersing aan te kweek, kan hoorders onder andere versoekings weerstaan, aandag fokus, asook gemoedstemmings en emosies verander.

Drie elemente dra by tot die funksionering van selfbeheersing en predikers kan al drie hierdie elemente deur prediking bevorder:

- Bybelse standaarde kan gestel word. Deur goeie hermeneuse kan predikers prakties aantoon hoe die standaarde vandag in die praktyk moet funksioneer. Nuwe doelwitte vir gedrag kan sodoende gestel word, sodat hoorders al meer 'coram Deo' (vgl. 4.3.2 hierbo) begin leef.
- Hoorders moet begelei word om hul gedrag te moniteer. Monitering kan dit makliker maak om te bepaal wanneer selfbeheersing faal.
- Leiding kan gegee word in die uitvoering van doelbewuste aksies van selfbeheersing. Motivering vir die nakoming van standaarde kan gegee word. Sondeskuld en die verlossing deur Jesus Christus gee 'n baie goeie motivering. Deur te fokus op die groter en meer abstrakte doel van alle dinge, kan hoorders tot 'coram Deo' gedrag gemotiveer word. Die kardinale aspek van die aanvaarding van eie verantwoordelikheid moet ook aandag geniet.

Deur hoorders te motiveer tot goeie gewoontes, kan hoorders geleer word om energie te bespaar sodat ware selfbeheersing slegs in uitsonderlike gevalle aangewend hoef te word - ingeoefende goeie gewoontes val outomaties dan in plek. Daarby kan predikers hoorders leiding gee in die inoefening van selfbeheersing, sodat hulle selfbeheersing sterker kan word.

## 9.4.2 Krisishanteringsvaardighede[17]

Groot lewensgebeure raak mense op emosionele, sosiale en fisiese maar ook op spirituele gebied. Krisisse kan deur 'n spirituele lens as bedreigings, uitdagings, verliese maar ook as geleenthede gesien word. Daar is 'n baie noue band tussen krisis en religie. Religie kan aan die een kant geweldige ondersteuning en troos bied in tye van krisis, maar aan die ander kant het dit ook die potensiaal om 'n groter las op mense in krisis te plaas (Pargament *et al.*, 2005:479-480).

Pargament *et al.* (2005:481) wys daarop dat religie nie net 'n verdedigingsmeganisme in 'n tyd van krisis is nie. Religie kan ook die volgende funksies in krisistyd vervul: dit kan vrese verminder, betekenis gee aan 'n situasie, intimiteit bevorder, aanleiding gee tot persoonlike bemeestering van die situasie, groei van die self, asook selfaktualisering laat plaasvind.

Binne krisissituasies kan 'n religie aan hul lede rites gee om hulle te help om moeilike oorgange te maak. Byvoorbeeld, by die dood van 'n geliefde kan die rite van 'n begrafnis help om die dood van die geliefde te verwerk (Pargament *et al.*, 2005:481). Eerder as om krisisse te ignoreer, kan religie 'n 'heilige lens' verskaf om die negatiewe gebeure in 'n ander lig te herinterpreteer. Sodoende kan 'n krisis dan 'n geleentheid word vir geestelike groei en tot voordeel van die persoon wat die krisis ondergaan, gesien word.

Pargament *et al.* (2005:481-482) wys daarop dat daar drie wyses is waarop 'n gelowige 'n krisis kan hanteer:

- In die eerste plek kan daar 'n oordrag van alle verantwoordelikheid aan God wees. Hiermee laat die persoon die saak totaal aan God oor om op te los en doen self niks.

  (In meeste situasies is hierdie 'n hoogs geestelik-onvolwasse krisishanteringswyse - JAE).

- In die tweede plek kan 'n persoon alle verantwoordelikhede op homself neem. Hier reken die persoon dat God hom al die vaardighede gee wat hy nodig het en dat hy self die oplossing vir die probleem moet vind.

  (In meeste situasies is hierdie 'n meer geestelik-volwasse krisishanteringswyse, maar hierdie wyse kan baie negatiewe gevolge hê as die persoon nie die krisis opgelos kry nie - JAE).

[17] In Engels: Coping-skills.

- In die derde plek kan die persoon in vennootskap met God die krisis hanteer. Hier ervaar die persoon dat God help, maar dat hyself ook 'n verantwoordelikheid het om mee te werk tot die oplossing van die probleem.

  (In meeste situasies is hierdie die mees geestelik-volwasse krisishanteringswyse - JAE).

Pargament *et al.* (2005:483) het 'n tabel opgestel van verskillende wyses en metodes waarop religie mense kan help om krisisse te hanteer. Hierdie tabel is die volgende:

**The Many Methods of Religious Coping**

**Religious methods of coping to find meaning**

*Benevolent religious reappraisal* – redefining the stressor through religion as potentially beneficial

*Punishing God reappraisal* – redefining the stressor as a punishment from God for the individual's sins

*Demonic reappraisal* – redefining the stressor as an act of the devil

*Reappraisal of God's powers* – redefining God's power to influence the stressful situation

**Religious methods of coping to gain mastery and control**

*Collaborative religious coping* – seeking control through a partnership with God in problem solving

*Passive religious deferral* – passive waiting for God to control the situation

*Active religious surrender* – active giving up of control to God in coping

*Pleading for direct intercession* – seeking control indirectly by pleading to God for a miracle or divine intervention

*Self-directing religious coping* – seeking control through individual initiative rather than help from God

**Religious methods of coping to gain comfort and closeness to God**

*Seeking spiritual support* – searching for comfort and reassurance through God's love and care

*Religious focus* – engaging in religious activities to shift focus from the stressor

*Religious purification* – searching for spiritual cleansing through religious actions

*Spiritual connection* – seeking a sense of connectedness with forces that transcend the self

*Spiritual discontent* – expressing confusion and dissatisfaction with God' relationship to the individual in the stressful situation

*Marking religious boundaries* – clearly demarcating acceptable from unacceptable religious behavior and *remaining* within religious boundaries

**Religious methods of coping to gain intimacy with others and closeness to God**

*Seeking support from clergy or members* – searching for intimacy and reassurance through the life and care of congregation members and clergy

*Religious helping* – attempting to provide spiritual support *and* comfort to others

| |
|---|
| *Interpersonal religious discontent* – expressing confusion and dissatisfaction with the relationship of clergy or members to the individual in the stressful situation |
| **Religious methods of *coping* to achieve a life transformation** |
| *Seeking religious direction* – looking to religion for assistance in finding a new direction for living |
| *Religious conversion* – looking to religion for a radical change in life |
| *Religious forgiving* – looking to religion for help in shifting from anger, hurt, and fear associated with an offense to peace |

Navorsing toon dat daar twee tipes religieuse krisishanteringsmetodes bestaan: positiewe en negatiewe metodes. Bogenoemde lys bevat beide positiewe en negatiewe krisishanteringsmetodes (Pargament *et al.*, 2005:483-484):

- Positiewe metodes gee positiewe uitkomste, soos onder andere stresverwante groei, geestelike groei en groter lewensvreugde.

  Positiewe metodes in bogenoemde lys is: "Spiritual connectedness, benevolent religious reappraisals, collaborative religious coping, seeking spiritual support, and seeking support from clergy or members."

- Daarteenoor gee negatiewe metodes negatiewe uitkomste, soos onder andere depressie, angstigheid en geestelike beserings.

  Negatiewe metodes in bogenoemde lys is: "spiritual discontent, punishing God reappraisals, reappraisals of God's powers, demonic reappraisals and interpersonal religious discontent."

Loewenthal (2004:131) wys daarop dat religieuse aspekte van krisishantering wat met goeie uitkomste verband hou die volgende is:

- Geloof in 'n regverdige en goedhartige God.
- Die belewenis van God as 'n ondersteunende vennoot in die krisis.
- Betrokkenheid en meelewing in religieuse rituele.

Navorsing oor religieuse krisishanteringsvaardighede het getoon dat die oriëntasiesisteem van persone bepaal watter metodes hulle op watter wyse aanwend om krisisse te hanteer. Daar is ook aangetoon dat religieuse krisishanteringsmetodes die beste werk vir mense wat meer religieus ingestel is (Pargament *et al.*, 2005:485-486).

Religieuse gedrag en aktiwiteite soos gebed, studie en aanhoor van prediking kan individue met 'n reeks geloofsinhoude vul wat kan help met die hantering van stres (Loewenthal, 2004:124).

Gevolgtrekking

Elke mens beleef krisisse. Dit is duidelik dat krisisse 'n positiewe of negatiewe invloed op spiritualiteit en geestelike groei kan hê. Predikers kan hul hoorders begelei om krisisse positief te hanteer. Positiewe hantering van krisisse kan lei tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit.

Wyses waarop predikers hul hoorders kan bystaan, is deur onderrig te verskaf in positiewe, geestelik volwasse wyses van krisishantering.

Exline & Rose (2005:315-329) wys op verskeie spirituele worstelinge wat in prediking aangespreek kan word en bydra tot geestelike groei. Hierdie worstelinge is dikwels worstelinge wat krisisse vergesel, soos: woede teenoor God; oorgawe aan God; konfrontering van eie sonde; ervaring van aanvalle van die bose; uitdagings binne die Christelike gemeenskap.

Omdat dit duidelik is dat religieuse krisishanteringsmetodes die meeste waarde het vir mense wat meer religieus ingestel is, kan predikers hul hoorders voorberei om krisisse op 'n religieuse manier te hanteer deur voortdurend in prediking aandag te gee aan spiritualiteit en geestelike groei.

Ondersteuning deur medegelowiges dra ook geweldig daartoe by dat krisisse positief en opbouend beleef kan word. In prediking moet gelowiges daartoe opgeskerp word om mekaar by te staan en te help in nood.

### 9.4.3 Ander temas wat aangepreek kan word

Nicolene Joubert(1999:293-299) het 'n Bybelsgefundeerde terapieprogram vir 'n gemeente ontwerp. Sy het sekere psigologiese temas in hierdie terapieprogram probeer aanspreek om a) intra-psigiese funksionering te verhoog, asook b) interpersoonlike verhoudings te verbeter. Temas wat Nicolene Joubert (1999) aangespreek het, is:

- hantering van negatiewe of nie-Bybelse denkpatrone (kognitiewe herstrukturering),
- hantering van angs en depressie,
- aanvaarding van die self en ander,
- verwerking van trauma,
- ervaring van verlies,
- hantering van skuldgevoelens,

- vergiffenis,
- en interpersoonlike probleme soos huwelikskonflik.

Indien dieselfde tipe temas in prediking aangespreek word, kan dit ook bydra om spiritualiteit en geestelike groei te bevorder. Nicolene Joubert (1999) het hierdie temas aangespreek deur van spesifieke probleme van die persone wat die terapieprogram deurgemaak het, gebruik te maak. In prediking kan die prediker van konkrete situasies wat sy hoorders ervaar en probleme wat hulle konfronteer, gebruik maak.

Ander temas wat ook aangespreek kan word, is:

- hantering van emosies (vgl. Emmons, 2005:235-252),
- hantering van vooroordeel (vgl. Donahue & Nielsen, 2005:277),
- eerlikheid (vgl. Donahue & Nielsen, 2005:278),
- seksualiteit (vgl. Donahue & Nielsen, 2005:279),
- misdaad en straf (vgl. Donahue & Nielsen, 2005:281-282),
- die verhouding tussen religie en politiek (vgl. Donahue & Nielsen, 2005:282),
- vrede, konflik en oorlog (vgl. Donahue & Nielsen, 2005:283-284),
- woede teenoor God (vgl. Exline & Rose, 2005:317-319),
- oorgawe aan God (vgl. Exline & Rose, 2005:320),
- vergewing van sondes (vgl. Exline & Rose, 2005:320-321),
- die persepsie van aanvalle deur die bose (vgl. Exline & Rose, 2005:322-324),
- en hoe om teenoor buitestaanders van die religieuse groep waaraan behoort word, op te tree (vgl. Exline & Rose, 2005:325).

Gevolgtrekking

Predikers kan verskillende psigologiese temas deur prediking aanspreek om intra-psigiese funksionering te verhoor en interpersoonlike verhoudings te verbeter. Hierdeur kan geestelike groei en verdieping in spiritualiteit onder die hoorders as individue en die hoorders as gemeente bevorder word. Hierdie is temas soos:

- Hantering van negatiewe of nie-Bybelse denkpatrone (kognitiewe herstrukturering)

- hantering van angs en depressie,
- aanvaarding van die self en ander,
- verwerking van trauma,
- ervaring van verlies,
- hantering van skuldgevoelens,
- vergiffenis,
- interpersoonlike probleme soos huwelikskonflik,
- hantering van emosies,
- hantering van vooroordeel,
- eerlikheid,
- seksualiteit,
- misdaad en straf,
- die verhouding tussen religie en politiek,
- vrede, konflik en oorlog,
- woede teenoor God,
- oorgawe aan God,
- vergewing van sondes,
- die persepsie van aanvalle deur die bose,
- en hoe om teenoor buitestaanders van die religieuse groep waaraan behoort word, op te tree.

### 9.4.4 Samevattende perspektiewe vanuit die ondersoek na enkele temas van spiritualiteit in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit

1) Deur hoorders te begelei tot verdiepte religieuse gedrag, kan indirek daartoe bygedra word dat geestelike groei en verdieping in spiritualiteit plaasvind. Onderrigtende prediking speel hierin 'n baie belangrike rol.

2) Selfbeheersing is 'n belangrike deug vir geestelike groei. Deur selfbeheersing aan te kweek, kan hoorders onder andere versoekings weerstaan, aandag fokus,

asook gemoedstemmings en emosies verander. Insig in die funksionering van selfbeheersing kan bydra tot groei in selfbeheersing.

3) Drie elemente dra by tot die funksionering van selfbeheersing en predikers kan al drie hierdie elemente deur prediking bevorder. Dit is die 1) stel van standaarde, 2) hulpverlening in die monitering van die nakoming van hierdie standaarde, 3) leiding gee in die uitvoering van doelbewuste aksies om standaarde na te kom.

4) Krisisse kan 'n positiewe of negatiewe invloed op spiritualiteit en geestelike groei hê. Predikers kan hul hoorders begelei om krisisse positief te hanteer. Positiewe hantering van krisisse kan lei tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit. Wyses waarop prediker hul hoorders kan bystaan, is deur onderrig te verskaf in positiewe, geestelik-volwasse wyses van krisishantering. Worstelinge wat krisisse vergesel, is gewoonlik dinge soos: woede teenoor God; oorgawe aan God; konfrontering van eie sonde; ervaring van aanvalle van die bose; uitdagings binne die Christelike gemeenskap. Leiding moet gegee word oor hoe om hierdie worstelinge te hanteer.

5) Predikers kan verskillende psigologiese temas deur prediking aanspreek om intra-psigiese funksionering te verhoog en interpersoonlike verhoudings te verbeter. Hierdeur kan geestelike groei en verdieping in spiritualiteit onder die hoorders as individue en die hoorders as gemeente bevorder word. Hierdie is temas soos:

- hantering van negatiewe of nie-Bybelse denkpatrone (kognitiewe herstrukturering)
- hantering van angs en depressie,
- aanvaarding van die self en ander,
- verwerking van trauma,
- ervaring van verlies,
- hantering van skuldgevoelens,
- vergiffenis,
- interpersoonlike probleme soos huwelikskonflik,
- hantering van emosies,
- hantering van vooroordeel,

- eerlikheid,
- seksualiteit,
- misdaad en straf,
- die verhouding tussen religie en politiek,
- vrede, konflik en oorlog,
- woede teenoor God,
- oorgawe aan God,
- vergewing van sondes,
- die persepsie van aanvalle deur die bose,
- en hoe om teenoor buitestaanders van die religieuse groep waaraan behoort word, op te tree.

## *9.5 Meetinstrumente wat ontwikkel is in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit*

Hill (2005:43), Slater *et al.* (2001:4) en Gregory (2000:471) wys daarop dat daar in die onlangse geskiedenis van die Psigologie van Religie en Spiritualiteit (die laaste ongeveer 50 jaar) baie tyd en aandag geskenk is aan die ontwikkeling van meetinstrumente waarmee verskillende aspekte van religie en spiritualiteit gemeet word (vgl. Loewenthal, 2004:6-11). Gregory (2000:471) toon die voordele daarvan om meting van religie en spiritualiteit te kan doen:

- Terapeute kan die wêreldbeeld van hul pasiënte beter verstaan en maak dat hul meer empaties is.
- Meting kan die impak van gesonde en ongesonde religieus-spirituele oriëntasies identifiseer en evalueer.
- Meting kan vasstel of religieuse en spirituele oortuigings ondersteuning aan pasiënte bied.
- Meting kan bepaal watter spirituele probleme of tekortkominge by persone bestaan wat aangespreek moet word.

Wanneer 'n meetinstrument ontwikkel word, is die belangrikste eerste taak om vas te stel wat presies gemeet gaan word. Om vas te stel wat presies in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit gemeet kan word, is weens die kompleksiteit van die

saak egter nie so eenvoudig nie (Asa, 1995:139). Daarom dat daar deur die jare geworstel is om voldoende en doeltreffende meetinstrumente daar te stel.

Hill (2005:48) toon aan dat meetinstrumente binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit breedweg in twee vlakke ingedeel kan word. Instrumente op Vlak 1 evalueer 'n algemene religieuse- of spirituele ingesteldheid by mense . Instrumente op Vlak 2 gaan van die standpunt uit dat mense hul spiritualiteit op 'n wye verskeidenheid van wyses uitleef. Instrumente op Vlak 2 evalueer dan: a) hoe mense hul spiritualiteit ervaar, b) hul motiverings om religieus te wees, en c) hoe hulle hul religieusheid of spiritualiteit inspan om probleme te hanteer en in die wêreld te funksioneer.

Bogenoemde twee vlakke funksioneer nie onafhanklik van mekaar nie, en is ook interaktief. Daarom dat Hill (2005:48) aantoon dat navorsers eers die Vlak 1 religieusheid (spiritualiteit - JAE) van hul teikengroep moet evalueer voordat Vlak 2 analises gemaak word. Hill onderskei verskillende meetinstrumente om bogenoemde twee vlakke te evalueer. Hy toon egter aan dat sommige instrumente gebruik kan word in die vasstelling van beide vlakke.

'n Oorsig van enkele prominente meetinstrumente volgens indeling in die twee vlakke word vervolgens gegee, waarna 'n gevolgtrekking oor die waarde van meetinstrumente vir hierdie studie gedoen sal word. Die bedoeling van die lys instrumente is geensins om volledig te wees nie, bloot net om 'n oorsig oor enkele van die mees prominente instrumente te gee.

### 9.5.1 Meetinstrumente om Vlak 1 spiritualiteit te bepaal.

Die doelwit van die volgende meetinstrumente is om religieuse en spirituele verskille tussen mense op 'n baie breë vlak vas te stel (Hill, 2005:51):

- Die "Spiritual Well-Being Scale (SWBS)", ontwikkel deur Paloutzian en Ellison in 1983 (vgl. Gregory, 2000:474-475; Slater *et al.*, 2001:11).

  Volgens Hill (2005:51-52) het hierdie instrument 'n standaard instrument geword en is dit al in honderde studies gebruik. Die teorie agter hierdie instrument is dat spirituele welwese uit twee dimensies bestaan. Daar is 'n vertikale dimensie wat die verhouding met God uitdruk, en daar is 'n horisontale dimensie wat die verhouding met die medemens uitdruk. Daarom dat hierdie instrument uit twee sub-dele bestaan.

  Die eerste deel, die "Religious Well-being Scale (RWB)", probeer die vertikale dimensie evalueer. Die tweede deel, die "Existential Well-Being Scale (EWB)"

probeer die horisontale dimensie evalueer. Hierdie instrument is betroubaar bevind, alhoewel daar tekortkominge is. Een tekortkoming is dat toegewyde gelowiges dikwels deur die plafon van meting in hierdie instrument bars (Gregory, 2000:475).

- Die "Spiritual Well-Being Questionnaire", ontwikkel deur Moberg in 1984.

  Hill (2005:52) wys daarop dat hierdie instrument baie meer uitgebreid as die SWBS is, 'n veel meer tydrowende instrument is en gevolglik minder gebruik word. Hierdie instrument meet ook 'n derde vlak sub-deel: algemene spirituele welwese.

Die doelwit van die volgende meetinstrumente is om religieuse toewyding op 'n baie breë vlak vas te stel (Hill, 2005:52):

- Die "Religious Commitment Inventory", ontwikkel deur Worthington in 2004.

  Hill (2005:52) wys daarop dat hierdie 10-item instrument in verskeie religieuse tradisies gebruik is om algemene religieuse toewyding vas te stel.

- Die "Santa Clara Strength of Religious Faith Questionnaire", ontwikkel deur Plante en Boccaccini in 1997.

  Hierdie instrument kan gebruik word om die vlak van religieuse geloof in 'n algemene bevolkingsgroei, en nie net mense wat hulself as religieus beskou nie, te evalueer (Hill, 2005:52).

Die doelwit van die volgende meetinstrumente is om religieuse en spirituele ontwikkeling op 'n baie breë vlak vas te stel (Hill, 2005:52):

- Die "Faith maturity scale", ontwikkel deur ses hoofstroom Protestantse denominasies in die VSA in 1993 (vgl. Gregory, 2000:475; Slater *et al.*, 2001:12-13).

  Hierdie instrument ondersoek drie sake: 1) dit verskaf data oor die lewendigheid van geloof in 'n gemeente, 2) dit identifiseer demografiese, persoonlike, en gemeentlike veranderlikes in geloofsontwikkeling en 3) dit gee 'n maatstaf om die impak van geloofsopvoeding in hoofstroom denominasies te evalueer.

  Hierdie instrument maak gebruik van 38 items wat op 8 kernareas van geloofsvolwassenheid toegespits is. In die geheel meet hierdie instrument geloofsvolwassenheid soos dit gedefinieer word deur waardes en gedrag. Een nadeel van hierdie instrument is dat dit gemanipuleer kan word deur mense wat wil voorgee om 'n meer volwasse geloof te hê.

- Die "Spiritual Assessment Inventory", ontwikkel deur Hall en Edwards in 1996.

  Hierdie instrument evalueer spirituele ontwikkeling en volwassenheid vanuit 'n verhoudings- en oordenkingsperspektief. Daarby het dit 'n sterk teoretiese onderbou (Hill, 2005:52).

- Die "Religious Maturity Scale" en "Faith development Questionnaire", ontwikkel deur Leak en kollegas (Vgl. Hill, 2005:52-53).

  Beide hierdie instrumente is gebaseer op Fowler se teorie en blyk redelik betroubaar te wees (Hill, 2005:53).

## 9.5.2 Meetinstrumente om Vlak 2 spiritualiteit te bepaal.

Instrumente om Vlak 2 van spiritualiteit vas te stel, poog om te bepaal hoe 'n persoon sy religieuse en spirituele lewe ervaar (Hill, 2005:53).

- Die "Religious Involvement Inventory", ontwikkel deur Hilty en Morgan in 1985.

  Hierdie instrument bevat 'n sub-skaal van 14 punte waarmee kerklike betrokkenheid bepaal word. Hierdie instrument lewer redelik goeie psigometriese kwaliteite (Hill, 2005:53).

- Die Allport-Ross Religieuse oriënteringskaal, ontwikkel deur Allport en Ross in 1967 (vgl. Gregory, 2000:471-472; Asa, 1995:141).

  Hierdie instrument is gebaseer op Allport se teorie van ekstrinsieke-intrinsieke geloof. Soos reeds hierbo onder 9.3.1 genoem, is daar al heelwat kritiek op die teorie van Allport gelewer en bevat dit tekortkominge. Tog is daar wye instemming dat hierdie instrument waardevolle bydraes gelewer het om kernaspekte van religieuse ervaring en belewing te identifiseer.

  Gorsuch en McPherson het hierdie instrument in 1989 hersien om binne die ekstrinsieke skaal persoonlike, maar ook sosiaal ingestelde ekstrinsiekheid te meet. Hierdie instrument lewe baie goeie psigometriese resultate (Hill, 2005:54).

- Die "Quest-scale", ontwikkel deur Batson in 1993 (vgl. Gregory, 2000:473-474; Slater *et al.*, 2001:9-10).

  Soos reeds hierbo onder 9.3.2 genoem, het Batson voortgebou op Allport se teorie. Hy het leemtes in Allport se teorie geïdentifiseer en die Quest-instrument ontwikkel om hierdie leemtes aan te spreek. Spesifiek was die doel van hierdie instrument om die soek of groei-element in volwasse geloof te meet.

- Die "Daily Spiritual Experience Scale", ontwikkel deur Underwood in 1999 (vgl. Hill, 2005:54).

  Hierdie instrument se doelwit is om die mate waarin individue daagliks die transendentheid van God in hul lewens beleef, of die betrokkenheid van God in hul lewens ervaar, te evalueer.

### 9.5.3 Samevattende perspektiewe oor meetinstrumente wat ontwikkel is in die Psigologie van Religie en Spiritualiteit

Duidelik is daar al heelwat instrumente binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ontwikkel om verskeie aspekte van spiritualiteit en geestelike groei te meet. Predikers kan, met die nodige hulp van psigometrici, van tyd tot tyd hul hoorders evalueer ten opsigte van sekere aspekte van hul spiritualiteit en geestelike groei. Hierdie psigometriese meting kan die volgende voordele inhou:

- Predikers kan die wêreldbeeld van hul hoorders beter verstaan en maak dat hul meer empaties is.
- Meting kan die impak van gesonde en ongesonde spirituele oriëntasies identifiseer en evalueer. Hierdie spirituele oriëntasies kan dan in die prediking aangespreek word.
- Meting kan vasstel of religieuse en spirituele oortuigings ondersteuning aan hoorders bied. Meting kan dus 'n vorm van terugvoer aan predikers bied.
- Meting kan bepaal watter spirituele probleme of tekortkominge by persone bestaan wat in prediking aangespreek kan word.
- Die uitslae van psigometriese evaluasie kan predikers help met preekbeplanning.

## *9.6 Sintese van literatuurstudie: metateoretiese perspektiewe oor spiritualiteit en geestelike groei vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit*

Die doel van hierdie hoofstuk was om perspektiewe vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit te vind wat 'n prediker kan help om in sy prediking geestelike groei en verdieping in spiritualiteit onder sy hoorders te bevorder. Die volgende sintese stel die metateoretiese bevindings vir hierdie studie oor insigte vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit:

### 9.6.1 Teorieë en modelle oor spiritualiteit en geestelike groei

a) Insigte vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit kan perspektiewe lewer op menslike gedrag, gedagtes en emosies en hoe geestelike groei gefasiliteer kan word. Onder die term spiritualiteit word vir hierdie studie volstaan met die volgende beskrywing van spiritualiteit (vgl. 6.2.6): "spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitleef van geloof."

b) Predikers sal in prediking daaraan moet aandag gee om teenoor 'n ekstrinsieke geloofsbegrip, 'n intrinsieke geloofsbegrip by hul hoorders te vestig. 'n Intrinsieke geloofsbegrip hou in dat geloofswaardes as rigtinggewend en motiverend vir die lewe geag moet word. Daarby moet predikers hul hoorders doelbewus lei om 'n voortdurende groei in hul geloof na te streef. 'n Doelbewuste voortdurende soeke en honger na 'n nader verhouding met God moet gestimuleer word.

   Allport se E- en I-meetinstrumente kan gebruik word om ekstrinsieke en intrinsieke geloofsingesteldheid te bepaal, terwyl Batson se Q-instrument die mate waarin hoorders soekend is, kan meet.

c) Daar bestaan verskillende vlakke of stadia in geloofsontwikkeling. Hierdie vlakke hou verband met psigososiale, kognitiewe en morele ontwikkeling. Predikers moet rekening hou met die vlakke van ontwikkeling in hul hoorders en hul aanspreek op hul vlak van ontwikkeling. Daar moet teen gewaak word om een vlak as beter as 'n ander te beskou. Elke vlak hou bloot verband met die vermoëns van die persoon binne 'n spesifieke lewensstadium.

   Daar bestaan vier vrae wat in elke ontwikkelingsstadium en gepaardgaande geloofsvlak bevredigend beantwoord moet word om geestelike groei te kan bewerk. Hierdie vrae is:

   - Sekerheid: Het ek die reg om te bestaan en wat is die diepste grond van my bestaan?
   - Vertroue: Aan wie kan ek myself volledig toevertrou?
   - Mag: Hoe moet ek my mag/vryheid in verhouding tot God en ander gebruik?
   - Liefde: Wat is die finale doel en betekenis van my lewe en hoe kan ek dit ervaar, hoe kan ek in liefde uitreik na God en my medemens?

d) Geestelike groei en verdieping in spiritualiteit verander nie die persoonlikheid van 'n mens nie. Die wyse waarop 'n persoon die eienskappe van sy persoonlikheid uitleef, kan wel deur geestelike groei beïnvloed word. Predikers moet hiervoor sensitief wees en waar moontlik in die prediking alternatiewe vorme van korrekte geloofsreaksie en geloofsoptrede uitlig wat verskillende persoonlikheidtipes kan aanspreek.

e) Predikers moet daarna streef om hul hoorders se betekenissisteme met Skriftuurlike betekenis te vul. Verandering in 'n betekenissisteem is die gevolg van een of ander vorm van druk wat op die konsepte binne die betekenissisteem geplaas word. Normaalweg ontstaan hierdie druk deur een of ander vorm van konflik wat 'n persoon tussen sy betekeniskonsepte en die werklikheid ervaar. Om die prediker hiermee te help, kan hy hom die gedagtes van die hoorder oor sekere aktuele sake probeer indink. Aktuele wêreldgebeure of insidente in die lewens van die hoorders kan as vertrekpunt dien om sekere betekeniskonsepte van hoorders onder druk te plaas en dit te vervang met 'n suiwerder Skriftuurlike konsep.

   Predikers moet ook daarvoor sensitief wees dat verandering in betekenissisteem meermale geleidelik plaasvind en nie skielik en dramaties nie. Deur noukeurige preekbeplanning, kan verskillende betekeniskonsepte van hoorders oor 'n tydperk aangespreek word.

### 9.6.2 Temas wat geestelike groei en verdieping in spiritualiteit bevorder

a) Deur hoorders te begelei tot verdiepte religieuse gedrag, kan indirek daartoe bygedra word dat geestelike groei en verdieping in spiritualiteit plaasvind. Onderrigtende prediking kan hierin 'n baie groot rol speel.

b) Selfbeheersing is 'n belangrike deug vir geestelike groei. Drie elemente dra by tot die funksionering van selfbeheersing en predikers kan al drie hierdie elemente deur prediking bevorder. Dit is die 1) stel van standaarde, 2) hulpverlening in die monitering van die nakoming van hierdie standaarde, 3) leiding in die uitvoering van doelbewuste aksies om standaarde na te kom.

c) Krisisse kan 'n positiewe of negatiewe invloed op spiritualiteit en geestelike groei hê. Predikers kan hul hoorders begelei om krisisse positief te hanteer. Positiewe hantering van krisisse kan lei tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit. Wyses waarop predikers hul hoorders kan bystaan, is deur onderrig te verskaf in positiewe, geestelik-volwasse wyses van krisishantering.

d) Predikers kan verskillende psigologiese temas deur prediking aanspreek om intra-psigiese funksionering te verhoog en interpersoonlike verhoudings te verbeter. Hierdie is temas soos:

- hantering van negatiewe of nie-Bybelse denkpatrone (kognitiewe herstrukturering)
- hantering van angs en depressie,
- aanvaarding van die self en ander,
- verwerking van trauma,
- ervaring van verlies,
- hantering van skuldgevoelens,
- vergiffenis,
- interpersoonlike probleme soos huwelikskonflik,
- hantering van emosies,
- hantering van vooroordeel,
- eerlikheid,
- seksualiteit,
- misdaad en straf,
- die verhouding tussen religie en politiek,
- vrede, konflik en oorlog,
- woede teenoor God,
- oorgawe aan God,
- vergewing van sondes,
- die persepsie van aanvalle deur die bose,
- en hoe om teenoor buitestaanders van die religieuse groep waaraan behoort word, op te tree.

### 9.6.3 Die meting van spiritualiteit en geestelike groei

a) Duidelik is daar al heelwat instrumente binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ontwikkel om verskeie aspekte van spiritualiteit en geestelike groei te meet. Predikers kan, met die nodige hulp van psigometrici, van tyd tot

tyd hul hoorders evalueer ten opsigte van sekere aspekte van hul spiritualiteit en geestelike groei. Hierdie psigometriese meting kan die volgende voordele inhou:

- o Predikers kan die wêreldbeeld van hul hoorders beter verstaan en maak dat hul meer empaties is.
- o Meting kan die impak van gesonde en ongesonde spirituele oriëntasies identifiseer en evalueer. Hierdie spirituele oriëntasies kan dan in die prediking aangespreek word.
- o Meting kan vasstel of religieuse en spirituele oortuigings ondersteuning aan hoorders bied. Meting kan dus 'n vorm van terugvoer aan predikers bied.
- o Meting kan bepaal watter spirituele probleme of tekortkominge by persone bestaan wat in prediking aangespreek kan word.
- o Die uitslae van psigometriese evaluasie kan predikers help met preekbeplanning.

b) Meetinstrumente wat van waarde vir die spesifieke meting van geestelike groei en verdieping in spiritualiteit kan wees, is:

- o Die "Spiritual Well-Being Scale", ontwikkel deur Paloutzian en Ellison.
- o Die "Faith maturity scale", ontwikkel deur ses hoofstroom Protestantse kerke in die VSA.
- o Die Allport-Ross Religieuse oriënteringsskaal, soos gewysig deur Gorsuch en McPherson.

# Hoofstuk 10

# Sintese van Doelwitte D en E: Metateoretiese beginsels wat die verhouding tussen prediking, geestelike groei en spiritualiteit sal verhelder

## *10.1 Inleiding tot Hoofstuk 10*

Die doelstelling vir Afdeling 2 van hierdie studie is as volg geformuleer: om metateoretiese beginsels op te stel wat die verhouding tussen prediking, geestelike groei en spiritualiteit in 'n gemeente sal verhelder. Twee doelwitte is nagevors om hierdie doelstelling te bereik:

- Doelwit D: Metateoretiese perspektiewe op prediking is vanuit die Kommunikasiekunde nagevors.
- Doelwit E: Metateoretiese perspektiewe op spiritualiteit en geestelike groei is vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit nagevors.

'n Sintese van die metateoretiese riglyne wat onder elk van hierdie doelwitte bepaal is, stel die metateorie vir hierdie studie:

## *10.2 Metateoretiese beginsels op prediking wat die verhouding tussen prediking, geestelike groei en spiritualiteit sal verhelder*

Die metateoretiese beginsels is soos volg opgestel:

- Metateoretiese beginsels 1-5 fokus op prediking.
- Metateoretiese beginsels 6-10 fokus op spiritualiteit en geestelike groei.

Die metateoretiese beginsels vir hierdie studie is as volg:

1) 'n Preek is vanuit 'n kommunikasieoogpunt 'n kommunikatiewe instrument om gemeenskaplike begrip en betekenis tussen prediker en hoorders te skep. Prediking as 'n vorm van kommunikasie kan verskillende doelwitte hê. In prediking kan dit gaan om die oordrag en uitruil van inligting, om die beïnvloeding tot spesifieke oortuigings, keuses en besluite, om die meewerk tot die bou van verhoudings, om selfbegrip te bevorder en om ander behoeftes te vervul. Prediking vind in 'n spesifieke konteks plaas. Konteks word deur

verskeie faktore bepaal, soos die fisiese, sosiologiese, historiese, psigologiese en kulturele opset waarbinne kommunikasie plaasvind. Konteks sluit ook in om rekening te hou met eksistensiële waarhede en om bestaansvrae van die hoorders te beantwoord.

2) Buiten die kanaal van die gehoorsintuig, kan kommunikasie via verskillende sensoriese kanale plaasvind. Hoe meer sensoriese kanale gebruik word om 'n boodskap oor te dra, hoe meer doeltreffend word die boodskap oorgedra. Geruis kan 'n invloed hê op die effektiwiteit waarmee 'n preek gelewer word. Geruis kan ekstern, intern of semanties van aard wees. Die prediker moet geruis doelbewus teenwerk.

3) Die persoon van die prediker speel 'n belangrike rol in die positiewe oordrag van die boodskap. 'n Prediker moet 'n positiewe band met sy hoorders hê. 'n Prediker kan slegs geloofwaardig oorkom oor spiritualiteit en geestelike groei as hy self vaardig is ten opsigte van spiritualiteit en geestelike groei en duidelik oortuig is van die boodskap wat hy verkondig. Om sy hoorders positief hieroor te beïnvloed, moet hy eerlik en opreg met hulle wees en 'n band met hulle bou. Hy moet homself ken, homself voortdurend ontwikkel, maar ook aanvaar wie hy nie is nie.

   'n Prediker moet aandag aan sy voordragstyl gee. Deur die hoorders in die eerste- en tweedepersoon aan te spreek, word ook 'n band gebou, terwyl 'n derdepersoon aanspreekvorm dikwels afstand skep. Die nie-verbale kommunikasie van die prediker het ook dikwels 'n groter invloed op die aanvaarding al dan nie van die boodskap as die woorde self.

4) Vanweë sy monologiese aard, is 'n preek nie 'n ontwikkelende gesprek waartydens prediker en hoorders rolle omruil nie. Daarom moet 'n prediker doelbewus terugvoer soek en daarop reageer om misverstande reg te stel, onduidelikhede op te klaar en die boodskap te versterk. Terugvoer kan indirek (byvoorbeeld deur nie-verbale kommunikasie) en direk (deur doelbewuste navraag) verkry word.

   Tog is die hoorder nie passief nie, maar aktief by die luisterproses betrokke. Daarom dat daar doelbewus daarna gestrewe moet word om die hoorder aktief by die luisterproses te betrek. Dit kan gedoen word deur die hoorders te laat dink, antwoord en argumenteer - al is dit net in hulle gedagtes - asook deur doelbewuste terugvoer op die preek te vra.

5) By die inhoud van sy boodskap, moet die prediker oplet na die kwaliteit, kwantiteit, styl en relevansie daarvan. Belangstelling kan onder hoorders geprikkel word deur aandag te gee aan aktuele sake. Hoorders moet ook dadelik weet wat om met die boodskap te doen.

   'n Preek behoort 'n duidelike struktuur te hê om hulp aan hoorders te verleen om die boodskap te kan volg. 'n Duidelike struktuur bestaan meestal uit net een sentrale gedagte wat in die preekliggaam uitgewerk word in hoofpunte wat vanuit die sentrale gedagte geformuleer is. Die inleiding moet die aandag trek, aptyt wek vir die boodskap wat kom en kan ook die struktuur van die boodskap verduidelik. Die liggaam moet 'n eenvoudige, maar sterk struktuur besit. Die slot bevat die samevatting en afsluiting. 'n Sterk slot kan help dat die boodskap langer onthou word.

   Die taalgebruik van 'n prediker mag die boodskap nie verduister nie, maar moet dit verhelder. Daarom dat die prediker daarop moet let om taal te gebruik wat sy hoorders verstaan, maar nie aanstoot gee nie.

   Hulpmiddels kan gebruik word om die aanbieding van 'n boodskap deur prediking te versterk. Hulpmiddels wat gebruik kan word, is uitdeelstukke, 'n skryfbord, transparante, dataprojektors, bandspelers en dramatisering van Bybelse stof. Hulpmiddels moet egter hulpmiddels bly en daar moet teen gewaak word dat dit die aanbieding oorneem.

6) Insigte vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit kan perspektiewe lewer op menslike gedrag, gedagtes en emosies en hoe geestelike groei gefasiliteer kan word. Onder die term spiritualiteit word vir hierdie studie volstaan met die volgende beskrywing van (vgl. 6.2.6): "spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitleef van geloof."

7) Daar bestaan verskillende vlakke of stadia in geloofsontwikkeling. Hierdie vlakke hou verband met psigososiale, kognitiewe en morele ontwikkeling. Daar moet teen gewaak word om een vlak as beter as 'n ander te beskou. Elke vlak hou bloot verband met die vermoëns van die persoon binne 'n spesifieke lewensstadium.

   Bevredigende beantwoording van die volgende vier vrae in elke ontwikkelingsstadium kan geestelike groei bewerkstellig. Hierdie vrae is:

   - Sekerheid: Het ek die reg om te bestaan en wat is die diepste grond van my bestaan?

- Vertroue: Aan wie kan ek myself volledig toevertrou?
- Mag: Hoe moet ek my mag/vryheid in verhouding tot God en ander gebruik?
- Liefde: Wat is die finale doel en betekenis van my lewe en hoe kan ek dit ervaar, hoe kan ek in liefde uitreik na God en my medemens?

8) Geestelike groei en verdieping in spiritualiteit verander nie die persoonlikheid van 'n mens nie. Die wyse waarop 'n persoon die eienskappe van sy persoonlikheid uitleef, kan wel deur geestelike groei beïnvloed word. Predikers kan daarom daarna strewe om hul hoorders te begelei van 'n ekstrinsieke geloofsbegrip na 'n intrinsieke geloofsbegrip, waar geloofswaardes rigtinggewend en motiverend vir hul lewe word.

   Predikers moet daarna streef om hul hoorders se betekenissisteme met Skriftuurlike betekenis te vul. Verandering in 'n betekenissisteem is die gevolg van een of ander vorm van druk wat op die konsepte binne die betekenissisteem geplaas word. Normaalweg ontstaan hierdie druk deur een of ander vorm van konflik wat 'n persoon tussen sy betekeniskonsepte en die werklikheid ervaar. Om die prediker hiermee te help, kan hy hom die gedagtes van die hoorders oor sekere aktuele sake probeer indink. Aktuele wêreldgebeure of insidente in die lewens van die hoorders kan as vertrekpunt dien om sekere betekeniskonsepte van hoorders onder druk te plaas en dit te vervang met 'n suiwerder Skriftuurlike konsep. Verandering in betekenissisteem vind meermale geleidelik plaas en nie skielik en dramaties nie.

9) Begeleiding van hoorders tot verdiepte religieuse gedrag, kan indirek bydra tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit. Verdiepte religieuse gedrag word bevorder deur verskillende psigologiese temas deur onderrigtende prediking aan te spreek om intra-psigiese funksionering te verhoog en interpersoonlike verhoudings te verbeter. Temas wat aangespreek kan word, is:

   - selfbeheersing,
   - krisishantering,
   - die hantering van negatiewe of nie-Bybelse denkpatrone (kognitiewe herstrukturering),
   - hantering van angs en depressie,

- aanvaarding van die self en ander,
- verwerking van trauma,
- ervaring van verlies,
- hantering van skuldgevoelens,
- vergiffenis,
- interpersoonlike probleme soos huwelikskonflik,
- hantering van emosies,
- hantering van vooroordeel,
- eerlikheid,
- seksualiteit,
- misdaad en straf,
- die verhouding tussen religie en politiek,
- vrede, konflik en oorlog,
- woede teenoor God,
- oorgawe aan God,
- vergewing van sondes,
- die persepsie van aanvalle deur die bose,
- en hoe om teenoor buitestaanders van die religieuse groep waaraan behoort word, op te tree.

10) Daar is al heelwat instrumente binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ontwikkel om verskeie aspekte van spiritualiteit en geestelike groei te meet. Predikers kan, met die nodige hulp van psigometrici, van tyd tot tyd hul hoorders evalueer ten opsigte van sekere aspekte van hul spiritualiteit en geestelike groei. Hierdie psigometriese meting kan die volgende voordele inhou:

- Predikers kan die wêreldbeeld van hul hoorders beter verstaan en maak dat hul meer empaties is.
- Meting kan die impak van gesonde en ongesonde spirituele oriëntasies identifiseer en evalueer. Hierdie spirituele oriëntasies kan dan in die prediking aangespreek word.

- Meting kan vasstel of religieuse en spirituele oortuigings ondersteuning aan hoorders bied. Meting kan dus 'n vorm van terugvoer aan predikers bied.
- Meting kan bepaal watter spirituele probleme of tekortkominge by persone bestaan wat in prediking aangespreek kan word.
- Die uitslae van psigometriese evaluasie kan predikers help met preekbeplanning.

## *10.3 Die integrering van die metateoretiese riglyne en die toepassing daarvan op die oorkoepelende navorsingsvraag van hierdie studie*

### Toepassing 1: Metateoretiese riglyne oor die implikasie van gemeentelike spiritualiteit op die manier waarop die prediking ingerig word

a) Die konteks waarbinne die preek gelewer word, speel 'n bepalende rol in die keuse van die boodskap wat die prediker wil oordra en die wyse waarop dit oorgedra gaan word. Faktore wat die konteks bepaal, kan wees:

   i. die fisiese, sosiologiese, historiese, psigologiese en kulturele opset waarbinne kommunikasie plaasvind,

   ii. voorveronderstellings wat die hoorders mag hê, wat insluit die band of verhouding wat die hoorders met die prediker het en hul siening van hom,

   iii. konteks sluit ook in om rekening te hou met eksistensiële waarhede en om bestaansvrae van die hoorders aan te spreek,

   iv. die ontwikkelingsvlakke van die hoorders se geloof, wat verband hou met hulle psigososiale, kognitiewe en morele ontwikkelingsvlakke,

Die prediker moet doelbewus hierdie faktore analiseer en in ag neem tydens die voorbereiding van sy boodskap.

b) Geruis kan 'n invloed hê op die effektiewe oordrag van die preek. Eksterne, interne en semantiese bronne van geruis moet geïdentifiseer en teengewerk word. Indien nodig moet die prediker tydens sy preek aanpassings maak om sy boodskap duideliker te kan oordra. Geruis kan teengewerk word deur doelbewus direkte en indirekte terugvoer vanaf die hoorders te soek en daarop te reageer.

c) In die Psigologie van Religie en Spiritualiteit is daar heelwat meetinstrumente ontwikkel om verskeie aspekte van spiritualiteit en geestelike groei te meet (sien 'n lys van meetinstrumente onder 9.6.3 hierbo). Predikers kan, met die nodige hulp van psigometrici, van tyd tot tyd hul hoorders evalueer ten opsigte van sekere aspekte van hul spiritualiteit en geestelike groei. Hierdie psigometriese meting kan die volgende voordele inhou:

   i) Predikers kan die wêreldbeeld van hul hoorders beter verstaan en maak dat hul meer empaties is.

   ii) Meting kan die impak van gesonde en ongesonde spirituele oriëntasies identifiseer en evalueer. Hierdie spirituele oriëntasies kan dan in die prediking aangespreek word.

   iii) Meting kan vasstel of religieuse en spirituele oortuigings ondersteuning aan hoorders bied. Meting kan dus 'n vorm van terugvoer aan predikers bied.

   iv) Meting kan bepaal watter spirituele probleme of tekortkominge by persone bestaan wat in prediking aangespreek kan word.

   v) Die uitslae van psigometriese evaluasie kan predikers help met preekbeplanning.

## Toepassing 2: Metateoretiese riglyne oor die invloed van prediking op die geestelike groei en spiritualiteit van 'n gemeente

a) 'n Preek is 'n kommunikatiewe instrument om gemeenskaplike begrip en betekenis tussen prediker en hoorder binne 'n spesifieke konteks te skep. In die boodskap wil die prediker

   ii. inligting oordra en uitruil,

iii. beïnvloed tot spesifieke oortuigings, keuses en besluite,

iv. verhoudings bou,

v. selfbegrip bevorder,

vi. ander behoeftes vervul.

b) Die preek bevat die geënkodeerde idees en gevoelens wat 'n prediker deur verskeie sensoriese kanale aan sy hoorders binne die konteks wil oordra. Hoe meer sensoriese kanale gebruik word, hoe meer doeltreffend kan die prediker die boodskap oordra. Faktore wat die oordrag van die preek kan bevorder of belemmer is:

  i. die persoon van die prediker ten opsigte van sake soos geloofwaardigheid, opregtheid, bekwaamheid, eerlikheid, betrokkenheid, erns oor die saak,

  ii. die wyse waarin die prediker daarin slaag om die hoorders aktief in die luisterproses te betrek,

  iii. die kwaliteit, styl, voordragstyl, taalgebruik, nie-verbale gedrag van die prediker, struktuur en relevansie van die preekinhoud,

  iv. die gebruik van hulpmiddels in die prediking.

c) Predikers moet doelbewus daarna strewe om teenoor 'n ekstrinsieke geloofsbegrip, 'n intrinsieke geloofsbegrip by hoorders te vestig. 'n Intrinsieke geloofsbegrip hou in dat geloofswaardes as rigtinggewend en motiverend vir die lewe geag moet word. Hierdie verandering van 'n ekstrinsieke na 'n intrinsieke geloofsbegrip word moontlik wanneer hoorders se betekenissisteme deur onderrigtende prediking met Skriftuurlike betekenis gevul word. Hierdie verandering vind meermale geleidelik en oor 'n tydperk plaas.

Verandering in 'n betekenissisteem is die gevolg van een of ander vorm van druk wat die prediker op die konsepte binne die hoorder se betekenissisteem plaas. Normaalweg ontstaan hierdie druk deur een of ander vorm van konflik wat 'n persoon tussen sy betekeniskonsepte en die werklikheid ervaar. Om die prediker hiermee te help, kan

i) hy hom die gedagtes van die hoorders oor sekere aktuele sake probeer indink. Aktuele wêreldgebeure of insidente in die lewens van die hoorders kan byvoorbeeld as vertrekpunt dien om sekere betekeniskonsepte van hoorders onder druk te plaas en dit te vervang met 'n suiwerder Skriftuurlike konsep.

ii) Temas wat geestelike groei en verdieping in spiritualiteit bevorder, kan in die prediking aangespreek word (sien 'n uitgebreide lys van temas onder 10.3.d hierbo)

d) Predikers moet hul hoorders doelbewus lei om 'n voortdurende groei in hul geloof na te streef. Daar moet op gekonsentreer word om in die prediking vir elke geloofsontwikkelingsvlak bevredigende antwoorde ten opsigte van die volgende sake te bied:

i. Sekerheid: Het ek die reg om te bestaan en wat is die diepste grond van my bestaan?

ii. Vertroue: Aan wie kan ek myself volledig toevertrou?

iii. Mag: Hoe moet ek my mag/vryheid in verhouding tot God en ander gebruik?

iv. Liefde: Wat is die finale doel en betekenis van my lewe en hoe kan ek dit ervaar, hoe kan ek in liefde uitreik na God en my medemens?

Begeleiding ten opsigte van hierdie deur die prediking kan antwoorde verskaf met eksistensiële en bestaansvrae van die hoorders (vgl. 10.4.1.a hierbo).

e) Geestelike groei en verdieping in spiritualiteit verander nie die persoonlikheid van 'n mens nie. Die wyse waarop 'n persoon die eienskappe van sy persoonlikheid uitleef, kan wel deur geestelike groei beïnvloed word. Predikers moet hiervoor sensitief wees en waar moontlik in die prediking alternatiewe vorme van korrekte geloofsreaksie en geloofoptrede uitlig wat verskillende persoonlikheidtipes kan aanspreek.

# Afdeling 3

## *Die verhouding tussen prediking, geestelike groei en spiritualiteit in 'n gemeente in die huidige praktyk.*

Afdeling 3 bestaan uit:


**Hoofstuk 11:** Inleiding tot Afdeling 3

**Hoofstuk 12:** 'n Profiel van die woongebiede van die respondente

**Hoofstuk 13:** 'n Ontleding van die respons van die respondente

**Hoofstuk 14:** Sintese van die respons van die respondente - Die verhouding tussen prediking, geestelike groei en spiritualiteit in 'n gemeente in die huidige praktyk.

# Hoofstuk 11

# Inleiding tot Afdeling 3

Die fokus van hierdie studie is om vas te stel hoe geestelike groei in 'n gemeente deur prediking bevorder kan word. Die doel van hierdie navorsing is om resultate te verkry wat rigtingaanduidend kan wees oor hoe om die gemeente deur prediking op die pad na geestelike volwassenheid te begelei.

Hierdie studie volg die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:166 e.v.) soos uiteengesit in Hoofstuk 1. Die derde tree, volgens hierdie model, is die uitvoer van 'n empiriese studie om die resultate van die basis- en metateoretiese perspektiewe in die praktyk te toets.

## *11.1 Die teorie van 'n empiriese studie*

Die doel van 'n empiriese ondersoek is om kennis te genereer wat dit moontlik sal maak om 'n huidige, onbevredigende situasie meer aanvaarbaar te maak (Heitink, 1999:223-225). Deur hermeneutiese wisselwerking tussen die refleksiedomeine van die basisteorie (wat in Afdeling 1 bepaal is), die metateorie (wat in Afdeling 2 bepaal is) en die werklikheid (hierdie afdeling) sal aan die einde van die proefskrif 'n verstelde praktykteorie geformuleer word (vergelyk Venter, 1992:42-44; 1995:198-200) wat sal poog om 'n huidige, onbevredigende situasie meer aanvaarbaar te maak.

Heitink (1999:221) toon aan dat die woord "empiries" afgelei is van die Griekse woord *empeira* - wat "ervaring" beteken. Met empiriese navorsing word dus deur ervaring bepaal hoe die basisteorie in die praktyk funksioneer.

Daar bestaan verskeie metodes van empiriese navorsing: beskrywend, verkennend en die toets van hipoteses. Heitink (1999:229-231) beskryf hierdie metodes as volg:

- Beskrywende navorsing fokus op 'n sistematiese beskrywing van 'n tema op grond van empiriese data.
- Verkennende navorsing beklemtoon die verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is en waaromheen geen teorie ontwikkel is nie.

- Tydens navorsing waar die geldigheid van bepaalde hipoteses getoets word, word bepaal of daar bande tussen die werklikheid en die teoretiese grond bestaan (Heitink, 1999:230-231).

## *11.2 Doelstelling van Afdeling 3*

In hierdie studie word hoofsaaklik van die navorsingsmetode gebruik gemaak waar die geldigheid van 'n bepaalde hipotese getoets word. Die hipotese wat getoets word, is die volgende:

> Prediking openbaar funksionele leemtes en slaag daarom nie altyd daarin om bevredigende geestelike groei in 'n gemeente te bevorder nie.

Die doel van hierdie afdeling is, om in die lig van die basis- en metateoretiese perspektiewe van hierdie studie, die praktiese situasie in 'n snit uit moderne gemeentes te beskryf. Die doelstelling van hierdie afdeling is daarom die volgende:

> Met empiriese vrae word gepoog om die geldigheid van bogenoemde hipotese te toets.

## *11.3 Doelwitte vir Afdeling 3*

Aan die hand van 'n vooraf opgestelde vraelys (vgl. Heitink, 1999:224-226) is die volgende doelwitte nagestreef:

DOELWIT F[18]: Eerstens word vasgestel wat in die praktyk onder prediking verstaan word en hoe prediking in die praktyk funksioneer.

DOELWIT G: Tweedens word vasgestel hoe prediking in die praktyk aandag gee aan die sake van spiritualiteit en geestelike groei; watter funksionele leemtes wat bevredigende geestelike groei belemmer, kom tydens prediking voor.

DOELWIT H: Derdens word vasgestel hoe prediking in die praktyk voldoen of beantwoord aan die vereistes wat die Kommunikasiekunde en Psigologie van Religie en Spiritualiteit aan prediking stel.

DOELWIT I: Vierdens word 'n gevolgtrekking gemaak wat bepaal of die hipotese dat prediking funksionele leemtes openbaar en nie altyd voldoende daarin slaag om bevredigende geestelike groei in 'n gemeente te bevorder nie, geldig is.

---

[18] Die doelwitte van hierdie afdeling word as F, G, H en I genommer om hulle te onderskei van Doelwitte A, B en C wat in Afdeling 1 nagevors is, en Doelwitte E en F wat in Afdeling 2 nagevors is.

### 11.4 Die werksplan en metode

Pieterse (1998:191) sê dat navorsing óf kwantitatief (met ander woorde 'n groot getal respondente) óf kwalitatief (met ander woorde minder respondente, maar meer in diepte) óf op beide maniere gedoen kan word. Vir hierdie studie word 'n kwalitatiewe metode gevolg, waar induktief te werk gegaan word - dit beteken dat sekere bevindinge verkry word uit die materiaal (induktief) wat deur middel van onderhoude met betrokke mense bekom is. (Pieterse, 1990:81).

Kwalitatiewe navorsing werk met woorde, nie met syfers nie. Dit is 'n kontekstuele analise wat eerder op emosies as feite fokus en die ervaring van die deelnemers probeer peil. Die persepsies, ervarings en emosies van die deelnemer is dominant in die oriëntasie van die studie. Daarom is kwalitatiewe navorsing beskrywend en verkennend. Dit is daarop gerig om persone en samelewingstrukture se gedrag en emosies te verstaan en te interpreteer (Janse van Rensburg, 2007:5).

In die lig van bogenoemde, is halfgestruktureerde onderhoude aan die hand van 'n vooraf opgestelde vraelys (vgl. Heitink, 1999:224-226) met 'n vooraf bepaalde groep deelnemers gevoer. Tydens hierdie onderhoude is 'n raamwerk van vrae gebruik, waartydens verdere verduidelikings van die deelnemers gevra is totdat dit duidelik was presies wat hulle met hul antwoorde bedoel het (Leuschner, 2004:240, vergelyk Pieterse, 1990:83). Opnames van die onderhoude, asook aantekeninge wat deur die navorser tydens die onderhoude gemaak en deur elke deelnemer onderteken is, is in die navorser se besit.

Janse van Rensburg (2007:5) wys daarop dat die bevindinge van kwalitatiewe navorsing hoogs individueel en kontekstueel is. Bevindinge kan dus nie normatief veralgemenend wees nie. Die bedoeling van hierdie afdeling se empiriese studie is dus nie om bevindings te maak wat vir die samelewing in geheel geld nie. Dit is daarop gerig om 'n paneel deelnemers se ervaring en reaksie van en op prediking te beskryf, te verstaan en te interpreteer.

Die resultaat van die onderhoude met die deelnemers word in hierdie afdeling op die volgende wyse weergegee:

- Eerstens word 'n profiel van die deelnemers en die woongebiede waar hulle woon, opgestel.
- Tweedens word die antwoorde van die deelnemers ontleed en bespreek.
- In die derde plek word 'n samevattende gevolgtrekking gemaak wat die finale resultaat van die empiriese studie is. Hieruit word dan 'n

gevolgtrekking gemaak wat die navorsingshipotese as korrek of verkeerd bewys.

# Hoofstuk 12
# Die deelnemers en 'n profiel van hul woongebiede

## 12.1 Inleiding tot Hoofstuk 12

Die werkswyse in hierdie hoofstuk is soos volg:

- Eerstens word 'n profiel saamgestel van die deelnemers wat aan die onderhoude deelgeneem het.
- Tweedens word 'n profiel saamgestel van die gebiede waar die deelnemers woon om te bepaal hoe verteenwoordigend die paneel van hul leefgebied is.
- Derdens word 'n samevatting en gevolgtrekking oor die profiel van die deelnemers en hul woongebiede gemaak.

## 12.2 Die deelnemersprofiel

Vir hierdie studie is 'n paneel saamgestel van een-en-twintig deelnemers, drie elk uit sewe kerke (gemeentes) in die Germiston-, Alberton- en Katlehong-gebied. Omdat hierdie studie vanuit 'n Reformatoriese hoek gedoen word, is slegs gefokus op kerke van Reformatoriese oorsprong. Die verdeling van die kerke is as volg:

- twee hoofsaaklik blanke kerke uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika;
- een hoofsaaklik swart kerk uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,
- een kerk uit die Nederduits Gereformeerde Kerkverband,
- een kerk uit die Nederduitsch Hervormde Kerkverband,
- een kerk uit die Evangelies-Gereformeerde Kerkverband,
- een kerk uit die Evangelies-Lutherse Kerkverband.

Uit elk van hierdie kerke is drie persone gekies:

- die prediker,
- 'n vrouelidmaat,
- 'n jonger lidmaat.

Die predikers is gekies omdat hulle die prediking waarneem. Omdat al die predikers mans is, is besluit om vir die doeleindes van balans 'n vrouelidmaat te betrek. Jonger hoorders ervaar prediking dikwels anders as volwassenes en daarom

is hulle ook ingesluit (vgl. Leuschner, 2004:241). Met die hulp van die predikers is lidmate geïdentifiseer en genader om aan die onderhoude deel te neem.

Daar was dus 21 deelnemers. Die profiel van die deelnemers is as volg:

- **Sewe is predikante.**

  Hulle ouderdomme wissel tussen 42 en 63. Die gemiddelde ouderdom is 50,2 jaar.

  Vyf van die sewe predikante is inwoners van die woongebiede waar hul hoorders woon en wat hieronder ontleed word. Een predikant woon in 'n direk aangrensende woonbuurt en bedien lidmate in die ontlede woonbuurtes. Die ander predikant wat nie in die ontlede woonbuurtes woon nie, is in 'n kombinasiegemeente. Hy woon elders, maar bedien die inwoners van hierdie gebied.

  Vyf van die sewe predikante se preektaal is Afrikaans. Een se moeder- en preektaal is Duits en die ander een se moedertaal is Noord-Sotho terwyl sy preektaal Suid-Sotho is. Die onderhoude is in Afrikaans gevoer.

- **Sewe is vrouelidmate.**

  Hul ouderdomme wissel tussen 35 en 77. Die gemiddelde ouderdom is 52,7 jaar.

  Hulle is almal inwoners van die woongebiede wat hieronder ontleed word. Hul beroepe is: tuisteskepper, telefonis, pensionaris, sekretaris, klerk en administratiewe beampte.

  Vyf van hulle se moedertaal is Afrikaans. Een se moedertaal is Duits en die ander een se moedertaal is Suid-Sotho. Die onderhoude is in Afrikaans en Engels gevoer.

- **Sewe is jonger lidmate**

  Van die sewe jonger deelnemers is een 'n vrou en ses is mans. Hulle ouderdomme wissel tussen 17 en 35 jaar, met 'n gemiddelde ouderdom van 26.14 jaar. Hulle is almal inwoners van die woongebiede wat hieronder ontleed word. Hulle beroepe is: tuinwerker, ingenieur, skolier, dosent, proseskontroleerder, besigheidsadministrateur en verkoopsbestuurder.

  Vier van hulle se moedertaal is Afrikaans. Een se moedertaal is Duits, nog een se moedertaal is Engels en die oorblywende een se moedertaal is Suid-Sotho. Die onderhoude is in Afrikaans en Engels gevoer.

## *12.3 'n Profiel van die woongebiede van die deelnemers*

Die gebied Germiston, Alberton en Katlehong is gekies, aangesien die navorser self in hierdie gebied woon. Al die kerke, behalwe die swart kerk, bedien hoofsaaklik blankes in die volgende tradisioneel blanke woonbuurte (TBW): Albemarle, Albemarle Uitbreiding 2, Alberante, Alberante Uitbreiding 2, Castleview, Cruywagenpark, Dinwiddie, Elandshaven, Elsburg, Elspark, Elspark Uitbreiding 4, Estera, Florentia, Generaal Alberts Park, Gosforth Park, Hazeldene, Hazelpark, Klippoortje, Klippoortje Noord, Klippoortje AL, Lambton, Lambton Gardens, Leondale, Meyersdal, New Redruth, Parkhill Gardens, Randhart, South Crest, Verwoerdpark en Webber. Die swart kerk bedien hoofsaaklik swartes in Katlehong.

Die gebiede sien soos volg daarna uit (Parry, 2006):

### 12.3.1 Geslag

| | MANLIK | VROULIK |
|---|---|---|
| TBW | 48.22% | 51.77% |
| Katlehong | 50.76% | 49.24% |

Daar is effens meer vrouens as mans in die TBW, terwyl daar in Katlehong effens meer mans as vrouens is.

### 12.3.2 Ras

| | SWART | KLEURLING | INDIËR | WIT |
|---|---|---|---|---|
| TBW | 23.75% | 1.61% | 1.48% | 73.16% |
| Katlehong | 98.74% | 0.41% | 0.83% | 0.02% |

Uit die gegewens blyk dit dat die TBW steeds hoofsaaklik blank is, terwyl Katlehong feitlik uitsluitlik swart is.

Kulturele omstandighede is deel van die konteks waarmee predikers rekening moet hou. Ten opsigte van die TBW moet veral rekening gehou word met wit kulturele omstandighede. Ten opsigte van Katlehong sal weer rekening gehou moet word met swart kulturele omstandighede.

### 12.3.3 Taal

| | TBW | KATLEHONG |
|---|---|---|
| Afrikaans | 45.11% | 0.48% |
| Engels | 31.75% | 1.06% |
| Ndebele | 0.25% | 0.51% |
| Xhosa | 2.39% | 12.90% |
| Zoeloe | 7.89% | 39.37% |
| Noord-Sotho | 2.66% | 6.36% |
| Suid-Sotho | 5.06% | 25.22% |
| Tswana | 1.85% | 1.94% |
| Swazi | 0.52% | 2.22% |
| Venda | 0.48% | 0.90% |
| Tsonga | 1.00% | 8.42% |
| Ander | 1.07% | 0.62% |

Die taalverspreiding korrespondeer met die rasverspreiding. Dit is duidelik dat die TBW uit hoofsaaklik Afrikaans- (45.11%) en Engelssprekendes (31.75%) bestaan, terwyl Katlehong 'n groot aantal Zoeloe- (39.37%) en Suid-Sotho-(25.22%) sprekers het.

Die taal waarin gepreek word, het 'n groot invloed op die verstaanbaarheid van die boodskap. Prediking in Afrikaans en Engels, sal 76% van hoorders bereik. In Katlehong sal egter in meer tale as Zoeloe en Suid-Sotho gepreek moet word om vir 'n groot aantal hoorders verstaanbaar te wees.

### 12.3.4 Ouderdomsverdeling

(Sien tabel op volgende bladsy)

Dit is opmerklik dat die populasie in beide die TBW en Katlehong by 25-29 jaar sy piek bereik en daarna begin afneem. Dit is wel insiggewend dat die 50% merk by die TBW teen 35 jaar bereik word, maar by Katlehong reeds by 29 jaar. By Katlehong is 79% van die bevolking onder 39 jaar en by die TBW is 80% onder 45 jaar. Die bevolking van Katlehong is dus gemiddeld jonger as die van die TBW met 'n baie groot persentasie (34.14%) tussen 20 en 35 jaar. By die TBW is 27.03% tussen 20 en 35 jaar.

| | TBW | | KATLEHONG | |
|---|---|---|---|---|
| | % | KUMULATIEF | % | KUMULATIEF |
| 0-4 | 6.33% | 6.33% | 9.88% | 9.88% |
| 5-9 | 7.04% | 13.37% | 8.92% | 18.80% |
| 10-14 | 7.56% | 20.93% | 8.56% | 27.37% |
| 15-19 | 8.10% | 29.03% | 8.85% | 36.22% |
| 20-24 | 8.79% | 37.82% | 11.72% | 47.93% |
| 25-29 | 9.77% | 47.59% | 12.50% | 60.44% |
| 30-34 | 9.47% | 57.06% | 9.92% | 70.36% |
| 35-39 | 8.84% | 65.90% | 8.50% | 78.85% |
| 40-44 | 8.20% | 74.09% | 6.68% | 85.54% |
| 45-49 | 6.75% | 80.84% | 5.00% | 90.53% |
| 50-54 | 5.82% | 86.66% | 3.33% | 93.86% |
| 55-59 | 4.74% | 91.40% | 2.10% | 95.96% |
| 60-64 | 3.58% | 94.98% | 1.47% | 97.43% |
| 65-69 | 2.09% | 97.07% | 1.07% | 98.50% |
| 70-74 | 1.36% | 98.40% | 0.71% | 99.21% |
| 75-79 | 0.90% | 99.33% | 0.37% | 99.58% |
| 80-84 | 0.46% | 99.79% | 0.28% | 99.86% |
| 85+ | 0.22% | 100.00% | 0.14% | 100% |

In Katlehong met sy jonger ouderdomsprofiel, sal baie meer moeite tydens prediking gedoen moet word om verstaanbaar en effektief tot adolessente en jong volwassenes te spreek.

### 12.3.5 Opleiding

Die volgende is statistieke vir alle persone in die betrokke gebiede wat vir die 2001 sensus getel is (sien volgenge bladsy):

| | TBW | | KATLEHONG | |
|---|---|---|---|---|
| | PERSENTASIE | KUMULATIEF | PERSENTASIE | KUMULATIEF |
| Geen skoolopleiding | 2.21% | 2.21% | 10.44% | 10.44% |
| Onvolledige primêre opleiding | 3.65% | 5.86% | 15.99% | 26.43% |
| Volledige primêre opleiding | 1.76% | 7.62% | 7.97% | 34.40% |
| Onvolledige sekondêre opleiding | 29.64% | 37.26% | 41.03% | 75.43% |
| Standerd 10/Graad 12-opleiding | 39.93% | 77.19% | 20.39% | 95.82% |
| Naskoolse opleiding | 22.81% | 100.00% | 4.18% | 100.00% |

Dit is duidelik dat daar 'n groot verskil tussen die twee gebiede is. In die TBW het 77.19% van mense 'n opleidingsvlak van minstens matriek, teenoor die 20.39% in Katlehong. In Katlehong het 41.03% wel onvolledige sekondêre opleiding. Die TBW is dus baie meer geskoold as Katlehong.

Sosiologiese omstandighede is nog een van die kontekstuele faktore waarmee tydens prediking rekening gehou moet word. Predikers in Katlehong sal daarmee moet rekening hou dat hoorders akademies nie goed geskoold is nie.

### 12.3.6 Werkloosheid

| | TBW | KATLEHONG | NASIONAAL |
|---|---|---|---|
| Werkend | 65.93% | 31.15% | 33.71% |
| Werkloos | 7.42% | 38.76% | 24.01% |
| Ekonomies onaktief | 26.65% | 30.09% | 42.28% |

Die TBW bestaan hoofsaaklik uit werkende of ekonomies onaktiewe persone. Slegs 7.42% is werkloos en soek werk. In Katlehong is 24.01% egter werkloos en op soek na werk, terwyl slegs 33.71% werkend is.

Werkloosheid dra by tot swakker maatskaplike omstandighede. Hierdie is een van die fisiese faktore waarmee predikers in Katlehong baie meer rekening moet hou as predikers in die TBW.

### 12.3.7 Maandelikse inkomste

Ongeveer 88% van die werkende mense in die TBW het in 2001 'n inkomste van R801 of meer per maand gehad. Meer as 63% het 'n maandelikse inkomste groter as R3200 gehad en 35% het maandeliks meer as R6401 verdien. Daarteenoor het slegs 69% van werkende mense in Katlehong 'n maandelikse inkomste van meer as R801 gehad, 34.26% meer as R3201 en 10.57% meer as R6400. Hieruit is dit duidelik dat die TBW 'n hoër inkomstegebied en Katlehong 'n lae inkomstegebied is.

Die volgende tabel gee die gegewens weer van werkende mense tussen 15 en 65 jaar.

| | TBW | | | KATLEHONG | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | KUM. AF | KUM. OP | % | KUM. AF | KUM. OP |
| Geen inkomste | 1.60% | 1.60% | 100.01% | 1.93% | 1.93% | 100.00% |
| R 1 - R 400 | 3.16% | 4.76% | 98.41% | 10.14% | 12.07% | 98.07% |
| R 401 - R 800 | 6.34% | 11.10% | 95.25% | 18.48% | 30.55% | 87.93% |
| R 801 - R 1600 | 8.56% | 19.66% | 88.91% | 35.19% | 65.74% | 69.45% |
| R 1601 - R 3200 | 16.73% | 36.39% | 80.35% | 23.69% | 89.43% | 34.26% |
| R 3201 - R 6400 | 27.64% | 64.03% | 63.62% | 7.95% | 97.38% | 10.57% |
| R 6401 - R 12800 | 23.05% | 87.08% | 35.98% | 2.03% | 99.41% | 2.62% |
| R 12801 - R 25600 | 8.87% | 95.95% | 12.93% | 0.39% | 99.80% | 0.59% |
| R 25601 - R 51200 | 2.33% | 98.28% | 4.06% | 0.12% | 99.92% | 0.20% |
| R 51201 - R 102400 | 0.91% | 99.19% | 1.73% | 0.04% | 99.96% | 0.08% |
| R 102401 - R 204800 | 0.56% | 99.75% | 0.82% | 0.02% | 99.98% | 0.04% |
| R 204801 of meer | 0.26% | 100.01% | 0.26% | 0.02% | 100.00% | 0.02% |

Laer inkomste dra ook by tot swakker maatskaplike omstandighede. Hierdie is een van die fisiese faktore waarmee predikers in Katlehong baie meer rekening moet hou as predikers in die TBW.

### 12.3.8 Grootte van huishouding

Die aantal lede per huishouding is soos volg (sien volgende bladsy):

| | TBW | | | Katlehong | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | Kum. Af | Kum. Op | % | Kum. Af | Kum. Op |
| 1 | 18.05% | 18.05% | 100.00% | 22.60% | 22.60% | 100.00% |
| 2 | 26.92% | 44.97% | 81.95% | 20.51% | 43.11% | 77.40% |
| 3 | 19.01% | 63.98% | 55.02% | 16.98% | 60.09% | 56.88% |
| 4 | 19.22% | 83.21% | 36.01% | 14.21% | 74.30% | 39.91% |
| 5 | 9.20% | 92.41% | 16.79% | 9.83% | 84.13% | 25.70% |
| 6 | 4.24% | 96.65% | 7.59% | 6.30% | 90.43% | 15.87% |
| 7 | 1.84% | 98.48% | 3.35% | 3.80% | 94.23% | 9.57% |
| 8 | 0.86% | 99.35% | 1.51% | 2.70% | 96.50% | 5.77% |
| 9 | 0.30% | 99.65% | 0.65% | 1.35% | 97.84% | 3.50% |
| 10+ | 0.34% | 100.00% | 0.34% | 2.16% | 100.00% | 2.16% |

Uit hierdie tabel is dit duidelik dat 92% van huishoudings in die TBW uit vyf persone of minder bestaan en dat 44% uit slegs twee mense of minder bestaan. In Katlehong bestaan 94% van huishoudings uit sewe persone of minder terwyl 43% uit twee mense of minder bestaan.

Alhoewel beide die TBW en Katlehong 'n groot getal kleiner huishoudings het (slegs twee persone of minder), kom dit voor asof Katlehong gemiddeld meer individue in 'n huishouding het as die TBW.

Groter huishoudings dra baiekeer by tot swakker maatskaplike omstandighede. Hierdie is een van die fisiese faktore waarmee predikers in Katlehong baie meer rekening moet hou as predikers in die TBW.

### 12.3.9 Godsdiens

Volgens die inligting van Statistiek Suid-Afrika (Parry, 2006), lyk die godsdiensverspreiding in die TBW en Katlehong soos volg:

| | TBW | Katlehong |
|---|---|---|
| Christelik | 85.17% | 73.02% |
| Tradisionele Afrika-godsdienste | 0.01% | 0.11% |
| Judaïsme | 0.24% | 0.01% |
| Hindoeïsme | 0.61% | 0.42% |
| Islam | 0.39% | 0.42% |
| Ander godsdienste | 0.73% | 0.12% |
| Geen godsdiens | 10.63% | 23.76% |
| Onbeantwoord | 2.24% | 1.10% |

In die TBW sê 85% van die inwoners dat hulle Christene is. Die volgende groot groep (10%) is die inwoners wat sê dat hulle geen godsdiens beoefen nie. In

Katlehong sê 73% dat hulle Christene is en 24% dat hulle geen godsdiens beoefen nie.

In Katlehong sal predikers baie meer rekening moet hou met heidense invloede as die predikers in die TBW. Beide Katlehong en die TBW moet rekening hou met agnostiese invloede.

## *12.4 Samevatting en gevolgtrekking oor die profiel van die deelnemers en die profiel van die woonbuurtes*

Uit die statistieke hierbo kan die volgende profiel van die verskillende woongebiede en die deelnemers opgestel word:

### 12.4.1 Die Tradisionele Blanke Woonbuurte (TBW)

- Daar is effens meer vrouens as mans.
- 73% inwoners is steeds blank en 24% is swart.
- Die twee belangrikste tale is Afrikaans (45%) en Engels (31%).
- Meer as 50% van die bevolking is jonger as 35 jaar.
- Ongeveer 77% inwoners het 'n opleidingsvlak van minstens matriek.
- 65% inwoners het werk en net 7% is werkloos en soek werk.
- Die gemiddelde maandelikse inkomste is redelik hoog.
- Meer as 50% van die huishoudings bestaan uit drie of minder lede, en 17% van huishoudings het meer as 5 lede.
- 85% noem hulself Christene.

### 12.4.2 Katlehong:

- Daar is effens meer mans as vrouens.
- 99% inwoners is swart.
- Die twee belangrikste tale is Zoeloe (39%) en Suid-Sotho (25%).
- Meer as 50% van die bevolking is jonger as 29 jaar.
- Minder as 21% het matriek, alhoewel ongeveer 41% wel oor onvolledige sekondêre opleiding beskik.
- Slegs 31% het werk, terwyl 39% werk soek.
- Die gemiddelde maandelikse inkomste is baie laag.

- Meer as 50% van die huishoudings bestaan uit drie of minder lede, en 26% van huishoudings het meer as 5 lede.
- 73% noem hulself Christene.

### 12.4.3 Die deelnemers

Wat die deelnemers uit die TBW aanbetref:

- Daar was 13 mans en 8 vroue.
- Die moedertaal van 14 is Afrikaans, 1 is Engels en 3 is Duits.
- Die gemiddelde ouderdom van die predikante is 50.2 jaar en die gemiddelde ouderdom van die deelnemers is 40.91 jaar.
- Almal staan in beroepe waarvoor hulle minstens matriek benodig en niemand soek werk nie.

Wat die deelnemers uit Katlehong aanbetref:

- Daar was 2 mans en 1 vrou.
- Hulle moedertale is Noord-Sotho en Suid-Sotho.
- Die predikant is 63 jaar, die vrou is 35 en die jonger man is 26.
- Buiten die predikant staan hulle nie in beroepe waarvoor hulle matriek benodig nie. Niemand soek werk nie.

### 12.4.4 Gevolgtrekking:

Dit is duidelik dat die profiel van die deelnemers in 'n groot mate ooreenstem met die profiel van die woongebiede. Sonder om normatief veralgemenend te wees, kan die gevolgtrekking dus gemaak word dat die bevindinge van die onderhoude tot 'n redelike mate geldend vir die Reformatoriese kerke in die hele navorsingsgebied kan wees. Bevindinge wat vanuit die empiriese ondersoek na vore kom, kan dus as geldend gebruik word vir wisselwerking met die basis- en metateoretiese beginsels om 'n verstelde praktykteorie in Afdeling 4 te formuleer.

# Hoofstuk 13

# Die vraelyste en onderhoude

## 13.1 Inleiding tot Hoofstuk 13

Die werkswyse vir die samestelling van hierdie hoofstuk was soos volg:

- Eerstens is op grond van die basisteoretiese beginsels in Afdeling 1 en die metateoretiese beginsels in Afdeling 2, 'n vraelys met 19 vrae opgestel.
- Tweedens is halfgestruktureerde onderhoude met al die deelnemers gevoer. Tydens die onderhoude is 'n opname van elke onderhoud gemaak. Die navorser het ook breedvoerige aantekeninge tydens elke onderhoud gemaak. Na die onderhoud het elke deelnemer die stel aantekeninge wat oor hom of haar gemaak is, onderteken. Die aantekeninge, sowel as opnames, is in die navorser se besit.
- Derdens is die inligting wat uit die onderhoude verkry is, deur die navorser ontleed en bevindinge is daaroor gemaak.
- In die vierde plek is gevolgtrekkings uit die ontleding van die onderhoude gemaak.

Onderhoude is hoogs individueel en kontekstueel. Daar kan dus nie normatief veralgemenend met die bevindinge omgegaan word nie (Janse van Rensburg, 2007:5). Die bevindinge van hierdie hoofstuk is dus nie daarop gerig om bevindings te maak wat vir die samelewing in geheel geld nie. Dit is daarop gerig om die paneel deelnemers se ervaring en reaksie van en op prediking te beskryf, te verstaan en te interpreteer. Omdat hierdie paneel egter ook in 'n redelike mate verteenwoordigend is van die Reformatoriese kerke in die gebied waar hulle woon (vgl. 12.4.4 hierbo), kan die bevindings oor hulle met vertroue in Afdeling 4 gebruik word om 'n snit van die werklikheid te verteenwoordig tydens die opstel van 'n verstelde praktykteorie om die oorkoepelende navorsingsvraag van hierdie studie te beantwoord.

## 13.2 Die vrae vir die gestruktureerde onderhoude

Met elkeen van die deelnemers is 'n individuele onderhoud gevoer. Op grond van die basisteoretiese beginsels in Afdeling 1 en die metateoretiese beginsels in Afdeling 2, is 'n vraelys met 19 vrae opgestel. Hierdie vraelys is in twee formate

opgestel: een vir predikers en een vir hoorders, alhoewel die vrae in wese dieselfde is. Die hoorders het wel nie op vrae 10 en 19 geantwoord nie, omdat hierdie vrae op die predikers toegespits was.

By sommige van die vrae moes die deelnemers op 'n skaal van 1-5 sekere sake evalueer. Op hierdie skaal verwys 1 na *nooit*, 2 na *baie min*, 3 na *gemiddeld*, 4 na *gereeld of meermale*, en 5 na *altyd*.

In die oorgrote meerderheid gevalle, het die deelnemers self 'n direkte evaluasie gegee. In 'n klein minderheid gevalle was daar by sommige vrae geen direkte evaluasie gegee nie, en het die navorser op grond van sy indrukke van die deelnemer se respons, 'n evaluasie namens die deelnemer gemaak. Hierdie werkswyse is in lyn met wat Janse van Rensburg (2007:5) stel as hy sê: "Die navorser is betrokke in die proses en nie op 'n afstand nie... Kwalitatiewe navorsing is daarop gerig om persone en samelewingstrukture se gedrag en emosies te verstaan <u>en te interpreteer</u>." (Onderstreping vir beklemtoning - JAE).

Die vraelys vir predikers was soos volg:

## Vraelys vir onderhoude - predikers

Antwoord die volgende vrae. Die skaal wat gebruik word by die vrae waar dit van toepassing is, is van 1 tot 5 en dra die volgende betekenis:

*1 Nooit/Niks; 2 Baie min; 3 Gemiddeld; 4 Gereeld/Meermale; 5 Altyd/Baie.*

**<u>Faset 1 (Toets van Doelwit A: Oor prediking)</u>**

1) Onder 'prediking' verstaan ek:
2) In jou voorbereiding van die preek:
   i) Hoeveel tyd word bestee aan die uitleg van die teks en hoeveel tyd aan voorbereiding vir die toepassing van die teks?
   ii) Hoe berei jy voor vir die toepassing van die teks?
3) In jou aanbieding van die preek:
   i) hoeveel tyd word in die preek bestee aan uitleg van die teks,
   ii) en hoeveel tyd aan praktiese toepassing van die teks?
4) Hoe gereeld preek jy in die volgende aanslae:
   i) Verkondiging (die vertel van die evangelie) (1-5)?
   ii) Onderrig (1-5)?
   iii) Vermaning (1-5)?
   iv) Vertroosting (1-5)?
5) Wat is jou belewenis van die reaksie op die prediking?
   i) Hoor die lidmate wat jy sê (1-5)?

ii) Verstaan hulle wat jy sê (1-5)?

iii) Aanvaar hulle wat jy sê (1-5)?

iv) Leef hulle dit wat jy sê in volle gehoorsaamheid uit (1-5)?

<u>Faset 2 (Toets van Doelwitte B en C: Oor spiritualiteit en geestelike groei en hulle verband met prediking)</u>

6) Onder 'spiritualiteit' verstaan ek:

7) Onder 'geestelike groei' verstaan ek:

8) As van die standpunt uitgegaan word dat 'spiritualiteit' verwys na die praktiese uitleef van geloof (die manier waarop die totale lewe verstaan en geleef word), en 'geestelike groei' verdieping in spiritualiteit veroorsaak:

i) Wat is jou opinie: watter soort prediking sal beste werk om geestelike groei te bevorder (verkondiging, vermaning, onderrig, vertroosting)?

ii) Wat is jou opinie: Hoeveel tyd moet in 'n preek wat geestelike groei veroorsaak aan 1) uitleg van die teks, en 2) toepassing van die teks, bestee word?

iii) Evalueer: Ek hou rekening met die spiritualiteit van my hoorders wanneer ek die preek voorberei en preek? (1-5)

iv) <u>Die temas</u> wat ek in die prediking aanspreek, is relevant vir die spiritualiteit en konteks van die gemeente. Wat is jou gevoel (1-5)?

v) <u>Die wyse</u> waarop ek temas in my preke aanbied, is relevant vir die spiritualiteit en konteks van die gemeente. Wat is jou gevoel (1-5)?

vi) Watter ander dinge kan jy doen om in die prediking geestelike groei te bevorder?

<u>Faset 3 (Toets van Doelwit D: Perspektiewe uit die Kommunikasiekunde)</u>

9) Ek slaag altyd daarin om in my preke

i) inligting effektief oor te dra (1-5)?

ii) hoorders tot spesifieke oortuigings te beïnvloed (1-5)?

iii) hulp te verleen in die maak van keuses en besluite (1-5)?

iv) verhoudings te bou (1-5)?

v) die selfverstaan van hoorders te bevorder (1-5)?

10) Probeer jy ander sensoriese kanale as die gehoorsintuig in jou preke gebruik? Indien wel, hoe doen jy dit en hoe suksesvol is dit?

11) Oor die inhoud en styl van jou preke:

i) Slaag jy altyd daarin om aktueel en relevant te wees (1-5)?

ii) Hoe gaan jy te werk om aktueel en relevant te wees?

iii) Het jou preke altyd 'n sterk en duidelike struktuur (1-5)?

iv) Praat jy meermale in die eerste-, tweede- of derdepersoon?

v) Gee jy doelbewus aandag aan jou nie-verbale kommunikasie? Waarop let jy ten opsigte van jou nie-verbale kommunikasie?

12) Evalueer: As persoon het ek 'n goeie band met my hoorders. Hulle ervaar my as geloofwaardig en self oortuig van die boodskap wat ek verkondig. (1-5)

13) Oor aktiewe luister van hoorders:

i. Evalueer: Ek slaag altyd daarin om my hoorders aktief te laat luister. Hulle konsentreer tydens die preek. (1-5)

ii. Hoe gaan jy te werk om jou hoorders te laat konsentreer?

iii. Hoe gaan jy te werk om hoorders tydens preke te laat dink, antwoord en argumenteer (al is dit net in hulle gedagtes)?

14) Oor terugvoer en dialoog oor die preek:

i) Op watter maniere soek en kry jy terugvoer vanaf jou hoorders?

ii) Watter geleenthede bestaan om verder oor die preek te gesels en gesprek te voer? Watter geleenthede kan geskep word?

15) Gebruik jy hulpmiddels (soos 'n dataprojektor of uitdeelstukke) om die aanbieding van jou boodskap te versterk? Indien ja, verduidelik.

<u>Faset 4 (Toets van Doelwit E: Perspektiewe uit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit)</u>

16) Evalueer die volgende stellings:

i) Ek maak altyd 'n punt daarvan om klein kindertjies en kinders in die preek aan te spreek (1-5). Enige spesifieke raad?

ii) Ek maak altyd 'n punt daarvan om tieners en jong volwassenes in die preek aan te spreek (1-5). Enige spesifieke raad?

iii) Ek maak altyd 'n punt daarvan om middeljariges in die preek aan te spreek (1-5). Enige spesifieke raad?

iv) Ek maak altyd 'n punt daarvan om bejaardes in die preek aan te spreek (1-5). Enige spesifieke raad?

17) Oor geloofsgroei:

i) Evalueer: Ek fokus doelbewus daarop om hoorders voortdurend te begelei en aan te moedig tot voortdurende geloofsgroei (1-5).

ii) Gee jy praktiese hulp aan die hoorders om hulle in geloofsgroei te begelei? Indien wel, hoe?

18) Begeleiding tot verdiepte religieuse gedrag (oor hoe om Bybels korrek op te tree) kan indirek bydra tot geestelike groei. In die lig hiervan:

i) Evalueer: Ek konsentreer altyd daarop om temas aan te spreek wat beter intra-psigiese gedrag aanleer, asook interpersoonlike verhoudings verbeter. (1-5)

ii) Noem enkele temas wat tot verdiepte religieuse gedrag kan lei.

19) Oor die evaluering van spiritualiteit en geestelike groei:

i) Evalueer: Ek evalueer op doelbewuste wyse gereeld die spiritualiteit en vlak van geestelike groei van my hoorders. (1-5)

ii) Indien wel, hoe gaan jy te werk?

Die vraelys vir hoorders was soos volg:

# Vraelys vir hoorders

Antwoord die volgende vrae. Die skaal wat gebruik word by die vrae waar dit van toepassing is, is van 1 tot 5 en dra die volgende betekenis:

*1 Nooit/Niks; 2 Baie min; 3 Gemiddeld; 4 Gereeld/Meermale; 5 Altyd/Baie.*

**Faset 1 (Toets van Doelwit A: Oor prediking)**

1) Onder 'prediking' verstaan ek:
2) Ervaar jy dat die prediker wat jy gereeld aanhoor waarlik 'n boodskap vanaf God uit die Bybel bring, of voel jy dat die prediker selfgemaakte stories en lesse vertel?
3) In die preke wat jy gereeld aanhoor:
   i) Hoeveel tyd word bestee aan die uitleg van die teks en hoeveel tyd aan toepassing van die teks?
   ii) Is die preke vir jou relevant en toepaslik in jou lewe?
4) Hoe gereeld hoor jy die volgende aanslae in preke?
   i) Verkondiging (die vertel van die evangelie) (1-5)?
   ii) Onderrig (1-5)?
   iii) Vermaning (1-5)?
   iv) Vertroosting (1-5)?
5) Jou reaksie op die prediking:
   i) Hoor jy wat die prediker sê (1-5)?
   ii) Verstaan jy wat die prediker sê (1-5)?
   iii) Aanvaar jy wat die prediker sê (1-5)?
   iv) Leef jy dit wat die prediker sê in volle gehoorsaamheid uit (1-5)?

**Faset 2 (Toets van Doelwitte B en C: Oor spiritualiteit en geestelike groei en hulle verband met prediking)**

6) Onder 'spiritualiteit' verstaan ek:
7) Onder 'geestelike groei' verstaan ek:
8) As van die standpunt uitgegaan word dat 'spiritualiteit' verwys na die praktiese uitleef van geloof (die manier waarop die totale lewe verstaan en geleef word), en 'geestelike groei' verdieping in spiritualiteit veroorsaak:
   i) Watter soort prediking sal die meeste geestelike groei by jou bevorder (verkondiging, vermaning, onderrig, vertroosting)?
   ii) Wat is jou opinie: Hoeveel tyd moet in 'n preek wat geestelike groei bevorder aan 1) uitleg van die teks, en 2) toepassing van die teks, bestee word?
   iii) Voel dit vir jou of die prediker rekening hou met jou spiritualiteit en vlak van geestelike ontwikkeling wanneer hy preek (1-5)?
   iv) <u>Die temas</u> wat in die prediking aangespreek word, is relevant vir die spiritualiteit en konteks van die gemeente. Wat is jou gevoel (1-5)?
   v) <u>Die wyse</u> waarop die prediker temas in sy preek aanbied, is relevant vir die spiritualiteit en konteks van die gemeente. Wat is jou gevoel (1-5)?

vi) Watter ander dinge, dink jy, kan die prediker in die preek doen om geestelike groei te bevorder?

<u>Faset 3 (Toets van Doelwit D: Perspektiewe uit die Kommunikasiekunde)</u>

9) Slaag preke altyd daarin om

i) inligting effektief aan jou oor te dra? (1-5)

ii) jou tot spesifieke oortuigings te beïnvloed? (1-5)

iii) aan jou hulp te verleen in die maak van keuses en besluite? (1-5)

iv) jou te help om verhoudings te bou? (1-5)

v) jou selfverstaan te bevorder? (1-5)

*10) Hier is nie 'n korresponderende vraag met die vraelys vir predikers nie.*

11) Oor die inhoud en styl van die preke waarna jy gewoonlik luister:

i) Is die preke vir jou aktueel en relevant (1-5)?

ii) Volg jy die preke maklik (1-5)?

iii) Spreek die preke jou as persoon persoonlik aan (1-5)?

iv) Watter invloed het die nie-verbale kommunikasie van die prediker op jou?

12) Wat maak dat jy 'n prediker glo, na hom luister en doen wat hy sê?

13) Oor aktiewe luister na die preek:

i) Evalueer: Ek konsentreer altyd maklik tydens die preek (1-5). Motiveer.

ii) Wat doen die prediker wat dit vir jou maklik of moeilik maak om te luister en te konsentreer?

iii) Dink, antwoord en argumenteer jy tydens preke met die prediker (1-5)? Motiveer.

14) Oor terugvoer en dialoog oor die preek:

i) Evalueer: Ek het altyd behoefte om verder oor die preek te gesels (1-5). Motiveer.

ii) Watter geleenthede bestaan om verder oor die preek te gesels? Watter geleenthede kan geskep word?

15) Gebruik jou prediker hulpmiddels (soos 'n dataprojektor of uitdeelstukke) om die aanbieding van sy boodskap te versterk? Indien ja, verduidelik. Hoe effektief is die hulpmiddels?

<u>Faset 4 (Toets van Doelwit E: Perspektiewe uit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit)</u>

16) Evalueer die volgende stellings:

i) My prediker maak altyd 'n punt daarvan om klein kindertjies en kinders in die preek aan te spreek (1-5). Indien wel, hoe?

ii) My prediker maak altyd 'n punt daarvan om tieners en jong volwassenes in die preek aan te spreek (1-5). Indien wel, hoe?

iii) My prediker maak altyd 'n punt daarvan om middeljariges in die preek aan te spreek (1-5). Indien wel, hoe?

iv) My prediker maak altyd 'n punt daarvan om bejaardes aan te spreek (1-5). Indien wel, hoe?

17) Oor geloofsgroei:

i) Evalueer: My prediker begelei my en moedig my in sy preke aan tot voortdurende geloofsgroei (1-5). Motiveer.

ii) Evalueer: My prediker gee my met sy preke praktiese hulp oor hoe om te groei in my geloof (1-5). Motiveer.

18) Oor verdiepte religieuse gedrag (oor hoe om Bybels korrek op te tree):

i) Evalueer: My prediker spreek temas aan wat my leer hoe om situasies en ander mense op 'n Bybelse manier te hanteer.

ii) Watter temas oor gedrag en geestelike groei sal jy graag in prediking aangespreek wil hoor?

*19) Hier is nie 'n korresponderende vraag met die vraelys vir predikers nie.*

Die vrae van die vraelyste korrespondeer soos volg met die basisteoretiese en metateoretiese beginsels:

| Vraag | Basisteoretiese Beginsel | Metateoretiese Beginsel |
|---|---|---|
| 1 | 1, 2 en 10 | |
| 2 | 2 en 3 | |
| 3 | 4 | |
| 4 | 4 | |
| 5 | 5 | |
| 6 | 6 en | 6 |
| 7 | 7 en 8 | |
| 8 | 2,4, 8, 9 en 10 | |
| 9 | | 1 |
| 10 | | 2 |
| 11 | | 1en 3 |
| 12 | 3 en | 3 |
| 13 | | 4 |
| 14 | | 4 |
| 15 | | 5 |
| 16 | | 7 |
| 17 | 2 en | 8 en 9 |
| 18 | | 9 |
| 19 | | 10 |

## *13.3 Terugvoer vanaf deelnemers*

Vervolgens gaan die antwoorde van die deelnemers bespreek word. Hierdie bespreking geskied per vraag. 'n Sintese van die deelnemers se antwoorde sal gemaak en bespreek word. Waar puntetellings gevra is, word dit aangedui en saam met die antwoorde bespreek. Na elke vraag word 'n gevolgtrekking gemaak oor die inligting wat na vore gekom het.

### 13.3.1 Vraag 1

Vraag 1 toets wat onder "prediking" verstaan word.

*Die predikers:*

Die predikers het geoordeel dat prediking uitleg en toepassing van die Woord van God is. Daar is ook genoem dat dit die oordrag van die Evangelie binne die konteks van die erediens is. Hierdie Evangelie is die Evangelie van die versoening in Christus. Die hoorder moet opgebou en toegerus word om in die lig van hierdie Evangelie in die wêreld te kan leef.

*Die vrouedeelnemers:*

Die vrouedeelnemers het gesê dat prediking die uitleg van die Bybelse teks ten opsigte van die daaglikse lewe van die hoorders is. Die hoorders moet die Woord van die Here in hul lewens toepas. Deur die Woord van die Here te hoor, te leer en toe te pas, groei die hoorder geestelik.

*Die jonger deelnemers:*

Die jong deelnemers het geoordeel dat prediking die aksie is waar die prediker 'n boodskap van God vanuit die Bybel aan die gemeente bring. Hierdie boodskap help jou om die regte perspektief op die wêreld te hê en leer jou hoe om reg te lewe.

Gevolgtrekking:

Prediking is die verklaring en toepassing van die Woord van die Here in die lewe van die hoorder. Die hoorder word vanuit die Woord van God toegerus om volgens die wil van die Here te leef en 'n Bybelse perspektief op die werklikheid te hê.

### 13.3.2 Vraag 2

Vraag 2 toets hoe die prediker voorbereiding doen vir sy preek om waarlik 'n boodskap vanaf God uit die Bybel aan die hoorders te bring. Die hoorders is getoets aan hulle ervaring van of die prediker waarlik 'n boodskap van God aan hulle bring.

*Die predikers:*

Al die predikers het aangetoon dat hulle meer tyd aan die uitleg van die teks bestee. Terwyl hulle besig was om die Bybelteks te bestudeer, was hulle egter reeds besig om te worstel met die praktiese toepassing van die teks. Die tydsduur wat predikers aan die uitleg van die teks bestee, wissel tussen 3 en 6 ure aan die een kant en 2 tot 3 dae aan die ander kant. Sommige predikers het dit eksplisiet gestel dat hulle nie kan preek as die teks nie eers tot hulle persoonlik gespreek het nie.

Die predikers berei op verskeie maniere vir die toepassing van hul preke voor. Die Bybel self, kommentare en preke word gelees. Daarby word die omstandighede van die hoorders in ag geneem. Die meeste predikers het kennis van hul hoorders as van hoogste belang geag. Hulle wend dan ook daadwerklike pogings aan om hul hoorders goed te leer ken.

*Die vrouedeelnemers:*

Al die vrouedeelnemers was dit eens dat dit vir hulle voel asof die prediker 'n boodskap van God bring. Een vrou het egter gesê dat sy wel al na predikers geluister het en dan gereken het dat die boodskap nie van God kom nie.

*Die jonger deelnemers:*

Feitelik al die jonger deelnemers het ook aangetoon dat hulle beleef dat die boodskap van God kom. Een jonger lidmaat het egter gesê dat dit soms nie so voel nie. Nog een het gesê dat mens versigtig moet wees om te sê dat God deur jou praat. Die boodskap kom immers deur 'n mens en kan met sonde besoedel wees. As 'n prediker dan sê dat God deur hom praat, is daardie prediker arrogant.

<u>Gevolgtrekking:</u>

Predikers doen moeite om die Bybel te ondersoek en 'n boodskap vanaf God aan hul hoorders te bring. Meeste hoorders beleef dan ook dat die boodskap vanaf God kom. Soms is daardie belewenis egter nie daar nie.

### 13.3.3 Vraag 3

Vraag 3 toets of die prediker tydens sy prediking daarin slaag om die Bybelteks suksesvol uit te lê en relevant in die lewens van die hoorders toe te pas. Die prediker is gevra hoeveel tyd hy onderskeidelik aan die uitleg en toepassing van die Bybelteks in die preek bestee. Die hoorders is gevra of hulle die uitleg en toepassing van die Bybelteks kan onderskei en of hulle die preke as relevant beleef.

*Predikers:*

Die predikers het aangedui dat die preekstof die tydsduur van onderskeidelik die uitleg en toepassing van die Bybelteks bepaal. Vir die meeste is uitleg en toepassing 'n gelyktydige proses. Toepassing vloei voort uit verklaring en is daarmee geïntegreerd. Daar word teen tegniese verklarings van die teks gewaak en gepoog om die teks eenvoudig aan die hoorders te verduidelik.

*Die vrouedeelnemers:*

Opinies oor die hoeveelheid tyd wat aan uitleg en toepassing bestee word, het gewissel in verhoudings van 30-70% tot 50-50%. Dit is egter belangrik om daarop te let dat almal gevoel het dit is binne verhouding en gebalanseerd. Almal het bevestig dat hulle die preke as relevant ervaar.

*Die jonger deelnemers:*

Ook hier het die opinies gewissel oor die hoeveelheid tyd wat predikers aan uitleg en toepassing bestee. Verhoudings van 25-75% tot 70-30% is genoem.

Die jonger deelnemers het die preke as meestal relevant en van toepassing op hul lewens beleef. Enkele deelnemers het egter genoem dat die preke soms nie so relevant is nie en soms ook bo hulle begrip is.

Gevolgtrekking:

Predikers streef daarna om die Bybelteks relevant aan hul hoorders oor te dra. Hulle probeer so preek dat die hoorders kan insien hoe die boodskap vanuit die Bybel na hulle toe kom. Meeste hoorders beleef dan ook preke as relevant en toepaslik. Jonger hoorders beleef die relevansie en toepaslikheid egter soms in 'n mindere mate.

### 13.3.4 Vraag 4

Vraag 4 probeer bepaal watter aanslae predikers in hul preke volg. Predikers is gevra om hul preke te evalueer op 'n 5-punt skaal ten opsigte van die volgende aanslae: verkondiging, onderrig, vermaning en vertroosting. Hoorders is gevra om die preke wat hulle hoor op dieselfde skaal te evalueer. Deelnemers is daarop gewys dat daar meer as een soort aanslag in 'n preek kan wees.

*Die predikers:*

Die gemiddeld vir die verskillende aanslae by die predikers was soos volg:

| Aanslag | Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|---|
| Verkondiging | 4 | 1.1547 |
| Onderrig | 4.14 | 0.69 |
| Vermaning | 3.14 | 1.34 |
| Vertroosting | 3.42 | 1.51 |

Die gemiddeld vir 'n onderrigtende aanslag is die hoogste. Die standaardafwyking vir onderrig is ook die kleinste. Hieruit is dit duidelik dat 'n onderrigtende aanslag by al die predikers baie prominent is. Vermaning is die aanslag wat die minste gebruik word, alhoewel die standaardafwyking daar redelik groot is.

*Die vrouedeelnemers:*

Die gemiddeld vir die verskillende aanslae, soos deur die vrouedeelnemers geëvalueer, was soos volg:

| **Aanslag** | **Gemiddeld** | **Standaardafwyking** |
|---|---|---|
| Verkondiging | 4.14 | 0.89 |
| Onderrig | 4.42 | 1.13 |
| Vermaning | 3.8 | 1.21 |
| Vertroosting | 4.42 | 0.78 |

Die gemiddeld vir die onderrigtende aanslag, asook die vertroostende aanslag is die hoogste. Die vertroostende aanslag het egter die kleinste standaardafwyking. Vroue het dus vertroosting as die mees prominente aanslag uitgewys, met onderrig 'n kortkop daaragter. Vermaning het die laagste gemiddeld.

*Die jonger deelnemers:*

Die gemiddeld vir die verskillende aanslae, soos deur die jonger deelnemers geëvalueer, was soos volg:

| **Aanslag** | **Gemiddeld** | **Standaardafwyking** |
|---|---|---|
| Verkondiging | 3 | 0.81 |
| Onderrig | 3.57 | 0.97 |
| Vermaning | 2.57 | 1.13 |
| Vertroosting | 3.7 | 0.75 |

Die vertroostende aanslag het hier die hoogste gemiddeld, asook die kleinste standaardafwyking. Onderrig is hier 'n entjie agter onderrig. Vermaning het die laagste gemiddeld.

Gevolgtrekking:

Uit bogenoemde statistieke is dit duidelik dat predikers onderrig as baie belangrik ag en ook meestal 'n onderrigtende aanslag het. Vroue beleef onderrig ook as belangrik, maar vertroosting is vir hulle die mees prominente aanslag. Vir die

jonger deelnemers is vertroosting die belangrikste aanslag. Vermaning kom die minste voor.

Dit wil dus voorkom asof die predikers daarin slaag om met hul onderrig, vertroosting aan die hoorders te bied.

### 13.3.5 Vraag 5

Vraag 5 het gepoog om die reaksie van die hoorder op die prediking te toets.

Predikers is gevra om hul belewenis van die hoorders se reaksie op hul prediking te evalueer. Hoorders is gevra om hul eie reaksie te evalueer.

Hierdie evaluasie is op die 5-punt skaal gedoen. Reaksie is op die volgende vlakke getoets: om die preekboodskap 1) te hoor, 2) te verstaan, 3) te aanvaar en 4) in gehoorsaamheid uit te voer.

*Die predikers:*

Die evaluering van die predikers was soos volg:

| Vlak | Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|---|
| Hoor | 4.57 | 0.53 |
| Verstaan | 4.42 | 0.53 |
| Aanvaar | 4.14 | 0.69 |
| Voer uit | 3 | 1 |

Dit is duidelik dat die predikers reken hoorders hoor wat hulle sê. Hoorders verstaan en aanvaar ook redelik wat gepreek word. Hulle sukkel egter die meeste om wat hulle hoor, uit te voer.

*Die vrouedeelnemers:*

Die evaluering van die vrouedeelnemers was soos volg:

| Vlak | Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|---|
| Hoor | 4.8 | 0.37 |
| Verstaan | 4.28 | 0.95 |
| Aanvaar | 4.14 | 0.69 |
| Voer uit | 3.2 | 1.25 |

Die vrouedeelnemers het duidelik aangetoon dat hulle baie goed hoor. Daar is ook goeie begrip en aanvaarding van die preekboodskap. Die uitvoering van die boodskap is egter 'n probleem. Sommige vroue het gesê dat die rede hiervoor die sondige menslike natuur is wat God nie wil gehoorsaam nie.

*Die jonger deelnemers:*

Die evaluering van die jonger deelnemers was soos volg:

| Vlak | Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|---|
| Hoor | 4.8 | 0.37 |
| Verstaan | 4.57 | 0.53 |
| Aanvaar | 4.28 | 1.11 |
| Voer uit | 3.28 | 0.75 |

Die jonger deelnemers het bevestig dat hulle goed hoor, verstaan en aanvaar, alhoewel verstaan en aanvaar laer tellings gekry het. Die uitvoering van die preekboodskap bly die grootste probleem.

Gevolgtrekking:

Hoe meer die preek van die hoorder vra, hoe moeiliker raak dit vir die hoorders om te reageer. Passiewe hoor is die maklikste om te doen. Konsentreer om te verstaan is moeiliker. Om 'n boodskap te aanvaar, is nog moeiliker. Die moeilikste is egter om die preekboodskap uit te voer.

### 13.3.6 Vraag 6

Vraag 6 toets wat onder "spiritualiteit" verstaan word.

*Predikers:*

Die meeste van die predikers het gesê dat die begrip "spiritualiteit" 'n breë en omvattende begrip is. Tog het almal uitgewys dat dit handel oor 'n persoon se verhouding met God. Dit het ook 'n invloed op die persoon se lewe, want lewensbenadering is 'n uitvloeisel van godsdiens en godsbegrip.

*Vrouedeelnemers:*

Een vrou het glad nie geweet wat "spiritualiteit" beteken nie. Ander het gesê dat dit verwys na jou geestelikheid, daardie faset van jou wat nie met die aardse nie,

maar met hemelse dinge te doen het. Vier vrouens het gesê dat dit verwys na jou verhouding met die Here.

*Jonger deelnemers:*

Een jonger hoorder het glad nie geweet wat die begrip beteken nie. Twee het gesê dat die begrip verwys na 'n persoon se verhouding met God en ook die invloed wat daardie verhouding op jou lewe het. Een het gesê dat dit verwys na die krag van God wat in jou werk. Nog twee jonger deelnemers het gesê dat dit verwys na die tyd wat jy elke dag met die Here spandeer en dat jy die Here met jou saamdra, sodat ander Hom kan sien.

<u>Gevolgtrekking:</u>

Die begrip "spiritualiteit" is nie 'n baie duidelik omlynde begrip nie. Meeste deelnemers is wel van mening dat dit verwys na 'n persoon se verhouding met God. Deelnemers het duidelik uitgelig dat 'n persoon se verhouding met God 'n invloed het op daardie persoon se daaglikse lewe.

### 13.3.7 Vraag 7

Vraag 7 toets wat onder "geestelike groei" verstaan word.

*Predikers:*

Die predikers is van mening dat "geestelike groei" na verdieping of verinniging van 'n persoon se verhouding met die Here verwys. Sommige predikers het daarop gewys dat geestelike groei 'n invloed op lewenswyse het. Wanneer iemand geestelik groei, begin daardie persoon sy geloof meer uitleef. Daar is onder andere gesê dat geloofsgroei die imperatief is as reaksie op God se indikatief. In 'n gemeente sal geloofsgroei meer sigbaar word wanneer meer gemeentelede al hoe meer daarin slaag om hul geloof in hul lewens te laat werklikheid word.

*Vrouedeelnemers:*

Die vrouedeelnemers het ook daarop gewys dat "geestelike groei" na groei in 'n persoon se verhouding met die Here verwys. Sommige het aangetoon dat dit onder andere behels dat die groeiende persoon dinge in sy of haar lewe begin doen wat vroeër nie gedoen is nie: om sy of haar lewe al hoe meer volgens die Bybel in te rig. Geestelike groei behels ook om sterker in die geloof te word.

*Jonger deelnemers:*

Die jonger deelnemers het gesê dat "geestelike groei" beteken om nader aan die Here te groei. Jou verhouding met die Here word verder gebou. Jy maak foute van die verlede reg en raak van geloofsonsekerhede ontslae.

<u>Gevolgtrekking:</u>

"Geestelike groei" dui op verdieping of verinniging van 'n persoon se verhouding met God. Hierdie groei het 'n invloed op daardie persoon se lewe. Hy begin al meer volgens die wil van God te lewe. So 'n persoon raak sterker in sy geloof deur van geloofsonsekerhede ontslae te raak.

By Vraag 5 se gevolgtrekking is aangetoon dat die uitvoering van preke die moeilikste reaksievlak op prediking is. Geestelike groei word egter juis sigbaar in dade. Predikers sal dus meer aandag daaraan moet gee om hul hoorders te begelei en te motiveer om die preekboodskappe uit te voer. Só vind geloofsgroei plaas.

## 13.3.8 Vraag 8

Vraag 8 het gepoog om vas te stel hoe prediking kan bydra om geestelike groei en verdieping in spiritualiteit te veroorsaak. Hierdie vraag het uit ses subvrae bestaan.

### *13.3.8.1 Vraag 8.1*

Vraag 8.1 het gepoog om vas te stel wat die opinie van die predikers en hoorders is aangaande die predikingsaanslag wat geestelike groei die beste sal bevorder. Die aanslae wat gebruik was, is verkondiging, vermaning, onderrig en vertroosting.

*Predikers:*

Die meeste predikers was van mening dat verkondiging en onderrig baie belangrik is. Een prediker het openlik sy twyfel aangaande die positiewe effek van vermaning uitgespreek. Twee predikers het aangetoon dat hulle nie 'n spesifieke aanslag voorstaan nie. Hulle verkies 'n gebalanseerde aanslag wat deur die teks bepaal word om stereotipe prediking te vermy. Twee predikers het gesê dat die klem op verkondiging en onderrig moet val. Vermaning en vertroosting sal dan ondertone wees wat uit die verkondiging en onderrig na vore kom.

*Vrouedeelnemers:*

Twee vrouedeelnemers was van mening dat al die aanslae ewe belangrik is. Al die ander vrouedeelnemers het onderrig en verkondiging gekies.

*Jonger deelnemers:*

Die meeste jonger deelnemers het op die noodsaak van onderrig gewys. Vertroosting is deur twee deelnemers as belangrik gesien. Een het sterk positief, en een het sterk negatief gevoel oor vermaning.

| Gevolgtrekking: |
| --- |
| Onderrig word deur die meeste deelnemers as die beste predikingsaanslag gesien om geestelike groei te bewerkstellig. Tog mag nie een van die ander aanslae agterweë bly nie. Die beste benadering blyk te wees om die boodskap van die gekoste teks te verkondig en onderrig daarin te gee. Vermaning en vertroosting moet egter as ondertone in die preek uitkom. |

### *13.3.8.2 Vraag 8.2*

Vraag 8.2 het gepoog om vas te stel wat die voorkeur van die deelnemers is aangaande die persentasie van die preek wat onderskeidelik aan uitleg en toepassing van die teks bestee moet word. Die verskil tussen Vraag 8.2 en Vraag 3 is dat Vraag 3 die werklike persentasieverhouding tussen uitleg en toepassing probeer bepaal het. Vraag 8.2 poog om die verwagtings van die predikers en hoorders aangaande hierdie saak te bepaal.

*Predikers:*

Die meeste predikers het aangetoon dat hulle nie 'n persentasieverhouding wil gee nie. Die verhouding hang van die preekteks af en sal van preek tot preek verskil. Dit is egter van uiterste belang dat die preekboodskap vanuit die Bybel moet kom. Die Bybelteks moet baie goed uitgelê word. Die uitleg skep die fondament waarop die toepassing gebou moet word. 'n Goeie fondament kan hoorders help om self toepassings van die teks in hul lewens te maak.

*Vrouedeelnemers:*

Vrouedeelnemers het soos volg verskil oor die persentasieverhouding tussen uitleg en toepassing: van 75-25% tot 20-80%. Die vrouedeelnemers het uitgewys dat dit vir hulle belangrik is om te weet waar en hoe die prediker aan sy boodskap kom. Toepassing is egter ook vir hulle belangrik. Hulle wil weet wat hulle met die preekboodskap moet doen.

*Jonger deelnemers:*

Die jonger deelnemers het ook gesê dat uitleg vir hulle belangrik is. Daar is genoem dat hoe beter die uitleg gedoen word, hoe makliker is dit om self die toepassing op jou

lewe te maak. Tog is dit opmerklik dat die meeste jonger deelnemers meer praktiese toepaslikheid wil hê. Hulle wil weet wat om met die Bybelse boodskap te maak. Die stel van breë praktiese beginsels is goed, maar daar is ook behoefte aan praktiese, stap-vir-stap aanduidings oor hoe om die preekboodskap te gebruik en toe te pas.

<u>Gevolgtrekking:</u>

Uitleg mag nie ten koste van toepassing afgeskeep word nie. Goeie uitleg maak dit vir lidmate makliker om self toepassings in hul lewens te maak. Die prediker moet egter ook moeite doen om die hoorders hierin te lei. Dit is goed om breë beginsels te stel, maar daar is ook behoefte aan stap-vir-stap aanduidings.

### *13.3.8.3 Vraag 8.3*

Vraag 8.3 het getoets tot watter mate die predikers rekening hou met die spiritualiteit en vlak van geestelike ontwikkeling van hul hoorders wanneer hulle preek. Predikers moes hulself evalueer en hoorders moes hul predikers evalueer op 'n 5-punt skaal.

*Predikers:*

Die evaluering van die predikers was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.14 | 0.89 |

Dit blyk dat die predikers reken dat hulle regtig die omstandighede van hul hoorders in ag neem wanneer hulle preek. Die predikers het ook gesê dat hulle nie kan preek as hulle dit nie doen nie. Tog is dit moeilik om die spiritualiteit van die gemeente presies vas te stel. Een prediker het genoem dat 'n prediker daarteen moet waak om sommer sy eie verwagtinge van die hoorders se behoeftes te formuleer. Kyk eerder na die vrugte van die hoorders se lewens en spreek behoeftes en leemtes wat daaruit duidelik word, aan.

*Vrouedeelnemers:*

Die evaluering van die vrouedeelnemers was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.57 | 0.53 |

Dit is duidelik dat die vrouehoorders reken dat die predikers hulle spiritualiteit en vlak van geestelike ontwikkeling in ag neem wanneer hulle preek. Meer as een hoorder het gesê dat dit dikwels voel asof hy net vir haar preek. Daar was egter 'n bewustheid dat die prediker 'n moeilike taak het, omdat hy vir baie mense preek en nie net vir een nie.

*Jonger hoorders:*

Die evaluering van die jonger deelnemers was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 3.71 | 1.11 |

Al het die jonger hoorders gevoel dat die predikers hul spiritualiteit en vlak van geestelike ontwikkeling in ag neem wanneer hulle preek, was dit tog in 'n heelwat mindere mate as wat die vrouedeelnemers gevoel het. Daar is genoem dat dit soms voel asof die prediker net vir die ouer lidmate preek.

Gevolgtrekking:

Predikers streef daarna om die omstandighede en vlak van geestelike ontwikkeling van hul hoorders in hul preke te verreken. Om dit te kan doen, moet hulle egter hulle hoorders baie goed ken. Sommige jonger hoorders het genoem dat dit soms vir hulle voel asof die prediker eerder vir ouer mense preek.

### *13.3.8.4 Vraag 8.4*

Vraag 8.4 het gepoog om vas te stel of die temas wat die prediker in sy preke aanspreek, relevant vir die spiritualiteit en konteks van die gemeente is. Predikers moes hulself, en hoorders hul predikers, op 'n 5-punt skaal evalueer.

*Predikers:*

Die evaluering van die predikers was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.28 | 1.11 |

Predikers streef duidelik daarna om temas in die prediking aan te spreek wat relevant vir die gemeente is. Daar is genoem dat dit nie altyd so maklik is nie -

soms is dit soos om 'n skoot in die donker te skiet. Om sake te kan aanspreek wat brandend in die gemeente is, is dit noodsaaklik om die gemeentelede goed te ken.

*Vrouedeelnemers:*

Die evaluering van die vrouedeelnemers was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.85 | 0.37 |

Die gemiddeld hier is baie hoog, en die standaardafwyking baie klein. Die vrouedeelnemers het baie sterk gevoel dat die predikers die regte temas vir die gemeente aanspreek.

*Jonger deelnemers:*

Die evaluering van die predikers was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4 | 1.41 |

Die jonger deelnemers was meer krities as die predikers en die vrouedeelnemers, alhoewel hulle steeds 'n hoë gemiddeld gegee het. Een hoorder het daarop gewys dat preke by hulle volgens 'n 7-jaar preekrooster gepreek word. Preke is dan nie altyd so sterk op brandende kwessies toegespits nie. Al het die preek dalk nie onmiddellike waarde vir die hede nie, kan dit in die toekoms wel van waarde wees.

Gevolgtrekking:

Wanneer predikers hul hoorders ken, kan hulle relevant wees. Alhoewel feitlik al die deelnemers van mening was dat die preke relevant en van toepassing op die gemeente en die lewens van die hoorders is, was die jonger lidmate meer krities daaroor. Predikers slaag dus daarin om relevant te wees.

### *13.3.8.5 Vraag 8.5*

Vraag 8.5 het gepoog om vas te stel of die wyse waarop die prediker preek (sy styl) gepas is vir die spiritualiteit en konteks van die gemeente. Predikers moes hulself, en hoorders hul predikers, op 'n 5-punt skaal evalueer.

*Predikers:*

Die evaluering van die predikers was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.28 | 1.11 |

Predikers het genoem dat hulle versigtig is om hulself te evalueer, omdat hulle slegs eensydige, positiewe terugvoer ontvang. Tog reken hulle dat hulle styl gepas is. Een prediker het genoem dat oorreding in plaas van dwang, vir hom 'n uiters belangrike preekstyl is. Hoorders moet oorreed en nie verplig word nie, dan vind die beste groei en verandering plaas.

*Vrouedeelnemers:*

Die evaluering van die vrouedeelnemers was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 5 | 0 |

Al die vrouedeelnemers het gereken dat hul prediker se styl en aanslag van pas vir hul gemeente is.

*Jonger deelnemers:*

Die evaluering van die jonger deelnemers was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.42 | 0.53 |

Al die jonger deelnemers het gereken dat hul prediker se aanslag goed en gepas was. Twee deelnemers het egter gesê dat nie almal in die gemeente so dink nie.

Gevolgtrekking:

Die styl en aanslag waarmee die predikers preek, is gepas vir die spiritualiteit en konteks van hul gemeentes. Die jonger lidmate is egter effens meer krities oor hierdie saak. Hierdie kritiek hou waarskynlik verband met hulle kritiek op die temas wat in die prediking aangespreek word (sien 13.2.8.4 hierbo). Oorreding, eerder as dwang, is 'n baie belangrike aanslag.

*13.3.8.6 Vraag 8.6*

Vraag 8.6 het gepoog om vas te stel watter raad die predikers en hoorders kon gee oor hoe om geestelike groei deur prediking te bewerkstellig.

*Predikers:*

Suiwer uitleg van God se Woord is vir twee predikers die heel belangrikste advies wat hulle kan gee. Ander predikers het gesê dat die prediking aktueel moet wees en met beelde, asook praktiese voorbeelde toegelig moet word. Twee predikers het uitgewys dat die prediker self baie erns met sy eie geestelike groei moet maak. Die prediker se eie geestelike groei spoel oor na sy prediking. Daarby moet die prediker eerlik wees. Hy moet sy eie beperkinge ken en so optree dat lidmate kan sien dat hy bewus van sy eie tekortkominge is.

*Vrouedeelnemers:*

Van die vrouedeelnemers het daarop klem gelê dat die prediker self oortuig van sy boodskap moet wees. Hy kan van voorbeelde en fisiese hulpmiddels op die kansel gebruik maak.

*Jonger deelnemers:*

Die jonger deelnemers het gevoel dat die prediker erns moet maak om sy hoorders (veral die jonger hoorders) te ken. Daar moet 'n warm verhouding tussen hom en sy hoorders wees. Hy moet goed voorbereid wees en uit die Bybel preek. Hy moet meer op die vlak van kinders probeer preek en kan van visuele hulpmiddels gebruik maak. Jongmense soek, volgens een deelnemer, meer belewenis en ervaring. Daar moet in die prediking groter klem op emosies wees. Daarby wil hulle die praktiese sy van die preek kan verstaan en insien.

Gevolgtrekking:

Suiwer uitleg van die Woord is baie belangrik om geestelike groei te bewerkstellig. Die prediker moet goed voorbereid wees. Prediking moet aktueel en duidelik wees. Die gebruik van voorbeelde, beelde en visuele hulpmiddels kan baie hiermee help. Predikers moet erns maak om hul hoorders te ken en 'n goeie verhouding met hulle te hê. Daarby moet die prediker self erns maak met sy eie geestelike groei.

*Samevattende gevolgtrekking oor Vraag 8 in sy geheel*

- Predikers moet hul preke baie goed voorberei. Predikers moet erns maak met hul eie geestelike groei, want dit spoel oor na hul preke.
- Uitleg mag nie ten koste van toepassing afgeskeep word nie. Goeie uitleg maak dat hoorders die teks makliker in hul eie lewens kan toepas. Predikers begelei egter hul hoorders hierin deur aan die een kant breë beginsels van toepassing te stel, maar aan die ander kant ook duidelike praktiese toepassings te gee.
- Geestelike groei word die beste in prediking bewerkstellig wanneer die aanslag 'n verkondigende en onderrigtende aanbieding van die teks is, waarin die ondertone van vermaning en vertroosting na vore kom. Die gebruik van beelde, voorbeelde en visuele hulpmiddels kan daartoe bydra dat die uitleg en toepassing van die teks meer verstaanbaar is.
- Predikers kan aktueel en relevant wees deur die omstandighede en geestelike ontwikkelingsvlak van al hul hoorders in die prediking te verreken. Hulle moet hul hoorders goed ken en 'n goeie verhouding met hulle hê. Die jonger deelnemers was meer krities oor die relevansie en toepassing van preke in hul lewens, asook die styl en aanslag van predikers.

### 13.3.9 Vraag 9

Vraag 9 het getoets of prediking op kommunikatiewe vlak daarin slaag om die volgende doelwitte te bereik:

- die effektiewe oordrag van inligting,
- die oorreding tot spesifieke oortuigings,
- hulpverlening in die maak van keuses en besluite,
- die bou van verhoudings,
- die bevordering van die selfverstaan van die hoorders.

Beide die predikers en hoorders moes die effektiewe bereiking van hierdie doelwitte op 'n 5-punt skaal evalueer.

*Predikers:*

Die evaluasie van die predikers was soos volg:

| Doelwit | Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|---|
| Effektiewe oordrag van inligting. | 3.86 | 0.38 |
| Oorreding tot spesifieke oortuigings. | 3.86 | 0.38 |
| Hulpverlening in die maak van keuses en besluite. | 3.86 | 1.06 |
| Bou van verhoudings. | 3.86 | 1.06 |
| Bevordering van selfbegrip van die hoorders. | 3.71 | 0.75 |

Predikers voel dat hulle redelik goed in die doelwitte slaag. Uit hulle kommentaar is dit egter duidelik dat hulle versigtig is om hulself te goeie punte te gee. Die 3.71 en 3.86 gemiddeld dui daarop dat predikers reken dat daar heelwat ruimte vir verbetering in die bereiking van hierdie doelwitte is.

Kommentaar oor die bereiking van die onderskeie doelwitte was soos volg:

- Oor die effektiewe oordrag van inligting is gesê dat hulle hard probeer, maar nie altyd daarin slaag nie. Hoorders luister selektief en hoor nie alles nie.
- Oor die oorreding tot spesifieke oortuigings is gesê dat prediking oorreding, en nie dwang is nie. Predikers poog om doelbewus God se Woord as maatstaf vir die hoorders se lewens voor te hou en hulle sodoende tot Bybelse oortuigings te oorreed.
- Om mense te help om keuses te maak en besluite te neem, moet Bybelse voorskrifte en riglyne vir die lewe verkondig word. Met die regte inligting, kan die regte besluite immers geneem word.
- Predikers kan deur hul prediking verhoudings bou wanneer hulle by hulself begin. Die prediker moet 'n brug na die hoorders bou, dan sal die hoorders 'n brug na God en mekaar begin bou.
- Die selfverstaan van hoorders kan bevorder word deur aan die einde van die preek 'n gewetensvraag te vra. Sodoende kan hoorders in hul eie lewens inkyk en insigte oor hulself verkry. Hierdie is 'n moeiliker doelwit om te bereik.

*Vrouedeelnemers:*

Die evaluasie van die vrouedeelnemers was soos volg:

| Doelwit | Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|---|
| Effektiewe oordrag van inligting. | 4.71 | 0.49 |
| Oorreding tot spesifieke oortuigings. | 3.86 | 1.07 |
| Hulpverlening in die maak van keuses en besluite. | 4.29 | 0.76 |
| Bou van verhoudings. | 4.57 | 0.53 |
| Bevordering van selfbegrip van die hoorders. | 4.43 | 0.79 |

Die vrouedeelnemers voel dat die predikers baie goed daarin slaag om die kommunikasiedoelwitte te bereik.

Kommentaar oor die bereiking van die onderskeie doelwitte was soos volg:

- Logika dra by tot effektiewe oordrag van inligting. Wanneer hoorders die prediking verstaan, vind oordrag van inligting plaas.
- Logika dra ook by tot die oorreding tot spesifieke oortuigings.
- Prediking wek 'n spesifieke moraliteit. Vanuit die spesifieke moraliteit kom bewustheid oor watter keuses om te maak en watter besluite om te neem.
- Geen kommentaar is deur enige vrouehoorders oor die bou van verhoudings deur prediking gelewer nie.
- Deur voorbeelde uit sy eie lewe in die prediking te gebruik, kan die prediker daartoe bydra dat hoorders hulself beter verstaan. Hulle identifiseer dikwels met die prediker.

*Jonger deelnemers:*

Die evaluasie van die jonger deelnemers was soos volg:

| Doelwit | Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|---|
| Effektiewe oordrag van inligting. | 4.43 | 0.77 |
| Oorreding tot spesifieke oortuigings. | 4 | 0.82 |
| Hulpverlening in die maak van keuses en besluite. | 3.86 | 1.46 |
| Bou van verhoudings. | 4.42 | 0.79 |
| Bevordering van selfbegrip van die hoorders. | 4.42 | 0.76 |

Die jonger deelnemers het ook aangedui dat die predikers baie goed in die kommunikasiedoelwitte slaag. Die laagste gemiddeld lê by hulpverlening in die maak van keuses en besluite, maar daar is die standaardafwyking ook die grootste. Enkele jonger hoorders voel dus dat preke nie baie hulp verleen in die maak van keuses en besluite nie.

Kommentaar oor die bereiking van die onderskeie doelwitte was soos volg:

- Oordrag van inligting word belemmer deur dinge wat die aandag aftrek en gedagtes laat ronddwaal.
- Jonger hoorders is baie meer krities en word nie maklik tot ander oortuigings beïnvloed nie. As iets logies en goed bewys word, is hulle wel bereid om hul oortuigings aan te pas.
- Deur beginsels daar te stel, kan preke hulp verleen aan hoorders oor hoe om keuses te maak en besluite te neem.
- Indien die hoorder en prediker nie 'n goeie verhouding het nie, word verhoudings moeilik in die prediking gebou. Deur met ander persone oor die preke te gesels, word verhoudings gebou.
- Wanneer die hoorder homself ondersoek aan die hand van iets wat die prediker gesê het, leer die hoorder homself beter ken. Een deelnemer het gesê: "Die dominee sal iets vertel en dan dink jy hoe jy sou gereageer het. So leer ek myself ken."

<u>Gevolgtrekking:</u>

Die volgende insigte oor die kommunikatiewe aspekte van prediking is verkry:

- Predikers slaag nie altyd daarin om inligting effektief oor te dra nie. Hoorders luister selektief. Deur logies te preek en hoorders te laat konsentreer, kan inligting nog beter oorgedra word. Om hoorders te laat konsentreer, moet geruis beperk word.
- Logika en oorreding gebou op Bybelse beginsels, kan hoorders tot spesifieke oortuigings beïnvloed.
- Bybelse beginsels wek 'n spesifieke moraliteit. Hierdie beginsels en moraliteit verleen aan hoorders insigte oor hoe om keuses te maak en besluite te neem.
- Predikers moet daarna strewe om 'n brug na hul hoorders te bou. So kan hoorders brûe na God en mekaar bou. Indien die prediker nie 'n goeie

verhouding met sy hoorders het nie, sal prediking moeilik die bou van verhoudings stimuleer. Deur preke te bespreek, kan hoorders verhoudings met mekaar bou.

- Wanneer die hoorder homself ondersoek aan die hand van iets wat die prediker gesê het, leer die hoorder homself beter ken. Hierdie ondersoek kan deur voorbeelde en gewetensvrae gestimuleer word.

### 13.3.10 Vraag 10

Met Vraag 10 is gepoog om vas te stel watter ander sensoriese kanale behalwe die gehoorsintuig, predikers tydens prediking gebruik en hoe suksesvol dit is.

Hierdie vraag was op die predikers toegespits. Die hoorders het nie hierdie vraag beantwoord nie. By Vraag 15 het hulle wel hul perspektief op die gebruik van hulpmiddels tydens die prediking gegee.

*Predikers:*

Predikers probeer veral ook die visuele sintuig gebruik. Dit doen hulle deur die gebruik van liggaamsbewegings en gesigsuitdrukkings. Soms word prente of skilderye gewys. Dataprojektors, uitdeelstukke en ander hulpmiddels bied visuele hulp tydens die prediking.

Stemming of aanvoeling word ook deur enkele predikers gebruik. Emosies word opgewek deur byvoorbeeld 'n liedjie te speel of 'n situasie baie grafies te skets.

Alhoewel predikers hierdie kanale gebruik, bly die klem op die gehoorsintuig. Die gebruik van hierdie ander kanale is slegs ondersteunend tot die boodskap wat deur die gehoorsintuig oorgedra word.

<u>Gevolgtrekking:</u>

Die vernaamste sensoriese kanaal buiten die gehoor, wat deur predikers gebruik word, is die visuele kanaal. Hulpmiddels word hiervoor gebruik. Stemming wat deur emosie gewek word, bied ook hulp.

### 13.3.11 Vraag 11

Vraag 11 toets die effek van kommunikatiewe aspekte in verband met die inhoud en styl van prediking. Vanweë die verskillende toespitsings van die vrae aan die

predikers en hoorders, word die terugvoer van die predikers en hoorders as twee verskillende subpunte hanteer.

#### *13.3.11.1 Vraag 11 aan predikers:*

Die sake wat by die predikers geëvalueer was, is:

- Slaag jy daarin om aktueel en relevant te wees? (1-5) Hoe gaan jy te werk om aktueel en relevant te wees?
- Het jou preke altyd 'n sterk en duidelike struktuur? (1-5)
- Praat jy meermale in die eerste-, tweede- of derdepersoon?
- Gee jy doelbewus aandag aan jou nie-verbale kommunikasie? Waarop let jy ten opsigte van nie-verbale kommunikasie?

Die terugvoer van die predikers was soos volg:

Oor die aktualiteit en relevansie van preke:

Die vraag is aan predikers gestel hoe aktueel en relevant hulle reken hulle preke is. Die antwoord was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 3.86 | 0.89 |

Die meeste predikers reken hulle is aktueel en relevant. Om hierdie doelwit te bereik, lees hulle koerant, lees boeke oor sake van die dag, luister radio en gesels met lidmate. Tydens huisbesoek word opgelet na wat lidmate beleef. Hulle streef daarna om hulle lidmate goed te ken. Huisbesoek is vir meeste 'n prioriteit.

Oor die struktuur van preke:

Die vraag is gestel of die prediker se preke 'n sterk struktuur vertoon. Die terugvoer was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4 | 1.15 |

Die meeste predikers voel dat hulle preke 'n sterk en duidelike struktuur het. 'n Sterk tema word gestel, waaruit twee of drie hoofpunte geformuleer

word. Hierdie hoofpunte word dan uitgewerk en help om uitleg en toepassing te integreer.

Oor die gebruik van eerste-, tweede- en derdepersoon:

Predikers het aangetoon dat hulle meestal in die eerste- en tweedepersoon praat. Die aanspreekvorm word afgewissel. Dit werk goed om eerstepersoon meervoud te gebruik om 'n band met die hoorders te bind. By 'n baie sterk punt in die preek werk dit goed om op 'n oordeelkundige wyse die tweedepersoon enkelvoud te gebruik om die hoorders persoonlik aan te spreek. Die derdepersoon word selde, en dan baie versigtig, gebruik.

Oor bewustheid en fokus op nie-verbale kommunikasie:

Die meeste predikers fokus nie doelbewus op hulle nie-verbale kommunikasie nie. Hulle let egter op uiterlike netheid en waak teen oordrewe gebare. Aandag word wel ook gegee aan handbewegings, postuur en die wyse waarop die prediker homself projekteer. Hierdie aandag is egter meer op die onbewustelike vlak.

Gevolgtrekking oor Vraag 11 aan predikers:

- Predikers probeer doelbewus aktueel en relevant in hul prediking wees. Om aktueel en relevant te wees, probeer hulle om hul hoorders en die wêreld waarbinne hul hoorders leef, goed te ken.
- Hul preke toon meestal sterk strukture.
- Eerstepersoon meervoud en tweedepersoon enkelvoud en meervoud word afwisselend gebruik om hoorders aan te spreek. Eerstepersoon meervoud skep 'n band met hoorders. Tweedepersoon enkelvoud en meervoud rig die preek skerp op die hoorder.
- Daar bestaan bewustheid van nie-verbale kommunikasie, maar dit is nie so sterk op die voorgrond van aandag nie.

#### *13.3.11.2 Vraag 11 aan hoorderdeelnemers*

Die sake wat deur die vroue- en jonger deelnemers geëvalueer was, is:

- Is preke aktueel en relevant?
- Word preke maklik gevolg? (1-5)
- Spreek preke hoorders persoonlik aan?

- Watter invloed het die nie-verbale kommunikasie van die prediker op jou?

*Vrouedeelnemers:*

Die terugvoer van die vrouedeelnemers was soos volg:

Oor die aktualiteit en relevansie van preke

Al die vrouedeelnemers het bevestig dat hulle die prediking as aktueel en relevant ervaar.

Word preke maklik gevolg? (1-5)

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.29 | 0.49 |

Die meeste vrouedeelnemers het bevestig dat preke maklik gevolg word, alhoewel hulle aandag soms afgetrek word en gedagtes dwaal. Innerlike onrustigheid dra by tot gedagtes wat maak dat konsentrasie verlore gaan.

Spreek preke hoorders persoonlik aan? (1-5)

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.29 | 0.77 |

Die vrouedeelnemers voel sterk aangespreek. Hulle besef egter dat die prediker nie net vir hulle preek nie, maar ook vir ander mense. Daarom is daar begrip daarvoor dat 'n preek nie altyd elke persoon so sterk aanspreek nie.

Die invloed van nie-verbale kommunikasie

Die meeste vrouedeelnemers het gesê dat nie-verbale kommunikasie 'n groot invloed het. Die nie-verbale kommunikasie dra by tot die vasvang van aandag. Oordrewe liggaamstaal word egter as afbrekend, eerder as opbouend ervaar.

*Jonger deelnemers:*

Die terugvoer van die jonger deelnemers was soos volg:

Oor die aktualiteit en relevansie van preke

Die jonger deelnemers het die preke as meestal relevant en van toepassing op hul lewens beleef. Enkele deelnemers het egter genoem dat die preke soms nie so relevant is nie en soms ook bo hulle begrip is.

Word preke maklik gevolg? (1-5)

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.14 | 0.9 |

Die meeste jonger deelnemers het bevestig dat hulle preke maklik volg. Sekere dinge, soos babas wat huil en mense wat rondloop, trek egter aandag af. Gedagtes dwaal ook maklik. Een deelnemer het genoem dat hy aantekeninge tydens die preek maak. Dit help hom om goed te konsentreer.

Spreek preke hoorders persoonlik aan? (1-5)

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 3.57 | 0.96 |

Jonger deelnemers voel aangespreek. Soms gebeur dit egter dat hulle voel die preek spreek eerder tot ouer mense.

Die invloed van nie-verbale kommunikasie

Die meeste jonger deelnemers het gesê dat nie-verbale kommunikasie 'n onbewustelike invloed op hulle het. Op die regte plekke en tye in die preek, kan nie-verbale kommunikasie 'n groot impak maak.

Gevolgtrekking oor Vraag 11 aan hoorders:

- Die deelnemers beleef preke as relevant en toepaslik vir hulle lewens. Sommige jonger deelnemers voel egter soms in 'n mindere mate hieroor seker.
- Preke word maklik gevolg. Die feit dat gedagtes dwaal en aandag soms deur geruis afgetrek word, is 'n probleem.
- Die deelnemers voel dat preke hulle aanspreek. Sommige jonger deelnemers voel egter dat preke soms nie so skerp op hulle gerig is nie.
- Alhoewel dit meestal op 'n onbewustelike vlak is, het nie-verbale kommunikasie 'n groot invloed op die deelnemers.

*Samevattende gevolgtrekking oor Vraag 11*

- Predikers streef doelbewus daarna om aktueel en relevant te wees. Hoorders beleef preke as relevant en toepaslik. Jonger deelnemers voel dat preke nie altyd vir hulle so aktueel en relevant is nie.
- Preke toon sterk strukture. Alhoewel gedagtes dwaal en aandag soms afgetrek word, voel hoorders dat hulle preke goed volg.
- Deelnemers voel dat preke hulle aanspreek. Doelbewuste gebruik van eerste- en tweedepersoon aanspreekvorme, dra by tot die effektiewe aanspreek van hoorders. Eerstepersoon meervoud skep 'n band met hoorders. Tweedepersoon enkelvoud en meervoud rig die preek skerp op die hoorder.
- Alhoewel dit meestal op 'n onbewustelike vlak is, het nie-verbale kommunikasie 'n groot invloed op die deelnemers.

### 13.3.12 Vraag 12

Vraag 12 toets die geloofwaardigheid van predikers. Predikers moes hulself evalueer (op 'n 5-punt skaal) oor of hul hoorders hulle as geloofwaardig ervaar. Hoorders moes antwoord op die vraag: "Wat maak dat jy 'n prediker glo en luister na wat hy sê?"

*Predikers:*

Die evaluering van die predikers was soos volg:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.71 | 0.48 |

Dit blyk dat al die predikers reken dat hulle as baie geloofwaardig deur hul hoorders ervaar word. Die redes wat vir geloofwaardigheid gegee is, was:

- Die prediker preek absoluut eerlik en uit sy hart.
- Die prediker sorg dat hoorders hom ook as mens ken. Sy eie lewensvoorbeeld moet ook met die hoorders praat.

*Vrouedeelnemers:*

Die vrouedeelnemers het bevestig dat hulle hul predikers as geloofwaardig ervaar. Hulle redes was:

- Dit is sigbaar dat die prediker glo wat hy sê.
- Hy bewys wat hy sê vanuit die Woord en suig dit nie uit sy duim nie.
- Dit is sigbaar dat die prediker self al 'n pad met die Here gestap het. Hy het nie net boekekennis nie.
- Een hoorder het klem gelê op die roeping van die prediker. Hy is 'n man van God en is deur God gestuur om 'n boodskap te bring, daarom word hy geglo.

*Jonger deelnemers:*

Die jonger hoorders het ook bevestig dat hulle hul predikers as geloofwaardig ervaar. Hul redes vir sy geloofwaardigheid was:

- Hy bewys wat hy sê vanuit die Bybel. Hy lê vanuit die Bybel 'n baie sterk fondament.
- Hy praat persoonlik - hy glo self wat hy sê.
- Hy kommunikeer goed.
- Sy optrede buite die prediking is baie belangrik. Deur saam met hom 'n pad te stap, word geleer of hy vertrou kan word.
- Een hoorder het ook hier klem gelê op die roeping van die prediker. Die feit dat hy deur God gestuur is, maak hom geloofwaardig.

<u>Gevolgtrekking:</u>

Die predikers reken dat hulle geloofwaardig is. Die antwoorde van die hoorders bevestig die predikers se self-evaluasie.

Redes vir die geloofwaardigheid van die predikers, is die volgende:

- Dit is sigbaar dat hy self glo wat hy verkondig.
- Hy verkondig 'n boodskap uit die Skrif en suig die boodskap nie uit sy duim nie.
- Dit is sigbaar (ook buite die prediking) dat hy self 'n sterk persoonlike band met die Here het. Hierdie faset beklemtoon dat die prediker sy hoorders, en die hoorders hul prediker, goed moet ken.
- Die feit dat hy deur God gestuur is om sy boodskap te bring, is vir 'n klein groepie baie belangrik.

### 13.3.13 Vraag 13

Vraag 13 toets hoe aktief hoorders na preke luister. Predikers moes op 'n skaal van 1-5 aandui hoe goed hulle reken hoorders tydens prediking konsentreer. Hoorders moes hulself op 'n skaal van 1-5 evalueer oor hoe goed hulle konsentreer. Predikers moes dan aandui hoe hulle te werk gaan om die aandag van hoorders te behou. Hoorders moes aandui wat dit vir hulle maklik of moeilik maak om te konsentreer.

*Predikers:*

Oor hoe goed hoorders konsentreer, het predikers soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.14 | 0.69 |

Predikers het gevoel dat hoorders oor die algemeen goed konsentreer. Om die aandag te behou, is aangedui dat hulle oor aktuele sake preek en relevant probeer wees. Sommige predikers gebruik uitdeelstukke of vertoon die preek se kerngedagtes met behulp van 'n dataprojektor op 'n skerm. Baie predikers gebruik beelde, voorbeelde en eie lewenservarings. Intonasie en afwisseling in stemtoon behou ook aandag. 'n Sterk preekstruktuur maak dit makliker om die gedagtelyn van die prediker te volg. Doelbewuste oogkontak word met hoorders gemaak en daar word daarna gestreef om in die idioom van die hoorders te praat - om 'n taal te praat wat die hoorders goed verstaan.

Die meeste predikers probeer ook doelbewus om die hoorders tydens die preek in hul gedagtes te laat dink, antwoord en argumenteer. Om dit reg te kry, vra hulle vrae en daag die lidmate uit om sekere dinge te doen. Soms word onbeantwoorde stellings gemaak waarna later teruggekom word. Een prediker het genoem dat hy graag die gemeente "koggel". Dit is: hy maak soms doelbewus 'n verkeerde stelling wat eers heelwat later in die preek reggestel word. Natuurlike stiltes in die preek help ook om hoorders te laat nadink.

*Vrouedeelnemers:*

Vrouedeelnemers het hul konsentrasie tydens prediking soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.14 | 0.69 |

Dit is interessant dat die vroue en die predikers se evaluasies presies dieselfde gemiddeld en standaardafwyking toon.

Dinge wat dit vir die vrouedeelnemers maklik maak om te konsentreer, is wanneer die prediker rustig en verstaanbaar praat. Hy mag egter nie dooierig preek nie. Hy moet taal gebruik wat die hoorders verstaan. 'n Volgstuk saam met die preek, maak dit ook makliker om aandag te behou. 'n Preek waarvan die logika duidelik is, volg ook makliker.

Wanneer vrouedeelnemers voor die preek baie besig of onrustig is, dwaal hulle gedagtes maklik. Daar gebeur ook dinge terwyl die preek aan die gang is, wat gedagtes aftrek.

Wanneer predikers oor aktuele sake preek, of as hoorders kan identifiseer met dit wat die prediker sê, begin hulle tydens die prediking te dink, antwoord en argumenteer.

*Jonger deelnemers:*

Jonger deelnemers het hul konsentrasie tydens prediking soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.14 | 0.89 |

Die jonger deelnemers het dieselfde gemiddeld as die predikers en vrouedeelnemers, alhoewel die standaardafwyking effens verskil.

Jonger deelnemers konsentreer makliker wanneer daar sinvolle progressie in 'n preek is, byvoorbeeld tese, antitese en dan sintese. Relevante en toepaslike preke behou hul aandag. Die taal wat die prediker gebruik, maak 'n preek meer of minder verstaanbaar. Een jonger deelnemer het ook genoem dat hy notas tydens prediking maak. Die notas help hom om aandag te behou.

Preke wat clichés bevat, te algemeen of langdradig is, word moeilik gevolg. Wanneer net ouer mense aangespreek word, voel van die jonger hoorders uitgesluit.

Praktiese toepassings en identifikasie met wat die prediker sê, maak dat jonger hoorders tydens prediking dink, antwoord en argumenteer.

Gevolgtrekking:

Die predikers, vroue- en jonger deelnemers stem saam dat daar redelik goed gekonsentreer word tydens prediking.

Dinge wat dit maklik maak om te konsentreer, is:

- Aktuele, relevante en praktiese preke.
- Hulpmiddels wat hoorders kan help om die preek te volg, byvoorbeeld uitgedeelde volgstukke, kerngedagtes op 'n dataprojektor, ensovoorts.
- Beelde, voorbeelde en vertellings waarmee hoorders kan identifiseer.
- Goeie nie-verbale gedrag, soos oogkontak, goeie aanbiedingstyl, ensovoorts.
- 'n Sterk preekstruktuur met goeie logika en sinvolle progressie.
- Taalgebruik tydens die preek wat die hoorders verstaan.

Dinge wat dit moeilik maak om te konsentreer, is:

- Onrustigheid voor die preek dra by tot onrustigheid tydens die preek.
- Dinge wat in die kerk gebeur en aandag aftrek.
- Preke wat langdradig of te algemeen is.
- Wanneer hoorders nie aangespreek voel nie.

Predikers kan hoorders help om te konsentreer deur hulle te laat dink, antwoord en argumenteer terwyl hulle preek. Dit kan hulle op die volgende wyses regkry:

- Deur vrae te vra.
- Hoorders uit te daag tot sekere dinge.
- Aanvegbare stellings te maak waarna later teruggekom word.
- Natuurlike stiltes in hul prediking te gebruik.
- Praktiese toepassings te maak waarmee die hoorders kan identifiseer.

### 13.3.14 Vraag 14

Vraag 14 toets hoe dialoog oor prediking verkry word. Predikers is gevra op watter maniere hulle terugvoer verkry en watter geleenthede daar vir terugvoer in die gemeente bestaan. Hoorders moes hulle behoefte aan dialoog oor die prediking evalueer op 'n skaal van 1-5. Daarna is hulle ook getoets oor die geleenthede wat

in hul gemeentes bestaan om terugvoer te gee en gesprek oor preke te voer. Beide predikers en hoorders kon ook vertel watter geleenthede vir terugvoer en dialoog geskep kan word.

*Predikers:*

Die meeste predikers het aangetoon dat hulle min terugvoer oor hul prediking kry. Meeste van die terugvoer wat hulle kry, is positief, want min mense lewer maklik negatiewe kritiek in die predikant se teenwoordigheid. Kerkrade het egter geleenthede op vergaderings waar terugvoer oor prediking kan geskied.

Sommige predikers gee na preke geleentheid vir preekbespreking. Feitlik al die gemeentes wat deur die predikers bedien word, het Bybelstudiegroepe waar daar ook geleentheid vir preekbespreking is. Al die predikers is egter nie by al hierdie Bybelstudiegroepe betrokke of teenwoordig nie. Almal het 'n oop deur-beleid. Dit beteken dat hoorders enige tyd welkom is om preke te kom bespreek.

Pastorale bedienings skep ook geleenthede vir bespreking en vrae oor preke. Die meeste predikers het aangedui dat huisbesoek vir hulle baie belangrik is.

Geleenthede wat geskep of gereël kan word vir terugvoer oor preke of preekbespreking is: evalueringsbriefies wat direk na 'n preek ingevul kan word, besprekings by kleingroepe en paneelbesprekings na sekere eredienste.

*Vrouedeelnemers:*

Vrouedeelnemers het die mate van hulle behoefte om verder oor preke te gesels, soos volg geëvalueer:

| **Gemiddeld** | **Standaardafwyking** |
|---|---|
| 3.42 | 1.52 |

Uit hierdie evaluasie blyk dit dat vrouedeelnemers tog 'n behoefte het om oor preke gesprek te voer. Meeste gesels met hulle gesinslede of vriende daaroor. Dit is vir meeste moeilik om met mense te gesels met wie hulle nie 'n noue band het nie.

Geleenthede wat gereël kan word vir preekbespreking, is Bybelstudies en besprekings na eredienste.

*Jonger deelnemers:*

Jonger deelnemers het die mate van hulle behoefte om verder oor preke te gesels, soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 3 | 0.81 |

Dit blyk dat daar ook onder jonger deelnemers 'n behoefte bestaan om verder oor preke te gesels. Persone met wie hulle gesels, is mense naby aan hulle, soos ouers, 'n meisie, familie, vriende en ook hul dominee.

Geleenthede wat gereël kan word vir preekbespreking, is Bybelstudies of gespreksgeleenthede na eredienste.

Gevolgtrekking:

Predikers kry min terugvoer oor hul prediking. Hulle moet doelbewus pogings aanwend om terugvoer te kry en dialoog te stimuleer. Meeste hoorders het egter 'n behoefte om verder oor preke te gesels. Die meeste gesels net met mense wat naby aan hulle is daaroor.

Geleenthede wat gereël kan word vir preekbespreking is: Bybelstudies en besprekings na eredienste.

## 13.3.15 Vraag 15

Vraag 15 stel vas watter hulpmiddels predikers tydens prediking gebruik. Al die deelnemers is gevra watter hulpmiddels gebruik word tydens prediking en hoe effektief dit is.

*Predikers:*

Twee predikers het aangedui dat hulle geen hulpmiddels tydens prediking gebruik nie. Een van die twee het egter gesê dat na afloop van die preek, terwyl die kollekte opgeneem word, die hoofgedagtes van die preek deur 'n dataprojektor op 'n skerm geprojekteer word.

Nog drie predikers gebruik ook 'n dataprojektor, maar dan terwyl hulle preek. Die dataprojektor word gebruik om hoofgedagtes te beklemtoon, illustrasies te gee, foto's te wys en statistieke te toon. Ander hulpmiddels wat gebruik word, is items wat op die preekstoel vertoon of ter illustrasie gebruik word. Een prediker deel volgstukke met invulspasies daarop uit, sodat hoorders dit kan invul terwyl hy preek.

Twee van die predikers wat hulpmiddels gebruik, het duidelik daarop gewys dat hulpmiddels met groot versigtigheid en smaak gebruik moet word. Daar moet teen 'n te sterk gebruik daarvan gewaak word, sodat dit nie die boodskap van die preek verdring nie.

*Vrouedeelnemers:*

Hulpmiddels waarop die vrouedeelnemers gewys het, is uitdeelstukke en die gebruik van 'n dataprojektor. Een (bejaarde) vrouedeelnemer het egter die gebruik van 'n dataprojektor sterk afgewys, want volgens haar trek dit haar aandag van die preek af, daarom luister sy nou met toe oë na die preek.

*Jonger deelnemers:*

Jonger deelnemers het daarop gewys dat hul predikers soms 'n kind na vore roep en dan 'n toepassing op die kind maak. Nog 'n prediker het iemand al 'n lied laat sing. Dataprojektors, preekopsommings in die nuusbriefie en volgstukke vir die preek, maak dit vir hulle makliker om te konsentreer. Van die jonger deelnemers het gevoel dat dataprojektors meer effektief gebruik kan word.

<u>Gevolgtrekking:</u>

Meeste predikers gebruik hulpmiddels. Hulpmiddels het egter 'n beperkende funksie en daar moet 'n bewustheid daarvoor wees dat almal nie ewe veel daarvan hou nie. Enkele hoorders kan ook daardeur afgesit word.

Dit blyk dat uitdeelstukke en dataprojektors van die gewildste hulpmiddels is. Effektiewe gebruik van hierdie hulpmiddels dra by tot meer effektiewe oordrag van die preek. Veral jonger hoorders het groter waardering vir die gebruik van hulpmiddels.

## 13.3.16 Vraag 16

Vraag 16 toets hoe goed predikers daarin slaag om die verskillende ouderdomsgroepe in die gemeente tydens prediking aan te spreek. Predikers moes hulself, en hoorders hul predikers, op 'n 5-punt skaal evalueer. Daarna is voorstelle gevra om meer effektief tot die verskillende ouderdomsgroepe te spreek.

### *13.3.16.1 Effektiewe spreek tot kinders*

Predikers het hulself soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.42 | 0.76 |

Die vrouedeelnemers het die predikers soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4 | 1.15 |

Die jonger deelnemers het die predikers soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 3.57 | 1.13 |

Dit blyk dat al die deelnemers reken dat die kinders redelik goed aangespreek word. Predikers se self-evaluasie is egter hoër as die van die vroue- en jonger deelnemers.

Drie van die predikers het aangedui dat hulle tydens die prediking van 'n kinderkerk gebruik maak. Dit beteken dat kinders tydens die preek in 'n ander lokaal is waar hulle, onder leiding van lidmate met die nodige gawes, op hulle verstaansvlak met die Woord bedien word. Een van die predikers het gesê dat hy op die Donderdag voor die Sondag, sy preek vir 'n onderwyseres gee, wat dit dan verwerk en die Sondag op gepaste wyse aan die kinders verduidelik.

Nog twee predikers maak gereeld van kinderdienste gebruik. Hier word die preek dan op die kinders self toegespits en in baie eenvoudige taal op hulle verstaansvlak verduidelik.

Gevolgtrekking:

Daar is 'n bewustheid dat kinders op 'n ander vlak verstaan as adolessente en volwassenes. Kinderdienste blyk 'n gewilde manier te wees om kinders meer effektief te probeer aanspreek.

### *13.3.16.2 Effektiewe spreek tot adolessente en jong volwassenes*

Predikers het hulself soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 3.28 | 1.38 |

Die vrouedeelnemers het die predikers soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.14 | 0.69 |

Die jonger deelnemers het die predikers soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 3.28 | 1.38 |

'n Evalueringsgemiddeld van 3.28 deur beide predikers en jonger deelnemers, laat dit lyk asof predikers adolessente en jong volwassenes minder goed aanspreek as ander ouderdomsgroepe.

Predikers sê dat hulle hierdie groep aanspreek deur voorbeelde in die preke te gebruik wat op hulle van toepassing is. Een prediker het op Sondagaande jeugdienste waar die jeug spesifiek aangespreek word. Om effektief tot die jeug te kan spreek, moet die prediker by die jeug betrokke wees. Predikers moet absoluut eerlik wees. Hulle moet daarteen waak om nie soos die tieners self te praat nie, want dit sal onoortuigend wees. Nog 'n prediker het genoem dat die jeug se intellek nie onderskat moet word nie. Daarom spreek hy hulle saam met die res van die gemeente aan.

Vrouedeelnemers het ook genoem dat die prediker by die jeug betrokke moet wees om effektief tot hulle te kan spreek. Voorbeelde en lewensituasies waarmee hulle kan identifiseer, sal hulle aandag trek.

Van die jonger deelnemers het gevoel dat hulle meer emosie in preke wil ervaar. Preke moet nie net nugter en onderrigtend wees nie. Hulle wil graag ervaar dat hulle gehoor word. Hulle leefwêreld moet aangespreek word.

<u>Gevolgtrekking:</u>

Van al die ouderdomsgroepe, sukkel predikers die meeste om hierdie groep effektief aan te spreek. Predikers moet bekend wees met die leefwêreld van hierdie groep. Om dit te kan doen, moet hulle by die jongmense betrokke wees. Die jongmense moet ervaar dat hulle gehoor en in die preke

aangespreek word. Predikers moet eerlik wees en jongmense se intellek nie onderskat nie. Voorbeelde en lewensituasies waarmee jongmense kan identifiseer, kan ter illustrasie in die prediking gebruik word.

*13.3.16.3 Effektiewe spreek tot volwassenes*

Predikers het hulself soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.28 | 0.75 |

Die vrouedeelnemers het die predikers soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 5 | 0 |

Die jonger deelnemers het die predikers soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.57 | 0.53 |

Uit die evaluasie blyk dit dat volwassenes effektief aangespreek word. Hierdie is die hoofgroep op wie die prediking gerig word.

Om hierdie groep aan te spreek, gebruik predikers voorbeelde en toepassings waarmee die groep kan identifiseer. Predikers probeer raad gee vir hierdie groep se lewens. Daarby doen hulle moeite om elkeen se persoonlike omstandighede te probeer ken.

<u>Gevolgtrekking:</u>

Predikers slaag effektief daarin om volwassenes tydens prediking aan te spreek. Die effektiewe aanspreek van volwassenes beteken om rekening te hou met die omstandighede van die hoorders en ook voorbeelde uit hulle lewenswêreld te gebruik.

*13.3.16.4 Effektiewe spreek tot bejaardes*

Predikers het hulself soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4 | 1.29 |

Die vrouedeelnemers het die predikers soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 5 | 0 |

Die jonger deelnemers het die predikers soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 3.71 | 1.11 |

Oor hierdie ouderdomsgroep is nie baie kommentaar gelewer nie. Wat wel duidelik geblyk het, is dat 'n goeie verhouding met bejaardes nodig is om effektief tot hulle te kan spreek. Wanneer die prediker by bejaardes betrokke is, leer hy hulle leefwêreld ken en kan hy dit aanspreek in die prediking.

Gevolgtrekking:

Deur 'n goeie verhouding met bejaardes te hê, leer predikers hul leefwêreld ken en kan hy hulle effektief in die prediking aanspreek.

*Samevattende gevolgtrekking oor Vraag 16*

Predikers spreek volwassenes baie goed aan. Kinders, adolessente en jongmense word moeiliker aangespreek - waarskynlik omdat die predikers self in 'n ouer ouderdomsgroep val. Kinders word effektief in kinderdienste aangespreek. By al die ander ouderdomsgroepe moet predikers betrokke wees by hul hoorders om hul leefwêreld te kan verstaan. Wanneer die predikers die leefwêreld van hul hoorders verstaan, kan hulle meer effektief tot die verskillende ouderdomsgroepe spreek.

### 13.3.17 Vrae 17 en 18

Vraag 17 toets of predikers in hul prediking doelbewus aandag gee aan geestelike groei by hul hoorders. Predikers is gevra om hulself, en hoorders hul predikers, te evalueer ten opsigte van 'n gerigtheid op geestelike groei. Daarna is vrae gevra oor praktiese hulp aan hoorders om geestelike groei te bewerkstellig.

*Predikers:*

Predikers het hulself soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.57 | 0.53 |

Predikers het gesê dat hulle praktiese voorbeelde in hul preke gebruik om hoorders die preke beter te laat verstaan. Hulle probeer ook die teks so uitlê dat hoorders self toepassings op hul lewens kan maak. Eksplisiete hulp is dalk nie altyd so op die voorgrond nie. Implisiete hulp vir geestelike groei is altyd teenwoordig.

Temas rondom genade, vergiffenis, bekering, regverdigmaking en heiligmaking kan geestelike groei bewerkstellig. Daarby kan temas hanteer word wat 'n Christelike lewenswyse kenmerk, soos die huwelik, liefde en gebed. Sommige predikers het gemaan om te waak teen preke wat temas behandel en aan 'n teks gehak word, en nie uit 'n teks voortvloei nie.

*Vrouedeelnemers:*

Vrouedeelnemers het hul predikers soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 4.42 | 0.53 |

Sommige vrouedeelnemers het gesê dat hul predikers hulle bewustelik aanmoedig om stappe te neem wat hulle geestelik laat groei. Predikers moedig hulle byvoorbeeld aan om sekere boeke te lees.

Temas wat vrouedeelnemers graag in preke aangespreek wil hê, is: menseverhoudings, streshantering, kerklike betrokkenheid, Bybellees, gesondheid, wederkoms, geloofsgroei, vrug van die Gees, volharding, aanvaarding, verdraagsaamheid, egoïsme en ware kindskap van die Here.

*Jonger deelnemers:*

Jonger deelnemers het hul predikers soos volg geëvalueer:

| Gemiddeld | Standaardafwyking |
|---|---|
| 3.8 | 0.89 |

Enkele jonger deelnemers het verwys na predikers wat soms aanmoediging gee om sekere dinge te gaan doen wat tot geestelike groei kan lei. Een deelnemer het sterk daaroor gevoel dat hoorders self ook die oortuiging moet hê om geestelik te groei. As hulle nie wil nie, sal hulle nie. Predikers moet hoorders dus eerstens oortuig om geestelik te wil groei.

Temas wat jonger deelnemers graag in preke aangespreek wil hê, is dinge wat vir hulle lewens relevant en aktueel is. Daarby geld ook die volgende temas: versoekings, vergiffenis, aanvaarding, geloofsgroei, hoe om geld te hanteer, emosies en gevoelens, preke wat geloofsekerheid gee, asook bemoedigende boodskappe.

Gevolgtrekking:

Predikers moet hoorders in die eerste plek oortuig om geestelik te groei. Daarna kan hulle hoorders bystaan in geestelike groei deur hulle aan te moedig om sekere stappe te neem wat tot geestelike groei aanleiding kan gee.

Duidelike preke aangaande die heilsleer en praktyk van die Christelike lewe, kan geestelike groei bevorder.

'n Vergelyking van die gemiddeldes van die jonger deelnemers, teenoor die van die vrouedeelnemers en predikers, toon dat die jonger deelnemers leiding en begeleiding tot geestelike groei minder effektief beleef.

## 13.3.18 Vraag 19

Vraag 19 toets of predikers doelbewus die spiritualiteit en vlak van geestelike ontwikkeling van hul hoorders evalueer. Indien wel, op watter wyse? Daar was nie 'n soortgelyke vraag vir hoorders nie.

*Predikers:*

Ses van die sewe predikers het aangedui dat hulle geensins op formele wyse die spiritualiteit en vlak van geestelike ontwikkeling van hul hoorders evalueer nie. Een prediker het wel genoem dat hy weet dat sommige tegnieke ontwikkel is wat hiermee kan help. Hyself gebruik dit tans glad nie. Een prediker het genoem dat hy al van vraelyste gebruik gemaak het, maar die resultaat daarvan was beperk weens die feit dat slegs 'n klein groepie mense dit ingevul het.

Gevolgtrekking:

Geen formele evaluering van spiritualiteit en die vlak van geestelike ontwikkeling word tans deur een van die predikers gedoen nie.

## *13.4 Sintese oor die terugvoer van die deelnemers: empiriese bevinding oor prediking en geestelike groei.*

Die doel van hierdie hoofstuk was om met 'n empiriese studie perspektiewe oor die funksionering van prediking in die praktyk te vind, asook om die verband tussen prediking en geestelike groei in die praktyk na te vors. Die sintese van die empiriese bevindinge vir hierdie studie, volgens die doelwitte wat in Hoofstuk 11.3 geformuleer is, word vervolgens gestel.

### 13.4.1 Beantwoording van Doelwit F: Die funksionering van prediking in die praktyk

Deelnemers aan die empiriese studie het die volgende uitgewys:

a) Vraag 1: Prediking word in die praktyk beskou as die verklaring en toepassing van die Woord van die Here in die lewe van die hoorder. Die hoorder word vanuit die Woord van God toegerus om volgens die wil van die Here te leef en 'n Bybelse perspektief op die werklikheid te hê.

b) Vraag 2: Predikers doen moeite om die Bybel te ondersoek en 'n boodskap vanaf God aan hul hoorders te bring. Meeste hoorders beleef dan ook dat die boodskap vanaf God kom. Soms is daardie belewenis egter nie daar nie.

c) Vraag 3: Predikers streef daarna om die Bybelteks relevant aan hul hoorders oor te dra, maar tog op sodanige wyse dat hoorders kan sien hoe die boodskap vanuit die Woord na hulle toe kom. Uitleg mag nie ten koste van toepassing afgeskeep word nie. Goeie uitleg maak dat die hoorders die teks makliker in hul eie lewens kan toepas. Predikers begelei hulle hoorders deur aan die een kant breë beginsels van toepassing te stel, maar aan die ander kant ook duidelike praktiese riglyne te gee.

d) Vraag 4: Onderrig is 'n baie belangrike aanslag in prediking in die praktyk. Predikers gee baie aandag aan onderrig en verkondiging. Hoorders beskou vertroosting as die mees prominente aanslag. Predikers slaag egter daarin om met hul onderrig, vertroosting te bied. Dit blyk dus dat onderrig en

verkondiging die mees prominente aanslae van predikers is, met vertroosting en vermaning wat as ondertone na vore kom.

e) Vraag 5: Hoe meer 'n preek van hoorders vra, hoe moeiliker word dit om op die preek te reageer. Passiewe luister na die preek is die maklikste. Om regtig op die preek te konsentreer, is moeiliker. Om 'n preekboodskap te aanvaar, is nog moeiliker. Die moeilikste is om die boodskap uit te voer.

## 13.4.2 Beantwoording van Doelwit G: Die verband tussen prediking, spiritualiteit en geestelike groei in die praktyk

Deelnemers aan die empiriese studie het die volgende uitgewys:

a) Vraag 6: Alhoewel die begrip "spiritualiteit", volgens baie deelnemers, nie so 'n duidelik omlynde begrip is nie, is meeste deelnemers van mening dat dit verwys na 'n persoon se verhouding met God. Die verhouding met God het 'n bepalende invloed op 'n persoon se daaglikse lewenspraktyk.

b) Vraag 7: Geestelike groei dui op verdieping of verinniging van 'n persoon se verhouding met God. Geestelike groei word sigbaar in 'n persoon se lewe, omdat daardie persoon al meer volgens die wil van God begin leef. So 'n persoon raak sterker in sy geloof deur van geloofsonsekerhede ontslae te raak.

c) Vrae 8 en 13: Predikers moet erns maak met hul eie geestelike groei, want dit spoel oor na hul preke. Predikers kan aktueel en relevant wees deur die omstandighede en geestelike ontwikkelingsvlak van al hul hoorders in die prediking te verreken. Hulle moet hul hoorders goed ken en 'n goeie verhouding met hulle hê.

d) Vraag 8: Geestelike groei word die beste in prediking bewerk wanneer die aanslag 'n verkondigende en onderrigtende aanbieding van die teks is, waarin die ondertone van vermaning en vertroosting na vore kom.

e) Vraag 9: Prediking wek 'n spesifieke moraliteit. Vanuit die spesifieke moraliteit kom bewustheid oor watter keuses om te maak en watter besluite om te neem.

f) Vraag 17: Predikers moet hoorders in die eerste plek oortuig om geestelik te groei. Daarna kan hulle hoorders bystaan in geestelike groei deur hulle aan te moedig om sekere stappe te neem wat tot geestelike groei aanleiding kan gee.

g) Vraag 18: Duidelike preke aangaande die heilsleer en praktyk van die Christelike lewe, kan geestelike groei bevorder.

### 13.4.3 Beantwoording van Doelwit H: Die voldoening van prediking in die praktyk aan die vereistes wat die Kommunikasiekunde en Psigologie van Religie en Spiritualiteit aan prediking stel.

Deelnemers aan die empiriese studie het die volgende uitgewys:

a) Vraag 9: Hoorders luister selektief na prediking. Daarby het geruis 'n beduidende invloed op konsentrasie.

b) Vraag 9: Aangaande die oorreding tot spesifieke oortuigings, is gesê dat prediking oorreding, en nie dwang is nie. Predikers poog doelbewus om God se Woord as maatstaf vir die hoorders se lewens voor te hou en hulle sodoende tot Bybelse oortuigings te oorreed. Tog toon hoorders dat hulle sukkel om die preke in hul lewens uit te voer.

c) Vraag 13: Die praktyk wys daarop dat selfopenbaring deur die prediker bydra tot meer effektiewe kommunikasie in preke. Predikers wat brûe na hoorders bou, slaag daarin om hul hoorders brûe na mekaar en na God te laat bou.

d) Vraag 10: Die vernaamste sensoriese kanaal, buiten die gehoorsintuig, wat predikers gebruik, is die visuele kanaal. Sommige predikers gebruik dit nie doelbewus nie. 'n Aantal jonger mense voel dit kan beter gebruik word.

e) Vraag 11: Die praktyk toon dat preke met 'n sterk struktuur en goeie logika makliker is om te volg. Doelbewuste gebruik van eerste- en tweedepersoon aanspreekvorme, dra by tot die effektiewe aanspreek van hoorders. Nie-verbale kommunikasie het 'n groot (maar onbewustelike) invloed op hoorders.

f) Vrae 13 en 15: Beter konsentrasie deur hoorders kan bevorder word deur:

- Aktuele, relevante en praktiese preke.
- Hulpmiddels wat hoorders kan help om die preek te volg, byvoorbeeld uitgedeelde volgstukke, kerngedagtes op 'n dataprojektor, ensovoorts.
- Beelde, voorbeelde en vertellings waarmee hoorders kan identifiseer.

- Taalgebruik in die preek wat die hoorders verstaan.
- Deur vrae te vra.
- Hoorders uit te daag tot sekere dinge.
- Aanvegbare stellings te maak waarna later teruggekom word.
- Natuurlike stiltes in hul prediking te gebruik.
- Praktiese toepassings te maak waarmee die hoorders kan identifiseer.

g) Vraag 12: Die geloofwaardigheid van predikers word bepaal as dit sigbaar word dat die prediker self glo wat hy verkondig, dat dit duidelik is dat die boodskap vanuit die Skrif kom en dat die prediker 'n goeie band met sy hoorders het. Die feit dat die prediker deur God gestuur is, is slegs vir 'n klein groepie hoorders van belang in die bepaling van die prediker se geloofwaardigheid.

h) Vraag 14: Predikers kry min terugvoer oor prediking. Min kerke het formele geleenthede wat toegespits is op preekbespreking om dialoog oor prediking te verbeter en te stimuleer.

i) Vraag 16: Kinders en adolessente word moeiliker aangespreek as volwassenes en bejaardes. Die meeste kerke reël kinderdienste of kinderkerke vir die kinders. 'n Prediker kan hoorders beter aanspreek as hy by hulle betrokke is en hul leefwêreld verstaan.

j) Vraag 19: Geen formele evaluering van spiritualiteit en die vlak van geestelike ontwikkeling word tans deur een van die predikers gedoen nie.

### 13.4.4 Beantwoording van Doelwit I: Gevolgtrekking oor die hipotese dat prediking in die praktyk funksionele leemtes openbaar en nie altyd bevredigend daarin slaag om geestelike groei in 'n gemeente te bevorder nie.

Die werkswyse om hierdie doelwit te bereik, is soos volg: Vraag 1-19 se gevolgtrekkings sal deurgegaan word en alle duidelike leemtes of negatiewe aspekte wat na vore kom, sal gelys word om te bepaal of prediking funksionele leemtes openbaar en nie altyd bevredigend daarin slaag om geestelike groei in 'n gemeente te bevorder nie.

*Vraag 1*

Geen leemtes of negatiewe aspekte het na vore gekom nie.

*Vraag 2*

Enkele deelnemers het gesê dat daar soms 'n belewenis is dat predikers nie 'n boodskap van God bring nie, maar eie gedagtes verkondig.

*Vraag 3*

Enkele van die jonger deelnemers het gesê dat nie alle preke vir hulle baie relevant of toepaslik is nie.

*Vraag 4*

Onderrig en verkondiging is die mees prominente aanslae in prediking. Vertroosting en vermaning vloei as ondertone uit die aanslae. Vermaning word egter die minste gebruik.

*Vraag 5*

Hoe meer 'n preek van hoorders vra, hoe moeiliker word dit om op die preek te reageer. Om die preekboodskap ten volle te gaan uitvoer, is die moeilikste. Geestelike groei word egter juis sigbaar in dade. Predikers sal dus meer aandag daaraan moet gee om hul hoorders te begelei en te motiveer om die preekboodskappe ten volle uit te voer.

*Vraag 6*

Geen leemtes of negatiewe aspekte het na vore gekom nie.

*Vraag 7*

Geen leemtes of negatiewe aspekte het na vore gekom nie.

*Vraag 8*

a) Deelnemers (en veral die jonger deelnemers) het 'n behoefte aan groter praktiese toepaslikheid in die preke. Duidelike aanwysings vir toepassing word gesoek.

b) Sommige jonger deelnemers beleef dat predikers nie so goed met hulle spiritualiteit en vlak van geestelike ontwikkeling rekening hou nie.

c) Sommige jonger deelnemers beleef dat die temas wat predikers in prediking aanspreek, nie so aktueel en relevant vir hulle leefwêreld is nie.

*Vraag 9*

a) Hoorders luister selektief na prediking. Geruis het 'n beduidende invloed of preke goed gehoor word.

b) Aangaande die oorreding tot spesifieke oortuigings is gesê dat prediking oorreding, en nie dwang is nie. Tog toon hoorders dat hulle sukkel om die preke in hul lewens uit te voer. Oorreding tot spesifieke lewensoptrede kan dus beter gedoen word.

*Vraag 10*

Die vernaamste sensoriese kanaal, buiten die gehoorsintuig, wat predikers gebruik, is die visuele kanaal. Sommige predikers gebruik dit nie doelbewus nie. 'n Aantal jonger mense voel dit kan beter gebruik word.

*Vraag 11*

a) Sommige jonger deelnemers beleef dat preke nie so relevant en toepaslik vir hul lewens is, of so skerp op hulle gerig is nie.

b) Gedagtes dwaal soms rond en word maklik afgetrek deur geruis.

c) Predikers toon dat hulle nie baie aandag aan nie-verbale kommunikasie gee nie, maar dit is duidelik dat nie-verbale kommunikasie, al is dit meestal op 'n onbewustelike vlak, 'n groot invloed op die deursnee deelnemer het.

*Vraag 12*

Geen leemtes of negatiewe aspekte het na vore gekom nie.

*Vraag 13*

Alhoewel die deelnemers aangetoon het dat daar goed tydens prediking gekonsentreer word, is daar dinge uitgewys wat konsentrasie bemoeilik, soos onrustigheid voor die diens, dwalende gedagtes, eksterne en semantiese geruis. Predikers kan dus in prediking meewerk dat konsentrasie verskerp of bemoeilik word. Hulle kan die volgende doen: 'n duidelike, logiese lyn in die prediking handhaaf, oudiovisuele hulpmiddels gebruik, baie beelde en voorbeelde gebruik om die boodskap te belig, van volgstukke gebruik maak en hoorders leer om notas tydens prediking te maak.

*Vraag 14*

a) Predikers kry min terugvoer oor prediking. Hulle kry dus nie terugvoer wat hulle kan help om skerper op sekere sake te fokus of swakpunte in hul preekstyl reg te stel of te verbeter nie.

b) Min predikers skep formele geleenthede wat toegespits is op preekbespreking. Deelnemers het wel 'n behoefte om oor preke te gesels, getoon.

*Vraag 15*

Deelnemers het bevestig dat die gebruik van hulpmiddels die effektiewe oordrag van 'n boodskap versterk. Daar is egter predikers wat nie daarvan gebruik maak nie. Sommige van die jonger deelnemers wil hê dat van die hulpmiddels nog meer gebruik moet word.

*Vraag 16*

Kinders en adolessente word moeiliker en minder effektief aangespreek as volwassenes en bejaardes.

*Vrae 17 en 18*

Vrae 17 en 18 het gehandel oor die bewustheid van predikers om hul hoorders voortdurend tot geloofsgroei te lei en te begelei, oor hoe hulle dit doen en die hoorders se belewenis daarvan. 'n Vergelyking van die gemiddeldes van die jonger deelnemers, teenoor die van die vrouedeelnemers en predikers, toon dat die jonger deelnemers leiding en begeleiding tot geestelike groei minder effektief beleef.

*Vraag 19*

Geen formele evaluering van spiritualiteit en die vlak van geestelike ontwikkeling word tans deur een van die predikers wat aan die navorsing deelgeneem het, gedoen nie.

*Gevolgtrekking oor die hipotese dat prediking in die praktyk funksionele leemtes openbaar en nie altyd bevredigend daarin slaag om geestelike groei in 'n gemeente te bevorder nie.*

Uit al die leemtes en negatiewe aspekte oor prediking wat uit die empiriese studie na vore gekom het, is dit duidelik dat die hipotese vir hierdie studie as korrek

bewys is. Prediking openbaar funksionele leemtes en slaag nie altyd daarin om geestelike groei bevredigend in 'n gemeente te bevorder nie.

# Afdeling 4

## *'n Verstelde praktykteorie oor die verhouding tussen prediking en geestelike groei binne 'n gemeente*

Afdeling 4 bestaan uit:

**Hoofstuk 14:** Inleiding tot Afdeling 4.

**Hoofstuk 15:** Die opstel van 'n verstelde praktykteorie en 'n model oor hoe prediking geestelike groei in 'n gemeente kan bevorder.

**Hoofstuk 16:** Finale samevatting en gevolgtrekking, terreine vir verdere studie, sleutelwoorde en opsomming.

# Hoofstuk 14

# Inleiding tot Afdeling 4

Die fokus van hierdie studie is om vas te stel hoe geestelike groei in 'n gemeente deur prediking bevorder kan word. Die doel van hierdie navorsing is om resultate te verkry wat rigtingaanduidend kan wees oor hoe om die gemeente deur prediking op die pad na geestelike volwassenheid te begelei.

Hierdie studie volg die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:166 e.v.) soos uiteengesit in Hoofstuk 1. Die laaste stap, volgens hierdie model, is om 'n verstelde praktykteorie te formuleer.

## *14.1 Die teorie van 'n praktykteorie*

'n Praktykteorie beskryf hoe 'n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer. Deur hermeneutiese wisselwerking tussen die refleksiedomeine van die basisteorie (wat in Afdeling 1 bepaal is), die metateorie (wat in Afdeling 2 bepaal is) en die werklikheid (Afdeling 3), word 'n verstelde praktykteorie geformuleer (vgl. Venter, 1992:42-44; 1995:198-200) wat sal poog om 'n huidige onbevredigende situasie meer aanvaarbaar te maak.

## *14.2 Doelstelling van Afdeling 4*

Die doelstelling van hierdie finale afdeling van die studie is om 'n verstelde praktykteorie aangaande prediking wat geestelike groei in 'n gemeente bevorder, te formuleer. Dit is in lyn met die model van Zerfass (1974:166 e.v.) wat in hierdie studie nagevolg word.

> Daarom is die doelstelling van hierdie afdeling om 'n verstelde **praktykteorie** aangaande **prediking** wat **geestelike groei** in 'n gemeente sal **bevorder, te formuleer.**

## *14.3 Doelwitte vir Afdeling 4*

Om 'n verstelde praktykteorie te formuleer, sal die volgende doelwitte nagestreef word:

DOELWIT J[19]: Eerstens word 'n verstelde praktykteorie oor hoe prediking geestelike groei kan bevorder, geformuleer.

DOELWIT K: In die tweede plek word 'n model daargestel wat predikers kan help om deur hul prediking geestelike groei te bevorder.

## *14.4 Die werksplan en metode*

Die werkswyse vir hierdie afdeling is soos volg:

- Eerstens word die basis- en metateoretiese perspektiewe (soos onderskeidelik in Afdelings 1 en 2 vasgestel is) in hermeneutiese wisselwerking geplaas met die leemtes en probleme in die praktyk (soos in Afdeling 3 vasgestel is). Verstelde basis- en metateorieë word sodoende gevorm.
- Tweedens word die verstelde basis- en metateorieë in hermeneutiese wisselwerking met mekaar geplaas. Die verstelde praktykteorie word op hierdie wyse vasgestel.
- In die derde plek word vanuit die sintese 'n model opgestel wat predikers kan help om deur hul prediking geestelike groei te bevorder.
- In die vierde plek word 'n finale samevatting en gevolgtrekking gemaak. Terreine vir verdere navorsing word geïdentifiseer, 'n opsomming van die studie en sleutelterme word gegee.

[19] Die doelwitte van hierdie afdeling word as J en K genommer om hulle te onderskei van Doelwitte A, B en C wat in Afdeling 1, Doelwitte E en F wat in Afdeling 2, en Doelwitte G, H en I wat in Afdeling 3 nagevors is.

# Hoofstuk 15

# Die formulering van 'n verstelde praktykteorie en die opstelling van 'n model oor hoe prediking geestelike groei in 'n gemeente kan bevorder

## *15.1 Inleiding tot Hoofstuk 15*

Om 'n verstelde praktykteorie en model te kan formuleer van hoe prediking geestelike groei in 'n gemeente kan bevorder, moet die basisteorie in hermeneutiese wisselwerking geplaas word met die metateorie en empiriese navorsingsresultate, volgens die model van Zerfass (1974:166 e.v.; vgl. Venter, 1992:42-44; 1995:198-200) wat in hierdie studie gevolg is. Die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteorie van hierdie studie (Afdeling 1), die metateorie van hierdie studie (Afdeling 2) en die empiriese navorsingsresultate (Afdeling 3) word vervolgens gedoen. Dit sal in drie fases geskied:

<u>Fase 1:</u>

Fase 1 bestaan uit drie stappe. In Afdeling 3 is insigte, leemtes en probleme aangaande prediking wat geestelike groei bevorder, in die praktyk geïdentifiseer. Negentien vrae is deur deelnemers behandel en insigte, leemtes of probleme is by die meeste vrae geïdentifiseer. Die vrae waarvolgens die insigte, leemtes of probleme geïdentifiseer is, is egter opgestel aan die hand van die basis- en metateoretiese perspektiewe. In die lig hiervan, geskied Fase 1 in vier stappe:

- Stap 1 is om elke basis- en metateoretiese beginsel weer te stel.
- Stap 2 is om die insigte, leemtes en probleme wat in die praktyk geïdentifiseer is, skematies weer te gee.
- Stap 3 is om die basis- en metateoretiese perspektiewe in hermeneutiese wisselwerking met mekaar te plaas en sodoende verstelde basis- en metateoretiese perspektiewe te formuleer.

<u>Fase 2:</u>

Fase 2 bou voort op die verstelde basis- en metateoretiese beginsels wat in Fase 1 geformuleer is. In hierdie fase word elke verstelde basisteoretiese beginsel in hermeneutiese wisselwerking met die verstelde metateoretiese beginsels geplaas. Hieruit word praktykteoretiese riglyne geformuleer.

Fase 3:

Fase 3 neem Fase 2 verder. Die verstelde praktykteorie word gebruik om 'n model te formuleer wat 'n prediker kan help om deur sy prediking, op meer doeltreffende wyse, geestelike groei by sy hoorders te bevorder.

Die werkswyse om die model te formuleer, is soos volg:

- Eerstens word 'n skematiese voorstelling van die praktykteoretiese riglyne gemaak, soos wat 'n prediker dit sal gebruik om 'n preek te maak en te lewer.
- Tweedens word die skematiese voorstelling en die rasionaal daaragter verduidelik.
- Daarna word 'n kontrolelys aan die hand van die skematiese voorstelling opgestel wat 'n prediker kan help om geestelike groei en gepaardgaande verdieping in spiritualiteit te bevorder.

## *15.2 Fase 1: Hermeneutiese wisselwerking tussen insigte, leemtes en probleme wat in die praktyk geïdentifiseer is en die basis- en metateoretiese beginsels*

Vervolgens word die basis- en metateoretiese beginsels weer gestel om dit in wisselwerking te plaas met die insigte, leemtes en probleme wat tydens die empiriese studie geïdentifiseer is.

### 15.2.1 Basisteoretiese Beginsels (BT)

In Afdeling 1 is die basisteoretiese beginsels soos volg opgestel:

- Basisteoretiese beginsels 1-5 fokus op prediking.
- Basisteoretiese beginsels 6-10 fokus op spiritualiteit en geestelike groei.

Die basisteoretiese beginsels vir hierdie studie is as volg:

1) Prediking is 'n gebeurtenis waarby drie partye betrokke is: a) die Here, b) die boodskapper/leermeester/prediker wat deur God gestuur word om sy boodskap oor te dra en c) die hoorders van God se boodskap. Prediking het as inhoud die lewe, sterwe en opstanding van Christus en die implikasie daarvan vir die lewe van elke mens. Met behulp van die preek moet daar dus 'n brug gebou word tussen die boodskap van die Bybelteks en die lewe van die hoorders.

2) Die doel van prediking is om die sondaarmens met God te versoen en die versoende mens te leer om in 'n nuwe verhouding met God te lewe. In hierdie

nuwe verhouding met God moet gelowiges na geloofsvolwassenheid groei. Die prediker moet daarom die geestelike volwassenheid van sy hoorders in ag neem en dit in die sake waaroor gepreek word, verreken.

3) Die prediker dra met woorde 'n boodskap van die Here aan die hoorders oor. Hierdie boodskap word in die Skrif gevind. God moet deur sy Heilige Gees die geestesoog van die prediker verlig om die Woordboodskap te kan sien. Daarom is die prediking se gesag in die Here self gefundeer en nie in die prediker, wat bloot die boodskap oordra nie.

4) Deur middel van eksegetiese en hermeneutiese metodes moet die prediker sy boodskap vanuit die Skrif vind en in die lewens van sy hoorders toepas. Deur prediking (homilese) moet die boodskap aan die hoorders oorgedra word. Prediking bestaan uit verskillende fasette, onder andere verkondiging, onderrig, vertroosting en vermaning.

5) Vir die hoorder om waarlik die Woord van God te hoor, beteken: om te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer.

6) Spiritualiteit verwys na die manier waarop die totale lewe verstaan en geleef word, asook die aanbiddingspraktyke wat ontwikkel is om die verhouding met God te onderhou. Anders gestel: spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitlewing van geloof.

7) Die fondament van Christelike spiritualiteit is die verlossing van sonde in Jesus Christus. Hiermee is die gelowige nou in 'n nuwe verhouding met God gestel. In hierdie verhouding verwag God dat sy mense op alle lewensterreine volgens sy voorskrifte sal lewe en sal groei na geloofsvolwassenheid. Geestelike volwassenheid word bereik deur die nadergroei na die volmaaktheid en volwassenheid van Christus.

8) Geestelike groei bring verdieping in spiritualiteit. Indien verdieping nie plaasvind nie, word die verhouding met God ernstig geskaad. Nominalisme, agnostisisme of formalisme kan onder andere intree.

9) Spiritualiteit kan alleen beoefen word, en geestelike groei kan alleen plaasvind vanuit 'n regte kennis van God. Hierdie kennis word oorgedra deur doelbewuste opvoeding, onderrig, bemoediging en aanmoediging binne die raamwerk van toerusting, bystand en verligting deur die Heilige Gees.

10) In die Christendom bestaan daar verskeie teologiese tradisies wat op hulle beurt weer aanleiding gee tot verskillende soorte spiritualiteit. Binne die

Reformatoriese tradisie is die bron en basis van Godskennis, die Bybel as Woord van God.

### 15.2.2 Metateoretiese Beginsels (MT)

In Afdeling 2 is die metateoretiese beginsels soos volg opgestel:

- Metateoretiese beginsels 1-5 fokus op prediking.
- Metateoretiese beginsels 6-10 fokus op spiritualiteit en geestelike groei.

Die metateoretiese beginsels vir hierdie studie is as volg:

1) 'n Preek is vanuit 'n kommunikasie-oogpunt 'n kommunikatiewe instrument om gemeenskaplike begrip en betekenis tussen prediker en hoorders te skep. Prediking as 'n vorm van kommunikasie kan verskillende doelwitte hê. In prediking kan dit gaan om die oordrag en uitruil van inligting, om die beïnvloeding tot spesifieke oortuigings, keuses en besluite, om die meewerking tot die bou van verhoudings, om selfbegrip te bevorder en om ander behoeftes te vervul. Prediking vind in 'n spesifieke konteks plaas. Konteks word deur verskeie faktore bepaal, soos die fisiese, sosiologiese, historiese, psigologiese en kulturele opset waarbinne kommunikasie plaasvind. Konteks sluit ook in om rekening te hou met eksistensiële waarhede en om bestaansvrae van die hoorders te beantwoord.

2) Buiten die kanaal van die gehoorsintuig, kan kommunikasie via verskillende ander sensoriese kanale plaasvind. Hoe meer sensoriese kanale gebruik word om 'n boodskap oor te dra, hoe meer doeltreffend word die boodskap oorgedra. Geruis kan 'n invloed hê op die effektiwiteit waarmee 'n preek gelewer word. Geruis kan ekstern, intern of semanties van aard wees. Die prediker moet geruis doelbewus teenwerk.

3) Die persoon van die prediker speel 'n belangrike rol in die positiewe oordrag van die boodskap. 'n Prediker moet 'n positiewe band met sy hoorders hê. Hy kan slegs geloofwaardig oorkom oor spiritualiteit en geestelike groei as hy self vaardig is ten opsigte van spiritualiteit en geestelike groei en duidelik oortuig is van die boodskap wat hy verkondig. Om sy hoorders positief hieroor te beïnvloed, moet hy eerlik en opreg met hulle wees en 'n band met hulle bou. Hy moet homself ken, homself voortdurend ontwikkel, maar ook aanvaar wie hy nie is nie.

   'n Prediker moet aandag aan sy voordragstyl gee. Deur die hoorders in die eerste- en tweedepersoon aan te spreek, word ook 'n band gebou, terwyl 'n derdepersoon aanspreekvorm dikwels afstand skep. Die nie-verbale kommunikasie van die prediker het ook dikwels 'n groter invloed op die aanvaarding al dan nie van die boodskap as die woorde self.

4) Vanweë sy monologiese vorm, is 'n preek nie 'n ontwikkelende gesprek waartydens prediker en hoorders rolle omruil nie. Daarom moet 'n prediker doelbewus terugvoer soek en daarop reageer om misverstande reg te stel, onduidelikhede op te klaar en die boodskap te versterk. Terugvoer kan indirek (byvoorbeeld deur nie-verbale kommunikasie) en direk (deur doelbewuste navraag) verkry word.

   Tog is die hoorder nie passief nie, maar aktief by die luisterproses betrokke. Daarom moet daar doelbewus daarna gestrewe word om die hoorder aktief by die luisterproses te betrek. Dit kan gedoen word deur die hoorders te laat dink, antwoord en argumenteer - al is dit net in hulle gedagtes - asook deur doelbewuste terugvoer op die preek te vra.

5) Ten opsigte van die inhoud van sy boodskap, moet die prediker oplet na die kwaliteit, kwantiteit, styl en relevansie daarvan. Belangstelling kan onder hoorders geprikkel word deur aandag te gee aan aktuele sake. Hoorders moet ook dadelik weet wat om met die boodskap te doen.

   'n Preek behoort 'n duidelike struktuur te hê om hulp aan hoorders te verleen om die boodskap te kan volg. 'n Duidelike struktuur bestaan meestal uit net een sentrale gedagte wat in die preekliggaam uitgewerk word in hoofpunte. Die inleiding moet die aandag trek, aptyt wek vir die boodskap wat kom en kan ook die struktuur van die boodskap verduidelik. Die liggaam moet 'n eenvoudige, maar sterk struktuur besit. Die slot bevat die samevatting en afsluiting. 'n Sterk slot kan help dat die boodskap langer onthou word.

   Die taalgebruik van 'n prediker mag die boodskap nie verduister nie, maar moet dit juis verhelder. Daarom moet die prediker daarop let om taal te gebruik wat sy hoorders verstaan, maar nie aanstoot gee nie.

   Hulpmiddels kan gebruik word om die aanbieding van 'n boodskap deur prediking te versterk. Hulpmiddels wat gebruik kan word, is uitdeelstukke, 'n skryfbord, transparante, dataprojektors, kassetspelers en dramatisering van Bybelse stof. Hulpmiddels moet egter hulpmiddels bly en daar moet teen gewaak word dat dit die aanbieding oorneem.

6) Insigte vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit kan perspektiewe lewer op menslike gedrag, gedagtes en emosies en hoe geestelike groei gefasiliteer kan word. Onder die term "spiritualiteit" word vir hierdie studie met die volgende beskrywing volstaan (vgl. 6.2.6): "spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitleef van geloof."

7) Daar bestaan verskillende vlakke of stadia in geloofsontwikkeling. Hierdie vlakke hou verband met psigososiale, kognitiewe en morele ontwikkeling. Daar moet

teen gewaak word om een vlak as beter as 'n ander te beskou. Elke vlak hou bloot verband met die vermoëns van die persoon tydens 'n spesifieke lewensstadium.

Bevredigende beantwoording van die volgende vier vrae tydens elke ontwikkelingsstadium, kan help om geestelike groei te bewerkstellig. Hierdie vrae is:

- Sekerheid: Het ek die reg om te bestaan en wat is die diepste grond van my bestaan?
- Vertroue: Aan wie kan ek myself volledig toevertrou?
- Mag: Hoe moet ek my mag/vryheid in verhouding tot God en ander gebruik?
- Liefde: Wat is die finale doel en betekenis van my lewe en hoe kan ek dit ervaar, hoe kan ek in liefde uitreik na God en my medemens?

8) Geestelike groei en verdieping in spiritualiteit verander nie die persoonlikheid van 'n mens nie. Die wyse waarop 'n persoon die eienskappe van sy persoonlikheid uitleef, kan wel deur geestelike groei beïnvloed word. Predikers kan daarom daarna strewe om hul hoorders te begelei van 'n ekstrinsieke geloofsbegrip, na 'n intrinsieke geloofsbegrio, waar geloofswaardes rigtinggewend en motiverend vir hul lewens word.

   Predikers moet daarna streef om hul hoorders se betekenissisteme met Skriftuurlike betekenis te vul. Verandering in 'n betekenissisteem is die gevolg van een of ander vorm van druk wat op die konsepte binne die betekenissisteem geplaas word. Normaalweg ontstaan hierdie druk deur een of ander vorm van konflik wat 'n persoon tussen sy betekeniskonsepte en die werklikheid ervaar. Om die prediker hiermee te help, kan hy hom die gedagtes van die hoorder oor sekere aktuele sake probeer indink. Aktuele wêreldgebeure of insidente in die lewens van die hoorders kan as vertrekpunt dien om sekere betekeniskonsepte van hoorders onder druk te plaas en dit te vervang met 'n suiwerder Skriftuurlike konsep. Verandering in betekenissisteem vind meermale geleidelik plaas en nie skielik en dramaties nie.

9) Begeleiding van hoorders tot verdiepte religieuse gedrag, kan indirek bydra tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit. Verdiepte religieuse gedrag word bevorder deur verskillende psigologiese temas deur onderrigtende prediking aan te spreek om intra-psigiese funksionering te verhoog en interpersoonlike verhoudings te verbeter. Temas wat aangespreek kan word, is:

   - Selfbeheersing,

- Krisishantering,
- Die hantering van negatiewe of nie-Bybelse denkpatrone (kognitiewe herstrukturering),
- hantering van angs en depressie,
- aanvaarding van die self en ander,
- verwerking van trauma,
- ervaring van verlies,
- hantering van skuldgevoelens,
- vergiffenis,
- interpersoonlike probleme soos huwelikskonflik,
- hantering van emosies,
- hantering van vooroordeel,
- eerlikheid,
- seksualiteit,
- misdaad en straf,
- die verhouding tussen religie en politiek,
- vrede, konflik en oorlog,
- woede teenoor God,
- oorgawe aan God,
- vergewing van sondes,
- die persepsie van aanvalle deur die bose,
- en hoe om teenoor buitestaanders van die religieuse groep waaraan behoort word, op te tree.

10) Daar is al heelwat instrumente binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ontwikkel om verskeie aspekte van spiritualiteit en geestelike groei te meet. Predikers kan, met die nodige hulp van psigometrici, van tyd tot tyd hul hoorders evalueer ten opsigte van sekere aspekte van hul spiritualiteit en geestelike groei. Hierdie psigometriese meting kan die volgende voordele inhou:

- Predikers kan die wêreldbeeld van hul hoorders beter verstaan en maak dat hul meer empaties is.

- Meting kan die impak van gesonde en ongesonde spirituele oriëntasies identifiseer en evalueer. Hierdie spirituele oriëntasies kan dan in die prediking aangespreek word.
- Meting kan vasstel of religieuse en spirituele oortuigings ondersteuning aan hoorders bied. Meting kan dus 'n vorm van terugvoer aan predikers bied.
- Meting kan bepaal watter spirituele probleme of tekortkominge by persone bestaan wat in prediking aangespreek kan word.
- Die uitslae van psigometriese evaluasie kan predikers help met preekbeplanning.

### 15.2.3 Insigte, leemtes en probleme wat in die praktyk geïdentifiseer is

In Afdeling 3 is insigte, leemtes en probleme met betrekking tot die basis- en metateoretiese beginsels geïdentifiseer.

Onder 13.4.1-13.4.3 is die insigte gelys wat verkry is ten opsigte van die funksionering van prediking in die praktyk (13.4.1), die verband tussen prediking, spiritualiteit en geestelike groei in die praktyk (13.4.2) en die voldoening van prediking in die praktyk aan die vereistes wat die Kommunikasiekunde en Psigologie aan prediking stel.

Onder 13.4.4 is al die leemtes en probleme wat tydens die empiriese studie geïdentifiseer is, gelys volgens die vrae waaruit dit na vore gekom het. Die vrae is opgestel aan die hand van die verskillende basis- en metateoretiese beginsels. Om die leemtes en probleme by die toepaslike basis- en metateoretiese beginsels te kan rangskik, moet daar dus rekening gehou word met 1) die vrae waaruit dit na vore gekom het, en 2) die ooreenstemmende basis- en metateoretiese beginsel waaruit die vraag opgestel is.

In 13.2 is aangetoon dat die vrae van die vraelys soos volg met die basis- en metateoretiese perspektiewe korrespondeer (sien volgende bladsy):

| Vraag | Basisteoretiese Beginsel | Metateoretiese Beginsel |
|---|---|---|
| 1 | 1, 2 en 10 | |
| 2 | 2 en 3 | |
| 3 | 4 | |
| 4 | 4 | |
| 5 | 5 | |
| 6 | 6 en | 6 |
| 7 | 7 en 8 | |
| 8 | 2,4, 8, 9 en 10 | |
| 9 | | 1 |
| 10 | | 2 |
| 11 | | 1en 3 |
| 12 | 3 en | 3 |
| 13 | | 4 |
| 14 | | 4 |
| 15 | | 5 |
| 16 | | 7 |
| 17 | 2 en | 8 en 9 |
| 18 | | 9 |
| 19 | | 10 |

Omgekeerd is hierdie korrespondensie soos volg:

| Basisteoretiese Beginsel | Vraag |
|---|---|
| 1 | 1 |
| 2 | 1, 2, 8, 17 |
| 3 | 3, 12 |
| 4 | 3, 4, 8 |
| 5 | 5 |
| 6 | 6 |
| 7 | 7 |
| 8 | 8 |
| 9 | 9 |
| 10 | 1, 8 |

| Metateoretiese Beginsel | Vraag |
|---|---|
| 1 | 9,,11 |
| 2 | 10 |
| 3 | 11,12 |
| 4 | 13, 14 |
| 5 | 15 |
| 6 | 6 |
| 7 | 16 |
| 8 | 17 |
| 9 | 17, 18 |
| 10 | 10 |

Skematies kan die insigte, leemtes en probleme wat in die praktyk geïdentifiseer is, soos volg weergegee word:

| Vraag | Insigte | Leemtes of probleme |
|---|---|---|
| 1 | a) Prediking word in die praktyk beskou as verklaring en toepassing van die Woord van die Here in die lewe van die hoorder. Die hoorder word vanuit die Woord van God toegerus om volgens die wil van die Here te leef en 'n Bybelse perspektief op die werklikheid te hê. | Geen |
| | b) Die Woord van God, soos in die Bybel geopenbaar, as bron en basis van Godskennis is deur die empiriese studie bevestig. | |
| 2 | Predikers doen moeite om die Bybel te ondersoek en 'n boodskap vanaf God aan hul hoorders te bring. Meeste hoorders beleef dan ook dat die boodskap vanaf God kom. Soms is daardie belewenis egter nie daar nie. | Enkele deelnemers beleef soms dat predikers nie 'n boodskap van God bring nie, maar dat hulle hul eie gedagtes verkondig. |
| 3 | Predikers streef daarna om die Bybelteks relevant aan hul hoorders oor te dra, maar tog op só 'n wyse dat hoorders kan sien hoe die boodskap vanuit die Woord na hulle kom. Uitleg mag nie ten koste van toepassing afgeskeep word nie. Goeie uitleg maak dat die hoorders die teks makliker in hul eie lewens kan toepas. Predikers begelei hulle hoorders deur aan die een kant breë beginsels van toepassing te stel, maar aan die ander kant ook duidelike praktiese riglyne te gee. | Jonger deelnemers dui aan dat hulle nie altyd die preke as relevant en toepaslik beleef nie. |
| 4 | Onderrig is 'n baie belangrike predikingsaanslag in die praktyk. Predikers gee baie aandag aan onderrig en verkondiging. Hoorders beleef vertroosting as die mees prominente aanslag. Predikers slaag egter daarin om met hul onderrig, vertroosting te | Onderrig en verkondiging is die mees prominente aanslae in prediking. Vertroosting en vermaning kom as ondertone uit onderrig en verkondiging na vore. Vermaning word egter die minste gebruik. |

| | | |
|---|---|---|
| | bied. Dit blyk dus dat onderrig en verkondiging die mees prominente aanslae is, met vertroosting en vermaning wat as ondertone na vore kom. | |
| 5 | Hoe meer 'n preek van hoorders vra, hoe moeiliker word dit om op die preek te reageer. Passiewe luister na die preek, is die maklikste. Om regtig op die preek te konsentreer, raak moeiliker. Om 'n preekboodskap te aanvaar, is nog moeiliker. Die moeilikste is om die boodskap uit te voer. | Dit is moeilik vir hoorders om die preekboodskap prakties uit te voer. |
| 6 | Alhoewel die begrip "spiritualiteit" volgens baie deelnemers nie so 'n duidelik omlynde begrip is nie, is meeste deelnemers van mening dat dit verwys na 'n persoon se verhouding met God. Die verhouding met God het 'n bepalende invloed op 'n persoon se daaglikse lewenspraktyk. | Geen |
| 7 | Geestelike groei dui op verdieping of verinniging van 'n persoon se verhouding met God. Geestelike groei word sigbaar in 'n persoon se lewe, omdat daardie persoon al meer volgens die wil van God begin leef. Só 'n persoon raak sterker in sy geloof deur van geloofsonsekerhede ontslae te raak. | |
| 8 | a) Predikers kan aktueel en relevant wees deur die omstandighede en geestelike ontwikkelingsvlak van al hul hoorders in die prediking te verreken. Hulle moet hul hoorders goed ken en 'n goeie verhouding met hul hê. | a) Deelnemers (en veral die jonger deelnemers) het 'n behoefte aan groter praktiese toepaslikheid in die preke. Duidelike aanwysings vir toepassing word gesoek. |
| | b) Geestelike groei word die beste in prediking bewerkstellig wanneer die aanslag 'n verkondigende en onderrigtende aanbieding van die teks is, waarin die ondertone van vermaning en vertroosting na vore kom. | b) Sommige jonger deelnemers beleef dat predikers nie so goed met hulle spiritualiteit en vlak van geestelike ontwikkeling rekening hou nie. |

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | c) Sommige jonger deelnemers beleef dat die temas wat predikers in prediking aanspreek, nie so aktueel en relevant vir hulle leefwêreld is nie. |
| 9 | a) Prediking wek 'n spesifieke moraliteit. Vanuit die spesifieke moraliteit kom bewustheid oor watter keuses om te maak en watter besluite om te neem. | a) Hoorders luister selektief na prediking. Daarby het geruis 'n beduidende invloed op konsentrasie. Gedagtes dwaal soms rond en word maklik afgetrek deur geruis. |
| | b) Oor die beïnvloeding tot spesifieke oortuigings, is gesê dat prediking oorreding en nie dwang is nie. Predikers poog om doelbewus God se Woord as maatstaf vir die hoorders se lewens voor te hou en hulle sodoende tot Bybelse oortuigings te oorreed. | b) Hoorders toon dat hulle sukkel om die preke in hul lewens uit te voer. |
| | c) Predikers toon dat hulle nie baie aandag aan nie-verbale kommunikasie gee nie, maar dit is duidelik dat nie-verbale kommunikasie, al is dit meestal op 'n onbewustelike vlak, 'n groot invloed op die deursnee deelnemer het. | c) Sommige jonger deelnemers beleef dat preke nie so relevant en toepaslik vir hul lewens is, of so skerp op hulle gerig is nie. |
| 10 | Die Woord van God, soos in die Bybel geopenbaar, as bron en basis van Godskennis is deur die empiriese studie bevestig. | Die vernaamste sensoriese kanaal, buiten die gehoor, wat predikers gebruik, is die visuele kanaal. Sommige predikers gebruik dit nie doelbewus nie. 'n Aantal jonger mense voel dit kan beter gebruik word. |
| 11 | Die praktyk toon dat preke met 'n sterk struktuur en goeie logika makliker is om te volg. Doelbewuste gebruik van eerste- en tweedepersoon aanspreekvorme dra by tot die effektiewe aanspreek van hoorders. Nie-verbale kommunikasie het 'n groot (maar onbewustelike) invloed op hoorders. | Predikers toon dat hulle nie baie aandag aan nie-verbale kommunikasie gee nie, maar dit is duidelik dat nie-verbale kommunikasie, al is dit meestal op 'n onbewustelike vlak, 'n groot invloed op die deursnee deelnemer het. |
| 12 | Die geloofwaardigheid van predikers word bepaal as dit sigbaar word dat die prediker self | |

| | | |
|---|---|---|
| | glo wat hy verkondig, dat dit duidelik is dat die boodskap vanuit die Skrif kom en dat die prediker 'n goeie band met sy hoorders het. Die feit dat die prediker deur God gestuur is, is slegs vir 'n klein groepie hoorders van belang in die bepaling van die prediker se geloofwaardigheid. | |
| 13 | Vraag 13 het die volgende insigte opgelewer:<br><br>Beter konsentrasie deur hoorders kan bevorder word deur:<br><br>o Aktuele, relevante en praktiese preke.<br>o Hulpmiddels wat hoorders kan help om die preek te volg, byvoorbeeld uitgedeelde volgstukke, kerngedagtes op 'n dataprojektor, ensovoorts.<br>o Beelde, voorbeelde en vertellings waarmee hoorders kan identifiseer.<br>o Taalgebruik in die preek wat die hoorders verstaan.<br>o Deur vrae te vra.<br>o Hoorders uit te daag tot sekere dinge.<br>o Aanvegbare stellings te maak waarna later teruggekom word.<br>o Natuurlike stiltes in hul prediking te gebruik.<br>o Praktiese toepassings te maak waarmee die hoorders kan identifiseer. | Alhoewel die deelnemers aangetoon het dat daar goed tydens prediking gekonsentreer word, is daar dinge uitgewys wat konsentrasie bemoeilik, soos onrustigheid voor die diens, dwalende gedagtes, eksterne en semantiese geruis. Predikers kan dus in prediking daartoe meewerk dat konsentrasie verskerp of verswak word. Hulle kan die volgende doen: 'n duidelike, logiese lyn in die prediking handhaaf, oudiovisuele hulpmiddels gebruik, baie beelde en voorbeelde gebruik om die boodskap te belig, van volgstukke gebruik maak en hoorders leer om notas tydens prediking te maak. |
| 14 | Predikers kry min terugvoer oor prediking. Min kerke het formele geleenthede wat toegespits is op preekbespreking om dialoog oor prediking te bevorder. | a) Predikers kry min terugvoer oor prediking. Hulle kry dus nie terugvoer wat hulle kan help om skerper op sekere sake te fokus of swak punte in hul preekstyl reg te stel of te verbeter nie. |
| | | b) Min predikers skep formele geleenthede wat toegespits is op preekbespreking. Deelnemers het wel 'n behoefte om oor preke te gesels, getoon. |

| | | |
|---|---|---|
| 15 | Geen | Deelnemers het bevestig dat die gebruik van hulpmiddels die effektiewe oordrag van 'n boodskap versterk. Daar is egter predikers wat nie daarvan gebruik maak nie. Van die jonger deelnemers wil hê dat van die hulpmiddels nog meer gebruik moet word. |
| 16 | Kinders en adolessente word moeiliker aangespreek as volwassenes en bejaardes. Die meeste kerke reël kinderdienste of kinderkerke. 'n Prediker kan hoorders beter aanspreek as hy by hulle betrokke is en hul leefwêreld verstaan. | Kinders en adolessente word moeiliker en minder effektief aangespreek as volwassenes en bejaardes. |
| 17 | Predikers moet hoorders in die eerste plek oortuig om geestelik te groei. Daarna kan hulle hoorders bystaan in geestelike groei deur hulle aan te moedig om sekere stappe te neem wat tot geestelike groei aanleiding kan gee. | Jonger deelnemers beleef leiding en begeleiding tot geestelike groei as minder effektief as die vrouedeelnemers en die verwagting van die predikers. |
| 18 | Duidelike preke aangaande die heilsleer en praktyk van die Christelike lewe, kan geestelike groei bevorder. | Jonger deelnemers beleef leiding en begeleiding tot geestelike groei deur hul predikers tydens prediking as minder effektief. |
| 19 | Geen | Geen formele evaluering van spiritualiteit en die vlak van geestelike ontwikkeling word tans deur een van die predikers gedoen nie. |

## 15.2.4 Verstelde basis- en metateoretiese beginsels

Vanuit die hermeneutiese wisselwerking tussen die basis- en metateoretiese beginsels met die insigte, leemtes en probleme wat in die praktyk geïdentifiseer is, is die volgende verstelde basis- en metateoretiese perspektiewe geformuleer. Die onderstreping toon die verstellings.

### *15.2.4.1 Die volgende verstelde basisteoretiese beginsels is geformuleer:*

1) Prediking is 'n gebeurtenis waarby drie partye betrokke is: a) die Here, b) die boodskapper/leermeester/prediker wat deur God gestuur word om sy boodskap oor te dra en c) die hoorders van God se boodskap. <u>Prediking is die verklaring</u>

en toepassing van die Woord van die Here. Dit het as inhoud die lewe, sterwe en opstanding van Christus en die implikasie daarvan vir die lewe van elke mens. Die hoorder word toegerus om volgens die wil van die Here te leef en 'n Bybelse perspektief op die werklikheid te hê. Met die preek moet daar dus 'n brug gebou word tussen die boodskap van die Bybelteks en die lewe van die hoorders.

2) Die doel van prediking is om die sondaarmens met God te versoen en die versoende mens te leer om in 'n nuwe verhouding met God, volgens die wil van God, te lewe. In hierdie nuwe verhouding met God moet gelowiges na geloofsvolwassenheid groei. Predikers begelei hoorders hierin deur doelbewus rekening te hou met die spiritualiteit en vlak van geestelike ontwikkeling van sy hoorders. Om die leefwêreld van sy hoorders te ken en te kan verreken, moet hy daarna streef om aktueel en relevant te wees. Praktiese toepassing van Bybelse beginsels sal hulp aan hoorders verleen om die teks beter te verstaan en self in hul lewens toe te pas.

3) Die prediker dra met woorde 'n boodskap van die Here aan die hoorders oor. Hierdie boodskap word in die Skrif gevind. God moet deur sy Heilige Gees die geestesoog van die prediker verlig om die Woordboodskap te kan sien. Daarom is die prediking se gesag in die Here self gefundeer en nie in die prediker wat bloot die boodskap oordra nie. Die geloofwaardigheid van die prediker word egter bepaal wanneer dit sigbaar word dat die prediker self glo wat hy verkondig, dat dit duidelik is dat die boodskap vanuit die Skrif kom en dat die prediker 'n goeie band met sy hoorders het.

4) Deur middel van eksegetiese en hermeneutiese metodes moet die prediker sy boodskap vanuit die Skrif vind en in die lewens van sy hoorders toepas. Deur prediking (homilese) moet die boodskap baie relevant en prakties toepaslik aan die hoorders oorgedra word, maar op só wyse dat hoorders kan insien hoe die boodskap uit die Woord na hulle kom. Uitleg mag nie ten koste van toepassing afgeskeep word nie. Goeie uitleg maak dat die hoorders die toepassing van die teks makliker in hul eie lewens kan raaksien.

   Prediking bestaan uit verskillende fasette, onder andere verkondiging, onderrig, vertroosting en vermaning.

   - Verkondiging en onderrig moet nuwe, uitgebreide kennis aan die hoorder gee, want sonder groei in kennis van God, kan daar nie geestelike groei wees nie. In reaksie op die nuwe, uitgebreide

kennis, kan praktiese toepassings gemaak word deur vermaning en/of vertroosting.

- Vertroosting het ten doel om hoorders op te roep en aan te moedig om te volhard in die saak wat deur die verkondiging en onderrig aan die orde gekom het en sodoende geestelik te groei.
- Vermaning het ten doel om verkeerde dinge ten opsigte van die saak wat in die verkondiging en onderrig aan die orde gekom het, aan te spreek en regte optrede te stel, sonder om harteloos te wees. Vertroosting saam met vermaning, kan die bereiking van hierdie doelwit moontlik maak.

Geestelike groei word die beste in prediking bewerkstellig wanneer die aanslag 'n verkondigende, onderrigtende aanbieding van die teks is, waarin die ondertone van vermaning en verkondiging na vore kom.

5) Vir die hoorder om waarlik die Woord van God te hoor, beteken: om te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer. Predikers moet hul hoorders help om die boodskap goed te hoor en te verstaan. Predikers moet só preek dat hoorders die boodskap aanvaar. Hulp moet verleen word om hoorders te help om die boodskap prakties in hul lewens te gaan toepas en uit te leef.

   Hoe meer 'n preek van hoorders vra, hoe moeiliker word dit om op die preek te reageer. Passiewe luister na die preek, is die maklikste. Om regtig op die preek te konsentreer, raak moeiliker. Om 'n preekboodskap te aanvaar, is nog moeiliker. Die moeilikste is om op die boodskap te reageer.

6) Geen verstelling is by BT 6 nodig nie: Spiritualiteit verwys na die manier waarop die totale lewe verstaan en geleef word, asook die aanbiddingspraktyke wat ontwikkel is om die verhouding met God te onderhou. Anders gestel: spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitlewing van geloof.

7) Die fondament van Christelike spiritualiteit is die verlossing van sonde in Jesus Christus. Hiermee is die gelowige nou in 'n nuwe verhouding met God gestel. In hierdie verhouding verwag God dat sy mense op alle lewensterreine volgens sy voorskrifte sal lewe en sal groei na geloofsvolwassenheid. Geestelike volwassenheid word bereik deur die nadergroei na die volmaaktheid en volwassenheid van Christus. Geestelike groei dui op 'n verinniging van 'n persoon se verhouding met God.

8) Geestelike groei bring verdieping in spiritualiteit en 'n verinniging in die persoon se verhouding met God. Predikers kan geestelike groei bevorder deur rekening hou met die spiritualiteit en vlak van geestelike groei van hul hoorders, aktueel en relevant te preek, asook duidelike aanwysings te gee oor die toepassing van die preekboodskap. Indien hoorders se verhouding met God nie verinnig nie, word die verhouding met God ernstig geskaad en dra preke onder andere by tot nominalisme, agnostisisme of formalisme by die hoorders. Geestelike groei word sigbaar deurdat 'n persoon al meer volgens die wil van God begin leef en van geloofsonsekerhede ontslae raak.

9) Spiritualiteit kan alleen beoefen word, en geestelike groei kan alleen plaasvind vanuit 'n regte kennis van God. Hierdie kennis word tydens prediking oorgedra deur doelbewuste opvoeding en onderrig waarbinne hoorders bemoedig en aangemoedig word tot geestelike groei binne die raamwerk van toerusting, bystand en verligting deur die Heilige Gees. Effektiewe opvoeding en onderrig kan gebied word deur duidelike, praktiese toepassings te maak wat aktueel en relevant vir die hoorders is en rekening hou met hulle spiritualiteit en vlak van geestelike ontwikkeling. Om dit te kan doen, moet 'n prediker 'n goeie band met sy hoorders hê.

10) Geen verstelling is by BT 10 nodig nie: In die Christendom bestaan daar verskeie teologiese tradisies wat op hulle beurt weer aanleiding gee tot verskillende soorte spiritualiteit. Binne die Reformatoriese tradisie is die bron en basis van Godskennis die Bybel as Woord van God.

#### *15.2.4.2 Die volgende verstelde metateoretiese beginsels is geformuleer:*

1) 'n Preek is vanuit 'n kommunikasie-oogpunt 'n kommunikatiewe instrument om gemeenskaplike begrip tussen prediker en hoorders te skep. Wanneer gemeenskaplike begrip tussen prediker en hoorders ontstaan, wek prediking 'n spesifieke moraliteit. Hierdie moraliteit help hoorders om keuses en besluite te maak.

   Predikers moet daadwerklik streef om gemeenskaplike begrip te bewerkstellig deur alle vorme van geruis, selektiewe luister en dwalende gedagtes van hoorders teen te werk. Die nie-verbale kommunikasie van die prediker dra by tot die aanvaarding van die boodskap en die skep van daarmee gepaardgaande gemeenskaplike begrip.

   Prediking as 'n vorm van kommunikasie kan verskillende doelwitte hê. In prediking kan dit gaan om die oordrag en uitruil van inligting, om die

beïnvloeding tot spesifieke oortuigings, keuses en besluite, om die meewerk tot die bou van verhoudings, om selfbegrip te bevorder en om ander behoeftes te vervul. Die beste wyse om hierdie doelwitte te bereik, is deur nie dwang op hoorders toe te pas nie, maar hulle tot die doelwitte te oorreed.

Prediking vind in 'n spesifieke konteks plaas. Konteks word deur verskeie faktore bepaal, soos die fisiese, sosiologiese, historiese, psigologiese en kulturele opset waarbinne kommunikasie plaasvind. Wanneer predikers nie rekening hou met die konteks van hoorders nie, sukkel hoorders om gemeenskaplike begrip en betekenis te vorm. Konteks sluit ook in om rekening te hou met eksistensiële waarhede en om bestaansvrae van die hoorders te beantwoord.

2) Buiten die kanaal van die gehoorsintuig, kan kommunikasie via verskillende ander sensoriese kanale plaasvind. Die primêre kanaal waarvan prediking gebruik maak, is die gehoor. Tog, hoe meer sensoriese kanale gebruik word om 'n boodskap oor te dra, hoe meer doeltreffend word die boodskap oorgedra. Die gebruik van veral oudiovisuele hulpmiddels, kan hierin hulp verleen.

Geruis het 'n invloed op die effektiwiteit waarmee 'n preek gelewer word. Geruis kan ekstern, intern of semanties van aard wees. Die prediker moet geruis doelbewus teenwerk.

3) Die persoon van die prediker speel 'n belangrike rol in die positiewe oordrag van die boodskap.

- 'n Prediker kan slegs geloofwaardig oorkom oor spiritualiteit en geestelike groei as hy self vaardig is ten opsigte van spiritualiteit en geestelike groei en duidelik oortuig is van die boodskap wat hy verkondig.
- Om sy hoorders positief hieroor te beïnvloed, moet hy eerlik en opreg met hulle wees en 'n band met hulle bou.
- Hy moet homself ken en homself voortdurend ontwikkel, maar ook aanvaar wie hy nie is nie.

'n Prediker moet baie aandag aan sy voordragstyl gee.

- Deur die hoorders in die eerste- en tweedepersoon aan te spreek, word ook 'n band gebou, terwyl 'n derdepersoon aanspreekvorm dikwels afstand skep.

- Veral die nie-verbale kommunikasie van die prediker, het ook dikwels 'n groter invloed op die aanvaarding al dan nie van die boodskap as die woorde self.

4) Vanweë sy monologiese vorm, is 'n preek nie 'n ontwikkelende gesprek waartydens prediker en hoorders rolle omruil nie. Omdat 'n preek egter wel ontwikkeling ondergaan en hoorders nie altyd die ontwikkeling volg nie, moet 'n prediker doelbewus terugvoer soek en daarop reageer om misverstande reg te stel, onduidelikhede op te klaar en die boodskap te versterk. Terugvoer kan indirek (byvoorbeeld deur nie-verbale kommunikasie) en direk (deur doelbewuste navraag) verkry word.

   Predikers kan heelwat doelbewuste hulp aan hul hoorders verleen om hulle te help om die preekboodskap te volg:

   - hulle kan 'n duidelike, logiese lyn in die prediking handhaaf,
   - oudiovisuele en ander hulpmiddels, soos volgstukke gebruik,
   - baie beelde en voorbeelde gebruik om die boodskap te belig,
   - hoorders leer om notas tydens prediking te maak,
   - aktueel en relevant preek,
   - taal in die preek gebruik wat die hoorders verstaan,
   - tydens die preek vrae vra,
   - hoorders uitdaag tot sekere dinge,
   - aanvegbare stellings maak waarna later teruggekom word,
   - natuurlike stiltes in hul prediking gebruik,
   - praktiese toepassings maak waarmee die hoorders kan identifiseer.

   Tog is die hoorder nie passief nie, maar aktief by die luisterproses betrokke. Daarom moet daar doelbewus daarna gestrewe word om die hoorder aktief by die luisterproses te betrek. Dit kan gedoen word deur die hoorders te laat dink, antwoord en argumenteer - al is dit net in hulle gedagtes - asook deur doelbewuste terugvoer op die preek te vra. Behalwe dat formele preekbesprekings kan bydra om die hoorders tot dialoog aangaande die preekboodskap te betrek, skep dit ook goeie geleentheid om waardevolle terugvoer aan die prediker oor die preek te gee.

5) Ten opsigte van die inhoud van sy boodskap, moet die prediker oplet na die kwaliteit, kwantiteit, styl en relevansie daarvan. Belangstelling kan onder

hoorders geprikkel word deur aandag te gee aan aktuele sake. Hoorders moet ook dadelik weet wat om met die boodskap te doen.

'n Preek behoort 'n duidelike struktuur te hê om hulp aan hoorders te verleen om die boodskap te kan volg. 'n Duidelike struktuur bestaan meestal uit net een sentrale gedagte wat in die preekliggaam uitgewerk word in hoofpunte. Die inleiding moet die aandag trek, aptyt wek vir die boodskap wat kom en kan ook die struktuur van die boodskap verduidelik. Die liggaam moet 'n eenvoudige, maar sterk struktuur besit. Die slot bevat die samevatting en afsluiting. 'n Sterk slot kan help dat die boodskap langer onthou word.

Die taalgebruik van 'n prediker mag die boodskap nie verduister nie, maar moet dit juis verhelder. Daarom moet die prediker daarop let om taal te gebruik wat sy hoorders verstaan, maar nie aanstoot gee nie.

Veral jonger hoorders is gewoond aan die sekulêre gebruik van oudiovisuele hulpmiddels. Navorsing het bewys dat die gebruik van hulpmiddels tydens prediking, baie kan bydra tot die versterking van die boodskap. Hulpmiddels wat gebruik kan word, is uitdeelstukke, 'n skryfbord, transparante, dataprojektors, kassetspelers en dramatisering van Bybelse stof. Hulpmiddels moet egter hulpmiddels bly en daar moet teen gewaak word dat dit die aanbieding oorneem.

6) Geen verstelling is by MT 6 nodig nie: Insigte vanuit die Psigologie van Religie en Spiritualiteit kan perspektiewe lewer op menslike gedrag, gedagtes en emosies en hoe geestelike groei gefasiliteer kan word. Onder die term "spiritualiteit" word vir hierdie studie met die volgende beskrywing volstaan(vgl. 6.2.6): "spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitleef van geloof."

7) Daar bestaan verskillende vlakke of stadia in geloofsontwikkeling. Hierdie vlakke hou verband met psigososiale, kognitiewe en morele ontwikkeling. Daar moet daarteen gewaak word om een vlak as beter as 'n ander te beskou. Elke vlak hou bloot verband met die vermoëns van die persoon op 'n spesifieke lewensstadium. Die vlakke of stadia van geloofsontwikkeling wat in hierdie studie onderskei word, is: kinders, adolessente en jong volwassenes, volwassenes en bejaardes.

   Om rekening te hou met elke vlak, stel unieke vereistes aan die prediker. Die prediker moet rekening hou met die leefwêreld en vermoëns van sy hoorders ten opsigte van elke vlak van geloofsontwikkeling.

Bevredigende beantwoording van die volgende vier vrae tydens elke ontwikkelingsstadium kan geestelike groei help bewerkstellig. Hierdie vrae is:

- Sekerheid: Het ek die reg om te bestaan en wat is die diepste grond van my bestaan?
- Vertroue: Aan wie kan ek myself volledig toevertrou?
- Mag: Hoe moet ek my mag/vryheid in verhouding tot God en ander gebruik?
- Liefde: Wat is die finale doel en betekenis van my lewe en hoe kan ek dit ervaar, hoe kan ek in liefde uitreik na God en my medemens?

8) Geestelike groei en verdieping in spiritualiteit verander nie die persoonlikheid van 'n mens nie. Die wyse waarop 'n persoon die eienskappe van sy persoonlikheid uitleef, kan wel deur geestelike groei beïnvloed word. Predikers kan daarom daarna strewe om hul hoorders te begelei van 'n ekstrinsieke geloofsbegrip, na 'n intrinsieke geloofsbegrip, waar geloofswaardes rigtinggewend en motiverend vir hul lewens word. Waar daar heelwat jonger hoorders is, moet die prediker doelbewus meer aanmoediging en begeleiding in geestelike groei aan jonger hoorders gee.

Predikers moet daarna streef om hul hoorders se betekenissisteme met Skriftuurlike betekenis te vul. Dit kry hulle reg nie deur dwang nie, maar deur oortuiging. Verandering in 'n betekenissisteem, is die gevolg van een of ander vorm van druk wat op die konsepte binne die betekenissisteem geplaas word. Normaalweg ontstaan hierdie druk deur een of ander vorm van konflik wat 'n persoon tussen sy betekeniskonsepte en die werklikheid ervaar. Om die prediker hiermee te help, kan hy hom die gedagtes van die hoorder oor sekere aktuele sake probeer indink. Aktuele wêreldgebeure of insidente in die lewens van die hoorders, kan as vertrekpunt dien om sekere betekeniskonsepte van hoorders onder druk te plaas en dit te vervang met 'n suiwerder Skriftuurlike konsep. Verandering in betekenissisteem vind meermale geleidelik plaas en nie skielik en dramaties nie.

Duidelike preke aangaande die heilsleer en praktyk van die Christelike lewe, kan geestelike groei bevorder.

9) Begeleiding van hoorders tot verdiepte religieuse gedrag, kan indirek bydra tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit. Deur hoorders te oortuig, eerder as hulle te dwing, word beter resultate behaal. Verdiepte religieuse

gedrag word bevorder deur verskillende psigologiese temas deur onderrigtende prediking aan te spreek om intra-psigiese funksionering te verhoog en interpersoonlike verhoudings te verbeter. Waar daar heelwat jonger hoorders is, moet die prediker doelbewus meer aanmoediging en begeleiding in geestelike groei aan jonger hoorders gee deur temas, beelde en voorbeelde te gebruik wat vir hulle relevant en aktueel is.

10) Geen verstelling van MT 10 is dus nodig nie: Daar is al heelwat instrumente binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ontwikkel om verskeie aspekte van spiritualiteit en geestelike groei te meet. Predikers kan, met die nodige hulp van psigometrici, van tyd tot tyd hul hoorders evalueer ten opsigte van sekere aspekte van hul spiritualiteit en geestelike groei. Hierdie psigometriese meting kan die volgende voordele inhou:

- Predikers kan die wêreldbeeld van hul hoorders beter verstaan en maak dat hulle meer empaties word.
- Meting kan die impak van gesonde en ongesonde spirituele oriëntasies identifiseer en evalueer. Hierdie spirituele oriëntasies kan dan in die prediking aangespreek word.
- Meting kan vasstel of religieuse en spirituele oortuigings ondersteuning aan hoorders bied. Meting kan dus 'n vorm van terugvoer aan predikers bied.
- Meting kan bepaal watter spirituele probleme of tekortkominge by persone bestaan wat in prediking aangespreek kan word.
- Die uitslae van psigometriese evaluasie kan predikers help met preekbeplanning.

## *15.3 Fase 2: Hermeneutiese wisselwerking tussen verstelde basis- en metateoretiese beginsels: die formulering van 'n verstelde praktykteorie*

Vervolgens word verstelde praktykteoretiese riglyne opgestel deur die verstelde basis- en metateoretiese perspektiewe in wisselwerking met mekaar te plaas. Hierdie praktykteoretiese riglyne formuleer die verstelde praktykteorie van hierdie studie oor die verband tussen prediking en spiritualiteit: hoe prediking geestelike groei en verdieping in spiritualiteit in 'n gemeente kan bevorder.

Die praktykteoretiese riglyne bestaan uit 26 riglyne wat in 5 dele ingedeel is. Alhoewel die 26 riglyne onder die 5 dele ingedeel is, behou elke riglyn sy eie nommer. Die dele is soos volg:

- Deel 1: Inleidende praktykteoretiese riglyne oor prediking, spiritualiteit en geestelike groei.
- Deel 2: Praktykteoretiese riglyne oor die doel van prediking en hoe prediking sy doel bereik.
- Deel 3: Praktykteoretiese riglyne oor die bevordering van geestelike groei en verdieping in spiritualiteit deur prediking.
- Deel 4: Praktykteoretiese riglyne oor kontekstuele faktore waarmee predikers moet rekening hou om deur prediking geestelike groei en verdieping in spiritualiteit te bevorder.
- Deel 5: Praktykteoretiese riglyne oor faktore wat kommunikasie tydens prediking beïnvloed en waarmee rekening gehou moet word om geestelike groei en verdieping in spiritualiteit deur prediking te bevorder.

# Verstelde praktykteorie oor prediking, spiritualiteit en geestelike groei

## **Deel 1:** Inleidende praktykteoretiese riglyne oor prediking, spiritualiteit en geestelike groei

1) **'n Preek** is 'n gebeurtenis waarby drie partye betrokke is: a) die Here, b) die prediker as gestuurde om 'n boodskap van God oor te dra en c) die hoorders as die ontvangers van die boodskap. 'n Prediker bring deur verklaring en toepassing van die Woord 'n boodskap vanaf die Here aan hoorders. Deur middel van eksegetiese en hermeneutiese metodes, moet die prediker sy boodskap vanuit die Skrif vind en in die lewens van sy hoorders toepas. Deur prediking (homilese) moet die boodskap baie relevant en prakties toepaslik aan die hoorders oorgedra word.

2) **Spiritualiteit** verwys na die manier waarop die totale lewe verstaan en geleef word, asook die aanbiddingspraktyke wat ontwikkel is om die verhouding met God te onderhou. Die fondament van Christelike spiritualiteit is die verlossing van sonde in Jesus Christus en die implikasie van hierdie verlossing vir die lewe van elke gelowige. Hiermee is die gelowige nou in 'n nuwe verhouding met God gestel. In hierdie verhouding verwag God dat sy mense op alle lewensterreine volgens sy voorskrifte sal lewe en sal groei na geloofsvolwassenheid. **Geestelike groei** of verinniging in 'n persoon se verhouding met God, bring verdieping in daardie persoon se spiritualiteit.

## **Deel 2:** Praktykteoretiese riglyne oor die doel van prediking en die bereiking van die doel

3) **Die doel van 'n preek** is om deur verklaring en toepassing van die Woord die sondaarmens met God te versoen en die versoende mens te leer om in 'n **nuwe verhouding met God te leef en in hierdie verhouding te groei.** Dit doen 'n prediker deur gemeenskaplike begrip en betekenis met die hoorders te skep. Wanneer gemeenskaplike begrip tussen prediker en hoorders

bestaan, sal die hoorder dadelik weet wat om met die preekboodskap te doen om in sy verhouding met God te leef en in hierdie verhouding te groei.

4) Prediking moet egter op só 'n wyse geskied dat hoorders kan insien hoe die boodskap uit die Woord na hulle kom. Uitleg mag nie ten koste van toepassing afgeskeep word nie. **Goeie uitleg** maak dat die hoorders die teks makliker in hul eie lewens kan toepas.

5) **Prediking bereik sy doel deur:**

- noodsaaklike inligting aan hoorders oor te dra,
- hoorders tot Bybelsgefundeerde keuses en besluite te beïnvloed,
- mee te werk tot die bou van Christelike verhoudings,
- die selfbegrip van die hoorders vanuit 'n Bybelse perspektief te bevorder
- en ander geestelike behoeftes te vervul.

Opgesom: Predikers moet daarna streef om hul hoorders se betekenissisteme met Skriftuurlike betekenis te vul. Wanneer gemeenskaplike begrip tussen prediker en hoorders ontstaan, wek prediking 'n spesifieke moraliteit. Hierdie moraliteit help hoorders om volgens die wil van die Here te leef en in hul verhouding met Hom te groei.

6) **Verandering in 'n betekenissisteem** is die gevolg van een of ander vorm van druk wat op die konsepte binne die betekenissisteem geplaas word. Aktuele wêreldgebeure of insidente in die lewens van die hoorders kan as vertrekpunt dien om sekere betekeniskonsepte van hoorders onder druk te plaas en dit te vervang met 'n suiwerder Skriftuurlike konsep. Verandering in betekenissisteem vind meermale geleidelik plaas en nie skielik en dramaties nie.

7) Die **beste resultate** word bereik nie deur dwang op hoorders toe te pas nie, maar deur hulle te oortuig. Deur 'n hoorder se betekenissisteem met Skriftuurlike betekenis te vul, verinnig daardie hoorder se verhouding met God en groei hy geestelik.

8) Om hierdie verskillende doelwitte te bereik, kan die prediker gebruik maak van **verskillende aanslae in sy prediking** binne die raamwerk van toerusting, bystand en verligting deur die Heilige Gees. Die aanslae is:

verkondiging, onderrig, vermaning en vertroosting. Geestelike groei word die beste in prediking bewerkstellig wanneer die aanslag 'n verkondigende, onderrigtende aanbieding van die teks is, waarin die ondertone van vermaning en verkondiging na vore kom.

9) Prediking kan sy doel eers bereik wanneer die **hoorders** die boodskap hoor, verstaan, aanvaar en in gehoorsaamheid daarop **reageer**. Hoe meer van 'n hoorder vereis word, hoe moeiliker word daarop gereageer. Passiewe luister na die preek, is die maklikste. Om regtig op die preek te konsentreer, raak moeiliker. Om 'n preekboodskap te aanvaar, is nog moeiliker. Die moeilikste is om die boodskap uit te voer. Predikers moet hoorders dus begelei en help om die boodskap nie net te hoor en te verstaan nie, maar veral ook te aanvaar en in gehoorsaamheid daarop te reageer.

## Deel 3: Praktykteoretiese riglyne oor die bevordering van geestelike groei en verdieping in spiritualiteit deur prediking

10) Wanneer 'n prediker hoorders tot geestelike groei begelei, verander die geestelike groei nie **die persoonlikheid van die hoorder** nie. Die wyse waarop die persoon die eienskappe van sy persoonlikheid uitleef, kan wel verander.

11) Predikers kan **begeleiding aan hoorders gee** oor hoe om die preekboodskap volgens die eienskappe van hulle persoonlikheid **uit te leef**. Begeleiding tot verdiepte religieuse gedrag, kan indirek bydra tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit.

12) Tydens die oordrag van sy boodskap, moet die prediker daarna strewe om sy hoorders te begelei van 'n **ekstrinsieke geloofsbegrip, tot 'n intrinsieke geloofsbegrip**, waar geloofswaardes rigtinggewend en motiverend vir hul lewens word.

13) Duidelike **preke aangaande** die heilsleer en praktyk van die Christelike lewe, kan geestelike groei bevorder.

14) Deur van **psigometriese toetse** gebruik te maak wat deur die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ontwikkel is, kan predikers leemtes in die spiritualiteit en geestelike ontwikkeling van hul hoorders identifiseer. Deur

hierdie leemtes dan in die lig van die Skrif tydens die prediking aan te spreek, kan hoorders tot geestelike groei begelei word.

15) Indien geestelike groei nie plaasvind nie, word die verhouding met God ernstig geskaad en dra preke onder andere by tot nominalisme, agnostisisme of formalisme by die hoorders. **Geestelike groei word sigbaar deurdat 'n persoon al meer volgens** die **wil** van **God begin leef** en van geloofsonsekerhede ontslae raak.

## **Deel 4:** Praktykteoretiese riglyne oor kontekstuele faktore waarmee predikers moet rekening hou om deur prediking geestelike groei en verdieping in spiritualiteit te bevorder.

16) 'n Prediker moet met verskeie faktore rekening hou om gemeenskaplike begrip met hoorders te skep, sodat hoorders die preekboodskap kan aanvaar en uitleef. Een faktor is die **konteks** waarbinne die hoorders leef.

Die konteks waarbinne die hoorders leef, word bepaal deur fisiese, sosiologiese, historiese, psigologiese en kulturele faktore. Konteks sluit ook in om rekening te hou met die eksistensiële waarhede en bestaansvrae van die hoorders. Om die konteks in prediking effektief te verreken, moet 'n prediker sy hoorders en die wêreld waarbinne hulle leef, ken.

17) 'n Volgende faktor waarmee rekening gehou moet word, is die **vlakke of stadia van geloofsontwikkeling** en die daarmee gepaardgaande vermoëns van die hoorders.

Daar bestaan verskillende vlakke van geloofsontwikkeling. Hierdie vlakke hou verband met psigososiale, kognitiewe en morele ontwikkeling. Daar *moet teen* gewaak word om een vlak as beter as 'n *ander te beskou. Elke* vlak hou bloot verband met die vermoëns van die persoon op 'n spesifieke lewensstadium.

Predikers moet hoorders se vermoëns op die verskillende vlakke tydens die oordrag van die preekboodskap verreken. Dit stel unieke vereistes aan die prediker. Die prediker moet rekening hou met die leefwêreld en vermoëns van sy hoorders ten opsigte van elke vlak van geloofsontwikkeling. Vlakke wat onderskei word, is: kinders, adolessente en jong volwassenes,

volwassenes en bejaardes. Om effektief tot elke groep te kan spreek, moet die prediker elke groep baie goed ken.

Bevredigende beantwoording van die volgende vier eksistensiële vrae tydens elke ontwikkelingsstadium, kan geestelike groei help bewerkstellig. Hierdie vrae is:

- Sekerheid: Het ek die reg om te bestaan en wat is die diepste grond van my bestaan?
- Vertroue: Aan wie kan ek myself volledig toevertrou?
- Mag: Hoe moet ek my mag/vryheid in verhouding tot God en ander gebruik?
- Liefde: Wat is die finale doel en betekenis van my lewe en hoe kan ek dit ervaar, hoe kan ek in liefde uitreik na God en my medemens?

## **Deel 5:** Praktykteoretiese riglyne oor faktore wat kommunikasie tydens prediking beïnvloed en waarmee rekening gehou moet word om geestelike groei en verdieping in spiritualiteit deur prediking te bevorder

18) Prediking oor **aktuele en relevante sake** help hoorders om makliker te verstaan hoe die boodskap op hulle van toepassing is, hoe hulle in 'n nuwe verhouding met God moet lewe en wat hulle met die preekboodskap moet doen. Om aktueel en relevant te kan preek, moet die prediker sy hoorders en hul leefwêreld ken.

19) Die **prediker moet as persoon geloofwaardig wees**, anders sal hy geen invloed op die hoorders uitoefen nie. Hoorders aanvaar nie ongeloofwaardige predikers se boodskappe nie. Faktore wat bydra tot die geloofwaardigheid van die prediker is:

- Dit moet sigbaar wees dat die prediker self glo wat hy verkondig.
- Dit is duidelik dat die boodskap vanuit die Skrif kom en nie iets is wat die prediker self uitgedink het nie.
- Die nie-verbale gedrag van die prediker moet die verbale boodskap wat hy oordra, ondersteun.

- Die prediker moet 'n goeie band met sy hoorders hê. Hulle moet hom ken en vertrou. Predikers moet hierdie band voortdurend versterk.
- Die prediker kan slegs geloofwaardig oorkom oor spiritualiteit en geestelike groei as hy self vaardig is ten opsigte van spiritualiteit en geestelike groei. Sy vaardigheid hierin moet duidelik in sy lewe sigbaar wees.

20) **Geruis** verwys na versteurings wat kommunikasie belemmer. Geruis moet so sterk moontlik teengewerk word. Die volgende soorte geruis word onderskei:

- Eksterne geruis: die geruis word veroorsaak deur eksterne faktore, soos 'n kind wat huil, 'n dakwaaier wat raas, of 'n vliegtuig wat oor die kerkgebou vlieg.
- Interne geruis: die geruis word veroorsaak deur versteurings binne die hoorder, soos dwalende gedagtes, emosionele onsteltenis en innerlike onrustigheid.
- Semantiese geruis: die geruis word deur die prediker self veroorsaak deur byvoorbeeld woorde te gebruik wat die hoorders nie verstaan nie, of temas aan te spreek wat niks vir die hoorders beteken nie.

21) Kommunikasie vind deur verskeie **kommunikasiekanale** plaas. Die primêre kanaal van kommunikasie tydens prediking is die gehoorsintuig. Navorsing bewys egter dat hoe meer kanale gebruik word om 'n boodskap oor te dra, hoe meer effektief word die boodskap oorgedra. Die volgende kanale kan soos volg in prediking gebruik word om die gehoorkanaal tydens prediking te ondersteun:

- Die visuele kanaal: Dataprojektors, volgstukke, invulvolgstukke, liggaamstaal van die prediker, ensovoorts.
- Die kanaal van gevoel: die skep van 'n spesifieke stemming.
- Die gehoorkanaal ter ondersteuning van die aanhoor van die preek: klankversterkers, oudiovisuele hulpmiddels, ensovoorts.

22) Prediking is monologies van aard en is nie 'n ontwikkelende gesprek waar prediker en hoorders rolle omruil nie. Om seker te maak dat die hoorder die boodskap reg verstaan, moet die prediker **doelbewus terugvoer soek.** Wanneer 'n prediker terugvoer verkry, kan hy misverstande regstel,

onduidelikhede opklaar en die boodskap, waar nodig versterk. Wyses waarop terugvoer verkry kan word, is:

- Preekbesprekings.
- Die vra van doelbewuste terugvoer.

23) Hoorders is nie passief nie, maar aktief by die luisterproses betrokke. Predikers moet hoorders help om die preek te volg en hulle aktief by die luisterproses betrek. Suksesvolle maniere om **hoorders aktief by die luisterproses te betrek**, is:

- Die aanspreekvorm van die hoorders: Deur die hoorders in die eerste- en tweedepersoon aan te spreek, word ook 'n band gebou, terwyl 'n derdepersoon aanspreekvorm dikwels afstand skep.
- Deur die hoorders te laat dink, antwoord en argumenteer - al is dit net in hulle gedagtes.
- Praktiese toepassings kan hoorders help om die boodskap makliker te verstaan en self in hulle lewens toe te pas. Hulle moet dadelik weet wat om met die preekboodskap te doen.
- Die afneem van notas deur die hoorders.
- Aktuele en relevante prediking. Hoorders moet dadelik weet wat om met die boodskap te maak.
- Die vra van vrae tydens die preek om hoorders te laat dink.
- Om hoorders uit te daag.
- Die maak van aanvegbare stellings waarna later teruggekom word.
- Die gebruik van natuurlike stiltes om hoorders te laat dink.
- Om na die preek 'n preekbesprekingsgeleentheid te reël waar hoorders aktief in dialoog met die boodskap tree.

24) Die volgende dinge maak dit vir hoorders **makliker om 'n preek te volg**:

- 'n Preek wat 'n duidelike struktuur het en 'n sterk logiese lyn volg.
- Eenvoudige en verstaanbare taalgebruik deur die prediker.
- Die prediker se gebruik van hulpmiddels wat die boodskap ondersteun.

- Die prediker se gebruik van beelde en voorbeelde om die boodskap te verduidelik.

25) 'n Preek behoort 'n **duidelike en sterk struktuur te besit**, wat gegrond is op die teks wat vanuit die Woord bestudeer is. 'n Duidelike struktuur bestaan meestal uit net een sentrale gedagte wat in die preekliggaam uitgewerk word in hoofpunte. Die tema en hoofpunte moet gefundeer wees in die Bybelteks.

Die inleiding moet die aandag trek, aptyt wek vir die boodskap wat kom en kan ook die struktuur van die boodskap verduidelik. Die liggaam moet 'n eenvoudige, maar sterk struktuur besit. Die slot bevat die samevatting en afsluiting. 'n Sterk slot kan help dat die boodskap langer onthou word.

26) **Die taalgebruik** van die prediker moet van só 'n aard wees dat dit hoorders sal help om die boodskap beter te verstaan. Dit mag hulle nie verwar nie. Net so moet die **nie-verbale gedrag** van die prediker die boodskap ondersteun en nie weerspreek nie.

## *15.4 Fase 3: Die opstel van 'n model*

Vanuit die verstelde praktykteorie (soos in 15.3.11 geformuleer), word die volgende model voorgehou om predikers te help om meer bevredigende geestelike groei by hul hoorders te bevorder en sodoende verdieping in spiritualiteit te fasiliteer.


Die model is soos volg:

- Eers word 'n skematiese voorstelling van die model geformuleer soos wat 'n prediker dit sal gebruik om 'n preek te maak en te lewer.
- Tweedens word die skematiese voorstelling en die rasionaal daaragter verduidelik.
- Daarna word 'n kontrolelys aan die hand van die skematiese voorstelling opgestel wat 'n prediker kan help om geestelike groei en gepaardgaande verdieping in spiritualiteit te bevorder.

### 15.4.1 Skematiese voorstelling van die model

Die skematiese voorstelling van die model is geformuleer deur die verstelde praktykteoretiese riglyne in 15.3.11 as basis te gebruik. Die skematiese voorstelling is soos volg:

## Skematiese voorstelling van model



### 15.4.2 Verduideliking van skematiese voorstelling

In Afdeling 2 is vasgestel dat 'n sirkulêre model van kommunikasie nie geskik is om die kommunikasieproses tydens 'n preek te verduidelik nie, vanweë die monologiese vorm van die preek. Alhoewel prediking monologies van aard is, is die hoorder aktief by die luisterproses betrokke. Die bedoeling van die preek is immers om verandering (geestelike groei) by die hoorders te begelei en te bevorder. Geestelike groei en verdieping in spiritualiteit vind meermale geleidelik en nie skielik plaas nie. Een preek sal dus nie noodwendig onmiddellike geestelike groei bevorder nie. Prediking oor 'n tydperk sal beter resultate bewerk.

Die bedoeling van hierdie model is daarom nie om op een preek te fokus nie, maar op prediking oor 'n tydperk. By die toepassingsriglyne by 6.3.1.d is immers vasgestel dat predikers hul hoorders (die gemeente) op die pad van geestelike groei begelei deur hulle geestelike dieet aan te pas van melkkos na vaste kos. Praktykteoretiese riglyn 6 (sien 15.3.11 hierbo) stel ook dat verandering in hoorders se betekenissisteme meermale geleidelik plaasvind en nie skielik en dramaties nie. Hierdie aanpassing kan net oor 'n tydperk geskied.

Die aanpassing van dieet en verandering van betekenissisteem oor 'n tydperk kan uitstekend met 'n sirkulêre model verduidelik word. Daarom word daar in die middel van die skematiese voorstelling 'n sirkel met breë, swart pyle gestel. Hierdie sirkel funksioneer soos volg:

a) Die prediker vind deur die prosesse van eksegese en hermeneuse 'n boodskap vanuit die Skrif (Stap A in die skema).

b) Nadat die boodskap gevind is, maar voor die prediker die boodskap in preekvorm giet, is daar sekere faktore wat die prediker ten opsigte van sy hoorders moet verreken om die boodskap toepaslik en effektief aan hulle te kan oordra (Stap B in die skema).

c) Tydens die maak en lewering van die preek is daar sekere aspekte vanuit 'n kommunikatiewe oogpunt waarop die prediker moet let en waaraan hy moet aandag gee (Stap C in die skema).

d) Nadat die preek gelewer is, moet die prediker terugvoer oor die preek en die resultate daarvan in die hoorders se lewens, verkry (Stap D in die skema). Hierdie terugvoer moet dan die basis stel vir 'n volgende eksegetiese ondersoek vanuit die Skrif om leemtes en probleme wat in die hoorders se spiritualiteit en geestelike groei vasgestel is, in 'n volgende preek te kan aanspreek. Op hierdie wyse word 'n

sirkelgang bewerkstellig wat die hoorders se geestelike dieet oor 'n tydperk aanpas om hulle geestelik te laat groei.

Faktore wat die prediker voor die vormgewing van sy preek moet verreken, is al die aspekte rondom die konteks van sy hoorders (blok 1), leemtes en probleme wat by die hoorders geïdentifiseer is (blok 2) en die geloofsontwikkelingsvlakke van die hoorders (blok 3).

Tydens die maak en lewering van die preek, moet die prediker op die volgende sake let: die doel, aanslag en struktuur van die preek (blok 4), geruis wat die boodskap negatief kan beïnvloed (blok 5), dinge wat gedoen kan word om die hoorders meer aktief te laat luister (blok 6) en die preek makliker te laat volg (blok 7), die wyse waarop hy nog meer geloofwaardig kan oorkom (blok 8) en hoe die preek doelbewus geestelike groei bevorder (blok 9).

Nadat die preek gelewer is, moet vasgestel word wat die reaksie van die hoorders op die prediking is (blok 10). Hoorders moet in die dialoog oor die preek betrek word en die prediker moet terugvoer oor die preek en resultate van die preek verkry om die boodskap in 'n volgende preek te kan verbeter of op voort te bou.

### 15.4.3 Kontrolelys vir predikers aan die hand van die skematiese voorstelling van die model

In hierdie kontrolelys word die nommering gevolg wat in die skematiese voorstelling van die model gebruik word.

## Kontrolelys

__Kontroles ten opsigte van Stap A__

A.1 Is die boodskap (tema) vanuit die Skrif onder leiding van die Heilige Gees deur die prosesse van eksegese en hermeneuse gevind?

__Kontroles ten opsigte van Stap B__

B.1 __Konteks van die hoorders__

B.1.1 Watter faktore uit die volgende aspekte van die konteks van die hoorders, moet in die preek verreken word:

i) Fisiese faktore?

ii) Sosiologiese faktore?

iii) Historiese faktore?

iv) Psigologiese faktore?

v) Kulturele faktore?

B.1.2 Hoe gaan hierdie faktore in die prediking verreken en aangespreek word?

B.2 Leemtes by die hoorders

B.2.1 Hoe word vasgestel watter leemtes by die hoorders bestaan ten opsigte van die boodskap (tema)?

B.2.2 Watter leemtes ten opsigte van die boodskap (tema) word geïdentifiseer deur:

i) eerstehandse kennis van die hoorders?
ii) direkte navraag by hoorders?
iii) psigometriese toetsing?
iv) het na vore gekom vanuit vorige preekbesprekings?

B.3 Vlakke van geloofsontwikkeling

B.3.1 Uit watter vlakke van geloofsontwikkeling word die hoorders saamgestel?

B.3.2 Hoe gaan die volgende groepe onderskeidelik verreken en aangespreek word:

i) kinders?
ii) adolessente en jong volwassenes?
iii) volwassenes?
iv) bejaardes?

**Kontroles ten opsigte van Stap C**

C.4 Ten opsigte van die vorm van die preek

C.4.1 Wat is die doel van die preek?

C.4.2 Die beste aanslag om geestelike groei te bewerkstellig, is 'n onderrigtende en verkondigende aanslag waarin die ondertone van vermaning en vertroosting na vore kom. Hoe gaan hierdie aanslag gevolg word? Indien hierdie aanslag nie gevolg word nie, watter aanslag gaan gevolg word?

C.4.3 Het die preek 'n sterk struktuur? Gaan die struktuur maklik gevolg kan word?

C.4.4 Is die uitleg van die teks duidelik en eenvoudig? Gaan hoorders die uitleg verstaan en self toepassings kan maak?

C.4.5 Word praktiese hulp aan hoorders verleen om die boodskap te gaan uitleef?

C.5 Ten opsigte van geruis wat die preek negatief kan beïnvloed

C.5.1 Watter eksterne geruis beïnvloed die preek? Hoe kan die geruis of die effek daarvan verminder word?

C.5.2 Watter interne geruis beïnvloed die preek? Hoe kan die geruis of die effek daarvan verminder word?

C.5.3 Watter semantiese geruis beïnvloed die preek? Hoe kan die geruis of die effek daarvan verminder word?

C.6 Tegnieke om hoorders meer aktief te laat luister

C.6.1 Hoe word die hoorders aangespreek? Voel hulle die preek spreek tot hulle? Watter aanspreekvorms word gebruik: eerste-, tweede- of derdepersoon?

C.6.2 Word vrae gevra om hoorders te laat dink en te laat antwoord?

C.6.3 Word uitdagings aan die hoorders gestel om hulle tot verandering en geestelike groei aan te spoor?

C.6.4 Word betekenissisteme van hoorders onder druk geplaas? Word gepoog om betekenissisteme van hoorder met Skriftuurlike inhoud te vul?

C.6.5 Is uitdeelstukke of invulnotas tot beskikking van die hoorders om hulle beter te laat luister?

C.6.6 Word aktuele, relevante en praktiese toepassings van die teks gemaak?

C.6.7 Word aanvegbare stellings gemaak (waarna teruggekom word) om hoorders te laat dink en worstel?

C.6.8 Word natuurlike stiltes gebruik om hoorders te laat dink?

C.6.9 Is daar geleentheid vir preekbespreking na die tyd om dialoog oor die preek te bevorder?

C.7 Tegnieke om hoorders makliker die preek te laat volg

C.7.1 Toon die preek 'n duidelike, logiese lyn?

C.7.2 Is die taalgebruik helder en eenvoudig?

C.7.3 Watter hulpmiddels kan en word gebruik om die boodskap te versterk? Hoe kan dit meer effektief gebruik word?

C.7.4 Watter beelde en voorbeelde kan gebruik word om die boodskap te belig?

C.8 Die geloofwaardigheid van die prediker

C.8.1 Glo die prediker self wat hy verkondig?

C.8.2 Is die prediker self vaardig ten opsigte van spiritualiteit en geestelike groei?

C.8.3 Steun die nie-verbale gedrag van die prediker die verbale boodskap?

C.8.4 Is dit duidelik dat die prediker 'n boodskap van God vanuit die Bybel bring, of verkondig hy sy eie gedagtes en idees?

C.8.5 Het die prediker 'n goeie band met sy hoorders? Hoe kan hierdie band versterk word?

C.9 Aspekte aangaande geestelike groei

C.9.1 Lei die preek die hoorder om in sy verhouding met God te groei?

C.9.2 Watter veranderinge in die betekenissisteme van hoorders word gedoen? Hoe word dit gedoen?

C.9.3 Dwing die preek hoorders tot verandering, of oortuig die preek hoorders tot verandering?

C.9.4 Watter moraliteit word deur die preek gewek?

C.9.5 Beantwoord die preek die eksistensiële vrae van die hoorders?

a) Wat is die rede vir my lewensbestaan?

b) Kan ek God vertrou?

c) Wat beteken my vryheid, maar ook my verantwoordelikheid?

d) Wat is die betekenis van my lewe?

**Kontroles ten opsigte van Stap D**

D.1 Reaksie van die hoorders

D.1.1 Watter terugvoer oor die reaksie van die hoorders word verkry deur

1) preekbesprekings?

2) direkte navraag?

3) persoonlike kennis van hoorders?

D.1.2 Hoe kan die terugvoer gebruik word om volgende preke voor te berei om leemtes en probleme wat geïdentifiseer is, aan te spreek?

## *15.5 Gevolgtrekking oor Hoofstuk 15*

In Hoofstuk 15 is 'n verstelde praktykteorie geformuleer oor hoe 'n prediker deur prediking, geestelike groei en verdieping in spiritualiteit in 'n gemeente kan bevorder. Die verstelde praktykteorie is gebruik om 'n model te formuleer wat 'n prediker kan gebruik om hom hierin te help. Doelwitte J en K vir hierdie afdeling is hiermee bereik. Die hoofdoelwit vir hierdie studie in sy geheel is hiermee bereik.

## Hoofstuk 16

## Finale samevatting en gevolgtrekking, opsomming van die studie, terreine vir verdere navorsing en sleutelwoorde

### *16.1 Inleiding tot Hoofstuk 16*

Hoofstuk 16 is die finale hoofstuk van hierdie studie. Die volgende finale aspekte ten opsigte van hierdie studie word gedoen:

- Eerstens word 'n finale samevatting en gevolgtrekking gemaak.
- Tweedens word 'n opsomming van hierdie studie, eers in Afrikaans en daarna in Engels, gegee.
- Derdens word terreine vir verdere navorsing wat vanuit hierdie studie na vore gekom het, geïdentifiseer.
- In die vierde plek word Afrikaanse en Engelse sleutelwoorde vir hierdie studie gegee.

### *16.2 Finale samevatting*

Die werkswyse van hierdie studie was soos volg:

- In Afdeling 1 van die studie is basisteoretiese beginsels geformuleer oor hoe prediking geestelike groei bevorder en sodoende verdieping in hoorders se spiritualiteit veroorsaak.
- In Afdeling 2 is metateoretiese beginsels vanuit die Kommunikasiekunde en Psigologie van Religie en Spiritualiteit oor dieselfde sake geformuleer.
- In Afdeling 3 is 'n empiriese studie gedoen om die funksionering van die basis- en metateoretiese perspektiewe in die praktyk te toets.
- Vanuit die hermeneutiese wisselwerking tussen die basis- en metateoretiese beginsels en die resultate van die empiriese studie, is verstelde basis- en metateoretiese beginsels in Afdeling 4 geformuleer.
- Die verstelde basis- en metateoretiese beginsels is in Afdeling 4 in wisselwerking met mekaar geplaas en 'n verstelde praktykteorie is geformuleer.
- Die verstelde praktykteorie is gebruik om 'n model te ontwikkel wat predikers kan help om hul hoorders deur prediking tot geestelike groei en verdieping in hul spiritualiteit te begelei.

Ter samevatting word vervolgens die volgende weergegee:

1) 'n Opsomming van die verstelde basisteoretiese perspektiewe.
2) 'n Opsomming van die verstelde metateoretiese perspektiewe.
3) 'n Opsomming van die verstelde praktykteorie.
4) 'n Opsomming van die model wat ontwikkel is om predikers te help om hul hoorders deur prediking tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit te begelei.

### 16.2.1 'n Opsomming van die verstelde basisteoretiese perspektiewe

Die oorspronklike basisteoretiese beginsels is in Afdeling 1 by 6.2 opgestel. Na wisselwerking met die empiriese studie se resultate, is die basisteoretiese beginsels verstel. Die volledige verstelde basisteoretiese beginsels is in Afdeling 4 by 15.2.21.1 te vind. Die volgende is 'n opsomming van die verstelde basisteoretiese beginsels wat in hierdie studie geformuleer is:

1) Prediking is 'n gebeurtenis waarby drie partye betrokke is: a) die Here, b) die boodskapper/leermeester/prediker wat deur God gestuur word om sy boodskap oor te dra en c) die hoorders van God se boodskap. Prediking is die verklaring en toepassing van die Woord van die Here in die lewe van die hoorders.

2) Predikers begelei hoorders om in 'n verhouding met die Here te lewe en in hierdie verhouding te groei.

3) Die prediker dra met woorde 'n boodskap van die Here aan die hoorders oor wat hy, onder leiding van die Heilige Gees, deur eksegese en hermeneuse in die Skrif gevind het.

4) Die boodskap word prakties en relevant deur homilese en met behulp van die aanslae van verkondiging, onderrig, vermaning en vertroosting aan die hoorders oorgedra. Geestelike groei word die beste in prediking bewerkstellig wanneer die aanslag 'n verkondigende, onderrigtende aanbieding van die teks is, waarin die ondertone van vermaning en verkondiging na vore kom.

5) Hoorders moet op die boodskap reageer deur die boodskap goed te hoor, te verstaan, te aanvaar en dan in gehoorsaamheid daarop te reageer. Hoe meer 'n preek van hoorders vra, hoe moeiliker word dit om op die preek te reageer. Passiewe luister na die preek, is die maklikste. Om regtig op die preek te konsentreer, raak moeiliker. Om 'n preekboodskap te aanvaar, is nog moeiliker. Die moeilikste is om die boodskap uit te voer.

6) Spiritualiteit verwys na die manier waarop die totale lewe verstaan en geleef word, asook die aanbiddingspraktyke wat ontwikkel is om die verhouding met God te onderhou.

7) Geestelike rypheid word bereik deur die nadergroei na die volmaaktheid en volwassenheid van Christus. Geestelike groei dui op 'n verinniging van 'n persoon se verhouding met God en bring 'n verdieping in spiritualiteit.

8) 'n Prediker kan geestelike groei bevorder deur rekening te hou met die spiritualiteit en vlak van geestelike ontwikkeling van hul hoorders, aktueel en relevant te preek, asook duidelike aanwysings te gee oor die toepassing van die preekboodskap.

9) Spiritualiteit kan alleen beoefen word, en geestelike groei kan alleen plaasvind vanuit 'n regte kennis van God. Hierdie kennis van God moet deur prediking oorgedra word.

10) Binne die Reformatoriese tradisie is die bron en basis van Godskennis die Bybel as Woord van God.

### 16.2.2 'n Opsomming van die verstelde metateoretiese perspektiewe

Die oorspronklike metateoretiese beginsels is in Afdeling 2 by 10.2 opgestel. Na wisselwerking met die empiriese studie se resultate, is die metateoretiese beginsels verstel. Die volledige verstelde metateoretiese beginsels is in Afdeling 4 by 15.2.21.2 te vind. Die volgende is 'n opsomming van die verstelde metateoretiese beginsels wat in hierdie studie geformuleer is:

1) 'n Preek is vanuit 'n kommunikasie-oogpunt 'n kommunikatiewe instrument wat gemeenskaplike begrip en betekenis tussen prediker en hoorders skep.

   Prediking as 'n vorm van kommunikasie kan verskillende doelwitte hê. In prediking kan dit gaan om die oordrag en uitruil van inligting, om die beïnvloeding tot spesifieke oortuigings, keuses en besluite, om die meewerk tot die bou van verhoudings, om selfbegrip te bevorder en om ander behoeftes te vervul. Die beste wyse om hierdie doelwitte te bereik, is deur nie dwang op hoorders toe te pas nie, maar hulle tot die doelwitte te oorreed.

2) Buiten die gehoorkanaal kan kommunikasie via verskillende ander sensoriese kanale plaasvind. Hoe meer sensoriese kanale gebruik word om 'n boodskap oor te dra, hoe meer doeltreffend word die boodskap oorgedra.

Geruis het 'n invloed op die effektiwiteit waarmee 'n preek gelewer word. Geruis kan ekstern, intern of semanties van aard wees. Die prediker moet geruis doelbewus teenwerk.

3) Die geloofwaardigheid van die prediker speel 'n belangrike rol in die positiewe oordrag van die boodskap. Predikers moet aandag gee aan hulle geloofwaardigheid.

4) Vanweë sy monologiese aard, is 'n preek nie 'n ontwikkelende gesprek waartydens prediker en hoorders rolle omruil nie. Omdat 'n preek egter wel ontwikkeling ondergaan en hoorders nie altyd die ontwikkeling volg nie, moet 'n prediker doelbewus terugvoer soek en daarop reageer om misverstande reg te stel, onduidelikhede op te klaar en die boodskap te versterk.

   Predikers kan heelwat doelbewuste hulp aan hul hoorders verleen sodat hulle die preekboodskap makliker kan volg. Hoorders is immers aktief by die luisterproses betrokke en moet tydens die preek dink, antwoord en argumenteer - al is dit net in hulle gedagtes.

5) Hoorders moet dadelik weet wat om met die boodskap van die preek te maak. Hulpmiddels kan bydra tot die duidelikheid van die boodskap.

6) Spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitleef van geloof.

7) Daar bestaan verskillende vlakke of stadia in geloofsontwikkeling. Hierdie vlakke hou verband met psigososiale, kognitiewe en morele ontwikkeling. Daar moet teen gewaak word om een vlak as beter as 'n ander te beskou. Elke vlak hou bloot verband met die vermoëns van die persoon op 'n spesifieke lewensstadium. Die vlakke of stadia van geloofsontwikkeling wat in hierdie studie onderskei word, is: kinders, adolessente en jong volwassenes, volwassenes en bejaardes. Die prediker moet rekening hou met die leefwêreld en vermoëns van sy hoorders ten opsigte van elke vlak van geloofsontwikkeling.

8) Geestelike groei en verdieping in spiritualiteit verander nie die persoonlikheid van 'n mens nie. Die wyse waarop 'n persoon die eienskappe van sy persoonlikheid uitleef, kan wel deur geestelike groei beïnvloed word. Predikers moet hoorders dus begelei in die uitleef van die boodskap.

9) Begeleiding van hoorders tot verdiepte religieuse gedrag, kan indirek bydra tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit. Deur hoorders te oortuig, eerder as hulle te dwing, word beter resultate behaal.

10) Daar is al heelwat instrumente binne die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ontwikkel om verskeie aspekte van spiritualiteit en geestelike groei te meet. Predikers kan, met die nodige hulp van psigometrici, van tyd tot tyd hul hoorders evalueer ten opsigte van sekere aspekte van hul spiritualiteit en geestelike groei en sodoende leemtes identifiseer wat in die prediking aangespreek moet word.

### 16.2.3 'n Opsomming van die verstelde praktykteorie

Na hermeneutiese wisselwerking tussen die verstelde basis- en metateoretiese beginsels, is 'n verstelde praktykteorie geformuleer. Die volledige verstelde praktykteoretiese riglyne is in Afdeling 4 by 15.3.11 te vind. Die volgende is 'n opsomming van die verstelde praktykteoretiese riglyne wat in hierdie studie geformuleer is:

1) 'n Prediker bring deur verklaring en toepassing van die Woord 'n boodskap vanaf die Here aan hoorders. Deur middel van eksegetiese en hermeneutiese metodes, moet die prediker sy boodskap vanuit die Skrif vind en deur die proses van homilese (prediking) dit in die lewens van sy hoorders toepas.

2) Spiritualiteit verwys na die manier waarop die totale lewe verstaan en geleef word, asook die aanbiddingspraktyke wat ontwikkel is om die verhouding met God te onderhou. Geestelike groei of verinniging in 'n persoon se verhouding met God, bring verdieping in daardie persoon se spiritualiteit.

3) Die doel van 'n preek is om deur verklaring en toepassing van die Woord die sondaarmens met God te versoen en die versoende mens te leer om in 'n nuwe verhouding met God te leef en in hierdie verhouding te groei.

4) Prediking moet egter op só 'n wyse geskied dat hoorders kan insien hoe die boodskap vanuit die Woord na hulle kom.

5) Wanneer gemeenskaplike begrip tussen prediker en hoorders ontstaan, wek prediking 'n spesifieke moraliteit. Hierdie moraliteit help hoorders om volgens die wil van die Here te leef en in hul verhouding met Hom te groei.

6) Verandering in 'n betekenissisteem is die gevolg van een of ander vorm van druk wat op die konsepte binne die betekenissisteem geplaas word. Predikers moet daarna streef om hul hoorders se betekenissisteme met Skriftuurlike betekenis te vul.

7) Die beste resultate om geestelike groei deur prediking te bewerkstellig, word bereik deur nie dwang op hoorders toe te pas nie, maar deur hulle te oortuig.

8) Predikers maak gebruik van die aanslae van verkondiging, onderrig, vermaning en vertroosting. Geestelike groei word die beste in prediking bewerkstellig wanneer die aanslag 'n verkondigende, onderrigtende aanbieding van die teks is, waarin die ondertone van vermaning en verkondiging na vore kom.

9) Prediking kan sy doel eers bereik wanneer die hoorders die boodskap hoor, verstaan, aanvaar en in gehoorsaamheid daarop reageer.

10) Geestelike groei verander nie die persoonlikheid van 'n hoorder nie, maar wel die manier waarop hy die eienskappe van sy persoonlikheid uitleef.

11) Predikers kan begeleiding aan hoorders gee oor hoe om die preekboodskap, volgens die eienskappe van hulle persoonlikheid, uit te leef.

12) Predikers moet hoorders begelei tot 'n intrinsieke geloofsbegrip, waar geloofswaardes rigtinggewend en motiverend vir die lewens van hoorders word.

13) Duidelike preke aangaande die heilsleer en praktyk van die Christelike lewe, kan geestelike groei bevorder.

14) Psigometriese evaluering met die instrumente en skale wat die Psigologie van Religie en Spiritualiteit ontwikkel het, kan leemtes by hoorders identifiseer wat tydens prediking aangespreek kan word.

15) Geestelike groei word sigbaar deurdat 'n persoon al meer volgens die wil van God begin leef en van geloofsonsekerhede ontslae raak.

16) Predikers moet met die fisiese, sosiologiese, historiese, psigologiese en kulturele konteks van hoorders rekening hou.

17) Predikers moet rekening hou met die vlakke van geloofsontwikkeling van hoorders en die vermoëns wat daarmee gepaard gaan.

18) Prediking oor aktuele en relevante sake help hoorders om makliker te verstaan hoe die boodskap op hulle van toepassing is, hoe hulle in 'n nuwe verhouding met God moet lewe en wat hulle met die preekboodskap moet doen.

19) Die geloofwaardigheid van die prediker het 'n groot invloed op die effektiewe oordrag van die boodskap tydens prediking.

20) Eksterne, interne en semantiese geruis belemmer kommunikasie en moet aktief teengewerk word tydens prediking.

21) Kommunikasie vind deur verskeie sensoriese kanale plaas. Hoe meer kanale gebruik word om 'n boodskap oor te dra, hoe beter is die oordrag. Tydens

prediking, bied die visuele kanale goeie geleenthede om die gehoorkanaal te ondersteun.

22) Om seker te maak dat die hoorder die boodskap reg verstaan, moet die prediker doelbewus terugvoer soek.

23) Omdat hoorders nie passief nie, maar aktief by die luisterproses betrokke is, moet predikers hoorders aktief probeer betrek.


24) Predikers moet só preek dat dit vir hoorders maklik is om die preek te volg.

25) 'n Preek behoort 'n sterk struktuur te hê wat gegrond is op die teks wat uit die Woord bestudeer is.

26) Die taalgebruik en nie-verbale gedrag van die prediker moet die boodskap ondersteun.

### 16.2.4 Opsomming van die model om geestelike groei en verdieping in spiritualiteit deur prediking te bevorder

Die verstelde praktykteoretiese riglyne is gebruik om 'n model op te stel om 'n prediker te help om geestelike groei en verdieping in spiritualiteit by sy hoorders te bevorder. Die volgende is 'n opsomming van hierdie model:



Alhoewel prediking monologies van aard is, is die hoorder aktief by die luisterproses betrokke. Die bedoeling van die preek is immers om verandering (geestelike groei) by die hoorders te begelei en te bevorder. Geestelike groei en verdieping in spiritualiteit vind meermale geleidelik oor 'n tydperk en nie skielik plaas nie. Een preek sal dus nie noodwendig onmiddellike geestelike groei bevorder nie. Prediking oor 'n tydperk sal beter resultate bewerkstellig. Die bedoeling van hierdie model is daarom nie om op een preek te fokus nie, maar op prediking oor 'n tydperk.

Hierdie aanpassing en verdieping oor 'n tydperk word uitstekend met 'n sirkulêre model verduidelik. Die sirkel word in die skematiese voorstelling van die model met die breë swart pyle voorgestel. Die sirkel funksioneer soos volg:

a) Die prediker vind, deur die prosesse van eksegese en hermeneuse, 'n boodskap vanuit die Skrif (Stap A in die skema).

b) Nadat die boodskap gevind is, maar voor die prediker die boodskap in preekvorm giet, is daar sekere faktore wat die prediker ten opsigte van sy hoorders moet verreken om die boodskap toepaslik en effektief aan hulle te kan oordra (Stap B in die skema).

c) Tydens die maak en lewering van die preek, is daar sekere aspekte vanuit 'n kommunikatiewe oogpunt waarop die prediker moet let en waaraan hy moet aandag gee (Stap C in die skema).

d) Nadat die preek gelewer is, moet die prediker terugvoer oor die preek en die resultate daarvan in die hoorders se lewens verkry (Stap D in die skema). Hierdie terugvoer moet dan die basis stel vir 'n volgende eksegetiese ondersoek vanuit die Skrif om leemtes en probleme wat vanuit die hoorders se spiritualiteit en geestelike groei vasgestel is, in 'n volgende preek te kan aanspreek. Op hierdie wyse word 'n sirkelgang bewerkstellig wat die hoorders se geestelike dieet oor 'n tydperk aanpas om hulle geestelik te laat groei.

Elk van die stappe in die model bestaan uit 'n aantal blokke wat sake, aspekte of faktore lys wat verreken moet word tydens die voorbereiding, maak en lewering van die preek. Om die prediker hiermee te help, is 'n kontrolelys vir predikers by 15.4.3 opgestel. Deur prediking aan die hand van hierdie kontrolelys te beoefen, behoort die prediker oor 'n tydperk geestelike groei en verdieping in spiritualiteit by sy hoorders te bevorder.

## 16.3 Finale gevolgtrekking

Al die doelwitte wat vir hierdie studie gestel is, is bereik. In die bereiking van die doelwitte, is daar veral twee bydraes gemaak wat leemtes op die terrein van die

Praktiese Teologie in die algemeen, en die vak Homiletiek in die besonder, vul en kennis uitbrei.

Die eerste bydrae was die duidelike omlyning van die begrip "spiritualiteit" nadat daar aangetoon is dat daar nie eenstemmigheid is oor die wyse waarop die term gebruik behoort te word nie. In Afdeling 1 onder 4.4 is, nadat 'n eksegeties-hermeneutiese studie vanuit die Bybel en ook 'n literatuurstudie oor die onderwerp gedoen is, die volgende beskrywing van spiritualiteit geformuleer: "Spiritualiteit verwys na die manier waarop die totale lewe verstaan en geleef word, asook die aanbiddingspraktyke wat ontwikkel is om die verhouding met God te onderhou." Anders gestel: "spiritualiteit is die begrip wat verwys na die praktiese uitleef van geloof." Verdieping in spiritualiteit word bereik deur geestelike groei.

Die tweede bydrae was die hooffokus en hoofbydrae van hierdie studie: die formulering van 'n verstelde praktykteorie oor hoe prediking geestelike groei en gepaardgaande verdieping in spiritualiteit by hoorders kan bevorder. Die verstelde praktykteorie is in Afdeling 4 onder 15.3.11 geformuleer. Vanuit die verstelde praktykteorie, is in Afdeling 4 onder 15.4, 'n model ontwikkel wat predikers kan help om deur prediking geestelike groei en verdieping in spiritualiteit by hulle hoorders te bevorder.

Die finale gevolgtrekking oor die verstelde praktykteorie en model is soos volg:

Die fondament van Christelike spiritualiteit is die verlossing van sonde in Jesus Christus en die implikasie van hierdie verlossing vir die lewe van elke gelowige. Hiermee is die gelowige nou in 'n nuwe verhouding met God gestel. In hierdie verhouding verwag God dat sy mense op alle lewensterreine volgens sy voorskrifte sal lewe en na geloofsvolwassenheid sal groei. Geestelike groei bring verdieping in spiritualiteit en 'n verinniging in die persoon se verhouding met God.

Prediking is een van die belangrikste instrumente wat die Here aan sy kerk gegee het om lidmate toe te rus om geestelik te groei, 'n inniger verhouding met God te hê en sodoende in spiritualiteit te verdiep. Predikers moet daarom doelbewus en aktief daarna streef om hoorders tot geestelike groei aan te moedig en te begelei deur hulle preke. Indien groei in hoorders se verhouding met God nie plaasvind nie, word die verhouding met God ernstig geskaad en dra preke onder andere by tot nominalisme, agnostisisme of formalisme by die hoorders. Geestelike groei, daarenteen, word sigbaar deurdat 'n persoon al meer volgens die wil van God begin leef en van geloofsonsekerhede ontslae raak.

'n Prediker kan geestelike groei en verdieping in spiritualiteit by hoorders bevorder deur:

- leemtes en probleme in hoorders se spiritualiteit te identifiseer,

- die konteks,
- en die vlakke van geloofsontwikkeling van die hoorders tydens die prediking te verreken.

Hierdie sake moet aangespreek word deur prediking wat effektief en doeltreffend kommunikeer. Effektiewe kommunikasie word tydens prediking verkry deur:

- duidelikheid te hê oor die aanslag wat in die preek gevolg gaan word,
- duidelikheid te verkry oor wat presies die doel van die preek is,
- te sorg dat die preek 'n sterk struktuur het,
- duidelike uitleg van die Skrif te gee,
- alle vorme van geruis effektief aan te spreek,
- tegnieke in te span om hoorders aktief te laat luister,
- tegnieke in te span om hoorders te help om die preek makliker te volg,
- te sorg dat die prediker geloofwaardig is.

Alhoewel prediking monologies van aard is, is terugvoer aan die prediker uiters noodsaaklik. Terugvoer kan onduidelikhede opklaar en verdere leemtes of probleme identifiseer. So kan daardie leemtes en probleme tydens opvolgpreke en preekreekse aangespreek word en kan prediking hoorders in 'n gemeente oor 'n tydperk aanspoor en begelei tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit. Op hierdie wyse dra prediking daartoe by dat hoorders se verhouding met hul Here al hoe meer verinnig.

## *16.4 Opsomming van die studie*

### 16.4.1 Opsomming in Afrikaans

<u>TITEL: Prediking en spiritualiteit: 'n homiletiese studie oor die verband tussen prediking en geestelike groei</u>

Die doelwit van hierdie studie was om vas te stel hoe prediking geestelike groei en verdieping in spiritualiteit by hoorders kan bevorder. Die werkswyse wat in hierdie studie gevolg is, is gebaseer op die model wat Zerfass (1974) vir Praktiese Teologie geformuleer het en is vanuit 'n Reformatoriese hoek gedoen.

- In die eerste plek is basisteoretiese beginsels oor prediking, spiritualiteit en geestelike groei, asook die verband tussen prediking en geestelike groei, nagevors. Dit is gedoen deur middel van eksegeties-hermeneutiese studies oor 'n reeks Bybelgedeeltes, asook literatuurstudies oor die onderwerpe.

- in die tweede plek is metateoretiese beginsels vanuit die Kommunikasiekunde en Psigologie van Religie en Spiritualiteit deur middel van literatuurstudies nagevors.
- In die derde plek is onderhoude gevoer met 21 deelnemers uit 7 Reformatoriese kerke tydens 'n kwalitatiewe empiriese studie om die basis- en metateoretiese beginsels in die praktyk te toets.
- In die vierde plek is die resultate van die empiriese studie in hermeneutiese wisselwerking met die basis- en metateoretiese beginsels geplaas om verstelde basis- en metateoretiese beginsels te formuleer. Die verstelde basis- en metateoretiese beginsels is gebruik om 'n verstelde praktykteorie op te stel wat riglyne bied oor hoe om geestelike groei en verdieping in spiritualiteit met behulp van prediking te bevorder. Vanuit die verstelde praktykteorie is 'n model geformuleer wat predikers kan help om deur hul prediking geestelike groei by hul hoorders te bevorder.

Die resultaat van die studie was die volgende: 'n Prediker kan geestelike groei en verdieping in spiritualiteit by hoorders bevorder deur:

- leemtes en probleme in hoorders se spiritualiteit te identifiseer,
- die konteks,
- en die vlakke van geloofsontwikkeling van die hoorders tydens die prediking te verreken.

Hierdie sake moet aangespreek word deur prediking wat effektief en doeltreffend kommunikeer. Effektiewe kommunikasie word tydens prediking verkry deur:

- duidelikheid te hê oor die aanslag wat in die preek gevolg gaan word,
- duidelikheid te verkry oor wat presies die doel van die preek is,
- te sorg dat die preek 'n sterk struktuur het,
- duidelike uitleg van die Skrif te gee,
- alle vorme van geruis effektief aan te spreek,
- tegnieke in te span om hoorders aktief te laat luister,
- tegnieke in te span om hoorders te help om die preek makliker te volg,
- en te sorg dat die prediker geloofwaardig is.

Alhoewel prediking monologies van aard is, is terugvoer aan die prediker uiters noodsaaklik. Terugvoer kan onduidelikhede opklaar en verdere leemtes of probleme identifiseer. So kan daardie leemtes en probleme tydens opvolgpreke aangespreek

word en kan prediking oor 'n tydperk hoorders in 'n gemeente aanspoor en begelei tot geestelike groei en verdieping in spiritualiteit. Op hierdie wyse dra prediking daartoe by dat hoorders se verhouding met hul Here al hoe meer verinnig.

### 16.4.2 Summary in English


TITLE: Preaching and spirituality - a homiletically study concerning the relationship between preaching and spiritual growth

The aim of this study was to determine how preaching can stimulate spiritual growth and intensify the spirituality of listeners. The working method for the study has been based on the model formulated by Zerfass (1974) for Practical Theology and follows a Reformatory angle.

- In the first place, basis-theoretical principles regarding preaching, spirituality and spiritual growth have been researched, as well as the relationship between preaching and spiritual growth. To do this, exegetical hermeneutical studies about a series of Bible texts, as well as some literary studies regarding these topics have been conducted.
- In the second place, meta-theoretical principles regarding studies in Communication and the Psychology of Religion and Spirituality have been researched by means of literary studies.
- In the third place, a qualitative empirical study has been done to test the basis- and meta-theoretical principles in practice. Interviews have been conducted with 21 participants from seven Reformatory churches.
- In the fourth place, the results of the empirical study have been put in hermeneutical interaction with the basis- and meta-theoretical principles in order to formulate readjusted basis- and meta-theoretical principles. The readjusted basis- and meta-theoretical principles have been used to formulate a readjusted practice theory which gives guidelines on how preaching can contribute to spiritual growth and intensified spirituality. Out of this, a model has been formulated which can help preachers to promote spiritual growth among their listeners by means of their preaching.

The result of this study is as follows: A preacher can promote spiritual growth and contribute to intensified spirituality among their listeners by means of:

- Identifying voids and problems in their listeners' spirituality
- The context

- Taking into account the level of spiritual growth of the listeners while preaching.

These matters must be addressed in sermons which communicate effectively. In preaching, effective communication can be obtained by:

- Having clarity regarding the tone to be used during the sermon (proclaiming, teaching, consoling or admonishing)
- Having clarity regarding the exact goal of the sermon
- Ensuring that the sermon possesses a strong structure
- Thorough exegesis of Scripture
- Effectively addressing all kinds of noise
- Using techniques to make people actively listen to the sermon
- Using techniques to make it easier for listeners to follow the sermon
- Ensuring that the preacher is credible.

Although preaching is a monologue in nature, feedback is of the utmost importance to the preacher. Feedback can help in clearing up obscurities, identifying problems and other voids. These problems and voids can be addressed in follow-up sermons and over time preaching can encourage and accompany listeners in a congregation to grow spiritually and deepen their spirituality. In this way, preaching contributes to listeners having an ever growing fervent relationship with the Lord.

### *16.5 Terreine vir verdere navorsing*

Die volgende terreine vir verdere navorsing is tydens hierdie studie geïdentifiseer:

1) Navorsing het getoon dat kommunikasie meer effektief is as meer kommunikasiekanale gebruik word. In die lig hiervan: hoe kan oudiovisuele hulpmiddels effektief en positief aangewend word om kommunikasie tydens prediking te bevorder?
2) In die Psigologie van Religie en Spiritualiteit is heelwat meetinstrumente ontwikkel wat predikers kan help om aspekte van hoorders se spiritualiteit en geestelike ontwikkeling te meet. Hoe kan hierdie instrumente effektief gebruik word om predikers van hulp te wees in 'n Reformatoriese konteks in Suid-Afrika?
3) Dit is duidelik dat daar verskillende vlakke van geloofsontwikkeling by hoorders onderskei word. Hierdie vlakke hou verband met psigososiale, kognitiewe en

morele ontwikkeling. In die lig hiervan: hoe kan, eerstens kinders, en tweedens adolessente, meer effektief tydens prediking aangespreek word?

## *16.6 Sleutelwoorde*

### *16.6.1.1 Sleutelwoorde in Afrikaans*

Prediking

Spiritualiteit

Geestelike groei

Kommunikasie

Homiletiek

Predikers

Hoorders

Geloofsontwikkeling

### *16.6.1.2 Keywords in English*

Preaching

Spirituality

Spiritual growth

Communication

Homiletics

Preachers

Listeners

Faith development

# Bronnelys

ADAM, P. 1996. Speaking God's Words. A practical theology of expository preaching. Dowers Grove, Illinois : Intervarsity.

ADAM, P. 2004. Hearing God's words. Exploring biblical spirituality. Dowers Grove, Illinois : Apollos.

ADAMS, J.E. 1982. Preaching with purpose. Grand Rapids : Zondervan.

ALBIN, T.R. 1988. Spirituality. (*In.*Sinclair, B., Ferguson, D., Wright, D.F., *eds.* New dictionary of theology. Leicester : Inter-Varsity Press.)

ANDERSEN, P. A. 1999. Nonverbal communication: forms and functions. Mountain View, CA : Mayfield.

ANON. 1995. 'Spiritualiteit'...nuwe woord vir ou waarheid. *Die Kerkbode,* 156(7):12.

ARNDT, W., GINGRICH, F. W., DANKER, F. W., & BAUER, W. 2000. A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature : A translation and adaption of the fourth revised and augmented edition of Walter Bauer's Griechisch-deutsches Worterbuch zu den Schrift en des Neuen Testaments und der ubrigen urchristlichen Literatur. University of Chicago Press: Chicago. (Electronic ed.). Logos Research Systems: Oak Harbor, WA.

ASA, L.F. 1995. The psychology of religious commitment and development. Maryland : University Press.

BANG, S.J. 2004. The form of the sermon and effective communication - a homiletical study. Potchefstroom : PU vir CHO. (Ph.D.-thesis.)

BARTH, K. 2004. Prayer and preaching. [Web:] http://worldinvisible.com/library/barth/prayerpreaching/prayerpreaching.04.htm [Datum van gebruik: 7 Mrt. 2007].

BETZ, O. 1986. Eξουσια. (*In.* Brown, C. *ed.* New International Dictionary of New Testament Theology, vol. 2. Grand Rapids, Michigan : Zondervan. p. 606-611.)

BODEY, R.A. 1977. Preaching, preacher. (*In*. Tenney, M. *ed*. The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible, vol. 4. Grand Rapids, Michigan : Zondervan. p. 844-845.)

BOUWMA, C. 1953. De brieven van den apostel Paulus aan Timotheus en Titus. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok.

BRAUMANN, G. 1986. Παρακαλεω. (*In*. Brown, C. *ed*. New International Dictionary of New Testament Theology, vol. 1. Grand Rapids, Michigan: Zondervan. p. 569-573.)

BREYTENBACH, C. & MÜLLER, B.A. 1990. Matteus 4:23-5:2; 7:28-8:1. (*In* Burger, C.W., Müller, B.A., & Smit, D.J. reds. Riglyne vir prediking oor die bergrede. Pretoria : NG Kerkuitgewers. p.292-293.)

BROWN, F., DRIVER, S. R. & BRIGGS, C. A. 2000. Enhanced Brown-Driver-Briggs Hebrew and English Lexicon (electronic ed.). Logos Research Systems : Oak Harbor, WA.

BRUCE, F.F. 1981. The New International Commentary on the New Testament. The book of the Acts. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

BRUCE, F.F. 1984. The New International Commentary on the New Testament. The epistles to the Colossians, to Philemon, and to the Ephesians. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

BRUCE, F.F. 1990. The New International Commentary on the New Testament. The epistle to the Hebrews. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

BURGER, C. 1999. Gemeentes in die kragveld van die Heilige Gees. Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus. Stellenbosch : BUVTON.

BUTLER, T.C. 1983. Word Biblical Commentary. Volume 7. Josua. Waco, Texas : Word Books.

CHAPMAN, B. 1994. *Greek New Testament Insert*. (2nd ed., revised.) (electronic ed.). Logos Research Systems : Oak Harbor, WA

CHOI, J.C. 1996. Preach the word. Expository preaching - a corrective for preaching in the Korean Full-Gospel and Methodist churches. Potchefstroom : PU vir CHO (Th.D. - Dissertation).

CHRISTENSEN, D.L. 1991. Word Biblical Commentary. Volume 6A. Deuteronomy 1-11. Dallas, Texas : Word Books.

CILLIERS, J. 1998. Die uitwysing van God op die kansel. Kaapstad : Lux Verbi.

CILLIERS, J. 2004. Die lewende stem van die evangelie. Nuut gedink oor die basiese beginsels van prediking. Stellenbosch : Sun Press.

CLOETE, G.D. 1990. Die bergrede binne die boodskap en struktuur van die Matteusevangelie. (*In*. Burger, C.W., Müller, B.A., & Smit, D.J. reds. Riglyne vir prediking oor die bergrede. Pretoria : NG Kerkuitgewers. p.26-33.)

COMBRINK, H.J.B. 1988a. Die sinoptiese vraagstuk. (*In*. Du Toit, A.B. *red.* Handleiding by die Nuwe Testament. Band 4. Pretoria : N.G. Kerkuitgewers. p. 29-58.)

COMBRINK, H.J.B. 1988b. Die evangelie volgens Matteus: inleiding en teologie. (*In*. Du Toit, A.B. *red.* Handleiding by die Nuwe Testament. Band 4. Pretoria : N.G. Kerkuitgewers. p. 59-105.)

DE KLERK, B.J. 2003. Reformatoriese spiritualiteit. *Woord en Daad,* 43:3 (Lente.)

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, J.J.J. 2005. Preekgeboorte. Potchefstroom : PTP.

DE VILLIERS, J.L. 1988. Handelinge: teologie. (*In*. Du Toit, A.B. *red.* Handleiding by die Nuwe Testament. Band 4. Pretoria : N.G. Kerkuitgewers. p. 218-266.)

DE WET, F. W. 1995. Die kritiese element in die luisterproses - 'n homiletiese studie. Potchefstroom : PU vir CHO (Th.M. - verhandeling.)

DE WET, F.W. 2000. Geloofswaarneming: 'n teologies-estetiese benadering tot praktiese teologie. Potchefstroom : PU vir CHO (Th.D. - Proefskrif).

DE WET, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming - 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig,* 40(1):57-87.

DELLING, G. 2000. Πιμπλημι. *(In.* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G. *eds.* Theological dictionary of the New Testament. Eerdmans : Grand Rapids, MI.) (Electronic ed.). Logos Research Systems : Oak Harbor, WA.

DICKENS, O. 1997. Ezra. (*In*. Vangemeren, W.A . *ed*. New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis, vol. 4. Grand Rapids, Michigan: Zondervan. p. 634-635.)

DIJK, K. 1955. De dienst der prediking. Kampen : Kok.

DINGEMANS, G.D.J. 1991. Als hoorder onder de hoorders. Hermeneutische Homiletiek. Kampen : Kok.

DONAHUE, M.J. & NIELSEN, M.E. 2005. Religion, attitudes, and social behavior. (*In* Paloutzian, R.F., & Park, C.L. *eds*. Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality. New York : Guilford. p. 274-291.)

DRAKEFORD, J. W. 1986. The craft of preaching series. Humor in preaching. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

DU PLESSIS, I.J. 1988. Handelinge: inleiding. (*In*. Du Toit, A.B. *red*. Handleiding by die Nuwe Testament. Band 4. Pretoria : N.G. Kerkuitgewers. p. 202-218.)

DU PREEZ, A. P. 2006. Die gesindheid van die hoorder as moontlike geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van die preek. 'n Homiletiese ondersoek. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. (M.A. - Verhandeling).

DU RAND, J.A. 1997. Groepe in die Joodse volkslewe in die Nuwe-Testamentiese tydvak. (*In*. Du Toit, A.B. *red*. Handleiding by die Nuwe Testament. Band 2. Pretoria : N.G. Kerkuitgewers. p. 269-313.)

DU TOIT, A.B. 1988. Algemene inleiding tot die evangelies (*In*. Du Toit, A.B. *red*. Handleiding by die Nuwe Testament. Band 4. Pretoria : N.G. Kerkuitgewers. p. 1-28.)

DU TOIT, A. 2002. Hebreërs vir vandag. 'n Bybelstudie vir dieper delwers. Vereeniging : CUM.

DUNN, J.D.G. 1988a. Word Biblical Commentary. Volume 38A. Romans 1-8 . Dallas, Texas: Word Books.

DUNN, J.D.G. 1988b. Word Biblical Commentary. Volume 38B. Romans 9-16. Dallas, Texas: Word Books.

EMMONS, R.A. 2005. Emotion and religion. (*In* Paloutzian, R.F., & Park, C.L. *eds*. Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality. New York : Guilford. p. 274-291.)

EXLINE, J.J. & ROSE, E. 2005. Religious and spiritual struggles. (*In* Paloutzian, R.F., & Park, C.L. *eds.* Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality. New York : Guilford. p.315-327.)

FENSHAM, F.C. 1982. The books of Esra an Nehemia. The New International Commentary on the Old Testament. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

FIRET, J. 1974. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen : Kok.

FOWLER, J.W. 1995. Stages of faith. The psychology of human development and the quest for meaning. San Francisco : HarperCollins.

GERBER, J.J. 1999. Prediking in 'n industriële konteks in die lig van moderne homiletiese teorie. Pretoria : UNISA. (D.Th. - Proefskrif.) [Opsomming in die NEXUS databasis, verwysingsnommer 942640.)

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1997. Handelinge van die ses-en-veertigste nasionale sinode te Potchefstroom op 6 Januarie en volgende dae.

GKSA
kyk
GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

GEYER, A.L. & BAUMEISTER, R.F. 2005 Religion, morality and self-control. (*In* Paloutzian, R.F., & Park, C.L. *eds.* Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality. New York : Guilford. p. 412-432.)

GOLDSWORTHY, G. 2000. Preaching the whole Bible as Christian Scripture. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

GREGORY, R.J. 2000. Psychological testing: History, principles and application. Third edition. Boston: Allan & Bacon.

GREIDANUS, S. 1988. The modern preacher and the ancient text. Interpreting and preaching biblical literature. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

HAGNER, D.A. 1993. Word Biblical Commentary. Volume 33a. Matthew 14-28. Dallas, Texas : Word Books.

HATTINGH, C. 1988. Persoonlike gemeenskap met God as korrektief op formalisme in die godsdiens - 'n pastorale studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (ThM - verhandeling.)

HEITINK, G. 1999. Practical Theology: History - theory - action domains - manual for practical theology. Grand Rapids : Eerdmans.

HENDRIKS, H.J. 1992. Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing. Wellington : Hugenote.

HENDRIKSEN, W. 1983. New Testament Commentary. 1 & 2 Thessalonians. 1 & 2 Timothy & Titus. Edinburgh: Banner of Truth.

HEYNS, L.M. 1990. Bedieninge in die gemeente: praktykmodelle. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 5(1):61-72.

HILL, A.E. & WALTON, J.H. 1991. A survey of the Old Testament. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

HILL, P.C. 2005. Measurement in the psychology of religion. (*In* Paloutzian, R.F., & Park, C.L. *eds*. Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality. New York : Guilford. p.3-20.)

HOLLADAY, W.L. 1989. A concise Hebrew an Aramaic lexicon of the Old Testament. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

HOLTGRAVES, T. 2002. Comprehending speaker meaning. (*In*. Gudykunst, W, B. *ed*. Communication Yearbook 26. London : Lawrence Erlbaum. p. 3-35.)

HOOD, R.W. & BELZEN, J.A. 2005. Research methods in the psychology of religion. (*In* Paloutzian, R.F., & Park, C.L. *eds*. Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality. New York : Guilford. p.62-79.)

HUMAN, D.J. 1999. Josua. (*In*. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. *red*. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.) Vereeniging : CUM.

JACKSON, D. 1991. The function of feedback in preaching. *The Journal for Communication and Religion*, 14(1):40-49. [*In* EBSCOHost, PDF-format : http://web.ebscohost.com/ehost] [Datum van gebruik: 28 Febr. 2007].

JANSE VAN RENSBURG, F. 1999. Efesiërs. (*In*. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. *red*. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.). Vereeniging : CUM.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2007. Navorsingsmetodologie. Uitgedeelte aantekening tydens 'n lesing oor navorsingsmetodologie in die Praktiese Teologie aan die Noordwes Universiteit op 9 Maart 2007. (Aantekening in besit van die outeur.)

JOHNSON, G. 2001. Preaching to a postmodern world. Grand Rapids, Michigan : Baker.

JONKER, W.D. 1976. Die brief aan die Romeine. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers.

JONKER, W.D. 1991. Prediking oor die wandel met God. (*In*. Müller, B.A., Smit, D.J., en Burger, C.W. *reds.* Riglyne vir prediking oor die wandel met God. Woord teen die lig 111/2. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers. p.13-27.)

JORDAAN, G.J.C. 1995. Die binnewerk van die Griekse taal. Klasdiktaat vir Griekse studente. Potchefstroom : PU vir CHO.

JORDAN, P. 2003. A spirituality of the heart in the context of the Franciscn eremitical tradition. Potchefstroom : PU vir CHO. (Ph.D.-Proefskrif.)

JOUBERT, N.L. 1999. Die ontwerp en evaluering van 'n Bybelsgefundeerde terapieprogram vir 'n gemeente. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - Ph.D.)

JOUBERT, S. 1999. Handelinge. (*In*. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. *red.* Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.) Vereeniging : CUM.

KEMP, D. 1978. Gee dit deur. Skrifstudies oor 1 en 2 Timoteus en Titus. Johannesburg : De Jong.

KIM, H.K. 1999. Preacher and spirituality. A homiletical study in the light of Paul's sermons in Acts 13,14,17 and 20. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-Proefskrif.)

KIM, M.S. 1998. A homiletical study of the principles and methods of communication in the sermons of Martyn Lloyd-Jones. Bloemfontein : UOFS. (M.A.-Verhandeling.) [Opsomming in die NEXUS databasis, verwysingsnommer 966858.)

KINGMA, B.R. 2000. Die pastorale begeleiding van universiteitstudente in hulle dienswerk as Christene. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.M.-Verhandeling.)

KITTEL, G. 2000. Λογος. (*In*. Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G. *eds.* Theological dictionary of the New Testament. Eerdmans : Grand Rapids, MI.) (Electronic ed.). Logos Research Systems : Oak Harbor, WA.

KOCH, R. 1978. Preaching. (*In*. Baur, J.B. *ed.* Bauer encyclopedia of Biblical theology. London : Sheed & Ward. p. 686-696.)

KOURIE, C. 2000. What is Christian spirituality? (*In*. Kourie, C. & Kretzschmar, L. *eds.* Christian spirituality in South Africa. Pietermaritzburgh : Cluster.)

KOURIE, C. & KRETZSCHMAR, L. 2000. Christian spirituality in South Africa. Pietermaritzburgh : Cluster.

KRETZSCHMAR, L. 2000. Being and doing: towards an integrated spirituality. (*In*. Kourie, C. & Kretzschmar, L. *eds*. Christian spirituality in South Africa. Pietermaritzburgh : Cluster.)

KROEZE, J.H. 1968. Het boek Jozua. Commentaar op het Oude Testament. Kampen : Kok.

KRUGER, F.P. 2002. Prediking en gesindheidsverandering. 'n Prakties-Teologiese studie in die lig van Hebreërs. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

KRUGER, F.P. & VENTER, C.J.H. 2002. Die prediker as toeruster van die gemeente : basisteoretiese perspektiewe vanuit Hebreërs. *In die Skriflig*, 36(3):349-367.

KRUGER, P.A. 1997a. אות. (*In*. Vangemeren, W.A . *ed*. New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis, vol. 1. Grand Rapids, Michigan: Zondervan. p. 331-333.)

KRUGER, P.A. 1997b. Hosea: theology of. (*In* Vangemeren, W.A . *ed*. New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis, vol. 4. Grand Rapids, Michigan: Zondervan. p. 708-714.)

KRUGER, S.F. 2000. Menslike persoonlikheid en toerustende herderlike bediening. Aspekte van 'n metateorie, basisteorie en praktykteorie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-Proefskrif.)

LANE, W.L. 1991a. Word Biblical Commentary. Volume 47A. Hebrews 1-8. Dallas, Texas: Word Books.

LANE, W.L. 1991b. Word Biblical Commentary. Volume 47B. Hebrews 9-13. Dallas, Texas: Word Books.

LATEGAN, B.C. 1988. 1 Korintiërs. (*In* Du Toit, A.B. *red*. Handleiding by die Nuwe Testament. Band 5. Pretoria : N.G. Kerkuitgewers. p. 57-79.)

LEE, W.J. 2003. A critical evaluation of the audience-orientated preaching theories of Fred Craddock and Eugene Lowry. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (D.Th.-Proefskrif.) [Opsomming in die NEXUS databasis, verwysingsnommer 987860.]

LEUSCHNER, F.W. 2004. Atmosfeer in die erediens. 'n Liturgiese studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - Ph.D.)

LEVENSON, M.R., ALDWIN, C.M. & D'MELLO, M. 2005. Religious development from adolescence to middle adulthood. (*In* Paloutzian, R.F., & Park, C.L. *eds*. Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality. New York : Guilford. p.144-161.)

LINCOLN, A.T. 1990. Word Biblical Commentary. Volume 42. Ephesians. Dallas, Texas: Word Books.

LOEWENTHAL, K.M. 2004. The psychology of religion: a short introduction. Oxford : Oneworld.

LONGENECKER, R.N. 1990. Word Biblical Commentary. Volume 41. Galatians. Dallas, Texas: Word Books.

LOUW, D.A. 1992. Menslike ontwikkeling. (Tweede uitgawe). Pretoria: HAUM - Tersiêr.

LOUW, J. P., & NIDA, E. A. 1996. Greek-English lexicon of the New Testament : Based on semantic domains (electronic ed. of the 2nd edition.). United Bible societies: New York

LUND, J.A. 1997. **אמר**. (*In*. Vangemeren, W.A . *ed*. New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis, vol. 1. Grand Rapids, Michigan: Zondervan. p. 443-449.)

MALAN, F. 1995. Elke dag saam met Jesus. Die rykdom van Matteus vir vandag. Wellington : Bybelkor.

MALANDRO, L.A., BARKER, L. & BARKER, D.A. 1989. Nonverbal communication. Second edition. New York : Random House.

MAYHUE, R.L. 1997. Rediscovering expository preaching. (*In*. MacArthur, J. *ed*. Rediscovering expository preaching. Dallas : Word.)

McGRATH, A. E. 2001. Christian spirituality. An introduction. Oxford : Blackwell.

McLEAN, S. 2003. The basics of speech communication. Allyn & Bacon : Boston.

MORRIS, L. 1969. 1 Corinthians. An introduction and commentary. Tyndale New Testament Commentaries. London : Tyndale.

MOSER, R.S. 2006. Book review: R.F. Paloutzian and C.L. Park, Editors, Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality, The Guilford Press, New York (2005) US$ 75.00, 590 pp. *Archives of Clinical Neurology,* 21(4):368-369. [*In* EBSCOHost: ScienceDirect, Full text : http://web.ebscohost.com/ehost] [Datum van gebruik: 5 Mrt. 2007].

MÜLLER, B.A. 1990. Matteus 5:13-16. (*In*. Burger, C.W., Müller, B.A., & Smit, D.J. *reds*. Riglyne vir prediking oor die bergrede. Pretoria : NG Kerkuitgewers. p.109-113.)

NAGEL, C.J. 2002. Kreatiewe prediking toegespits op die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) - 'n praktyk teoretiese perspektief. Potchefstroom : PU vir CHO (M.Th.-Skripsie.)

NEL, M. 2000. Persoonlike prediking. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 15(2):112-135.

NEXUS DATABASE SYSTEM. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. [Datum van gebruik: 08 April 2005].

NOORDTZIJ, A. 1951. De boeken Ezra en Nehemia. Korte verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok.

OH, JH. 1998. Disciple-making preaching in the light of the New Testament: an exegetic-homiletical study. Potchefstroom : PU vir CHO. (Ph.D. - Thesis).

OMAN, D. & THORESEN, C.E. 2003. Spiritual modeling: a key to spiritual and religious growth? *The International Journal for the Psychology of Religion,* 13(3):149-165. [*In* EBSCOHost: PsychINFO, PDF-format : http://web.ebscohost.com/ehost] [Datum van gebruik: 28 Febr. 2007].

PALOUTZIAN, R.F. 2005. Religious conversion and spiritual transformation. A meaning-system analysis. (*In* Paloutzian, R.F., & Park, C.L. *eds.* Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality. New York : Guilford. p. 331-347.)

PALOUTZIAN, R.F. & PARK, C.L. 2005. Interactive themes in the current science of the psychology of religion. (*In* Paloutzian, R.F., & Park, C.L. *eds.* Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality. New York : Guilford. p. 3-20.)

PARGAMENT, K.I., ANO, G.G. & WACHHOLTZ, A.B. 2005. The religious dimension of coping. Advances in theory, research and practice. (*In* Paloutzian, R.F.,

& Park, C.L. *eds.* Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality. New York : Guilford. p. 479-495.)

PARRY, K. (kevinp@statssa.gov.za) 2006. Statistieke van Statistiek Suid-Afrika. [E-pos aan:] Erasmus, J.A. (j.erasmus@mweb.co.za) Jul. 31.

PELSER, G.M.M. 1988. Die brief aan die Romeine. Die Pastorale briewe. (*In* Du Toit, A.B. *red.* Handleiding by die Nuwe Testament. Band 5. Pretoria : N.G. Kerkuitgewers. p. 41-56;174-198.)

PFATTEICHER, P.H. 1997. Liturgical spirituality. Pennsylvania : Trinity.

PIETERSE, H.J.C. 1985. Verwoording en prediking. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. 1990. Die praktiese teoloog en empiriese navorsing. (*In:* Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. Eerste treë in die Praktiese teologie. Pretoria : Gnosis. p.75-87.)

PIETERSE, H.J.C. 1991. Gemeente en prediking. Halfway House : NG Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. 1992. 'n Prakties-teologiese kommunikasieteorie vir die prediking . *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 7(1):17-26.

PIETERSE, H.J.C. 1998. A theological theory of communicative actions. *Religion and Theology,* 5(2):176-194).

PIETERSE, H.J.C. 2002. Prediking in 'n postmoderne lewensgevoel. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 17(1):75-101.

PIETERSE, H.J.C. 2005a. Die rol van Godskennis in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking. *In die Skriflig,* 39(3):409-422.

PIETERSE, H.J.C. 2005b. Hoe kom God aan die woord in die prediking? 'n Vaste vertroue op God se beloftes is teologies noodsaaklik. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 20(2):110-128.

PIETSERSE, H.J.C. & MICHIE, D.G. 2006. Contextualised preaching in Australia. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 21(2):113-133.

POP, F.J. 1964. Bijbelse woorden en hun geheim. Verklaring van een aantal Bijbelse woorden. 's-Gravenhagen: Boekencentrum.

POWER, P., KUBEY, R. & KIOUSIS, S. 2002. Audience activity an passivity. (*In.* Gudykunst, W, B. *ed.* Communication Yearbook 26. London : Lawrence Erlbaum. p. 116-159.)

RICHARDS, L.O. 1983. A theology of children's ministry. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

RIDDERBOS, J. 1952. Korte verklaring der Heilige Schrift. De Kleine Profete: Hosea, Joël, Amos. Kampen: Kok.

ROBERTS, J.H. 1988. Die gevangenskapbriewe. (*In.* Du Toit, A.B. *red.* Handleiding by die Nuwe Testament. Band 5. Pretoria : N.G. Kerkuitgewers. p. 41-56.)

ROBINSON, P.J. 1991. 2 Timoteus 3:14-17. (*In.* Müller, B.A., Smit, D.J., en Burger, C.W. *reds.* Riglyne vir prediking oor die wandel met God. Woord teen die lig 111/2. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers. p.107-115.)

RUNIA, K. 1988. Preaching. (*In.* Sinclair, B., Ferguson, D., Wright, D.F. *eds.* The New Dictionary of Theology. Leicester : Inter-Varsity. p.527-528.)

SATTERTHWAITE, P.E. 1997. Ezra: Theology of. (*In.* Vangemeren, W.A . *ed.* New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis, vol. 4. Grand Rapids, Michigan : Zondervan. p. 635-637.)

SCHNIEWIND, J. 2000 Καταγγέλλω. *(In.* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G. *eds.* Theological dictionary of the New Testament. Eerdmans : Grand Rapids, MI.) (Electronic ed.). Logos Research Systems : Oak Harbor, WA.

SCHRAMM, W. 1971. The nature of communication between humans. (*In.* Schramm, W. & Roberts, D. *eds.* The process and effects of mass communication. Urbana : University of Illinois Press. p. 3-53.)

SHELDRAKE, P. 1999. Spirituality and theology. Christian living and the doctrine of God. New York : Orbis.

SLATER, W., HALL T.W. & EDWARDS, K.J. 2001. Measuring religion an spirituality: Where are we an where are we going? *Journal of Psychology and Theology*, 29(1):4-21.

SMIT, E.J. 1999. Esra. (*In.* Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. *red.* Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.). Vereeniging : CUM.

STARK, C. 2005. Proeven van de Preek. Een praktisch-theologisch onderzoek naar de preek als Woord van God. Zoetermeer : Boekencentrum.

STRAUSS, M.U. 2001. Hoe lyk die spiritualiteit van die erediens met die draai van die millennium? *Acta Theologica*, 21(2):126-135.

TUBBS, S. L. & MOSS, S. 2003. Human communication: principles and contexts. New York : McGraw-Hill..

VAN DER MERWE, C.H.J., NAUDÉ, J.A. & KROEZE, J.H. 1997. 'n Bybels-Hebreeuse Naslaangrammatika. Volume 1. Kaapstad : Nasionale Boekdrukkerye-groep.

VAN DER MERWE, M. 1995. Nuwe treë saam met God. Riglyne en programme oor spiritualiteit en gemeentevernuwing. Kaapstad : Lux Verbi.

VAN DER WALT, B.J. 1997. Geloofsgroei; by kinders en hul ouers. + Studiestuk No. 355. Reeks F1: Instituut vir Reformatoriese Studie. Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN DER WALT, B.J. 1999. Naby God. Christen en kerk op die drumpel van spiritualiteit. Potchefstroom : PU vir CHO (IRS reeks F2, nommer 74.)

VAN HARN, R.E. 2005. Preacher, can you hear us listening. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

VAN ROOY, H. 1999. Deuteronomium. (*In*. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. *red.* Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.) Vereeniging : CUM.

VAN ZYL , H.C 1999. Matteus. (*In*. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. *red.* Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.) Vereeniging : CUM.

VAN'T SPIJKER, W. 1993. Woord vooraf. (*In*. Van't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K. & Van Driel, L. *reds.* Spiritualiteit. Kampen : De Groot Goudriaan.)

VENTER, C.J.H. 1992. Diakoniologie en rasionaliteit - 'n verkenning. *In die Skriflig*, 26(1):29-51.

VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig*, 27(2):247-260.

VENTER, C.J.H. 1995. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakoniologie. *In die Skriflig*, 29(1&2):181-202.

VENTER, C.J.H. 2006. Die redakteur gesels met... Prof. Cassie Venter. *Die Kerkblad,* 108(3183):8-13, Jan.

VERDERBER, R. F. & VERDERBER, K. S. 2002. Communicate! - 10th ed. London : Wadsworth/Thomson Learning.

VERGEER, W.C. 1999. Romeine, 1 Timoteus & 2 Timoteus. (*In.* Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. *red.* Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.). Vereeniging : CUM.

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor gereformeerde kerkvernuwing in 'n postmoderne konteks. Potchefstroom : PTP.

VORSTER, W.S. 1988. Hebreërs. A. Inleiding tot Hebreërs. (*In.* Du Toit, A.B. *red.* Handleiding by die Nuwe Testament. Band 6. Pretoria : N.G. Kerkuitgewers. p. 73-112.)

VOS, C.J.A. 1996. Die volheid daarvan 1. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Pretoria : RGN.

VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is u woning. Studies in Praktiese Teologie. Pretoria : RGN.

VOSLOO, W. 1999. Hosea. (*In.* Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. *red.* Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.). Vereeniging : CUM.

VREY, C.C.A. & VENTER, C.J.H. 1994. Kommunikasiegebeure in die prediking. Antieke en moderne pragmatiek in die preekmaakproses. *In die Skriflig,* 28(4):527-541.

WEGENAST, K. 1986. Teach, instruct, tradition, education, discipline. (*In.* Brown, C. *ed.* New International Dictionary of New Testament Theology, vol. 3. Grand Rapids, Michigan : Zondervan. p. 759-774.)

WIERSBE, W. 1995. Your preaching is unique. (*In.* Shelly, M. *ed.* Changing lives through preaching and worship : 30 strategies for powerful communication.) (Electronic ed.). Logos Research Systems : Oak Harbor, WA.

WILLHITE, K. 1998. A bullet versus buckshot: What makes the Big Idea work? (*In.* Willhite, K. & Gibson, S.M., *eds.* The Big Idea of Biblical preaching. Grand Rapids : Baker.)

WILSON, M.R. 1997. Shema. (*In*. Vangemeren, W.A . *ed.* New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis, vol. 4. Grand Rapids, Michigan : Zondervan. p. 1217-1218.)

WOLFF, H.W. 1974. Hosea. A commentary on the book of the prophet Hosea. Philadelphia : Fortresss.

WOLMARANS, J.L.P. 1999. 1 Korintiërs. (*In*. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. *red.* Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.) Vereeniging : CUM.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Teologie als Handelungswissenschaft. *In* Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Teologie heute. Munchen : Kaiser. p. 164-177.

ZINNBAUER, B.J. & PARGAMENT, K.I. 2005. Religiousness and spirituality. (*In* Paloutzian, R.F., & Park, C.L. *eds.* Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality. New York : Guilford. p.21-39.)